

Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities

Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns
The South African Academy for Science and Arts

Jaargang 62 | Volume 62 | **MAART 2022**
Nommer 1 | Number 1 | **MARCH 2022**



Tydskrif vir Geesteswetenskappe
Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities

Geakkrediteer/Accredited ISSN 0041-4751
Geakkrediteer/Accredited EISSN 2224-7912

LW Hiemstra Trust

Die publikasie van hierdie tydskrif word moontlik gemaak deur 'n ruim subsidie van die L.W. Hiemstra Trust – Opperig deur Riekie Hiemstra ter herinnering aan Ludwig Wybren (Louis) Hiemstra

The publication of this journal is made possible by a substantial subsidy from the L.W. Hiemstra Trust – established by Riekie Hiemstra in memory of Ludwig Wybren (Louis) Hiemstra



1

Uitgewer/Publisher
Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns
The South African Academy for Science and Arts
Engelenburghuis/house, Ziervogelstr 574
Privaat sak/Private bag X11
Sunnyside 0132
Suid-Afrika/South Africa
Maart/March 2022

Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen

Zeitschrift für die Geisteswissenschaften

Journal of Humanities

HOOFREDAKTEUR / EDITOR-IN-CHIEF:

RC (Ina) Wolfaardt-Gräbe – Algemene Literatuurwetenskap/Theory of Literature (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

REDAKSIEKOMITEE / EDITORIAL COMMITTEE

DP (Danie) Goosen – Godsdienwetenskap/Religious Studies (Akademia, Pretoria)

EPJ (Ewert) Kleynhans – Ekonomie/Economics (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

EF (Ernst) Kotzé – Toegepaste Linguistiek/Applied Linguistics (Nelson Mandela Universiteit, Port Elizabeth)/(Nelson Mandela University, Port Elizabeth)

G (Grietjie) Verhoef – Geskiedenis/History (Universiteit van Johannesburg)/(University of Johannesburg)

REDAKSIE – NASIONAAL / EDITORIAL BOARD – NATIONAL

W (Willie) Burger – Afrikaanse Letterkunde/Afrikaans Literature (Universiteit van Pretoria)/(University of Pretoria)

AE (Arend) Carl – Opvoedkunde; Kurrikulumstudie/Education; Curriculum Studies (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)

WAM (Wannie) Carstens – Taalkunde/Linguistics (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

JS (Jaco) Dreyer – Praktiese Teologie/Practical Theology (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

P (Petra) Engelbrecht – Opvoedkunde/Education (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

LK (Lambert) Engelbrecht – Maatskaplike Werk/Social Work (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)

ME (Eduard) Fourie – Sielkunde/Psychology (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

PJ (Pieter) Fourie – Kommunikasiewetenskap/Communication Science (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

IJ (Izak) Grové – Musiekwetenskap/Musicology (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)

JJ (Koos) Malan, Publikereg/Public Law (Universiteit van Pretoria)/(University of Pretoria)

JD (Tom) McLachlan – Taalpraktisyn/Language practitioner (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

Susan Meyer – Afrikaans, Opvoedingswetenskappe/Afrikaans, Education Sciences (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

FJ (Ferdinand) Potgieter – Filosofie van die Opvoedkunde/ Philosophy of Education (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

F (Fransjohan) Pretorius – Geskiedenis; Erfenisstudies/History; Heritage Studies (Universiteit van Pretoria)/(University of Pretoria)

JC (Jean) Sonnekus – Privaatreg/Private Law (Universiteit van Johannesburg)/(University of Johannesburg)

DFM (Danie) Strauss – Filosofie/Philosophy (Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein)/(University of the Free State, Bloemfontein)

JW (Johan) Strydom – Sakebestuur/Business Management (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

HP (Hennie) van Coller – Letterkunde/Literature (Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein)/(University of the Free State, Bloemfontein)

JP (Cillers) van den Berg, Duits; Algemene Literatuurwetenskap/German; Theory of Literature (Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein)/(University of the Free State, Bloemfontein)

J (Jacques) van der Elst – Nederlandse Letterkunde/Dutch Literature (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

GB (Gerhard) van Huyssteen – Taalwetenskap/Linguistics (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

LJ (Louis) van Niekerk – Onderwysersopleiding/Teacher Education (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

REDAKSIE – NASIONAAL / EDITORIAL BOARD – NATIONAL (*vervolg*)

L (Louise) Viljoen – Afrikaanse Letterkunde; Algemene Literatuurwetenskap/Afrikaans Literature/Theory of Literature (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)

AJ (Albert) Venter – Politieke Wetenskap/Political Science (Universiteit van Johannesburg)/(University of Johannesburg)

Y (Yusef) Waghid – Opvoedkundige Beleidstudies; Filosofie van Opvoedkunde; Demokratiese Burgerskapsonderwys/Educational Policy Studies; Philosophy of Education; Democratic Citizenship Education (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)

MP (Marié) Wissing – Psigologie/Psychology (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

REDAKSIE – INTERNASIONAAL / EDITORIAL BOARD – INTERNATIONAL

Jaap Goedegebuure – Letterkunde/Literature (Leiden Universiteit, Nederland)/(Leiden University, The Netherlands)

E (Ena) Jansen – Letterkunde/Literature (Vrije Universiteit en Universiteit van Amsterdam, Nederland)/(Free University and University of Amsterdam, The Netherlands)

Paul T Roberge – Taalkunde/Linguistics (University of North Carolina, Chapel Hill, USA)

WL (Willie) van der Merwe – Godsdienfilosofie en -wetenskap/Philosophy of Religion and Religious Studies (Vrije Universiteit, Amsterdam, Nederland)/(Free University, Amsterdam, The Netherlands)

Paul van Tongeren – Filosofie/Philosophy (Radboud Universiteit, Nijmegen, Nederland)/(Radboud University, Nijmegen, The Netherlands)

Georgi Verbeeck – Historiografie/History (Universiteit van Maastricht en Katholieke Universiteit Leuven, België)/(University of Maastricht and Catholic University of Leuven, Belgium)

Ex officio: A (Anne-Marie) Beukes – Hoof- Uitvoerende Beampte/Chief Executive Officer

Tydskrif vir Geesteswetenskappe, gepubliseer deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, verskyn kwartaaliks in Maart, Junie, September en Desember.

Journal of Humanities by the South African Academy for Science and Arts is published quarterly in March, June, September and December.

Intekengeld vir 2022 in Suid-Afrika (BTW en posgeld ingesluit):

Subscription fees for 2022 in South Africa (VAT and postage included):

Tydskrif vir Geesteswetenskappe: R400,00 per jaargang/volume

S.A. Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie: R350,00 per jaargang/volume

Outeurs word versoek om die voorskrifte agter in die tydskrif noukeurig te volg.

Authors are requested to adhere to the guidelines as published in the back of the journal.

Menings deur outeurs is nie noodwendig ook die standpunt van die uitgewer nie.

Opinions expressed in the journal are not necessarily upheld by the publisher.

Rig korrespondensie aan/Correspondence to:

Die Publikasiebeampte/The Publications Officer

Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns

Privaat sak/Private bag X11, Sunnyside 0132, Suid-Afrika/South Africa

E-pos: publikasies@akademie.co.za

Webwerf: <http://www.tgwsak.co.za>

Tel: 0861 333 786 X4; Faks/Fax: 012 329 0293

TYDSKRIF VIR GEESTESWETENSKAPPE
Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities

Jaargang 62 Nummer 1, Maart 2022 / Volume 62 Number 1, March 2022

Inhoudsopgawe

NAVORSINGS- EN OORSIGARTIKELS / RESEARCH AND REVIEW ARTICLES

ANNÉ H VERHOEF

Transendensie, toeval en geluk / *Transcendence, chance and happiness* 1

CHRIS JONES

'n Filosofiese gesprek oor die dood en die sin van die lewe / *A philosophical discussion on death and the meaning of life* 15

KOOS MALAN

Wat van plekke, rolle en ampte? Want die reg gaan oor meer as individuele regte / *What about places, roles and offices? Because the law is about more than individual rights* 40

LEOPOLD SCHOLTZ

Die probleem van historiese skuld in Suid-Afrika / *The problem of historical guilt in South Africa* 72

GAWIE BOTMA

De Zuid-Afrikaan en die teenstrydighede van 19de-eeuse Kaapse liberalisme / *De Zuid-Afrikaan and the contradictions of 19th century Cape liberalism* 92

RIAAN EKSTEEN

Uitdagings en geleenthede in die bedryf van diplomasië: Voor, tydens en ná Covid-19 / *Challenges and opportunities in practising diplomacy: Before, during and after Covid-19* 112

ADRI LA GRANGE EN YOLANDA DREYER

Spirituele voorkeure en die ervaring van eredienste in die Nederduitse Gereformeerde Kerk / *Spiritual preferences and the experience of worship services in the Dutch Reformed Church* ... 137

HENRY BLIGNAUT EN CHARLENE DU TOIT-BRITS

“Bly veilig” ten koste van ons toekomstige werksmag: Uitdagings en implikasies vir die implementering van selfgerigte leer tydens Covid-19 / *“Stay safe” at the expense of our future workforce: Challenges and implications for the implementation of self-directed learning during Covid-19* 150

JOHAN ZAAIMAN

Hegemonie en mag: 'n Normatiewe besinning in die lig van 'n gevallestudie / *Hegemony and power: A normative reflection as elucidated by a case study* 169

CORNÉ VAN DER VYVER

Afrikaanse Jakkals-en-Wolftrieksterverhale: Strukturele en inhoudelike patroonmatigheide / *Afrikaans Jackal and Wolf trickster stories: Patterning in the structure and general content* 184

LIZELLE SMIT EN DANIE STANDER

Gender-performance in Alba Bouwer se vertaling van die etiketboek <i>Sybille: Sjarmante vriendin</i> / <i>Gender performance in Alba Bouwer's Afrikaans translation of the etiquette book Sybille: Sjarmante vriendin (Sybille: Charming friend)</i>	200
--	-----

AKTUEEL

INA WOLFAARDT-GRÄBE

Redakteursnota	219
----------------------	-----

JAN GILIOME

Die ontstaan, opbou en aftakeling van die Sasol Kunsmuseum van die Universiteit Stellenbosch / <i>The inception, rise and fall of the Sasol Art Museum of the University of Stellenbosch</i>	220
--	-----

BONGANI MGIJIMA

Só boer die US Museum vooruit – <i>Respons van die US Museum</i>	227
--	-----

TAALRUBRIEK

TOM MCLACHLAN

<i>Wat is die WAT 'n wonderbare ding</i>	232
--	-----

VARIA

EPP FRANCKEN

De digter en de doodskop: De Afrikaanse literatuur in Nederland in 2021	234
---	-----

GEDIGTE

HENNIE PIETERSE	241
------------------------------	-----

BOEKBESPREKINGS

ANDRÉ DUVENHAGE

<i>There is no Supreme Constitution – a Critique of Statist-individualist Constitutionalism (2019)</i> deur Koos Malan	242
--	-----

HEILNA DU PLOOY

<i>Vuur in sy vingers – die verreikende invloed van NP van Wyk Louw (2020)</i> deur Ampie Muller en Beverley Roos-Muller, hydraende redakteurs	245
--	-----

ALWYN ROUX

<i>'n Huldiging: NP van Wyk Louw – silwer herberg in die sneeu (2020)</i> deur Ronél Johl, redakteur	248
--	-----

VOORSKRIFTE / GUIDELINES	253
---------------------------------------	-----

Transendensie, toeval en geluk

Transcendence, chance and happiness

ANNÉ H VERHOEF

Skool vir Filosofie

Noordwes-Universiteit

Potchefstroom

Suid-Afrika

E-pos: Anné.Verhoef@nwu.ac.za



Anné H Verhoef

ANNÉ HENDRIK VERHOEF is professor in filosofie, en direkteur van die skool vir filosofie aan die Noordwes-Universiteit se Fakulteit Geesteswetenskappe. Hy het studeer aan die Universiteit Stellenbosch en aan die Katolieke Universiteit van Leuven in België. Sy belangstelling is in metafisika, teologie, etiek, lewensgeluk en die filosofie van Paul Ricoeur. Sy navorsing fokus hoofsaaklik op transendensie en die transendente in die kontemporêre kultuur, en hoe dit verband hou met etiek, lewensin en geluk. Hy is 'n NRF gegradeerde navorser en die outeur van verskeie artikels in nasionale en internasionale vaktydskrifte.

ANNÉ HENDRIK VERHOEF is a professor in philosophy, and director of the school of philosophy at the Faculty of Humanities at the North-West University. He studied at the University of Stellenbosch and at the Catholic University of Leuven in Belgium. His interests are in metaphysics, theology, ethics, the philosophy of happiness, and the philosophy of Paul Ricoeur. His research focuses mainly on transcendence and the transcendent in contemporary culture, and its relation to ethics, politics, meaning of life and happiness. He is a NRF rated researcher and the author of various articles in national and international scientific journals.

ABSTRACT

Transcendence, chance and happiness

The question posed in this article is how happiness in life relates to transcendence and chance. This question is linked to questions about the core of our being as negation (something negative) and/or affirmation (something positive). Negation refers to the idea that the core of our being is meaningless, empty and defective. In this view, happiness becomes a futile effort to overcome unhappiness. Negation is a central theme in philosophical and theological traditions and is supported by the ideas of transcendence and/or immanence (chance). Affirmation suggests that something meaningful and happy lies at the core of our being. Then happiness is simply accepting affirmation and dismissing unhappiness. However, choosing between affirmation and denial of unhappiness means that the concept of happiness is attenuated and overlooks the creative and productive potential of negation.

Datums:

Ontvang: 2021-09-07

Goedgekeur: 2022-02-04

Gepubliseer: Maart 2022

Instead, if, following Ricoeur, one argues that the negative can be strongly and creatively accommodated in our acceptance of our own complexity (Scott-Baumann, 2013:6), our understanding of happiness will be greatly affected. For instance, a combination of happiness and unhappiness as happiness – the dialectic of negation and affirmation – forms a direct challenge to the certainty of happiness and the despair of unhappiness. It implies, in addition, that one can face the world and its existence without fear (or the collapse of one's happiness) and live life to the full in the world. In other words, the option of escaping (to another world or in this one) the false security offered by happiness that negates negation crumbles. One now has the option of being at one with oneself – as happy and unhappy, as negation and affirmation – but also of being at one with others (all others, including those who suffer) and with the suffering physical world. Suffering or unhappiness need not be avoided or overcome for the sake of one's own happiness; it fundamentally forms part of one's happiness. Such happiness requires negation to be recognised as part of the core of one's being, because the negative (negation) is seen as an empowering, positive force that throws light upon the incompleteness and uncertainty of life, and at the same time shows us who we are and helps us to face the truths of suffering, famine and excess, despair and joy, in everyone of us and the world at large (Scott-Baumann, 2013:147). Our task – especially if we aim at being happy – is not to overlook or try to avoid these matters, but to see them, to allow ourselves to be affected by them, in order eventually to act compassionately and ethically.

In summary one can say the following about the relationship between transcendence, chance and happiness:

If happiness is understood as overcoming the fundamental defect or the negative of our existence (negation brought on by transcendence and chance), we remain caught up in an endless circle, trying to overcome unhappiness. One can try doing so in many ways, but in the final instance it remains impossible. One remains entangled by negation and finally in unhappiness. In this way unhappiness remains a problem for happiness.

When happiness is seen as the rejection of negation and an embrace of affirmation, unhappiness and suffering are stripped of their potential creative and valuable power. Therefore, when unhappiness as something life-denying is rejected and when only the positive forces, powers and energies of life and nature – of chance (as affirmation) – are embraced, the potential positive meaning and power of unhappiness and suffering are forfeited and denied. Then happiness is nothing more than the unhappy task of rejecting or avoiding unhappiness at all costs, which, in turn, attenuates the complexity of our humanness and turns happiness into a selective (and perhaps unsympathetic) involvement only with that which is “good” and provides energy in life. The problem is that such an outlook on life requires a measure of self-understanding in which one wants to and may appreciate and experience only the good in oneself (and in others). This leads to a self-concept that is constantly undermined by the fact that our lives in part involve suffering, if only passively in the process of growing old. Ultimately, happiness is attenuated by this and once again becomes an unattainable goal.

In a dialectic conception of negation and affirmation, the potentially positive in negation is appreciated. Unhappiness is recognised as fundamentally part of happiness. We lack nothing in the core of our being. There is no gap that results from chance, no fallenness determined by transcendence. Nothing fundamental needs to be overcome, not even unhappiness. This does not imply simply an acceptance of unhappiness; it implies living to the full the creative tension between negation and affirmation, a complex transaction between happiness and unhappiness in which we have the potential to live ethically responsibly – living with a sense of meaningfulness and a much fuller and happier sense of happiness. In practice, this means

that we do not surrender who we are or what we can achieve. It means that, in spite of various ideas of transcendence and chance, meaning and happiness can be achieved in this immanent life and this world and can contribute to them.

KEYWORDS: transcendence, happiness, chance, negation, affirmation, unhappiness, Paul Ricoeur

TREFWOORDE: transendensie, geluk, toeval, negering, bevestiging, ongeluk, Paul Ricoeur

OPSOMMING

Die vraag wat in hierdie artikel ondersoek word, is hoe (lewens)geluk saamhang met transendensie en toeval. Hierdie vraag word in verband gebring met vrae oor die kern van ons bestaan as negering (iets negatiefs) en/of bevestiging (iets positiefs). Daar word aangevoer dat die spanning tussen negering en bevestiging behoue moet bly, soos wat Paul Ricoeur in sy dialektiese filosofie poog te doen. Dit is deurslaggewend, omdat hierdie dialektiek die vryheid bied om betekenis en geluk na te streef en 'n etiese lewe te lei binne die beperking van ons arbitrêre bestaan. Dan verdwyn geluk nie as 'n onmoontlike doel soos by die aanvaarding van negering nie. Dit is ook nie 'n lewe waarin ongeluk ("on-geluk") verdwyn, of moet verdwyn, as deel van die nastreef van geluk soos by bevestiging nie. 'n Erkenning is eerder nodig dat bevestiging sowel as negering, betekenisvolheid sowel as leegheid, geluk sowel as ongeluk, aan die kern van ons wese is. Hierdie soort dialektiese begrip van ons bestaan maak ons vry van die moontlike determinisme van transendensie en toeval. Dit bied die ruimte om geluk na te streef in die wete dat dit die volle omvang van ons menswees, ook die ongelukkige en pynlike kant daarvan, as deel van ons geluk behoue laat bly. Dit bied uiteindelik 'n nuwe verstaan van geluk as altyd gekoppel aan ongeluk en nie die vermyding, ignorering of oorkoming daarvan nie. Die artikel argumenteer dus dat, ondanks verskillende opvattinge van transendensie en toeval, betekenis en geluk in hierdie immanente lewe en wêreld te vinde is en dat ons daartoe kan bydra.

Filosofie en die vraag na geluk

Die bespreking van transendensie, toeval en geluk kan baie maklik in abstraksie verval, 'n abstraksie wat te ver van mens se persoonlike ervaringe verwyder is om enige relevansie vir ons konkrete lewe in te hou. My bespreking van hierdie konsepte en die verband daartussen word daarom van die begin af gekoppel aan my eie oorgelewerdheid daaraan. Is dit byvoorbeeld iets transedents, of toeval, of blote geluk wat die ontstaan van mens se lewe bepaal? Natuurlik kan mens later in jou lewe besluite neem wat die verloop daarvan bepaal, maar dit is juis jou geboorte (tyd, plek, ras, klas, era, ens.) waarvoor jy geen beheer het nie.

Neem my eie geboorte as voorbeeld. Ek is in Komani, die voormalige Queenstown in die Oos-Kaap, gebore. My pa was destyds 'n sendeling in Cala in die voormalige Transkei, en die naaste hospitaal, slegs vir blankes, was in Queenstown. Ek het dus my lewe begin as 'n apartheidsbaba. Dit is 'n volledig arbitrêre feit van my lewe, maar een met soveel groot gevolge. Apartheid, wat as 'n idee ontstaan het, het my geboorte en grootword beïnvloed en bepaal, maar ook soveel van Suid-Afrika se hartseer geskiedenis.

Die idee van apartheid is gelukkig sedertdien grondliggend bevraagteken en uiteindelik is dit verwerp weens die vernietigende aard en gevolge daarvan. Die bevraagtekening van

hierdie idee van apartheid dien as 'n voorbeeld van die noodsaak en krag van kritiese en grondliggende bevragekening en denke. Dit daag ons uit om alle idees wat ons lewens struktureer en beïnvloed, ook op fundamentele vlak te bevrageken, idees wat uiteindelik 'n vernietigende uitwerking op die samelewing, die omgewing en ons menswees kan hê. Dink maar aan idees soos kapitalisme, die patriargie en die neoliberalisme, wat dikwels vernietigende gevolge kan hê.

Die kritiese en grondliggende bevragekening van idees is een van die belangrikste doelwitte van die filosofie. Hierdie soort bevragekening is omvattend. Dit bevrageken onverskrokke alle sekerhede, kennis en oortuigings wat ons lewens begrond en rig. In hierdie opsig kan die filosofie 'n pynlike en ontwrigtende ervaring wees. Deleuze maak die radikaliteit daarvan duidelik as hy sê dat die filosofie nie die Staat of die Kerk, wat oor ander dinge besorg is, dien nie. Dit dien geen gevestigde mag nie. Die nut van die filosofie is om mens ongelukkig te maak. 'n Filosofie, sê hy, wat niemand bedroef nie, wat niemand omkrap nie, is geen filosofie nie (1983:106).¹ Die uitkomst hiervan kan egter uiters bevrydend wees – bevrydend in die sin dat die kragte en magte wat mens se lewe normaalweg bind en rig, hulle mag en gesag begin verloor en dat daar nuwe moontlikhede begin oopgaan.

Deleuze se stelling dat dit die filosofie se taak is om te bedroef, is gepas in die sin dat die filosofie mens se lewensekerhede kan ondermyn. Dit is egter nie die enigste taak van die filosofie nie, en in kontras met Deleuze moet genoem word dat die filosofie oor die eeue heen as een van sy hoogste doelstellings probeer bepaal het wat die “hoogste geluk” (*summa felicitas*) in die lewe is, soos Spinoza (*TdIE 2*) dit gestel het, of wat die “hoogste goed” (*eudaimonia*) in die lewe is waarna ons moet streef, soos Aristoteles (*NE 1094a*) dit gestel het. Dit is op hierdie laaste doelwit van die filosofie oor die soeke na lewensgeluk waarop ek in hierdie artikel fokus. My spesifieke vraag is hier hoe lewensgeluk saamhang met transendensie en toeval.

Die verband tussen transendensie, toeval en geluk

Die titel van hierdie artikel, “Transendensie, toeval en geluk”, bring onmiddellik die vraag na die verband tussen hierdie drie filosofies swaar gelaaide konsepte na vore. Ten einde die verband tussen die drie konsepte te beskryf, is die hoofokus hier op geluk, en die vraag is dan hoe dit verband hou met opvattinge oor toeval en transendensie. Voordat die verband tussen hierdie drie konsepte bespreek kan word, moet daar egter 'n (voorlopige) definisie van hierdie konsepte gegee word. Ek gebruik hierdie konsepte in die breedste sin:

- *Transendensie* verwys na die feit dat sekere grense oorskry word (uit die Latyn transcendere “om oor te klim, te oorkom, te oorskry”). Die transendente is dit wat anderkant die immanente lê en daarteenoor staan (Verhoef, 2017:1). *Transendensie* dui op 'n “grenservaring” – ons ervaar dinge as eindig en beperk, maar soms as iets wat aan die ander kant van hierdie grens lê. Dinge aan hierdie kant van die grens noem ons immanent en dinge aan die ander kant transendent (Stoker, 1990:199). Transendensie in godsdienstige konteks verwys na die bosintuiglike, God, die goddelike of die absolute. In hierdie artikel word transendensie meestal eksistensiëleel

¹ Ek het in hierdie artikel sulke regstreekse verwysings na teksgedeeltes in Afrikaans vertaal op grond van die Engelse vertalings van die oorspronklike bronne in die bibliografie vermeld.

en metafisies beskou: as die oorgang van die waarneembare (immanensie) na die supersensoriese (transendensie).²

- *Toeval* verwys in hierdie artikel na mens se ervarings van gebeure en jou ervaring van die lewe as wispelturig, arbitrêr en lukraak (toevallig). Dit is die ervaring van die gevolge wat skynbaar die oorsake daarvan oortref (Žižek, 2014:3), iets waaroor ons nie beheer het nie. In die argument van hierdie artikel verteenwoordig toeval die immanente pool van die ewekansigheid in ons *werklike* wêreld en lewens.
- *Geluk* verwys na meer as net 'n gemoedstoestand soos vreugde, plesier of tevredenheid. Dit is nie net 'n psigologiese of hedonistiese geluk nie. Dit is ook meer as net menslike welstand of florerings, wat dikwels beskryf word as “prudential happiness” (Verhoef, 2014b:4). Dit is meer as net die afwesigheid van pyn. Dit sluit in betekenis, vervulling, die etiese en die toevallige as deel van geluk in die omvattende sin van lewensgeluk. Dit behels dus meer as die Aristoteliaanse geluk as *eudaimonia* wat die klem plaas op die aktiewe uitleef van 'n deugdelike karakter ter wille van geluk as die “goeie lewe” (Verhoef, 2014a:773). Dit gaan oor geluk in die mees omvattende sin van die woord, wat juis die toevallige, onbegryplike en misterieuse aard daarvan insluit (Verhoef, 2014a:785).

Met hierdie definisies in gedagte kan daar nou op 'n verdere kompleksiteit gewys word. Die verband tussen transendensie, toeval en geluk kan nie bespreek word sonder om ook na te dink oor die verhouding tussen ongeluk en geluk nie. In my bespreking keer ek die volgorde om en stel eers vas hoe ongeluk verband hou met die konsepte van transendensie en toeval, en koppel dit dan weer aan geluk.

'n Belangrike vraag wat egter hier gevra kan word, is die vraag na die relevansie van hierdie bespreking van die verhouding tussen transendensie, toeval en geluk. Dit is 'n belangrike vraag, want die filosofie word dikwels van buite af gekritiseer as 'n gepraat sonder werklike doelwitte en geen werklike uitkomst nie. Dikwels word dit gekritiseer as verwyderd van die konkrete wêreld en van die wetenskappe wat met “harde feite” werk. Die voorlopige definisies van transendensie, toeval en geluk gee egter reeds – in teenstelling met die kritiek op die filosofie – 'n aanduiding van die andersoortige “betowering” en waarde van die filosofie. Sodra sommige konsepte geanaliseer en gedefinieer en die dikwels verborge idees daaragter ontbloot word, kan dit 'n hele nuwe wêreld ontsluit. Die filosofie funksioneer dan soos 'n deur wat oopgaan na 'n “onbekende heelal” – 'n wêreld wat nie net op sigwaarde aanvaar kan en moet word nie, maar wat grondliggend en krities ondersoek moet word. Dit beklemtoon en bepleit die noodsaak van 'n meer omvattende verstaan van ons leefwêreld. Dit is 'n wêreld wat allermens in 'n esoteriese sin beskryf moet word, veral nie as dit oor eksistensiële vrae soos transendensie, toeval en geluk gaan nie. Dit is juis hierdie vrae wat ons help om beter te verstaan wie en wat ons is, om beter te leef, en om moontlik so 'n skynbaar alledaagse en tog so 'n ontwykende ding soos geluk te kan vind.

² Vir 'n meer volledige bespreking van transendensie soos verstaan in verskillende tradisies (byvoorbeeld: Teologie en Afrika Filosofie), sien my artikel “Encountering Transcendence: Žižek, Liberation Theology and African Thought in Dialogue” (Verhoef, 2017).

Geluk en eksistensie

Uit bostaande blyk dit duidelik dat hierdie artikel oor baie meer as net geluk gaan. Dit gaan eintlik oor ons bestaan as geheel. Die fokus is op geluk én eksistensie: op ons lewens in die volheid daarvan, die werklikheid en konkrete daarvan, die beliggaamde aard daarvan. As ons in hierdie breë terme aan geluk dink, is ons genoodsaak om na te dink oor ons bestaan self. Die aanvanklike vraag oor die verhouding tussen geluk, toeval en transendensie word nou 'n vraag oor hoe ons bestaan verband hou met transendensie en toeval. Hierdie vraag dwing mens om oor bestaan in die mees fundamentele sin te dink. Dit gaan nie net oor die beskrywing van bestaan nie, maar eerder oor 'n poging om op die fundamentele aard van ons bestaan, op die kern van die menslike bestaan te fokus.

Dit is op hierdie punt – oor die kern van ons menslike bestaan – dat my vrae oor transendensie, toeval en geluk raakvlakke met eeuoues filosofiese tradisies en teorieë het. Om al hierdie standpunte in hierdie artikel te bespreek is onmoontlik en daarom beperk ek my bespreking tot die klassieke vrae wat uit hierdie filosofiese tradisies ontwikkel het, naamlik: Is daar iets positiefs of negatiefs aan die kern van die menslike gees, karakter en bestaan? Is ons bestaan as mense fundamenteel goed of sleg, positief of negatief? Is dit dalk 'n kombinasie van albei?

Hierdie vrae moet verder opgeklar word: As mens vra wat die fundamentele kern van die menslike bestaan is – trouens, die ganse menslike bestaan – is daar twee oorheersende opsies in filosofiese en teologiese tradisies, naamlik negering (iets negatiefs) en bevestiging (iets positiefs): daar is iets sinloos en ongelukkig óf iets betekenisvol en gelukkig aan die kern van ons wese.

Voorstanders van *negering* sal die arbitrêrheid van ons bestaan beklemtoon as die rede vir die fundamentele leegheid of niksheid daarvan. Negering kan ook vanuit 'n transendente beweegrede gemotiveer word en dan word beklemtoon dat ons in ons wese tekort skiet; dat ons byvoorbeeld 'n sondige aard het (as deel van teologiese tradisies) wat as fundamenteel in ons bestaan beskou word. Hierdie negering, of fundamentele tekortkoming, word dikwels as iets slegs (as ongewens, of selfs boos) geïnterpreteer.

Voorstanders van *bevestiging* sal die kreatiewe krag van ons bestaan, ons vryheid en kreatiwiteit beklemtoon. Die arbitrêre (of toeval, om aan te sluit by die titel van die artikel) word hier in 'n positiewe lig beskou. Daar is lof vir ons geluk (vir die blote feit dat ons bestaan), 'n omhelsing van *amor fati*, en viering van lewensbevestigende natuurkragte waarvan ons bestaan deel is. Hierdie bevestiging word normaalweg as iets goeds geïnterpreteer.

Interessant genoeg was daar in die geskiedenis van die filosofie (en in die teologie, sou mens kon byvoeg) 'n oorweldigende aanvaarding van (en selfs 'n obsessie met) negering (die negatiewe) as die kern van ons bestaan. In hierdie tradisies het daar nog altyd iets in ons wese ontbreek. Vir Plato, byvoorbeeld, het die ware volheid van eksistensie in die metafisiese gelê, en volgens Aristoteles streef mense altyd na goedheid, *eudaimonia*, vir vervulling. In die Afrika-filosofie is dit die voltooiing van die gemeenskap wat fundamenteel by ons ontbreek, en ons kan nie mens of volkome wees sonder ander nie. Vir Hegel kom ons as individue die vervulling van vryheid, wat in verloop van die geskiedenis van die *Weltgeist* of wêreldgees na vore kom, kort. In die teologie staan die mens se onvermoë tot die goeie, die sondigheid van die menslike aard, soos veral deur Augustinus en die latere Protestante beklemtoon, weer voorop.

Indien negering – hierdie fundamenteel negatiewe, onvoltooide, gebrekkige of ongelukkige aard van ons bestaan – as die kern van die menslike bestaan aanvaar word, dan is ons van die

begin tot die end van ons lewe gedoem. Dan het ons die onmoontlike uitdaging om hierdie negering of tekortkoming, hierdie fundamentele eksistensiële negatief (leegheid of sondigheid), te oorkom in ons poging om betekenis, vervulling, voltooiing en uiteindelik geluk te probeer vind. Geluk is dan niks meer nie as die onmoontlike doelwit waarna ons eindeloos en tevergeefs streef ten einde negering te negeer. Geluk word die somtotaal van ons sinlose pogings om van ons tekortkoming of gebrek ontslae te raak, waarin ons na voltooiing, tevredenheid en vervulling streef, maar met die wete dat die emmer van ons wese aanhoudend lek terwyl ons dit probeer volmaak met wat ook al ons lewens(geluk) bevredig. Hierdie lewensdors is egter fundamenteel en kan nie geles word nie. Geluk word dan 'n frustrerende en futiele droom en die eindelose en vergeefse taak van ons lewens.

In die lig hiervan is dit geen wonder dat soveel mense moed opgee om geluk te vind nie. Hulle besef (met reg, as negering aanvaar word) dat dit nie die moeite loon om gelukkig te probeer wees nie. Hulle word sinies, depressief, oud voor hulle tyd en geïrriteerd, en hulle verloor hul lewenslus en energie. Miskien kan 'n mens hulle dit nie verkwalik nie, maar jy moet ten minste probeer vasstel of daar alternatiewe maniere is om op 'n fundamentele vlak na te dink oor geluk, die aard van die mens se lewe of bestaan, en die samehang daarvan met toeval en transendensie.

Negering, toeval en transendensie

Waarom, behoort mens in die lig van bogenoemde te vra, moet ons gelukkig wees met negering as die fundamentele kern van ons bestaan? Moet ons negering aanvaar of selfs aanprys soos wat so baie filosowe en teoloë dit doen of gedoen het? Met die stel van hierdie vrae word die skakel na transendensie en toevalligheid deurslaggewend, want op grond van transendensie of toeval word daar byvoorbeeld oor negering en/of bevestiging geargumenteer: “dit is net soos die lewe is”, of “dit is ons lot”, of “dit is hoe God dit beskik het”. In hierdie argumente (wat dikwels net as kort frases geuiter word) is die antwoord die aanvaarding van 'n hoër gesag of orde, soos God of die noodlot, wat die lewe bepaal. Transendensie (as die hoër gesag, soos God) of toeval (as die immanente oortuiging gebaseer op konkrete feite van die lewe) word aanvaar om mense wat dié standpunt huldig, se siening te staaf dat negering die fundamentele kern van ons bestaan is. Laat ek dit anders stel:

Negering – die negatiewe kern van ons bestaan – kan beskryf word as die feit dat ons nie in beheer van ons lewens is nie, dat ons so te sê (maar ook letterlik) die lewe *ly*. Dink maar aan die arbitrêre aard van 'n mens se lewe, jou geboorte, jou dood, die verwoesting van tyd in die vorm van veroudering, die ervaring van pyn, 'n oopgekrapte wond, 'n dolksteek, 'n amputasie ... Is dit alles 'n kwessie van toeval? Of is dit gekoppel aan 'n transendente wese?

Om die toeval as 'n antwoord te aanvaar, bied unieke probleme. Jean-Paul Sartre se filosofie is miskien die beste voorbeeld hiervan. Hy argumenteer dat ons bestaan, as toeval, fundamenteel leeg is. Daar is 'n niksheid aan die kern daarvan. By die kern van ons bestaan is die ewige afgrond van leegheid. Die negering van ons bestaan wat op toeval gebaseer is, lê uiteindelik in nihilisme. Vir Sartre is 'n mens dus vasgevang in die eindelose skepping van die essensie van jou bestaan te midde van die leegheid daarvan. Eksistensie gaan essensie vooraf (Sartre, 1992:438). Die enigste troos wat 'n mens het in hierdie poging om essensie te skep en hopelik singewing te vind, is dat jy ten minste die vryheid het om die lewe wat jy lei, voortdurend kreatief te skep.

Aan die ander kant is dit ook problematies om transendensie, of 'n transendente wese, te aanvaar as die verklaring van negering van ons bestaan. Die negatiewe kern van ons bestaan

kan byvoorbeeld in Protestantse terme beskryf word as ons val in oneer, ons verlies aan reinheid, ons verlies aan eenheid met God, ons verlies aan die paradys en aan onskuld, kortom: ons sondeval en uiteindelijke sondigheid. In hierdie geval kan negering (of die fundamentele tekortkoming van ons bestaan) opgesom word as ons verlies aan goedheid (sondeval) en ons eenheid met God (of die transendente). Om hierdie verknorsing nog erger te maak, is hierdie tekortkoming of verlies te wyte aan ons eie optrede. Dit is nie godgegewe nie, maar ons eie skuld (ten minste deur Adam en Eva) dat ons sondig is, dat ons met ander woorde ewig tekort skiet.

Met transendensie en toeval as só 'n dominerende begroning van negering volg die vraag hoe geluk dan in hierdie konteks verstaan en gevind kan word.

Oor toeval as die begroning of motivering van negering kan 'n mens die volgende afleiding maak oor geluk: Sartre se klem op en uiteindelijke aanvaarding van nihilisme maak dit moeilik (of eintlik onmoontlik) om negering te oorkom en om hoegenaamd geluk te vind. Negering is die enigste opsie, want bevestiging word genegeer. Daar is uiteindelik geen geluk te vind nie, maar slegs 'n fundamentele tekortkoming in jou bestaan vanweë die leegheid of niksheid van jou bestaan. Die mens is per toeval vasgevang in negering en gevolglik in ongeluk. Die troos van 'n vrye kreatiewe lewe is niks meer as blote troos nie.

Oor transendensie as die begroning of motivering van negering geld die volgende: Ons gevallenheid en sondige aard is fundamenteel en die tekortkoming wat ons lewe begrond, is ons gebrek aan eenheid met God. Om die eenheid met God te herstel, of die breuk met God te oorkom, sal uiteindelik geluk kan bring deur die negering te negeer. Vir byvoorbeeld die teoloog Søren Kierkegaard (1983:48) lê geluk daarom in onderwerping aan God se wil. Die negatiewe (negering, sondige aard, tekortkoming) moet oorkom word (genegeer word) deur eenwording met God. Slegs God kan die volledigheid bied wat ons negering negeer en uiteindelik tot vervulling, voltooidheid en geluk kan lei. Met ander woorde, die (T)transendente is nodig om ons te help, of om ons te verlos, om negering te negeer, maar helaas sal dit nie in hierdie ongelukkige lewe gebeur nie. Dit gebeur eers in 'n lewe of wêreld ná hierdie een. Ons is en bly vasgevang in negering op hierdie aarde, met (volkome) geluk wat net in 'n hiernamaals ontvang kan word. Weer eens is daar net die troos van oomblikke van geluk in hierdie lewe, maar dit is – soos by toeval – blote troos, met geluk in hierdie wêreld wat 'n futiele droom word.

Die oorweldigende sterk argumente en begroning van negering vanuit die toevalligheid (immanensie) van die lewe en vanuit 'n transendente gesag kan uiteindelik daartoe lei dat ons moed opgee wat geluk betref. Dit kan lei daartoe dat ons hierdie wêreld, en selfs onself, verstaan as boos, korrup en leeg. Hierdie wêreld en (sondige, leë) bestaan moet oorkom word om geluk te kan vind. 'n Negering van die negering is nodig, en dit word gevind in 'n uiteindelijke ontvlugting aan hierdie wêreld. So 'n ontvlugting na 'n buite- of beter wêreld kom nie net in godsdienstige taal voor nie, maar ook by mense wat wil ontsnap aan die pyn van die lewe deur hulle totaal te laat absorbeer in werk, geld, sport, rekenaarspeletjies of watter ander vorme van ontsnapping ook al. Dit word 'n ontvlugting aan hierdie wêreld wat in hierdie wêreld plaasvind. Dit is egter steeds 'n manier om moed op te gee vir die wêreld in sy volheid, en vir geluk in sy kompleksiteit.

Wat van ander maniere waarop transendensie en toeval verstaan kan word?

Daar is natuurlik baie meer filosowe en teoloë as Sartre en Kierkegaard wat negering op verskillende maniere met toeval en transendensie in verband bring. Die probleem is egter –

selves by soveel ander denkers – dat negering steeds dominant bly en dit uiteindelik ’n onoorkomelike hindernis op weg na geluk word. Daar is inderdaad variasies van hierdie begroding van negering vanuit transendensie en toeval (soos hier onder bespreek), asook verskillende maniere waarop transendensie en toeval verstaan word, maar die vasgevangenskap in negering bly meestal binne hierdie variasies konstant.

Indien negering aan transendensie gekoppel is, ontstaan die probleem dat die moontlikheid van geluk na buite hierdie wêreld geskuif word: na God, na die hemel, na ’n hiernamaals, na vergoddeliking, en so meer. Geluk in hierdie immanente wêreld, in ons beliggaamde lewens, bly so ’n onmoontlikheid. In hierdie verskuiwing van geluk weg van of uit hierdie wêreld skuil die gevaar dat slegs veragting en misnoeë vir hierdie lewe en wêreld sal volg, met ’n verlange om na ’n ander wêreld buite hierdie een, of na die transendente, te ontsnap. ’n Afkeer van en onbetrokkenheid by hierdie wêreld kan volg. Dit is veral ’n gevaar as die transendente in ’n radikale sin verstaan word, naamlik as *radikale transendensie*, waar “die absolute die totaal andere is en skerp onderskei word van die alledaagse werklikheid” (Verhoef, 2014c:263).

Die onmiddellike vraag wat hierop volg, is: Sal ’n minder radikale transendente, of anderwêreldse konsep van God of die transendente, nie dalk kan help om hierdie probleem van geluk uiteindelik buite hierdie wêreld te plaas, te oorkom nie? Een wat ons nie aanspoor om aan hierdie wêreld te ontsnap nie? Op hierdie vraag kan mens antwoord deur te let op die sogenaamde “swak teologie” van die teoloog-filosof John Caputo. Caputo ontwikkel sy swak teologie uit die dekonstruksie van Derrida. Dit is ’n teologie wat baie minder gefokus is op die transendente aard van God en wat eerder erkenning gee aan die onsekerhede oor God en aan die taal wat met betrekking tot God gebruik word. Hy beklemtoon dat al ons spreke oor God altyd uitgedruk word deur ons menslike, of immanente, taal. Caputo se voorstel, as deel van sy “swak teologie”, van ’n teopoëtika impliseer dat spreke oor God (of die transendente) die beste uitgedruk kan word in immanente digterlike taal en nie in letterlike terminologie of dogmatiese teologie nie (Caputo, 2006:13). Caputo beweeg hiermee weg van ’n radikale transendensie, maar los nie die probleem op nie, want teopoëtika is steeds ’n *teo-poëtika*, waarin die *teos* of transendente maklik dominant kan word en die klem weer op die transendente aard van God val. Aan die ander kant kan *teos* verdwyn in die poëtika (as kuns), wat mens terugbring by die immanente, waarin toeval weer in spel gebring word. Teopoëtika bied dus uiteindelik net weer die twee opsies wat Kierkegaard en Sartre voorgestel het om negering te oorkom: óf in die transendente (*teo-*), óf in die kreatiewe (*-poëtika*) immanente. Negering moet nog steeds genegeer word. Geen alternatief vir die motivering en oorkoming daarvan word gebied nie. Die fundamentele kern van ons wese of bestaan bly negatief, ’n negering, en ongeluk bly ’n onoorkomelike probleem in die strewe na geluk. Boonop ondermyn ’n “swak teologie”, of ’n “swak God”, die hoop om geluk in die transendente te vind.

Die volgende logiese vraag in die soeke na ’n alternatiewe verstaan van transendensie en toeval is: Kan ’n meer immanente benadering nie hoop bied nie? Bied ’n immanente benadering wat erns met toeval maak maar genoegsaam verskil van Sartre se negering as niksheid, dalk ’n alternatief? Met ander woorde, is daar ’n kans dat toeval (in die volle immanente sin daarvan) ’n mate van bevestiging en (uiteindelik) geluk kan bied in plaas van negering en niksheid (en uiteindelik geen geluk nie)?

Om hierdie vraag te antwoord word op die filosofie van Gilles Deleuze as een van die mees immanente filosowe (Žižek, 2004:235) gefokus. Deleuze verwerp transendensie (en die transendente) ten volle en gee erkenning aan die rol van toeval in ons immanente lewe, maar verskil uiteindelik van Sartre deurdat hy nie ’n negering van ons bestaan voorstaan nie, maar ’n bevestiging. Hierdie bevestiging van ons bestaan hou verband met hoe ons aktualisering

plaasvind. Deleuze sê dat om geaktualiseer te word, beteken om oor 'n reeks gewone punte uit te wei; om volgens 'n reël van konvergensie gekies te word; om in 'n liggaam geïnkarnear te word; om die toestand van 'n liggaam te word; en om plaaslik vernuwe te word ter wille van beperkte nuwe aktualiserings en uitweidings (Deleuze, 1990:110). Toeval speel hier 'n fundamentele rol. Dit is 'n fundamentele deel van ons bestaan, maar nie op 'n slegte of negatiewe manier nie. Toeval verteenwoordig nie negering nie, maar bevestiging. Die ervaring van te bestaan is die ervaring van die potensiaal van elke oomblik. Daar is reeds 'n positiewe gegewe wat ons bestaan begrond, en nie 'n blote leegheid of niksheid nie. Die lewe is om hierdie potensiaal te verwesenlik, 'n potensiaal wat deur die wêreld, die natuur en/of die toeval gegee word, maar wat die wêreld/natuur en/of toeval weer verander sodat ons altyd in wording is. Daar is niks negatiefs hieraan nie en daar is terselfdertyd geen sprake van transendensie nie.

Hierdie volledig immanente perspektief behels dat daar nie iets negatiefs of iets leegs aan die kern van ons bestaan is nie, maar eerder bevestiging in die volle sin van die woord. Toeval ondermyn nie ons bestaan nie, maar bevestig dit. Ons kan en moet ons geluk vier dat ons hier is, dat ons bestaan! Daar is vir Deleuze geen negering nie, maar slegs bevestiging, die positiewe omhelsing van die positiewe kragte van die lewe. Daar is niks wat ons moet oorkom, of 'n tekortkoming wat ons moet vul, of iets dergeliks nodig om voltooid – en gelukkig – te wees nie. Al wat ons “moet” doen, of eintlik geniet, is om by die positiewe lewenskragte in te skakel, volledig daarby betrokke te raak en dit nie te weerstaan nie. Ons kan dit ten volle geniet en vier as deel van die wonder en krag van die lewe en die natuur. Deleuze gebruik die beeld van 'n branderplankryer en sweeftuigvlieër om dit te beskryf. Hy sê ons moet toelaat dat die natuurkragte ons meevoer soos die golwe 'n branderplankryer meevoer, of soos die wind 'n sweeftuig meevoer. Om so meevoer te word en deel te wees van die natuur en lewenskragte is die wonder van eksistensie, en dit moet ten volle beleef, geniet en geleeft word. Dit sluit ook die natuurkragte in wat ons lewensloop uitdaag en teister.

Hierdie vorm van bevestiging staan lynreg teenoor negering. Dit kom in werklikheid daarop neer dat slegs bevestiging aanvaar word en negering ontken of verwerp word. Negering, of die negatiewe, word gesien as sleg en teenproduktief ... en vernietigend (Scott-Baumann, 2013:111), en daarom volg die volstreekte keuse vir bevestiging. Die implikasie hiervan is dat niks oorkom moet word in ons bestaan om voltooiing te bereik nie, dat daar nie tekort geskiet word nie, en dat ons nie 'n fundamentele ongeluk moet of hoef te oorkom om geluk te vind nie. Ongeluk word opsy geskuif met hierdie fundamentele keuse van bevestiging (en die totale negering van negering) sodat geluk bloot omhels en geleeft moet word as deel van die aktualisering van ons bestaan, as deel van die lewenskragte wat ons ervaar. Hierdie radikaal immanente posisie van Deleuze (en die gevolglike positiewe beskouing van toeval) bied dus 'n uiters hoopvolle perspektief op die vind en belewing van geluk. Tog is alles nie so eenvoudig soos wat dit op die oog af lyk nie.

In die eksklusiewe bevestiging van bevestiging as die kern van ons bestaan word negering nie net negeer nie of oorkom nie, maar totaal verwerp. Negering, wat die “ongelukkige” kant van ons lewe verteenwoordig, word verwerp en daarmee saam gaan die moontlike kreatiewe en produktiewe potensiaal van negering verlore. Die implikasie daarvan is dat die erkenning van die kompleksiteit van ons bestaan uiteindelik ontken word. Anders gestel: Daar kan iets waardevols, betekenisvols en kreatiefs wees in ongeluk (in pyn en lyding), wat verlore kan gaan as dit ontken word as fundamenteel deel van die kern van ons bestaan.³ Dit kan ook op

³ Sonder om te veel in detail op hierdie punt in te gaan, kan daarop gelet word dat hierdie soort posisie van Ricoeur baie nou verband hou met die uitgangspunt van die pankalisme wat aanvoer

'n ander manier gesê word: In hartseer, in ongeluk en selfs in lyding word iets van die volheid van die lewe ervaar. Selfs al is dit ervarings wat ons nie wil hê nie, wys dit vir ons iets van die onverklaarbare wonder, die kompleksiteit van die lewe. Negering kan daarom nie net as sleg en vernietigend verstaan word nie, want dit is so dikwels die bron van ongelooflike kreatiwiteit en selfs skoonheid, waarvan byvoorbeeld soveel kunswerke en musiek getuig. Hierdie intense emosies en ervarings van lyding, hartseer en pyn kan en moet nie ontken of verwerp word net omdat daar 'n melankolie aan verbonde is nie. Dit is deel van ons lewens, en om byvoorbeeld depressief te wees, om hartseer te wees, kan nie net as sleg en vernietigend afgemaak word ter wille van bevestiging nie. Dit beteken egter nie pyn en hartseer moet naïef verheerlik word nie. Dit gaan daaroor dat die potensiele waarde daarvan vir die volheid en kompleksiteit van ons bestaan (en geluk) erken moet word.

Geluk wat in die totale ontkenning van ongeluk en die viering van die bevestiging en toeval van ons bestaan gevind word, is 'n soort geluk wat nie veel meer bied as die ewige poging om negering te oorkom nie. Die verskil is bloot dat met negering geluk 'n onmoontlike ideaal bly, en met bevestiging word geluk per definisie die onbevredigende ontkenning van ongeluk. Om 'n alternatiewe uitkoms vir hierdie dilemma te soek, word vervolgens op die denke van Paul Ricoeur gefokus.

Paul Ricoeur se dialektiese benadering tot negering en bevestiging

Ricoeur huldig die idee dat negering potensieel produktief en waarskynlik 'n kernkomponent van ons identiteit as funksionerende mense is (Scott-Baumann, 2013:111).⁴ Hy verwerp nie negering ter wille van bevestiging nie, maar plaas die twee in 'n dialektiese spanning teenoor mekaar. Negering en bevestiging is deel, en moet deel bly, van hoe die kompleksiteit van ons bestaan verstaan word.

Om dit te bewerkstellig soek Ricoeur binne die begrip van negering 'n bevestiging, maar die negering moet behoue bly in die dialektiese verhouding tot bevestiging. Dit is met ander woorde nie 'n negering wat verswelg word in die dialektiek (Scott-Baumann, 2013:32) soos wat byvoorbeeld in die Hegeliaanse dialektiek plaasvind nie. Ricoeur se kritiek op die Hegeliaanse dialektiek is dat dit uiteindelik lei tot 'n begrip van my bestaan wat uiteindelik verdwyn omdat dit opgeneem word in die deterministiese verloop van die wêreldgeskiedenis. Dan word my bestaan bloot 'n ongeluk, toevallig, en uiteindelik is my vryheid niks: geen-iets. Dit is die uiteindelige "triomf" van die Hegeliaanse ongelukkige bewussyn (Scott-Baumann, 2013:39). Binne so 'n ongelukkige bewussyn meet ek myself aan wat ek nie het nie, die persoon wat ek nie is nie en die verliese wat ek gely het (Scott-Baumann, 2013:79). In 'n verbruikerskultuur het hierdie ongelukkige bewussyn 'n groot invloed op my vermoë om geluk te koop, dwelmmiddels te koop vir geluk en om normaliteit te probeer koop (Scott-Baumann,

dat daar iets goed uit die bose of kwade kan kom. Pankalisme is egter 'n uitvloeisel van die Neoplatoniese filosofie wat die idee voorstaan dat alles op een of ander manier "skoon" (mooi) is, want alles neem deel aan "skoonheid" (die mooie) self. Hierdie metafisiese verstaan van die skone of mooie, vind mens egter nie in Ricoeur se betoog nie.

⁴ Ricoeur se werk oor negering het nooit as publikasie onder sy naam verskyn nie. Ricoeur se ongepubliseerde studente notas en handboeke (*polycopié*) van hoofsaaklik 1962 is egter nagevors deur Alison Scott-Bauman en toe in haar boek, *Ricoeur and the negation of Happiness* (2013), weergegee. In hierdie artikel word dan hoofsaaklik na Scott-Baumann verwys om Ricoeur se verstaan van negering te verduidelik. Die argivale dokumente wat Scott-Bauman van Ricoeur nagevors het word volledig deur haar bespreek in die inleiding van haar boek (2013:ix-xvi).

2013:79). Dit is die ongelukkige uitkoms as daar gepoog word om negering te oorkom, soos wat ek reeds bespreek het. 'n Dialektiek tussen negering en bevestiging kan dus nie net beteken dat negering verswelg word nie.

Teenoor die Hegeliaanse dialektiek poog Ricoeur om negering en bevestiging in kreatiewe spanning met mekaar behoue te laat bly. Ricoeur voer aan dat die negatiewe (negering) deurslaggewend is vir die positiewe (bevestiging) en dat daar 'n bevestigende kern in die hart van negering is (Scott-Baumann, 2013:28). 'n Blote polarisering van negatief (negering) en positief (bevestiging) as goed en kwaad word daarmee afgewys. Die implikasie hiervan is dat geluk nie die oorwinning oor of oorkoming van ongeluk is nie, maar dat geluk altyd in verhouding tot ongeluk – wat potensieel iets goeds kan inhou – staan.

Ricoeur ontken of verwerp dus nie negering nie, maar bring dit op 'n niebinêre, niteenstrydige manier in verhouding tot bevestiging. Hy doen dit deur Aristoteles se sin van negering, as óf gewillig óf gely, te kombineer in 'n verstaan van negering as gewillig *sowel as gely*. Dit word moontlik, soos hy aanvoer, omdat die bevestiging van die wil aan die kern van die negatiewe is (Scott-Baumann, 2013:11). Ons *ly* nie net die lewe nie, maar kan dit ook *wil*, want binne die toeval, die pyn en vreugde van ons bestaan lê vir hom ten diepste die vryheid van die wil – die bevestigende kern in die hart van negering. Die implikasie hiervan is dat die negatiewe (negering) behoue bly in 'n positiewe sin. Dit is byvoorbeeld belangrik vir ons selfverwesenliking, omdat dit ons beperkings en ons potensiaal toon. Negering word so binne bevestiging erken (en andersom) as deel van die beperkings, maar ook moontlikhede, van ons bestaan. Hierdie wedersydse erkenning, die verstaan van ons bestaan as *gewil sowel as gely*, is van kardinale belang vir die etiese en praktiese benadering tot die lewe, want dit beklemtoon beide ons vryheid en ons beperkinge.

Om dit terug te bring by geluk: Negering moenie negeer, ontken of uitgewis word nie, maar eerder erken word in die hoop dat die potensiaal daarvan – om ons beperkings en potensiaal te skep en te wys – in verband gebring word met bevestiging. Negering is iets wat ons *wil sowel as ly*, en hierin lê 'n andersoortige potensiaal om geluk te vind. Negering kan egter nie die enigste of oorweldigende begrip van ons bestaan (soos nihilisme vir Sartre en/of gevallenheid vir Kierkegaard) wees nie, en ook nie iets wat oorkom kan of moet word wanneer dit individueel gely word vir 'n groter doel (soos *Geist* vir Hegel) nie. Ricoeur se dialektiese begrip van negering en bevestiging bied hierteenoor die moontlikheid vir selfverwesenliking in die volle sin van die woord. Anders gestel: Die moontlikheid, die potensiaal om 'n mens se lewe binne die blywende spanning tussen negering en bevestiging te lei, is deurslaggewend, omdat hierdie dialektiek die vryheid bied om betekenis en geluk na te streef, en 'n etiese lewe te lei, binne die beperking van ons arbitrêre bestaan.

Hiermee skets Ricoeur 'n hoopvoller prentjie as dit wat die ander tot dusver gebied het, 'n prentjie waarin geluk nie sal verdwyn as 'n onmoontlike doel soos deur die aanvaarding van negering nie. Dit is ook nie een waarin ongeluk verdwyn, of moet verdwyn, as deel van die nastreef van geluk soos met bevestiging nie. Ons bestaan is baie meer ingewikkeld, en by implikasie geluk ook. 'n Erkenning is nodig dat negering sowel as bevestiging, betekenisvolheid sowel as leegheid, geluk sowel as ongeluk, aan die kern van ons wese is. Hierdie soort dialektiese begrip van ons bestaan maak ons vry van die moontlike determinisme van transendensie en toeval. Dit bied die ruimte om geluk na te streef met die wete dat dit die volle omvang van ons menswees, ook die ongelukkige en pynlike kant daarvan, as deel van ons geluk behoue laat bly. Dit bied uiteindelik 'n nuwe verstaan van geluk as altyd gekoppel aan ongeluk en nie die vermyding, ignorering of oorkoming daarvan nie.

Slot

Die vraag wat in hierdie artikel ondersoek is, is hoe (lewens)geluk saamhang met transendensie en toeval. Hierdie vraag is in verband gebring met die vrae oor die kern van ons bestaan as negering (iets negatiefs) en/of bevestiging (iets positiefs). Met negering word bedoel dat die kern van ons bestaan sinloos, leeg en gebrekkig is. In dié konteks word geluk 'n onmoontlike poging om ongeluk te oorkom. Negering staan sentraal in die filosofiese en teologiese tradisies en dit word vanuit transendensie en/of immanensie (toeval) gemotiveer. Met bevestiging word bedoel dat daar iets betekenisvol en gelukkig aan die kern van ons wese lê. Geluk word dan bloot die aanvaarding van bevestiging en die afwysing van ongeluk. Die keuse tussen bevestiging en ontkenning van ongeluk behels egter 'n verskraling van die konsep geluk en dit misken die kreatiewe en produktiewe potensiaal van negering.

Indien mens egter, in navolging van Ricoeur, argumenteer dat die negatiewe op 'n sterk en kreatiewe manier geakkommodeer kan word in die aanvaarding van ons eie kompleksiteit (Scott-Baumann, 2013:6), het dit belangrike gevolge vir die verstaan van geluk. 'n Kombinasie van geluk en ongeluk as geluk – die dialektiek van negering en bevestiging – lei byvoorbeeld tot 'n direkte uitdaging van die sekerheid van geluk en die wanhoop van ongeluk. Dit impliseer verder dat mens die wêreld en sy bestaan – deur die negering en bevestiging daarvan – in die oë kan kyk sonder vrees (of die afbreek van jou geluk) en voluit daarin kan leef. Met ander woorde, die opsie om te ontsnap aan die valse sekuriteit wat gebied word deur geluk wat negering negeer (na 'n ander-wêreldse of in hierdie wêreld), verbreek. Die opsie is nou daar om een met jouself te wees – as gelukkig en ongelukkig, as negering en bevestiging – maar ook om een te wees met ander (alle ander – ook diegene wat ly) en met die lydende fisiese wêreld. Lyding of ongeluk hoef nie vermy of oorkom te word ter wille van jou eie geluk nie, maar maak fundamenteel deel daarvan uit. Hierdie geluk vereis dat negering erken word as deel van die kern van jou bestaan, omdat die negatiewe (negering) verstaan kan word as 'n bemagtigende, positiewe krag wat die onvoltooidheid en onsekerheid van die lewe uitwys, maar wat ons tog terselfdertyd wys wie ons is en ons help om die waarhede van lyding, hongersnood, oordaad, wanhoop en vreugde, in elkeen van ons en ook in die breër wêreld in die oë te kyk (Scott-Baumann, 2013:147). Ons taak – juis as ons ten doel het om gelukkig te wees – is om hierdie dinge nie mis te kyk of te probeer vermy nie, maar om dit raak te sien, onself toe te laat om geaffekteer te word daardeur, om sodoende ook uiteindelik medemenslik en eties op te tree.

Samevattend kan die volgende dan oor die verhouding tussen transendensie, toeval en geluk gesê word:

Indien geluk verstaan word as die oorkoming van die fundamentele tekortkoming of negatiewe van ons bestaan (negering gemotiveer deur transendensie of toeval), bly ons vasgevang in die eindelose kringloop en poging om ongeluk te probeer oorkom. Ons kan dit op talle maniere probeer doen, maar dit bly fundamenteel onmoontlik. Ons bly vasgevang in negering en uiteindelik in ongeluk. Ongeluk bly dan 'n probleem vir geluk.

Wanneer geluk gesien word as die verwerping van negering en die omhelsing van bevestiging word ongeluk en lyding van hul potensiele kreatiewe en betekenisvolle krag gestroop. Met ander woorde, as ongeluk as iets lewensverloënd (as negering) verwerp word en as slegs die positiewe kragte, magte en energieë van die lewe en die natuur – van toeval (as bevestiging) – omhels word, word die potensiele positiewe betekenis en krag van ongeluk en lyding verbeur en ontken. Geluk word dan die ongelukkige taak om ongeluk tot elke prys te verwerp of te vermy. Hierdeur vind daar 'n verskraling van die kompleksiteit van ons

menswees plaas en geluk word dan 'n selektiewe (en moontlik onsimpatieke) betrokkenheid by net dit wat “goed” is en energie bied in die lewe. Die probleem is dat hierdie uitkyk op die lewe ook 'n soort selfverstaan vereis waarin 'n mens net die goeie in jouself (en ander) wil en mag waardeer en beleef. Dit lei tot 'n selfbegrip wat voortdurend ondermyn word deur die feit dat ons lewe deels lyding behels – al is dit net deur die passiewe aard van oudword. Geluk word uiteindelik hierdeur verskraal en weer eens 'n hopelose doelwit.

Binne 'n dialektiese begrip van negering en bevestiging word die potensieel positiewe in negering waardeer. Daar is 'n erkenning dat ongeluk fundamenteel deel is van geluk. Ons kom niks kort in die kern van ons bestaan nie. Daar is nie 'n leemte wat per toeval bepaal word nie, of 'n gevallenheid wat deur transendensie bepaal word nie. Daar is niks om fundamenteel te oorkom nie, nie eens ongeluk nie. Dit is egter nie 'n blote aanvaarding van ongeluk nie, maar 'n uitleef van die kreatiewe spanning tussen negering en bevestiging, 'n komplekse onderhandeling tussen geluk en ongeluk waarin ons die potensiaal het om met etiese verantwoordelikheid te leef – met 'n gevoel van betekenisvolheid en 'n baie voller en gelukkiger begrip van geluk. Prakties beteken dit dat ons nie boedel oorgee wat betref wie ons is of wat ons kan bereik nie. Dit beteken dat, ondanks verskillende opvattings van transendensie en toeval, betekenis en geluk in hierdie immanente lewe en wêreld gevind kan word en daartoe kan bydra.

BIBLIOGRAFIE

- Crisp, R. (ed. & transl.). 2000. *Aristotle: Nicomachean ethics (NE)*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Caputo, J. 2006. *The weakness of God*. Bloomington, Indiana: Indiana University Press.
- Deleuze, G. 1983. *Nietzsche and philosophy* (transl. H Tomlinson). New York: Columbia University Press.
- Deleuze, G. 1990. *The logic of sense* (transl. C Boundas). London: The Athlone Press.
- Kierkegaard, S. 1983. *Fear and trembling; Repetition* (ed. & transl. EH Hong & HV). Hong. Princeton, NJ: Princeton University Press.
- Sartre, J-P. 1992. *Being and nothingness* (transl. H Barnes). New York: Washington Square Press.
- Scott-Baumann, A. 2013. *Ricoeur and the negation of happiness*. London: Bloomsbury.
- Spinoza, B. *Treatise on the Emendation of the Intellect (TdIE)*. In Curley, E (ed.). 1985. *The Collected Works of Spinoza, Vol 1* (transl. E Curley). Princeton: Princeton University Press. (Aanhalings verwys na die paragraafnummers.)
- Stoker, W. 1990. 'Transcendentie' in de post-metafysica van OD Duintjer. *IJBF Online*. Berlin, Boston: K.G. Saur. Pp. 198-211. <https://www.degruyter.com/database/IJBF/entry/ijbf.ID597002559/html>. [22 Julie 2021]
- Verhoef, AH. 2014a. Paul Ricoeur and the importance of a transcendent nature of happiness (Paul Ricoeur en die belang van 'n transendente aard van geluk). *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 54(4):771-786.
- Verhoef, AH 2014b. Sisyphus, happiness and transcendence. *South African Journal of Philosophy*, 1-10. <http://dx.doi.org/10.1080/02580136.2014.976757>.
- Verhoef, AH. 2014c. The relation between evil and transcendence: new possibilities? *South African Journal of Philosophy*, 33(3):259-269; <http://dx.doi.org/10.1080/02580136.2014.914321>. [22 Julie 2021]
- Verhoef, AH. 2017. Encountering transcendence: Žižek, liberation theology and African thought in dialogue. *Religions* 8(12):271; doi:10.3390/rel8120271. [22 Julie 2021]
- Žižek, S. 2004. The descent of transcendence into immanence, or Deleuze as a Hegelian. In Schwartz, R (ed.). *Transcendence, philosophy, literature, and theology: Approach the beyond*. New York: Routledge.
- Žižek, S. 2014. *Event: Philosophy in transit*. London: Penguin Books.

'n Filosofiese gesprek oor die dood en die sin van die lewe¹

A philosophical discussion on death and the meaning of life

CHRIS JONES

Fakulteit Teologie

Universiteit Stellenbosch

Suid-Afrika

E-pos: chrisjones@sun.ac.za



Chris Jones

CHRIS JONES was vir byna 20 jaar 'n gemeente-predikant in Ceres voordat hy en sy gesin aan die begin van 2008 Stellenbosch toe verhuis het om die Eenheid vir Morele Leierskap in die Fakulteit Teologie, Universiteit Stellenbosch, op die been te bring. Hy staan tans aan die hoof van hierdie Eenheid en is ook 'n navorsingsgenoot binne die dissiplinegroep Sistematiese Teologie en Ekklesiologie. Hy is die skrywer van 'n verskeidenheid boeke, hoofstukke in boeke en artikels, en is betrokke by verskeie gemeenskapsontwikkelingsprojekte.

CHRIS JONES was a church minister in Ceres for close on 20 years before moving to Stellenbosch with his family at the beginning of 2008 to establish the Unit for Moral Leadership at the Faculty of Theology, Stellenbosch University. He currently heads this Unit and is also a research fellow in the discipline group Systematic Theology and Ecclesiology. He is the author of several books, chapters in books and articles, and is involved in various community development projects.

ABSTRACT

A philosophical discussion on death and the meaning of life

This article gives an account of a philosophical discussion of death and the meaning of life. In Part 1 the focus is on a conversation between the author of this article and Anton van Niekerk after the publication of the latter's book Die dood en die sin van die lewe (Death and the meaning of life) in 2017. Because of Van Niekerk's huge influence in the discipline of philosophy, not only in South Africa but also internationally, and because this book is probably the most important one on the subject that has yet appeared in Afrikaans, this article further explores the theme of death and the meaning of life. In the conversation referred to above the

¹ Die titel is ontleen aan Anton van Niekerk se boek getiteld *Die dood en die sin van die lewe* (2017), wat in hierdie artikel bespreek word.

Datums:

Ontvang: 2021-09-18

Goedgekeur: 2022-01-12

Gepubliseer: Maart 2022

following questions were put to Van Niekerk, who responded as comprehensively as time allowed:

(i) What is life? Meaning: Before one can talk about death, should one try to define life? (ii) Is death the most decisive, or the most real, attribute of life? (iii) Isn't death a very morbid subject to research? How should we think about death with the current knowledge at our disposal (after all, we do not know everything)? (iv) Some people say: Religion is necessary to live meaningfully; others claim that death takes away the meaning of life. What is your view? (v) Is there an instinctive, evolving need to (want to) experience meaning in life? (vi) What was the inspiration for your writing this book? The question of the meaning of life is probably one of the most important questions in philosophy, but did other matters inspire you as well? (vii) How does one deal with death, especially once it has crossed the threshold of one's home? (viii) Every one of us probably fears and rebels against death. Why, and does it make any sense to fear death? (ix) How should we think about life after death? Where does this idea come from? How would people of faith know they were dealing with a Deity if there were life after death? Is eternal life really such an attractive option? (x) Will the day come when human beings will overcome death (not in the spiritual sense of the word)? (xi) What are your thoughts on assisted dying? (xii) Death remains a mystery, but how do you see it? (xiii) As death remains a tragic event, is there anything worse than death that can happen to a human being? (xiv) When would one be able to say one's life has meaning?

All these questions relate to the content of Van Niekerk's book. Part 2 of the article focuses on Vincent Brümmer's religio-philosophic thoughts on Van Niekerk's book. Shortly before his death, Brümmer sent Van Niekerk those thoughts, and in the correspondence he touched upon, among other things, our human limitations, our temporality and mortality, and the problems associated with the limitations of our human existence. He argued that many people try to deny the finitude of their earthly existence by assuming that death involves only the body and not the so-called "immortal soul". This view posed a problem for him, and he acknowledged that, in this respect and in the absence of any clarity on the matter, he was agnostic.

Furthermore, not only a human being's earthly life ends at some point, but also the earth itself—and our solar system and all the others. He described the four phases one's life normally goes through from birth to death and joined Jean-Paul Sartre in distinguishing between the body one is and the body one has. For Brümmer the transition to the proverbial autumn of one's life (the last of the four phases) is radically different from the transition between the other phases. He emphasised the difficulty of the detachment process brought on by death and stressed that one does not think about (one's) death enough because one often is too busy. He also struggled with Van Niekerk's argument that life is a tragedy in the face of death, but shared Van Niekerk's distinction between problems and mysteries, even though he found it difficult to understand Van Niekerk's explanation of mysteries.

In the last section of Part 2 of the article, Van Niekerk, in his reply to Brümmer, appreciates Brümmer's grasping the fact that life was as essential a part of the book's content as death. Although the title of the book might give the impression that it is about death, it actually is about life, but then life outlined against the background of the ever-present death. He finds Brümmer's analysis of the four phases of life both illuminative and problematic. Yet this four-phase model expresses something of what Van Niekerk means by a meaningful life. Upon rereading Brümmer's correspondence, it struck Van Niekerk again that the theme of corporeality is very important for any reflection on the meaning of life and death, and that one of the mysteries of human existence lies in the fact that one can say of oneself that one is a body and one has a body. He points out how important detachment (highlighted by Brümmer), brought

about by one's approaching death, in the last phase of life is. Van Niekerk concludes his reply by maintaining his claim that life ending in death is indeed a tragedy – a claim not supported by Brümmer – but a tragedy that has the potential to mediate meaning.

KEYWORDS: death; meaning of life; corporeality; philosophical discussion; Anton van Niekerk; Vincent Brümmer; mystery; tragedy

TREFWOORDE: dood; sin van die lewe; liggaamlikheid; filosofiese gesprek; Anton van Niekerk; Vincent Brümmer; misterie; tragedie

OPSOMMING

Hierdie artikel doen verslag oor 'n filosofiese gesprek oor die dood en die sin van die lewe. Dit fokus in Deel 1 op 'n gesprek wat die outeur van hierdie artikel met Anton van Niekerk gevoer het nadat laasgenoemde se boek *Die dood en die sin van die lewe* in 2017 verskyn het. Omdat Van Niekerk diep spore in die filosofie getrap het, nie net in Suid-Afrika nie, maar wêreldwyd, en omdat daardie boek waarskynlik die belangrikste is wat nog in Afrikaans oor die onderwerp verskyn het, word die tema van die dood en die sin van die lewe in hierdie artikel verder ontgin. Ná die aanvanklike uitgebreide gesprek met Van Niekerk oor sy boek, word daar in Deel 2 stilgestaan by Vincent Brümmer se godsdiensfilosofiese gedagtes oor Van Niekerk se boek. Brümmer, 'n befaamde godsdiensfilosoof, vroeër verbonde aan die Universiteit Utrecht, het sy aantekeninge kort voor sy dood aan Van Niekerk gestuur. Dit word breedvoerig aan die orde gestel, waarna Van Niekerk toeligtende repliek lewer.

Inleiding

In die lig van die diep spore wat Anton van Niekerk² in die filosofie getrap het, nie net in Suid-Afrika nie, maar ook wêreldwyd, en in die lig van die belang van sy boek *Die dood en die sin van die lewe*, het ek besluit om my gesprek (in 2017 in die Protea Boekwinkel in Stellenbosch) met Van Niekerk oor daardie boek verder te ontgin. Die boek is 'n “[u]itstekende oorbrugging tussen die intellektuele wêreld en die alledaagse gesprek oor die eindigheid van ons bestaan en watter verband dit met die sin van die lewe het”.³ Die Nederlandse filosoof Paul van Tongeren (2017)⁴ skryf soos volg oor Van Niekerk se moed om nie net die dood filosofies in oënskou te neem nie, maar ook om dit te doen op die manier waarop hy dit wel doen:

Hij spaart geen heilige huisjes: of het nu maatschappelijke taboes betreft (de dood is zelf volgens hem misschien wel het laatste overgebleven taboe, “die taboe van ons tyd” p. 14 e.v.), of traditionele opvattingen binnen de religieuze kringen waaruit hij ook zelf afkomstig is (het leven na de dood interesseert hem beslist veel minder dan het leven voor de dood), of ook filosofische modes (het postmodernisme wordt heel zelfverzekerd afgeserveerd) – ze worden door Van Niekerk allemaal kritisch onderzocht en hij schrikt er niet voor terug om duidelijke standpunten in te nemen, ook al weet hij dat hij daarmee tegen gevoeligheden van deze of gene ingaat.

² Professor in Filosofie aan die Universiteit Stellenbosch.

³ Dit is deel van die klapskrif wat ek vir die voorblad van die betrokke boek geskryf het.

⁴ Lees die volledige resensie by http://www.scielo.org.za/scielo.php?script=sci_arttext&pid=S0041-47512017000500016.

In die Voorwoord van sy boek skryf Van Niekerk self dat die “tyd aangebreek het dat die werklikheid van die dood ’n meer sentrale plek in ons onderlinge gesprekke en openbare debatte begin inneem” (2017:9). Hy wys dan daarop dat daar deur die geskiedenis heen veral op intellektuele vlak gesprek hieroor gevoer is en beklemtoon dat hierdie gesprek “nog nie behoorlik deurgesyfer [het] na die vlak van alledaagse gesprekke nie – in elk geval nie in Suid-Afrika en veral nie in die Afrikaanse leefwêreld nie” (Van Niekerk, 2017:10). Na aanleiding hiervan sê hy dat die “primêre doel van hierdie boek is om te dien as brug tussen wat aan die intellektuele front gebeur en die verloop van die gesprek op alledaagse vlak” (Van Niekerk, 2017:10). Van Niekerk (*ibid.*) skryf:

... dat die voortsetting van ’n ontwykende houding teenoor die dood – asof dit ’n taboe is – niemand ’n guns doen nie. Die feit dat ons almal sterf, is die een onveranderlike wat ons almal met mekaar gemeen het. As daar sin in die lewe is, dan sal dit op die een of ander manier in verband gestel moet kan word met die feit dat die lewe begrens en daarom eindig is. Elkeen wat lewe, lewe in die skaduwee van die sekere wete dat wat ek tans is en beleef, verbygaan. Om daaroor na te dink en te praat, is nie ’n onfatsoenlike of eksentrieke obsessie van moedswillige en onsensitiewe intellektuele nie, maar ’n eksistensiële noodsaak wat ons ernstig behoort op te neem in ons pogings om verantwoordelik, en daarom uiteindelik ook sinvol, te lewe.

Hierdie woorde is, ironies genoeg, ook geskryf voordat die wêreldwye Covid-pandemie ons in Maart 2020 getref het, dit wil sê voordat die ganse wêreld op ’n totaal onvoorsiene en ongekende wyse gekonfronteer is met die reële moontlikheid dat die dood ongesiens baie naby aan elkeen van ons gekom het. Van Niekerk se boek was, sonder dat hy of iemand anders dit met publikasie in 2017 inderwaarheid kon beseef, in werklikheid ’n wegwysers na ’n nuwe gesprek, ook in Suid-Afrika, oor die dood. Waarheen daardie gesprek ons op die lang duur gaan lei, is ’n vraag wat tans nog nie beantwoord kan word nie.

In die volgende afdeling van hierdie artikel (Deel 1) word stilgestaan by die inhoud van die boek aan die hand van bogenoemde gesprek wat ek met Van Niekerk hieroor gevoer het. In Deel 2 kom die godsdiensfilosoof Vincent Brümmer⁵ se gedagtes uit persoonlike korrespondensie⁶ met Van Niekerk oor die boek ter sprake. In die laaste deel van Deel 2 lewer Van Niekerk repliek op Brümmer se besinnende korrespondensie oor die naderende dood en die sin van die lewe, waarna enkele slotgedagtes volg.

DEEL 1

Gesprek met Van Niekerk oor *Die dood en die sin van die lewe*

In my gesprek met Van Niekerk antwoord hy kortliks soos volg op ’n vraag oor wat lewe is – bedoelende dat voordat ’n mens oor die dood kan praat, jy eers moet probeer omskryf wat die lewe is. Volgens hom is die vraag na lewe en dood nie net biologies van aard nie, maar ook filosofies. Hy weerhou hom daarvan om op die biologiese in te gaan, maar meld op filosofiese vlak dat die lewe uitvoering gee aan ’n kultuuropdrag of -taak. Ons moet die wêreld

⁵ Befaamde godsdiensfilosoof van Utrecht.

⁶ Hoewel dit persoonlik aan Van Niekerk gerig is, het enkele ander persone dit ook te lese gekry. Brümmer se eggenote, Jean, het toestemming gegee dat die outeur van hierdie artikel dit mag gebruik.

vir onself 'n leefbare plek maak, hopelik sonder om dit op te mors. Dit gaan oor *Gabe und Aufgabe* (“gawe en opdrag”). Ons moet vorm, tekstuur en sin gee aan die wêreld waarin ons ons bevind, konkreet en simbolies. Karl Marx het melding gemaak van die feit dat ons ons “verdubbel” sien in ons ingreep in die natuur. Daarmee bedoel hy dat die wêreld onvermydelik die uitkoms is van 'n proses van vermensliking. As 'n mens, volgens Van Niekerk, by jou kantoorvenster uitkyk, dan sien jy jouself en ander mense “verdubbel” in die wêreld, dit wil sê jy sien 'n wêreld wat uitdrukking gee aan die proses van kultuurskepping, 'n wêreld wat gans en al by menslike behoeftes aangepas is (byvoorbeeld die geboue wat jy sien, die voertuie wat verbybeweeg, die rekenaar waarop jy werk, ensovoorts) – die uitkoms van die teenwoordigheid van *homo faber*, die werkende mens. Die wêreld van ons kultuurskeppinge is dus volgens Marx soos 'n spieël waarin 'n mens kyk en waarin jy jouself in die voorsiening vir jou (uitgebreide) liggaam “verdubbeld” herken.⁷

Is die dood die beslissendste, of mees eintlike kenmerk van die lewe?

Volgens Van Niekerk veroorsaak die dood van dié lewe dat 'n lewe – my lewe, iemand se lewe – uitgelewer is aan die dwang van skaarste. Die lewe gaan verby en 'n mens het net een kans. Volgens die Duitse filosoof Martin Heidegger, “stellig die eietydse denker wat die dood as die mees sentrale kenmerk van die lewe op die oorspronklikste en treffendste manier ontleed het” (Van Niekerk, 2017:9), is die dood van meet af deel van, en beslissend vir, die manier waarop 'n mens lewe: as jy gebore word, is jy oud genoeg om te sterwe. Hierdie insig lê volgens Van Niekerk (2017:22) “ten grondslag van Heidegger se meesleurende analise van die menslike bestaan as 'n *Sein-zum-Tode*” (sien ook Heidegger, 1962:274-311). Ons word, soos Heidegger dit meermale sien –

vanaf die oomblik van ons geboorte *gewerp* in 'n wêreld sonder 'n betroubare roetekaart van die pad wat ons begin betree, en sonder enige betroubare idee van wat ons met ons bestaan as “geworpenheid” moet aanvang. Al waarop ons aangewese is, is die keuses wat ons elke dag maak en die worsteling met die gevolge wat daardie keuses meebring. Daar is geen waarborg en sekerheid nie. Daar is die lewe, ja, maar die lewe self is nie slegs 'n gegewe nie, dis 'n opdrag, dis iets waarvan ons elke dag iets moet probeer máák. (Van Niekerk, 2017:226)

Heidegger redeneer voorts dat die lewe, ons lewe, 'n proses is “om sin te probeer maak van die feit dat ons lewe. Deur te wees wat ons is, ontwerp ons die toekoms in die hede op die grondslag van die verlede, wat ons gevorm het tot wat ons is en kan wees” (Van Niekerk, 2017:66).

Is die dood nie 'n baie morbiede onderwerp om oor navorsing te doen nie? En hoe moet ons oor die dood dink met die kennis tot ons beskikking (ons weet immers nie alles nie)?

In die Voorwoord van sy boek, om vir 'n oomblik daarna terug te keer, sê Van Niekerk (2017:11) dat dit die “resultaat van byna 20 jaar se navorsing” is, maar verduidelik dat dit darem nie al die tyd 'n baie morbiede onderwerp is om oor navorsing te doen nie, en, hoewel dit nadenke

⁷ Wat natuurlik kontroversieel in Marx se beskouing is, is sy teorie dat kultuurskepping oorspronklik of van meet af bepaal word deur materiële en sosiale verhoudinge; “onderbou bepaal bobou”. Daaroor is wel vroeë teorieë.

oor 'n tragiese aspek van die lewe is, is een van die belangrikste goed wat hy geleer het, dat tragedie nie slegs negatief is nie. Hiermee saam is dit belangrik dat ons ontslae moet raak van die taboekarakter wat aan die dood verleen word. Die dood is deel van die lewe. Die dood is ons finale grens, en daarom die sentrale herinnering aan die feit dat ons lewe en dat ons vermoëns begrens is. Die lewe is 'n dialektiek van moontlikhede en grense. Van Niekerk gebruik dan die beeld van die horison om die begrensde van ons lewe aan te dui. Vir hom is die horison “'n heel merkwaardige verskynsel” (sien ook Van Peursen, 1967:207-232). Dit is –

... iets wat ons “sien”, maar wat ons nooit (kan) bereik nie, omdat dit verander of wegskuif elke keer as ek my ruimtelike posisie verander. Dit roep die vraag op of die horison “buite” of “binne” is; of dit behoort tot my uiterlike gesigsveld, en of dit dalk eerder 'n innerlike manier van waarneem is wat bepaal word deur die struktuur van my ken- en waarnemingsvermoë. (Van Niekerk, 2017:269)

Vir Van Niekerk (2017:269) is die belangrikste insig “wat die beeld van die horison meebring ... die feit dat die horison ons wys dat, *om hoegenaamd te kan waarneem, ons beperk moet waarneem*”. Dit is so dat die horison die “omvang van wat ek kan sien [beperk], maar juis deur dit te beperk, laat die horison dit wat ek kan sien, aan die lig tree” (*idem.*:269-270).

Hy skryf voorts meesleurend oor hierdie beeld (hy gebruik ook twee ander beelde⁸ “in terme waarvan lewensin ten aansien van die dood verstaan en verduidelik kan word” [Van Niekerk, 2017:31], maar ek volstaan met hierdie een):

Soos die horison maak met ons fisieke gesigsveld, maak die werklikheid van die dood met ons opgawe om sinvol te lewe: Dit plaas dinge in perspektief. Omdat die dood kom, maak ons uit, nie alleen wat hoër of laer of nader of verder is nie. Ons maak veral uit wat belangriker en minder belangrik is; wat standhou en wat verbygaan; wat duursaam is en wat vergaan. Die dood as horison orden dit wat vir ons saak maak of belangrik is in 'n rangorde van waardes; dit oriënteer ons op 'n koers wat die moeite werd is om te probeer hou, al het ons in die verlede al hoeveel keer van koers verander. Die dood as horison is die wete dat ons tans weliswaar slegs ten dele ken en ten dele verstaan ... Die dood as horison is ons nimmerwykende herinnering aan ons menslikheid en daarom beperktheid. Dit behoort ons altyd nederig te hou, omdat ons nie God is nie en omdat ons al soveel keer in die geskiedenis die katastrofaal verwoestende gevolge gesien het van mense wat die beperkinge van die horison nie wou aanvaar nie en hulself in die proses verhef het tot gode wat onbeheerst oor ander mense beskik. Die dood hou ons nederig – en tereg. Ons het slegs tydelike verblyf in 'n land en 'n plek wat nie aan ons behoort nie. (Van Niekerk, 2017:271-272)

Sommige mense sê: Godsdien is nodig om sinvol te kan leef; ander beweer die dood neem die sin van die lewe weg

Volgens Van Niekerk help die dood ons egter juis om die sin van die lewe te bepaal. Hy gee

⁸ Die lewe as reis onderweg na die dood (pp. 272-275) en die dood as slot van die storie van 'n lewe (pp. 276-279). Laasgenoemde is vir Van Tongeren die belangrikste metafoer. Hy skryf in dié verband: “Deze was al in hoofdstuk 8 [van Van Niekerk se boek] geïntroduceerd en uitgewerkt aan de hand van de theorie over ‘narratieve identiteit’ van Alasdair MacIntyre en de tragedietheorieën van Aristoteles en van Nietzsche.”

toe dat godsdiens vir baie mense die sentrale singewende dimensie van hul lewe is, en hy respekteer dit, maar dit is nie net godsdiens wat sin aan 'n mens se lewe gee nie. Hy redeneer dat, met of sonder godsdiens, die dood se sentrale betekenis 'n sinvormende betekenis is, want die dood stempel 'n mens se lewe tot 'n verhaal of narratief wat koherent of inkoherent kan wees, en die uitdaging van 'n sinvolle lewe is ons vermoë om daardie hopelik koherente verhaal te rekonstrueer en te vertel. In hierdie opsig verwys hy na die lewe van Abraham Lincoln, eertydse president van die VSA, en van Nelson Mandela, die eerste demokraties verkose president van Suid-Afrika, as van die belangrike voorbeelde in hierdie verband. “Die geskiedenis is die onvergelyklik boeiende verhaal van liggame met name en persoonlikhede wat die wêreld omvorm het en sonder wie ons die verloop van die verlede en moontlikhede van die toekoms nie kan voorstel nie” (Van Niekerk, 2017:262). Tog is dit so dat ook hulle uiteindelik gesterf het en “sit ons die reis van die lewe en die geskiedenis voort sonder hulle” (*ibid.*); hulle lewe daag ons juis uit om ook, al is dit gering, 'n betekenisvolle bydrae te lewer. Die uitdaging is juis om in meer beskeie verband met elke individuele lewe iets soortgelyks te doen, ook al vertel 'n mens nie self die hele verhaal nie, soos in die geval van Lincoln.

Is daar 'n instinktiewe, geëvolueerde behoefte om sin in die lewe te (wil) ervaar?

Ons is een van die hominiede spesies van die genus *Homo* wat baie jare gelede onopvallend gelewe het, baie kwesbaar en in relatief klein getalle. In 'n stadium het ons saamgeleef met ander hominiede spesies soos die Neandertallers. Die “sofistikasie van die menslike bewussyn is [egter] veral moontlik gemaak deur 'n aantal prosesse wat in die menslike evolusiegeskiedenis plaasgevind het” (Van Niekerk, 2017:92). In hierdie opsig onderskei die Kanadese sielkundige Steven Pinker 'n “aantal ... merkwaardige ontwikkelinge wat veral veroorsaak het dat ons spesie soveel intelligenter is as enige ander spesie waarvan ons weet” (*ibid.*). Die mens is, soos alle primate, visueel georiënteerd. “Die diepte-persepsie wat ons ontwikkel het, bring mee dat ons die wêreld primêr beleef as 'n spasie gevul met objekte” (*ibid.*). Pinker (1997:191) sê in dié verband: “Our capacity for abstract thought has co-opted the coordinate system and inventory of objects made available by a well-developed visual system.” Ons lewe as primate speel altyd af as “lid van 'n groep”. Dit staan bekend as “group living” (groepsbestaan). “Die feit dat ons in groepe leef, maak dit uiters belangrik om altyd te streef na beter inligting – iets wat sowel weggegee as behou kan word” (Van Niekerk, 1997:92). Verder stel 'n groepsbestaan “ook besondere nuwe eise aan lede van die groep, wat intelligensie bevorder” (*ibid.*). Die derde besondere saak wat die evolusie van intelligensie bevorder het, “was die ontwikkeling van die menslike hand” (*ibid.*). Die feit dat –

... ons voorsate in bome geleef het, het hande laat ontwikkel tot gesofistikeerde instrumente. Maar hande bly relatief nutteloos totdat 'n mens hulle nie meer nodig het om op te loop nie. Deur lank aan bome te hang, het ons voorsate dit reggekry om hul rûe reguit te trek – baie meer reguit as by ander primate. Dit het meegebring dat ons geleer het om op twee in plaas van vier pote te loop. So is die hand ‘bevry’ om beskikbaar te word vir al die ander buitengewone take wat in die diereryk slegs deur 'n hand uitgevoer kan word. (Van Niekerk, 2017:92-93)

Dit het gelei tot die skep van gereedskap en ander tegnologieë om “kos te bekom, skuilplekke te bou, en liggame te bedek ...” (Van Niekerk, 2017:93). Nog 'n kenmerk van ons evolusie “wat ons laat ontwikkel het in die buitengewoon intelligente wesens wat ons tans is, was die aktiwiteit van *jag en die gevolge daarvan vir die menslike dieet*”, en as bygevolg die

“ontwikkeling van die menslike brein” (Van Niekerk, 2017:93). Die gekonsentreerde proteïne in die vleis van ander diere wat gejag is, het ’n sentrale komponent van ons dieet geword, en is veral verantwoordelik vir die ontwikkeling van ons breinweefsel. “Dit verteenwoordig ’n kern-aspek van ons evolusie tot hedendaagse mense” (Van Niekerk, 2017:93).

Een van die heel belangrikste ontwikkelinge was egter dié van taal, veral toe die mens begin skryf het. Taal was en is in die proses van menswording van deurslaggewende belang, nie net omdat dit kommunikasie soveel makliker en effektiewer gemaak het nie, maar veral ook omdat dit ’n instrument van sosiale organisasie is. Hierdie punt word veral beklemtoon in die werk van die veelbesproke Israeliese historikus Yuval Noah Harari. Ons sou volgens hom nooit die suksesvolle spesie wat ons is, kon word sonder byvoorbeeld die vermoë om ons deur middel van taal so te organiseer dat ons ons vyande en bedreigings kon fnuik deur middel van organisasievorme wat slegs in taal voorstelbaar en kommunikeerbaar is nie (vgl. Harari, 2011:23-28; 135-148; 333-335). Hier sou die Oostenryks-Britse filosoof Karl Popper se onderskeiding van die vier funksies van taal genoem kon word.⁹ Deur bogenoemde evolusionêre ontwikkeling is die mens se denke geëksternaliseer en het ons selfbewussyn ontwikkel, en dit, meer as enigiets anders, het ons sinsoekers gemaak.

Wat was die inspirasie vir die skryf van hierdie boek? Die vraag na die sin van die lewe is waarskynlik van die belangrikste vrae in die filosofie, maar was daar ook ander redes?

Van Niekerk is veral geïnspireer deur basiese nuuskierigheid. Alhoewel daar baie boeke oor die sterwensproses is, die manier van sterf en die hantering van die smart van rou, asook sosiologiese teorieë oor hoe ons doodsbewussyn en strewe na onsterflikheid bestuur word (sien Zygmunt Bauman¹⁰ en Philippe Ariès,¹¹ na wie daar baie in die boek verwys word), is daar bitter min boeke (benewens dié van Martin Heidegger¹² en Nicolas Berdyaev¹³) uit die onlangse tyd wat suiwer filosofies sin van die dood probeer maak. Waarskynlik is hy ook gemotiveer deur ’n paar ervarings waarvan hy in die boek vertel.

Hoe hanteer ’n mens die dood, veral as dit eers oor die drumpel van jôu huis gekom het?

Die tragedie van die dood, veral van kinders, is dat dit stukke potensiële toekoms afsny. Veronderstel byvoorbeeld dat Lincoln, Shakespeare of Julius Caesar voortydig gesterf het of nooit geleef het nie. Dood is natuurlik ook soms ’n uitkoms. Dit is dan ’n tragedie dat sommige mense nie gou genoeg sterf nie, gegewe die skade wat hulle aanrig. Vier van Hitler se ouer broers het byvoorbeeld op baie vroeë leeftyd gesterf, terwyl juis hy, Adolf, oorleef het.¹⁴

⁹ Vir Popper is daar vier taalfunksies. Twee daarvan, die *signifikatiewe funksie* (waardeur ’n klank/teken na iets verwys wat nie sigself is nie) en die *ekspressiewe funksie* (waardeur emosie deur middel van klank uitgedruk word), deel ons met baie diere. Twee taalfunksies is egter uniek aan die mens: die *deskriptiewe funksie*, waarin ons slegs deur middel van klanke/tekens ’n wêreld oproep of beskryf wat nie tans teenwoordig is nie, en die *kritiese funksie*, waardeur ons krities reageer op gesproke of geskrewe taal en ons beskrywinge dus al hoe betroubaarder maak (vgl. Popper, 1972:119-122).

¹⁰ Baumann (1992).

¹¹ Ariès (1981).

¹² Heidegger (1962).

¹³ Berdyaev (1937). Vgl. Ook Paul van Tongeren se *Willen sterven: Over de autonomie en het voltooide leven*, wat ’n jaar ná *Die dood en die sin van die lewe* verskyn het (2018).

¹⁴ Lees byvoorbeeld Roald Dahl (1962) se kortverhaal *Genesis and catastrophe: A true story*.

Hoe hanteer ’n mens die dood? Daar is geen towerformule nie. Meestal is dit ’n ontsaglike verlies, selfs al het jy dit verwag. Tyd help wel. Die dood kan ongetwyfeld ook ’n nuwe begin wees. “Die Duitse filosoof Hannah Arendt skryf roerend oor hierdie uniek menslike vermoë: om nuut en oor te begin” (Van Niekerk, 2017:65). Ná die bloedige konflik –

... van die Amerikaanse burgeroorlog (1860-65) het daardie nasie ’n nuwe begin gemaak met die beëindiging van slawerny. Ná die verwoesting van die wêreldoorloë van die vorige eeu, het Europa twee keer nuut begin. Ná die verontmensliking van apartheid en die spanning van vrylatings en onderhandelinge in die jare negentig van die vorige eeu, het ons hier aan die suidpunt van Afrika ook ons eie nuwe begin gemaak – wankelrig, onseker, kwesbaar, soos dit tans steeds lyk. (*idem.*:66)¹⁵

Hierdie feit is nie net waar in die lewe van volke en nasies nie, maar ook in die lewe van individue. “Ons ganse lewe bestaan uit ’n opvolgrees van óór en nuut begin ... Die lewe is een volgehoue, nuwe begin. Niks herinner ons meer daaraan as die belewenis van die dood van ander nie” (*ibid.*). Die dood kom dwing ’n nuwe begin aan ons op en hoewel dit een van die moeilikste dinge is, is dit “terselfdertyd ’n geleentheid wat die veerkragtigheid van die lewe die beste illustreer” (*ibid.*). Die dood “sal ook vir my opskort, en ander uitdaag om nuut te begin. Dat hulle wat agterbly, weer sal kan begin, is sowel die misterie as die vreugde van daardie wete” (*idem.*:67).

Daar is waarskynlik by elkeen van ons vrees vir en opstand teen die dood. Hoekom, en maak dit enigsins sin om die dood te vrees?

“Indien die dood gewoon niks anders of niks meer is as die afwesigheid van lewe nie, waarom sou ons dit vrees” (Van Niekerk, 2017:76), wat baie mense wel doen? Heelwat denkers in die antieke tyd is reeds hierdeur geboei. Die bekendste voorbeeld daarvan vind ons by die Griekse filosoof Epikurus, vir wie dit onbegryplik is waarom mense bang is vir die dood. Sy bekende vermaning lui:

Raak gewoon aan die gedagte dat die dood niks is om te vrees nie. Alle goed en kwaad bestaan uit sensasies, oftewel bewussyn, maar die dood is tog die einde van bewussyn. ’n Korrekte begrip van die feit dat die dood niks aan ons kan doen nie, maak van die lewe ’n genotvolle ervaring, nie omdat dit die lewe vir ons tot in oneindigheid verleng nie, maar omdat dit die drang na onsterflikheid wegneem ... Die dood, [sogenaamd] die ergste van alle euwels, kan niks aan ons doen nie, want solank as wat ons bewus is van dinge is die dood nog afwesig; en wanneer die dood wel kom, is ons van niks meer bewus nie. (Van Niekerk, 2017:76-77; Epikurus, 1940:3-31)

Titus Lucretius Carus, wat net bekend was as Lucretius, –

... bied ’n ander argument aan vir waarom ons die dood nie behoort te vrees nie. Volgens Lucretius vind niemand van ons dit vreemd of ontstellend dat daar soveel tyd verbygegaan het in die geskiedenis voordat ek gebore is nie. Wat sou die “doodservaring” ... anders kon wees as “die tyd toe ons nog nie daar was nie”? Is die dood dan enigiets anders as die spieëlbeeld van die tyd vóór ons bestaan het? As dit die geval is, is dit gans onduidelik

¹⁵ ’n Mens sou in hierdie verband natuurlik ook kon dink aan die nuwe begin van Afrikaners in Suid-Afrika in die nadraai van die vernietigende Anglo-Boereoorlog, veral in die tydperk van 1902 tot 1924.

waarom ons die dood vrees, want niks omtrent ons “belewenis van die ewigheid voor ons gebore is” ... wek enige vrees of ang by ons op nie. (Van Niekerk, 2017:78)

Tog oortuig Lucretius se argument Van Niekerk nie. Laasgenoemde voer aan dat dit wel waar is “dat die tyd voor ons geboorte en die tyd nadat ons gesterf het, tyd is waarin ons nie bestaan nie. Maar die tyd na afloop van iemand se dood is tyd waarvan die dood daardie persoon wél ontnem of weerhou” (*ibid.*). Hy redeneer voorts dat terwyl “‘ek’ vóór my geboorte niks was nie, beteken die intrede van die dood aan die einde van my lewe beslis dat ‘ek’ (nou in werklikheid!) van iets ontnem word”.¹⁶

Ons vrees volgens Van Niekerk die sterwensproses meer as die dood self. Karel Schoeman skryf in sy laaste boek, *Slot van die dag*: “Daar is niks om te vrees nie, behalwe die onvermydelike huiwering voor die onbekende” (Schoeman, 2017:163). Van Niekerk spandeer baie tyd aan Ivan Ilych,¹⁷ wat die beste voorbeeld is van die gevolge van ’n inoventieke¹⁸ omgang met die dood: die laaste ding waaraan hy in sy klein burgerlike bestaan gedink het en wat hom die kluts totaal laat kwyt raak het. Terselfdertyd herinner die verhaal ons aan hoe onwaardig sommige mense sterf – iets wat die mediese wetenskap deesdae al hoe meer in staat is om te voorkom. ’n Menswaardige dood is ongelukkig ’n waarde wat nog nie genoegsaam in ons hele samelewing ingeburger is nie.

Hoe moet ons dink oor die lewe ná die dood? Waar kom die gedagte/idee vandaan? Hoe sal gelowiges weet hulle het met ’n godheid te doen, sou daar ’n lewe na die dood wees? Is ’n ewige lewe werklik so ’n aantreklike opsie?

Vir baie filosowe is die idee van “lewe ná die dood” ’n selfweersprekende kwessie. Hoe maak ’n mens immers logies sin van “lewe ná dood”, as “dood” per slot van rekening die einde en voortgesette afwesigheid van lewe beteken? Van Niekerk laat egter vir ’n oomblik die streng logiese problematiek hiervan eenkant, en probeer stoei met die vraag hoeveel sin in religieuse terme daarvan gemaak kan word. Die idee van lewe ná die dood is skynbaar ’n oerversugting van die mens. Begrafnisse en doodsrituele is volgens baie ook die een universele kenmerk van alle historiese gemeenskappe. Feitlik alles wat ons van sekere ou kulture weet, weet ons op grond van begraafplekke en rituele. Verskillende idees hieroor word ook in die Nuwe Testament, Ou Testament, Qoer'aan en Talmoed/Tora aangetref. Van Niekerk self dink dat die idee van ’n lewe ná die dood in die kader van die Christendom van sekondêre belang is. Volgens hom handel die Evangelie oor hierdie wêreld, nie ’n toekomstige wêreld waarvoor hierdie wêreld bloot die een of ander voorbereiding is nie. Beteken dit gevolglik dat daar geen lewe na die dood is nie? Van Niekerk erken dat hy nie weet nie, maar as dit mense op sielkundige vlak troos, het hy vrede daarmee. Baie vroeë bly egter onopgelos, byvoorbeeld of daar slegs een so ’n lewe is, of dit veel kan verskil van die lewe hier en nou, of dit sin maak om te praat van lewe in ’n wêreld waarin ’n mens geen lyding kan ervaar nie, en veral hoe ons in so ’n

¹⁶ ’n Verwante, dog minder uitgewerkte, argument word deur Thomas Nagel (1979) ontwikkel in sy opstel “Death” in sy bundel *Mortal questions*.

¹⁷ Tolstoy (1886).

¹⁸ Heidegger verwys na “die *inoventieke* bestaanswyse van ‘Das Man’ – ‘hulle’, die neutrale, ongedefinieerde, gryse massa”. As mens hiervoor kies, kies jy “die leefwyse van ‘die mense’, dit wil sê die denk- en handelingspatrone van die groep. Ek vind dan rus en geborgenheid, steunend op algemene sekerhede, maar dan ten koste van die self wat ek, en ek alleen, kan wees. Ek werklik dan nie my eie, eintlike self nie, maar ’n algemene, massale self” (Van Niekerk, 2017:267).

wêreld sal weet dat ons met God self te make het. Dit wil vir hom voorkom of mens God steeds slegs deur die geloof sal kan ken, hoewel sentrale persone in ons godsdienste dalk in so 'n wêreld gekonsekreer sal word ten opsigte van hul gesag om God aan ons te openbaar. Ten diepste bely hy dat hy nie weet nie, maar ook nie slapelose nagte daarvoor het nie. Dit is egter nie onkunde gebore uit intellektuele luiheid nie, maar soms is daar eenvoudig niks meer te sê as om eenvoudig jou onkunde te bely nie.¹⁹

In dié verband skryf Van Tongeren (2017) dat dit juis die sterkste argument van Van Niekerk hieroor is: “als gelowige houdt hij vast aan de hoop dat de dood niet het laatste woord heeft, maar als filosoof moet hij vaststellen dat hij daarover niets zinnigs kan zeggen. Zijn laatste woord op dit punt is ‘Ek weet nie...’”

Waaroor Van Niekerk egter wel 'n sterk mening huldig, is sy aandrag dat die begrip “ewig” in gelowiges se aanspraak op “die ewige lewe” nie in die eerste plek 'n tydsaanduiding is van die kwantiteit van die “lewe” wat die Evangelie belooft nie, maar dat “ewig” eerder 'n kwalitatiewe betekenis het. Van Niekerk wil ook sê dat ons die idee van 'n “ewige lewe” ernstig kan opneem, maar dat dit nie in die eerste instansie verwys na 'n sogenaamde “lewe ná die dood” nie. Dit verwys veeleer na die kwaliteit van lewe wat hier en nou geleef (kan) word in 'n wêreld wat, hier en nou, omskep word in die sameloop of samekoms van “hemel en aarde”.

Gaan daar 'n dag kom dat die mens die dood gaan oorwin – en nie in die geestelike sin van die woord nie?

Deesdae is daar mense totaal buite die godsdiens, soos byvoorbeeld die biogerontoloog Aubrey de Grey,²⁰ wat die idee ernstig opgeneem het dat ons in beginsel in staat is om elke deel van die liggaam uiteindelik te kan trugenieer. “Die groot uitdaging is om die proses van veroudering te stuit” (Van Niekerk, 2017:105). De Grey se idee (beskou as deel van die strewe na “posthumanisme”) is “om sodanige stuiting te laat plaasvind op die ouderdom van sowat 40 jaar. Hy is daarby vol vertroue dat die eerste persoon wat die ouderdom van 1 000 jaar gaan bereik, reeds gebore is, en het goeie hoop dat hy self daardie persoon is” (Van Niekerk, 2017:105). Van Niekerk vind dit egter 'n onaantreklike idee om vir ewig of vir “net” 1 000 jaar te lewe – met dalk 20 beroepe! Hy sluit aan by die Britse filosoof Bernard Williams²¹ deur aan te voer dat ons uiteindelik van verveling sal sterf, en wat, vra Van Niekerk, sal ons verhouding met sulke Metusalags²² wees? Hy ken bitter min mense wat vir altyd sal wil lewe, veral as hulle eers oud geword het. Die lewe voltooi 'n natuurlike siklus en dit wil vir hom voorkom asof dit part en deel is van die manier waarop ons van die lewe sin maak.

¹⁹ Sien hoofstuk 4 (“Lewe ná die dood – en vir altyd?”) van sy boek (pp. 90-119).

²⁰ De Grey voer aan: “We can grow old without becoming aged.” Elders skryf hy: “Recent biotechnological progress indicates that many aspects of aging may indeed be effectively treatable by regenerative medicine in the foreseeable future. We cannot yet know whether all aspects will be curable, but extensive scrutiny has failed to identify any definite exceptions. Therefore, at this point there is a significant chance that such therapies would postpone age-related decline by several years, if not more, which constitutes a clear case for allocating significant resources to the attempt to develop those therapies.” (De Grey, 2011:67-68 soos aangehaal deur Van Niekerk, p.105)

²¹ Sien Williams, B. 1973. *The Makropulos case: Reflections on the tedium of immortality*. In Williams *Problems of the self*. Cambridge: Cambridge University Press.

²² Volgens Genesis 5:22-27 was Metusalag die mens wat nog die langste geleef het, naamlik 969 jaar.

Hoe sou Van Niekerk in 'n postmoderne wêreld preek oor die teks “vir my is om te sterf wins” (Fil.1:21), in ag genome die debat oor bystanddood?

Van Niekerk sê hy sal in die eerste plek daarop wou aandring dat bystanddood juridies en moreel slegs geregverdig is in situasies waar 'n mens met bevoegde pasiënte te make het. Bystanddood is slegs geregverdig wanneer dit die gevolg is van 'n duidelike en herhaalde versoek van iemand wat genoegsaam bevoeg is om so 'n besluit oor sy/haar eie lot te neem. 'n Bevoegde pasiënt is iemand wat in staat is om sy/haar eie situasie te verstaan, in staat is om duidelik en samehangend oor daardie situasie te kommunikeer, in staat is om die gevolge van die daad in te sien en verantwoordelikheid daarvoor te aanvaar, en oor 'n vasgestelde tydperk (byvoorbeeld 'n week) volgehoue versoeke rig dat hy/sy gehelp wil word om 'n einde aan sy/haar lewe te maak. Hy voer dan daarby aan dat so 'n bevoegde pasiënt terminaal siek moet wees (volgens die betroubaarste mediese evaluasies minder as drie maande het om te leef), of permanent en onomkeerbaar afhanklik is van lewensonderhoudende behandeling (byvoorbeeld 'n ventilator), of ly aan 'n ondraaglike en hardnekkige siekte. Met laasgenoemde bedoel hy 'n liggaamlike ongesteldheid wat nie suksesvol genees of palliatief verlig kan word nie en wat sulke erge lyding veroorsaak dat die dood vir die betrokke pasiënt verkieslik bo voortgesette lewe is.

Die dood bly 'n misterie – hoe sien hy dit?

'n Perspektief wat in moderniteit verloor word, is dat ons nie oppermagtig is nie, ten spyte van al ons prestasies. Daar is geheimenisse wat ons slegs gedeeltelik ken, wat 'n mens met reg misteries kan noem. 'n Misterie is 'n vorm van kennis, maar dit wat ons wel daarvan te wete kom, meld sig altyd as't ware van agter 'n gordyn by ons aan. 'n Misterie is 'n manier om oor sinvolle werklikhede te dink sonder dat alles wat daarvoor gesê kan word, ooit gelyktydig of volledig onthul word. In die misterie ken ons die wêreld van agter 'n gordyn wat gedeeltelik oopgeskuif is, en verder bly oopskuif, sonder dat dit uiteindelik ooit alles daaragter onthul.

Van Niekerk is getref deur die feit dat die ou Grieke, anders as moderne mense, “nie kennis verwerf het met die oog daarop om die elemente van wonder en misterie daaruit te verwyder nie [soos dikwels in die moderniteit gebeur], maar juis om die wonder en misterie wat tot die vraagstelling aanleiding gee, meer deursigtig te maak” (Van Niekerk, 2014:78). In 'n vroeëre boek haal Van Niekerk Michael Foster in dié verband aan:

Ek verwonder my aan iets waarvan ek die oorsaak nie begryp nie, maar wanneer ek dit ondersoek, is my doel om die wonder te verwyder deur die oorsaak te vind. Die unieke aard van die Griekse filosofie was egter om die wonder te behou. Hulle doel was *theoria*, die verwonderde nadenke oor dít wat goddelik is – nie om die misterie daaruit te verdryf nie, maar juis om dit ten volle te openbaar. Daarenteen is die doel van die moderne filosofie, net soos dié van die wetenskap hoewel op 'n ander manier bedryf, om die wonder van ons weg te neem. (Foster, soos aangehaal in Van Niekerk, 2014:78, Van Niekerk se vertaling)

Voorbeelde van misteries is die verskynsel van kwaad in die wêreld, en die enigma daarvan om gelyktydig te kan sê “ek is my liggaam” en “ek het 'n liggaam”. Van Niekerk noem sekere kenmerke van die misterie, soos dat dit iets anders is as probleme of raaisels, dat dit net gedeeltelik onthul kan word, dat dit eksistensiële betekenis het (dus 'n vorm van kennis wat

beslag lê op die totaliteit van 'n mens se persoon), dat dit daarop aanspraak maak om kennis van die geheel te wees, eerder as van bloot die samestellende dele, dat dit nie vra om *verklaring* nie, maar om *interpretasie* ('n ander vorm van kennis), en dat dit ons help om klaar te kom (nie klaar te speel nie!) met die fundamentele onsekerheid wat ten grondslag aan die lewe en die wêreld lê.

Uiteindelik is die dood 'n misterie wat met groot vrug aan die hand van genoemde eienskappe geanaliseer kan word, soos Van Niekerk ook doen in hoofstuk 6 van *Die dood en die sin van die lewe*.

Is daar iets erger as die dood wat met 'n mens kan gebeur? Bly die dood 'n tragiese gebeurtenis?

'n Mens kan, volgens Van Niekerk, vir die dood kies vanweë uitmergelende lyding, vasgeloopte verhoudings, verslawings waarvan jy probeer loskom, onomkeerbare depressie, wantroue en afguns tussen mense, en verlies aan enige sin van selfwaarde, om maar enkele dryfvere te noem. Ja, die dood is tragies, maar nie daarom noodwendig sinloos nie. Die dood maak die lewe ook 'n tragedie, maar, so leer ons by Friedrich Nietzsche, tragedies kom voort uit die Dionisiese²³ aspek van die lewe, wat vrolik kan wees en die lewe kan vier, juis omdat dit ons enigste lewe is. Vir Nietzsche “is die tragedie allesbehalwe pessimisties of afgestem op 'n hopelose oorgawe. Vir hom is die tragedie vrolik en lewensbevestigend ('life affirming')” (Van Niekerk, 2017:219). Tragedie, as dit verstaan word vanuit die Dionisiese oorsprong, “is nie 'n simptome van agteruitgang of die neerslag van depressiewe gevoelens soos angs en (self-)bejammering nie; tragedie moet eerder gesien word as 'n soort 'tonikum'” (Van Niekerk, 2017:221).²⁴ Hier sou ook melding gemaak kon word van Camus²⁵ se absurditeitsbeleving – sy erkenning dat die lewe uiteindelik sinloos is, maar dat dit nie beteken dat ons nie 'n morele verantwoordelikheid teenoor die wêreld en die medemens het nie. Ruimte ontbreek egter om dit in verdere besonderhede aan die orde te stel.

Wanneer kan mens sê: My lewe is sinvol?

Van Niekerk is nie heeltemal seker hieroor nie. Dit is soos om te vra: Wanneer kan iemand sê hy/sy is 'n Christen? Volgens Handeling 11 is dit nie regtig vir 'n mens self om te sê nie; ander mense moet daarvoor oordeel. Maar as hy 'n raaiskoot moes wag, sou hy sê dat 'n mens se lewe sinvol is wanneer jou lewe koherent is, wanneer die verskillende aspekte of dele daarvan met mekaar saamhang, en veral wanneer dit 'n verhaal is wat nie net om jouself draai nie, maar die wêreld en ander mense se lewens sinvol maak.

DEEL 2

In Deel 2 word Vincent Brümmer se godsdiensfilosofiese reaksie op Van Niekerk se boek aan die orde gestel, gevolg deur laasgenoemde se repliek daarop.

²³ Lees meer hieroor in Nietzsche (1956).

²⁴ Sien hieroor Van Niekerk se eie opmerkings in sy repliek aan die einde van hierdie artikel.

²⁵ Camus (1975:11).

Vincent Brümmer se perspektiewe op *Die dood en die sin van die lewe*

Vincent Brümmer, bemaamde godsdiensfilosoof van Utrecht en jarelange vriend van Van Niekerk, het in die najaar van 2020 vir Van Niekerk 'n e-pos gestuur waarin hy aandui dat hy toe uiteindelik daarby uitgekom het om Van Niekerk se boek oor die dood en die sin van die lewe deeglik te lees en dat dit 'n genotvolle en leersame ervaring was. Die boek was vir hom veral interessant omdat dit 'n onderwerp is waaroor hy, na gelang hy ouer en siek geword het, toenemend begin nadink het. Aan die begin van 2018 is limfklierkanker by hom gediagnoseer en het hy chemoterapie daarvoor ontvang. Dit het die kanker grootliks onder beheer gebring, maar sy immuunsisteem is ernstig verswak. Hy het as gevolg daarvan vatbaar geword vir allerlei ontstekings – hy het selfs 'n epileptiese toeval gekry – wat hom in die hospitaal laat beland het. In Desember 2018 het dit so sleg met Brümmer gegaan dat daar geoordeel is dat hy terminaal siek was en net 'n paar weke, hoogstens enkele maande, oorgehad het om te leef. Hy is huis toe gestuur om daar te gaan sterf.

Hy skryf dan dat hy nie voldoen het “aan die verwagtinge van die dokters nie! In die loop van 2019 het ek langsaam opgekrabbel. Vandag is my toestand uitstekend vir 'n 87-jarige. Ek is alleen 'n bietjie onvas op my voete en loop met 'n kiere en 'n *rollator*.” Hierdie gebeure, so vertel Brümmer, het hom gekonfronteer met sy eie dood. Dit het hom aan die dink gesit.

Die eerste gedagte wat hy beklemtoon, is dat God vir Christene (ook vir Jode en Moslems) almagtig, alwetend, algoed, alomteenwoordig en ewig (onsterflik) is. Opmerklik is dat God op hierdie punte onthef word van al die inherente beperkings van ons menslike bestaan. Ons is nie gode nie. Ons ken nie alles nie, ons lewe word gekenmerk deur val en opstaan en die dinge wat ons doen, is nie altyd goed nie, ons is hiér en nie orals tegelyk nie, en ons lewe is eindig. Ons is sterflik. Alleen God is volgens hierdie godsdiens tradisies “die Ewige”. Ons is tydelik. As gelowiges is ons volgens die Christelike tradisie geroep om God te weerspieël, om God se beeld in die wêreld te dra. Dit beteken egter nie dat ons soos God die grense van die menslike bestaan moet deurbreek nie.

“Maar wat beteken dit dan wel?” vra Brümmer. Die betekenis van die inkarnasieleer is dat God Hom in Jesus aan hierdie grense van ons menslike bestaan onderwerp het (kenosis) en in Jesus aan ons getoon het wat dit beteken om *binne hierdie grense* God se beeldraers te wees. Ons sterflikheid is 'n onuitwisbare onderdeel van hierdie grense. Hierdie eindigheid geld ook vir die hele geskape werklikheid: plante, diere en die wêreld. As sodanig is die dood self nie 'n probleem nie, maar 'n onuitwisbare lewensfeit. Deur die wetenskap en die tegnologie kan ons op al hierdie punte die grense van ons bestaan uitrek, maar nie afskaf nie. Elkeen van ons kry 'n beperkte tyd tussen geboorte en sterwe toebedeel. Dit is die lewe wat ons het en waarvan ons met al ons beperkings die beste moet probeer maak.

Brümmer redeneer tweedens dat baie mense probeer om die eindigheid van hul aardse lewe te ontken deur te veronderstel dat die dood alleen maar ons liggaam betrek en nie ons “onsterflike siel” nie. Ons siel geniet 'n ewige en volmaakte voortsetting ná die dood. Vir Brümmer lyk so 'n opvatting om verskillende redes problematies: (1) Veral hierdie liggaam-siel-dualisme as sodanig is 'n vraagstuk. “Ek kan my iets voorstel van 'n ‘ontsielde liggaam’ maar nie van 'n ‘ontliggaamde siel’ nie”. (2) Brümmer verwys na Bernard Williams (1973), wat in sy opstel “The Makropulos case: Reflections on the tedium of immortality” oortuigend aantoon dat 'n lewe sonder einde maar vervelig en vermoeiend (*tedious*) en daarom sinloos sal wees. Vanuit ons aardse perspektief as mense wat die goeie as ideaal in ons lewe nastreef, lyk 'n ewigduurende toestand waarin die goeie volmaak gerealiseer is en daar dus niks meer is om na te streef nie, na 'n baie onaantreklike opsie. Brümmer skryf dat hy nie 'n ewigduerende

“voltooid lewe” begeer nie. (3) Die idee van ’n volmaakte lewe ná die dood impliseer ’n onaanvaarbare devaluering van ons lewe op aarde. Die “aardse lewe” word nou niks meer as ’n onvolmaakte voorportaal tot die *eintlike* lewe wat ná die dood volg nie. “Maar, wat is dan die sin van so ’n voorportaal? Waarom kan dit nie maar oorgeslaan word nie? Só kan ons geen sin maak van die lewe wat ons nou het nie,” redeneer Brümmer. (4) Die wêreld is nou al oorbevolk. As niemand ooit doodgaan nie, sou daar nie genoeg staanplek wees op die wêreld vir al die mense (en diere) nie. Ons moet doodgaan om plek te maak vir ons kleinkinders. Of moet ons dan maar liever geen nageslag hê nie? “Só sit die wêreld egter nie inmekaar nie”. (5) As daar ’n lewe ná die dood is, sal ek ná my dood sien wat dit beteken? Maar wat beteken “sien” as ek dan geen liggaam meer het nie? Of het ek dan ’n “geestelike” liggaam waarmee ek met “geestelike” oë kan sien?

Ek het geen idee wat ek my hierby moet voorstel nie. Ek sluit nie uit dat daar miskien wel “iets” is ná ons liggaamlike dood nie, maar ek kan my daar geen koherente voorstelling van maak nie, in elk geval nie na analogie van ons liggaamlike “aardse” lewe nie. Ek bly daarom op hierdie punt agnosties. (E-poskorrespondensie Brümmer-Van Niekerk, 2020)

(6) Dit alles beteken nie dat Brümmer as gelowige die idee van ’n volmaakte lewe in die liefdesgemeenskap met God verwerp nie. “Maar dan nie as ’n toestand waarin ek verkeer ná my dood nie. Wel as ’n ideaal wat ek as gelowige *in hierdie wêreld* vóór my dood met val en opstaan moet nastreef”. Die “hemel” is vir hom ’n metafoor vir hierdie ideaal, en die “hel” ’n metafoor vir ’n lewe waarin hy van hierdie ideaal afwyk en van God vervreemd is. Dit is die basismetafore wat vir hom as gelowige rigting aan sy aardse lewe gee het.

Die derde opmerking wat Brümmer in sy e-pos maak, het te doen met die feit dat nie alleen ons aardse lewe eindig is nie, maar ook die aarde as sodanig. Ook ons sonnestelsel, net soos alle ander sonnestelsels. Daar kom ’n tyd dat ons son uitgebrand sal wees en in ’n dooie ster sal verander. Op weg daartoe sal ons klimaat ook verander en sal die aarde onleefbaar word, net soos die ander planete in ons sonnestelsel. Daarmee sal die mensdom as geheel ook vergaan. In die Bybel (byvoorbeeld in die boek Openbaring) word hierdie eindigheid van die aarde ten volle erken. Volgens Openbaring 21:1 sal die eerste hemel en die eerste aarde tot niet gaan. Hieraan word dan die belofte toegevoeg dat daar ’n nuwe hemel en ’n nuwe aarde sal kom waaraan ons dan ook op die een of ander manier deel sal kry deur op te staan uit die dood. Dit sal egter iets heeltemal nuuts wees en nie ’n voortsetting van die eerste hemel en die eerste aarde nie. Tog is dit baie moeilik om hiervan ’n voorstelling te maak. Dit bly ’n verrassing waarna ons volgens die Bybel in die geloof kan uitsien.

In die vierde plek, redeneer Brümmer, gaan ons menslike lewe, met sy grense van geboorte en dood, deur vier fases. (1) Die fase tussen geboorte en ongeveer die 21ste jaar is die fase waarin ’n mens opgroei en volwasse word. (2) Die tweede fase strek van volwassewording tot pensioenering. Dit is die fase van ’n mens se werksame lewe waarin jy trou en ’n gesin begin en ’n loopbaan bou. Hierdie fase van die lewe word gekenmerk deur wat Van Niekerk ’n “lewenstrategie” noem: ’n netwerk van kort- en langtermynideale of doelwitte wat rigting gee aan wat ’n mens doen en wat jy nastrewe. Hierdie lewenstrategie is nie onveranderlik vasgelê nie. Dit word van tyd tot tyd aangepas na gelang van veranderde omstandighede, hindernisse op jou pad en (dikwels onvoorsiene) kanse en geleenthede wat onverwags na jou kant toe kom. In hierdie sin is ’n mens tydens hierdie fase “modernisties”. (3) Die derde fase strek vandat ’n mens gepensioeneer word totdat jy sorgbehoewend begin word. Brümmer verwys hier na ’n reeks artikels in die dagblad *Trouw* wat sê dat ’n mens in hierdie fase “yeps” (*young elderly people*) is. ’n Mens sou hierdie fase kon gebruik om die los drade saam te bind,

om die dinge af te rond waarby jy in jou werksame lewe nie uitgekom het nie. (4) Die vierde fase is die een waarin 'n mens werklik sorgbehoewend is en wat uitloop op jou dood. In hierdie fase leef mens dag vir dag en streef jy nie noodwendig meer kort- of langtermynideale na nie. In hierdie fase, sê Brümmer, is 'n mens wat Van Niekerk “postmodern” noem. As alles redelik goed gaan in jou lewe, gaan jou lewe dus deur hierdie vier fases: jou volwassewording, jou werksame lewe, jou “yep”-periode en dan jou sorgbehoewende ouderdom. Of, anders gestel: 'n mens se lente, somer, nasomer en herfs. “Jy, Anton, beleef nou jou somer, Willie Esterhuuse sy nasomer, en ek my herfs.”

Brümmer verwys ook na die onderskeid wat Jean-Paul Sartre maak tussen die liggaam wat ons *is* en die liggaam wat ons *het*. Vir hom is dit insiggewend. Volgens Brümmer ontleen Van Niekerk hierdie onderskeid aan Heidegger, wat Brümmer erken hom meestal nie aanstaan, nie sy “cup of tea” is nie. Heidegger het dikwels die neiging om maklike dinge moeilik te maak in plaas daarvan om moeilike dinge maklik te maak. In sy rubriek in die dagblad *Trouw* van 15 Mei 2020 verduidelik Bert Keizer hierdie onderskeid volgens Brümmer op 'n helder en konkrete wyse, en koppel Keizer dit aan ons lewensfases:

Huib Drion [in Nederland bekend as die maker van 'n eutanasiëpil: die “pil van Drion”] zei eens in een interview dat hij vóór zijn zeventigste eigenlijk nooit wist dat hij een lichaam had. Als ik de trap op wilde, dan liep ik de trap op. Als ik naar Parijs wilde dan ging ik. Maar voorbij zijn zeventigste [by my, Vincent, was dit my 85ste] had hij ineens een lichaam die hij moest zien mee te krijgen, de trap op, of helemaal naar Parijs toe.

Brümmer skryf dat tot en met sy nasomer “was ek my liggaam. In my laaste lewensfase *het* ek my liggaam”. Dan verwys hy weer na Bert Keizer, wat skryf:

Je lichaam is niet als het wagentje waarin je geest moeiteloos rondscheurt, maar je onwillige pijnlijke lijf dat je als een blok aan je been ervaart ... Er zit een bijzondere kant aan fysiek lijden in de ouderdom. Als je twintig, veertig, zestig bent en je lijdt, dan gebeurt dat in het kader van je leven als iets dat nog altijd een vorm aan het krijgen is. Tot op zekere leeftijd is je leven een onderneming die ergens toe leidt. Je bent onderweg. Er is tegenslag, die kom je te boven, en je gaat weer verder want het karwei is nog niet af. Maar ergens voorbij de zeventig krijgt fysiek lijden iets dofs. Het karwei is af, je scharrelt nutteloos nog een hele tijd rond in de werkplaats, af en toe een stuk gereedschap optillend, maar er komt niet echt meer iets uit je handen. Lichamelijke tegenslag in dat stadium betekent niet langer dat je gaat vechten om terug te keren naar de strijd.

Hiermee stem Brümmer heeltemal saam, behalwe dat hy nie so negatief is oor die laaste lewensfase nie. Hy gee toe dat daar baie mense is vir wie Keizer se negatiewe oordeel wel waar is, maar vir hom, Vincent Brümmer, “is die herfs van my lewe meer as alleen maar 'n ‘nuttelose geskarrel’”. Die herfs van sy lewe is eindig maar nie sinloos nie. Hy skryf dan soos volg:

Ek leef nou by die dag en ervaar elke dag as 'n toegif in “beseringstyd”. (2) Ek het nou 'n toeskouer geword en is nie meer 'n deelnemer nie, maar toeskouerskap kan ook 'n boeiende onderneming wees. Ek kyk met belangstelling toe na wat die deelnemers vandag alles uitspook. (3) My ervarings in die verlede van die goeie in my lewe het nou goeie herinnerings geword. Ek maak nie meer planne vir die toekoms nie, maar geniet dit om in dankbaarheid en voldoening terug te dink aan die goeie lewe wat ek gehad het in die verlede. (4) As ek môre doodgaan sal dit miskien verdrietig wees vir my familie en vriende, maar dit sal geen tragedie wees nie. (5) In die herfs van my lewe gaan dit vir my nie om

die kwantiteit nie maar om die kwaliteit van die lewe, en op die oomblik, met Jean (83 maar kerngesond) aan my sy en my kop wat nog goed werk, geniet ek 'n baie goeie lewenskwaliteit, ten spyte van die mankemente van die ouderdom.

In sy sesde opmerking skryf Brümmer dat die oorgang na die herfs van 'n mens se lewe op 'n ingrypende manier anders is as die oorgang tussen ander lewensfasies: die ander lewensfasies is almal vorme van “opbou”, terwyl 'n mens in jou herfs jou moet rig op “afbou”. Die oorgang van “opbou” na “afbou” vereis 'n drastiese verandering in jou kyk op die lewe. 'n Onvermydelike kenmerk van hierdie “afbou” is wat genoem word “onthegting”. Jy moet geleidelik daaraan gewoond word dat jy die mense, die aktiwiteite en die dinge waaraan jy in die lewe geheg is, moet loslaat. Net soos die lewe self, is hierdie hegting ook eindig. Onthegting is nie 'n gebeurtenis nie, maar 'n geleidelike proses. In die herfs van jou lewe kom hierdie proses in 'n stroomversnelling. Die liggaam wat 'n mens het, word al hoe meer afgetakel totdat jy doodgaan. Deur hierdie aftakeling moet jy geleidelik afskeid neem van allerlei dinge en aktiwiteite waaraan jy geheg was. Bowendien gaan mense aan wie jy geheg is en wat 'n belangrike rol in jou lewe speel, dalk vóór jou dood en dan moet jy jou daarna skik om sonder hulle verder te gaan. Vir die meeste mense is hierdie proses van onthegting die moeilikste aspek van die ouderdom. Die vraag is hoe 'n mens hierdie onthegting moet interpreteer. Hoe moet jy daarna kyk? Die Stoïsyn Epiktetus skryf in sy “Wenke vir 'n ewewigtige lewe” dat 'n mens nooit moet sê “ek het dit verloor nie”, maar “ek het dit teruggegee” (E-poskorrespondensie Brümmer-Van Niekerk, 2020). Met die oë van die geloof sien jy die goeie dinge waaraan jy in jou lewe geheg is, as genadegawes wat jy met verloop van tyd, na gelang jy langamerhand die grens van jou lewe nader, in dankbaarheid moet teruggee aan die Goeie Gewer van wie jy dit ontvang het. Soos GK Chesterton dit stel: “All good things look better when they look like gifts” (E-poskorrespondensie Brümmer-Van Niekerk, 2020).

In die sewende plek verwys Brümmer na Heidegger, wat sê dat as ons gebore word, ons reeds oud genoeg is om te sterf. Ons is egter nie ons hele lewe lank ewe bewus daarvan nie. Gedurende veral jou jeug en gedurende jou werksame lewe is 'n mens so besig om in die lewe self in te groei dat jy nie werklik aan die dood dink nie. Ons merk wel dat die ouer geslag doodgaan, maar die feit dat ons eie lewe ook eindig is, kom nie juis onder ons aandag nie. Ons hou geen rekening daarmee nie. “In die herfs van ons lewe egter druk die dood van ons tydgenote en die aftakeling van ons liggame, ons neus op die feit dat ons langamerhand die grens van ons eie lewe nader,” skryf Brümmer. Dit bepaal die manier waarop ons die goeie dinge in ons lewe ervaar. Gedurende ons werksame lewe is ons intuïtief geneig om hierdie dinge as vanselfsprekend te ervaar: “We take them for granted.” As ons egter bewus word van die eindigheid daarvan, ervaar ons die goeie dinge baie meer bewustelik en daarom meer intens. Ons neem hulle nie meer as vanselfsprekend aan nie. Ons geniet die omgang met ons geliefdes, familie en vriende, die skoonheid van die natuur en die wisseling van die seisoene baie meer bewustelik en intens omdat ons nie weet hoeveel seisoene ons nog oor het om te geniet nie.

In die agste plek sê Brümmer dat hy worstel met Van Niekerk se betoog oor “die lewe as tragedie in die aangesig van die dood”. Die dood op sigself is volgens Brümmer nooit tragies nie. Dit is normaal en die onafwendbare grens van ons menslike bestaan. Wat wel tragies kan wees, is die lewe self, deels weens die impak wat die dood daarop het. Daar is byvoorbeeld baie mense wie se lewe tragies is – hulle gaan vroeg dood of hulle lewe word oorwegend bepaal deur verhoudingsprobleme, armoede, swak gesondheid of 'n gebrek aan vermoëns of kanse. Hulle kry nie die kans om hul “lewenstrategie” (indien hulle al so iets het) uit te voer of selfs net van die grond af te kry nie. Hulle lewe bly 'n “nuttelose geskarrel”. Hulle kry dit

nie reg om hulle “karwei af te maak” (hulle taak te vervul) of selfs te begin nie. En as hulle wel daarin slaag om hulle lewenstrategie te voltooi, dan het hulle geen raad met die herfs van hulle lewe nie. In die Nederlandse debat oor genadedood kom die begrip “voltooide lewe” telkens na vore. Die vraag is of mense wat nog goeie gesondheid geniet, maar wel hulle lewe as voltooid ervaar, nie die reg op genadedood moet kry nie. Dit alles geld egter nie vir alle mense nie. “Ek self ervaar my eie lewenstrategie as vervuld en voltooid,” het Brümmer geskryf.

Ek het ’n goeie lewe agter die rug. Ek is vir meer as 60 jaar gelukkig getroud en ek geniet my kinders en kleinkinders. In my werksame lewe het ek heelwat bevredigend gedoen gekry – veel meer as wat ek my aanvanklik voorgestel het. Hiertoe is ek gehelp deur die baie onvoorsiene kanse en geleenthede wat my toegespeel is en waarvan ek dankbaar gebruik kon maak. Ek is ook meermale verras deur die erkenning wat ek gekry het vir die dinge wat ek gedurende my werksame lewe gedoen het. Ek is byvoorbeeld eredoktor van die universiteite van Uppsala (Swede) en Durham (Engeland) en ridder in die Orde van die Nederlandse Leeuw. Ek het natuurlik ook baie foute gemaak waaruit ek geleer het. Maar foute behoort nou eenmaal tot die beperkings van die menslike bestaan. Ook al streef ons die goeie na, is niemand van ons algoed soos God nie. My ‘yep’-periode het ’n volle 20 jaar geduur en het my ook baie voldoening gegee. Jean en ek het interessante reise gemaak. Ek het heelwat boeke en artikels geskryf, ook in Afrikaans. Ek het lesings gegee aan universiteite in Suid-Afrika, Europa, Iran en Korea en hierdeur interessante mense ontmoet. Kortom, ek is ’n geseënde mens. In die herfs van my lewe ervaar ek my lewe as afgerond en voltooid, maar nie as daarom ’n ‘nuttelose geskarrel’ of ’n rede om vir genadedood te vra nie. As dit sover is, kan ek dit in dankbaarheid ‘teruggee’. (E-poskorrespondensie Brümmer-Van Niekerk, 2020)

In die laaste opsig deel Brümmer die onderskeid wat Van Niekerk maak tussen *probleme* en *misteries*, ook al kan hy nie so maklik Van Niekerk se verduideliking van misterie verstaan nie. Vir Brümmer is probleme dinge wat om *oplossings* vra en dit is die taak van die wetenskap en die tegnologie om na sulke oplossings te soek. Deur sulke oplossings te verskaf, dra die wetenskap en die tegnologie by tot die uitbreiding van ons kennis. Hulle probleemoplossings is epistemies. Voorbeelde van sulke probleme is die volgende: Wat is die oorsake daarvan dat ons doodgaan, en hoe kan ons hierdie oorsake aanpak? Hoe kom die lewe tot stand en wat gebeur as ons liggaamlike lewe ophou en ons doodgaan?

Misteries vra nie vir oplossings nie maar vir *interpretasies*. Hulle vra om hermeneutiese en nie epistemiese antwoorde nie. Hulle vra nie om ’n uitbreiding van ons kennis nie, maar om ’n interpretasie van die dinge wat ons ken. Die lewe, die dood en die wêreld as sodanig is misteries wat vra om interpretasies wat aan hulle sin verleen. Of die lewe sin maak, hang af van hoe jy daarna kyk. Brümmer self het ’n artikel hieroor geskryf waarin hy hierdie onderskeid uitwerk. Hy eindig sy e-pos met die volgende sin: “Ek is nuuskierig om van jou te hoor of jy kan saamstem met my manier om tussen probleme en misteries te onderskei.”

In die volgende afdeling benut Van Niekerk die geleentheid om te reageer op Brümmer se gedagtes, soos hy versoek het.

Repliek: Anton van Niekerk

Ek waardeer die geleentheid om repliek te lewer op dr. Chris Jones se artikel. Ruimte vir so ’n oefening is uiteraard beperk. Terwyl daar in amper elke paragraaf van Jones en Brümmer se bydraes kwessies ter sprake kom waarop ek graag sou wou reageer, beperk ek my weens die ruimteperk tot die mees voor die hand liggende en tersaaklike aangeleenthede.

Vincent Brümmer was vir my 'n besondere vriend en gespreksgenoot oor 'n periode van meer as 30 jaar. Ek is dankbaar dat die uitvoerige korrespondensie oor my boek wat hy kort voor sy onlangse dood my laat toekom het (ons het akkoord gegaan dat dit ook wyer versprei kon word), in taamlike besonderhede deur Jones te berde gebring en soms uitvoerig aangehaal word.

Ek het eerstens groot waardering vir die feit dat Brümmer die aard van my projek in my boek beter verstaan as sommige ander kritici van die boek. Ek het geen bedoeling gehad om 'n teologiese bydrae te lewer of verder by te dra tot die magdom literatuur wat reeds oor die sielkundige aspekte van die sterwens- en rouproses verskyn het nie.²⁶ *Die dood en die sin van die lewe* is grootliks 'n filosofiese teks.²⁷ Filosofie is wat my betref die voortgesette gesprek wat Sokrates op die markplein in Athene begin het sowat 2 500 jaar gelede. Sonder om daaroor uit te wei, wil ek net aanmerk dat filosofie daarom veral twee aktiwiteite behels: (1) *Begripsverheldering*, of die poging om die reëls vir die verstaanbare en konsistente gebruik van abstrakte begrippe vas te stel (byvoorbeeld: “Wat is 'n tragedie?”), en (2) *Die analise en ontwikkeling van idees om sinvrae te beantwoord*, dit wil sê vrae wat nie beantwoord kan word deur middel van die formele redeneerprosesse van die wiskunde of die empiriese vasstelling en verklaring van verskynsels, prosesse en wetmatighede in die natuur nie (byvoorbeeld: “Maak dit sin om van die dood as 'n tragedie te praat?”).

'n Insig wat Brümmer van meet af behoorlik gesnap het, en wat vir my belangrik was by die skryf van die boek, is die feit dat, hoewel die titel die indruk wek dat die boek slegs oor die dood handel, *die boek eintlik oor die lewe handel – maar dan die lewe soos dit reliëf kry teen die agtergrond van die immer aanwesige moontlikheid van die dood*. Terwyl ek simpatie het met Brümmer se ongeduld met Heidegger (“iemand wat maklike dinge moeilik maak in plaas daarvan om moeilike dinge maklik te maak”),²⁸ meen ek dat hierdie insig die hart van Heidegger se komplekse analise van die lewe as “syn-tot-die-dood” verteenwoordig. “As ek gebore word, is ek oud genoeg om te sterwe”. Dit verwoord 'n insig wat ek later verder wou toelig met die beeld van die idee van die dood as die “horison van die lewe”, soos ook aangemerkt deur Jones. Net soos die horison vir ons die noodsaaklike voorwaarde is om enigiets te kan waarneem, so verkry die lewe elke aspek van die sin wat dit vir ons maak vanuit die idee en die interpreterende omraming van die besef dat die lewe eindig is.

²⁶ Hierdie literatuur is lankal onoorskoulik. Werk wat my in hierdie verband veral getref en bygebly het, is Sherwin Nuland se *How we die* (1993), Atul Gawande se *Being mortal* (2007), Lee Gutkind se *At the end of life* (2011), Christopher Hitchens se *Mortality* (2012) en Paul Kalanithi se briljante *When breath becomes air* (2016).

²⁷ Slegs die tweede hoofstuk (“Wanneer die dood gesig kom wys”) bied vertellings van my persoonlike ervarings van die dood van mense wat ek goed geken het. Dis egter blote vertellings van ware gebeure; geen poging om sielkundige analises daarvan te lewer nie. In hoofstuk 4 skryf ek wel oor die tema van die “lewe ná die dood”, maar dis weer eens grootliks 'n filosofiese analise van dié onderwerp; daar word slegs sydelings na teologiese kwessies verwys.

²⁸ Heidegger is berug vir die kompleksiteit en verwickeldhede van sy formulerings, wat ook swaar leun op 'n voortdurende ontginning van 'n voortdurende woordspel in/met die Duitse taal. Dit is algemeen bekend dat hy by geleentheid beweer het dat 'n mens slegs in twee tale kan filosofeer, naamlik (klassieke) Grieks en Duits! 'n Belangrike en deurslaggewend vormende deel van Brümmer se wysgerige skoling was in die hartland van die Britse taalanalitiese filosofie, waar daar min geduld is met die soort duisterhede waarvan Heidegger hom soms kon bedien. Ek meen tog dat daar meer as genoeg in Heidegger se gepubliseerde werk steek om steeds te erken dat hy een van die mees oorspronklike denkers van die 20ste eeu is.

Wat ek besonder insigtelik, maar ook ietwat problematies, in Brümmer se korrespondensie gevind het, is sy analise van die “vier fases” waardeur die lewe verloop: (1) opgroei en volwasse word; (2) volwassenheid tot aftrede; (3) die “yeps”-fase: (*young elderly people*), met ander woorde die fase waarin ’n mens ná aftrede steeds heelwat doen, maar teen ’n stadiger pas; en (4) die laaste fase, waarin ’n mens werklik sorgbehoewend is, van dag tot dag lewe en nie meer kort- en langtermynideale het nie. Die probleem met hierdie analise is, soos Brümmer dit self stel, dat dit natuurlik slegs so kan werk “as alles redelik goed gaan in jou lewe”. Dit is egter lank nie vir almal beskore dat hul lewens netjies (sal) uiteenval in dié fases nie. Die pad tussen geboorte en dood is dikwels veel stormagtiger en minder voorspelbaar.

Wat ek egter waardeur van Brümmer se analise, is dat sy model iets verwoord van wat ek in hoofstukke 8 en 10 van die boek, in aansluiting by insigte van Alasdair MacIntyre, die ideaal genoem het van ’n sinvolle lewe as uitkoms van ’n *koherente verhaal*.²⁹ ’n Ander manier om dit te verwoord, is om te sê dat die ideaal van ’n sinvolle lewe ’n *organiese* beskouing van die ideale verloop van die lewe veronderstel. ’n Lewe wat sin maak, is een waarvan die verhaal gerekonstrueer en vertel kan word – deur die persoon self, of, meer dikwels, deur sy of haar nasate. Dit is ’n lewe wat die vorm aanneem van ’n narratief waarvan die samestellende dele onderskeibaar is, op mekaar volg, met mekaar verband hou en afstuur op iets wat ’n mens, by gebrek aan ’n beter begrip, as ’n “boodskap” of selfs “slotsom” sou kon beskou. Natuurlik, soos in die geval van Brümmer se vierfasemodel, is so ’n lewe nie vir baie van ons beskore nie; lyne kruis te veel; samehang ontbreek voortdurend. Maar dit bly vir my een van die mees insiggewende idees wat aan die ideaal van ’n sinvolle lewe beslag gee.

By die herlees van Brümmer se korrespondensie het dit my opnuut opgeval hoe belangrik die tema van *liggaamlikheid* vir enige besinning oor die sin van die lewe en die dood is. Ek het dit wel aan die orde gestel op pp. 258-261 in die laaste hoofstuk van my boek, en wel met spesiale verwysing na die besondere insigte oor die liggaam in die denke van die vermaarde Franse fenomenoloog Maurice Merleau-Ponty (1962), wat die liggaam beskou as die oorsprong van ons subjektiwiteit. Die liggaam is nooit bloot ’n “ding tussen dinge” nie. Hy wys alle dualistiese denke (die mens as “liggaam en siel”), soos ons by Plato en Descartes kry, skerp af. Die mens is volledig en onreduseerbaar liggaam, maar dan *deurleefde* liggaam. Die liggaam is die sentrum van waaruit ons reeds op ’n voortoetetiese vlak sin maak van die wêreld sonder dat daardie sin die uitkoms is van doelbewuste besluite of kognitief begronde keuses. Alles wat ek byvoorbeeld waarneem, neem ek waar as ’n *aan die liggaam georiënteerde ruimte*. Alles wat ek waarneem, is met ander woorde groter of kleiner, nader of verder, hoër of laer, dieper of vlakker. Al laasgenoemde dimensies waarin die wêreld as ’n betekenisvolle plek aan my verskyn, is ’n funksie van my liggaamlikheid; dinge is juis “groter of kleiner” ensovoorts relatief tot die liggaam wat ek is. Dit is daardie liggaam wat leef en uiteindelik sterf. Vir sover daar sin in die wêreld is, is dit daar omdat dit sin vir ons as deurleefde liggame is.

Een van die mees enigmatiese misteries van die menslike bestaan lê in die feit dat ek van myself kan sê dat ek sowel liggaam *is* as ’n liggaam *het*. Dit is opvallend en treffend hoe Brümmer in sy korrespondensie met my daardie enigma toelig met verwysing na watter betekenis dit kry namate ’n mens ouer word. Hy verwys na Huib Drion, wat opgemerk het dat hy voor sy 70ste verjaardag “nooit eintlik beseft het dat hy ’n liggaam het nie ... As ek die

²⁹ Vgl. MacIntyre se argument oor dit wat hy die “narrative quest for a single human life” noem. Hy skryf, in ’n trant wat sterk herinner aan die soeke na ’n sinvolle lewe: “In what does the unity of an individual life consist? The answer is that its unity is the unity of a narrative embodied in a single life” (MacIntyre, 1981:203).

trap wil klim, doen ek dit (onwillekeurig, sonder om die inspanning daaraan verbonde werklik te besef).” Sedert sy 70ste jaar (vir Brümmer was dit op 85!) begin hy vir die eerste keer werklik besef watter inspanning dit is om jou liggaam “mee te neem” as jy die trap wil opklim. Nou, skielik, *is* jy nie bloot meer net liggaam nie; jy *hét* ook ’n liggaam! ’n Sentrale aspek van die sluimerende doodsbefef wat ’n mens al hoe meer agtervolg namate die jare toeneem, is presies hierdie ervaring van liggaamsbewussyn, van nuwe, vereiste konsentrasie op elke aspek van jou liggaamlikheid, teenoor vroeëre tye toe jou liggaam volgens jou voornemens opgetree het, amper sonder dat jy dit agterkom. Laasgenoemde is ’n waardevolle insig wat ek graag in my boek sou wou sien.

Ek sluit hierdie repliek af met slegs twee verdere opmerkings. Die eerste is om te wys op die belangrike insig wat Brümmer na vore bring wat betref die “afbou” of, beter gestel, die “onthegting” wat die naderende dood in die laaste lewensfase meebring. Ons is in die lewe aan ’n veelheid van dinge – boeke, voorwerpe, ervarings en aktiwiteite – gebind wat elk op ’n besondere manier sin aan ons lewens verskaf. Namate die verouderingsproses vorder, word die binding aan hierdie dinge geleidelik swakker. Brümmer noem dit “onthegting”: “Ons moet geleidelik daaraan gewoond word dat ons die mense, die aktiwiteite en die dinge waaraan ons in die lewe geheg is, moet loslaat. Net soos die lewe self, is hierdie hegting ook eindig.”

Dis ’n geleidelike, maar onvermydelike proses. Brümmer lig hierdie insig treffend toe deur te wys op Epiktetus se interpretasie van hierdie ervaring, naamlik sy suggestie dat, eerder as om onthegting te verstaan as ’n proses van *verlies*, ons eerder daarvoor moet dink as ’n proses van *teruggee*.

Met die oë van die geloof sien ons die goeie dinge waaraan ons in die lewe geheg is, as genadegawes wat ons met verloop van tyd, soos ons langamerhand die grens van ons lewe benader, in dankbaarheid moet teruggee aan die Goeie Gewer van wie ons dit ontvang het. Soos GK Chesterton dit stel: “All good things look better when they look like gifts.” (Brümmer)

Vir almal wat die voorreg het om ’n lang lewe te ervaar, is laasgenoemde ’n besonder insiggewende en troosvolle insig. Die tragedie is natuurlik dat dit lank nie vir ons almal gegun is om so ’n lewenseinde as die afloop van ’n durende proses te beleef nie. Dit roep die vraag op of dit nie moontlik wyser is om ’n lewenstrategie te ontwikkel waarin die hegting (met uitsondering van ons hegting aan ander mense, veral geliefdes) nooit te veel of te sterk word nie. Laasgenoemde is waarskynlik nie moontlik nie, gegee ons aard as mense. Waaroor Brümmer hom egter nie uitlaat nie, is die verwickelde problematiek van ons onvermydelike “onthegting”, nie slegs van dinge en ervarings nie, maar van ander mense – met name diegene naaste aan ons. Die verbreking van daardie bande gaan meestal slegs met ontsaglike pyn gepaard. Dit is deel van die tragedie van die dood.

Daarmee is my laaste punt in respons op Brümmer bereik, naamlik my opmerkings oor die dood en die lewe-tot-die-dood as *tragedie*. Jones wys op die volgende:

Die dood op sigself is volgens Brümmer nooit tragies is nie. Dit is normaal en die onafwendbare grens van ons menslike bestaan. Wat wel tragies kan wees, is die lewe self, deels weens die impak wat die dood daarop het. (Let op Van Niekerk [2017:205-206], waar ek wesenlik dieselfde punt stel.)

Hier wil ek gekwalifiseerd saamstem, maar ook respekvol verskil. Ek stem saam dat die dood nie tragies is nie in die sin dat dit onvermybaar is. Tog beskou die meeste mense die lewe binne die noodsaaklike en onvermydelike omraming of horison van die dood as tragies. Wat

ek in die agste hoofstuk van my boek probeer doen het, was om aan die hand van ’n omvattende analise van die begrip “tragedie” (in gesprek met die groot geeste van die tradisie wat oor dié begrip geskryf het, soos Aristoteles, Schopenhauer en Nietzsche) aan te toon dat die perspektief van die lewe as tragedie ten aansien van die dood nie slegs ’n negatiewe ervaring hoef te wees nie. ’n Korrekte verstaan van die begrip “tragedie” bring die insig dat tragedie ook ’n afirmasie van die lewe kan impliseer, soos veral na vore tree in die werk van Nietzsche oor die geboorte van die tragedie.

Ek haal soos volg aan uit my boek:

[D]ie tragedie [is] allesbehalwe ’n weeklagende of miserabele gebeurtenis. Dionusos [die Griekse god wie se kultus vir Nietzsche aan die oorsprong van die Griekse tragedies staan] was die god van die wingerd, wyn en bedwelming, maar ook van losbandigheid en die natuurkragte. Hy verteenwoordig primordiale vreugde, selfs in pyn. Dit is daarom, skryf Nietzsche elders, dat die tragies-Dionisiese toestand die “hoogste staat van bevestiging (‘affirmation’) van ons bestaan verteenwoordig ... waarvan die ergste graad van pyn nie uitgesluit kan word nie”. Tragedie, as ons dit verstaan vanuit die Dionisiese oorsprong daarvan, is nie ’n simptome van agteruitgang of die neerslag van depressiewe gevoelens soos ang en (self-)bejammering nie; tragedie moet eerder gesien word as ’n soort “tonikum” (‘tonic’). Tragedie is die uitdrukking van die Dionisiese lewensvreugde, veral van Dionusos se uithouvermoë en sy ongenaakbaarheid ten aansien van pyn, hoe erg ook al. Die tragedie is daarom ’n bevestiging van die lewe – ’n demonstrasie dat die lewe voluit geleef en geniet moet word, ook al stuit ons dikwels op weerstande wat ons van stryk bring en wat dreig om ons geesdrif vir die lewe te demp. (Van Niekerk, 2017:221)

As die idee van die dood in hierdie sin as die lewe se tragiese dimensie geïnterpreteer word, is alle hoop nie verlore nie. Die dood, as die noodsaaklike gestalte teen die agtergrond waarvan die lewe sig afspeel, is die bevestiging van die lewe. Dit is die erkenning dat die lewe al is wat ons het, dat dit dikwels gekenmerk word deur pyn, lyding, verwerping en ’n veelheid van ander negatiewe ervarings wat ons eenvoudig nie verstaan nie.

Tog is dit terselfdertyd die besef dat die lewe steeds die een werklikheid verteenwoordig waarvoor ons moet aanhou om te praat, te dink en te wonder. Die perspektief wat ons op die lewe verwerf vanuit die altyd teenwoordige horison van die dood, is dat die lewe dáár is om aan te gryp (*carpe diem!*) en om onself in te verlustig, om die teenspoede van die lewe te verduur, om teen die onregverdigheede van die lewe te rebelleer en om in alle pogings te volhard om dit beter te maak, om te verstaan dat my beurt om te lewe beperk is, maar om ook gedryf te word deur die besef dat die geleentheid bestaan om ’n bydrae te lewer wat ’n durende verskil kan maak. Dit is na daardie ingesteldheid en oriëntasie – die vrolike, Dionisiese viering van die lewe – dat die dood uiteindelik ons volgehoue uitnodiging is. (Van Niekerk, 2017:222-223)

Dit is in laasgenoemde sin dat ek tog, teenoor Brümmer se vrae hieroor, sou wou vashou aan my aanspraak dat die lewe-tot-die-dood ’n tragedie is, maar dan ’n tragedie wat die moontlikheid het om sin te bemiddel. As daar, soos ek redeneer in my boek en in die korrespondensie met Brümmer, ’n wesenlike verband tussen die dood en die sin van die lewe is, bly dit my oortuiging dat daardie sin iets te make het met die feit dat ons aan die een kant nie kan help om te lewe met die tragiese wete van ’n eie onvermybare eindigheid nie, maar aan die ander kant ook nie kan help om te lewe met die tonikum van die tragedie wat ons toegang is tot die afirmasie van die geleentheid wat die lewe ons bied om die meeste daarvan te maak nie.

Slot (deur die outeur)

Hierdie artikel oor 'n filosofiese beredenering van die dood en die sin van die lewe is vanweë die lengte daarvan in twee dele aangebied. Deel 1 het gehandel oor 'n gesprek wat ek in 2017 met Van Niekerk gevoer het kort nadat sy boek *Die dood en die sin van die lewe* verskyn het. In dié deel gaan dit oor onder andere die een ding wat ons almal gemeen het, naamlik die feit dat ons almal sal sterf. “Elkeen van ons lewe in die seker wete dat wat ek tans is en beleef, verbygaan. Om daarvoor na te dink en te praat is nie onfatsoenlik of eksentriek nie, maar noodsaaklik in ons pogings om verantwoordelik, en daarom uiteindelik ook sinvol, te lewe” (Van Niekerk, 2017: agterblad). In Deel 2 van die artikel is daar stilgestaan by die godsdien-filosof Vincent Brümmer se perspektiewe op *Die dood en die sin van die lewe*, waarna Van Niekerk toeliggende repliek lewer.

Van die belangrikste insigte, na my mening, wat uit hierdie twee-delige gesprek na vore kom, is dat Van Niekerk se boek eintlik oor die lewe handel, maar dan, in sy woorde, die lewe soos dit reliëf kry teen die agtergrond van die immer aanwesige moontlikheid van die dood. Die lewe verkry elke aspek van die sin wat dit vir ons maak vanuit die omarming van die besef dat die lewe eindig is.

'n Belangrike gedagte volgens Brümmer is dat mense probeer om die eindigheid van hul aardse lewe te ontken deur te veronderstel dat die dood alleen maar ons liggaam betrek en nie ons “onsterflike siel” nie. Dat ons siel gevolglik 'n ewige en volmaakte voortsetting ná die dood sal geniet. Vir Brümmer lyk so 'n opvatting om verskillende redes problematies. Vir hom is veral hierdie liggaam-siel-dualisme as sodanig 'n vraagstuk. Hy redeneer dat hy hom iets kan voorstel van 'n “ontsielde liggaam” maar nie van 'n “ontliggaamde siel” nie. Volgens hom mag daar wel “iets” ná ons liggaamlike dood wees, maar op hierdie punt bly hy agnosties. Die “hemel” is vir hom 'n metafoor vir 'n volmaakte lewe in die liefdesgemeenskap met God, en die “hel” 'n metafoor vir 'n lewe waarin dit van hierdie ideaal afwyk en van God vervreemd is. Ook Van Niekerk erken dat hy nie weet wat ná die dood op die mens wag nie. Vir hom dui die “ewig” in die “ewige lewe” in die eerste plek nie op die kwantiteit van lewe nie, maar op die kwaliteit daarvan – wat nou en hier gelewe word.

Besonder insigtelik is die sogenaamde vier fases waardeur die lewe verloop, soos aangestip en beskryf deur Brümmer. Dit is egter nie sonder sy probleme nie, soos Van Niekerk tereg uitwys. 'n Verdere insig is dat beide Van Niekerk se analise en Brümmer se model (per implikasie) uitwys dat 'n sinvolle lewe die uitkoms van 'n koherente verhaal is. Ook is die tema van liggaamlikheid vir enige nadenke oor die sin van die lewe en die dood uiters belangrik. Die mens *is* en *het* tegelykertyd 'n liggaam. 'n Interessante beskouing wat Brümmer aan die orde stel, is die gedagte van onthegting of “afbou” van 'n mens se lewe wat met die naderende dood gepaardgaan – 'n geleidelike maar onvermydelike proses, wat nie soseer verstaan moet word as 'n proses van *verlies* nie, maar eerder as 'n proses van *teruggee*. 'n Laaste insiggewende opmerking deur Brümmer handel oor die dood en die lewe-tot-die-dood as tragedie. Dat dit inderdaad tragies is, is waar, maar in Van Niekerk se woorde, soos ook in sy boek insiggewend beskryf, hoef die perspektief van die lewe as tragedie ten aansien van die dood nie slegs 'n negatiewe ervaring te wees nie. Dit kán sin bemiddel.

Dit sou verder baie interessant gewees het om Van Niekerk se gedagtes oor Paul van Tongeren se (kritiese) resensie op sy boek, soos kortliks na verwys in hierdie artikel, te verneem, maar dit was nooit die bedoeling van hierdie artikel om dit te inkorporeer nie, so ook nie wat sy repliek betref nie. Dalk kan Van Niekerk vorentoe in die lig van Van Tongeren se kritiek, meer oor sy eie sterflikheid nadink en skryf, en nie net oor sy ervaring van ander se dood nie,

wat volgens Van Tongeren nie voldoende aan die orde kom nie. Van Tongeren verwys ook daarna dat Van Niekerk te eensydig met die kwessie van genadedood omgaan, en meer aandag aan sekere teenargumente kon gegee het. Tog kan mens nie nalaat om op te merk dat Van Niekerk se rigtinggewende argumente oor bystanddood ’n reusebydrae tot hierdie gesprek, veral in Suid-Afrika, lewer nie.

Sommige mense mag oordeel dat ek as outeur vir Van Niekerk, en tot ’n mate vir Brümmer, behoort te kritiseer vir die Calvinistiese onderbou waarmee hulle (plek-plek) werk, soos byvoorbeeld Van Niekerk se verwysing na die lewe as ’n taak – dat die wêreld verander en verbeter moet word aangesien dit ’n lewenstaak tot singewing sou wees. Hoekom kan die lewe gewoon nie net as ’n geskenk, ’n ervaring, ’n deel van die natuur, verstaan word nie, sou diesulkes kon redeneer? Alhoewel dit geldige vrae mag wees, dui Van Niekerk eksplisiet aan dat sy boek bedoel is om grootliks ’n filosofiese teks te wees (en dat daar slegs sydelings na teologiese kwessies verwys word).

’n Mens sou ook krities kon vra waarom Van Niekerk nie meer oor byvoorbeeld die dood en die sin van die lewe in die Afrikafilosofie geskryf het nie? Hy sou gevolglik gekritiseer kon word vir die feit dat die konseptuele raamwerk van waaruit hy die dood en die sin van die lewe bedink, te eng Westers filosofies is. Ons leef immers in ’n multi-kulturele land (en wêreld), en daarom sou Van Niekerk se besinning oor hierdie tema as “beperk” beoordeel kon word. In hierdie opsig sou mens kon verwys na die Suid-Afrikaanse teoloog Martin Prozesky (2018:307-319) se artikel “Tomorrow’s Ethics in a Globalising World”, waarin hy op vyf groot oorgange vanaf die hede na die toekoms fokus. Een van hierdie oorgange is: “From an Academic Base in Western Philosophy and Theology to a Multi-disciplinary Academic Base”. Prozesky maak die geldige punt dat etiese denke gewoonlik geanker is in Westerse filosofie en/of godsdiens. Uiteraard maak hierdie dissiplines voortreflike bydraes, soos ook die geskiedenis uitwys, maar volgens Prozesky is die wêreld groter en breër as ’n spesifieke filosofie en religie. “We need the best possible understanding, which can only come from all relevant disciplines” en ons eie “self-awareness” (Prozesky, 2018:315-316). Ander akademiese dissiplines, asook Afrika, Moslem, Hindoe en Joodse filosofiese en teologiese tradisies, kan gevolglik baie bydra tot die besinning oor ’n tema soos die dood en die sin van die lewe.

Met hierdie enkele kritiese opmerkings in gedagte, en wat dalk vorentoe deur Van Niekerk verreken sou kon word in ’n volgende verdere moontlike besinning hieroor, is ek van mening dat die inhoud van sulke kritiek nie die gevolg van enghed aan sy kant is of doelbewus deur hom oor die hoof gesien is/word nie. Van Niekerk en Brümmer is/was uiters bedrewe, belese en berese Westerse filosowe (en teoloë) wat gevolglik wye blootstelling geniet het, maar dit is juis hierdie spesifieke Westers-filosofiese gebaseerdheid wat deurgaans hul denke rig. Hiermee ontken, ignoreer of onderspeel hulle nie die bydraes van enige ander tradisie nie. Hulle probeer bloot om hulself rakende sekere kwessies, in hierdie geval die dood en die sin van die lewe, so goed as moontlik vanuit húl oriënterende denkraamwerk en/of (godsdiens) filosofiese tradisie te verantwoord. Dit sal gevolglik baie sinvol wees as persone uit ander (genoemde) tradisies met hierdie boek van Van Niekerk en hopelik hierdie artikel, in gesprek sal tree, ter verryking van ons besinning oor veral die dood en die sin van die lewe in verskillende lewenskontekste.

BIBLIOGRAFIE

- Ariès, P. 1981. *The hour of our death*. London: Allen Lane.
 Baumann, Z. 1992. *Mortality, immortality and other life strategies*. Cambridge: Polity Press.
 Berdyaev, N. 1937. *The destiny of man*. London: Geoffrey Bless.

- Brümmer, V. 2020. Ongepubliseerde persoonlike e-pos aan die skrywer van *Die dood en die sin van die lewe*.
- Camus, A. 1975. *The myth of Sisyphus*. Harmondsworth: Penguin Books.
- Dahl, R. 1962. *Genesis and catastrophe: A true story*. https://letras.cabaladada.org/letras/genesis_catastrophe.pdf [14 Junie 2021].
- Epikurus. 1940. Letter to Menoecus. In Oates, WJ. *The Stoic and Epicurean philosophers*. New York: Random House.
- Gawande, A. 2007. *Being mortal*. London: Wellcome Collection.
- Gutkind, L. 2011. *At the end of life*. Pittsburgh: Creative Nonfiction Books.
- Harari, YN. 2011. *Sapiens: A brief history of humankind*. London: Vintage Books.
- Heidegger, M. 1962. *Being and time* (vert. J Macquarrie). Oxford: Basil Blackwell.
- Hitchens, C. 2012. *Mortality*. London: Atlantic Books.
- Kalanithi, P. 2016. *When breath becomes air*. London: Penguin/Random House.
- Keizer, B. 2020. "Deborah Campert had de moed om te zeggen wat er niet leuk is aan de ouderdom". In *Trouw*, 20 Mei 2020: https://journa.com/article/3_oCiKcXf0cGPX5Q6FogWeJwcKBOPOHWUF39kSBxgN8 [14 Junie 2021].
- MacIntyre, A. 1981. *After Virtue*. London: Duckworth
- Merleau-Ponty, M. 1962. *Phenomenology of perception* (vert. Colin Smith). London: Routledge & Kegan Paul.
- Nagel, T. 1979. "Death". In Nagel, T. *Mortal Questions*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Nietzsche, F. 1956. *The birth of tragedy and the genealogy of morals* (vert. F. Golffing). New York: Doubleday.
- Nuland, S. 1993. *How we die*. New York: Random House.
- Pinker, S. 1997. *How the mind works*. New York: WW. Norton & Co.
- Popper, KR. 1972. *Objective knowledge: an evolutionary approach*. Oxford: Clarendon Press.
- Prozesky, M. 2018. Tomorrow's Ethics in a Globalizing World. *Journal for the Study of Religion*, 31(1):307-319, from <https://journals.ukzn.ac.za/index.php/sra/article/view/768/> [17/01/2022].
- Schoeman, K. 2017. *Slot van die dag*. Pretoria: Protea Boekhuis.
- Tolstoy, L. 1886. *The Death of Ivan Ilych* (transl. Louise & Aylmer Maude). https://www.lonestar.edu/departments/english/Tolstoy_Ivan.pdf [14 Junie 2021].
- Van Niekerk, AA. 2014. *Geloof sonder sekerhede*. Kaapstad: Lux Verbi.
- Van Niekerk, AA. 2017. *Die dood en die sin van die lewe*. Kaapstad: Tafelberg.
- Van Peursen, CA. 1967. "De horizon der werkelijkheid". In Van Peursen, CA. *Fenomenologie en werkelijkheid*. Utrecht: Aula Boeken.
- Van Tongeren, P. 2017. "Die dood en die sin van die lewe". *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 57(4). <http://dx.doi.org/10.17159/2224-7912/2017/v57n4a16>: http://www.scielo.org.za/scielo.php?script=sci_arttext&pid=S0041-47512017000500016 [14 Junie 2021].
- Van Tongeren, P. 2018. *Willen sterven: Over de autonomie en het voltooide leven*. Utrecht: Kok-Kairos.
- Williams, B. 1973. The Makropulos case: Reflections on the tedium of immortality. In Williams, B. *Problems of the self*. Cambridge: Cambridge University Press.

Wat van plekke, rolle en ampte? Want die reg gaan oor meer as individuele regte

What about places, roles and offices? Because the law is about more than individual rights

KOOS MALAN

Departement Publiekreg

Universiteit van Pretoria

Suid-Afrika

E-pos: koos.malan@up.ac.za



Koos Malan

KOOS MALAN is professor in publiekreg aan die Universiteit van Pretoria. Hy publiseer oor die teoretiese staatsregkwessies soos konstitusione-lisme, grondwetlike oppergesag en konstitusionele verandering. Malan is die outeur van onder andere twee akademiese werke naamlik *Politokratie: 'n peiling van die dwanglogika van die territoriale staat en gedagtes vir 'n antwoord daarop* (2012), wat ook in Engelse verskyn het en *There is no supreme constitution – a critique of statist-individualist constitutionalism* (2020) asook van nagenoeg vyftig akademiese artikels. Hy lewer gereeld by wyse van artikels en onderhoude in die populêre media soos *Politicsweb*, *Newzroom Africa*, *Netwerk24*, *Rapport*, *RSG*, *PretoriaFM* en dergelike ander kommunikasiekanale kommentaar oor konstitusionele en politieke kwessies.

KOOS MALAN is professor of public law at the University of Pretoria, South Africa. He publishes on topics of constitutional theory including constitutionalism, constitutional supremacy and constitutional change. Malan is the author of, inter alia, two scholarly works, namely *Politocracy: an assessment of the coercive logic of the territorial state and ideas around a response to it* (2012) (originally published in Afrikaans) and *There is no supreme constitution – a critique of statist-individualist constitutionalism* (2020), as well as approximately fifty articles in scholarly journals. Through articles and interviews in *Politicsweb*, *Newzroom Africa*, *Netwerk24*, *Rapport*, *RSG*, *PretoriaFM* and various other forms of media Malan regularly comments on constitutional and political matters.

Datums:

Ontvang: 2021-10-03

Goedgekeur: 2022-01-28

Gepubliseer: Maart 2022

ABSTRACT***What about places, roles and offices? Because the law is about more than individual rights***

The notion of subjective individual human rights is presently occupying a dominant position in legal thinking and practice. Hence, people's position within the legal order is almost exclusively conceptualised in terms of individual human rights – abstract, equal, universal subjective individual human rights – to put the concept in true perspective. Nothing, so it is believed, needs to be added to that.

In our day, moreover, human rights assume the character of a redeeming gospel, guaranteeing justice comprehensively and serving as a panacea for all the challenges humanity might be facing. Whenever a new ill arises a new human right will surface providing the required cure.

However, the dominance of human rights is no natural given. Its present dominance is also of fairly recent origin. It is associated with a distinctive individualist ideology that emerged only since early modernity. It made tumultuous strides during the revolutionary era in the last quarter of the eighteenth century and finally triumphed only after World War II.

Given the tremendous upsurge of subjective individual rights, conceptualisation of law in its objective guise as a holistic system has largely been neglected. This is unfortunate, since it has caused a distorted and impoverished view of what law – and a legal order – on closer analysis should signify.

The last part of the discussion (Part 4) precisely seeks to offer suggestions as to what law viewed from an objective vantage point should signify.

To reach that point, an historical overview of the emergence of the concept of the individual is first given in part 2, followed in part 3 with an overview of the rise of individual rights. These two issues are closely inter-related. For clarity's sake we deal with them separately.

Focusing first on the individual (and individualism), it is shown that the “individual” of Classicism and the Middle Ages was in fact far removed from the individual of present-day individualism. Thus Louis Dumont (similar to Ernst Troeltsch, Alasdair MacIntyre, Collin Morris and various other idea historians referred to in Part 2) highlights the drastic break between the kind of individuality of early Christianity in stark contrast to contemporary individualism, explaining:

Actually, the old form and the new are separated by a transformation so radical and so complex that it took at least seventeen centuries of Christian history to be completed, if indeed it is not continuing in our times.

This “individual” was a sinner before God the Almighty, equal to all other individual sinners, yet “naturally” anchored in a variety of communal settings occupying designated places and fulfilling roles. The latter were not regarded as equal to all others and exercising individual rights on an equal footing with all other individuals. Only after the individualising events specifically associated with René Descartes and Thomas Hobbes, something that vaguely resembled the modern-day individual, reflecting the notion of individualism, really started emerging, culminating in the post World War II triumph of individualism.

Part 3 deals with the equally modern-day notion of subjective individual human rights. Concurrent with abstracting the notion of the individual, the idea of individual rights appears to have emerged only in the nominalism of William of Ockham and others. Before that, none of the Classical roots of our Western civilisation – Christianity, Classical Athenian philosophy, Roman law – conceived of law as a system of subjective equal human rights. On the contrary,

law was viewed in the first place as a natural whole designating specific places, roles and offices to each person. Thus Michael Oakshott explains:

This is the 'well-ordered' polis, the polis in which not only is each man doing what his special aptitude fits him to do, but in which, also, the proper hierarchy of faculties of the soul is preserved.

Roman law with reference to numerous classical sources such as the work of Celsus and Paulus as reported in the Digest in the Justinian Code, as well as various others such as Marcus Aurelius all viewed law as an objective (cosmic) order of justice sustained by everyone fulfilling his and her (naturally) allocated, distinctive roles.

Individual rights have no doubt brought about huge strides to the betterment of human existence, but such rights also have a dark downside, having caused an inordinate degree of fragmentation, atomism and loss of a sense of civilisation.

It is suggested that our classical Western roots of civilisation may be of help not by simply transplanting them into our present-day reality but instead to regard them with hermeneutical judgment as argued by Danie Goosen. It is on the basis of this constructive relationship with our tradition, steering clear from the extremes of a reactionary retreat to classicism on the one hand as well as, on the other, a hostile rejection of anything that classicism might offer, that I embark on the discussion in Part 4.

It is argued that over and above subjective individual rights we stand to gain richly from the following six notions for elucidating our insight into how a sound legal order should be conceived. These six notions, unpacked in the last part are that of place, role, office, capacity, responsibility and calling.

KEYWORDS: abstract subjective individual rights; Christianity; Classical Greek ideas; tradition; (Classical) Roman law; views; jurists; law in the subjective sense; law in an objective sense; Plato; Aristotle; Hobbes; Nominalism; William of Ockham; Notions of *place, role, office, capacity, responsibility and calling*

TREFWOORDE: abstrakte individuele regte; Christendom; Griekse tradisie; denkbeelde; Romeinse reg; opvatting; juriste; reg in die objektiewe sin; reg in die subjektiewe sin; Plato; Aristoteles; Hobbes; nominalisme; Willem van Ockham; die denkbeelde van *plek, rol, amp, hoedanigheid, verantwoordelikheid en roeping*

OPSOMMING

Individuele regte, meer bepaald die denkbeeld van abstrakte, gelyke, universele, subjektiewe menseregte oorheers tans die regsdiskoers en -praktyk. Dit is egter van onlangse oorsprong, want hierdie denkbeeld het eers gedurende die rewolusionêre tydperk in die laaste kwart van die agtiende eeu sterk op die voorgrond getree en toe ná die Tweede Wêreldoorlog beslissend geseëvier.

In hierdie bespreking word die opkoms van die individu eers nagegaan en daarna dié van individuele regte. Dit word gedoen met verwysing na die Klassieke Griekse denke, die klassieke Romeinse reg en die daaropvolgende Middeleeuse tradisie tot by die Vroeg-Moderne tydperk. In plaas daarvan dat die individu met (individuele) regte in 'n potensieel of daadwerklike verhouding van spanning met ander individue met soortgelyke (botsende) individuele regte

as die wesenlike eienskap van die reg beskou is, is die reg eerder kosmies beskou, dit wil sê, as 'n objektiewe regsgeheel waarbinne mense uiteenlopende toegewese rolle vertolk het.

By die beantwoording van die vraag of ons enigsins baat te vind het by hierdie pre-moderne beskouings is die uitgangspunt, in navolging van Danie Goosen, dat ons met hermeneutiese oordeel eerder as met dogmatiese drif te werk moet gaan. Daarvolgens word die uiterstes vermy om die klassieke denkbeelde óf heeltemal (progressiwisties) te verwerp óf dit reaksionêr op ons huidige werklikheid te probeer oorplant.

Teen hierdie agtergrond word hier geredeneer dat die volgende ses denkbeelde wat verder in Deel 4 uitgepluis word, náás individuele regte 'n belangrike bydrae te lewer het tot 'n meer omvattende, realistiese en harmoniese begrip van wat die reg behoort te behels. Die denkbeelde is *plek, rol, amp, hoedanigheid, verantwoordelikheid* en *roeping*.

1. Tema-uiteensetting

Die denkbeeld van individuele subjektiewe regte staan sentraal in die huidige openbare diskoers.¹ Ons leef in die tydvak van regte,² veral “menseregte” wat inderdaad die idee van ons tyd is en skynbaar universele ondersteuning geniet. Wanneer mense se posisie in die regsbestel bedink word, word dit uitsluitlik aan die hand van individuele regte gekonseptualiseer. Mense is dus gelyke individuele reghebbendes met 'n voortdurend groeiende getal regte. Individuele regte verduidelik omvattend mense se posisie in die regsbestel. Dit put die diskoers bykans heeltemal uit. Daarnaas is daar eintlik niks aan toe te voeg nie.

Daar is weliswaar enkele strominge in die moderne natuurreg-denke, met inbegrip van die denke van 'n aantal neo-Kantiane, en meer nog neo-Thomiste, die regsfilosofie van Leon Duguit en van Lon Fuller, wat die regsbestel as meer as net 'n stel subjektiewe individuele menseregte beskou. In plaas van laasgenoemde beskou hulle die regsbestel eerder as 'n objektiewe juridiese bestel met die oog op die instandhouding van 'n omvattende samehangende geheel van geregtigheid.³ Soos sake nou staan, is hierdie beskouings egter nouliks meer as 'n rant-diskoers. Menseregte – abstrakte, universele, subjektiewe, individuele menseregte – om dit volledig te beskryf, beklee 'n oorheersende posisie in ons politieke en regsdiskoers.⁴ Heel dikwels word hierdie regte boonop as ingebore en onvervreembaar bestempel. Hulle is universeel, want hulle geld vir die hele mensdom – vir elke mens – wanneer en waar ook al; hulle is abstrak, want geen spesifieke mens hoef geïdentifiseer te word om te kwalifiseer vir die regte nie; almal kwalifiseer outomaties; hulle is ingebore en gevolglik onvoorwaardelik en hoef nie verwerp te word nie; hulle is onvervreembaar en mag en kan dus nie weggeneem of van afstand gedoen word nie; en hulle kom jou toe suiwer uit hoofde van die feit dat jy 'n mens is.⁵ Juis daarom die benaming, “menseregte.”

¹ Tierney, B. 1997. *The idea of natural rights – studies in natural rights, natural law, and church law 1150-1625*. William B Eerdmans Co, Grand Rapids Michigan, p. 13.

² Henkin, L. 1990. *The age of rights*. New York: Columbia University Press, p. ix.

³ Vgl. byvoorbeeld Bodenheimer, E. 1974. *Jurisprudence – the philosophy and method of the law*. Cambridge, Massachusetts: Harvard Univ. Press, pp. 134-168.

⁴ Tierney, B. 1997. *The idea of natural rights – studies in natural rights, natural law, and church law 1150-1625*. William B Adams Publishing Co Grand Rapids Michigan, p. 13.

⁵ Dit is juis op dieselfde universeel abstrakte wyse wat die reg op menswaardigheid in pas met Kantiaanse opvattinge in die huidige grondwetlike diskoers in Suid-Afrika en elders in die liberale wêreld beskou word. Heel anders was dit in talle voormoderne gemeenskappe gesteld waar dit eerder gegaan het om die eer wat aan iemand en aan sy familie verskuldig was vanweë die plek

Menseregte het in ons tyd die karakter van ’n verlossende boodskap aangeneem asof dit die waarborg bied vir ’n volledige pakket van geregtigheid en die kuur verskaf vir al die uitdagings wat die mensdom in die gesig staar. As daar ’n nuwe vraagstuk van watter aard ook al opduik, sal ’n nuwe mensereg die gewaarborgde oplossing verskaf.⁶

Só oorheersend het individuele menseregte geword dat dit die regsdiskoers bykans volledig monopoliseer. Dienooreenkomstig beklee individuele regte tans ook ’n veel belangriker plek in die konstitusionele en die internasionale reg as tevore,⁷ in der mate dat die individuele menseregte bykans aan konstitusionele reg gelykgestel word.⁸ Ander denkbeelde van die reg, wat naas individuele regte ’n belangrike rol in die regsdiskoers behoort te speel (die onderwerp van deel 4 hier onder), het grootliks uit die gesigsveld verdwyn en voer ’n skemerbestaan op die rante van die regsdiskoers. Terselfdertyd is die denkbeeld van verpligtinge ’n blote hulpmiddel vir (mense)regte wat oplaas eintlik slegs een bestaansrede het, naamlik om as die keersy van individuele regte te dien en dit te onderskraag, eerder as dat dit ’n outonome plek inneem. Die primêre bestaansrede vir die strukture van die huidige staat – wetgewers, uitvoerende owerhede, die regbank, die staatsdiens – is om aan individuele regte uitvoering te gee.⁹

Die oorheersing van individuele menseregte is egter nie ’n natuurlike gegewe nie. Dit het nie altyd hierdie dominante plek beklee nie. Die huidige oorheersing is die produk van ’n bepaalde lewensbeskouing – van ’n eiesoortige ideologie. Dit het eers gedurende die vroeë moderniteit ’n vastrapplek begin kry. Gedurende die rewolusionêre tydperk in die laaste kwart van die agtiende eeu het dit ’n groot deurbraak gemaak en ná die Tweede Wêreldoorlog beslissend geseëvier.¹⁰ Sedertdien het hierdie oorwinning in die gestalte van die omvattende internasionale stelsel van menseregte voltrek. In die regscurriculum is die fokus ook skerp op die subjektiewe regte, hetsy in die gedaante van die goed gevestigde stelsel van subjektiewe regte¹¹ waarop ons privaatreg gebaseer is of die groeiende getal menseregte van die menseregte-diskoers.

Tot betreklik onlangs nog was die huidige denkbeeld van die individu in die betekenis van universele menseregte onbekend. Die term, “menseregte” is trouens net meer as twee eeue

wat hulle in die sosiale orde beklee het. Vgl. Macintyre, Alisdair. 1981. *After virtue*. New York: Bloomsbury Academic, p. 135.

⁶ Szabo, I. Historical Foundations of Human Rights in Vasak, K *et al.* *The International Dimension of Human Rights*. Greenwood Press, Westport Connecticut, 1982, pp. 11-40 op 19; Donnelly, J. Human rights and human dignity: An analytic critique of the Non-Western conception of human rights. *American Political Science Journal*, Vol 76 (1982):303-316, op 315.

⁷ Dit het begin met die Algemene vergadering van die Verenigde Nasies se aanvaarding van die Universele Verklaring van Menseregte (1948) en is mettertyd uitgebrei na twee bindende verdrae naamlik die Verbond vir Burgerlike en Politieke Regte en die Verbond vir Ekonomiese, Sosiale en Kulturele Regte (albei in 1966), sedertdien aangevul met ’n groeiende getal internasionale instrumente sowel as soortgelyke verdrae op regionale vlak in Europa, Amerika en Afrika.

⁸ Individuele regte, vervat in ’n handves van *menseregte* (die mikro-reëlins van ’n konstitusie) het so dominant geword dat dit die fokus op die makro-reëlins – die verdeling en verspreiding van gesag en wedersydse remme en teenwige – verdoof het.

⁹ Artikel 7(2) Die Staat moet die regte in die Handves van Regte eerbiedig, beskerm, bevorder en verwesenlik.

¹⁰ Met die Universele Verklaring van Menseregte van die VN van 10 Desember 1948, wat as ’t ware ’n viering hiervan is.

¹¹ Saaklike regte, persoonlike regte, persoonlikheidsregte en intellektuele goedere oftewel immaterieelgoedereregte.

oud en het eers sedert die Tweede Wêreldoorlog deel van die algemene openbare woordeskat geword.¹²

In pas hiermee het die denkbeeld “reg”, met inbegrip van die denkbeeld van natuurreg primêr die objektiewe reg (*law*) behels en nie ’n stel van subjektiewe regte (*rights*) wat regsobjekte, meer bepaald individue, toeekom het nie. Die objektiewe reg, oftewel reg in die objektiewe sin, behels ’n omvattende stel norme wat geregtigheid onderhou deur aan elkeen – elke mens en elke gemeenskap – besondere erkenning te verleen met inagneming van elkeen se besondere eienskappe en posisie binne die harmoniese en goeie geheel van dinge.¹³

Opvattings oor moraliteit het ’n soortgelyke verloop. Vandag behels die dominante beskouing oor moraliteit die uitoefening van suiwer individuele keuses hetsy op grond van ’n sedewet waaraan mense behoort te beantwoord maar nie waartoe hulle verplig mag word nie, of eenvoudig ’n ongebreidelde soewereine keuse uitsluitlik volgens persoonlike voorkeur.

Die vraag wat die objektiewe reg behels, is intellektueel verwaarloos. Dit is nadelig want dit lei tot ’n skeefgetrekte en verarmde sienswyse van die begrip “reg”, en van wat die reg, behoorlik beskou, (kan) behels. Dit is veral vanweë die buitensporige klem op subjektiewe individuele regte (meer bepaald in die huidige gedaante van universele menseregte) dat die objektiewe reg nie die aandag kry wat dit verdien nie.

Juis daarom is die kern-fokus van hierdie bespreking die objektiewe reg. Dit is waarop die bespreking in deel 4 afstuur. Ek gaan daar ses heg verbandhoudende konsepte voorstel, wat ek sal redeneer gebruik behoort te word ten einde beter begrip te verwerf van wat ’n goed-funksionerende regsbestel, bo en behalwe individuele regte, werklik behels. In teenstelling met die beskouings van die reg wat op die uitsluitlike verknogtheid aan individuele regte alle denkbeelde van die goeie uit die regsdiskoers uitweer omdat dit na bewering individuele regte sal kompromitteer, gaan ek aanvoer dat denkbeelde van die goeie aan die hand van hierdie ses konsepte juis noodsaaklik is om ’n behoorlik funksionerende regsorde in stand te hou.

Om daarby uit te kom, moet ons eers hier onder in deel 2 op die spoor van die opkoms en huidige dominansie van individuele subjektiewe menseregte loop. Ons doen dit deur eers die opkoms van die individu te behandel. Daarná, in deel 3, kyk ons na die opkoms van subjektiewe individuele (mense)regte. Die subtemas van dele 2 en 3 is nie waterdig onderskeibaar nie. Hulle impliseer mekaar en daar is dus noodwendige oorvleuelings. Vir analitiese doeleindes word hulle egter onderskei. In deel 4 kyk ons bondig na die moontlikhede wat ’n heroorwoë siening van die objektiewe reg teen die agtergrond van die wenke van klassieke en pre-moderne opvattings sowel as dit wat ’n daaglike gesonde gemeenskapslewe ons kan leer.

2. Individualisering

Daar was nog altyd individuele mense – empiriese subjekte wat praat, dink en wil – wat ’n mens natuurlik oral kry.¹⁴ Individualisme daarenteen – die produk van die onafhanklike,

¹² Pennock, J Ronald. Rights, natural rights and human rights – a general view in Pennock, JR en Chapman, JW (reds.). *Human Rights Nomos*, XXIII 1981:1-28, op 1.

¹³ Natuurreg het volgens hierdie opvatting deel uitgemaak van die omvattende natuurwet wat die hele kosmiese geheel betrek het.

¹⁴ Die bespreking in hierdie afdeling steun ten dele op Malan, K. 2019. *There is no supreme constitution – a critique of statist-individualist constitutionalism* Stellenbosch. African SUN Media 8.2, pp. 232-235.

individuele en wesenlik niesosiale morele wese wat die enigste draer van waardes en regte is, is 'n moderne verskynsel.¹⁵ Abstrakte universele individuele reghebbendes van subjekte is, soos Alasdair MacIntyre sê, 'n moderne uitvindsel.¹⁶

Die vroeë voorkoms van wat met 'n onakkurate kyk na individualisme gelyk het, was inderdaad ook geen individualisme nie. So lig Louis Dumont die drastiese verskil tussen die soort van individualiteit van die vroeë Christendom en die huidige individualisme uit wanneer hy verduidelik dat die destydse individualiteit inderwaarheid geen individualisme was nie. Hy verduidelik:

Actually, the old form and the new are separated by a transformation so radical and so complex that it took at least seventeen centuries of Christian history to be completed, if indeed it is not continuing in our times.¹⁷

Die individualiteit van die destydse (Christelike) individu het 'n intieme verhouding met God behels – 'n individualiteit wat op die buitewêreldse (oftewel anderwêreldse) betrekking gehad het en juis nie op hierdie wêreld nie. Dit was 'n individualiteit waarin die “individu” van hierdie wêreld verwyder was en geen aktiewe rol in (die verandering) van hierdie wêreld gespeel het nie. Daar was 'n dualiteit met betrekking tot individualiteit waarin dit – individualiteit – met betrekking tot die verhouding tot God gegeld het, maar juis nie met betrekking tot die verhouding in hierdie wêreld nie. Dumont verduidelik dit soos volg met beroep op Ernst Troeltsch:

It follows from Christ's and Paul's teaching that the Christian is 'an-individual-in-relation-to-God.' There is... 'absolute individualism and absolute universalism' in relation to God. The individual soul receives eternal value from its filial relationship to God, in which relationship is also grounded human fellowship: Christians meet in Christ, whose members they are. The tremendous affirmation takes place on a level that transcends the world of man and social institutions, although these are also from God. The infinite worth of the individual is at the same time the disparagement, the negation in terms of value of the world as it is: dualism is posited, a tension is established that is constitutive of Christianity and will endure throughout history.¹⁸

In ons – die Westerse – kultuur herlei die vroegste tekens van die “ontdekking” van die individu terug na die tydperk vanaf 1050 tot 1200.¹⁹ Hier het ons egter nog geen teken van individualisme as sodanig nie. Hierdie vroeë individu waaroor Collin Morris dit gehad het, was egter steeds wêreldse verwyderd van die abstrakte universele individu, gelyk aan alle ander individue en beklee met abstrakte universele regte van vandag. Hierdie vroeë individu was nog grootliks 'n verskynsel beperk tot die godsdienstige en kulturele terreine.

Voorts was “individue” vir sover die term individu hoegenaamd toepaslik is, mense met bepaalde vaste rolle, plekke, hoedanighede en ampte binne groter geheel-verbande soos die

¹⁵ Dumont, L. 1986. *Essays on individualism – modern ideology in sociological perspective*. University of Chicago Press, pp. 24-25.

¹⁶ Die moderne soewereine self, sê Alasdair MacIntyre. MacIntyre, A. 1981. *After virtue*. New York: Bloomsbury Academic, p. 73, is 'n moderne uitvindsel.

¹⁷ Dumont, L. 1986. *Essays on individualism – modern ideology in sociological perspective*. University of Chicago Press, p. 24.

¹⁸ Dumont, L. 1986. *Essays on individualism – modern ideology in sociological perspective*. University of Chicago Press, p. 30.

¹⁹ Morris, C. *The discovery of the individual 1050-1200*. SPCK, London, pp. 197-215.

familie, of die stam, polis, die plaaslike gemeenskap, die kerk of dergelike ander partikuliere gemeenskapsverbande.²⁰ Hierdie “individu” was ’n sondige mens in nederige onderdanigheid aan die Almagtige God en deelnemend saam met ander sondaars aan die liggaam van God; as’t ware nie gelyke mense nie maar eerder gelyke afhanklike siele.²¹ Hierdie individue was ingebind in ’n hegte en die eintlike gemeenskap, naamlik die kerk. Daar was ’n liturgiese gemeenskap van seremonies waarin elke gelowige Christen sy/haar toegewese rol vervul het.²²

Bowendien was daar ook die siening dat nie almal siele gehad het nie, aangesien geredeneer is dat dit slegs bekeerde Christene beskore was synde lede van die gemeenskap van God – die *populus Dei*.²³ Die pouslike rewolusie van die laat elfde eeu waarin die monargale regeringstruktuur van die Rooms Katolieke Kerk, ’n bepaalde konstitusionele onafhanklikheid van die wêreldlike gesag van die ryk (met sy talle onderafdelings), verwerf het, het terselfdertyd religieuse individualisering as’t ware sigbaar beliggaam. Die kerk het by uitnemendheid die gemeenskap van individuele siele onder die gesag van die kerklike strukture, meer bepaald van die pous, geword.²⁴

Gedurende dieselfde tydperk het individualiteit op die innerlike terrein sy verskyning gemaak. Dit was ook religieus, aangesien verskerpte selfkennis juis moes help om die weg na God te vind – selfkennis oor sondigheid wat gepaard gaan met persoonlike skuld en boetedoening, deurlopende skuldbelydenis en selfverwyting.²⁵

Ook ander sye van hierdie soort inwaartse individualisering het stil-stil gedurende die Hoogmiddeleeue en daarna ontstaan: die *ontdekking* van die intimiteit van romantiese liefde – ’n soort liefde wat egter by uitstek diens aan die geliefde behels het.²⁶ Hierdie tydperk sien ook die verskyning van die outobiografie (wat nouliks in die Klassieke bekend was), die selfportret en die besing van persoonlike vriendskap, danksy ’n gemeenskaplike gemoed (*common mind*) voortspruitend uit ’n gemeenskaplike deelname in die liefde van Christus.²⁷ In die skryfkuus was daar ook ontwikkelings wat in die rigting van groeiende individualisme geneig het.²⁸

²⁰ Vgl. bv. die eerste twee hoofstukke van Siedentop, L. *Inventing the individual: the origin of Western liberalism*. Penguin, London, 2014.

²¹ Vgl. Siedentop, L. *Inventing the individual: the origin of Western liberalism*. Penguin, London, 2014: 61, 102, 110, 122, 131, 141, 173, 190. Vgl. verder Morris, C. *The discovery of the individual 1050-1200*. SPCK, London, 1972, p. 10.

²² Morris, C. *The discovery of the individual 1050-1200*. SPCK, London, 1972, pp. 26-29.

²³ Siedentop, L. *Inventing the individual: the origin of Western liberalism*. Penguin, London, 2014, pp. 155, 158. Vgl. verder Morris, C. *The discovery of the individual 1050-1200*. SPCK, London, 1972, p. 10.

²⁴ Siedentop, L. *Inventing the individual: the origin of Western liberalism*. Penguin, London, 2014, pp. 238, 255, 263. Oor die pouslike rewolusie vgl. Malan, K. 2011. *Politokrasie – ’n Peiling van die dwanglogika van die territoriale staat en gedagtes vir ’n antwoord daarop*. Pretoria: Univ Law Press, pp. 29-31.

²⁵ Morris, C. *The discovery of the individual 1050-1200*. SPCK, London, 1972, pp. 64-78. Peter Abelardus se werk oor die etiek was aldus Morris, pp. 66-67, ’n tipiese aanduiding hiervan.

²⁶ Morris, C. *The discovery of the individual 1050-1200*. SPCK, London, 1972, pp. 76, 108 ev. Siedentop, L. *Inventing the individual: the origin of Western liberalism*. Penguin, London, 2014, p. 193.

²⁷ Morris, C. *The discovery of the individual 1050-1200*. SPCK, London, 1972, pp. 79-99; 106.

²⁸ Daarin is mense se persoonlike gevoelens ook betuig en is daar ook oor helde, meer bepaald oor die vrywillige heroïese daade van helde geskryf, wat individualiteit uiteraard ook sterker op die voorgrond geplaas het, dog nie ’n abstrakte universele individualiteit nie, maar die uitsonderlike en unieke individualiteit, wat die deugsame held van die gewone sterflinge onderskei het. Die

Die na vore tree van die individu het nie by die innerlikheid gebly nie. Intendeel, dit het die grondslag gelê vir openbare betuiging, wat ook op die gebied van die politiek en die reg 'n uitwerking sou hê. Literatuur het spoedig, vanaf die laat twaalfde eeu ook na die herlewing van die satire uitgebrei. Dit is aangewend as 'n middel vir die uitspreek van kritiek teen teenstanders en die georganiseerde kerk.²⁹

Op die gebied van die reg het individualiteit ook in fokus begin kom. In die kanonieke reg wat op die *Corpus Iuris Civilis* gebaseer was, het individuele wil in die vorm van wedersydse individuele toestemming (sonder formaliteite) die grondslag vir kontraktuele gebondenheid geword.³⁰ Op die gebied van die strafreg het 'n soortgelyke ontwikkeling sig voltrek. Eerder as dat blote strafbare handeling (*actus reus*) die grondslag van strafregtelike aanspreeklikheid gebly het, het die individuele verwytbare wil in die vorm van skuld (opset en nalatigheid – *dolus* of *culpa*, oftewel *mens rea*) die grondslag daarvoor geword.³¹ Individuele wilsbetuiging het ook toenemend die grondslag vir die erfreg geword.³² Individuele wil het ook die grondslag vir die huweliksreg begin word.

Reeds is verduidelik dat die Christelike teologie met sy klem op persoonlike saligmaking individueel was. Benewens hierdie persoonlike individuele belewenis, was sonde toenemend 'n saak van die individuele gewete, iets wat nie op sigself strafbaar was nie (tensy dit natuurlik terselfdertyd ook 'n misdad was). Mistiese teologieë waarin 'n intieme persoonlike belewenis, vereenselwing met, en die verhouding met God sentraal gestaan het, het gedurende die dertiende en die veertiende eeue sterk op die voorgrond getree³³ en verdere stukrag hieraan verleen.

Die nominalisme van die veertiende eeu verteenwoordig, soos ek hier onder in deel 3 gaan verduidelik, 'n kritieke fase in die oorgang na die voorkeursiening van die reg as 'n stel subjektiewe regte in plaas van primêr objektiewe norme van geregtigheid. Willem van Ockham het homself opgestel teen die metafisika van Thomas van Aquinas. Sy nominalisme (onder andere in pas met die Franciskaanse opvattinge van daardie tyd) het 'n uitwerking gehad op 'n driedigtheid van beskouings, naamlik oor God, politieke gesag en die individu. Die gemeenskaplike faktor op al drie terreine is die idee van vrywillende soewereiniteit.³⁴ In plaas van Thomas se rasionele God binne 'n omvattende harmoniese kosmos, word God in die nominalisme nou 'n volkome soewereine God.³⁵ In ooreenstemming met die vry en soewereine

held was bowendien by uitnemendheid 'n gemeenskapsfiguur wat sy heldedade ten behoeve van sy gemeenskap uitgevoer het. Vgl. Morris, C. *The discovery of the individual 1050-1200*. SPCK, London, 1972, pp. 135, 136.

²⁹ Morris, C. *The discovery of the individual 1050-1200*. SPCK, London, 1972, pp. 122 ev; 132.

³⁰ Siedentop, L. *Inventing the individual: the origin of Western liberalism*. Penguin, London, 2014, pp. 230, 232. sien ook verder in die algemeen Guizot, F. *The history of civilization in Europe* deur William Hazlitt vertaal en met 'n inleiding van Larry Siedentop. Penguin, London, 1977, pp. 106-107. Dit is in teenstelling met die kontraktereg in die Romeinse reg waar eenstemmigheid (konsensus) alleen dikwels nie genoeg was om 'n kontraktuele verbintenis tot stand te bring nie. Vgl Van Zyl, DH. 1977. *Die geskiedenis en beginsels van die Romeinse privaatreë*. Durban: Butterworths, pp. 275-284.

³¹ Siedentop, L. *Inventing the individual: the origin of Western liberalism*. Penguin, London, 2014, p.230; Morris, C. *The discovery of the individual 1050-1200*. SPCK, London, 1972, p. 78.

³² Soos dit treffend in die Engelse term vir testament naamlik *will* tot uitdrukking kom. Vgl Siedentop, L. *Inventing the individual: the origin of Western liberalism*. Penguin, London, 2014, p. 239.

³³ Morris, C. *The discovery of the individual 1050-1200*. SPCK, London, 1972, p. 152 ev.

³⁴ Vincent, A. 2011. *The politics of human rights*. Oxford: Oxford University Press, pp. 306-320;

³⁵ Siedentop, L. *Inventing the individual: The origin of Western liberalism*. Penguin, London, 2014, pp. 306-308.

God word mense kragtens die sienswyse van die nominalisme ook vrywillende (en gelyke) individue. Siedentop verduidelik:

Human freedom and God's freedom were becoming mutually reinforcing characteristics. That is why contingency and choice, rather than eternal ideas and a priori knowledge, loom so large in his thinking.³⁶

Louis Dumont wat Willem van Ockham as die “herald of the modern turn of mind” beskryf,³⁷ vat Willem se denke raak saam. Volgens Willem bestaan daar uitsluitlik wat genoem word, “primêre substansies,” oftewel individuele dinge. In die menslike werklikheid is daar gevolglik slegs individue. Alle ander dinge wat kragtens ’n kommunitêre uitgangspunt ook as daadwerklik bestaande dinge beskou sal kan word (gemeenskappe), is blote (denkbeeldige) afgeleides. Die terme wat ons gebruik om hierdie afgeleides te beskryf, is niks meer as name nie – inhoudlose simbole. Dit is nie beskrywings vir dinge wat daadwerklik bestaan nie. Gevolglik bestaan daar ook nie werklik gehele nie. Daar is slegs individue met individuele wille, naamlik individuele mense, individuele vorste en God. Dienooreenkomstig is regulerende strukture soos die reg en moraliteit nie iets wat van buite ’n individuele persoon kom nie. Reg en moraliteit kan nie ’n buite-individuele oorsprong hê en van buite afgedwing word nie eenvoudig omdat daar geen entiteit bestaan wat sodanige moraliteit kan verorden nie. Dit kan slegs van die individu self kom.³⁸

Die nominalisme kondig die verwydering of abstrahering van die individu uit die omvattende kosmiese stelsel aan. Volgens die kosmiese stelsel is daar nie soseer individue nie, maar passende elemente in die harmoniese geheel. Daarenteen ruim die nominalistiese oortuiging plek vir die vrye individuele persoon in. Die vrye individu is bepalend vir ’n nuwe morele en regsfilosofie. Daarvolgens moet die integriteit van die vrye individuele gewete erken en beskerm word.³⁹ Mense kan nie tot goeie dade verplig word nie. As jy slegs onder verpligting iets goeds doen, is dit nie werklik goed nie. Morele goedheid (en boosheid) kan slegs spruit uit vrye individuele besluitneming. Daarom word individuele keusevryheid beskou as die voorwaarde vir morele teenoor immorele optrede. Mense is per slot van sake alleen in staat tot prysenswaardige, teenoor verwytbare optrede as die optrede voortspruit uit vrygewilde individuele besluite eerder as voorafbepaalde rolvertolking in ’n universele geheel.

Die nominalisme het ook opvattinge oor natuurlike menslike gelykheid aangewakker. In plaas van die natuurlike ongelikheid van uiteenlopende mense binne ’n groter geheel, word vrye individue nou meer as tevore gelyk voor God.⁴⁰ Die Christelike gelykheidsidee was weliswaar reeds vir ’n millennium die teenhanger van die klassieke ongelikheidsoortuiging. By Willem van Ockham kry die idee van gelyke vrye individue nuwe stukrag. Nou egter is dit natuurlik nie meer net tot die teologiese terrein – die verhouding van gelyke sondaars voor God – beperk nie. Nou is dit gereed om in die sosiale en politieke wêreld beslag te kry.

³⁶ Siedentop, L. *Inventing the individual: The origin of Western liberalism*. Penguin, London, 2014, p. 309.

³⁷ Dumont, L. 1986. *Essays on individualism – modern ideology in sociological perspective*. University of Chicago Press, p. 63.

³⁸ Dumont, L. 1986. *Essays on individualism – modern ideology in sociological perspective*. University of Chicago Press, pp. 63-66.

³⁹ Siedentop, L. *Inventing the individual: The origin of Western liberalism*. Penguin, London, 2014, p. 316.

⁴⁰ Siedentop, L. *Inventing the individual: The origin of Western liberalism*. Penguin, London, 2014, pp. 210-311.

Drie groot wedersyds ondersteunende kragte gedurende die sestiende en sewentiende eeue het saamgewerk om 'n ingrypende omwenteling na individu-sentralisering te bewerkstellig: die wetenskaplike en filosofiese rewolusie, die Kerkhervorming en die sentralisering van politieke gesag in die opkomende soewereine territoriale staat.⁴¹

Die wetenskaplike rewolusie, met die enorme kennisspronge wat dit teweeg gebring het, het die tradisionele begrip van die werklikheid ingrypend verander. Die grondslag van hierdie nuwe begrip en die wyse van verdere kennisuitbreiding was 'n sinmakende intellektuele aktiwiteit wat suiwer van die soewereine menslike verstand, oftewel die rasionalisme, uitgegaan het, wat ons veral met René Descartes vereenselwig. Descartes se beroemde stelling “Ek dink daarom is ek” is, soos wat Richard Tarnas, dié groot historikus van die Westerse intellektuele geskiedenis verduidelik, die “[e]pochal defining statement of the modern self.”⁴² Hierdie mens, hierdie self, wat vanweë individualisering die “ek” kon wees wat uit die “ons” geabstraheer is en die soewereine subjek geword het, en wat die nuwe wetenskap moontlik gemaak het.

Die Kerkhervorming het die eertydse rykskerklike wêreldgeheel (die *Republica Christiana*) van Wes-Europa⁴³ tot 'n einde gebring. Die godsdiensoorloë wat op dié skeuring gevolg het, het die eeuelange sigbare algemene gemeenskap van die kerk beëindig. Dit het tot verbroekeling en individualisering in die Christendom gelei, namate hierdie godsdiensoorloë 'n persoonlike, regstreekse verhouding tussen die gelowige individu en God (sonder die tussenliggende gesag van die kerk) geword het.⁴⁴ Tarnas sê die Hervorming was:

a new and decisive assertion of rebellious individualism – of personal conscience, of “Christian liberty,” of critical private judgment against the monolithic authority of the institutional Church [...] on another level the Reformation’s revolutionary declaration of personal autonomy served as a continuation of the Renaissance impulse – and was thus an intrinsic [...] element of the overall Renaissance phenomenon.⁴⁵

Mettertyd het die Reformasie gelei tot die sekularisering van godsdiensoorloë – tot elke individu se eie individuele godsdiensoorloë soos wat dit hom of haar pas. Gevolglik het individue in plaas van die bemiddelende georganiseerde kerklike instellings toenemend besluit wat vir hulle van betekenis is. Om Tarnas weer aan die woord te stel:

The self increasingly became the measure of things. Truth increasingly became truth-as-experienced-by-the-self. Thus the road opened by Luther would move through to Pietism and Kantian critical philosophy and Romantic philosophical idealism to, finally, the philosophical pragmatism and existentialism of the late modern era.⁴⁶

Die skeuring in die kerk is regstreeks verbind met die derde groot krag in die rigting van individualisme in hierdie tydperk, naamlik die opkoms en uiteindelijke vestiging van die

⁴¹ Vergelyk die bespreking van Tarnas, R. *The passion of the Western mind*. London: Pimlico, 2010, pp. 223-324. Malan, K. *Politokrasie – 'n Peiling van die dwanglogika van die territoriale staat en gedagtes vir 'n antwoord daarop*, hoofstukke 3 en 4, pp. 33-97.

⁴² Tarnas, R. *The passion of the Western mind*. London: Pimlico, 2010, p. 275.

⁴³ “Rykskerklike wêreldgeheel” is die Afrikaanse weergawe van Böckenförde, E-W. 1981. *State, society and liberty* (Vertaling vanuit Duits deur JA Underwood, New York: Berg Publishing Ltd.)

⁴⁴ Die uitwerking hiervan op en die wisselwerking met die opkoms van die territoriale staat word bespreek in Malan, K. *Politokrasie – 'n Peiling van die dwanglogika van die territoriale staat en gedagtes vir 'n antwoord daarop*. Pretoria: Univ Law Press, PULP, 2011, pp. 43-57.

⁴⁵ Tarnas, R. *The passion of the Western mind*. London: Pimlico, 2010, p. 241.

⁴⁶ Tarnas, R. *The passion of the Western mind*. London: Pimlico, 2010, p. 243.

soewereine territoriale staat. Die opkoms van die staat het oor 'n lang tyd gekom, namate kleiner, half-outonome politieke eenhede – feodale eenhede, klein prinsdomme, en republieke en stede – gesag aan die opkomende soewereine territoriale state onder toenemend magtige vorste prysgegee het.⁴⁷ Engeland en Frankryk was die voorlopers in die opkoms van die soewereine territoriale staat.

Vanweë die onheelbare skisma in die kerk en die daaropvolgende godsdiensoorloë was dit beswaarlik moontlik dat 'n politieke eenheid steeds 'n duidelike religieuse karakter kon hê. Daarvoor was die denominasieverskille net te diep. Politieke eenhede kon derhalwe slegs individuele onderdane hê ongeag hierdie individue se godsdienstige oortuigings en loyaliteite. Die opkomende state het derhalwe nie meer gemeenskappe naas individuele persone gehuisves nie, maar uitsluitlik individue, met individuele regte op godsdienstryheid – op die keper beskou, die eerste individuele *mensereg*.⁴⁸ Dit kom sterk op die voorgrond in die denke van Michel de l'Hôpital en Jean Bodin in Frankryk, en is deur William Berkeley en natuurlik deur Thomas Hobbes en John Locke in Engeland, geartikuleer.⁴⁹

'n Mens kan die individualiserende gebeure van hierdie tyd in drie figure saamvat: René Descartes, Martin Luther en Thomas Hobbes. Descartes, wat die rasionalistiese aktief-denkende individu teenoor alles – die uitgebreidheid – onafhanklik en intellektueel oorheersend daarteenoor, in beheer geplaas het; Luther, wat die bemiddelende gesagstruktuur van die kerk tussen God en die mens verwyder het en die gelowige individu in regstreekse verhouding met die soewerein Almagtige God geplaas het; En Hobbes, wat geen daadwerklike menslike gemeenskappe meer gesien het nie, maar alleen wedersyds vyandige gelyke individue in voortdurende oorlog teen mekaar (*bellum omnia contra omnes*) wat die noodsaak vir die staat – die Leviatan oftewel sterflike God – oproep, wat die vrede tussen die vegtende individue moet bewaar. John Locke het Hobbes as't ware gekonstitusioneel, onder andere met die verklaring van die onvervreembare individuele regte op lewe, liggaam en eiendom, waaraan die vors gebonde gehou is.

Die ontwikkeling van individualisme het nie hier opgehou nie. In die morele filosofie het dit in die sienswyse van Emmanuel Kant teen die laat agtiende eeu 'n hoogtepunt bereik en in die werk van talle eksponente van die eietydse liberalisme, waarvan John Rawls seker die belangrikste is, voortgesit.⁵⁰

Die implikasies van die individualisme en die soewereine individu is gedurende die rewolusionêre tydperk (die Amerikaanse en veral die Franse rewolusies) in die laaste kwart van die agtiende eeu verder voltrek, terwyl die abstrakte universele individu met algemene menseregte finaal ná die Tweede Wêreldoorlog geseëvier het. Te midde van die Franse en Amerikaanse rewolusies het die denkbeeld van abstrakte, gelyke individue, wat reeds prominent in die brute individualisme van figure soos Hobbes teenwoordig was, saad gedra in die onvervreembare ingebore individuele subjektiewe menseregte wat in plegtige handveste van regte vervat was. Die fokus van die latere voltrekking van die individualisme speel ten minste

⁴⁷ Vergelyk die bespreking van Malan, K. *Politokrasie – 'n Peiling van die dwanglogika van die territoriale staat en gedagtes vir 'n antwoord daarop*. Pretoria: Pretoria Univ Law Press, 2011, pp. 33-63.

⁴⁸ Dit is meer bepaald die regop individuele godsdiensoefening. Vgl. Malan, K. *Politokrasie – 'n Peiling van die dwanglogika van die territoriale staat en gedagtes vir 'n antwoord daarop*. Pretoria: Pretoria Univ Law Press, pp. 65-75.

⁴⁹ Vergelyk die bespreking van Malan, K. *Politokrasie – 'n Peiling van die dwanglogika van die territoriale staat en gedagtes vir 'n antwoord daarop*. Pretoria: PULP, 2011, pp. 65-93.

⁵⁰ Rawls, John. 1971. *A theory of justice*. Oxford: Oxford University Press.

vir die doel van hierdie bespreking op die gebied van die regsdenke en -praktyk af. Daarom word in deel 3 daaraan aandag gegee.

Die oorwinning van die individualisme gepaard met subjektiewe menseregte se monopolisering van die regsdiskoers en -praktyk gaan hand aan hand met die omwenteling van sienswyses van menslike groeperings, naamlik dié van *universitas* teenoor *societas*.⁵¹ Binne die raamwerk van die abstrakte universele individu met gelyke menseregte behoort niemand aan 'n bepaalde gemeenskap waarin hy/sy kragtens 'n kosmiese of gemeenskapsorde bepaalde plekke inneem, rolle vervul of in bepaalde hoedanighede staan nie.

Die *universitas* behels die klassieke beskouing van 'n natuurlike gemeenskap. Mense as sosiale wesens word daarin gebore; hulle behoort daaraan en saam met ander deelgenote van daardie gemeenskap vervul hulle hul rolle daarin. Dit is die soort sosiale ordening waarin die reg as objektiewe reg geld soos wat dit in die klassieke natuureg waarna ons hier onder gaan verwys, tot uitdrukking gekom het. *Universitas* vind neerslag in die familie, die stam, die polis, die kultuurgemeenskap en dergelike natuurlike gemeenskappe.

Daarenteen is daar die moderne idee van *societas*. Daarin het ons te doen met individue wat wesenlik nie sosiale wesens is nie, maar vrywillende plek-ongebonde individue. Hulle behoort nie aan gemeenskappe nie. Hulle kan weliswaar as individue met mekaar assosieer. Dit gebeur egter op grond van individuele besluite. Sodanige assosiasie en disassosiasie geskied wesenlik by wyse van kontrak. Die opper-*societas* wat deur hierdie soort individue gevorm word – waarin hierdie individue in-kontrakkeer – is die moderne liberale staat, wat juis die (natuurlike) vorme van *universitas* vyandig gesind is en dikwels vernietigend daarop inwerk.⁵² Individue kontrakkeer nie vanweë enige substantiewe gemeenskaplikheid om die staat te vorm nie. Nee, hulle is juis bloot enige arbitrêre aantal mense – any number of men⁵³ of “an aggregate of persons”⁵⁴ – wat uitsluitlik ter wille van individuele belang kontrakkeer om die staat te vorm. Dit word 'n sosiale kontrak genoem, maar ten slotte is dit juis nie 'n sosiale kontrak nie. Dit is eerder 'n asosiale kontrak, want hulle kontrakkeer nie as sosiale wesens op grond van gedeelde eienskappe en belange nie, maar juis uitsluitlik ter wille van individuele belange.

3. Die reg as subjektiewe individuele regte – en universele abstrakte menseregte

Individuele subjektiewe regte en abstrakte universele menseregte sonder individue is uiteraard onbestaanbaar. Daarom stel die pas behandelde oorsig in die opkoms van die individu en individualisme ons nou in staat om die verrysing van die denkbeeld van subjektiewe individuele regte na te gaan.

Vir die moderne gemoed is dit bykans onmoontlik om 'n regsorde voor te stel sonder dat subjektiewe individuele regte die primêre plek daarin inneem. Eietydse subjektiewe regte soos

⁵¹ Dumont, L. 1986. *Essays on individualism – modern ideology in sociological perspective*. University of Chicago Press, pp. 73-76.

⁵² Vgl. Nisbet, Robert. *The quest for community - a study in the ethics of order and freedom*. San Francisco: ICS Press, pp. 69-187; Malan, K. 2011. *Politokrasie – 'n Peiling van die dwanglogika van die territoriale staat en gedagtes vir 'n antwoord daarop*. Pretoria: Univ Law Press, hoofstuk 6, pp. 127-173.

⁵³ Locke, John. 1992. *Of Civil government (Second Treatise)*. Regeby/Gateway Inc South Bend Indiana. para 89.

⁵⁴ Een van etlike voorbeelde is Oppenheim, L. 1974. *International Law: A Treatise* (onder redaksie van A. Lauterpacht) Vol. I Tiende druk, Longman, London, 1974, par 64, p.118.

wat dit veral tot uitdrukking kom in die denkbeeld van menseregte,⁵⁵ beskou die reg as wesenlik 'n stel subjektiewe regte wat in individue setel, wat individue met afdwingende individuele mag – *potestas* – toerus om hulle regsgelegitimeerde wille op ander af te dwing of ten minste te laat respekteer.

Nogtans is die denkbeeld van subjektiewe regte net soos die individu (en individualisme) 'n betreklik moderne verskynsel en dus iets wat beswaarlik in pre-moderne regsopvattinge bekend was. Dieselfde geld vir die denkbeeld van menseregte, wat van nog meer onlangse oorsprong as die breër konsep van individuele subjektiewe regte is. Die denkbeeld van universele menseregte – onvervreembare gelyke universele menseregte – wat alle mense gelyk toekom bloot op grond daarvan dat hulle individuele mense is, het eers teen die middel van die twintigste eeu finaal beslag gekry.

Dieselfde geld vir reg se aangrensende denkbeeld, naamlik moraliteit. Moraliteit, net soos reg, was 'n objektiewe orde van reg en verkeerd – nie iets waaroor individue soewerein kon besluit nie.

In die lig van die vereenselwiging van individuele subjektiewe regte met die individu, is dit begryplik dat individuele regte eers 'n vastrapplek kon kry toe die individu op die voorgrond getree het en dat dit eers finaal kon seëvier toe individualisme die dominante lewensbeskouing geword het. Daar heers egter nie eenstemmigheid oor wanneer die subjektiewe regte werklik vir die eerste maal op die voorgrond getree het nie. Brian Tierney stel homself in sy studies oor hierdie onderwerp teen die befaamde Franse regshistorikus, Michel Villey op. Villey en talle ander, waarna ook hier onder verwys word, soos Louis Dumont en Leo Strauss voer die ontstaan van subjektiewe regte (en 'n subjektiewe moraliteit) terug na die nominalisme van Willem van Ockham gedurende die eerste deel van die veertiende eeu, terwyl etlike ander aanvoer dat subjektiewe regte eers later, naamlik in die tweede helfte van die sewentiende eeu in die opvattinge van Thomas Hobbes en John Locke op die voorgrond tree.⁵⁶ Ofskoon Tierney breedvoerige getuienis verskaf om aan te toon dat spore van subjektiewe individuele regte reeds lank voor Willem van Ockham hulle verskyning gemaak het, gee hy nogtans heel veelseggend toe dat die denkbeeld van subjektiewe (individuele) regte ver van die klassieke gemoed verwyder was en dat die Romeinse juriste nie die juridiese orde as wesenlik 'n struktuur van subjektiewe individuele regte beskou het nie.⁵⁷

Daar is 'n diepgaande verskil tussen die klassieke en moderne opvattinge oor die reg (en moraliteit). Klassieke beskouings oor die reg met inbegrip van beskouings oor die natuureg is nie met subjektiewe individuele regte en met universele individuele regte vereenselwig nie.⁵⁸ Intendeel, die reg is objektief beskou. Reg (*law*) is met die denkbeeld van geregtigheid soos vervat in die Griekse idees van *dikaion* en *dike* verbind⁵⁹ en *ius* was die objektiewe reg;

⁵⁵ Natuurlik is die idee van subjektiewe regte nie net tot universele menseregte beperk nie. Intendeel, die Wes-Europees gebaseerde stelsels van privaatreë beskik juis oor 'n fyn ontwikkelde stel subjektiewe regte wat op onderskeibare regsobjekte betrekking het, naamlik persoonlike regte, saaklike regte, persoonlikheidsregte en intellektuele goedereregte (immaterieelgoedereregte) – iets wat natuurlik baie goed aan die Suid-Afrikaanse privaatreë met sy Wes-Europese basis bekend is.

⁵⁶ Macintyre, Alisdair. 1981. *After virtue*. New York: Bloomsbury Academic.

⁵⁷ Tierney, B. 1997. *The idea of natural rights: Studies in natural rights, natural law and church law 1150-1625*. Cambridge, UK: William B Eerdmans, p. 18.

⁵⁸ Arnold, C. Analysis of rights in Kamenka, E & Tay, A (eds). *Human Rights*. London: Arnold, pp. 74-86 op 78-79.

⁵⁹ Vincent, A. 2010. *The politics of human rights*. Oxford: Oxford University Press, p. 40.

nie subjektiewe regte wat individue in die gedaante van individuele regte toegekomp het nie. Geregtigheid was 'n objektiewe deugdelike stand van sake. Die kosmos was onder regsbeheer, dit wil sê, beheer deur 'n logos (natuurlike rede) wat orde, harmonie en sin verseker het. Die beskouing was dat daar 'n natuurlike menslike toestand was soos wat dit tot uitdrukking gekom het in die uiteenlopende leefwyses van verskillende gemeenskappe en in die objektiewe reggeanker was, gekenmerk deur 'n ewewig van regte (korrekte) hiërargiese verhoudings tussen ongelyke mense elkeen met 'n besondere rol en eie status. Dienooreenkomstig was die klassieke filosofie, Bybels-geïnspireerde beskouings en Middeleeuse beskouings soos wat dit by uitstek by Thomas van Aquinas tot uitdrukking kom, primêr gemoeid met harmoniese strukture en verhoudings, onderlinge samehang binne 'n harmoniese geheel, met die regte en gepaste verhoudings tussen ongelyk geposisioneerde mense.⁶⁰ Hierdie konsepte is vereenselwig met 'n bedeling van geregtigheid, waarin die samehang van die geheel in stand gehou is deur die paslike rolvervulling van die dele – individue, groepe, gemeenskappe en instellings.

In die voor-klassieke en klassieke Griekse tradisie was daar beswaarlik 'n spoor van subjektiewe regte te bespeur en gevolglik ook nie van natuurlike individuele menseregte nie.

Dienooreenkomstig merk Alasdair MacIntyre soos volg op met betrekking tot die aard van die soort gemeenskap wat deur Homeros beskryf is soos wat dit ook in die Griekse tragedies tot uitdrukking gekom het: Every individual has a given role and status within a well-defined and highly determinate system of roles and statuses. The key structures are those of kinship and of the household. In such a society a man knows who he is by knowing his role in these structures; and in knowing this he knows also what he owes and what is owed to him by the occupant of every other role and status.⁶¹

Die soort geregtigheid waaroor Plato dit het in *Republiek*, wat juis die subtitel “Oor geregtigheid” gedra het, het geen plek gehad vir subjektiewe (natuurlike) regte van die individu nie – nie in die private sin nie en ook nie in sy sienswyse van die regverdig politieke orde nie.

Geregtigheid was die rede vir en doel van die polis-lewe. Geregtigheid het as't ware die polis gemaak; dit was die vroedvrou van die polis. Geregtigheid het behels dat elkeen sy besondere plek moes vind en elkeen ooreenkomstig sy aard ten beste moes optree. Michael Oakeshott verduidelik:

It is the beginning of justice for each human being to exercise his predominant faculty (whatever it is) and behave in the manner it demands. 'Every man ought, in accordance with his particular nature to do the one work for which he has a particular aptitude'.⁶²

'n Persoon word volgens Plato onregverdig behandel, of tree self onregverdig op wanneer hy of sy die geleentheid misgun word of weier om sy/haar besondere vermoë ywerig te verwesenlik. Hy kan deur onderwys poog om sy oorheersende talent te verwesenlik maar oplaas behoort hy hom by daardie talent te berus en dit ten beste te beoefen. As 'n persoon dit nie doen nie, pleeg hy 'n onreg teenoor homself.⁶³ Dienooreenkomstig behels die eerste norm

⁶⁰ Vgl. die samevatting van Tierney, B. 1997. *The idea of natural rights: Studies in natural rights, natural law and church law 1150-1625*. Cambridge, UK: William B Eerdmans met verwysing na Villey, pp. 21-22.

⁶¹ MacIntyre, Alisdair. 1981. *After virtue*. New York: Bloomsbury Academic, pp. 142; 167, 168.

⁶² Oakeshott, M. *Lectures in the history of political thought*. Imprint –academic com Exeter, 2006, p. 154.

⁶³ Oakeshott, M. *Lectures in the history of political thought*. Imprint –academic com Exeter, 2006, p. 154.

van geregtigheid dat elkeen trou aan homself moet wees – trou moet wees aan dit waarvoor hy/sy in die wieg gelê is – en as sodanig sy of haar rol in die (hiërargiese) geheel van dinge (moet) vertolk.⁶⁴

Wanneer dit gebeur, is daar ook geregtigheid in holistiese verband (die verband van die geheel). In die klassieke Griekse denkwêreld is hierdie geheel die polis. 'n Polis sal geregtigheid adem wanneer diegene wie se primêre talent dit is om dapper te wees en die polis te verdedig die geleentheid sal hê om juis dit te doen; en dat diegene wie se eerste talent dit is om vir die noodsaaklike behoeftes van die polis te verbou, juis weer in die posisie sal wees om dit te doen; en dié wie se talent rasionale optrede in belang van die geheel behels, juis weer die regeer-funksie sal vervul.

This is the 'well-ordered' polis, the polis in which not only is each man doing what his special aptitude fits him to do, but in which, also, the proper hierarchy of faculties of the soul is preserved.⁶⁵

Ongeregig, daarenteen, is die bestel wat die rolspel en die hiërargie van talente misken. Dit is 'n onreg teenoor die bepaalde persone en mis terselfdertyd die wesensdoel van die konstitusionele orde – die polis – naamlik om juis geregtigheid te bemiddel en te beliggaam.

Hierdie sienswyse oor moraliteit en reg het deur die Klassieke stand gehou. MacIntyre behandel Aristoteles se sienswyses as by uitstek verteenwoordigend van die klassiek Griekse opvattinge. Reg en moraliteit staan nie afgesonder van die daadwerklike maatskaplike (en biologiese) realiteite nie. Intendeel, dit word juis daarvan afgelei; dit spreek daaruit. MacIntyre verduidelik:

For according to that tradition to be a man is to fill a set of roles each of which has its own point and purpose: member of a family, citizen, soldier, philosopher, servant of God.⁶⁶

By Aristoteles, soos hy dit in sy *Nicomachiese Etiek* sowel as in *Politeia* uiteensit, word geregtigheid eweneens nie vereenselwig met 'n stel individuele subjektiewe regte nie. Geregtigheid behels vir Aristoteles primêr 'n norm naamlik om gematig op te tree; om die goue middeveg tussen uiterstes te bewandel; om aan elkeen te laat toekom waarop hy geregtig is – nie meer of minder as dit nie.⁶⁷

Ofskoon daar uiteraard onderlinge verskille voorkom tussen Plato, Aristoteles en Thomas van Aquinas (wat Aristoteles se filosofie met die Christelike evangelie geharmonieer het), deel hulle ten slotte dieselfde fundamenteel klassieke uitgangspunt oor die aard van moraliteit en die (natuur)reg. MacIntyre verduidelik:

The presupposition that all three share is that there exists a cosmic order which dictates the place of each virtue in a total harmonious scheme of human life. Truth in the moral sphere consists in the conformity of moral judgment to the order of this scheme.⁶⁸

⁶⁴ Oakeshott, M. *Lectures in the history of political thought* Imprint –academic com Exester, 2006, p. 155.

⁶⁵ Oakeshott, M. *Lectures in the history of political thought*. Imprint –academic com Exester, 2006, p. 157.

⁶⁶ Macintyre, Alisdair. 1981. *After virtue*. New York: Bloomsbury Academic, p. 70.

⁶⁷ Oakeshott, M. *Lectures in the history of political thought*. Imprint –academic com Exester, 2006, pp. 124-127.

⁶⁸ Macintyre, Alisdair. 1981. *After virtue*. New York: Bloomsbury Academic, p. 166. Wat Macintyre hier verklaar, strook betroubaar met die sienings wat bv. Marcus Aurelius in sy Nadenke gedurende die laat tweede eeu nC verduidelik het. Vgl Marcus Aurelius. 2004. *Meditations*. Penguin Books

Ofskoon die Romeinse juriste (om aan Tierney 'n toegewing te maak) sekerlik 'n vaag-geïmpliseerde opvatting van subjektiewe regte gehad het,⁶⁹ het hulle met die reg wesenlik as reg in die objektiewe sin omgegaan. Dit kom veral tot uitdrukking aan die begin van die *Digesta* (deel van die *Corpus Iuris Civilis*), waar dit gaan oor die wese van die reg. Dienooreenkomstig word Ulpianus in D1.1 soos volg aangehaal waar hy verduidelik waarvan die begrip reg (*ius*) afgelei is:

Its derivation is from justitia. For in terms of Celsus' elegant definition, the law is the art of goodness and fairness. Of that art we (jurists) are deservedly called the priests. For we cultivate the virtue of justice and claim awareness of what is good and fair, discriminating between fair and unfair, distinguishing lawful from unlawful, aiming to make men good not through fear of penalties but also indeed under allurements of rewards, and affecting a philosophy which, if I am not deceived, is genuine, not a sham.⁷⁰

Op sy beurt verduidelik 'n ander klassieke Romeinse juris, Paulus, met betrekking tot die betekenis van die reg, meer bepaald die natuurreg soos in *Digesta* 1.1.11 gerapporteer, dat dit oor goedheid en billikheid gaan. Paulus verduidelik:

The term "law" is used in several senses: in one sense, when law (*jus*) is used as meaning what is always fair and good, it is natural law (*jus naturale*).⁷¹

Paulus gaan dan voort om die betekenis van burgerlike reg (*jus civile*) en *jus honorarium* te verduidelik. In hierdie omskrywings is reg en natuurreg klaarblyklik as objektiewe geregtigheid aanwesig en nie as subjektiewe individuele regte nie.

Die Romeinse (privaat)reg was gevolglik ook nie 'n stelsel van algemene abstrakte subjektiewe regte nie; dit was 'n uiteenlopende verskeidenheid van besondere regsmiddels (remedies) – *actiones*, *interdicta*, *exceptiones* en dergelike ander – vir besondere situasies en dikwels slegs vir spesifieke persone, wie se regstatusse verskillend en ongelyk was.⁷² Vir sover daar iets met die strekking van regte was, wat aan die huidige subjektiewe regte herinner, was hulle konkreet en spesifiek eerder as algemeen en abstrak-universeel en is hulle ook met besondere persone van besondere status, posisie en omstandighede vereenselwig.⁷³

Die oorwegende standpunt oor die ontstaanstydvak van subjektiewe regte – reg(te) in 'n subjektiewe sin, waar regte individue toekom – behels dat dit eers met die nominalisme van

⁶⁹ Plaats, Boek 5, para 1 43. Ek bedank graag vir Ernst Roets wat my aandag hierop gevestig het. Tierney, B. 1997. *The idea of natural rights: Studies in natural rights, natural law and church law 1150-1625*. Cambridge, UK: William B Eerdmans, p. 33.

⁷⁰ Mommsen, T & Krueger, P *et al.* 1985. *The Digest of Justinian*. Latin English translation edited by Allan Watson Philadelphia, PA: University of Pennsylvania Press, 1.1.

⁷¹ Mommsen, T & Krueger, P *et al.* 1985. *The Digest of Justinian*. Latin English translation edited by Allan Watson Philadelphia, PA: University of Pennsylvania Press, 1.11.

⁷² Sien in die algemeen byvoorbeeld Van Zyl, DH. 1977. *Geskiedenis en beginsels van die Suid-Afrikaanse reg*. Durban: Butterworth.

⁷³ In die Christelike tradisie is vertolkings van die reg as (Godgesanksioneerde) objektiewe reg eerder as subjektiewe individuele regte baie prominent. Die Tien Gebooue, ofskoon uitgedruk in Goddelike gebiede is terselfdertyd en na alle waarskynlikheid meer betroubaar uitdrukbaar as samevatting van 'n korrekte en regverdige natuurlike toestand (natuur- en natuurlike goddelike reg) wat eerbiedig en in stand gehou moet word. Daar is talle ander Bybelse verwysings in die Ou en Nuwe Testament, wat die beginsel van 'n harmoniese hiërargiese kosmos eggo, waarin elkeen sy plek in die samehangende geheel inneem en sy geringe of minder geringe rol daarin vertolk.

Willem van Ockham in die eerste deel van die veertiende eeu op die voorgrond tree – toe bowendien ook slegs binne die beperkte verband van die filosofie en ’n klein kring van teoretiese denkers en nie as ’n openbare politieke stroming nie. Daarvoor – vir subjektiewe regte as ’n politieke betekenisvolle stroming – moes nog ten minste drie eeue tot in die tweede helfte van die sewentiende eeu verloop. Toe eers, het subjektiewe regte by Thomas Hobbes en meer bepaald by John Locke te midde van die onstuimige Engelse politieke-konstitusionele stryd in die praktiese politiek en konstitusionele praktyk hulle verskyning gemaak.

As ons egter ’n toegewing moet maak dat subjektiewe regte tog al voor Willem van Ockham verskyn het, kan ons sê dat die vroegste aanduidings daarvan moontlik vaagweg in die werk van die Glossatore gedurende die twaalfde eeu teenwoordig was.⁷⁴ Veral kanonieke juriste het hulself sedert die nuwe belangstelling in die *Corpus Iuris Civilis* in die twaalfde eeu vir 200 jaar besig gehou met wat by nabaat geblyk het tekens te gewees het van iets wat op ’n omskakeling van die natuurreg van ’n stelsel van objektiewe geregtigheid, na ’n nuwe klem op subjektiewe regte kon uitloop.

Dit was egter inderdaad eers in die nominalistiese filosofie van Willem van Ockham (en Jean Gerson) wat dit werklik ’n teoretiese faktor geword het. Willem het ’n regsrewolusie op grond van ’n semantiese strategie teweeggebring toe hy reg, wat altyd beskou is as ’n objektiewe stelsel van geregtigheid met ’n nuwe subjektiewe vertolking vervang het, naamlik van reg as ’n stel subjektiewe regte wat mense in hulle individuele hoedanigheid toegekome het.⁷⁵ Die nominalistiese morele filosofie vind neerslag in nuwe regsopvattinge en lê die grondslag vir individuele regte. By Willem van Ockham kry hierdie omskakeling nou die betekenis van individuele regte, meer bepaald ingebore regte,⁷⁶ wat natuurlik in latere eeue (meer bepaald aan die einde van die agtiende eeu) as onvervreembare individuele regte getipeer word. So verklaar Andrew Vincent:

The nominalist attack on universals and metaphysics is seen as working parallel with similar changes in moral and political life, thus forming a key background to the more modern obsessions with individualism and subjective rights.⁷⁷

Die nominalisme lê die basis vir ’n nuwe natuurreg-beskouing weg van ’n objektiewe universele regsorde wat verbind was tot die versekering van algemene geregtigheid, na subjektiewe natuurlike regte wat vrywillende individue toekom. Dienooreenkomstig word tereg verklaar:

⁷⁴ Vergelyk byvoorbeeld die insigte van Tierney, B. 1997. *The idea of natural rights: Studies in natural rights, natural law and church law 1150-1625*. Cambridge, UK: William B Eerdmans, pp. 30-42.

⁷⁵ Vincent, A. 2011. *The politics of human rights*. Oxford: Oxford University Press, pp. 12, 17; 39-43. Tierney, B. 1997. *The idea of natural rights: Studies in natural rights, natural law and church law 1150-1625*. Cambridge, UK: William B Eerdmans, pp. 30-42 toon myns insiens oortuigend aan dat hierdie sienswyse ongeldig is en dat die werk van die Glossatore, meer bepaald ook van kanonieke, die idee van subjektiewe regte in die voorafgaande twee eeue reeds veel verder gevoer het. Sien verder algemeen oor die werk Willem van Ockham Antonites, AJ. (datum nie vermeld). *Middeleeuse wysbegeerte*. Navorsings- en publikasiekomitee, Universiteit van Pretoria, pp. 185-208 en Copleston, FC. 1972. *A history of Medieval philosophy*. London: Methuen, pp. 230-256.

⁷⁶ Siedentop, L. *Inventing the individual: The origin of Western liberalism*. Penguin, London. 2014. p. 313.

⁷⁷ Vincent, A. 2011. *The politics of human rights*. Oxford: Oxford University Press, p. 43.

The nominalist attack on universals and metaphysics is seen as working parallel with similar changes in moral and political life, thus forming a key background to the more modern obsessions with individualism and subjective right.⁷⁸

Willem was dus die stigter – die “founding father” van subjektiwisme in die reg.⁷⁹ Aangesien daar ooreenkomstig sy nominalisme soos ons in die vorige afdeling gesien het, geen substansies behalwe individue was nie en alles – regte, politieke mag en goddelike mag – na alles alleen slegs die produk van individuele oordeel en mag is, is daar nie ’n objektiewe regsorde en ’n ewewigtige objektiewe konstitusionele orde of ’n logos-beheerde kosmos nie. Daar is slegs individuele regte en wille, die individuele *potestas* van die soewerein en die almag van God.⁸⁰ Dumont vat die nominalistiese individualisme en gepaardgaande ontdekking van subjektiewe regte soos volg saam:

When we summarily referred to nominalism, and to positivism and subjectivism in the theory of law and right, we witnessed the birth of the individual in philosophy and jurisprudence. When there is no longer anything ontological and real beyond the particular being, when the notion of ‘rights’ is attached, not to a natural or social order, but to a particular social being, he becomes an individual in the modern sense of the word. It is noteworthy that the immediate corollary of this transformation is the stress on the notion of “power” (*potestas*), which thus appear from the start as a functional modern equivalent of the traditional idea of order and hierarchy.⁸¹

Terwyl die ommekeer van die objektiewe reg na die klem op subjektiewe regte sy oorsprong by Willem van Ockham het, word dit eers gedurende die sewentiende eeu in veral Engeland ’n kragtige politieke stroming. Dit is eers tóé, volgens Leo Strauss, dat die premoderne leerstukke in ’n volskaalse leerstuk van subjektiewe regte omvorm. Gedurende die sewentiende en agtiende eeue is vir die eerste maal veel meer klem geplaas op mense – individue – se regte as ooit tevore. “One may speak of a shift of emphasis from natural duties to natural rights,” verklaar Leo Strauss.⁸² Louis Dumont stel dit nog meer onomwonde:

The idea of Natural Law is the warrant, the philosophical justification, of the systematic and deductive theorizing on law, so flourishing and important during this period. It can be traced back to antiquity, and to Thomas Aquinas, but it undergoes a deep change in modern times, so that two theories of natural Law are sometimes opposed, the ancient or classical and the modern. For the ancients...man is a social being, nature is an order, and what can be described, beyond the conventions of each particular City-State, as constituting the ideal or natural basis of law as a social order in conformity with the order of nature (and hence with the inherent qualities of men).⁸³

⁷⁸ Vincent, A. 2011. *The politics of human rights*. Oxford: Oxford University Press, p. 43.

⁷⁹ Dumont, L. 1986. *Essays on individualism – modern ideology in sociological perspective*. University of Chicago Press, pp. 63,65.

⁸⁰ Dumont, L. 1986. *Essays on individualism – modern ideology in sociological perspective*. University of Chicago Press, p. 64.

⁸¹ Dumont, L. 1986. *Essays on individualism – modern ideology in sociological perspective*. University of Chicago Press, p. 65.

⁸² Strauss, L. *Natural rights in history*. Univ of Chicago Press. 1965, p. 182.

⁸³ Dumont. L. 1986. *Essays on individualism – modern ideology in sociological perspective*. University of Chicago Press, p. 67.

Die mees onomwonde omwenteling van ’n natuurlike regsorde tot natuurlike subjektiewe regte word deur Hobbes geartikuleer en daarna deur John Locke geformuleer. Te midde van die verval van sosiale orde in Engeland en Wes-Europa gedurende die sewentiende eeu, vanweë die godsdienstige skeuring, gevolg deur godsdiensoorloë en ten slotte die Dertigjarige Oorlog (1618–1948) en die Engelse burgeroorlog gedurende die 1640’s kon daar nie meer op ’n tradisionele orde as waarborg vir lewe en liggaam gereken word nie. Slegs individuele regte op lewe liggaam en eiendom – *life, limb and property* – gewaarborg deur ’n staatlike leviatan kon na dese vir mense se lewens en veiligheid instaan.

Die individuele regs subjek is gedurende die rewolusionêre tydvak verder versterk om die abstrakte universele individu te word, wat dit moontlik gemaak het om die leerstuk van abstrakte universele individuele menseregte te bedink.⁸⁴ In pas hiermee het die denkbeeld van die natuurreg ook ’n rasionalistiese metamorfose ondergaan deur ’n deduktiewe “wetenskap,” te word, dit wil sê ’n stelsel van onveranderlike, vaste universele beginsels waarvan oplossings vir besondere situasies afgelei is.⁸⁵

Almal wat tot die uiteindelijke totstandkoming van die leerstuk van abstrakte universele individuele menseregte bygedra het – teoretici soos Thomas Hobbes, John Locke, Emmanuel Kant, Thomas Paine en dergelike ander wegbereiders en woordvoerders van die leerstuk – het in die abstrakte gelykheid, indien nie die fundamentele eendersheid nie, van alle mense geglo. Onlangse konstruksies van modelle van geregtigheid gebaseer op die denkbeeld van die abstrakte individu, soos die konstruksie van John Rawls, getuig hiervan. Sodanige konstruksies verreken nie spesifieke persone in konkrete kulturele en dergelike gemeenskapsverbande nie.⁸⁶ Synde abstrakte en universalistiese konstruksies, gee hulle voor om alle konkrete individue in ag te neem, deur daarop aanspraak te maak dat alle konkrete situasies in die abstrakte universalistiese model verreken is. As individualistiese stelsels sluit hulle by voorbaat die bestaan van gemeenskappe totaal uit. Juis daarom kon Jeremy Bentham in 1789 abstrakte individualisme aanprys deur te verklaar:

[T]he community is a fictitious body, composed of the individual persons who are considered as constituting as it were its members. The interest of the community then is, what? The sum of the several interests of the members who composed it.⁸⁷

In dieselfde jaar as wat Bentham hierdie ongekwalifiseerde individualisme geproklameer het, het die Franse rewolusie begin. Die epiese moment daarvan, wat betref die onderhawige tema was die *Verklaring van die Regte van die Mens en die Burger*. Hierdie verklaring en sy aanpassings in die enkele jare daarna was die vergoddeliking van die Individu soos Dumont tereg verklaar⁸⁸ en dit was juis dit omdat die individu nie net bely is nie maar onvervreembare

⁸⁴ Vincent, A. *The politics of human rights*. Oxford: Oxford University Press, 2010, p. 43.

⁸⁵ So verklaar AP d’ Entreves. *Natural law*. London: Hutchinson & Co, p. 55 soos volg met betrekking tot Hugo de Groot: “If natural law consists in a set of rules which are absolutely valid, its treatment must be based upon an internal coherence and necessity. In order to be a science, law must not depend upon experience, but on definitions, not on facts, but on logical deductions. Hence, only the principles of the law of nature can properly constitute a science. Such a science must be constructed by leaving aside all that undergoes change and varies from place to place.

⁸⁶ Vgl. die bespreking van Malan, K. 2011. *Politokrasie – ’n Peiling van die dwanglogika van die territoriale staat en gedagtes vir ’n antwoord daarop*. Pretoria: Univ Law Press, pp. 156-165.

⁸⁷ Bentham, J. Principles of morals and legislation in Burt. *The English philosophers from Bentham to Mill*. 1967, hoofstuk 1 iv.

⁸⁸ Die “apotheoses of the Individual” in die woorde van Dumont, L. 1986. *Essays on individualism – modern ideology in sociological perspective*. University of Chicago Press, p. 92.

regte bowendien daaraan toegeken is. Artikel 1 van hierdie dokument verklaar, onder andere, dat alle mense vry gebore is en bly, en dat almal gelyke regte het. In artikel 2 word verklaar dat dit die uitsluitlike doel van politieke assosiasie is om hierdie natuurlike en onverganklike menseregte in stand te hou.

Nagenoeg anderhalf eeu later het die leerstuk van abstrakte universele individuele menseregte (gebaseer op die denkbeeld van die abstrakte universele individu) ’n universele positiefregtelike aanspraak gemaak. Dit was toe die Algemene Vergadering van die Verenigde Nasies kort na die Tweede Wêreldoorlog op 10 Desember 1948 die *Universele Deklarasie van Menseregte* aangeneem het, wat op sy beurt die grondslag was vir talle konstitusies en internasionale regsinstrumente.⁸⁹

Hierdie *ingebore onvervreembare menseregte* is in algemene en onomwonde skriftelike formulerings vervat.⁹⁰ Die regte is ook as voor- en buitelandse hanteer. Hulle moes dus oor absolute integriteit beskik met die gevolg dat geen politieke besluit hulle mag inkort nie. Die onskendbaarheid van die soewereine, ongebonde individu en die voortspruitende vrye wil wat die individu mag uitoefen, is die verstekposisie van die denkbeeld van abstrakte en universele individuele menseregte.⁹¹

Reg – meer bepaald ook natuurreg – in die objektiewe sin het egter nie heeltemal verdwyn nie. Daar bestaan trouens ’n waardevolle korpus van moderne denke oor die (natuur)reg, wat egter slegs geringe aandag geniet. Edgar Bodenheimer behandel die onderskeie strominge in die moderne natuurreg onder andere, onder die hoofde van Neo-Kantiaanse denke, Neo-Skolastiese denke, en in besonder die denke van Léon Duguit en enkele ander regsdenkers wat almal onder die breë hoof van die herlewing van die natuurreg en waarde-geankerde regsdenke tuisgebring word.⁹² Dit is myns insiens veral waardevol om van die denke van Rudolf Stammler, Giorgio Del Vecchio, Victor Cathrein, Jean Dabin en in die besonder van Léon Duguit kennis te neem. Die soort van insigte wat ’n mens hier teëkom, is nie dat die reg in die eerste plek uit ’n stel subjektiewe regte bestaan nie, maar eerder dat dit ’n betuiging van die sosiale lewe behels. Reg behels ’n instrument van sosiale samewerking en is nie bloot ’n instrument vir die verwesenliking van subjektiewe begeertes van individue sonder gemeenskapswaardes nie. Geregtigheid behoort afgestem te wees op die verwesenliking van die mees harmoniese opset in die sosiale lewe. Dit vereis natuurlik dat individuele begeertes aangepas – afgeskaal – moet word ten einde hierdie harmonie in stand te hou. Volgens Stammler heers daar geregtigheid wanneer individue met die gemeenskap geharmonieer word. Die sosiale ideaal behels vir Stammler ’n gemeenskap van vrywillende mense. Dit beteken egter

⁸⁹ Vergelyk die Universele Verklaring van Menseregte van die VN van 10 Desember 1948 in bepalinge soos die Voorrede artikel 1 en 2. Die voorrede begin met die woorde: “Whereas recognition of the inherent dignity and of the equal and inalienable rights of all members of the human family is the foundation of freedom, justice and peace in the world...” Artikel 1 verklaar dat alle mense gelyk gebore is en gelyke waardigheid en regte het. Artikel 2 dat “(e)veryone is entitled to all the rights and freedoms set forth in this Declaration, without distinction of any kind, such as race, colour, sex, language, religion, political or other opinion, national or social origin, property, birth or other status.”

⁹⁰ Friedrich, Carl J. 1974. *Limited government – a comparison*. New Jersey: Englewood Cliffs, p. 87 merk op dat hierdie regte hoegenaamd nie werklik neutraal is nie. Indien wel, sou daar geen noodsaak gewees het om hulle in ’n grondwetlike dokument te beskerm nie.

⁹¹ Vergelyk Vincent, A. 2010. *The politics of human rights*. Oxford University Press, p. 17 se opmerkings met verwysing na Kant, Bentham en HLA Hart.

⁹² Bodenheimer, E. 1974. *Jurisprudence – The philosophy and method of the law*. Cambridge, Massachusetts: Harvard University Press, pp. 134-168.

nie ongebreidelde uiting aan individuele begeertes nie, maar wel harmoniëring met die gemeenskaplike belang.⁹³

Ofskoon die denkarbeid van die persone wat hier behandel word natuurlik ook onderling uiteenlopend is, bestaan daar treffende ooreenkomste. Al die denkers knoop ook aan by die natuurregtelike denke van die Klassieke en die Middeleeue en sit dit voort. Daar bestaan opvallende kontinuïteite.

Daar kan aangevoer word dat die regsdenker wat die naaste gekom het om iets van reg in 'n objektiewe sin te red, die Franse regsteoretikus, Léon Duguit is. Duguit het die individualistiese leerstukke van individuele outonomie teengestaan. Ofskoon hy individuele outonomie aanvaar het, het hy volgehou dat mense terselfdertyd sosiale wesens is.

Duguit was van mening dat die groot fout van die 18^{de} eeuse individualistiese denke was dat dit die mens in abstrakte terme beskou het, in plaas van as konkrete wesens wat nie losgemaak kan word van hulle omgewing en die groepe waartoe hulle behoort nie. Duguit het klem op mense se inherente sosialiteit gelê en 'n pleidooi gelewer vir die verrekening hiervan – van sosialiteit naas individuele regte in die inrig van die regsorde. Die reg kon volgens Duguit nie bloot as 'n reguleerder van botsende individuele wille beskou word nie. Menslike sosialiteit was vir hom 'n wesenlike deel van die menslike toestand wat in die gedaante van die sogenaamde *sosiale norm* in die regsorde vervat moes word. Duguit redeneer soos volg:

To affirm that man is a social being and that he lives in society, that he cannot live except in society, it is at the same time to affirm the existence of a social law. It is not an *a priori* affirmation, an affirmation of a metaphysical nature, because it is the result of an observation of facts of the physiological and psychological constitution of man.⁹⁴

Duguit verwerp dus 'n beskouing van die reg as bloot die regulering van botsing tussen individuele wille voortspruitend uit individuele regte. Nee, as sosiale norm behoort die reg in die eerste plek gemik te wees op die instandhouding van die ewewig van die gemeenskap. Hy redeneer:

In the same way, the social commands every individual to collaborate, as well as he can, and in proportion to his ability, to bring about the social order, for, if he does not, there results a collective loss and also necessarily a social reaction. The norm of individual acts is the very law of social life; it imposes itself upon the cells making the social life; it forbids them to perform any act which might compromise it; it obliges them to perform all the acts by which they can contribute to it. The obligation which results is not properly speaking moral, but only social. If it is violated, there is no attack upon a superior principle of morality, but only upon the equilibrium of the social group; there is a certain disorder which results in a more or less energetic reaction against the violator of the norm.⁹⁵

Hierdie pleidooie het in die aangesig van die seëvierende leerstuk van individuele regte en veral van abstrakte universele individuele menseregte oplaas geen besondere indruk gemaak nie. Terselfdertyd was daar 'n vrees vir wat beskou is as 'n latente risiko van kollektiwisme in hierdie natuurregtelike denkrigtings. Vanweë die verwoesting van die linkse en regse totalitarismes in die twintigste eeu, is die toevlug ná die Tweede Wêreldoorlog volledig tot

⁹³ Bodenheimer, E. 1974. *Jurisprudence – The philosophy and method of the law*. Cambridge, Massachusetts: Harvard University Press, pp. 136-137.

⁹⁴ Duguit, Léon. "Objective law" 20 (1920) *Columbia Law Review* : 817-831 op 822.

⁹⁵ Duguit, Léon "Objective law" 20 (1920) *Columbia Law Review*: 817-831 op 828.

individualisme en universele menseregte geneem. Dit het vir 'n lang tyd enige belangstelling in beskouings van die reg vanuit enige ander oogpunt as individuele menseregte uitgedoof.

4. Die (goeie) regsorde – die denkbeelde van *plek, rol, hoedanigheid, verantwoordelikeid, amp en roeping, naas individuele regte*

Die klem op subjektiewe individuele regte, veral in die gedaante van universele gelyke menseregte het monopolistiese afmetings aangeneem. Dit het meegebring dat ons insig verloor het in reg in die objektiewe sy van die reg soos aan die hand van 'n pre-moderne verstaan daarvan. Hierdie monopolistiese toestand het terselfdertyd veroorsaak dat ons mense in geen ander terme as individuele reghebbendes (en draers van verpligtinge) kan bedink nie.

'n Regsbestel behels inderdaad veel meer as individuele regte. Wanneer aan die hand gedoen word dat ons uit premoderne beskouings oor reg kan put, beteken dit nie dat ons daardie beskouings in totaliteit op ons huidige werklikheid moet oorplant nie. Wat ons wel te doen staan, soos Danie Goosen verduidelik het, is dat ons met hermeneutiese oordeel eerder as dogmatiese drif met ons tradisie moet omgaan sodat ons die wenke wat die tradisie ons bied eietyds as 'n ryke hulpbron kan inspan. 'n Konstruktiewe verhouding tussen die moderne wêreld en die tradisie, betoog Goosen, vereis dat twee onaanneemlike uiterstes vermy moet word. Aan die een kant behoort die reaksionêre uiterste wat 'n volledige terugkeer na die verlede behels, afgewys te word, aangesien dit eenvoudig onmoontlik is en verseg om van die gedurige voortgang van die geskiedenis kennis te neem. Andersyds is daar die uiterste van progressiwisme, wat skerp vyandig teenoor die tradisie staan en dit eintlik verdoem, dit volkome irrelevant verklaar en heeltmaal daarvan wil afskeid neem. In plaas hiervan is 'n tussenposisie verkieslik. Dit behels dan 'n dialogiese, oftewel hermeneutiese eerder as dogmatiese verhouding met die tradisie. Dienooreenkomstig word versigtig kennis geneem van die talle wenke vanuit die tradisie en oorweeg wat die betekenis daarvan vir die hede en toekoms kan wees. Dit behels ten slotte 'n bemiddelende verhouding tussen die verlede en die toekoms.⁹⁶ Ons gaan dus gemaklik met ons tradisie om as 'n gevarieerde bron waarmee ons helderder insig in die aard van die regsbestel en individue se posisie daarin kan verwerf en huidige uitdagings beter toegerus tegemoet kan gaan.

Ek doen hier aan die hand dat benewens individuele regte daar ten minste ses verdere dinge – verskynsels en denkbeelde – is wat mense in die samelewing rig, verhoudings met mekaar en optrede teenoor mekaar reël en ten slotte 'n noodsaaklike element van enige regsbestel uitmaak.

Dié ses dinge verwys na mense se plekke, rolle, hoedanighede, verantwoordelikhede, ampte en roeping. Hulle is almal heg verweef en in beduidende mate oorvleuelend. Elkeen het egter 'n eie klemtoon, as gevolg waarvan almal in die spel gebring moet word. Deur die doeltreffende werking daarvan bewerkstellig hulle 'n goeie orde, meer bepaald ook 'n goeie regsorde. (Ofskoon al ses belangrik is, gaan ek om onnodige lompheid te vermy dikwels net na plek rol en amp verwys, selfs waar al ses in werklikheid in gedagte is.)

Die sienswyse hier is dat ons optrede meesal nie gereël word deur individuele regte wat ons teen mekaar afdwing en dienoreenkomstige verpligtinge wat nagekom (moet) word nie,

⁹⁶ Goosen se sienswyse – 'n konserwatisme waarin die insigte van Edmund Burke en Alexis de Toqueville weerklink – is die deurtrek die beredenering van sy – Goosen se – hoofwerke: Goosen, Danie. 2007. *Die nihilisme – notas oor ons tyd*. Johannesburg: Praag en Goosen, Danie. 2015. *Oor gemeenskap en plek*. Pretoria: FAK.

maar eerder deur etlike van hierdie ses ander dinge bepaal word. Ofskoon regte en verpligtinge wel 'n belangrike funksie vervul, is dit op die keper beskou hierdie ses dinge wat 'n funksionele en deugsame regsbestel moontlik maak. Voordat regte dus ter sprake kom, indien dit hoegenaamd wel ter sake sal wees, sal hierdie ses dinge die gang van sake tussen mense (op 'n opbouende wyse) bepaal.

4.1 Verduideliking in abstrakte terme

Eers word in abstrakte terme verduidelik wat met elkeen van die konsepte bedoel word. Daarna volg 'n praktiese toeligting.

Plek/ke verwys na iemand se posisie/s in die samelewing. Deur 'n persoon se lewensloop verander sy/haar posisies ook en neem hy/sy mettertyd nuwe plekke in. Ons sou ook van iemand se status (*standing in life*) kan praat, maar dan nie status met die strekking van aansien of reputasie nie, maar status en plek in 'n alledaagse sin van die woord vir sover ons almal ons plekke het, as vader, moeder, dogter seun, eggenote/lewensmaat, junior of senior werknemer, werkgewer, kollega, vriend/in, spanmaat, ensovoorts. Die voorbeelde is legio, want elkeen verkeer in bepaalde plekke in die verskeie sfere van die samelewing. Plek, in teenstelling met etlike van die ander denkbeelde wat ons hier gebruik, is van 'n meer statiese aard en is ook relatief langdurig.

Rol/le is juis weer dinamies. Dit impliseer handelingte oftewel optrede, naamlik die soort van optrede waardeur mense hulle besondere rolle speel/vertolk; as't ware uitdrukking aan sy/haar plek/ke in die samelewing gee, oftewel sy/haar plek as't ware betuig. Net soos wat almal plekke inneem, speel elkeen dienooreenkomstige rolle. Die verskille van plekke en rolle is natuurlik oneindig, want dit sluit alle mense in; niemand staan daarbuite nie. Rolle kan goed of sleg vertolk word. Die plek wat 'n mens beklee, lê die maatstawwe van die betrokke rolspel neer. Aan die hand daarvan word die gehalte van die rolspel beoordeel. Die gehalte van die rolspel word bepaal deur natuurlike talent oftewel gawes, ywer en wysheid.

Hoedanigheid/hoedanighede bring aan die lig dat mense wat ook al hulle plekke in die samelewing behels, in hul daaglikse omgang in talle uiteenlopende situasies mag verkeer en sodoende met uiteenlopende hoedanighede beklee word, sommige daarvan betreklik deurlopend en konstant en ander slegs vlietend. 'n Persoon is in die hoedanigheid van die oudste broer teenoor 'n jonger broer; kort daarna in dié van werknemer in junior posisie teenoor 'n vrouewerkgewer van 'n ander kultuur en godsdiens en enkele ure daarna in die hoedanigheid van 'n klant in 'n drankwinkel waar hy 'n bottel Whiskey koop en kort daarna in die hoedanigheid van 'n voertuigbestuurder, wat 'n moeilike situasie met 'n roekelose en aggressiewe padgebruiker moet hanteer. Soos plek, het hoedanigheid egter ook 'n passiewe karakter, dit beskryf wat 'n persoon in 'n bepaalde stadium of kortstondig is, maar beskryf nie soseer wat gedoen behoort te word nie.

Verantwoordelikheid, soos rol, bring ons weer by die aktiewe element. Dit het betrekking op wat gedoen moet word, byvoorbeeld in elke hoedanigheid waarna ons pas hier bo verwys het. Verantwoordelikheid staan teenoor hoedanigheid soos wat rol teenoor plek staan. Net soos met rolvervulling kan die verantwoordelikheid ook sleg of goed nagekom word.

Amp/te impliseer ook 'n plek (posisie) wat iemand beklee en 'n hoedanigheid waarin hy/sy staan, maar tegelyk vereis dit die vervul van 'n bepaalde rol en behels dit dat bepaalde verantwoordelikhede nagekom (behoort te) word. Amp is dus omvattend aangesien dit sowel die passiewe as aktiewe elemente van die vorige vier denkbeelde omvat. Amp het die karakter van amptelikheid. Dit vertoon 'n stemming van gewigtigheid en soms plegtigheid. In bepaalde

omstandighede het ons die ampsbegrip nodig om juis hierdie gewigtigheid te kenne te gee – ’n eienskap waaroor plek en rol nie werklik beskik nie en wat gegewe die bespreking hier bo ook nie met hoedanigheid en verantwoordelikheid gepaard gaan nie. Amp weerspieël gewoonlik die een of ander verhewe posisie in die politiek, staatsadministrasie, die hof, die kerk of dergelike toonaangewende openbare instelling. Ofskoon die begrip amp in hierdie bespreking openbare ampte insluit, is dit nie daartoe beperk nie. Ek vereenselwig die begrip amp met alle plekke wat mense beklee en dienooreenkomstige rolle wat hulle vertolk, in die sfeer van die mees private soos die familielewe tot die mees openbare, soos die hoogste ampte van openbare ampsuitoefening.

Roeping het die karakter van blywendheid en het betrekking op die grootste gedeelte van iemand se lewensloop. Anders as veral die eerste vier konsepte, maar ook van amp, is roeping nie geredelik wisselend nie. Roeping dra natuurlik ook ’n religieuse betekenis en het die karakter van (godsdienstige) gelowigheid. Iemand mag glo dat God hom of haar daartoe geroep het om sy lewe aan ’n bepaalde projek – gewoonlik ’n lofwaardige een – te wy. Dit bring natuurlik al vyf die voorafgaande konsepte in die spel, want die roeping plaas die geroepene – so word geglo – in ’n bepaalde amp. Hy/sy moet gevolglik ook bepaalde plekke inneem en rolle vervul. Nogtans het die begrip roeping nie noodwendig ’n streng religieuse betekenis nie. Iemand kan bloot tot bepaalde dade geroepe voel, of dat ’n bepaalde kwessie bestem was om op sy/haar pad te kom, juis sodat bepaalde handelingte vervul kan word. Ofskoon nie noodwendig streng religieus nie, is ondertone van gewigtigheid of selfs heiligheid steeds in sodanige roepingsbewussyn teenwoordig.

4.2 *Konkrete toeligtig*

Deur mense se lewensloop is hulle – dogters of seuns –, ouers – vaders en moeders – en natuurlik ook vele ander dinge in breër familieverband: grootouers en kleinkinders, ooms en tannies, niggies en neefs, ensovoorts. Heg hieraan verbonde is vriendskap en kameraadskap wat dikwels net so belangrik as familieverhoudings kan wees en dit trouens dikwels te bowe gaan.⁹⁷

Daar bestaan natuurlik regsverhoudings, soos versorgingsregte en -pligte tussen kinders en ouers. Dit gaan egter veel verder as dit. Ouers beklee die plek van, staan in die hoedanigheid en vervul die rol en verantwoordelikheid van ouerskap op oorfleuelende dog ten dele uiteenlopende wyses as vader en moeder. Ons kan ook byvoeg dat hulle die amp van ouerskap beklee en die roeping van ouerskap moet vervul. Meer bepaald moet hulle dit ook na die beste van hulle vermoë doen. ’n Mengsel van kulturele, godsdienstige en dergelike gebruike en voorskrifte bepaal wat voortrefflikheid behels. Naas regstreekse ouerskap is daar natuurlik ’n variasie van ander persone soos onderwysers, grootouers, bure en kennisse wat in bepaalde situasies in loco parentis – in die plek van die ouers – optree of ten minste kortstondig in ’n (kwasi-)ouerlike hoedanigheid optree.

Op ’n glyskaal kan ouers vanaf voortrefflik tot beroerd presteer wat betref die volstaan van hulle ouerlike rolle. Die positiewe reg in die gedaante van regsvoorskrifte en regsanksies is in hierdie konteks op die agtergrond. Regsanksies en voorskrifte kom slegs in uiterste omstan-

⁹⁷ Dit is presies teen hierdie agtergrond wat die klassieke en klassiek-geankerde nadenke oor die familie in bv. Aristoteles se *Politeia* en omstreeks 1800 jaar later in Althusius se *Politica* (en baie ander) verstaan moet word. Oor vriendskap het Aristoteles in sy *Nicomachiese etiek* en Cicero in sy *Oor Vriendskap* nagedink.

dighede van regsvergrype soos aanranding, mishandeling, ernstige verwaarlosing, uitbuiting en dergelike vergrype ter sprake. Origens, in die normale en merendeels gelukkige gang van sake kan die optrede van ouers eerder verstaan word aan die hand van die ses denkbeelde hier ter sprake, as volgens die begrip individuele regte. Hoe beter ouers die amp van ouerskap vervul, des te minder is hulle spruite se regte teenoor die ouers op die voorgrond, dit wil sê, hoe beter word daar aan die regte voldoen.

Die ses konsepte verskaf ook aan ons die middel om nie net mense se optrede te verstaan nie, maar die gehalte daarvan te beoordeel: om te beoordeel of 'n plek werklik volgestaan word en 'n rol en verantwoordelikheid na behore vertolk en nagekom word. Sodanige beoordeling is van die grootste belang, want dit is wat ons in staat stel om die kulturele en beskawingsgehalte van optrede te beoordeel.

Wanneer ons uitsluitlik met regte werk, kan ons dit nie doen nie. Aan die hand van 'n uitsluitlike gebruik van regte word 'n reg geskend of nie geskend nie. Regmatige of onregmatige optrede, wat slegs met die minimum vraag te doen het of daar regmatig opgetree is al dan nie, stel ons nie tot sodanige gehalte-beoordeling in staat nie.⁹⁸

Hierdie ses konsepte bring die beoordeling van die goeie teenoor die slegte; die lofwaardige teenoor die afkeurenswaardige; die deugsame teenoor die ondeugsame; die mooie teenoor die lelike ensovoorts op die voorgrond – iets wat in die geval van individuele regte hoogstens marginaal is maar dikwels glad nie ter sake nie.

Binne die konteks van familie-verhoudings plaas die ses konsepte ons in die sfeer van ouers se liefdevolle, sorgsame opvoeding van hul kinders, op sy beste gekenmerk deur oordrag van ordentlike, goedgemanierte gedrag, waardes van betroubaarheid, sorgsaamheid, eerlikheid, respek, sindelikheid, leergierigheid, ywer, goeie smaak en dergelike waardes, gepaardgaande met lewensvaardighede, en die dienooreenkomstige aankweek van afkeur in slegte gedrag en gewoontes; die aanleer van algaande meer komplekse take, ordentlike gedrag teenoor bejaardes, jeugdige, familie, vriende, kennis, vreemdelinge, mense van ander kulture en godsdienste, behoorlike gedrag teenoor diere en die omgewing, die aankweek van 'n besef vir natuurlike en sosiale gevare, risiko's en vyande; die aanleer van basiese kennis van die natuur, kultuur, godsdiens en die politieke omgewing. Hierdie lys wat alles onder opvoeding tuisgebring kan word, kan natuurlik verder uitgebrei word.

Die vervulling van die rol, verantwoordelikheid en amp van ouerskap vereis natuurlik ook insig dat elke kind, gegewe natuurlike talent (gawes) en temperament verskillend behandel sal word. Die uitvoering van ouerlike verantwoordelikheid pas uiteraard ook aan namate kinders ouer word en algaande elkeen ook sy/haar eie plek en rol vind, wat ook met eiesoortige verantwoordelikhede en die vervulling van ampsbekleding gepaard gaan.

Kinders verskil. Daar is meisies en seuns, en oueres en jongeres, wat elkeen 'n eiesoortige plek beklee en rol vertolk. Die ouer suster of broer verkeer in 'n ietwat verskillende hoedanigheid teenoor die ouers en die jonger verwante – broers en susters – en vervul moontlik 'n eiesoortige verantwoordelikheid met betrekking tot opvoeding, beskerming en touwysmaak van die jongeres.

En die ouers – vaders en moeders – vervul uiteraard ook elkeen besondere rolle om die verantwoordelikhede wat aan hulle onderskeidelike ouerlike hoedanighede kleef, te vervul. Dit hang gewoonlik, maar nie noodwendig deurlopend nie, saam met die geslag van die ouers.

⁹⁸ Die onderskeidende eienskap van die liberale regsbeskouings soos dit veral prominent deur John Rawls uiteengesit is, is dat denkbeelde met betrekking tot die goeie juis buite die konsep van die reg geplaas word ten gunste van die gemonopoliseerde posisie gelyke individuele regte van abstrakte individue. Kyk: Rawls, John. 1971. *A theory of justice*. Oxford: Oxford University Press.

Namate kinders ouer word en volwassenheid bereik, verander die inhoud van die rolvervulling wat met ouerlike ampsuitoefening gepaard gaan, net soos dié van die kinders elkeen op sy eie ontplooi. Ofskoon die inhoude daarvan verander, bly die konsepte van roeping, amp, hoedanigheid, ensovoorts egter konstant.

Watter rol vervul regte in die lig van hierdie insig? Natuurlik is dit steeds ter sake. Daar bestaan kragtens die familierereg wedersydse onderhoudsverpligtinge en natuurlik is die norme van byvoorbeeld die strafreg in familieverband van krag soos op ander gebiede. Individuele regte wat teenoor mekaar afgedwing word, is egter ver op die agtergrond. Dit is juis die ander dinge, waarop ons pas hier gewys het – plek, rol, verantwoordelikheid, hoedanigheid, amp en roeping – wat die primêre normkompleks – etos – vir verhoudinge en die samelewing verskaf.

Aan die hand van hierdie stel konsepte gaan dit vir mense nie in die eerste plek om bloot regte uit te oefen teenoor ander en die ooreenkomstige verpligtings wat daarmee gepaard gaan nie. Wat op die voorgrond is, is nie die potensieële konflikverhouding tussen individue, wat deurlopend onderliggend aan individuele regte en verpligting is nie.

Individue is natuurlik steeds ter sake, maar dan nie wesenlik gelyke individue in 'n potensieële konflikverhouding gegrond op gelyke individuele regte nie, maar binne 'n groter wesenlik harmoniese geheel van besondere mense met bepaalde plekke, rolle en ampte in daardie geheel; waarin elkeen soos die geykte uitdrukkings lui, optree volgens dit waarvoor hy/sy uitgeknipt is, of waarvoor hy of sy in die wieg gelê is.

Die klemtoon is dan om hierdie verantwoordelikhede goed na te kom en die besondere rolle en ampte so voortrefflik as moontlik te vervul, erkenning daarvoor te ontvang en vervulling en geluk daarin te vind.

Hierdie insigte is eweseer op die beroepslewe – in die handel, nywerheid, ambagte, professies, staatsadministrasie en die politiek – van toepassing. Mense in hierdie sferes staan natuurlik ook in regsverhoudings teenoor mekaar. Daar is dienskontrakte, koopkontrakte, kontrakte vir dienslewering, ensovoorts wat hulle moet nakom en terselfdertyd is hulle ook reghebbendes wat regte teenoor ander kontrakpartye kan afdwing.

Wat in hierdie sferes egter eintlik betekenis verskaf, is dat mense die plek wat hulle vul, en rol wat hulle in 'n bepaalde beroep of ambag speel, met uitnemendheid vervul. Dit behels om nie net bloot 'n prokureur, advokaat, onderwyser, polisiesersant, sake-ondernemer, loodgieter, finansiële adviseur, boer, tuinier, kelner, regter, minister of wat ook al te wees nie, maar meer bepaald om die ampsverantwoordelikhede en rolle wat met elkeen van die beroepe gepaard gaan met onderskeiding na te kom.

Wat ons hier bo vermeld het met betrekking tot familieverhoudinge naamlik dat hierdie ses konsepte ons in staat stel om die goeie teenoor die slegte; die lofwaardige teenoor die afkeurenswaardige; die deugsame teenoor die ondeugsame; die voortrefflike teenoor die mislukte, die mooi teenoor die lelike, ensovoorts te stel, is hier eweseer op die voorgrond.

Hier, net soos in die familieverband, sien ons dat regte net 'n agtergrondrol speel en dat die konsepte van plek, rol, amp, hoedanigheid, 'n veel helderder insig verskaf in hoe 'n samelewing – en 'n regsbestel – behoorlik funksioneer. Die aanspraak op individuele regte skiet tekort om die nodige begrip te verskaf van hoe die samelewing daar uitsien en hoe 'n regsbestel funksioneer.

Ons sosiale omgang en verhoudings beklemtoon insgelyks die belang van hierdie ses konsepte om die aard van ons sosiale-, familie-, beroepslewe, ensovoorts te begryp. Terselfdertyd is dit juis hierdie konsepte en nie regte (en verpligtinge) nie, wat grootliks die maatstawwe vir 'n deugsame, goeie en gelukkige samelewing en regsorde verskaf. Vriendskap, kollegialiteit en die Bybelse denkbeeld van die naaste is ook hier ter sake.

Kollegialiteit behels 'n ingesteldheid van samewerking, onderskraging, lojaliteit en vriendelikheid. Ofskoon wedersydse regsverhoudings ook ter sake mag wees, gaan dit nie in die eerste plek daaroor nie. Trouens, die regsverhoudings raak in werklikheid eers ter sake wanneer kollegialiteit in duie gestort het en op die regsverhoudings teruggeval moet word.

Vriendskap is vrywillig maar berus natuurlik reeds op die infrastruktuur van gemeenskaplike belange, belangstellings, wedersydse toegeneentheid en lojaliteit. Wanneer dit eers gesmee is, staan vriende in die plek en speel die rol van vriende, wat al die vrywillige optrede van vriendskap behels en gepaard gaan met lojaliteit en dikwels die moeitevolle optrede wat noodwendig met die verhouding van vriendskap verband hou. Individuele regte speel hier weereens geen rol nie.

Ons dink aan die begrip naaste gewoonlik allereers as 'n Goddelike opdrag tot naasteliefde.⁹⁹ Ofskoon die opdrag natuurlik nie altyd gestand gedoen word nie, heers daar allerweë eenstemmigheid oor die lofwaardigheid daarvan. Dit beteken ten minste om kennis te neem van behoefte van diegene met wie ons in aanraking kom en om redelikerwys van hulp te wees.¹⁰⁰ Om dit nie te doen nie, beteken gewoonlik nie dat regspraaklikheid, hetsy deliktueel of strafregtelik, sal volg nie. Dis egter nie ter sake nie. Wat ter sake is, is dat naastediens, wat gestand gedoen word, behalwe dat dit volgens Christelike geloofsvoortuigings ter ere van God gedoen word, klaarblyklik ook tot 'n heilsamer samelewing bydra.

4.3 Die matriks van die ses denkbeelde – gehele en ongelykheid

Wanneer die betekenis van die ses denkbeelde oorweeg word, kom dit aan die lig dat hulle nie met die huidige dominante opvattinge oor gelykheid bestaanbaar is nie. Plekke, rolle, ampte ensovoorts word in konkrete terme nie deur gelykheid nie, maar juis deur ongelykheid en die verskille, gesagsverhoudings en hiërargieë wat noodwendig daarby inbegrepe is, gekenmerk. Gegewe mense se plekke, rolle, ampte ensovoorts is hulle juis nie dieselfde en gelyk nie, maar verskillend en ongelyk. In die finale instansie is gelykheid slegs met hierdie konsepte vereenselwigbaar indien ons streng abstrak daarmee omgaan. Gelykheid het te midde van hierdie sienswyse egter nouliks enige werking.

Die matriks waarin verskillende en ongelyke plekke, rolle, ampte hoedanighede, ensovoorts anker, is 'n denkbeeld – en werklikheid – van die geheel, oftewel die verskeidenheid van gehele waarin mense hulle deurlopend bevind: die gehele van families, professionele-, ambagsgehele, opvoedkundige instellings, spanne, vriendekringe en op 'n meer uitgebreide vlak 'n gemeenskap of nog meer omvattend, die samelewing. Dit is telkens vanweë die erkenning van die geheel dat die plekke, rolle, hoedanighede, verantwoordelikhede en ampte geëien kan word en werking kan hê.¹⁰¹ Dit staan teenoor die radikale fragmentasie en uiteindelik die volledige atomisme van die kontrasterende matriks van gelyke individue met gelyke regte.

⁹⁹ Vgl Levitikus 19 vers 18 en Mattheus 22 vers 39.

¹⁰⁰ Ek sê redelikerwys, want die opdrag is nie om die naaste liever te hê as jouself nie, maar inderdaad lief te sê soos jouself. Dit strook interessant genoeg met die Romeinsregtelike maatstaf van sorgsaamheid teenoor iemand se saak, naamlik die graad van sorgsaamheid wat die *diligens paterfamilias* teenoor sy eie belang aan die dag lê; nie meer as dit nie.

¹⁰¹ Wat betref die geheel en die plekke, rolle ens. daarin verklaar MacIntyre: “The presupposition which all three share is a cosmic order which dictates the place of each virtue in a total harmonious scheme of human life. Truth in the moral sphere consists in the conformity of moral judgment in the order of this scheme” (MacIntyre, A. 1981. *After virtue*. New York: Bloomsbury Academic, p. 166).

Gehele is meer spesifiek ook daadwerklike realiteite. Hulle is nie blote (self)misleidende denkkonstruksies soos wat die nominalisme dit sien of toevallige assosiatiewe afgeleides van individuele besluitneming nie; ook misleidende fiksies soos Bentham en die kru-liberalisme sedertdien leer nie. Dis daadwerklike realiteite. Bowendien gee dit uitdrukking aan die goeie. Dit is naamlik ten minste in beginsel harmoniese gehele, waarin elkeen sy besondere plek vul, rol speel en amp vervul.¹⁰² Die posisie van gelykes is presies die teenoorgestelde hiervan. Juis omdat hulle fundamenteel gelyk is, is daar geen gronde vir verskille nie en is hulle as gelykes in 'n stryd met mekaar gewikkel.¹⁰³

4.4 *Nog in die sfeer van die reg?; die verhouding tussen individuele regte en die goeie*

Die vraag kan gevra word of die ses konsepte hier te berde, hoegenaamd met die reg te doen het. Die begrip reg (*law*) en regte (*rights*), kan aangevoer word, baken per slot van sake die terrein van die reg af.¹⁰⁴ Dit klaar uit dat die regsbestel oor regte gaan maar nie verder as dit strek nie. Gevolglik mag aangevoer word dat hierdie konsepte kwessies van etiek, moraliteit, kultuur, beskawing, godsdiens ensovoorts geforseerd by die reg betrek.

Sodanige verdenking is ongegrond, want hierdie konsepte is juis wesenlik juridies van aard.¹⁰⁵ Ofskoon hulle natuurlik nie individuele regte behels nie, behels hulle wel integrale bestanddele van die reg. Die kern van die saak is dat mense wat hulle onderskeie plekke na behore volstaan, rolle vervul, hoedanighede behoorlik beklee en verantwoordelikhede nakom en ampspligte vervul, dit wil sê mense wat volgens 'n goeie etos leef, juis nie basiese regsnorme verontagsaam nie; nie misdaad en onregmatige dade pleeg nie, hulle kontrakverpligtinge nakom en andersins hulle regsverpligtinge vervul.

So beskou, is die goeie nie irrelevant vir die reg nie; intendeel, die goeie ooreenkomstig die optrede gerig aan die hand van die werking van hierdie ses konsepte, konstitueer juis regmatige gedrag en setel gevolglik in die kern van die regsbestel. Danksy opvoeding, is mense in hul plekke ingeburger, en vervul hulle hul rolle na behore en kom hulle hulle verantwoordelikhede na. Hulle word nie deur die dwangmaatreëls van die reg daartoe gedwing nie, hulle doen dit as't ware uit gewoonte. Die goeie aan die hand van die behoorlike rol- en ampsvervulling behels dus die wese van die reg en waarborg regmatige optrede – dit wil sê, dat ander se regte nie aangetas word nie.

Die ses konsepte verskaf ons dus insig in die binne-kern van 'n (funksionerende) regsorde. Dit konstitueer die fundamentele voorwaarde vir en behels terselfdertyd die kern van die regsorde. Individuele regte daarenteen verhoed behoorlike insig in wat 'n regsorde behels en dit moontlik maak.

Hierdie waarheid kan aan die hand van ontelbare voorbeelde verduidelik word. Ons verduidelik kortliks. Die ampspligte van 'n polisie-offisier, staatsampptenaar of minister behels

¹⁰² Vgl. Goosen, Danie. 2015. *Oor gemeenskap en plek*. Pretoria: FAK, Hoofstuk 5: 81-91.

¹⁰³ Thomas Hobbes, die oervader van die moderne liberalisme het juis hierdie insig oor die strydgeaardheid van die verhoudings tussen gelykes gehad. Dit spruit voort uit wesenlik gelyke mense se botsende *appetites and aversions*.

¹⁰⁴ Dit is wat kragtens 'n positivistiese beskouing van die reg, soos deur byvoorbeeld Hart, HLA. 1961. *The concept of law*. Oxford: Clarendon Press geformuleer, aangevoer word. Die ses konsepte waarmee ons hier werk, is volgens hierdie beskouing juridies irrelevant omdat dit soos moraliteit en godsdiens buite die (eng) positiesfregtelike konsepte van regte en verpligtinge staan.

¹⁰⁵ Hier en daar skemer dit deur – word die ontoereikendheid van regte erken – etiek – etiese reëls van regters; regspraktisyns, ministers, ens. Wanneer dit gebeur, is dit eintlik niks anders nie as dat hierdie by die reg betrek word.

dat die openbare belang, en nie bloot seksionele belange nie, beskerm word. Gevolglik is sodanige persone se reg op vryheid van uitdrukking aan bande gelê aangesien hulle ampte, hoedanighede en verantwoordelikhede hulle reg op vryheid van uitdrukking juis inkort. As hulle vryelik sê wat hulle wil en onderlinge spanning en konflik as gevolg daarvan aanmoedig en bowendien vertrou in die betrokke ampte skaad, versaak hulle die verantwoordelikhede van hulle ampte en is hulle oplaas onbevoegde polisie-offisiere, staatsamptenare en ministers.

Dieselfde geld vir regterlike amptenare. 'n Regter beklee 'n hoë openbare amp. Wanneer die regter sy/haar plek as regter volstaan en sy/haar rol, en verantwoordelikhede dienooreenkomstig vervul, gaan dit gepaard met aansienlike opofferings wat betref individuele regte. 'n Regter het juis vanweë sy/haar amp as regter nie die vryheid om omstrede politieke stellings te maak en kant te kies nie. Die regtersamp wat met die werklikheid en publieke indruk van onafhanklikheid en onpartydigheid gepaard gaan, sluit die soort van omstredenheid en kankiesery uit. Die regter se vryhede is derhalwe ingekort in vergelyking met die regte van enige ander persoon. 'n Regter kan nie aanvoer dat hy in dieselfde mate as enige ander lid van die publiek op vryheid van uitdrukking geregtig is nie. Die inkorting van hierdie regte gaan noodwendig met die regtersamp gepaard. Dit is daarby inbegrepe. Dit is deel van die opoffering wat met die regtersamp gepaard gaan.

Ons kan etlike ander voorbeelde noem, oor die hele spektrum van hoedanighede en ampte heen vanaf die mees private sfeer van familie en vriendskap, die handelsfeer tot by die hoogste openbare, politieke ampte en regterlike ampte. Die kern van die saak is dus dat optrede ooreenkomstig die eise van die betrokke amp regmatige optrede waarborg – meer bepaald sonder dat enige regsdwang nodig is.

Hierdie kort bespreking bring aan die lig dat individuele regte verreweg nie 'n volledige prentjie van die regsbestel skets nie.

'n Regsbestel is oplaas slegs moontlik en kan slegs funksioneer wanneer mense regsnorme vrywillig nakom omdat hulle hul daarmee vereenselwig, en waar die noodsaak vir dwang – die afdwing van regte en verpligtinge – slegs 'n sekondêre rol speel en dus alleen by hoogste uitsondering nodig is. Dienooreenkomstig verklaar Edgar Bodenheimer soos volg:

A reasonable and satisfactory system of law will be obeyed by most members of the community... Compulsion is used against a non-cooperative minority; in any normal and effectively working commonwealth the number of lawbreakers against whom sanctions must be employed is much smaller than the number of law-abiding citizens.¹⁰⁶

Op grond van eietydse liberale opvattinge oor die reg en konstitusionalisme, meer bepaald oor die individu se posisie in 'n regsbestel, behoort die reg hom nie met oortuigings oor dit wat goed is – die goeie – te bemoei nie.¹⁰⁷ Dit behoort alleen oor die regte te gaan. Die goeie is volgens hierdie opvatting suiwer 'n kwessie van persoonlike voorkeur, waarmee die reg hom nie behoort te bemoei nie. Al wat die reg moet doen, is om langs die weg van gelyke individuele regte dit vir elkeen moontlik te maak – om elkeen se individuele reg te waarborg – om self te oordeel oor wat goed, aangenaam en lekker is en om aan die hand daarvan op te tree. Dit kom dan tot uitdrukking in die breedste moontlike beskouing van individuele vryheid en dan by uitstek van die reg op vryheid van uitdrukking.

¹⁰⁶ Bodenheimer, E. 1974. *Jurisprudence: the philosophy and method of law*. Cambridge, Massachusetts: Harvard University Press, p. 273.

¹⁰⁷ Ons sou dit ook as staatlik-individualistiese konstitusionalisme kon beskryf, wat juis is wat gedoen is in: Malan, K. 2019. *There is no supreme constitution – a critique of statist-individualist constitutionalism*. Stellenbosch: African SUN Media – kyk meer bepaald pp. 31-41.

Presies die teenoorgestelde is waar. Deur goed te leef, naamlik deurdat mense hulle plekke en hoedanighede na behore beklee, hulle rolle en verantwoordelikhede getrou nakom en hulle ampspligte vervul, word die regsorde gekonstitueer en in stand gehou en word ander se regte eerbiedig. Die regsbestel word derhalwe nie in stand gehou en regte eerbiedig, deur nadenke oor die goeie uit die regsdiskoers te weer asof dit nie daar hoort nie. Juis nie, want die goeie, aan die hand van die heldere begrip van die ses konsepte wat hier voorgestel is, is juis dit wat 'n regsbestel in die eerste plek moontlik maak – en boonop verseker dat regte eerbiedig word.

SAMEVATTING

Eietydse regsordes is wesenlik liberaal. Hulle word so sterk deur die dominasie van die subjektiewe individuele regte gekenmerk dat dit bykans as natuurlik beskou word. Gevolglik is dit omtrent onmoontlik om 'n regsorde te bedink waarin individuele regte nie die terrein van die reg nagenoeg volledig beset nie. Sodanige liberale ordes word bowendien as inherent goed beskou.

Daar is egter niks natuurlik aan regsordes wat deur individuele regte gedomineer word nie. Inteendeel, tot betreklik onlangs is die reg nog veel meer in 'n objektiewe sin bedink, dit wil sê, nie as 'n stel subjektiewe individuele regte nie, maar as objektiewe stelselgeregtigheid waarin mense bepaalde uiteenlopende plekke ingeneem het.

In hierdie bespreking word die opkoms van onderskeidelik die individu en individuele regte eers nagegaan. Daaruit blyk dit dat die klassiek Griekse en Romeinse asook Christelike opvattinge van die reg inderdaad slegs 'n geringe plek aan subjektiewe individuele regte toegeken het. Die klemtoon was op die reg as 'n objektiewe stelsel van geregtigheid waarin individuele regte indien dit hoegenaamd erken is, onbelangrik was.

Die opkoms van die individu en individuele regte is 'n moderne wins, waarsonder ons nie kan klaarkom nie. Aan die ander kant is die verdwyning uit ons gemoed van die denkbeeld van die reg as 'n objektiewe stelsel van geregtigheid, juis weer 'n verlies. Daar word geredeneer dat hierdie denkbeeld as't ware herontdek, gerehabiliteer en moderniseer moet word. Vir hierdie doel word die klassieke sienswyses nagegaan. In die laaste deel van die artikel word dan aan die hand gedoen dat daar ses heg verwante en wedersyds aanvullende denkbeelde beskikbaar is, wat 'n helderder insig oor die regsorde – 'n verrykte en verbeterde regsorde – verskaf en bowendien beter strook met ons daaglikse ervaring. Hierdie denkbeelde is dié van *plek, rol, hoedanigheid, verantwoordelikheid, amp en roeping*. Hierdie denkbeelde word in die laaste gedeelte van die artikel toegelig ten einde in samehang met subjektiewe regte 'n meer omvattende regsorde te behels.

BIBLIOGRAFIE

- Antonites, AJ. (datum nie vermeld). *Middeleeuse wysbegeerte*. Navorsings- en publikasiekomitee, Universiteit van Pretoria.
- Arnold, C. 1978. Analysis of rights. in Kamenka, E & Tay, A. (eds). *Human Rights*. London: Edward Arnold.
- Aurelius, M. 2004. *Meditations*. London: Penguin Books.
- Böckenförde, EW. 1981. *State, society and liberty* (vertaling vanuit Duits deur Underwood, JA). New York: Berg Publishing Ltd.
- Bodenheimer, E. 1974. *Jurisprudence – the philosophy and method of the law*. Cambridge, Massachusetts: Harvard University Press.
- Burt, EA. 1967. *The English philosophers from Bentham to Mill*. New York: The Modern Library.
- Copleston, FC. 1972. *A history of Medieval philosophy*. London: Methuen.

- d' Entreves, AP. 2000. *Natural law*. London: Hutchinson & Co.
- Donnelly, J. 1982. Human rights and human dignity: An analytic critique of the Non-Western conception of human rights. *American Political Science Journal*, 76:303-316.
- Duguit, L. 1920. Objective law. 20 *Columbia Law Review*.
- Dumont, L. 1986. *Essays on individualism – modern ideology in sociological perspective*. Chicago: University of Chicago Press.
- Friedrich, CJ. 1974. *Limited government – a comparison*. New Jersey: Englewood Cliffs.
- Goosen, D. 2007. *Die nihilisme – notas oor ons tyd*. Johannesburg: Praag.
- Goosen, D. 2015. *Oor gemeenskap en plek*. Pretoria: FAK.
- Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996.
- Hart, HLA. 1961. *The concept of law*. Oxford: Clarendon Press.
- Henkin, L. 1990. *The age of rights*. New York: Columbia University Press.
- Locke, J. 1992. *Of Civil government (Second Treatise)*. South Bend Indiana: Regebyr/Gateway Inc.
- Macintyre, A. 1981. *After virtue*. New York: Bloomsbury Academic.
- Malan, K. 2012. *Politokrasie – 'n Peiling van die dwanglogika van die territoriale staat en gedagtes vir 'n antwoord daarop*. Pretoria: Pretoria University Law Press.
- Malan, K. 2019. *There is no supreme constitution – a critique of statist-individualist constitutionalism*. Stellenbosch: African SUN Media.
- Mommsen, T & Krueger, P et al. 1985. *The Digest of Justinian*. Latin English translation edited by Watson, A. Philadelphia, PA: University of Pennsylvania Press.
- Morris, C. 1972. *The discovery of the individual 1050-1200*. London: SPCK.
- Nisbet, R. 1990. *The quest for community – a study in the ethics of order and freedom*. San Francisco: ICS Press.
- Oakeshott, M. 2006. *Lectures in the history of political thought*. Exeter: Imprint –academic.
- Oppenheim, L. 1974. *International Law: A Treatise*. London: Longman.
- Pennock, JR. 1981. Rights, natural rights and human rights – a general view. In Pennock, JR & Chapman, JW (eds). *Human Rights Nomos XXIII*. New York: New York University Press
- Rawls, J. 1971. *A theory of justice*. Oxford: Oxford University Press.
- Siedentop, L. 2014. *Inventing the individual: the origin of Western liberalism*. London: Penguin.
- Strauss, L. 1965. *Natural rights in history*. Chicago: University of Chicago Press.
- Szabo, I. 1982. Historical Foundations of Human Rights in Vasak, K et al. *The International Dimension of Human Rights*. Westport, Connecticut: Greenwood Press.
- Tarnas, R. 2010. *The passion of the Western mind*. London: Pimlico.
- Tierney, B. 1997. *The idea of natural rights – studies in natural rights, natural law, and church law 1150-1625*. Michigan: William B Eerdmans Co Grand Rapids.
- Van Zyl, DH. 1977. *Geskiedenis en beginsels van die Suid-Afrikaanse reg*. Durban: Butterworth.
- Vincent, A. 2011. *The politics of human rights*. Oxford: Oxford University Press.

REGSINSTRUMENTE

- Grondwet van die republiek van Suid-Afrika 1996.
- Internasionale Verbond vir Burgerlike en Politieke Regte (1966).
- Internasionale Verbond vir Ekonomiese, Sosiale en Kulturele Regte (1966).
- Universele Verklaring van Menseregte van die verenigde Nasie (10 Desember 1948)

Die probleem van historiese skuld in Suid-Afrika

The problem of historical guilt in South Africa

LEOPOLD SCHOLTZ

Buitengewone hoogleraar, Geskiedenis

Noordwes-Universiteit

Potchefstroom

Suid-Afrika

E-pos: leoscholtz@yahoo.com



Leopold Scholtz

LEOPOLD SCHOLTZ het gestudeer aan die Universiteit van Stellenbosch, die Randse Afrikaanse Universiteit en die Universiteit van Leiden, waar hy in 1978 'n doktorsgraad verwerf het. Hy was adjunkredakteur van *Die Burger* in Kaapstad, asook buitengewone professor in geskiedenis aan die Universiteit van Stellenbosch voordat hy uit protes teen die instelling se taalbeleid bedank en na die Noordwes-Universiteit se Potchefstroom-kampus oorgeskuif het. Hy is die outeur of mede-outeur van nege boeke en ongeveer 50 eweknie-beoordeelde artikels in akademiese tydskrifte.

LEOPOLD SCHOLTZ studied at the University of Stellenbosch, the Rand Afrikaans University and the University of Leiden, where he obtained a doctor's degree in 1978. He was deputy editor of *Die Burger* in Cape Town, as well as extraordinary professor of history at the University of Stellenbosch, before he resigned in protest because of the institution's language policy and switched to the Potchefstroom campus of the Northwest University. He is the author or co-author of nine books and in the vicinity of 50 peer-reviewed articles in academic journals.

ABSTRACT

The problem of historical guilt in South Africa

South Africans are very quick to accuse one another of having been very bad in the past.

Afrikaners are accused of severe race discrimination in the form of apartheid. They are portrayed as uniquely evil, almost as bad as the Nazi's in the Second World War. At the same time, especially the ANC/SACP is accused of severe transgressions, such as terrorism in the name of a freedom struggle, support for a totalitarian system in the form of Marxism-Leninism, and extreme intolerance of deviant viewpoints in the liberation movement.

It would be wrong to view the matter in a simplified way, as the problem of historical guilt is a complex one.

In this article, the problem is, firstly, examined from an ethical perspective. Apartheid must be recognised as – when viewed from a Christian viewpoint – immoral and wrong. The policy is examined in detail, with the conclusion that, while there were fleeting moments in which things could have developed more positively, these moments were still-born.

Datums:

Ontvang: 2021-09-06

Goedgekeur: 2022-01-27

Gepubliseer: Maart 2022

Subsequently, the accusation that apartheid was akin to Nazism is examined. It is concluded that, while there were superficial similarities, the differences were too deep, in principle, to be taken seriously.

Another aspect that should be seriously considered is why the Afrikaners actually acted in a particular way. Without defending what they had done, it is clear that they, in their own minds, were convinced that the very survival of Afrikaners as a people was at stake amidst threatening historical circumstances exemplified by the political, cultural and economic onslaught of British imperialism, as well as the looming shadow of a vastly superior majority of black people.

Lastly, there is the question as to whether the ANC/SACP also has historical guilt to carry. In the light of the way in which the very Kremlin-loyal SACP during the years took over the leadership of the alliance, the answer must be yes. The alliance wanted to replace apartheid with Communism, a policy which has as severe ethical problems as may be ascribed to apartheid. Also, the alliance handled dissenters in an extremely intolerant way by locking them up in concentration camps, where they were treated very cruelly.

It is hoped that a nuanced treatise like this could promote a public debate in South Africa.

KEYWORDS: Apartheid, communism, ANC/SACP, Nazis, Karl Jaspers, Alfred Nzo, Oliver Tambo, Nelson Mandela, President FW de Klerk, Afrikaner nationalism, Lenin, Gandhi, Albert Luthuli, Kabwe, MK, Chris Hani, TRC, Joe Slovo

TREFWOORDE: Apartheid, kommunisme, ANC/SAKP, Nazisme, Karl Jaspers, Alfred Nzo, Oliver Tambo, Nelson Mandela, pres. FW de Klerk, Afrikanernasionalisme, Lenin, Gandhi, Albert Luthuli, Kabwe, MK, Chris Hani, WVK, Joe Slovo

OPSOMMING

Historiese skuld is ten beste ’n baie problematiese konsep. Dit word duidelik geïllustreer deur die Duitse geskiedenis sedert 1945, toe die Duitsers vir hulself rekenskap moes gee van hul optrede in die jare 1933–1945.¹ Wié het wát aan wíé gedoen? Wie besluit oor die vraag van skuld of onskuld van wie? En wie of wat gee hulle die reg om dit te doen? Welke morele of regsbeginsels word in die proses gebruik?

Ook: Hoe ver moet in die tyd teruggegaan word? Na Columbus se aankoms in die Nuwe Wêreld in 1492? Na Jan van Riebeeck se koms na die Kaap in 1652? Na die “Scramble for Africa” in die negentiende eeu? Die verwoesting van die Boererepublieke en die groot sterfte van die Republikeinse burgerlike bevolking in die konsentrasiekampe in 1899–1902? Die begin van apartheid in 1948? Dit is vrae wat nie so maklik beantwoord kan word nie.

Tog, gebeurte wat ’n sekere morele grens oorskry – soos die volksmoord op die Jode in die Tweede Wêreldoorlog, die Rwandese volksmoord van 1994, of die etniese “suiwering” in die Balkan in dieselfde tyd – het uitgekristalliseer in ’n bepaalde konsensus oor internasionale optrede rakende menseregte in die breedste sin van die woord, en dit is geformaliseer in ’n sekere juridiese benadering oor die saak.

Oor die kwessie van historiese skuld in Suid-Afrika is, in elk geval op politieke vlak, reeds besluit. Die paradigma wat die ANC aan die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) voorgehou het – wat, met sekere nuanses, basies deur die WVK aanvaar is – was dat

¹ Kyk Leopold en Ingrid Scholtz: “Problematisch verleden: een vergelijking tussen Duitsland, Polen en Zuid-Afrika” (*Historia* 48/1, Mei 2003, pp. 126-168).

daar twee kante in die bevrydingstryd was. Oorvereenvoudig, was dit die “slegte ouens” (die apartheidsregering) teen die “goeie ouens” (die bevrydingsbewegings, veral die ANC/SAKP).

Volgens die ANC was daar “an unjust cause on one side and a just cause on the other”. Enersyds was “the philosophy and practice of the use of force to ensure the perpetuation of the [apartheid] system” inherent in die stelsel van wit minderheidsregering. Apartheid het die wêreld in twee dele gekategoriseer, “humans with a right to govern and sub-humans privileged to be governed”. Dit kon slegs in stand gehou word deur “the concentrated expression of the unlimited right to the use of force”. Andersyds het die bevrydingsbewegings die morele en juridiese reg gehad om geweld vir die bereiking van hul vryheid te gebruik. “Thus, it would be morally wrong and legally incorrect, for instance, to equate apartheid with the resistance against it. While the latter was rooted in the principles of human dignity and human rights, the former was an affront to humanity itself.”²

Daar is ook ’n ander moontlike paradigma, wat egter nooit behoorlik geartikuleer is nie. Dit is dalk die beste verwoord deur wyle genl. Constand Viljoen, wat in 1996 by die debat oor die aanvaarding van die Wet op Waarheid en Versoening aan ’n parlementêre komitee gesê het “dat ons almal maar mal was, dat ons almal maar ’n donker kant gehad het.”³ Met ander woorde, pleks van “goeie ouens” teen “slegte ouens”, het álmal wat aan die stryd deelgeneem het, elemente van “goed” en “sleg” bevat.

Die doel van dié artikel is om dié probleem te ondersoek.

Historiese skuld in etiese perspektief

As ’n mens uitgaan van ’n vertrekpunt wat beïnvloed word deur die liberaal-demokratiese en Christelike etiek, kan ’n mens nie anders nie as om te stel dat apartheid – gegewe die praktiese gevolge – ’n immorele beleid was. Dit wil nie sê dat álle vorms van territoriale segregasie of stelsels wat voorsiening vir etniese verskille maak noodwendig boos is nie. As só ’n stelsel die gevolg is van ’n ooreenkoms waartoe die demokraties aangewese verteenwoordigers van alle groepe vryelik ingestem het, en as dit sonder grootskaalse diskriminasie en lyding toegepas kan word, kan dit duidelik nie verkeerd wees nie. Maar dít is ’n teoretiese oefening; dit is geen akkurate beskrywing van die apartheidsbeleid wat die destydse Suid-Afrikaanse regering gevolg het nie.

Dit is waar dat sommige van die oorspronklike ideoloë wat die apartheidsidee ontwerp het (op die tipiese paternalistiese wyse wat die vroeë 20ste eeu in die algemeen gekenmerk het), die stelsel gesien het as ’n filantropiese beleid wat ook die swartes en bruinmense sou bevoordeel. Sommige intellektuele – ’n mens dink aan byvoorbeeld proff. BB Keet, Ben Marais en André Hugo, die skrywer NP van Wyk Louw en ander – het deurgaans beklemtoon dat apartheid ’n eties aanvaarbare grondslag moes hê.

In 1948 het die Nasionale Party ’n verslag van ’n kommissie onder leiding van Paul Sauer gepubliseer om onder meer die intellektueel-etiese grondslag van apartheid te verwoord. Gelykstelling is verwerp omdat dit tot die vernietiging van die wit bevolking sou lei. Daarteenoor moet die apartheidsbeleid wat die kommissie voorsien, voldoen aan die Christelike eise van geregtigheid en billikheid: “Elke vorm van verdrukking word dus verwerp as verkeerd en volkskadelik, sowel wittes as swartes, en in teenstelling met die beleid van apartheid.”⁴

² Tweede ANC-voorlegging aan die WVK TRC, 12.5.1997, by ww.truth.org.za/submit/anc2.htm.

³ Aangehaal in *Die Burger*, 28.7.1999.

⁴ David Welsh: *The Rise and Fall of Apartheid* (Johannesburg, Jonathan Ball, 2009), p.21.

Daar was ’n vlietende oomblik in die jare vyftig, toe die Tomlinson-kommissie gedetailleerde voorstelle voorgelê het om Suid-Afrika in verskeie geografiese gebiede te verdeel, dat só ’n benadering kon geslaag het. Maar dit was waarskynlik toe al te laat, want die ekonomiese groei wat deur die Tweede Wêreldoorlog gestimuleer is, het toe reeds ’n onkeerbare verstedelingsproses aan die gang gesit wat uiteindelik alle apartheidsmure sou deurbreek.⁵

Bowendien, vir die destydse politici was die filantropiese aspek van apartheid ’n duidelik sekondêre saak. Vir hulle was apartheid primêr ’n instrument om die politieke mag te behou. In die proses is sowat 3,5 miljoen mense met dwang van die sogenaamde “swart kolle” na die “tuislande” verskuif in ’n uitgebreide operasie wat vandag moontlik “etniese suiwering” genoem sou kon word. Die benedegeweld op die Kaapse Vlakte kan minstens gedeeltelik toegeskryf word aan die maatskaplike ontwrigting van die gedwonge verskuiwing van bruinmense kragtens die Groepsgebiedewet. Ook die intense misdaadgolf wat Suid-Afrika die laaste jare teister, is deels die resultaat van die minagting wat apartheid vir die “witman se wet” by die swartes geskep het.⁶ (Dit is natuurlik nie die enigste oorsaak nie; daar is ook ander.)

Afgesien van die fisieke leed en ontwrigting was dalk die ergste aspek van apartheid en die voorafgaande kolonialisme die sielkundige skade wat dit aan diegene aan die ontvangskant berokken het. Die swartes is wysgemaak dat hul kultuur en geskiedenis minderwaardig is. “The European insisted that we accept his version of the past,” aldus prof. ZK Matthews, een van die vroegste swart intellektuele en ’n steunpilaar van die ANC. Maar “it was utterly unacceptable to accept his judgements on the actions and behaviour of Africans, of our own grandfathers in our own lands.”⁷ Wat die bruines betref, hul blote bestaan is deur die Wet op die Verbod van Gemengde Huwelike en art. 16 van die Ontugwet tot sonde verklaar.

Wat die Afrikaners en die wittes se skuld des te erger maak, is dat die meeste van dié feite bekend was, veral sedert die jare sestig. Soms het dit ’n bepaalde moeite gekos om hulle uit te grawe, maar hulle was beskikbaar vir enigeen wat wou weet. Maar lank nadat die effense morele vernis wat apartheid aanvanklik bedek het weg was, lank nadat die politici ten volle beseft het wat hulle aan die doen was (en dit dikwels privaat toegegee het), het hulle steeds daarmee voortgegaan, en het wittes en Afrikaners steeds dié leiers gevolg. Daarby het die meeste Afrikaners en wittes hulself met immoraliteit oorlaai.

Die Duitse filosoof Karl Jaspers (1883–1969), wat self ’n slagoffer van die Nazi’s in die Tweede Wêreldoorlog was, het vier kategorieë van skuld teen die agtergrond van die oorlog geïdentifiseer:

- *Krimineel-juridiese skuld*: Hier bedoel hy lede van die SS, Gestapo en ander wat aktief misdade begaan het, wat mense vermoor, vergas of gemartel het;
- *Politieke skuld*: Die meeste Duitsers, aldus Jaspers, het nie persoonlik misdade gepleeg nie. Maar hulle het die Nazi’s met hul stemgedrag gesteun en entoesiasies langs die straat gewaai en die Nazi-salut gegee wanneer Hitler verbygekom het. Dié mense het die Nazi’s die politieke steun gegee om te doen wat hulle wou doen;

⁵ Leopold en Ingrid Scholtz: *Kruispaaie. Afrikanerkeuses in die 19de en 20ste Eeu* (Pretoria, Kraal, 2016), pp. 116-126.

⁶ Vgl. Gulshan Khan, Hlengiwe Motaung en Max Bearak: “In a sudden bout of racial killings, a South African suburb sees a dark history repeating itself” (*Washington Post*, 7.8.2021).

⁷ Aangehaal in Anthony Sampson: *Mandela, the Authorised Biography* (Johannesburg, Jonathan Hall, 1999), p. 13.

- *Morele skuld*: Natuurlik het nie alle Duitsers die Nazi's aktief gesteun nie. Baie was apaties of het geen belangstelling in die politiek gehad nie. Maar hulle het ook geen vinger gelig om die Nazi's te stop nie;
- *Metafisiese skuld*: Dit is die skuld wat alle mense op aarde weens die oersonde voor God het.⁸

Vir die doeleindes van ons analise kan ons die laaste kategorie buite rekening laat; dit is veels te wyd. Maar die eerste drie kategorieë verskaf 'n baie bruikbare model. In terme van dié model was 'n klein getal Afrikaners krimineel-juridies skuldig – die Jeff Benziens en die Eugène de Kocks. Verreweg die meeste Afrikaners en wittes was polities en moreel skuldig, aangesien hulle óf vir die Nasionale Party gestem het óf niks gedoen het om die destydse regering te stop nie.

Die aanklag teen die Afrikaners en die wittes

Die tipiese aanklag teen die Afrikaners en die wittes is dat hulle 'n beleid gesteun en uitgevoer het wat tot 'n misdaad teen die mensdom uitgeroep is, 'n misdaad wat in sy boosheid met die Nazisme self vergelyk kan word. In hul boek skryf Kader en Louise Asmal en Robert Suresh Roberts in 'n absolute oordeel: “The apartheid state stood outside any possibility of beauty or of simple decency. To act in defence of apartheid was to choose a path of immorality and international outlawry, with no possibility of ever approaching the good.”⁹

In 1986 het die ANC se sekretaris-generaal, Alfred Nzo, by die 65ste herdenking van die SAKP se stiging in Londen verklaar: “Comrades, the imperialist domination of our country has produced one of the most abhorrent social systems ever known to mankind. It is no accident that apartheid has, like Nazism, been solemnly categorised and denounced as a crime against humanity. To this system, as to Nazism, belong the theory and practice of the denial of the very humanity of an entire people, resulting in the veritable daily commission of the crime of genocide against our people.”¹⁰

En in sy toesprake, soos versamel op die ANC se webwerf,¹¹ het die ANC se leier, Oliver Tambo, apartheid gereeld met die Nazisme en die Joodse volksmoord gelykgestel. 'n Tipiese, taamlik lukraak gekose voorbeeld was 'n toespraak by die La Trobe-Universiteit in Australië in 1987, waar hy gesê het: “During the [Second World] war, some of those who had hoped for the victory of Hitler's Germany had been detained, arrested for subversion, for attempting to subvert the war effort. They never accepted that South Africa should participate in the war against Hitler. They were supporters of Nazi Germany ... They won an election ... They were determined to achieve in South Africa what Hitler had failed to do internationally. They were determined to win the war Hitler had lost. They were going to turn South Africa into something which Hitler would have been glad to see. A superior race lording it over allegedly, supposedly, inferior races – especially the black race.”¹²

⁸ Vgl. Klaus P. Fischer: *Nazi Germany, a New History* (Continuum, 1997), waarvan 'n relevante uittreksel gevind kan word by mars.wnec.edu/~grempe/courses/hitler/lectures/german_guilt.html.

⁹ Kader Asmal, Louise Asmal en Ronald Suresh Roberts: *Reconciliation through Truth. A Reckoning of Apartheids' Criminal Governance* (Cape Town, David Philip, 1996), p. 42.

¹⁰ “Message of the National Executive Committee of the African National Congress” by www.sacp.org.za/docs/history/65yrs.html.

¹¹ Kyk www.anc.org.za/ancdocs/history/or/.

¹² Kyk Tambo se toespraak, 3.4.1987, by www.anc.org.za/content/address-oliver-tambo-la-trobe-university.

Opgesom: Die Afrikaners en die wittes was skuldig aan apartheid, ’n misdaad teen die mensdom wat só afskuwelik was dat dit in dieselfde asem as die Nazisme genoem kan word, ’n beleid wat verantwoordelik was nie alleen vir die volksmoord waarin ses miljoen Jode gesterf het nie, maar vir ’n wêreldoorlog waarin die Nazi’s regstreeks skuldig en medeskuldig was aan die dood van sowat 24 miljoen mense.¹³

Apartheid en die Nazisme: ’n Vergelyking

Ons sal later sien presies waaraan die Afrikaners en die wittes wêrklik skuldig was. Die vraag wat ons nou besig hou, is of hulle inderdaad skuldig was aan dít waarvan hulle aangekla is.

Daar kan geen twyfel wees dat sommige van die aanklagte ’n sekere mate van waarheid bevat nie. Sommige Afrikaners het Nazi-Duitsland in die oorlog gesteun. Sommige het selfs verder gegaan en sabotasie gepleeg om Suid-Afrika se oorlogspoging te ontwrig.¹⁴ Nietemin, enige akademiese historikus wat die waarheid gewetensvol probeer dien, kan nie outomaties die woord van politici aanvaar nie, mense wat dikwels dinge sê om hul eie politieke agenda te dien.

Feit is dat daar diep en prinsipiële verskille tussen die Nazisme en apartheid was:

- Apartheid en die Nazisme het vanuit ’n totaal verskillende ideologiese konteks geopereer. Die Nazi’s het die Jode vervolg en massaal vermoor *vir geen ander rede as dat hulle Jode was nie*. Wat die Jode ook al gedoen het of juis nie gedoen het nie, dit was vir die Nazi-ideoloë volstrek irrelevant. Andersyds, ofskoon rassisme beslis ’n belangrike bydraende faktor in die opkoms en toepassing van apartheid was, dit was primêr ’n instrument vir oorlewing. Die feit dat ’n mens oor die wysheid van die gebruik van dié instrument kan verskil, verander niks aan die basiese historiese feit dat dit die Afrikaners se antwoord was op dekades en selfs eeue se subjektiewe ervaring waarin hulle gevoel het dat hul oorlewing op die spel was nie. Ons sal na dié tema terugkeer.
- Die Nazisme was ’n totalitêre stelsel wat die hele samelewing met sy eie ideologie wou onderwerp en beïnvloed. Niks, nie die politieke lewe, godsdiens of selfs vryetydsbesteding, kon aan die stelsel ontsnap nie. In dié eienskap was dit soortgelyk aan die kommunisme. Apartheid het totalitêre trekke gehad in soverre dit ’n totale formule vir Suid-Afrika se probleme gesoek het. Maar ’n groot deel van die samelewing is met rus gelaat.
- Apartheid was ’n stelsel met diepgaande wetlike rassediskriminasie waardeur gekleurdes ernstig gely het. Maar dis nie dieselfde as volksmoord, as massamoord, nie. Die Nazisme het ’n volledige groep mense, die Jode, tot die laaste man probeer uitwis. In Suid-Afrika het die wittes as minderheid nooit eens daaraan gedink om die swart meerderheid uit te moor nie. Om die waarheid te sê, die swartes se aktiewe deelname aan die stelsel van apartheid is aktief gesoek – en soms verkry. Dit het ook beteken dat wanneer ’n struikelblok opgedaag het, kon die apartheidsregeerders slegs selektiewe strafmaatreëls toepas, heeltemal anders as die miljoene wat deur die Nazi’s afgeslag is. In die jare sewentig en tagtig was sowat tweederdes van die polisie swart, en ’n groeiende getal “etniese” bataljons in die Leër het daarvan getuig dat swartes

¹³ Stéphane Courtois:

¹⁴ Kyk George Cloete Visser: *OB – Traitors or Patriots?* (Johannesburg, Macmillan, 1976.)

in beduidende getalle aan die voortsetting van apartheid deelgeneem het.¹⁵ In teenstelling hiermee sou ’n egte Nazi absoluut gewalg word deur die blote idee dat Jode tot die Gestapo, SS of die Wehrmacht toegelaat word.

- Ses miljoen Jode is deur die Nazi’s vermoor. Aan die ander kant het die groeikoers van die swart bevolking van Suid-Afrika gedurende die apartheidjare gegroei van 2% in die dekade voor die invoering van die beleid tot 3% in die jare tagtig, toe apartheid op sy hoogtepunt was.¹⁶ Voorts, volgens statistieke van die SA Menseregte-kommissie, het 73 politieke gevangenes deur die toedoen van die apartheidregering gesterf, terwyl nog 49 weens politieke oortredings die doodstraf gekry het. Die kommissie het ook 150 politieke sluipmoorde in die jare 1974–1989 deur die regering geboekstaaf, en nog 220 deur alle politieke partye in 1990–1994, waarvan aanvaar kan word dat die regering vir minstens ’n deel verantwoordelik was.¹⁷ Interessant genoeg, die getal mense wat in die “vuil oorlog” van die Argentynse militêre diktatuur teen sy opponente vermoor is, was ruweg dieselfde as die totaal wat in Suid-Afrika aangehou was – 78 000 – mense wat, toegegee, dikwels sleg behandel of selfs gemartel is, maar wat wel oorleef het. In dieselfde tyd het die regse diktatuur in El Salvador 55 000 mense vermoor, van wie 31 000 slegs in 1980–1981.¹⁸ Die burgeroorlog in Guatemala het die lewe van 150 000 mense vroegtydig beëindig, van wie 40 000 verdwyn het en van wie aangeneem word dat hulle deur lede van die weermag of polisie vermoor is.¹⁹ (Die syfers word nie aangehaal om die apartheidregering se skuld te verminder nie. Immers, elke politieke opponent wat weens sy of haar politieke oortuigings vermoor is, is een te veel en kan onder geen omstandighede goedgekeur word nie. Tog plaas die getalle dinge wel in ’n sekere perspektief.)
- Die Nazi’s het geen politieke opposisie hoegenaamd toegelaat nie. In Suid-Afrika het die regering – weliswaar met wisselende mate van ontoesiasme – die bestaan van ’n parlementêre opposisie geduld, saam met ’n relatief vrye regterlike stelsel en media (in elk geval vry genoeg om die regering herhaaldelik te embarrasseer). Waar selfs die fiksie van die reg en die regstaat in Duitsland afgeskaf is, het dit in Suid-Afrika oorleef. En soms het selfs die blote fiksie ’n kragtige skild teen onreg geblyk.

Die gevolgtrekking is duidelik: Apartheid en die Nazisme kan geensins vergelyk word sonder om die waarheid geweld aan te doen nie. Soos Heribert Adam dit treffend stel: “In short, if anything and everything amounts to fascism and genocide, then nothing is fascism and genocide. The propagandistic inflation of serious accusations cheapens the fate of the real victims of fascism.”²⁰

Selfs die Marxistiese historikus Dan O’Meara beskryf die fascistesoekers se metode as “verificationist analysis”: “The first analytical step erects a model of fascism. Subsequent

¹⁵ C.J. Nöthling: “The role of non-whites in the South African Defence Force” (*Scientia Militaria*, 16/1, 1986, pp. 47-54).

¹⁶ Vgl. Hermann Giliomee: “Manipulating the Past” (*Political Correctness in South Africa*. SA Institute of Race Relations en die Friedrich Naumann-Institute, Braamfontein, 2000), p. 113).

¹⁷ Max Coleman (ed.): *A Crime against Humanity. Analyzing the Repression of the Apartheid State* (Cape Town, David Philip, 1998), pp. 56, 84, 251 en 258.

¹⁸ Cf. Jeremy Seekings: *The UDF. A History of the United Democratic Front in South Africa 1983-1991* (Kaapstad, David Philip, 2000), p. 300.

¹⁹ Kate Doyle: “Death Squad Diary” (*Harper’s Magazine*, Junie 1999).

²⁰ Heribert Adam, Frederik van Zyl Slabbert & Kogila Moodley: *Comrades in Business* (Cape Town, Tafelberg, 1997), p. 34.

enquiry is directed towards gathering empirical proof of South Africa's fit into the model, rather than an investigation of the historical specificity of the South African social formation. The real comparative insights gained through the use of the concept of fascism do not compensate for the lack of historical specificity, nor, in my view, really extend the theoretical understanding of the South African social formation in general, and Afrikaner nationalism in particular." Om dié rede het hy dit nie gebruik in sy studie van die Afrikanergeskiedenis nie.²¹

Uiteraard is daar steeds die argument dat die VN apartheid, soos die Nazisme, tot 'n misdaad teen die mensdom uitgeroep het. Dit is waar. In 1974 het die Algemene Vergadering van die VN só 'n resoluëie goedgekeur. Die geregtigheid van die aanklag kan egter bevraagteken word as 'n mens kyk presies wie die resoluëie gesteun en wie dit teengestaan het: Onder die ondersteuners was hoofsaaklik totalitêre diktature soos die Sowjetunie en sy satelliete in die Kommunistiese blok, plus militêre diktature of eenpartystate in die Derde Wêreld. Andersyds was die opponente of dié wat buite stemming gebly het hoofsaaklik Westerse demokrasieë, dikwels lande wat self onder die Nazi-besetters deurgeloo het en nie die unieke aard van die Joodse volksmoord wou relativer nie.²² Op dié gronde kan 'n mens nie anders as om politieke-opportunistiese motiewe te vermoed nie, pleks van suiwer eties-morele redes.

Daar is nóg 'n saak waarvan 'n bespreking uiters politiek inkorrekt sou wees. Kom ons aanvaar argumentsonthalte dat die Nasionale Party nie in 1948 aan die bewind gekom het nie. In só 'n geval sou dit redelik wees om te aanvaar dat Suid-Afrika nie vry sou bly van die winde van verandering van die dekolonisasieproses nie, en dat die land op 'n tydstep in die jare sestig of vroeë sewentig 'n swart regering sou gekry het.

Dié regering sou heel waarskynlik geleë gewees het deur 'n vurige Nelson Mandela wat nie die kalmerende invloed van 27 jaar se nadenke in die gevangenis sou ondergaan het nie. As 'n mens na sy openbare uitsprake en geskrifte in die jare vyftig kyk, sou dié Nelson Mandela heel moontlik basies dieselfde rigting ingeslaan het as sommige van sy sielsgenote, soos Jomo Kenyatta, Julius Nyerere, Kwame Nkrumah, Kenneth Kaunda en ander. Suid-Afrika sou blootgestel gewees het aan rampspoedige sosialistiese eksperimente. Teen die agtergrond van wat elders in Afrika gebeur het, kan vermoed word dat die land waarskynlik 'n eenpartystaat sou geword het. Moontlik sou militêre staatsgrepe plaasgevind het, soos elders op die vasteland. Gesien die groeiende invloed van die SA Kommunistiese Party in die ANC selfs in die vyftigs en sestigs, is dit ook glad nie onmoontlik dat Suid-Afrika, soos Mosambiek en Angola, 'n Marxistiese-Leninistiese eenpartystaat kon geword het nie.

Dit is dus 'n diep historiese ironie dat die apartheidstelsel wat, uit 'n liberaal-demokratiese perspektief bekyk, slegs as immoreel beskryf kan word, gefungeer het as 'n skild teen 'n selfs nóg immoreler stelsel, die kommunisme. Apartheid het dié funksie uitgeoefen tot 1989, toe die kommunisme geval het en daarmee saam ook die laaste ekskuus om die NP se groeiende outoritêre benadering en magsuitoefening voort te sit. En dit was regstreeks verantwoordelik vir pres. FW de Klerk se historiese toespraak van 2 Februarie 1990, waarin hy die doodsklok van apartheid gelui het.

Die gevolgtrekking is dus duidelik: Waaraan die Afrikaners en die wittes ook al skuldig is, hul skuld word grootliks oordryf. *Nogtans moet dit tog duidelik gestel word: Apartheid*

²¹ Dan O'Meara: *Volkskapitalisme. Class, Capital and Ideology in the Development of Afrikaner Nationalism 1934-1948*, (Johannesburg, Ravan Press, 1983), p. 11.

²² Vgl. "International convention on the suppression and punishment of the crime of Apartheid", 30.11.1973 (by https://treaties.un.org/pages/ViewDetails.aspx?src=TREATY&mtdsg_no=IV-7&chapter=4&clang=_en).

was 'n unieke historiese verskynsel wat tipies en eie aan Suid-Afrika was. Al was daar beleidsrigtings en omstandighede elders in die wêreld wat ooreenkomste daarmee vertoon het, moet die verskynsel uiteindelik, as dit puntjie by paaltjie kom, binne sy eie omstandighede en op sy eie voorwaardes beoordeel word.

Waarom het hulle gedoen wat hulle gedoen het?

Vir enige akademikus en historikus wat verbind is tot 'n soeke na die waarheid, is dit nie voldoende om dié waarheid so na as moontlik te rekonstrueer nie. Dit is nie genoeg om oordele, gebaseer op die feite wat hy blootgelê het, te vel nie. Hy moet dieper delf. Hy moet ook vasstel *waarom* dinge gebeur het soos hulle gebeur het, en wat die motiewe van mense was om te doen wat hulle gedoen het.

In sy boek *The Historians' Craft* verklaar die vermaarde Franse historikus Marc Bloch dat “there are two ways of being impartial: that of the scholar and that of the judge. They have a common root in their honest submission to the truth.” Maar op 'n gegewe oomblik loop hul paaie uiteen. “When the scholar has observed and explained, his task is finished. It yet remains for the judge to pass sentence.” Vir die historikus is dit egter nie só eenvoudig nie: “Are we so sure of ourselves and of our age as to divide the company of our forefathers into the just and the damned? How absurd it is, by elevating the entirely relative criteria of one individual, of one party, or one generation to the absolute ... If the judgment only followed the explanation, the reader could simply skip it. Unfortunately, the habit of judgments leads to a loss of taste for explanations. When the passions of the past blend with the prejudices of the present, human reality is reduced to a picture in black and white.” Bloch se konklusie is: “When all is said and done, a single word, ‘understanding’, is the beacon light of our studies. ... It is so easy to denounce. We are never sufficiently understanding. Whoever differs from us – a foreigner or a political adversary – is almost inevitably considered evil. ... If history would only renounce its false archangelic airs, it would help us to cure this weakness.”²³

Dit is natuurlik moontlik om die maklike pad in te slaan. 'n Mens kan apartheid en alles wat in die naam van die stelsel gebeur het, toeskryf aan rassisme, aan haat en afkeer van swart mense. Of andersins kan dit uit 'n Marxistiese perspektief verklaar word as 'n instrument om ekonomiese mag en voorregte en klasseverskille te behou. Dit sou nie heeltemal verkeerd wees nie; dié faktore kan beslis nie genegeer word nie. Maar hulle vorm slegs 'n deel van die legkaart. As daar één tema in die geskiedenis van die Afrikaners is wat hul houding meer as enigiets anders verklaar, is dit hul voortdurende geveg vir oorlewing.

Uit hul geskiedenis sedert die begin van die negentiende eeu het die Afrikaners een groot historiese les geleer: As hulle wil oorleef *as groep, as etniese eenheid* (en nie eenvoudig as individue nie), moet hulle die land – of minstens deel daarvan – regeer. Dit was een van die embrioniese, enigsins ongeartikuleerde argumente vir die Groot Trek. Dit was een van die kragtigste faktore wat die kommando's gedurende die Anglo-Boereoorlog gemotiveer het om tot die bitter einde in die veld te bly. Dit was die hoofrede waarom die Afrikaners hul gelede ná 1902 gesluit het om die politieke mag op wettige wyse te wen, eers in 1924 en toe weer in 1948.

Die eerste regeringstermyn van die Nasionale Party het plaasgevind op 'n tydstip dat die bitterheid oor die onreg van die Britse imperialisme nog relatief swak ontwikkel was. Die Afrikaners se nasionalistiese gevoelens kon grootliks bevredig word deur simboliese gebare

²³ Marc Bloch: *The Historian's Craft* (New York, Alfred A. Knopf, 1953), pp. 138-144.

soos die erkenning van Afrikaans op gelyke vlak met Nederlands en Engels, ’n nuwe staatswapen, ’n nuwe vlag, ensovoorts. In die jare 1933–1948 het verskeie faktore (veral die ekonomiese krisis van die vroeë dertigerjare, die invloed van die Duitse romantiese nasionalisme onder Afrikaner-intellektuele, en die feit dat die nuwe generasie – die kinders van die konsentrasiekampe – begin het om leierskapsposisies oor te neem) gesamentlik daartoe bygedra om die Afrikanerpolitiek beslissend te radikaliseer. Toe die NP die bewind dus in 1948 vir ’n tweede keer verkry, het die party besluit om dit nooit weer af te staan nie. As dit gebeur, so was die gevoel, sou dit die oorlewing van die Afrikaners bedreig. Die NP was, in elk geval in dié stadium, nie eenvoudig ’n politieke party nie. Soos dr. Hendrik Verwoerd gesê het, dit was “’n volk in beweging”. En apartheid sou een van die belangrikste instrumente om oorlewing te verseker wees.²⁴

Hermann Giliomee en Lawrence Schlemmer stel dit só: “... since the Afrikaners were rooted in South Africa and had nowhere else to go, they had to ensure their survival within the country. The only way in which they could safeguard their culture, language and ‘bio-genetic’ identity was through exclusive political control over ‘white’ South Africa – that is, South Africa outside the so-called Bantu homelands. In any unitary state Afrikaners (and other whites) would be swamped.”²⁵

Op dié manier het ’n historiese bedreigingsgevoel daartoe gelei dat apartheid gesien is as sinoniem met oorlewing. Daar was natuurlik talle soorte ideologiese argumente om apartheid te regverdig. Maar as die saak tot sy diepste kern gereduseer word, was dit die belangrikste rede vir die stelsel.

’n Mens kan uiteraard stel dat apartheid die verkeerde manier was om oorlewing te bewerkstellig. ’n Mens kan ook op die immoraliteit van die stelsel wys. Maar die oorlewingsinstink is een van die sterkstes in die natuur. En as die historikus verby die maklike stadium van aanklagte wil beweeg, as hy die geskiedenis werklik wil analiseer, moet die paradigma van apartheid as ’n oorlewingstrategie een van die belangrikste verklarings wees.

Is enigiemand anders ook skuldig?

Wie in ’n glashuis woon, moet nie klippe na ander gooi nie, lui die spreekwoord. As diegene wat die Afrikaners van immoraliteit beskuldig self moreel onbevlek (of grotendeels onbevlek) is, sou hulle die morele reg hê om dit te doen. As hulle egter self ’n historiese skuld las dra, sal ’n sekere beskeidenheid hulle pas.

Weer eens, gesien uit die perspektief van liberaal-demokratiese waardes en Christelike moraliteit en etiek, is die stryd van iemand wat geweldloos teen apartheid vir die verkryging van ’n liberale veelpartydemokrasie gestry het, moreel meer werd as dié van iemand wat met geweld vir die behoud van apartheid geveg het. Met ander woorde, met daardie agtergrond as uitgangspunt verdien iemand soos Helen Suzman ons bewondering in verskeie opsigte; iemand soos Eugène de Kock nie.

Maar talle van die huidige aanklaers word nie gevind onder die Helen Suzmans van die wêreld nie. Hulle kom dikwels van die ANC en die SA Kommunistiese Party. Dit is dus ’n legitieme vraag om te stel hoe húl morele verlede dan is. Drie temas is hier van belang: Die

²⁴ Leopold Scholtz: *Kruispaaie: Afrikanerkeuses in die 19de en 20ste eeu* (Pretoria, Kraal, 2016), pp. 95-99.

²⁵ Hermann Giliomee en Lawrence Schlemmer: *From Apartheid to Nation-Building* (Cape Town, Oxford University Press, 1989), p. 42.

aanwending van geweld in die *struggle*, die invloed van die kommunisme, en die stand van die ANC se interne demokrasie.

Die kwessie van geweld: Daar is basies twee revolusionêre modelle, die Leninistiese en die Gandhiaanse model.²⁶ Die eerste is histories gekenmerk deur dwang, terreur en bloedvergieting. 'n Taamlik tipiese aanhaling om dit te illustreer sou die volgende woorde wees van Felix Dzierzjinski, eerste hoof van die Tsjeka, Lenin se geheime polisie en voorganger van die KGB: “Ons bestaan op die grondslag van georganiseerde terreur, wat 'n absoluut essensiële element in revolusie is. Ons bied die vyande van die Sowjetregering die hoof met terreur en verdelg die misdadigers onmiddellik ... Die Tsjeka is geen gereghof nie. Dit is 'n verdediger van die Revolusie, net soos die Rooi Leër. En net soos die Rooi Leër in die burgeroorlog nie kan halt roep om te kyk of hy individue veronreg nie, en verplig is om 'n enkele doel na te volg, naamlik die oorwinning van die Revolusie oor die *bourgeoisie* – op dieselfde manier is die Tsjeka verplig om die Revolusie te verdedig en die vyand te verguis, selfs as sy swaard soms op die koppe van onskuldiges neerkom.”²⁷

Histories het die Leninistiese model onherroeplik tot diktature gelei. Daar is geen enkele voorbeeld van 'n gewelddadige Leninistiese diktatuur wat tot 'n liberale demokrasie gelei het nie. Die Poolse filosoof en demokrasie-aktivis Adam Michnik het dit in die tagtigs só gestel: “Teen die agtergrond van die geskiedenis dink ons as ons ons Bastilles bestorm, ons onwetend nuwes bou ... Dit moet des te meer vermy word omdat demokrasie selde uit bloedige opstande gebore word.”²⁸ Elders het hy gesê: “Ek is nie bang vir wat hulle aan ons kan doen nie, maar waarin hulle ons kan verander.” En: “Ek bid dat ons nie van gevangenes in gevangenisbewaarders verander nie.”²⁹

Die tweede model is gewelddoos. Dit is nie dieselfde as pasifisme of passiwiteit nie; intendeel, dit verg ongelooflike moed, wilskrag en dissipline, moontlik selfs meer as die gewelddadige Leninistiese model. Dit is nie slegs taamlik suksesvol deur Mahatma Gandhi gepraktiseer nie, maar dit was ook 'n regstreekse inspirasie vir Martin Luther King. En ná hom pous Johannes Paulus II, die hoof-ideoloog van die reeks gewelddoos revolusies agter die Ystergordyn in die jare tagtig, wat begin het in Pole, waar die vakbondleier Lech Walesa en sy volgelingen die gewelddoos stormtroepe van 'n unieke revolusie was. Dit is 'n model met beperkings, maar wat in sekere omstandighede kan slaag en wat moreel veel hoogstaander as die Leninistiese model is.

Die gewelddoos model was goed bekend in Suid-Afrika. Gandhi het die fondament van sy strategie geskep in sy verblyf van 19 jaar in Suid-Afrika en ANC-leiers soos Albert Luthuli en Nelson Mandela het die invloed daarvan erken. Mandela het self geskryf: “I saw non-violence on the Gandhian model not as an inviolable principle but as a tactic to be used as the situation demanded”.³⁰ Hierin het hy verskil met Luthuli, wat baie meer beginselvas in sy gewelddoos benadering was.³¹

²⁶ Vgl. hieroor Leopold en Ingrid Scholtz: “Die etiek van revolusionêre geweld: 'n Vergelyking van die Leninistiese en Gandhiaanse model” (*Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 42/3, September 2003, pp. 178-196).

²⁷ Ronald W. Clark: *Lenin, the Man behind the Mask* (London, Faber & Faber, 1988), p.370.

²⁸ “Adam Michnik by home.wlu.edu/~bahlstrom/adam_michnik.htm.

²⁹ Robert Fulford: “Tyranny and after: Adam Michnik in today's Poland” (*Globe and Mail*, 19.9.1998).

³⁰ Nelson Mandela: *Long Walk to Freedom. The Autobiography of Nelson Mandela* (London, Abacus, 1995), p. 147.

³¹ Scott Everett Couper: ““An embarrassment to the Congresses?": The silencing of Chief Albert Luthuli and the production of ANC history” (*Journal of Southern African Studies*, 25/2, Junie 2009, pp. 331-348).

Nietemin het die ANC – hoofsaaklik onder invloed van Mandela en die SAKP – in 1960–1961 besluit om die Leninistiese model te aanvaar. Aanvanklik was die nuwe guerrillabeweging, Umkhonto we Sizwe (MK), baie versigtig om geen ongevallen onder die burgerlike bevolking te veroorsaak nie. Ná die eerste mislukte golf bomaanvalle en sabotasiepogings het MK na Zambië en Tanzanië geretireer, waarvandaan sy enigste operasionele aktiwiteite ’n rampspoedige poging was om die Zimbabwiese beweging Zapu te help om die destydse Rhodesië te infiltrer – die sogenaamde Wankie-veldtog onder bevel van wyle Chris Hani.³²

Die onafhanklikwording van Mosambiek en Angola in 1975 en die Soweto-onluste die daaropvolgende jaar het die strategiese situasie aansienlik verander. In 1978 het ’n afvaardiging van die ANC en SAKP Viëtnam besoek om van daardie land se ervaring te leer. Gebaseer daarop is ’n nuwe strategie geformuleer, wat ’n verandering van die aanvanklike naïewe geloof was dat die Suid-Afrikaanse regering deur ’n eenvoudige militêre opstand omvergewerp kon word. Volgens die nuwe strategie sou die *struggle* voortaan op vier pilare gebou word, waarvan die gewapende stryd slegs een was. Die ander drie was die internasionale isolasie van Suid-Afrika, klandestiene aktiwiteite in die land self, en die mobilisering van die massa om die land onregeerbaar te maak.³³

Verder het die ANC se National Consultative Conference wat in 1985 in Kabwe, Zambië, gehou is, formeel besluit om die aanwending van geweld te eskaleer en “to shift the struggle from the black ghettos into the white areas”. “We can no longer allow our armed activities to be determined solely by the risk of civilian casualties. The time has come when those who stand in solid support of the race tyranny and who are its direct or indirect instruments, must themselves begin to feel the agony of our counter-blows.”³⁴ Op ’n perskonferensie het Tambo verwys na die Geallieerdes se besluit in die Tweede Wêreldoorlog om Duitse stede uit die lug te bombardeer en gesê dat die “distinction between ‘hard’ and ‘soft’ targets is going to disappear ... I think the distinction between hard and soft targets is being erased by the development of the conflict.”³⁵ In ’n koerantonderhoud kort daarna het hy gesê burgerlikes sal hoofsaaklik in “a crossfire situation” getref word. Maar, het hy bygevoeg, “We will not go into cinemas and bars and places like that. We won’t do that. But we will certainly be looking for military personnel, police and so on.”³⁶

Maar die moeilike kommunikasie tussen die MK-guerrillas binne Suid-Afrika en die leiding in ballingskap het dié besluit van die begin af futiel gemaak. Daar was eenvoudig geen manier waarop voldoende beheer uitgeoefen kon word nie, en die leiers kon dit geweet het. Volgens statistieke, wat lede van die ou SA Weermag aan die WVK verskaf het, was daar ná die Kabwe-konferensie ’n skerp klemverskuiwing van “harde” na “sagte” teikens. Die volgende tabel³⁷ wys hoe die verskuiwing hom in die praktyk gemanifesteer het, ondanks die verklarings van Tambo:

³² Nicole van Driel: “The ANC’s first armed military operation” (MA-verhandeling, UWK, 2003).

³³ Vgl. “The dream of total liberation of Africa is in sight” (*Sechaba*, Maart 1984, p. 4).

³⁴ Sien die notule van konferensie by gopher.anc.org.za/00/anc/history/kabrep.txt. Vir ’n analise, kyk Leopold en Ingrid Scholtz: “Die Konferensie van Kabwe en die ANC/SAKP se gewapende stryd” (*Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 51/4, Desember 2011, pp. 551-574).

³⁵ www.anc.org.za/ancdocs/history/or/or85-7.html.

³⁶ www.anc.org.za/ancdocs/history/or/or85-12.html.

³⁷ Verslag van SAW-generaals in my besit.

PERIODE	% HARDE TEIKENS	% SAGTE TEIKENS
1983	80	20
1984	63	37
1985	33	63
1986	17	83
1988	31	69
1989	17	83

Selfs terwyl dié nuwe strategie in Kabwe bespreek is, is vier bomaanvalle in Suid-Afrika uitgevoer, op ’n hotel, ’n restaurant, ’n garage en ’n stadhuis. Nege burgerlikes is beseer. Tot aan die einde van die jaar is dit opgevolg deur 15 bomaanvalle, waarin 5 mense dood en nog 55 beseer is. Verder is altesame 406 mense gedood deur die berugte “necklace”-metode en 28 beseer. Nog 395 mense het in brande gesterf en 150 is beseer.³⁸

Oor dié afskuwelike metode om politieke opponente te vermoor het die ANC ’n ambivalente benadering gehad. ’n Tipiese uitlating was dié van Chis Hani in 1986, toe hy aan die ANC-tydskrif *Sechaba* gesê het: “So the necklace was a weapon devised by the oppressed themselves to remove this cancer of collaboration of the puppets ... from the very disruptive and even lethal activities of the puppets and collaborators. We do understand our people when they use the necklace because it is an attempt to render our townships, to render our areas and country ungovernable ... But we are saying here our people must be careful ... We have our own revolutionary methods of dealing with collaborators, the methods of the ANC. But I refuse to condemn our people when they mete out their traditional forms of justice to those who collaborate. I understand their anger.”³⁹

In sy amptelike voorlegging aan die WVK het die ANC dit geëggo: “But the ANC leadership refused, and will always refuse to condemn those who believed they were part of the struggle for liberation led by the ANC and UDF ...”⁴⁰

In sy amptelike verslag het die WVK bevind dat die wyse waarop die ANC sy gewapende stryd in Suid-Afrika gevoer het, met inbegrip van die halssnoermoorde, op ernstige menseregtevergrype neergekom het.⁴¹

In die UDF was daar wel sommige leiers – byvoorbeeld aartsbiskop Desmond Tutu en in ’n mindere mate ook dr. Allan Boesak – wat dinge min of meer geweldloos wou hou. Maar die UDF het ook gedien as binnelandse toevlugsoord en fort vir die ANC, wat die geweldloosheid van bogenoemde leiers gekanselleer het.

Die invloed van die kommunisme in die ANC:

Die intrede van die kommunisme in die ANC dateer van 1927, toe die destydse president van die ANC, Josiah Gumede, ’n kongres bygewoon het van die Bond teen Imperialisme in Brussel, en toe verder na Moskou gereis het. Hy was vergesel van James la Guma, sekretaris van die ANC se Kaapstadse tak en ook lid van die Kommunistiese Party van Suid-Afrika (KPSA),

³⁸ H.D. Stadler: *The Other Side of the Story. A true perspective* (Pretoria, Contact Publishers, 1997), pp. 68 en 179.

³⁹ Aangehaal in die tweede voorlegging van die ANC voor die WVK, 12.5.1997, at <https://www.justice.gov.za/trc/hrvtrans/submit/anc2.htm>.

⁴⁰ Ibid.

⁴¹ WVK: *TRC Report*, VI, p. 655.

wat ses jaar tevore gestig is. In Moskou het La Guma 'n onderhoud gehad met Nikolai Boecharin, voorsitter van die Komintern, die internasionale bond waarin alle kommunistiese partye ter wêreld verteenwoordig was – 'n front wat deur die Kremlin oorheers is. Boecharin het aan La Guma Lenin se leer rakende kommunistiese partye in koloniale situasies uitgelê. Dit het daarop neergekom dat hulle om mee te begin nou moes saamwerk met bourgeois-partye om die val van die koloniale regime te bewerkstellig terwyl hulle hul eie onafhanklikheid handhaaf. Daarna sou 'n tweede fase met 'n behoorlike sosialistiese revolusie volg.⁴²

Op dié grondslag het Boecharin en La Guma saamgestem dat die bourgeois-beweging waarmee die kommuniste moes saamwerk vanselfsprekend die ANC was.⁴³ Die jaar daarop is die besluit geformaliseer deur 'n resolusie van die Komintern dat “the Party should pay particular attention to the embryonic organisations among the natives, such as the African National Congress. The Party, while retaining its full independence, should participate in these organisations, should seek to broaden and extend their activity. Our aim should be to transform the African National Congress into a fighting nationalist revolutionary organisation against the white bourgeoisie and the British imperialists, based upon the trade unions, peasant organisations, etc., developing systematically the leadership of the workers and the Communist Party in this organisation.”⁴⁴

In die dertigs het dié strategie op die agtergrond geraak, aangesien sowel die KPSA en die ANC gesukkel het om aan die gang te bly. Bowendien, toe 'n groep woedende jong swart Suid-Afrikaners (onder wie 'n militante jong Nelson Mandela) die ANC nuwe lewe wou inblaas, het hulle ernstige besware gehad teen die leidende rol van nie-swartes – veral wittes en Indiërs – in die beweging. Tog, teen die vroeër vyftigs was die meeste van dié protesteerders oortuig dat die kommuniste 'n baie waardevolle rol in die stryd speel en dat hulle omhels, eerder as beveg, moes word. Wat Mandela self betref, die feit dat wit kommuniste swartes as gelykes behandel en aansienlike deurstellingsvermoë in hul stryd teen apartheid aan die dag gelê het, was genoeg om hul hulp te aanvaar. Agterna het hy treffend geskryf: “I did not need to become a communist in order to work with them. I found that African nationalists and African communists generally had far more to unite them than to divide them. The cynicals have always suggested that the communists were using us. But who is to say that we were not using them?”⁴⁵

Mandela was waarskynlik heeltemal opreg in sy geloof. Maar dit is nie hoe die kommuniste sake self beskou het nie. In 1950 het die KPSA hom opgehef nadat dit duidelik geword het dat die regering hom sou verbied, iets wat inderdaad kort daarna gebeur het. In 1949 het die Kominform – die opvolger van die Komintern – die resolusie van 1928 bekragtig.⁴⁶ In sy jaarverslag vir 1949, wat kort voor sy opheffing deur die KPSA aanvaar is, het die party ooreenkomstig die Komintern-resolusie van 1928 geargumenteer dat kommuniste met “national organisations” moes saamwerk: “The national organisations, to be effective, must be transformed into a revolutionary party of workers, peasants, intellectuals and petty bourgeoisie ...”⁴⁷ In 1952 het die kommuniste hul party ondergronds as die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party herskep.

⁴² Brian Bunting: *Moses Kotane, South African Revolutionary*, p. 28.

⁴³ Edward Roux: *S.P. Bunting. A Political Biography*, pp. 88-89.

⁴⁴ Sheridan Johns: *Raising the Red Flag. The International Socialist League and the Communist Party of South Africa, 1914–1932*, p. 226.

⁴⁵ Nelson Mandela: *Long Walk to Freedom* (London, Abacus, 1994), pp. 138-139.

⁴⁶ David Everatt: “Alliance politics of a special type: the roots of the ANC/SACP alliance, 1950–1954”, (*Journal of Southern African Studies*, 18/1, Maart 1992, p. 24.

⁴⁷ Tom Lodge: *Black Politics in South Africa since 1945* (Johannesburg, Ravan Press, 1983), p. 28.

Dieselfde tema kan sedertdien in tallose dokumente gevind word. Ironies genoeg, die verbod op die Kommunistiese Party het sy bondgenootskap met die ANC soos niks anders nie verstewig. In groeiende getalle het Kommuniste hoë posisies in die ANC bereik. Teen die tyd van die Rivoniasaak was slegs één van die tien (Walter Sisulu) nié lid van die SAKP nie. (In sommige verouderde bronne word Mandela ook genoem as iemand wat geen lid was nie, maar lank ná sy dood het dit bekend geword dat hy dit in dié stadium wel was.⁴⁸) Die invloed van die SAKP in die top van die ANC het sy hoogtepunt gevind tydens die Nasionale Raadgewende Vergadering in Kabwe in 1985, toe die Nasionale Uitvoerende Komitee tot 30 lede vergroot is, van wie minstens 22 lid van die SAKP was.⁴⁹ Ook Oliver Tambo, formeel geen lid nie, het ideologies baie na aan die kommunisme gestaan.⁵⁰

In sy nuwe program, *The Path to Power*, wat op sy kongres in 1989 in Havana, Kuba, aanvaar is, het die SAKP aansienlike moeite gedoen om die kwessie van die twee revolusies te verduidelik – die eerste synde die “national democratic revolution” (wat in samewerking met die ANC sou geskied), en dan die “socialist revolution”. Drie belangrike punte moet hier uitgelig word. *Eerstens* wys die dokument op die “correlation of class forces within the liberation alliance” as een van die faktore wat die sukses van die tweede fase sou bepaal: “In the final analysis, this depends on the extent to which the working class ... assume positions within the democratic alliance.” (Natuurlik, met die SAKP wat die voorhoedeparty van die werkersklas is, beteken dit by implikasie dat die SAKP die leidende posisies in die ANC moet hê.) *Ten tweede* stel die dokument veelseggend dat “[v]ictory in the national democratic revolution is, for our working class, the most direct route to socialism and ultimately communism”. *In die derde plek* word beklemtoon dat “[a] deliberate effort will have to be made to prevent attempts by the bourgeoisie and aspirant capitalist elements – and their imperialist supporters – to dominate state power and divert the revolution.”⁵¹

Dié laaste punt is natuurlik volkome in ooreenstemming met die ortodokse Marxisties-Leninistiese teorie, ingevolge waarvan ’n kommunistiese owerheid alle stappe mag doen, met inbegrip van die afskaffing van die liberale veelparty-demokrasie, om onbepaald lank aan die mag vas te hou. Dit word genoem die diktatuur van die proletariaat.

Neem verder in ag dat die SAKP tradisioneel een van die mees Kremlin-getroue kommunistiese partye ter wêreld was. Joe Slovo het self in ’n onderhoud in 1988 toegegee: “I was defending the Stalinist trials of the 1930s ... It’s not that we did not know what was going on, but we just rejected whatever evidence was produced and rationalised our way out of it ... It resulted in a defence in principle of everything Russia did both domestically and internationally.”⁵²

Met ander woorde, ’n mens mag met veiligheid tot die gevolgtrekking kom – en laat ek my hier uiters presies uitdruk – dat die leiding van die ANC destyds oorheers is deur mense

⁴⁸ Stephen Ellis: *External Mission. The ANC in Exile 1960–1990* (London, Hurst, 2017), pp. 17 en 20-23; Irina Filatova: *The Hidden Thread. Russia and South Africa in the Soviet Era* (Johannesburg, Jonathan Ball, 2013), pp. 300-301). Vir Mandela se vroeë flirtasie met die kommunisme, kyk Leopold en Ingrid Scholtz: “Nelson Mandela se houding teenoor die kommunisme” (*Historia* 59/2, November 2014, pp. 79-93).

⁴⁹ Stephen Ellis and Tsepo Sechaba: *Comrades against Apartheid* (London, James Currey, 1992), pp. 150-151.

⁵⁰ Vgl. Leopold en Ingrid Scholtz: “Oliver Tambo en die kommunisme” (*Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 57/4, Des. 2017, pp. 1-16).

⁵¹ Kyk *The Path to Power* by www.sahistory.org.za/archive/path-power-1989-sacp.

⁵² Aangehaal in Heribert Adam: “Eastern Europe and South African Socialism: Engaging Joe Slovo” (Idasa Occasional Papers, 29), p. 3.

wat nie soseer in die totstandkoming van ’n liberale veelparty-demokrasie belang gestel het nie, maar in ’n eenparty-diktatuur.

Die ANC se gebrek aan interne demokrasie

’n Derde metode om na te gaan in welke mate die ANC en sy bondgenote aan ’n ondersoek rakende historiese skuld onderwerp mag word, is die wyse waarop hy na binne opgetree het. Op die keper beskou moet die beweging hom oor baie dinge verantwoord, veral gedurende die laaste jare van sy ballingskap.

Verskeie faktore het hiertoe bygedra.

- Om mee te begin het die relatief groot getal rekrute wat ná 1976 na die ANC in die buiteland gestroom het, vir ’n sekere mate van ontwrigting gesorg in ’n organisasie wat gewoon geraak het aan ’n beskeie bestaan. Anders gestel, die ANC was eenvoudig nie in staat om die toevloed te hanteer nie.⁵³
- Terselfdertyd het die Suid-Afrikaanse regering die geleentheid gebruik om die ANC met spioene en informante te infiltreer. Dié mense is dikwels swak opgelei en is maklik ontmasker. ’n “Spy scare” het in 1981 uitgebreek, wat ’n paranoia oor potensieële gevare vir die beweging teweeg gebring het. Dus het die Security Department – oorheers deur lede van die SAKP, meestal opgelei in die Sowjetunie en Oos-Duitsland en algemeen bekend as *Mbokodo* (die “maalsteen”) – enorm in mag en invloed toegeneem.⁵⁴
- Dit het saamgeval met ’n diep kloof tussen die gewone MK-lede in die opleidingskampe, veral in Angola, en die leierskap. Volgens die Stuart-kommissie⁵⁵ was die toestande in sommige kampe “shocking, to say the least. Extremely poor quality of food, no fresh meat, vegetables or fruit for months; hardly any recreation facilities; low level of cultural activities, poor tents, uniforms, boots, sports shoes if any; no medicaments, corruption and fear is omnipotent.” Terselfdertyd was daar ’n “insensitivity and the open abuse of authority on the part of some officers”.⁵⁶
- Wat *Mobokodo* self betref, daar was bewerings oor grootskaalse verduistering van geld, onwettige handel in waardevolle minerale en die diefstal van motorvoertuie.⁵⁷ Daar was ook bewerings dat MK-bevelvoerders in groot luukse geleef het, veel beter as hul ondergeskiktes geëet het, en selfs dat hulle hul voorregte misbruik het deur hulself seksueel op te dring aan vroulike MK-lede of die vriendinne van MK-rekrute. “There is a widespread belief that women are sex objects and that they do not develop politically and militarily,” het die Stuart-kommissie bevind.⁵⁸
- Dit alles het gelei tot ’n neerdrukkende atmosfeer van vrees. Volgens die Motsuyenyane-kommissie, “with the increasing authority of the security department in the camps, it became a dangerous thing to voice criticism, and this, in turn, stifled the political expression of the cadres”.⁵⁹ Selfs Pallo Jordan, ’n prominente nie-konformis

⁵³ Motsuyenyane-verslag, p. 32 (in my besit).

⁵⁴ Motsuyenyane-verslag, pp. 32-33 (in my besit).

⁵⁵ James Stuart was die skuilnaam van Hermanus Loots, wat later ’n parlamentslid van die ANC geword het.

⁵⁶ Stuart-verslag by www.anc.org.za/ancdocs/misc/stuartreport.html.

⁵⁷ Motsuyenyane-verslag, p. 29 (in my besit).

⁵⁸ Stuart-verslag by www.anc.org.za/ancdocs/misc/stuartreport.html.

⁵⁹ Motsuyenyane-verslag, p. 38 (in my besit).

in die ANC, is ses weke lank deur die Security Department opgesluit. Geen rede is verskaf nie, maar die feit dat dit gebeur het nadat hy kritiek op *Mbokodo* uitgespreek het, laat 'n mens dink.⁶⁰

Teen dié agtergrond het twee verwante opstande in ANC-kampe in Angola plaasgevind, een in die deurgangskamp Viana in die buitewyke van Luanda, en die ander in die opleidingskamp Pango in die noorde van Angola. Dit sou ons te ver voer om die presiese verloop van sake na te gaan; dit is voldoende om te sê dat albei opstande onderdruk is met behulp van ANC-lojaliste en Angolese regeringsoldate en met die gebruikmaking van sowel oorreding as militêre geweld. Die leiers is óf verhoor en tereggestel (soms sonder dat hulle hul kon verdedig), of opgesluit in Kamp 32, wat onder die gevreesde naam Quatro bekend geword het.

Die wantoestande en marteling wat daagliks in Quatro voorgekom het, is goed gedokumenteer⁶¹ en dit is nie nodig om al die bloedige feite op te raket nie. Wat wel relevant is, is die politieke konteks waarin die hele opstand plaasgevind het.

Verseke bronne maak dit duidelik dat die rebelle se doel was om die ANC-leiding verantwoordbaar te hou en om interne demokrasie binne die beweging uit te oefen. Immers, dit was nou al 1984, en die laaste keer dat die ANC 'n konferensie gehou het, was in 1969 te Morogoro, Tanzanië. Dit was inderdaad een van die eise van die rebelle, dat nog 'n raadgewende konferensie belê word. Maar soos 'n groep leiers van die rebelle later geskryf het, “[t]he demands were a backhand blow in the face of the ANC leadership. They threatened to explode the myth of a ‘tried and tested’ leadership. No wonder Chris Hani, in one of those tense and emotionally charged meetings, in bewilderment retorted: ‘You are pushing us down the cliff! You are stabbing us in the back!’⁶²

Uiteindelik is 'n konferensie inderdaad gehou, en wel in 1985 te Kabwe, Zambië. Maar die kwessie van die muitery en die rebelle se eise is nie uitdruklik aan die orde gestel nie. En ofskoon 'n verkiesing gehou is vir 'n vergrote NUK, het Oliver Tambo vooraf 'n lys name gesirkuleer van mense wat hy aanbeveel het. Geen enkele naam van buite die lys is gekies nie, wat dié oefening in interne demokrasie taamlik tam gemaak het.⁶³

Later het Joe Slovo self erken (ofskoon slegs namens die SAKP): “Our external policies were dominated by blind adherence to the decisions of the Soviet Communist Party, a practice which took root during the period when all affiliates of the CPSU-dominated Comintern were obliged to follow its decisions. Some of our negative practices were imposed upon us by the framework in which we were forced to operate. For example, during the 40 years of illegality we could not engage in complete inner-party democracy.”⁶⁴

⁶⁰ Motsuyenyane-verslag, p. 28 (in my besit).

⁶¹ Kyk bv. die Motsuyenyane-verslag (ongepubliseer; die Skweyiya-verslag (by www.anc.org.za/ancdocs/misc/skweyiya.html); Bandile Ketelo, Amos Maxongo, Zamxolo Tshona, Ronnie Massango and Luvo Mbengo: “A Miscarriage of Democracy. The ANC Security Department in the 1984 Mutiny in Umkhonto we Ziswe” (Bob Myers(ed.): *Revolutionary Times, Revolutionary Lives. Personal Accounts of the liberation struggles* (London, Index, 1997), pp. 55-98); Mwezi Twala en Ed Benard: *Mbokodo. Inside MK: Mwezi Twala – a Soldier’s Story* (Johannesburg, Jonathan Ball, 1994); Leopold en Ingrid Scholtz: “Die ANC/SAKP in Angola: 'n Gevallestudie rakende interne demokrasie” (*Historia* 54/1, Mei 2009, pp. 211-238).

⁶² Ketelo et. Al: “A Miscarriage of Democracy” (Meyers (ed.): *Revolutionary Times, Revolutionary Lives*, p. 70).

⁶³ Ellis and Sechaba: *Comrades against Apartheid*, pp. 148-150.

⁶⁴ Toespraak van Slovo aan die Universiteit van Wes-Kaapland, 19.7.1991, by www.sacp.org.za/docs/history/stereotypejs.html.

Niemand minder nie as die (weliswaar taamluk onafhanklik denkende) ANC-voorbok Pallo Jordan het tydens 'n interne ANC-debat oor die saak gesê: “Comrades, I’ve learnt something very interesting today. There is such a thing as regime torture, and there is ANC torture, and regime torture is bad and ANC torture is good; thank you for enlightening me!” – en toe weer gaan sit.⁶⁵

So kan gesien word dat die beskuldigende vinger wat die ANC/SAKP na die apartheidsregering gewys het, nie skoon was nie. Dit beteken nie noodwendig dat alles waarvan hulle die vorige regering beskuldig het, onwaar is nie. Dit beteken wel dat die alliansie se geloofwaardigheid, wanneer hy die beskuldigings maak, maar baie beperk is.

Dié benadering beteken nie dat die Afrikaners en die ANC/SAKP se historiese skuld teen mekaar “opweeg” en dus gerelativeer word nie. Albei moet in beginsel volledig los van mekaar beskou word; anders word die polarisasie van die verlede eenvoudig deur emosionele vergelykings in stand gehou. Die Suid-Afrikaanse debat verg juis dat daar verder as net dit beweeg word – dat die toekoms nie gyselaar deur die verlede gehou word nie. Ook moet beklemtoon word dat die fokus die verskynsel van historiese skuld as sodanig is, nie dié van die Afrikaners of die ANC/SAKP nie.

GEVOLGTREKKING

Gebaseer op voorgaande beskouings, lyk 'n aantal basiese gevolgtrekkings geregverdig:

- Uit 'n Christelike moreel-etiese oogpunt beskou, was die apartheidsbeleid, soos hy toegepas is, immoreel en vir groot menslike leed verantwoordelik. Diegene wat die beleid geformuleer, uitgevoer en aktief of passief gesteun het, het te make met 'n historiese skuld waarmee hulle in hul gewetes in die reine moet kom.
- Terselfdertyd is die aanklag hoogs oordrewe. Volgens die klagstaat, soos veral opgestel is deur die ANC/SAKP, was apartheid nie slegs uit die bose nie, maar 'n misdaad teen die mensdom en vergelykbaar met Adolf Hitler se Nazisme. Wanneer 'n mens apartheid egter nugter, logies en op feite gebaseer met die Nazisme vergelyk, duik verskeie duidelike, prinsipiële en onoorbrugbare verskille op. Dit maak enige vereenselwiging van apartheid met die Nazisme in alle opsigte onhoudbaar.
- Wat ook van belang is, is om vas te stel wat die motiewe vir apartheid was. Naas die onmiskenbare rassisme en paternalistiese kolonialisme (wat, terloops, destyds wêreldwyd voorgekom het) was dit veral die Afrikaners se vrees dat hulle nie *as volk* sou oorleef nie. Dit was 'n praktiese instrument om voortbestaan te verseker. Die feit dat 'n mens dit as 'n onverstandige instrument kan beskou, neem nie die feit van die saak weg nie.
- Ten slotte is die hande van diegene wat die klagstaat geformuleer het, ook nie skoon nie. Die ANC/SAKP se stryd teen apartheid het gepaard gegaan met gruwelike geweld en terreur waarin talle burgerlikes gesneuwel het. Bowendien het die SAKP – een van die mees Kremlin-getroue kommunistiese partye ter wêreld – die ANC allengs prakties en ideologies volkome oorheers. Teen die tweede helfte van die jare tagtig, kan sonder meer bewys word, wou die alliansie geen liberale veelparty-demokrasie teweeg bring nie, maar 'n totalitêre Marxisties-Leninistiese eenparty-diktatuur. Ten slotte het die ANC/SAKP sy totalitarisme prakties bewys deur sy wrede verdrukking

⁶⁵ Albie Sachs: “Fourth D.T. Lakdawala Memorial Lecture” (Nieuw-Delhi, 1995), p. 18.

van interne debatvoering binne die alliansie en die vervolging van almal wat anders as die leiding gedink het.

Uiteindelik hét die ANC/SAKP natuurlik die bewind in 1994 oorgeneem, maar die historiese konteks waarin dit gebeur het, was volkome anders as die periode terwyl hy apartheid vanuit die buiteland met 'n totalitêre diktatuur probeer vervang het. Sy praktiese en ideologiese beskermheer, die Sowjetunie, het uitmekaar geval, en die kommunistiese ideologie was nie meer die blinkende ster wat die ANC/SAKP so nougeset nagevolg het nie. Die nuwe politieke paradigma was die liberale veelpartydemokrasie, iets wat die Grondwet van 1997 nougeset weerspieël het. Gevolglik is daar 'n aktiewe parlementêre opposisie wat die regering op talle terreine hotagter gee; 'n onafhanklike regbank wat die regering gereeld tot verantwoording roep; asook 'n lewendige burgerlike samelewing en aktivistiese media wat die regering dikwels embarrasseer.

Uiteraard kan geen grondwet, hoe voorbeeldig demokraties dit ook al is, 'n regering dwing om goed te regeer nie. En inderdaad, politieke waarnemers is dit eens dat die ANC/SAKP sedert sy bewindsoorname nié goed geregeer het nie. Soos Khulu Mbatha, 'n leidende intellektueel met noue bande met die ANC, oor die verskil tussen 1994 en 2014 skryf: "The flame of the miracle seemed to have faded away. South Africa has changed, and so have the main actors, including the ANC. The glorious character of the organisation as a leader of society is now questionable. It is almost as though the ANC is making itself irrelevant to South Africa's future." Elders skryf hy dat die ekskuus dat die ANC nog aan die leer is, ná 22 jaar in die regering nie meer geldig kan wees nie. Hy verwys reguit na die "gross blunders and misconduct committed by the current leadership".⁶⁶

Maar as 'n mens kyk waar die destydse regering gestaan het en waar die ANC/SAKP ná sy bewindsoorname wóú staan, is daar baie rede om ondanks alles dankbaar te wees.

BIBLIOGRAFIE

- Adam, Heribert. 1991. Eastern Europe and South African Socialism: Engaging Joe Slovo. *Idasa Occasional Papers*, 29.
- Adam, Heribert, Frederik van Zyl Slabbert & Kogila Moodley. 1997. *Comrades in Business*. Cape Town: Tafelberg.
- ANC-voorlegging aan die WVK TRC. 1997. www.truth.org.za/submit/anc2.htm.
- Asmal, Kader, Louise Asmal & Ronald Suresh Roberts. 1996. *Reconciliation through Truth. A Reckoning of Apartheids' Criminal Governance*. Cape Town: David Philip.
- Bloch, Marc. 1953. *The Historian's Craft*. New York: Alfred A. Knopf.
- Bunting, Brian. 1975. *Moses Kotane, South African Revolutionary*.
- Clark, Ronald W. 1988. *Lenin, the Man behind the Mask*. London: Faber & Faber.
- Coleman, Max (ed.). 1998. *A Crime against Humanity. Analyzing the Repression of the Apartheid State*. Cape Town: David Philip.
- Couper, Scott Everett. 2009. 'An embarrassment to the Congresses?': The silencing of Chief Albert Luthuli and the production of ANC history. *Journal of Southern African Studies*, 25(2):331-348.
- Doyle, Kate. 1999. Death Squad Diary. *Harper's Magazine*, June 1999.
- Ellis, Stephen, 2017. *External Mission. The ANC in Exile 1960–1990*. London: Hurst.
- Ellis, Stephen & Tsepo Sechaba. 1993. *Comrades against Apartheid*. London: James Currey.
- Everatt, David. 1992. Alliance politics of a special type: the roots of the ANC/SACP alliance, 1950–1954. *Journal of Southern African Studies*, 18(1).

⁶⁶ Khulu Mbatha: *Unmasked. Why the ANC Failed to Govern* (Sandton, KMM, 2017), pp. xiv en 213.

- Filatova, Irina. 2013. *The Hidden Thread. Russia and South Africa in the Soviet Era*. Johannesburg: Jonathan Ball.
- Fischer, Klaus P. 1997. *Nazi Germany, a New History*. Continuum. mars.wnec.edu/~gempel/courses/hitler/lectures/german_guilt.html.
- Fulford, Robert. 1998. Tyranny and after: Adam Michnik in today's Poland. *Globe and Mail*, 19.9.1998.
- Giliomee, Hermann. 2000. *Manipulating the Past. Political Correctness in South Africa*. SA Institute of Race Relations & Friedrich Naumann-Institute, Braamfontein.
- Giliomee, Hermann & Lawrence Schlemmer. 1989. *From Apartheid to Nation-Building*. Cape Town: Oxford University Press.
- International convention on the suppression and punishment of the crime of Apartheid. 1973. https://treaties.un.org/pages/ViewDetails.aspx?src=TREATY&mtdsg_no=IV-7&chapter=4&clang=en.
- Johns, Sheridan. 1994. *Raising the Red Flag. The International Socialist League and the Communist Party of South Africa, 1914–1932*.
- Ketelo, Bandile, Amos Maxongo, Zamxolo Tshona, Ronnie Massango & Luvo Mbengo. 1997. A Miscarriage of Democracy. The ANC Security Department in the 1984 Mutiny in Umkhonto we Ziswe. Myers, Bob (ed.). 1997. *Revolutionary Times, Revolutionary Lives. Personal Accounts of the liberation struggles*. London: Index, pp. 55-98.
- Khan, Gulshan, Hlengiwe Motaung & Max Bearak. 2021. In a sudden bout of racial killings, a South African suburb sees a dark history repeating itself. *Washington Post*, 7.8.2021.
- Lodge, Tom. 1983. *Black Politics in South Africa since 1945*. Johannesburg: Ravan Press.
- Mandela, Nelson. 1995. *Long Walk to Freedom. The Autobiography of Nelson Mandela*. London: Abacus.
- Mbatha, Khulu. 2017. *Unmasked. Why the ANC Failed to Govern*. Sandton: KMM.
- Nöthling, C.J. 1986. The role of non-whites in the South African Defence Force. *Scientia Militaria*, 16(1):47-54.
- O'Meara, Dan. 1983. *Volkskapitalisme. Class, Capital and Ideology in the Development of Afrikaner Nationalism 1934–1948*. Johannesburg: Ravan Press.
- Roux, Edward. 1944. *S.P. Bunting. A Political Biography*.
- Sachs, Albie. 1995. Fourth D.T. Lakdawala Memorial Lecture. Nieuw-Delhi.
- Sampson, Anthony. 1999. *Mandela, the Authorised Biography*. Johannesburg: Jonathan Hall.
- Scholtz, Leopold & Ingrid. 2003. "Problematisch verleden: een vergelijking tussen Duitsland, Polen en Zuid-Afrika". *Historia*, 48(1):126-168.
- Scholtz, Leopold & Ingrid. 2003. Die etiek van revolusionêre geweld: 'n Vergelyking van die Leninistiese en Gandhiaanse model. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 42(3):178-196.
- Scholtz, Leopold & Ingrid. 2009. Die ANC/SAKP in Angola: 'n Gevallestudie rakende interne demokrasie. *Historia*, 54(1):211-238.
- Scholtz, Leopold & Ingrid. 2011. Die Konferensie van Kabwe en die ANC/SAKP se gewapende stryd. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 51(4):551-574.
- Scholtz, Leopold & Ingrid. 2014. Nelson Mandela se houding teenoor die kommunisme. *Historia*, 59(2):79-93.
- Scholtz, Leopold & Ingrid. 2016. *Kruispaaie. Afrikanerkeuses in die 19de en 20ste Eeu*. Pretoria: Kraal.
- Scholtz, Leopold & Ingrid. 2017. Oliver Tambo en die kommunisme. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 57(4):1-16.
- Seekings, Jeremy. 2000. *The UDF. A History of the United Democratic Front in South Africa 1983–1991*. Cape Town: David Philip.
- Stadler, HD. 1997. *The Other Side of the Story. A true perspective*. Pretoria: Contact Publishers.
- Twala, Mwezi & Ed Benard. 1994. *Mbokodo. Inside MK: Mwezi Twala – a Soldier's Story*. Johannesburg: Jonathan Ball.
- Van Driel, Nicole. 2003. The ANC's first armed military operation. MA-verhandeling, UWK.
- Visser, George Cloete. 1976. *OB – Traitors or Patriots?* Johannesburg: Macmillan.
- Welsh, David. 2009. *The Rise and Fall of Apartheid*. Johannesburg: Jonathan Ball.

De Zuid-Afrikaan en die teenstrydighede van 19de-eeuse Kaapse liberalisme

De Zuid-Afrikaan *and the contradictions of 19th century Cape liberalism*

GAWIE BOTMA

Departement Joernalistiek
Universiteit Stellenbosch
Suid-Afrika
E-pos: gbotma@sun.ac.za



Gawie Botma

GAWIE BOTMA is senior lektor in Mediastudies en Massakommunikasie-teorie in die departement Joernalistiek van die Universiteit Stellenbosch (US). Hy is die skrywer van drie boeke, *Brothers in armchairs: Cultural struggles at Die Burger* (2014, Sun Press), *Polemieke: Bekgevegte in Afrikaans* (2018, Zebra Press) en *Race talk in the South African Media* (2019, Sun Press). Hy het in 2011 die graad PhD aan die US verwerf met die proefskrif *Manufacturing cultural capital: Arts journalism at Die Burger (1990-1999)*. Botma het die graad M.Phil (cum laude) in 2006 aan die US behaal met 'n studie wat op media-transformasie by Naspers en *Die Burger* sedert 1994 gefokus het. Hy het navorsingsartikels in vooraanstaande vaktydskrifte, soos *Journalism and Mass Communication Educator*, *African Journalism Studies*, *Communicatio*, *Critical Arts* en *Litnet Akademies (Geesteswetenskappe)*, gepubliseer. Tot en met sy aanstelling by die US was hy kunsredakteur en -skrywer/resensent van *Die Burger* in Kaapstad.

GAWIE BOTMA teaches Media Studies and Mass Communication Theory in the Journalism Department of Stellenbosch University. In 2011 he obtained a PhD degree with the dissertation *Manufacturing cultural capital: Arts journalism at Die Burger (1990-1999)*. The dissertation was subsequently published as the book *Brothers in armchairs: Cultural struggles at Die Burger* (2014, Sun Press). He has also published the book *Polemieke: Bekgevegte in Afrikaans* in 2018 at Zebra Press and *Race talk in the South African media* at Sun Press (2019). Research articles he authored were published in prominent journals such as *African Journalism Studies*, *Critical Arts*, *Communicatio* and *Journalism and Mass Communication Educator* in the field of political economy, cultural studies and journalism education. Until his appointment at Stellenbosch University he was arts editor and theatre critic of *Die Burger* in Cape Town.

Datums:

Ontvang: 2021-09-08

Goedgekeur: 2022-02-08

Gepubliseer: Maart 2022

ABSTRACT***De Zuid-Afrikaan and the contradictions of 19th century Cape liberalism***

The Cape colonial newspaper De Zuid-Afrikaan, which was published in 1830 for the first time, is traditionally regarded as the founder of Afrikaans journalism in South Africa. But how should its legacy be remembered? Historians of different generations seem to differ. Was the newspaper the reactionary forerunner of Afrikaner nationalism and apartheid, or must it be viewed as a liberal voice within the context of the 19th century which has perhaps been underemphasised in 20th century historiography?

This article revisits the editorial coverage of De Zuid-Afrikaan on two key issues, the emancipation of slaves in 1834 and the introduction of a representative elective government system in 1854. The newspaper was conservative towards the former issue, but liberal towards the latter.

The portrayal of the newspaper is revisited by engaging in a literature review and quoting selected passages from the newspaper.

In conclusion it is argued that past evaluations of De Zuid-Afrikaan as one-sidedly reactionary should probably be revisited, because much of the contradictions and nuances of the specific 19th century surroundings in which it was founded might have been lost in most recent versions of its history.

This probably happened because the rise of Afrikaner nationalism in the 20th century was projected backwards onto De Zuid-Afrikaan. The result is a simple dualistic view of South African newspaper history in which De Zuid-Afrikaan represents a reactionary pole and its main competitor, The South African Commercial Advertiser, a liberal one. These two poles are then seen as representative of respectively Afrikaans and English journalism as it developed in the 20th century.

A closer look at the founding and development of De Zuid-Afrikaan reveals a much more nuanced picture. Although the owners and editors of the newspaper were Cape Dutch in the main, it also made available its copy in English for at least seven decades. Afrikaans language nationalism in the form in which it later developed was not its aim nor its legacy to Afrikaans journalism.

It is also a mistake to view the newspaper's defence of the interests of slave owners as a precursor to the support that Afrikaans newspapers provided to apartheid. De Zuid-Afrikaan did not try to justify and promote slavery as an ideology in the way in which Afrikaans journalists did with apartheid. In the 19th century slavery was regulated and based on accepted practice. The newspaper emerged as mouthpiece for slaveowners who had legitimate interests, claims, and fears when the system was no longer acceptable, and the law changed. The case of apartheid was different: first the Afrikaans journalists created visions, and then the laws followed.

This article does not try from the moral high ground of the 21st century to whitewash the history of De Zuid-Afrikaan or present it as liberal ahead of its time. The point is that the newspaper was exactly a product of its time, and part of a greater Western movement from patriarchy to a more liberal order. Its editors were learned men who were in touch with the changes in parts of the world like France, the Netherlands, Britain and the United States of America.

The support that De Zuid-Afrikaan provided to the liberal (in its time) constitution of 1854 shows an attitude towards other members of society, white and black, which seems to differ from later incarnations of Afrikaner nationalism in the press. De Zuid-Afrikaan was part of the development of Cape liberalism, which should be distinguished from the Afrikaner

nationalism of the 20th century. Perhaps the question should be addressed whether it would have been more suited to the inclusive democracy of the 21st century or the fatherland of apartheid?

KEYWORDS: Afrikaner nationalism, Cape colony, conservative, *De Zuid-Afrikaan*, historiography, journalism, liberal, newspapers, representative government, slavery, South Africa, 19th century, 20th century

TREFWOORDE: Afrikanernasionalisme, *De Zuid-Afrikaan*, geskiedskrywing, joernalistiek, Kaapkolonie, koerante, konserwatief, liberaal, selfregering, slawerny, Suid-Afrika, 19de eeu, 20ste eeu

OPSOMMING

Die Kaapse koloniale koerant *De Zuid-Afrikaan*, wat in 1830 die eerste maal verskyn het, word tradisioneel as die grondlegger van die Afrikaanse joernalistiek in Suid-Afrika gesien. Moet die koerant as reaksionêre voorloper van die Afrikaanse joernalistiek van Afrikanernasionalisme en apartheid gesien word, of het dit in die konteks van die 19de eeu 'n liberale stem verteenwoordig wat sedertdien onderbeklemtoon is?

Hierdie artikel belig *De Zuid-Afrikaan* se redaksionele dekking van twee sleutelkwessies. Aan die een kant was daar sy (liberale) ondersteuning van persvryheid en meer selfbeskikking vir die koloniste, en aan die ander sy (konserwatiewe) houding teenoor slawerny. Die historiese nalatenskap van die koerant word herbesoek aan die hand van 'n literatuuoroorsig en geselekteerde aanhalings uit die oorspronklike inhoud.

Die slotsom is dat evaluering van *De Zuid-Afrikaan* in die 20ste-eeuse geskiedskrywing as eenduidig reaksionêr moontlik heroerweeg moet word. Van die nuanses en teenstrydighede van die spesifieke 19de-eeuse omgewing waarin die koerant ontstaan en ontwikkel het, het dalk verlore geraak.

1. Inleiding

Die Kaapse koloniale koerant *De Zuid-Afrikaan*, wat in 1830 die eerste maal verskyn het, word tradisioneel as die grondlegger van die Afrikaanse joernalistiek in Suid-Afrika gesien (Rabe, 2020:74; Du Plessis, 1943:23; Bosman, 1930:3). Maar wat is sy nalatenskap presies?

Sommige historici eer *De Zuid-Afrikaan* as die eerste koerant wat hom 'n kenmerkende inheemse (Suid-)Afrikaanse identiteit kon verbeel en voorbrand gemaak het vir selfregering deur die koloniste, maar vir ander is dit die reaksionêre spreekbuis van slawe-eienaars en voorloper van die joernalistiek van Afrikanernasionalisme gedurende apartheid. In hierdie artikel word die historiese nalatenskap van die koerant herbesoek aan die hand van 'n literatuuoroorsig en geselekteerde aanhalings uit die oorspronklike inhoud. Die tydperk ter sprake, van 1830 tot 1854, is doelbewus gekies en word hier onder verduidelik.

Eerstens is dit nodig om die agtergrond waarteen die koerant in die Kaapse koloniale samelewing aan die begin van die 19de eeu gepubliseer is, kortliks te skets. Die stelsel was outoritêr en paternalisties, maar deur die invloed van onder meer koerante het 'n liberale stroming ontwikkel. Ná die toestaan van persvryheid in 1829 was koerante soos *De Zuid-Afrikaan* en sy vernaamste mededinger, *The South African Commercial Advertiser*, op die voorpunt as meningsvormers.

Die liberale stroming het uitgeloop op die afskaffing van slawerny in 1834 en die instelling van selfregering in 1854. Volgens Trapido (1990:76-77) het populêre deelname, ook deur die

Nederlands/Afrikaanssprekende bevolking deur middel van koerante soos *De Zuid-Afrikaan*, ’n belangrike aandeel in veral laasgenoemde gehad.

De Klerk (2016:106) skryf dat met die “liberale tradisie” wat in later jare deur akademici en politici ten opsigte van die Kaapkolonie gebruik is, het hulle dikwels veral die stemreg in gedagte gehad, maar dit het ook ingehou dat amptelik nie op rassegronde gediskrimineer is in die regstelsel en in wetgewing nie. Hierdie tradisie is nie net van Britse oorsprong nie. Reeds in die laat agtiende eeu kom daar liberale beskouinge onder leidende Kaapse koloniste voor en dit was ook die geval in die negentiende eeu”.

De Klerk se verwysing bo na die oorsprong van Kaapse liberalisme het waarskynlik te doen met die tradisionele identifisering daarvan met die Britse filantropiese sendeling-beweging aan die begin van die 19de eeu, veral aangewakker deur die koms van die Britse setlaars in die 1820’s. Kaapse liberalisme, skryf Trapido (1990:77), was nie soseer die toepassing van ’n vaste doktrine nie, maar die uitvloeisel van ’n proses wat in konflik gesetel en vloeibaar was en deur die ontstaan van koerante bevorder is. Hy noem dan ook spesifiek *The South African Commercial Advertiser*, wat in 1824 die gesag van die koloniale regering uitgedaag het en instrumenteel daarin was dat persvryheid ná ’n intense stryd in 1829 toegestaan is. Die verkryging van persvryheid was deurslaggewend vir die ontwikkeling en verspreiding van Kaapse liberalisme (Dick, 2018:399). Die stigting van *De Zuid-Afrikaan* in 1830 was ’n direkte uitvloeisel van persvryheid en ’n goeie voorbeeld van die gevolge daarvan.

Die rol van Britte soos John Fairbairn, Thomas Pringle en George Greig van *The South African Commercial Advertiser* word tereg in die annale van die mediageskiedenis verewig as baanbrekers (sien Rabe, 2020:57). Maar dat Nederlandse/Afrikaanse stemme heeltemal stil was, is nie korrek nie, al verklaar Du Plessis (1943:18) ook dat die “Afrikaanssprekendes nie deelgeneem het aan die stryd vir die vryheid van die pers nie”. Meer korrek moet daar genoem word dat in die tydperk van 1824 tot 1828 verskeie publikasie-pogings deur Nederlandse koloniste aan die gang was, wat hulle om verskeie redes nie die sensuur van die goewerneur op die hals gehaal het nie. So was daar byvoorbeeld *Het Nederduitsch Zuid-Afrikaanse Tydschrift* van Abraham Faure in 1824 en die koerant *De Verzamelaar* van Josephus Suasso de Lima in 1826 (wat albei moontlik meer aandag verdien in ’n herbesoek van die Nederlandse bydraes tot die persvryheidstryd).

Teen 1829 is die Kaapstadse bevolkings aangegee as 18,296, van wie “8,805 wit, 6,222 slawe en 3,269 vryswartes” was (Dick, 2018:391). Alhoewel die meerderheid steeds Nederlandssprekendes was, was Kaapstad besig om “Brits” te raak, volgens Dick (2018:391). Hy vervolg:

That date [1829] marks, among other events, the transition of the South African Public Library from a reference or “closed access” to a subscription library, the proclamation of the ordinance that guaranteed the freedom of the press, and the revival and official establishment of the South African Literary Society. The founding of other key cultural, educational and scientific institutions underscored the spirit of the Enlightenment. These included the South African College, the South African Institution, and a theatre company. (Dick, 2018:391)

Tog moet daar gewaak word teen die indruk dat die oorsprong van Kaapse liberalisme eksklusief Brits was, maan Dick (2018:399):

We are now able to trace some of the Enlightenment print culture origins from which Cape liberalism arose. This, however, takes us further back than the 1820s and the philanthropic missionary movement. It takes us back rather to late 18th-century Cape

Town, to a reading culture that collected, circulated and read the works of authors of the Enlightenment in Dutch, English, German and French, and were cited in pamphlets by Redelinghuys and others. It also takes us to the progressive reading clubs, subscription libraries, books and newspapers in the early 19th century that debated political and economic liberalism. And it takes us to the Cape countryside and to non-elite readers who could discern some of the contradictions of Cape liberalism.

Dick (2018:399) wys dus daarop dat invloede van die Europese Verligting reeds voor die koms van die Britte aan die Kaap in die leeskuiluur van sommige Nederlandssprekendes te bespeur was. Hy vervolg:

The material traces of the Cape's intellectual traditions reveal liberating features beyond the so-called conservative "Nederduitse Gereformeerde Boek" tradition and the Religious Tract Society publishing programme. The early reading culture that nurtured these intellectual traditions was robust and diverse and embraced Enlightenment and liberal ideas about natural rights, progress, freedom and the general diffusion of knowledge. This story of material traces is, however, absent in extant studies of how liberalism developed at the Cape. (Dick, 2018:399)

Hierdie artikel argumenteer dat *De Zuid-Afrikaan* ook as een van daardie "materiële spore" van 'n teenstrydige Kaapse liberalisme gesien kan word. Die uitbeelding van die koerant in die geskiedenis word gevolglik nagespeur.

2. *De Zuid-Afrikaan* se nalatenskap

Die geskiedskrywing van *De Zuid-Afrikaan* word dikwels oorheers deur sy aanvanklike botsing met veral *The South African Commercial Advertiser* oor die kwessie van slawerny. *The South African Commercial Advertiser* was vaandeldraer van die humanistiese liberale sendelinge wat slawerny onmiddellik wou afskaf, terwyl *De Zuid-Afrikaan* die belange van slawe-eienaars verteenwoordig het.

Hachten en Giffard (1984:29), wat gedurende apartheid skryf, verwys byvoorbeeld na *De Zuid-Afrikaan* en verklaar: "From an early stage, then, the English press was identified with the humanitarian views of white liberals in South Africa, while the Dutch (and later Afrikaans) press represented the more conservative views of that language group." Hulle verduidelik voorts: "To the Dutch, the terms 'free press' and 'independent press' came to mean organs hostile to their philosophy and way of life" (Hachten & Giffard, 1984:29). *De Zuid-Afrikaan* het volgens hierdie mening in reaksie op die liberale houding van die ontwikkelende Engelse pers teenoor kwessies soos persvryheid en filantropie ontstaan en dienooreenkomstig te velde getrek.

Hierdie stroming in die geskiedskrywing is waarskynlik aangemoedig deur historici wat uit 'n Afrikanerperspektief terugskouend uit die 20ste eeu in *De Zuid-Afrikaan* 'n baanbreker vir Afrikanernasionalisme gesien het.

Een van die vroegste bronne wat dikwels deur latere skrywers aangehaal word, is Bosman (1930:3), wat net mooi 'n eeu ná die ontstaan van *De Zuid-Afrikaan* skryf en as volg uitbrei:

De Zuid-Afrikaan was die eerste verteenwoordiger op joernalistieke gebied van die Afrikaanse sienswyse teenoor die Engelse, d.w.s. uitheemse onafrikaanse, sienswyse van die nuwe inkomelinge in Suid-Afrika van sy tyd. Sy grootste teenstander, om mee te begin, was die *South African Commercial Advertiser* van [John] Fairbairn en die groot

punt van verskil die idealisties-negrofilistiese opvattinge van die “filantropiese” party van Dr [John] Philip...Kortom, as ek my ’n politieke slagspreuk mag veroorloof (sonder om my aan enige politieke party te verbind): Die *Zuid-Afrikaan* is sielkundig gebore uit die beginsel “Suid-Afrika Eerste”. (Bosman, 1930:3)

De Zuid-Afrikaan verteenwoordig vir Bosman (1930) ’n Suid-Afrikaanse en Afrikaanse nasionalisme en sienswyse wat verskil van die humanistiese, liberale beskouing van Britse “inkomelinge” en hul koerante en sendelinge oor veral verhoudings met swart mense. Bosman se verwysing na die slagspreuk van die Afrikanerleier JBM Hertzog (“Suid-Afrika Eerste”) versterk die indruk dat hy die politieke stroming van sy eie tyd in gedagte het, desondanks sy poging om sy interpretasie van partypolitiek los te maak.

Du Plessis (1943:25), wat vir Bosman uit 1930 aanhaal oor die rol en bydrae van *De Zuid-Afrikaan*, skryf in dieselfde trant, maar daar is klemverskille:

Dié blad sou die Suid-Afrikaanse sienswyse vertolk; hy wou as kampvegter optree vir die koloniste. Die sluimerende vryheidsdrang by die Hollandssprekendes was dan ook die sielkundige vaderskap van *De Zuid-Afrikaan*. Dit is hierdie vaderskap wat “hom die duursaamheid en krag van bestaan gegee het, wat hom gemaak het tot die belangrikste blad, nie alleen in die geskiedenis van die joernalistiek in ons land gedurende die laaste 100 jaar nie, maar ek sou wil sê tot die belangrikste blad in die geskiedenis van die hele joernalistiek van Suid-Afrika tot dusver”.

Du Plessis beklemtoon die “Suid-Afrikaanse sienswyse” en “vryheidsdrang by die Hollandsprekendes”, maar verwys nie na die spanning met ’n “uitheemse” beskouing van swart mense nie.

De Kock (1982:8), wat gedurende die apartheidperiode skryf, verwys ook na die rol van die koerant in die bevordering van ’n groeiende nasionalisme in die 19de eeu. Hy noem die *Zuid-Afrikaan* “the first newspaper to represent an embryonic African nationalism”. *De Zuid-Afrikaan* “voiced a growing nationalistic awareness among Afrikaners which would culminate in the Taalbeweging of 1875”. *De Zuid-Afrikaan* was “one of the first concerted moves by Afrikaners to resist their anglicisation” (De Kock, 1982:89). Vir De Kock staan die kwessie van taalnasionalisme dus voorop.

Amper aan die einde van die apartheidsera, beklemtoon Muller (1990:10) op sy beurt ’n Afrikanerperspektief wanneer hy die geskiedenis van *De Zuid-Afrikaan* as “merkwaardig” beskryf en byvoeg: “[D]arsdeur die Groot Trek het dit sulke simpatieke inligting en kommentaar oor die emigrante-boere geplaas dat goewerneur sir George Napier dit ’n vyandige, anti-Britse orgaan genoem het”. Hy vermeld voorts ’n hele reeks “vooraanstaande merkwaardige Afrikaners was by hom betrokke as eienaars, uitgewers, drukkers of redakteurs” (Muller, 1990:10).

Hierdie feitlik eenparige identifisering van *De Zuid-Afrikaan* met die Afrikanernasionalisme van die 20ste eeu, word moontlik betwis deur De Klerk (2014, 2016) se meer onlangse navorsing. Hy ondersoek *De Zuid-Afrikaan* se standpunt oor stemreg vir bruin mense voor die totstandkoming van die Kaapse koloniale parlement in 1854, en bevind dat die koerant se redakteurs “deel [was] van ’n reeks Nederlands- en Afrikaanstalige liberale politieke denkers wat van die agtiende eeu tot vandag toe strek” (De Klerk, 2014:16).

In daardie periode “was daar geen invloedryke persone of groepe in die Kaapkolonie en Groot-Brittanje wat hulle vir ’n stemregstelsel beywer het wat vandag oor die algemeen as demokraties beskou word nie, en om te verklaar dat *De Zuid-Afrikaan* en die Kaapse koloniste

van 1850 nie werklik 'n demokratiese stelsel voorgestaan het nie, is om hulle vanuit 'n 21ste-eeuse perspektief te beoordeel” (De Klerk, 2014:16). Sy slotsom is dus:

Vir die volgende eeu was daar geen belangrike Nederlands- of Afrikaanstalige koerant in Suid-Afrika wat 'n meer liberale beskouing oor stemreg as *De Zuid-Afrikaan* gehuldig het nie. Dit is trouens feitlik ondenkbaar dat 'n Afrikaanse koerant met 'n groot blanke leserstal in die 1950's 'n soortgelyke standpunt sou kon inneem. Die Nasionale Party, wat toe in Suid-Afrika aan bewind was, het 'n feitlik teenoorgestelde standpunt oor ras en stemreg gehuldig. (De Klerk, 2014:15)

In 'n ander artikel skryf De Klerk (2016:105): “liberale beskouinge was slegs in beperkte mate aanwesig onder die koloniste, sowel Engels- as Afrikaanssprekend, maar blyk...togg in hoofartikels van *De Zuid-Afrikaan*”. Hy beklemtoon ook dat in *De Zuid-Afrikaan* “word die begrippe konserwatief en liberaal ook nie baie konsekwent gebruik nie...” (De Klerk, 2016:115).

Giliomee en Mbenga (2007:139) wys voorts daarop dat die gebruik van woorde soos “konserwatief” en “liberaal” in geskiedskrywing dikwels eerder die posisionering van die skrywer reflekteer as die onderwerp waarvoor geskryf word.

Maar selfs al word die persoonlike ideologieë van verskillende navorsers en moontlike verskuiwings in betekenis van dié sleutel terme oor tyd heen weggelaat, is daar steeds teenstrydigheid te bespeur in bogenoemde beskrywings van *De Zuid-Afrikaan* se plek in die Suid-Afrikaanse joernalistiekgeskiedenis.

Hoe moet *De Zuid-Afrikaan* se (liberale) ondersteuning van persvryheid en meer selfbeskikking aan die een kant, en die (konserwatiewe) houding teenoor slawerny aan die ander, verstaan word? Moet die koerant as reaksionêre voorloper van die Afrikaanse joernalistiek van Afrikanernasionalisme en apartheid gesien word, of het dit in die konteks van die 19de eeu 'n liberale stem verteenwoordig wat sedertdien onderbeklemtoon is? In watter mate kan die ontstaansgeskiedenis van *De Zuid-Afrikaan* lig werp op die ontwikkelingsbaan van Afrikaanse joernalistiek sedertdien?

Bogenoemde vrae onderlê hierdie artikel. Die vertrekpunt is dat sleutelmomente in die geskiedenis, soos die koerant se dekking van die afskaffing van slawerny en die selfregeringkwessie, telkens opnuut deur opeenvolgende generasies van navorsers ondersoek en belig moet word. Heelwat is al oor *De Zuid-Afrikaan* geskryf, maar sy nalatenskap verdien om herbesoek te word in 'n nuwe tydvak. Soos die historikus Christopher Hill sê: “History has to be rewritten in every generation because although the past does not change, the present does.”¹

3. *De Zuid-Afrikaan* se reaksionêre ontstaan herbesoek

Die ontstaansgeskiedenis van *De Zuid-Afrikaan* beklemtoon dikwels die verdelingslyne in die koloniale samelewing, met die klem daarop dat die koerant in reaksie op verskeie kwessies ontstaan het.

Eerstens word die spanning tussen Nederlandse en Engelse koloniste dikwels beklemtoon, maar daardie verhouding was moontlik meer gekompliseerd vir die koerant as wat kommentators sedertdien wou toegee.

Die eerste onafhanklike koerant, *The South African Commercial Advertiser*, het aanvanklik strategies probeer om verhoudinge tussen Engelse en Nederlandse koloniste te verbeter, al

¹ Ontvang per e-pos van prof. Lizette Rabe op 4 Augustus 2021.

was dit oorwegend Engels (Streak, 1974:85). Dus is inhoud in Nederlands ingesluit as voortsetting van ’n koloniale patroon van tweetaligheid in die pers wat toe reeds gevestig was (Muller, 1990:10).

Dit is veelseggend dat *De Zuid-Afrikaan* hierdie tweetalige patroon voortgesit het toe dit as mededinger vir *The South African Commercial Advertiser* ontstaan het. Met ander woorde, sy rol as spreekbuis vir Nederlandssprekendes het nie beteken dat Engels uitgesluit moes word nie, moontlik ook om kommersiële redes. *De Zuid-Afrikaan* het aanvanklik wekeliks verskyn en eers van 1841 af twee maal per week. Tot in die 1870’s was dit ’n tweetalige blad, met een helfte in Nederlands en die ander helfte in Engels. Byna al die artikels, briewe en selfs advertensies is vertaal, sodat die Nederlandse en die Engelse bladsye feitlik dieselfde inhoud gehad het (De Klerk, 2014:2). Volgens Du Plessis (1943:25) het die inhoud van die Hollandse en Engelse hoofartikels egter soms verskil.

Die tweetalige aard van *De Zuid-Afrikaan* vir die eerste sewe dekades van sy bestaan verdien dus meer klem en navorsing as wat dit tot dusver gekry het.

Die veelseggende leuse op die voorblad van *De Zuid-Afrikaan* was afkomstig van Virgilius en op die oog af versoenend en inklusief (teenoor die wit koloniste ten minste): “Tros Tyriusque mihi nullo discrimine agetur”, wat direk vertaal word as “Wat ook al hul ras, Trojane dan wel Tyriërs, by my sal daar geen onderskeid wees nie” (Du Plessis, 1943:24-25). In *De Zuid-Afrikaan* se eie vrye Engelse vertaling het dit gelui: “Each South African has equal claim to me, whether he be Cape-born, or nurs’d beyond the sea” (Du Plessis, 1943:25).

Die positionering van die koerant in sy eerste uitgawe is ook insiggewend. In die eerste uitgawe op 9 April 1830 verklaar die koerant in die Engelse weergawe van die hoofartikel:

In assuming the title the “Zuid-Afrikaan” we hoist a banner which shall serve as a rallying point to all Colonists, both old and new. In fact, all who inhabit this land, and derive nourishment from her bosom, are Africans, and are bound, both by duty and interest, to further the well-being, and guard the reputation of their country, and whoever wantonly attacks these, should be visited with indignant vengeance of all Africans, whether Dutch or English. (*De Zuid-Afrikaan*, 9 April 1830)

Die Nederlandse weergawe van die hoofartikel doen ’n oproep tot gemeenskapsbetrokkenheid wat wel blyke gee van die spanning tussen Nederlandse en sommige Engelse koloniste, maar skeer almal nie oor dieselfde kam nie:

De Engelsche kolonisten, uwe vrienden, zeggen overluid, dat gij de gulhartigste, de vreedzaamste, de geduldigste soort volk zijt onder de zon. De menschen hebben gelijk; ik beken het met nationalen hoogmoed, het is in der daad zoo; en wat vooral het geduld betreft, het is selfs te waar. Maar daar zijn andere Engelschen, alweder, die heel anders, ja, zeer hoonend over u denken, spreken en schrijven. Deze zeggen niet alleen dat gij totaal onwaardig zijt om de voorrechten van Britsche onderdanen te genieten, dewijl gij te veel vet eet, te min poortwijn drinkt, en u gansch niet met politieke saken bemoeijen; maar zij verspreiden hier en daar allerlei gerugten, die u, als een volk, zeer veel tot nadeel strekken, en die uwe onverklaarbare stilswijgenheid schijnt te regtvaardigen. (*De Zuid-Afrikaan*, 9 April 1830)

De Zuid-Afrikaan se teenkanting teen “assimilasie” met die Engelssprekende gemeenskap word ook deur Giliomee (2004:164) beklemtoon, maar hy voeg by: die koerant het “wel gehoop dat in ’n samesmelting van die twee gemeenskappe iets van ’n besondere nasionaliteit sou oorbly”. Met verwysing na die druk om te verengels het die koerant voorts erken “dat

daar 'n dag sal kom wanneer die Nederlandse nasionaliteit heeltemal verdwyn het" (Giliomee, 2004:164). Die koerant word dan voorts as volg aangehaal: "Dit is 'n dwaling, wat ons reeds baie kere bestry het, dat ons as Britse onderdane verplig is om die Britse nasionaliteit ons eie te maak. Die koloniste van Hollandse oorsprong kan nie Engelsmanne word nie en ook nie Nederlanders wil wees nie" (Giliomee, 2004:164).

Die tweede spanningslyn wat deur historici in die stigtingsgeskiedenis van *De Zuid-Afrikaan* beklemtoon word, is tussen die Nederlandse gemeenskap en die inheemse bevolking van Suid-Afrika. Ook hier is daar klemverskille in die geskiedskrywing.

In die idioom van sy tyd, kort voor die aanbreek van die apartheidbedeling, skryf Du Plessis (1943:24) die ontstaan was as gevolg van "die verset wat daar by die Hollandssprekende koloniste ontstaan het teen die rigting van John Fairbairn wat die alleen-redakteur van *The South African Commercial Advertiser* geword het". Hy verduidelik: "Fairbairn het in die huwelik getree met 'n dogter van die groot negrofiel, dr. Philip, die Engelse sendeling, en sy beskouings ten opsigte van die kleurvraagstuk het die grootste gedeelte van die Hollandsprekendes teen die bors gestuit" (Du Plessis, 1943:24).

Daarenteen is die stelwyse van De Klerk (2014:2), wat uit die 21ste-eeuse post-apartheid-, demokratiese Suid-Afrika terugkyk, veel meer genuanseerd: *The South African Commercial Advertiser* het John Philip, hoof van die Londense Sendinggenootskap in Suid-Afrika, se "humanitêre beskouinge en sy negatiewe persepsies oor die koloniste en hul verhouding met die Khoikhoi onderskryf" (De Klerk, 2014:2), wat tot die stigting van *De Zuid-Afrikaan* bygedra het.

Volgens Streak (1974:208) was daar "altdy 'n sterk konserwatiewe element" in die pers van die Kaapkolonie, wat beteken dat die menings van koerante soos *De Zuid-Afrikaan* en die Engelse *The Graham's Town Journal* oor die verhouding tussen wit en swart voortdurend deur praktiese eerder as idealistiese oorwegings beïnvloed is. Hierdie stelling toon aan dat die "konserwatiewe" element in die Kaapse koloniale pers nie tot *De Zuid-Afrikaan* beperk was nie, 'n onderwerp wat moontlik nog meer navorsing verdien.

4. Die redakteurs in die geskiedenis

De Zuid-Afrikaan is vooruitgegaan deur 'n bankrotskap. Sy voorganger was die koerant *De Verzamelaar* (1826-1830), wat deur Josephus Suasso de Lima uitgegee is. Toe laasgenoemde se saak ten gronde gaan, het Pieter van Breda die drukpers oorgeneem, en met CN Neethling as uitgewer en CE Boniface as eerste redakteur het *De Zuid-Afrikaan* die lig gesien (Du Plessis, 1943:24). Gedurende die eerste jaar het *De Zuid-Afrikaan* finansiële gesukkel, maar in April 1831 het "tagtig vermoënde koloniste 'n maatskappy op die been gebring wat die voortbestaan van die blad verseker het" (De Klerk, 2014:2). Volgens Botha (1982:25) is dit onduidelik wie die aanvanklike beleggers was, maar "kontemporêre skrywers bied die volgende kortlys aan": CJ Brand, J de Wet, J Hofmeyr, CN Neethling, ML Neethling, PA Brand, A Faure en P van Breda.

Historici blyk onseker te wees hoeveel invloed van die betrokke individue aan die stuur van *De Zuid-Afrikaan* uitgegaan het. De Klerk (2014:3) se standpunt, wat aanvaar word, is as volg:

Dalk het meer as een skrywer tot sommige van die artikels bygedra. Dit is nie moontlik om vas te stel wie vir 'n bepaalde redaksionele artikel verantwoordelik was nie, en daar moet aanvaar word dat elke hoofartikel die standpunt van die blad en sy redakteur verteenwoordig.

Die redakteurskap van *De Zuid-Afrikaan* het veral aan die begin gereeld gewissel. Volgens De Klerk (2014:2) het dit soos volg verloop: Ná Boniface, van April tot Oktober 1830, was dit RJ Stapleton, van Oktober 1830 tot April 1831, en toe CN Neethling, van April tot Julie 1831. Daarna was daar langer termyn: PA Brand, van Julie 1831 tot Julie 1839, CJ Brand, van Julie 1839 tot September 1845, en JJH Smuts, van 1845 tot 1871. Hoewel daar tussen 1830 en 1854 dus ten minste ses redakteurs aan die stuur van *De Zuid-Afrikaan* was, het die meeste invloed waarskynlik uitgegaan van die langsdienende laaste drie. Maar in die geskiedskrywing het ten minste een kort termyn reg aan die begin baie aandag gekry en opeenvolgende generasies van skrywers beïnvloed.

Boniface, die eerste redakteur, was die onderwerp van ’n boek deur GS Nienaber (1939) genaamd *Van roem tot selfmoord*. Daarin word Boniface se invloed as volg uitgespel:

Met Boniface se aftrede verloor die hoofartikels ook duidelik hul direktheid van toon, die persoonlike kontak. Hulle word minder gesprekke van ’n hom die meerdere voelende leraar wat met sy kinders, die publiek, die “goede Zuid-Afrikanen” gesels en hulle meer prikkel deur kritiek as lei deur simpatie. Boniface se styl is bombasties, sy werk is deurspek met verwysings en toespelings op die klassieke, maar by dit alles skryf hy besonder dramaties en lewendig; hy personifiseer graag die abstrakte en hou van die dialoogvorm. Wanneer hy dit het oor publieke sake en dit enigsins vertroebeld sien, kan hy besonder skerp wees oor tekortkominge. Hy blameer graag, is selde versoenend, en prys met voorbehoud. As hy oor persoonlike houding gesels, kan hy erg banaal wees, en stig dan alleen...die koesteraar van haat en laster. Hy is nooit humoristies nie, selde droogkories, meestal sarkasties-pessimisties. Hy weet altyd beter, en het alleen geen Humbug, hoewel sy voorliefdes die onskuldigste nie is nie. Want hy wil altyd hervorm, terwyl hy in die reël vervorm. Waar hy loop en sy gedagtes saai, tier die onkruid van onverdraagsaamheid, laster, agterdog. Vir hom is niks heilig nie, uitgenome sy hoogdunkenheid. Sy vyande vergeet hy nooit en om hulle swart te smeer is alles geoorloof. (Nienaber, 1939:58)

Nienaber was duidelik geïnspireer deur Boniface, en sy samevatting suggereer dat ’n betrokke redakteur ’n groot invloed op ’n koerant kan uitoefen, maar aan die ander kant moet onthou word dat Boniface slegs vir die eerste ses maande die redakteur van *De Zuid-Afrikaan* was. Maar Boniface leef voort omdat hy in die eerste uitgawe van die koerant ’n stelling gemaak het wat onsterflike roem in die geskiedskrywing verwerf het. Die woord “Humbug” in die aanhaling bo verskaf ’n aanduiding, want Boniface het geskryf:

Alle Vrydagen [wanneer die koerant verskyn] zal ik ’n kleine Les geven, bestaande uit een *Humbug* of twee-drie – die gy uit hoofd zul leeren, en waarvan ik u de week daarna eene explicatie geven zal. Gy weet immers reeds wat *humbug* beteken: het is wat men op zyn plat-kaapsch-hollandsch noemt...[woord hier uitgelaat]. Maar wat heb ik nodig om u dit te vertellen; gy hebt zedert die jaar 1806 tyd genoeg gehad om u met dit woord en deszelfs beteken gemeenzaam te maken. Dierhalven aanstaande week zullen wy beginnen met FREE PRESS humbug – INDEPENDENT NEWSPAPER humbug – MISSIONARY humbug, en vooral (want dit is de paramount of non plus ultra van alle humbugs) de PHILIPISH humbug. (*De Zuid-Afrikaan*, 9 April 1830)

Hierdie aanhaling word deur eeue heen feitlik elke keer gebruik wanneer daar na die geskiedenis van *De Zuid-Afrikaan* verwys word. Mees onlangs is daar byvoorbeeld Rabe (2020:77) in verwysing na De Kock (1982:88):

It [*De Zuid-Afrikaan*] promised to expose various kinds of “humbugs” to which the colonists have been exposed since the British take-over in 1806. The first “humbugs” were “the FREE-PRESS humbug, INDEPENDENT NEWSPAPER humbug, MISSIONARY humbug”, and especially (because this is the paramount or non plus ultra of all humbugs) the “PHILIPPINE humbug” (referring to [John] Philip).

As daar in ag geneem word dat Boniface duidelik ’n enigmatiese, eksentrieke karakter was, ontstaan die vraag of hierdie aanhaling alleen genoeg is om *De Zuid-Afrikaan* se reaksionêre status sedertdien te regverdig?

Die rede vir die deeglike historiese aandag aan Boniface is waarskynlik geïnspireer daardeur dat hy benewens eerste redakteur, ook ’n kleurryke en omstrede kunstenaar-skrywer in eie reg was. Sy kort termyn by *De Zuid-Afrikaan* was maar ’n onderdeel van sy invloed op die Kaapse literêre toneel. Boniface was ’n Fransman wat nie Engels of Nederlands kon praat toe hy in 1807 in die Kaap aangekom het nie, maar spoedig albei bemeester het (Du Plessis, 1943:26-27). Boniface het eers sy hand aan toneel gewaag en ook taalonderrig in Duits, Frans, Spaans, Portugees, Italiaans, Grieks en Latyn gegee voordat hy by *De Zuid-Afrikaan* betrokke geraak het. Du Plessis (1943:27) vervolg:

Die verafrikaanse Fransman was ongewoon buitengewoon knap en begaafd; hy was geleerd, het ’n kunstenaarsaanleg gehad en het oor ’n groot werkkrag beskik, maar hy was opvlieënd van aard en was te persoonlik om leiding te kon gee as redakteur van ’n nuusblad...Hy het links en regs aanstoot gegee en moes binne ses maande padgee.

De Klerk (2014:4) noem voorts dat *De Zuid-Afrikaan* onder die redakteurskap van Boniface hom “sterk uitgespreek [het] teen die beleid van Philip en ander sendelinge teenoor, veral, mense van Khoikhoi herkoms”.

Oor Stapleton, Boniface se opvolger, is daar daarenteen min bekend. Daar word genoem dat hy voor sy betrokkenheid by die koerant leier van ’n Engelse toneelgeselskap was en ook ’n versameling met Engelse gedigte aan die Kaap uitgegee het (Du Plessis, 1943:27-28). Die “onafrikaanse” agtergrond van Stapleton as aanstelling val ietwat vreemd op as die posisionering van *De Zuid-Afrikaan* van die begin af so reaksionêr sou wees as wat historici gewoonlik aandui. Die redes vir Stapleton se vertrek ná net ses maande is ook nie duidelik nie, maar Du Plessis (1943:27-28) verwys na twee moontlikhede: Sy beskouings was te “negrofilisties” vir die eienaars en lesers; asook sy deelname aan ’n regsgeeding wat teen hom beslis is. Veral eersgenoemde opsie word daarna gereeld deur skrywers aangevoer.

De Klerk (2014:4) verwys na ’n gematigde uitspraak in *De Zuid-Afrikaan* teenoor anderskleurig gedurende Stapleton se termyn: “Er bestaat positief by ons een Christelyk en menschlievend gevoel, voor de gekleurde Ras die wy achten”, maar daar bestaan tegelykertyd “eene nieuw modische zoogenoemde mensch lievendheid, die wonderen konden uitwerken, maar zyne krachten uitput met schuim bekkend te praten” (De Klerk, 2014:4).

Oor CN Neethling, die uitgewer, wat daarna kortstondig as redakteur waargeneem het, is min bekend. PA Brand se termyn as redakteur, wat op 29 Julie 1831 begin het, verteenwoordig ’n draaipunt. Van hierdie datum af word PA Brand benewens redakteur ook aangedui as uitgewer, eienaar en drukker van *De Zuid-Afrikaan* (Botha, 1982:25).

In 1832, tydens die redakteurskap van PA Brand, is *De Zuid-Afrikaan* ten gunste van ’n beleid om die “Naturellen”, waarmee veral die Khoikhoi bedoel word, “uit hunnen ruwen en onbeschaafden toestand, in eene beschaafde zamenleving te brengen” en hulle in die geleentheid te stel om “vatbaar te worden voor eene maatschappelyke zamenleving, ten einde eenmaal en

op zynen tyd met ons allen gezamenlyk Burgers eener Maatschappy uit te maken, die de pligten van elken Burger gevoelen niet alleen, maar ook zouden kunnen vervullen” (De Klerk, 2014:4).

Daar is minder bekend oor PA Brand as oor sy talentvolle broer, CJ Brand, maar albei word as “vurige patriotte” beskryf (Du Plessis, 1943:28). In 1839 neem CJ Brand die redakteurskap by sy jonger broer oor, terwyl laasgenoemde uitgewer bly.

Die invloedryke CJ Brand het ’n doktorsgraad in die regte aan die Universiteit van Leiden behaal en was een van die oprigters van die koerant (De Klerk, 2014:3). Hy was “waarskynlik reeds voor hy redakteur geword het betrokke by die bepaling van die blad se beleid en die skryf van hoofartikels, veral in die periode toe P.A. Brand, toe nog in sy twintigerjare, redakteur was” (De Klerk, 2014:3).

CJ Brand was die eerste speaker van die Kaapse parlement in 1854 en is later tot Britse ridder geslaan. Nietemin word hy dikwels as ’n soort prototipe Afrikanernasionalis voorgestel (sien Botha, 1982). Sy ondersteunende houding teenoor die emigrasie van boere uit die Kaapkolonie in die 19de eeu, later bekend as die Groot Trek, het waarskynlik baie daarmee te doen. Die volgende aanhaling uit ’n brief wat Brand op 13 Julie 1839 aan die Voortrekkerleier Andries Pretorius geskryf het, dien as getuienis vir sy houding:

Ik ben zedert enige maanden de vaste Editeur geworden van onze Vaderlandsche Courant “De Zuid-Afrikaan”. Ik heb uw Journal, met allen stukke daarbij, welke ik ontvangen heb, in de Courant geplaatst, en ik zend u hiernevens twee couranten van den 7 en 14 Juny, opdat gij kunt zien hoedanig dezelve wordt opgenomen...Als Afrikaander, die belang in zijne uitgewekene bondgenoten stelt en deel neemt in hun lot, wensch ik uwe belangen in mijn blad te verdedigen, en daartoe verlang ik dat gij mij van tijd tot tijd met uwe omstandighede bekend maakt. (Uit “Boustowwe vir Kerkgeskiedenis”, 1930 – aangehaal deur Du Plessis, 1943:31.)

Die lang termyn van JJH Smuts het in 1845 begin. Smuts is in Nederland gebore, hoewel “albei sy ouers Afrikaners was” (Du Plessis, 1943:29). Du Plessis skryf: “Hy [Smuts] het veral die stryd gevoer teen John Fairbairn en die *Advertiser*, maar het hom saam met Fairbairn, Godlonton en ander Engelse redakteurs ten kwaaieste verset teen die owerheid tydens die Anti-Bandiete-agitasie en het saam met hulle geveg vir verteenwoordigende bestuur” (Du Plessis, 1943:29-30).

Laasgenoemde opmerking dui aan dat die redaksionele posisionering van *De Zuid-Afrikaan* oor kwessies soos slawerny en selfregering ook nie heeltemal losgemaak kan word van die ander politieke konteks waarin die koerant standpunt ingeneem het nie. Gebeure en kwessies soos die Groot Trek en teenstand teen voorstelle om veroordeelde Britse gevangenes na die Kaap te stuur (soos na Australië), het tot wisselende standpunte in en veranderende verhoudings tussen die Kaapse koerante gelei. Die Nederlandse en Engelse koloniste en die koerante wat hulle verteenwoordig het, is gevolglik soms rondom gemeenskaplike kwessies saamgesnoer.

Vervolgens word die redaksionele dekking in *De Zuid-Afrikaan* van twee sleutelkwessies, die vrystelling van slawe in 1834 en die instel van selfregering in 1854, in meer besonderhede bespreek.

5. Die afskaffing van slawerny²

De Zuid-Afrikaan se posisionering teenoor slawerny moet in die konteks van ’n lang geskiedenis gesien word.

² Behalwe waar anders vermeld word, is dié historiese oorsig gebaseer op Armstrong & Worden

Slawerny was die hoof-arbeidsstelsel in die Kaapkolonie sedert die 17de eeu en ’n belangrike bepalende faktor in die sosiale struktuur. Koloniste het dit oor die algemeen aanvaar en volgens hul beginsels verdedig. Maar teen die begin van die 19de eeu het veranderende ekonomiese realiteite en nuwe ideologiese strominge uit veral Brittanje tot oproepe om die vrystelling van alle slawe in sy kolonies gelei.

Gebeure in die Britse ryk as geheel het op die Kaap se slawe-ekonomie ingespeel. In 1808 is slawehandel in die Britse kolonies beëindig, wat momentum aan die vrystellingsbeweging gegee het. Die afskaffing van die slawehandel deur Brittanje het filantropie daar oortuig dat hulle slawerny as sodanig kon beëindig, ook in die Kaapkolonie (Streak, 1974:5). Intussen is wetgewing aangepas om die omstandighede van slawe te verbeter en hulle op vrystelling voor te berei deur onder meer opvoeding.

’n Amptelike slawebeskermer, met assistente in die buiteland, is in 1826 aangestel om regulasies af te dwing. Die reg van slawe om hul vryheid te koop is deur ’n ordonnansie in dieselfde jaar toegestaan, waarna die Cape of Good Hope Philanthropic Society in 1828 gestig is om slawe en hul kinders daarin by te staan.

In 1826, nog voordat *De Zuid-Afrikaan* opgerig is, het die regsgeleerde CJ Brand, later mede-oprichter en redakteur, reeds ’n aandeel gehad aan “die beskerming van die belange van slawe-eienaars” deur op ’n komitee te dien wat verhoë tot die koloniale regering gerig het oor die afkondiging van Ordonnansie No. 19 (Botha, 1982:29). Dié ordonnansie wou die lot van slawe verbeter, maar slawe-eienaars het kopsig gemaak omdat hulle nie in die opstel daarvan geken is nie. Dit word nietemin van krag en verdere regulasies volg in 1830. Intussen word *De Zuid-Afrikaan* gestig en die koerant berig uitvoerig oor die slawekwessie, insluitende openbare uitsprake van Brand, wat betrokke bly by petisies en protesbyeenkomste.

Kort ná sy ontstaan was *De Zuid-Afrikaan* betrokke by wat al “die eerste perspolemie” in Suid-Afrika genoem is (Giliomee & Mbenga, 2007:97). Die koerant het standpunt ingeneem teenoor die liberale *The South African Commercial Advertiser*, wat ten gunste was van die onmiddellike afskaffing van slawerny in die Kaapkolonie. *De Zuid-Afrikaan* het op sy beurt die belange van slawe-eienaars verteenwoordig, wat onder meer aangedring het op selfregering as voorwaarde vir die vrystelling van hul slawe (sien De Klerk, 2014; 2016).

Daarenteen het oproepe om onmiddellike vrystelling uitgegaan van John Fairbairn, redakteur van *The South African Commercial Advertiser*, wat sterk bande met die anti-slawerny-beweging in Brittanje behou het. Hy het die humanitêre en ekonomiese voordele van die afskaffing van slawerny in verskeie artikels bepleit, maar ook gevra dat slawe-eienaars billike kompensasie moes ontvang en dat die oorgang ordelik, wetlik en sonder ekonomiese ontwrigting moes geskied.

Die meerderheid koloniste, baie van hulle slawe-eienaars, het Fairbairn se argumente teengestaan, maar wetgewing uit Londen het die gesag van meesters oor slawe verder ingekort. In 1830 en 1832 is bepaal dat eienaars rekord moes hou van straf aan hul slawe. Dit het ook die magte van die slawebeskermer uitgebrei om koloniste wat oortree het, te vervolg.

Op 25 Februarie 1831 publiseer *De Zuid-Afrikaan*, “sonder enige kommentaar, ’n versoek van Christoffel [CJ] Brand en negentien ander slawe-eienaars vir die hou van ’n vergadering vir die stigting van ’n komitee om maatreëls te oorweeg vir die voorlegging aan die regering tot die verbetering van die lot van slawe en die uiteindelijke afskaffing van slawerny” (Botha, 1982:30). Maar die versoek word geweier.

(1979:162-168), aangevul deur Giliomee & Mbenga (2007:89-93) en Cameron & Spies (1991:81-84).

Slawe-eienaars was ontevrede omdat wetgewing sonder konsultasie met hulle deurgevoer is. Hul argument was dat as 'n vorm van verteenwoordigende plaaslike regering toegestaan word, sou hulle die omstandighede van slawe self verbeter en hulle uiteindelik vrystel. Die owerhede was egter skepties oor hierdie opsie.

In sy regshoedanigheid staan Brand in April 1831 'n groep Stellenbosse burgers by wat weens oproerigheid oor slaweregulasies voor die hof gedaag word. *De Zuid-Afrikaan* van 28 April 1831 en 6 Mei 1831 berig dat die saak wye belangstelling onder die koloniste ontlok en “tussen 400 en 500 belangstellende burgers uit omliggende streke” lok (Botha, 1982:30). Botha (1982:30) vervolg: “Die burgers se optrede by hierdie geleentheid, en *De Zuid-Afrikaan* se weergawe daarvan, bied aan *The South African Commercial Advertiser* die geleentheid om *De Zuid-Afrikaan* te kritiseer en daarvan te beskuldig dat hy die burgeroptrede probeer regverdig.”

Die volgende stap in die protes teen slawewetgewing was 'n memorie aan die koning en Britse parlement waarin voorgestel word dat “die dag waarop 'n verteenwoordigende wetgewende vergadering aan die Kaap toegeken word, die begin sal aandui van die vrystelling van alle slawemeisies en hul nasate ná die datum gebore” (Botha, 1982:30). *The South African Commercial Advertiser* ondersteun die plan om “slawerny trapsgewys uiteindelik af te skaf”, maar “met sekere voorbehoude, veral ten opsigte van kompensasie”, wat tot 'n meningsverskil met *De Zuid-Afrikaan* lei (Botha, 1982:31).

Volgens De Klerk (2014:4) is daar in 'n hoofartikel in *De Zuid-Afrikaan* van 2 Maart 1832 geskryf dat daar “geen Schepsel [is] met reden begaafd en die een menschelyk hart in zynen boezem draagt, indien hy ten minste den invloed eeuw van verlichting gevoelt, of hy zal erkennen, dat vrye arbeid veel wenschelyker...is dan slaven arbeid”. *De Zuid-Afrikaan* wou “egter nie sien dat die beginsel van eiendomsreg aangetas word nie en gee in latere artikels heelwat aandag aan die probleme rondom slawevrystelling en kompensasie vir slawe-eienaars” (De Klerk, 2014:4).

'n Groep boere van 105 Koeberg verklaar op 25 Mei 1832 dat “hul natuurlike reg hulle sal dwing om hul mense en eiendom te beskerm indien slawewetgewing inbreuk maak op hul persoonlike vryheid, eiendomsreg en sekuriteit” (Botha, 1982:31). *The South African Commercial Advertiser* was veral ontsteld oor die “konserwatiewe menings” van *De Zuid-Afrikaan* toe dit ondersteuning gegee het aan die Koeberg-boere wat sekere voorwaardes gestel het voordat hulle die vrystelling van slawe sou aanvaar (Streak, 1974:138). *The South African Commercial Advertiser* het gesê *De Zuid-Afrikaan* “mislei” die boere en het hulle daarvoor blameer dat die “vooruitsig op selfregering vernietig is” (Streak, 1974:139). As 216 Nieuweveldse boere ook nog verklaar dat hulle sekere aanmerkings oor die slawe-ordonnansies in *De Zuid-Afrikaan* gelees het, maar nie die oorspronklike ordonnansie nie, en gevolglik van voorneme is om sekere bepalinge nie te gehoorsaam nie, is die beskuldiging deur *The South African Commercial Advertiser* seker te begrype as hy beweer dat *De Zuid-Afrikaan* die ingesetenes “mislei” (Botha, 1982:31).

In Augustus 1832 word 'n bevel-in-rade uitgereik waarvolgens slawebeskermers die reg verkry om landgoedere en slawewoonkwartiere te eniger tyd te besoek, terwyl die werkdag tot ses uur verminder word (Botha, 1982:31). Hierdie bevel lei tot 'n versoek van 72 slawe-eienaars om 'n vergadering te belê om die maatreëls te bespreek, wat op 24 Augustus 1832 in *De Zuid-Afrikaan* gepubliseer word (Botha, 1982:31-32).

Die uitvloeisel hiervan is “een van die grootste byeenkomste in Kaapstad, op 17 September 1832, wat deur bykans 2000 slawe-eienaars bygewoon word”. Hier neem CJ Brand weer leiding en sy toespraak word in *De Zuid-Afrikaan* van 28 September 1832 opgeneem. Daarin

argumenteer hy die slawe-maatreëls maak “inbreuk op die reg van iedere huiseienaar” en is ’n “inkwisisie” (Botha, 1982:32). Hy maak beswaar dat vorige verdoë geïgnoreer en deur verdere regulasies opgevolg is, en kritiseer “eensydige beskerming” van Britse kant, want volgens hom word slegs die slawe beskerm en nie die eienaars nie. Brand word as volg aangehaal: “Men beschuldigd ons Afrikanen dat wy kwaadaardigen beulen zyn, Neen Myneheeren die aanwrywing is valsch.” Hy vra dat almal, ook die Britte, hulle kom vergewis “dat onze slaven het beter hebben als vele, ja zeer vele vrye Britsche Burgers” (Botha, 1982:32).

Botha (1982:32) interpreteer Brand se standpunt as ’n uitdrukking van Afrikaneridentiteit:

Brand openbaar ’n sterk anti-regeringstandpunt en ’n patriotiese gevoel wat ’n Afrika-nergroepbewustheid duidelik laat blyk. In sy aanspraak vra hy om eerder sonder wette te wees as dat slawewette aan hul opgedwing word. Beraadslagings oor die belange van hul vaderland loop op niks uit nie.

Fairbairn van *The South African Commercial Advertiser* het mettertyd *De Zuid-Afrikaan* se “verbintenis tot die hervorming en afskaffing van slawerny openlik begin bevraagteken” (Giliomee & Mbenga, 2007:97). Hulle vervolg:

Dit word toe ’n kaalvuisegeveg. *De Zuid-Afrikaan* en die *Commercial Advertiser* se politieke verskille het in ’n etniese stryd tussen Afrikaner- en Engelse koloniste verander. Die Nederlandse koerant het “Engelse skynheiligheid” veroordeel en betoog dat afskaffers die onmenslikheid van slawe-eienaars gedurig beklemtoon, maar vergeet van die groot winste wat hul eie voorsate uit die slawehandel gemaak het. (Giliomee & Mbenga, 2007:97)

Nadat die Vrstellingswet in 1833 in die Britse Parlement goedgekeur is, was slawe-eienaars veral besorg oor die waarde van kompensasie en die manier waarop dit verdeel sou word. Ondanks die protes en teenstand deur slawe-eienaars, word in Januarie 1834 bekend gemaak dat slawerny op 1 Desember 1834 in die Kaapkolonie afgeskaf sou word. Botha (1982:33) skryf die “metode van afskaffing het nog eens reaksie ontketen by veral die Afrikaners en spoedig word die gebruikelike *modus operandi* gevolg naamlik ’n openbare byeenkoms en ’n memorie aan die regering”.

Op ’n vergadering op 22 Maart 1834 word kompensasie bespreek, wat tot verdere onmin en ongelukkigheid lei “aangesien veral die Afrikaanssprekende deur die onvoldoende kompensasie groot kapitaalverliese gely het” (Botha, 1982:33). Die “uiteindelike afskaffing van slawerny aan die Kaap ontnem die boer sy arbeid, terwyl die aantal landlopers toeneem en boerderybedrywighede ernstig belemmer word” (Botha, 1982:33). Die boere dring aan op ’n “landloperwet”, maar die Britse regering veto dit.

Oor die volgende openbare vergadering, op 8 Oktober 1834, berig *De Zuid-Afrikaan* op 10 Oktober 1834. Hierdie vergadering om oor ’n voorgestelde verteenwoordigende wetgewende raad te praat, “lewer ’n ernstige konfrontasie tussen Engelssprekende en Afrikaner op”, want die “verwydering wat reeds ingetree het vanweë die onderskeie standpunte soos enersyds verteenwoordig deur *De Zuid-Afrikaan* en andersyds deur *The South African Commercial Advertiser*, kulmineer en vind uiting in beskuldigings van ’n anti-Britse gevoel by die Afrikaners” (Botha, 1982:34).

Die verskil tussen die groepe en koerante kry ook ’n persoonlike element by toe die vergadering luidkeels ’n voorstel verwerp dat Fairbairn tot die komitee moet toetree wat hierdie kwessie verder moet ondersoek, terwyl Brand, wat ’n leidende rol op die vergadering gespeel het, reeds lid daarvan was. Botha (1982:34) skryf:

Veral ná die vergadering van 8 Oktober is die beskuldigings van *The South African Commercial Advertiser* veel heftiger. Hierdie aantygings bly nie net by dié van misleiding deur die koloniste deur *De Zuid-Afrikaan* nie, maar word nou ook op persoonlike vlak geprojekteer sodat die manne agter *De Zuid-Afrikaan* [soos Brand] die skyf vir aanvalle word.

Op sy beurt weerlê *De Zuid-Afrikaan* in sy hoofartikels Fairbarin se “aantygings en pogings om verwydering te bring tussen Engels- en Afrikaanssprekendes, terwyl ook Brand se optrede verantwoord word” (Botha, 1982:35). Fairbairn se “dwaling” word voorts aan “persoonlike en private griewe” toegeskryf (Botha, 1982:35).

Slawerny is formeel op 1 Desember 1834 in die Kaapkolonie afgeskaf, maar slawe was nog vir die volgende vier jaar by eienaars ingeboek. Vryheid van beweging en die reg om op ’n loon aan te dring het eers in 1838 in werking getree.

De Zuid-Afrikaan verklaar in 1837 “dat die vrygestelde slawe wat na 1834 nog vir vier jaar as arbeiders by hul meesters ingeboek is oor die algemeen ’n vreedsame gesindheid aan die dag lê en dat diegene wat reeds hul ‘volledige emancipatie’ verkry het hul tans ‘in het volle genot onzer burgerlyke regten en privilegien’ bevind” (De Klerk, 2014:4).

Die Britse regering het die geskil tussen die koerante en hul ondersteuners “ernstig genoeg opgeneem om selfregering meer as twee dekades te vertraag”, volgens Giliomee en Mbenga (2007:97). Giliomee en Mbenga (2007:97) voeg by: “Al dié weerlig en donderweer het oplaas gaan lê. Daar was meer dinge wat Engelse en Afrikaners saamgesnoer as uitmekaar gedryf het. Na alles was hulle maar ’n baie klein wit minderheid in ’n kolonie met ’n groot slawebevolking en ’n onveilige oosgrens.”

6. Die toestaan van selfregering in 1854³

Soos die bespreking bo aangetoon het, moet die posisionering van *De Zuid-Afrikaan* teenoor die afskaffing van slawerny in samehang met ander sleutelkwessies van die tyd gesien word. Een van die belangrikstes was selfregering.

Nadat die Kaap in 1806 ’n Britse kolonie geword het, was die mag (steeds) oorwegend in die hande van ’n outokratiese goewerneur gesetel. Reeds voor die stigting van *De Zuid-Afrikaan* in 1830 het koloniste hulle beywer vir ’n verteenwoordigende wetgewende regering, maar die Britse regering weier om verskeie redes, soos dat “die gekleurde bevolking nie in staat sou wees om hom te beskerm teen ’n blanke-gedomineerde wetgewende mag nie” en dat dit tot ’n direkte konfrontasie tussen Engels- en Afrikaanssprekendes kon lei (Botha, 1982:75). Soos bo aangedui, was daar ook twyfel of die koloniste werklik slawevrystelling sou deurvoer. Op hulle beurt het die koloniste selfregering as voorwaarde vir die vrystelling van slawe voorgestel.

Konstitusionele vordering was dus langsaam, en eerstens die gevolg van hervormings in die groter Britse ryk wat ook in die Kaap neerslag gevind het. In 1829 word persvryheid toegestaan. Die Britse Reform Bill van 1832 het aan die Kaap gelei tot die vrystelling van slawe in 1834, die instelling van ’n Wetgewende Raad bestaande uit vyf amptenare en vyf tot sewe benoemde koloniste in 1834, en ordonnansies oor plaaslike bestuur van 1836.

De Zuid-Afrikaan het hom “feitlik vanaf sy oprigting beywer vir die instelling van ’n wetgewende liggaam waarvan die lede deur die inwoners van die kolonie verkies word” (De

³ Behalwe waar anders vermeld word, is die oorsig gebaseer op De Klerk (2014:7-9) en Cameron & Spies (1991:90-91), aangevul deur Giliomee & Mbenga (2007:140-143).

Klerk, 2014:1). CJ Brand, wat 'n leidende rol in die protes teen die slawevrystellingsproses gespeel het, neem in 1839 die redakteurskap van *De Zuid-Afrikaan* by sy broer, PA Brand, oor. PA Brand bly die eienaar van die koerant, en JJH Smuts word die drukker en uitgewer (Botha, 1982:44). In sy nuwe pos laat CJ Brand geen geleentheid verbygaan om selfregering in *De Zuid-Afrikaan* te propageer nie (Botha, 1982:77).

Die slawevrystelling het weliswaar een van die vorige besware teen meer selfbestuur uit die weg geruim, maar kommer het steeds bestaan oor die lot van inheemse bevolkingsgroepe onder koloniale selfregering. Die inwoners van die kolonie was in verskillende groepe en klasse verdeel en 'n eie wetgewende liggaam kon daartoe lei dat die wit koloniste mag oor die bruin en swart groepe sou verkry.

Onder die teenstanders was Fairbairn van die *South African Commercial Advertiser*, wat aanvanklik ten gunste van selfbestuur was, maar hom teen 1832 teen selfbestuur uitgespreek het juis omdat hy die mening van sendelinge hieroor onderskryf het. Die humanitêre groepe het egter algaande invloed verloor en die Britse leiers het begin besef hulle het die koloniste nodig in die bestuur van die kolonie. In 1840 het Kaapstad munisipale bestuur gekry. Stemreg is beperk tot eiendomsbesitters en -huurders op 'n sekere vlak, maar nie volgens rassekriteria nie.

In teenstelling met “die vernaamste koloniale amptenare en leiersfigure onder die koloniste” wat 'n hoë eiendoms kwalifikasie gevra het, het *De Zuid-Afrikaan* 'n lae eiendoms kwalifikasie voorgestaan en as “vernaamste argument daarvoor aangevoer dat bruin mense anders feitlik heeltemal van stemreg uitgesluit sou wees” (De Klerk, 2014:16).

De Zuid-Afrikaan het “die standpunt gehuldig dat beskawingsverskille tussen die blanke en die bruin inwoners geleidelik sou verdwyn en dat die getalsverhouding tussen die verskillende bevolkingsgroepe dan nie meer van belang sou wees nie” (De Klerk, 2014:16). Die moontlikheid “dat die grense van die kolonie verskuif word om Bantusprekende groepe in te sluit, is wel voorsien, maar het nie veel aandag in die koerant se besprekingsartikels gekry nie” (De Klerk, 2014:16). Die blad was “van mening dat ook hierdie groepe geleidelik tot die beskawingsvlak van die inwoners van Europese oorsprong gebring sou kon word” (De Klerk, 2014:16). De Klerk vervolg:

Dit blyk tans, 160 jaar later, dat die beskawingsverskille beslis nog nie heeltemal verdwyn het nie. Die konsep van 'n verskil tussen beskaaf en onbeskaaf, wat deur *De Zuid-Afrikaan* duidelik in noue verband gesien is met die verskil tussen Westers en nie-Westers, word tans egter nie meer so geredelik aanvaar as wat in daardie tyd die geval was nie. (De Klerk, 2014:16)

Die besluit van die Britse regering in 1848 om 'n skip, die Neptune, met 300 Britse bandiete na die kolonie te stuur, het tot 'n massabeweging in Kaapstad gelei, waarin stemme uit die verskillende faksies in die kolonie, ook Engelse en Nederlandse koerante, saamgesnoer is. Die regering moes onder druk afsien van sy plan om bandiete hier te vestig, en die beweging na selfregering het 'n hupstoot gekry.

'n Konsepwet in 1848 het lae eiendomsvereistes vir stemreg aanbeveel, onder andere ondersteun deur CJ Brand en Fairbairn (wat intussen van plan verander het oor die wenslikheid van selfregering). Maar binne die kolonie was daar ook steun vir 'n hoë eiendoms kwalifikasie, wat beheer aan 'n kleiner elite-groep onder die wit koloniste sou verseker. Twis onder die koloniste het uitgekring en tot talle insidente en verdragings gelei, voordat 'n nuwe Liberale Britse kabinet in 1853 die Grondwet vir die Kaapkolonie met die laer stemreg kwalifikasies goedgekeur het.

Toe die Britse regering in 1853 'n Grondwet vir die kolonie goedkeur met insluiting van 'n lae eiendomsvereiste vir stemreg, “het die blad [*De Zuid-Afrikaan*] die Grondwet verwelkom as ‘liberaal bo verwagting’ en die hoop uitgespreek dat in die nuwe parlement oorwegings van klas of kleur geen rol sal speel nie” (De Klerk, 2014:16).

Die stemregvereistes wat vir die verkiesing in 1854 aanvaar is, was dat elke meerderjarige manlike Britse onderdaan wat nie aan sekere misdade skuldig bevind is nie, vir stemreg kwalifiseer as hy vir twaalf maande of langer 'n eiendom ter waarde van ten minste £25 bewoon het of anders 'n loon van ten minste £50 per jaar verdien.

Ras was dus nie 'n uitsluitende faktor nie, maar geslag wel: slegs mans wat aan die eiendomsvereiste voldoen het, kon stem. Diegene anderkant die Keiskamma-rivier, toe die oosgrens, kon nie stem nie, met ander woorde die meerderheid Xhosas is ook uitgesluit.

Die stemregstelsel waarvolgens die eerste parlementêre verkiesing in die Kaapkolonie in 1854 gehou is, kan “as die liberaalste in die Britse ryk van daardie tyd beskou...word”, volgens De Klerk (2014:1). De Klerk (2014:16) verklaar: “[L]iberale politieke beskouinge aangaande die verhoudinge tussen die bevolkingsgroepe in Suid-Afrika het tussen 1854 en 1994 waarskynlik nooit so 'n sterk invloed op Afrikaners gehad as in die jare wat die instelling van die Grondwet van 1853 voorafgegaan het nie.”

Die geskiedenis van hierdie eerste nierassige parlement vir die kolonie word volgens Trapido (1990:76) onderbeklemtoon in Afrikanergeskiedskrywing omdat dit as 'n uitvloeisel van Britse imperialisme gesien word. Giliomee (2004:163) meen op sy beurt die “stelsel van verteenwoordigende regering van 1854 tot 1872 was 'n teleurstelling” want “die goewerneur, wat deur Brittanje aangestel is, het steeds die stelsel oorheers”. Hy noem voorts dat Afrikaners se deelname aan die stelsel swak was, dat daar hoofsaaklik aan die belange van die Engelse gemeenskap aandag gegee is, en dat slegs 'n derde van die parlamentslede Afrikaners was, “alhoewel Afrikaners driekwart van die kieserskorps verteenwoordig het” (Giliomee, 2004:163).

7. Slotsom

Hierdie artikel toon dat die evaluering van *De Zuid-Afrikaan* in die 20ste-eeuse geskiedskrywing as eenduidig reaksionêr moontlik heroorweeg moet word. Van die nuanses en teenstrydighede van die spesifieke 19de-eeuse omgewing waarin die koerant ontstaan en ontwikkel het, het dalk verlore geraak.

Dit het waarskynlik gebeur omdat die opbloeit van Afrikanernasionalisme in die 20ste eeu op die geskiedenis van *De Zuid-Afrikaan* teruggekaats is. Dit het tot gevolg dat 'n eenvoudige dualistiese patroon op die koerantgeskiedenis afgedwing word. Daarin was *De Zuid-Afrikaan* reaksionêr en konserwatief en sy tydgenote, soos *The South African Commercial Advertiser*, liberaal. Hierdie twee pole word dan maklik verteenwoordigend van die ontstaansgeskiedenis van onderskeidelik die Afrikaanse en Engelse joernalistiek, en veral die strominge wat gedurende die 20ste eeu ontstaan het. Maar wat dan van die konserwatiewe stroming in die Engelse pers, verteenwoordig deur koerante soos *The Graham's Town Journal*?

Wanneer dieper gedelf word in *De Zuid-Afrikaan* se ontstaan en sy dekking van twee sleutelkwessies in die 19de eeu, ontwikkel 'n meer geskakeerde prentjie van sy rol ook. Al was die koerant se eienaars en joernaliste oorwegend Nederlands/Afrikaans, het dit tot in die tweede helfte van die eeu ook nog sy inhoud in Engels beskikbaar gestel. Uitsluitende taalnasionalisme is dus nie deel van die nalatenskap van *De Zuid-Afrikaan* aan Afrikaanse joernalistiek nie.

Dit is 'n mistasting om die koerant se verdediging van die belange van slawe-eienaars gelyk te stel met Afrikaanse koerante se ondersteuning van apartheid in die 20ste eeu. *De Zuid-Afrikaan* het nie probeer om slawerny as ideologie te regverdig of bevorder soos wat talle Afrikaanse joernaliste die apartheidsbeleid ondersteun het nie. In die 19de eeu was slawerny aan die Kaap 'n regsgegewe, gebaseer op lank aanvaarde praktyk, en die koerant het as spreekbuis van 'n gemeenskap van slawe-eienaars hul geldige belange, eise, en vrese verteenwoordig toe die druk opgebou het om 'n stelsel wat nie meer verdedig kon word nie, af te skaf. Met apartheid was die proses omgekeerd: die Afrikaanse joernaliste het eers hul intellektuele visioene geskep, en toe het die wette gevolg.

Daarmee word nie probeer om *De Zuid-Afrikaan* vanuit die morele hoë grond van die 21ste eeu te verskoon of as liberaal voor sy tyd aan te bied nie. Die punt is dat die koerant 'n produk van sy eie tydperk was, en deel was van 'n groter Westerse beweging van 'n patriargale na 'n meer liberale orde. Die redakteurs was oor die algemeen geleerde wêreldburgers in voeling met die revolusionêre tydsgeselskap wat tot omwentelings in Frankryk, Nederland, Brittanje en die Verenigde State van Amerika gelei het.

Die steun wat *De Zuid-Afrikaan* aan 'n liberale (vir sy tyd) grondwet in 1854 gegee het, toon 'n ingesteldheid teenoor ander landgenote, wit en swart, wat ook van die latere inkarnasies van Afrikanernasionalisme in die pers verskil. *De Zuid-Afrikaan* was deel van die ontwikkeling van Kaapse liberalisme van die 19de eeu met al sy teenstrydighede, en moet onderskei word van Afrikanernasionalisme soos dit in die 20ste eeu beslag gekry het.

In 'n 21ste-eeuse herwaardering van die nalatenskap van *De Zuid-Afrikaan* moet die ondersteuning van Afrikaanse koerante vir Afrikanernasionalisme en apartheid in die 20ste eeu genoem word, maar dan moontlik ook die rol van die Afrikaanse joernalistiek in die vestiging van 'n nierassige inklusiewe demokrasie in 1994. Die vraag ontstaan: Waar sou *De Zuid-Afrikaan* hom meer tuis voel: in die inklusiewe demokrasie van die 21ste eeu of die vaderland van apartheid?

BIBLIOGRAFIE

- Armstrong, JC & Worden, NA. 1979. The slaves, 1652–1834. In R. Elphick & H. Giliomee (eds). *The shaping of South African Society, 1652–1840*. Middleton, Connecticut: Wesleyan University Press, pp. 109–183.
- Bosman, FCL. 1930. *Hollandse joernalistiek in Suid-Afrika gedurende die 19de eeu*. Kaapstad (oorgedruk met ondergeskikte wysigings van artikels in *Ons Land*, 8 April 1930).
- Botha, HC. 1982. *Die rol van Christoffel J. Brand in Suid-Afrika, 1820–1854*. Pretoria: Die Staatsdrukker.
- Cameron, T & Spies, SB (reds.). 1991. *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika*. Hersiene uitgawe. Kaapstad: Human & Rousseau.
- De Klerk, P. 2014. *De Zuid-Afrikaan* se standpunt oor stemreg vir bruin mense voor die totstandkoming van die Kaapse koloniale parlement in 1854. *Historia*, 59(1):1–17.
- De Klerk, P. 2016. *De Zuid-Afrikaan* se kommentaar op vraagstukke rakende bruin en swart mense in die Kaapkolonie tydens die redakteurskap van J.H. Hofmeyr (1871–1883). *Historia*, 61(2):101–120. <http://dx.doi.org/10.17159/2309-8392/2016/v61n2a5>.
- De Kock, W. 1982. *A Manner of Speaking: The Origins of the Press in South Africa*. Kaapstad: Saayman & Weber.
- De Zuid-Afrikaan*. 1830–1854. Universiteit Stellenbosch-biblioteek, SUN Digitale Versameling, <http://digital.lib.sun.ac.za/handle/10019.2/1060>.
- Dick, AL. 2018. Reading authors of the Enlightenment at the Cape of Good Hope from the late 1780s to the mid 1830s. *Journal of Southern African Studies* (2018), 44:3, 383–400, DOI: 10.1080/03057070.2018.1445361.

- Du Plessis, JHO. 1943. Die Afrikaanse pers. 'n Studie van die ontstaan, ontwikkeling en rol van die Hollands-Afrikaanse Pers as sosiale instelling [The Afrikaans Press: A study on the founding, development and role of the Dutch-Afrikaans press as social institution]. PhD dissertation. Stellenbosch University.
- Elphick, R & Giliomee, H. (eds). 1979. *The shaping of South African Society, 1652–1840*. Middleton, Connecticut: Wesleyan University Press.
- Giliomee, H. 2004. *Die Afrikaners, 'n biografie*. Kaapstad: Tafelberg.
- Giliomee, H & Mbenga, B. (reds.). 2007. *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika*. Kaapstad: Tafelberg.
- Hachten, WA & Giffard, CA. 1984. *Total Onslaught: The South African Press Under Attack*. Johannesburg: Macmillan.
- McKenzie, K. 1998. 'Franklins of the Cape': "The South African Commercial Advertiser" and the creation of a public sphere, 1824–1854. *Kronos*, 25:88-102.
- Meurant, LH. 1885. *Sixty Years Ago, or Reminiscences of the Struggle for the Freedom of the Press in South Africa and the Establishment of the First Newspapers in the Eastern Provinces*. Cape Town: Saul Solomon & Co.
- Muller, CFJ. 1990. *Sonop in die suide: Geboorte en groei van die Nasionale Pers 1915–1948* [Sunrise in the south: The birth and growth of Nasionale Pers 1915–1948]. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- Nienaber, GS. 1939. *Van roem tot selfmoord*. Johannesburg & Pretoria: Voortrekkerpers Beperk.
- Rabe, L. 2020. *A Luta Continua: A History of Media Freedom in South Africa*. Stellenbosch: Sun Press.
- Streak, M. 1974. *The Afrikaner as viewed by the English*. Kaapstad: C. Struik.
- Trapido, S. 1990. From paternalism to liberalism: The Cape Colony, 1800–1834. *The International History Review*, 12(1):76-104. <https://www.jstor.org/stable/40106134>.

Uitdagings en geleenthede in die bedryf van diplomatie – Voor, tydens en ná Covid-19

Challenges and opportunities in practising diplomacy – Before, during and after Covid-19

RIAAN EKSTEEN

Senior Navorsingsgenoot
Fakulteit Geesteswetenskappe
Universiteit van Johannesburg
Suid-Afrika
E-pos: reksteen@swakop.com



Riaan Eksteen

RIAAN EKSTEEN was vir 27 jaar lid van Suid-Afrika se Buitelandse Diens. Hy beklee verskillende poste in die Buitelandse Ministerie. Gedurende 1964–67 is hy in die Namibiese afdeling gemoed met SA se betrokkenheid in die hofsak by die Internasionale Geregshof in Den Haag; hy is ook agtereenvolgens hoof van die VN- en Namibiese afdeling (1973–76) en van Beplanning (1981–1983). Hy dien vanaf 1968–1973 by die SA Ambassade in Washington, DC. Voorts is hy vir 12 jaar ambassadeur by die VN in New York (1976–1981); Namibië (1990–1991); VN in Geneve (1992–1995) en Turkye, insluitende Azerbeidjan, Kirgistan, Oesbekistan en Turkmenistan. Laasgenoemde aanstelling is deur pres. Mandela gedoen. Hy was ook Direkteur-generaal van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie (SAUK) van 1983 tot 1988 en 'n politieke ontleder op die Johannesburgse Aandeelbeurs (JSE) van 1988 tot 1990. Hy behaal sy doktorsgraad in Oktober 2018 en is die outeur van *The Role of the Highest Courts of the United States of America and South Africa, and the European Court of Justice in Foreign Affairs*. Talle artikels is reeds in internasionale en nasionale vaktydskrifte gepubliseer. Hy was besoekende professor aan die Tashkent State University of Law, Uzbekistan.

RIAAN EKSTEEN was a member of the South African Foreign Service for 27 years, during which time he held several posts within the Foreign Ministry. From 1964–67 he served in the Namibian division, participating in South Africa's court case in the International Court of Justice in The Hague; he also successively held the positions of Head of the UN and Namibian divisions (1973–1976) and Head of Planning (1981–1983). In addition, from 1968–1973, he was stationed at the South African Embassy in Washington, DC. Subsequently, he was Ambassador for 12 years at the U.N. New York (1976–1981); Namibia (1990–1991); U.N. Geneva (1992–1995); and Turkey, including Azerbaijan, Kyrgyzstan, Turkmenistan and Uzbekistan (1995–1997). The assignment to Turkey was done by Pres. Mandela. He is also a former Director-General of the South African Broadcasting Corporation (1983–1988) and a political analyst on the Johannesburg Stock Exchange (JSE). He obtained his doctorate in October 2018 and is the author of *The Role of the Highest Courts of the United States of America and South Africa, and the European Court of Justice in Foreign Affairs*. He has already published numerous articles in international and national scientific journals. He was also a visiting professor at the Tashkent State University of Law, Uzbekistan.

Datums:

Ontvang: 2021-09-15

Goedgekeur: 2022-01-24

Gepubliseer: Maart 2022

ABSTRACT***Challenges and opportunities in practising diplomacy – Before, during and after Covid-19***

There is no doubt that the world is currently experiencing turbulent times. Not even diplomacy could escape change when Covid-19 hit the world in January 2020. Old approaches that have been in place for decades, even centuries, changed drastically, and diplomacy could not expect to continue as if nothing had happened. Approach to and application and operation of diplomacy has essentially been affected. In the era after Covid-19, countries and diplomats will still have to pay attention to these variables and will hardly be able to return to a previous era. Furthermore, domestic politics play an important role when considering strategic foreign policy decisions due to the threats that are expected or are already being carried out in connection with national security issues. Decisions on foreign affairs must therefore be evaluated in a certain domestic context because they develop mainly within national borders. In recent decades, the link between the two has become closer. The concepts of national interest, national security, domestic politics, and foreign policy have now become even more intertwined. Consequently, the question arises involuntarily: how are diplomats prepared and trained for this new world. Nowadays, diplomats are expected to be international advisers. Geopolitical views and applications have become more and more important, and the world is more interconnected than ever before. Understanding the global system is an inevitable requirement. The era requires people who can make difficult decisions and who will not worry about fine protocol rules being strictly enforced and adhered to anymore. These international advisers are now more than ever involved and instrumental in decision-making processes of peace and national security. This interdisciplinary role that these advisers must play is a challenging one that requires skilful dynamics. Contemporary diplomacy is changing at an unprecedented pace and is characterised by new role players, new issues, and new responsibilities. Multilateralism, which was the key to diplomacy since World War II has only gained momentum in the last 30 years, and with Covid-19, the importance of multilateral diplomacy was reaffirmed. In the span of two years, Covid-19 has revealed itself as a great equaliser, proving how interdependent the whole world really is. Covid-19 has unequivocally proved that the future of diplomacy is multilaterally driven. In addition, Covid-19 prevents personal contact and meetings, but foreign policymakers have been forced to adapt to a new digital norm. That digital revolution not only makes a wealth of information available, but also increases the speed at which decisions must be made. Diplomats similarly benefit from gathering and sharing knowledge, and this knowledge is made available at an unprecedented rate and needs to be managed. Knowledge management is the efficient handling of information and resources within a particular organisation. Knowledge diplomacy and a knowledge management system are both important because they increase the effectiveness of an institution's decision-making ability and ensure that all employees have access to overall expertise within the organisation. Knowledge management is consequently the conscious process of defining, structuring, retaining, and sharing knowledge and experience of employees within an organisation. The term knowledge diplomacy is becoming more and more popular and is used in different ways. Knowledge diplomacy, therefore, understands the role that international higher education, research, and innovation can play in strengthening relations between states. The impact of technology on the practice of diplomacy in the time of Covid-19 also inevitably emphasised the growing importance of conducting diplomacy digitally. Diplomats need to take a proactive approach to digitisation and acquire the skills needed to further promote domestic diplomacy through digital platforms as an important new component of future public diplomacy. The fight against the emergence of digital disinformation must, due to the nature of the decidedly

negative implications of fake news, also receive pertinent attention. The subject of cyber security is most important and may not be ignored. Science diplomacy has become increasingly important.

Another important aspect that diplomats should actively consider is how corporations continue to grow in their ability to practise public diplomacy. States are no longer the only international role players in the ever-growing diplomatic scene. Therefore, in order not to run the risk of becoming an endangered activity – which may become increasingly irrelevant because of increasing technological advances – diplomatic representation in the digital age must be intensified in order to increase diplomatic engagement and become a critical tool in an era of complex interdependence and globalisation. The number of role players involved in foreign affairs and diplomacy in one way or another has increased tremendously in recent decades. The longer the pandemic lasts, the more the world changes, and the challenge for diplomats is to manage these changes. The role of China and Russia in following their own world vision is an aspect of growing importance and demands constant vigilance.

KEYWORDS: corporate diplomacy; Covid-19; digital diplomacy; digital technology; domestic policies; foreign affairs; geopolitical relations; knowledge diplomacy; knowledge management; multilateral diplomacy, science diplomacy

TREFWOORDE: binnelandse beleid; buitelandse aangeleenthere; Covid-19; digitale diplomatie; digitale tegnologie; geopolitieke verhoudings; kennisbestuur; kennisdiplomatie; korporatiewe diplomatie; multilaterale diplomatie, wetenskapdiplomatie

OPSOMMING

Die wêreld beleef onstuimige tye en nie eens diplomatie kon veranderinge ontsnap toe Covid-19 die wêreld in Januarie 2020 getref het nie. Hedendaagse diplomatie verander teen 'n ongekende tempo en word gekenmerk deur nuwe rolspelers, nuwe vraagstukke en verantwoordelikhede en ook om diplomatie op digitale wyse te bedryf. Ou benaderings wat vir dekades, selfs eeue gegeld het, het drasties verander. Diplomatie kon nie ver wag om steeds op sy eie voort te gaan asof niks gebeur het nie. Benadering tot en toepassing en bedryf van diplomatie is in die afgelope twee jaar tot in sy wese geraak. Die velerlei onderwerpe waaraan diplomate hul aandag moet skenk, neem steeds toe in omvang en intensiteit. Gevolglik kan alles nie in die bestek van 'n enkele artikel beskryf en uiteengesit word nie. Daarom is parameters gestel waarbinne bepaalde onderwerpe sinvol aangespreek word. Bykomend hiertoe word gepoog om die wesentlike probleme wat diplomate oor 'n wye veld in die gesig staar aan te spreek in die lig van die buitengewone omstandighede wat hulle moet hanteer.

Die vraag is nou hoe diplomate vir hierdie nuwe wêreld in hul beroep voorberei en geskool word. Deesdae word van hulle ver wag om internasionale adviseurs te wees en om nou meer as ooit tevore betrokke en instrumenteel in besluitnemingsprosesse van vrede en nasionale veiligheid te wees. Hierdie interdisciplinêre rol is 'n uitdagende een wat baie dinamika vereis. Met Covid-19 is die belangrikheid van multilaterale diplomatie herbevestig. Die digitale rewolusie stel nie net 'n magdom meer inligting beskikbaar nie, maar vereis spoedeisende besluitneming. Kennisbestuur is die doeltreffende hantering van inligting en hulpbronne binne 'n bepaalde organisasie. Kennisdiplomatie en die toepassing van 'n kennisbestuurstelsel is belangrik omdat dit die doeltreffendheid van 'n instelling se besluitnemingsvermoë verhoog. State is nie meer die enigste internasionale rolspelers in die steeds groeiende diplomatieke

toneel nie. Die aantal rolspelers wat by buitelandse aangeleenthede betrokke is en diplomاسie op een of ander wyse bedryf, het die afgelope dekades geweldig toegeneem. Hoe langer die pandemie aanhou, hoe meer verander die wêreld. Gepaardgaande met die snelontwikkende metodes om data te verwerk en te versprei, het die kwessie van kuberveiligheid eksponensieel toegeneem. So is wetenskapdiplomاسie, insluitende ruimtediplomاسie, ook belangrik om van kennis te neem. Die uitdaging waarvoor diplomate te staan kom, is om hierdie veranderinge oordeelkundig en met nuwe vaardighede te bestuur.

Inleiding

Daar bestaan geen twyfel dat die wêreld tans onstuimige tye beleef nie. Selfs nie eens diplomاسie kon veranderinge ontsnap toe Covid-19 (Corona Virus Disease 2019) die wêreld in Januarie 2020 getref het nie. Elke denkbare menslike lewensaktiwiteit – sosiaal, privaat, sake en burgerlik – en ook elke staatsbetrokkenheid in elke land in die wêreld is in hul wese geskud. Geen land het sy wraak vrygespring nie, alhoewel sommige die geluk gehad het om slegs geringe gevolge te ondervind. Ander is gehamer deur die erns van die pandemie en in die nasleep daarvan het dit die eensbestaande normaal aan flarde gelaat. Soos wat dit stelselmatig in feitlik elke land in die wêreld toegeneem het, is enorme hoeveelheid inligting in die bestek van 'n relatief kort periode oor die virus versamel. Weens die paradigmaskuiwe wat nuwe en uitdagende werklikhede op almal en alles afgeforseer het, het ou benaderings wat vir dekades, selfs eeue gegeld het by die vensters uitgevlieg. Die rol van China en Rusland in die navolging van hul eie wêreldvisie is 'n aspek van toenemende belang en vereis konstante waaksaamheid.

Op dieselfde manier kon diplomاسie nie verwag om steeds op sy eie voort te stoom asof niks gebeur het nie. Om diplomاسie te beoefen, is om die betrekkinge tussen state te bestuur en te versterk. Diplomاسie is in sy wese geraak en moes noodgedwonge plek maak vir 'n nuwe era. Satow se *Diplomatic Practice*¹ wat vir die eerste keer in 1917 gepubliseer is en daarna as die klassieke en gesaghebbende stel voorskrifte voorgelê is, was voorheen onontbeerlik vir enige voornemende diplomaat. Selfs in die tydperk voor Covid-19 was dit nie meer die alfa en die omega van diplomatieke voorbereiding en toepassing nie, en is diplomاسie reeds gekonfronteer deur veranderlikes waarvoor daar nie handboeke en leidings op boekrakke is nie. Met die pandemie is diplomate tot die onaangename besef geruk dat hulle deesdae nog meer en beter op hul voete moet dink – en vinnig ook. In die era ná Covid-19 sal state steeds aandag moet skenk aan hierdie veranderlikes en sal nouliks na 'n vorige era teruggekeer kan word.

Beskouings oor buitelandse en binnelandse beleid

Alvorens op die nuwe uitdagings gelet word en hoe hulle aangespreek behoort te word, is dit tog belangrik om op bepaalde kernpunte te wys wat reeds vroeër in diplomاسie gegeld het en met betrekking tot buitelandse aangeleenthede steeds van deurslaggewende belang is. Buitelandse beleid word nie in 'n vakuum geformuleer en uitgevoer nie en kan as die refleksie van binnelandse beleid beskou word.² Dit ontstaan uit, groei en word gevoed deur binnelandse beleid wat impliseer dat buitelandse beleid eintlik 'n byproduk van binnelandse beleid is. In wese is dit binnelandse maatreëls en nasionale belang – en in die afgelope paar dekades ook dan nasionale veiligheid – wat die grenslyne van buitelandse beleid bepaal. In die hedendaagse

¹ Roberts (2016).

² Eksteen (2019).

geglobaliseerde wêreld kan binnelandse beleid nog minder van 'n staat se buitelandse beleid geskei word.

Nuutste uitdagings aan diplomate

Gevolglik ontstaan die onwillekeurige vraag: hoe word diplomate vir hierdie nuwe wêreld in hul beroep voorberei en geskool? Lindstrom het reeds met sy studie in 2002 die belangrikheid van vernuwing in die diplomasië beklemtoon:

For the diplomat of the 21st century, success hinges on being proficient in a multitude of areas and familiar with a variety of tools. Besides knowledge of local language and culture, they need updated expertise in areas such as health, the environment, demographics, and terrorism. They have to know the intricacies surrounding intellectual property rights, dumping, and non-tariff barriers. In addition, today's diplomats must be comfortable with a variety of technologies, ranging from the typewriter to the satellite phone. They require strong teamwork/partnering skills to collaborate with other groups, such as humanitarian organizations operating in the same host country.³

Aanpasbaarheid is 'n noodsaaklike eienskap wat ontwikkel moet word soos nog nooit vantevore nie; die uitdagings wat voorlê, vereis dit. Wanneer veerkragtigheid die standaard word, kan die onvoorspelbare bedreigings of veranderinge weerstaan word. Katastrofiese gebeure mag meer dikwels voorkom en mag minder voorspelbaar wees omdat hulle vinniger in 'n groter verskeidenheid wyses kan ontvou. In die studie wat Stanzel en andere in 2018 gedoen het oor die nuwe realiteite in buitelandse aangeleenthede en wat dit vir die diplomasië in die 21ste eeu inhoud, kom hulle tot die volgende gevolgtrekking:

Modern diplomacy is currently experiencing fundamental changes at an unprecedented rate, which affect the very character of diplomacy as we know it. These changes also affect aspects of domestic and international politics that were once of no great concern to diplomacy. Technical developments, mainly digitization, affect how the work of the diplomat is understood; the number of domestic and international actors whose activity implicates (or is a form of) diplomacy is increasing; the public is more sensitive to foreign policy issues and seeks to influence diplomacy through social media and other platforms; the way exchange between states, as well as the interchange between government and other domestic actors, progresses is influencing diplomacy's ability to act legitimately and effectively; and finally, diplomats themselves do not necessarily need the same attributes as they previously did. These trends, reflecting general societal developments, need to be absorbed by diplomacy as part of state governance.⁴

Nuwe verwagtinge van diplomate

Al hierdie ingewikkelde uitdagings staar die moderne diplomasië in die gesig met die beoefening van hierdie beroep. Van diplomate word deesdae verwag om internasionale

³ Lindstrom (2002:xi).

⁴ Stanzel (2018:2). Stanzel is 'n voormalige Duitse ambassadeur in China en Japan en sedert sy aftrede is hy verbonde aan die Duitse Instituut vir Internasionale en Sekerheidsaangeleenthede (Stiftung Wissenschaft Politik – SWP) en dien ook as vise-president van die Duitse Raad oor Buitelandse Verhoudinge.

adviseurs te wees en om hul beroep te beoefen terwyl hulle onder meer die volgende waarop geen afdoenbare antwoord altyd geredelik beskikbaar is nie, in ag moet neem:

- Wat is die rol en aard van diplomاسie in die 21ste eeu?
- Wat is die belangrikste kenmerke van diplomاسie wat konstant gebly het? Wat het verander, waarom en met watter gevolge en die implikasies daarvan vir die teorie, praktyk en organisasie van diplomاسie?
- Watter impak het die toename in die aantal rolspelers wat by diplomاسie betrokke is op die wyse waarmee diplomاسie deesdae beoefen word?
- Wat hou die dinamika van die interaksies tussen bilaterale, streeks- en multilaterale diplomاسie en van die verbintenisse met buitelandse aangeleenthede vir diplomاسie in?
- Hoe raak die groeiende diversiteit van internasionale akteurs die diplomatieke kultuur in die 21ste eeu en wat doen die nuwe elemente aan die hedendaagse diplomatieke kultuur?
- In watter opsigte pas diplomatieke metodes en praktyke aan by die veranderende wêreldrealiteite gedurende die afgelope paar dekades met die verskeidenheid innovasies?
- Hoe raak die verhoogde tempo van die digitale era gevestigde diplomatieke praktyke en watter aanpassings moet noodgedwonge en deurentyd ter “oorlewing” gemaak word?
- Is die eise van hedendaagse diplomاسie met die meer gekoesterde waardes van tradisionele diplomاسie versoenbaar?
- Hoe word diplomاسie herstruktureer om te kan “oorleef” en by nuwe visies aan te pas wanneer dit transformasie ondergaan?
- Hoe wend diplomate instrumente en tegnologie die beste aan om nasionale belange en waardes te bevorder?
- Tot watter mate pas diplomاسie aan om nasionale belange te bevorder of te beskerm?

Wanneer hierdie vrae beantwoord word, word ’n goeie aanduiding verkry van wat die rol van diplomاسie eintlik is, dat dit hoegenaamd nie uitgedien is nie en dat te midde van al hierdie prosesse en klemverskuiwings die essensie van diplomاسie nie sal verdwyn nie. Die 15 eienskappe wat Ambassadeur Robert Blackwill bespreek synde die ideale kwaliteite waarvoor diplomate moet beskik, skets die kernkenmerke wat fundamenteel is vir die suksesvolle beoefening van diplomاسie.⁵ Hedendaagse omstandighede toets diplomate nie meer net aan hierdie vereistes nie. Bykomend tot die gelyste eienskappe kom deesdae uitdagings wat hierdie geekte kwalifikasies waaraan geen afbreuk gedoen moet word nie, tot ’n groter mate beproef. Die denkprosesse waaraan diplomate tans al hoe meer blootgestel word, word dramaties meer en ingewikkelder namate die onderwerpe waarmee hulle gekonfronteer word in omvang, intensiteit en spoed toeneem. Van diplomate word steeds verwag om treffende verslae op te stel, maar die tyd waarin dit gedoen moet word, het drasties verminder en ook die gehore aan wie die standpunte uiteengesit en wat daarvan oortuig moet word, is nou groter en meer wydverspreid soos wat die tegnologie geleenthede aan vele belangstellendes bied om hierna te luister en oordeel daarvoor uit te spreek.

⁵ Blackwill (2013).

Die era van die onbekende onbekendes

Voorkomende diplomasië behels nuwe diplomatieke vaardighede en heeltemal nuwe benaderingsmetodes, sowel as die aanvaarding van innoverende strategieë om die uiteindelijke doel van vrede te bereik. Geopolitiese beskouings en toepassings het al hoe belangriker geword. Die wêreld is meer interverbond as ooit te vore. Begrip van die globale stelsel is 'n onvermydelike vereiste. Namate die onsekerhede wêreldwyd toeneem, moet langtermynbeplanning groter en meer doelgerigte aandag kry. Korttermynaksies en gesonde besluitneming moet hierby inskakel om die impak van enige onvoorspelbare bedreigings of veranderinge te kan weerstaan. Enkele jare gelede is Donald Rumsfeld, President George W Bush se Minister van Verdediging, uitgelag toe hy in Februarie 2002 opgemerk het:

There are known knowns; there are things we know that we know. There are known unknowns; that is to say, there are things that we now know we don't know. But there are also unknown unknowns – there are things we do not know we don't know.⁶

Vir hom was laasgenoemde groep dié wat die moeilikste is wanneer hy die geskiedenis van die VSA beskou het. Hierdie era van die onbekende onbekendes het gouer opgedaag as wat enigiemand gedink of verwag het. Die wêreld is nou in daardie era en onbuigbaarheid en onnadenkende optredes het nie meer plek in die nuwe era nie. Tyd om verkeerde of ongegronde besluite reg te stel of om te keer, is nie meer 'n gegewe nie, maar eerder 'n luuksheid wat min voorkom. Korrekte fokus moet dus op langtermynsuksesse geplaas word. Hierdie era vereis persone wat kopskuiwe kan maak en nie slegs om te sorg dat fyn protokolreëls nougeset neergelê en nagekom word nie.

Internasionale adviseurs

Hierdie internasionale adviseurs is nou meer as ooit tevore betrokke en instrumenteel in besluitnemingsprosesse van vrede en nasionale veiligheid. Hul effektiwiteit is van fundamentele belang beide op grond- en internasionale vlak. Hulle moet inligting spoedig saamvoeg, om 'n allesomvattende begrip van die konteks en sleutelpunte te ontwikkel en uiteindelik daardie verstandhouding en analise te kommunikeer aan hul instellings op verskeie vlakke, terwyl hulle terselfdertyd betekenisvolle verhoudings uitbou en handhaaf. Hierdie interdisiplinêre rol wat hierdie adviseurs moet speel, is 'n uitdagende een wat baie dinamika vereis, maar wat hulle in staat stel om hul professionele verantwoordelikhede deurlopend te evalueer sodat persoonlike sterkpunte en areas van groei verder ontwikkel kan word. Sodoende word die vaardighede ontwikkel en verhoog om effektiewe advies te kan lewer. Interaksies met kollegas bring nuwe en besondere perspektiewe na vore wat onontbeerlik is om advies van hoë kwaliteit te lewer. 'n Belangrike aspek van die hele proses is dat 'n kontakbasis uitgebrei word wat groter voordele inhou namate die uitdagings wat aangespreek moet word en wat as klankborde van standpunte nuttig betrek kan word, toeneem.

Hedendaagse diplomasië verander teen 'n ongekende tempo en word gekenmerk deur nuwe rolspelers, nuwe vraagstukke en nuwe verantwoordelikhede. Die klemverskuiwing van die rol van ministeries van buitelandse sake en professionele diplomate na multilaterale benadering is 'n hoofkenmerk van die huidige veranderinge. Diplomasië wat as 'n praktyk terugdateer tot antieke beskawings wat wissel van die Chinese ryk tot antieke Griekeland en die vroeë Middeleeuse Europa in die 13de eeu was nog altyd geag as die kommunikasie en

⁶ <<https://accelerate-marketing.com>>

bemiddeling tussen mense en dus al lank deel van die wêreldorde. Ná die totstandkoming van formele permanente missies met die opkoms van die Wesfaalse staatsorde tussen die 15de en 18de eeu, was die praktyk van diplomatie grotendeels bilateraal tot en met die Eerste Wêreldoorlog. Multilateralisme, oftewel die kollektiewe oorweging van wêreldaangeleenthede deur die nasies van die wêreld, het in 1919 met die stigting van die Volkerebond en in 1945 met die koms van die Verenigde Nasies (VN) 'n relatief nuwe konsep geword. Ná 1945 is die diplomatie op beide bilaterale en multilaterale vlak met vraagstukke gekonfronteer wat voorheen hoegenaamd nie bestaan het nie. Die afgelope 77 jaar moes aandag geskenk word aan onder andere: die Koue Oorlog, militêre konflikte (Korea, Viëtnam, Irak, Afghanistan), die opkoms van nuwe state, die toenemende eksploratie van die buitenste ruimte, die opstapeling van kernwapens en die verskynsels wat in terreur, staatsverval, skurkstate, staatsgrepe en rewolusies gemanifesteer het. Terwyl baie state steeds met van hierdie probleme worstel en die uitdagings daaraan verbode selfs meer veeleisend word, het Covid-19 as nóg 'n ingrypende veranderlike bygekom. Toe lande reisbeperkings ingestel het en internasionale vlugte dramaties ingekort is, was dit diplomatie wat na vore moes tree om die nadelige impak van hierdie rampspoedige besluite aan te spreek.

Multilaterale diplomatie

Aldus is die belangrikheid van multilaterale diplomatie met Covid-19 herbevestig. Aandag is opnuut weer gevestig op wêreldwye samewerking om die uitkoms van pandemies en ander rampe te beperk en selfs dalk te voorkom, netsoos daar ná twee wêreldoorloë in 1919 en in 1945 bewys is dat wêreldwye aangeleenthede die beste deur diplomatie aangespreek kan word. Gevestigde sosiale en ekonomiese ordes is deur die langdurige gevolge van Covid-19 geskok en reaksies op hierdie noodgeval vir openbare gesondheid was onlosmaaklik verbind aan diplomatie, en spesifiek multilaterale diplomatie. Covid-19 het 'n verskuiwing in wêreldwye prioriteite in 2020 tot gevolg gehad. Tot Maart 2020 is die omgewing en klimaatverandering as die grootste prioriteite vir die toekoms bestempel. Toe word wêreldwye gesondheid die hoogste prioriteit. Van internasionale diplomatie is verwag om antwoorde te verskaf oor uitdagings, geleenthede en toekomsvooruitsigte ten opsigte van wêreldgesondheid. In die tydsbestek van Maart tot Oktober 2020 het 'n kritieke tydperk gevolg waarin sleutelareas van diplomatie oorweeg moes word. Hierdie pandemie en die ingrypende gevolge daarvan is sekerlik een van die grootste uitdagings in die geskiedenis van diplomatie, indien nie die grootste nie. Met die VN en die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) tesame met state, die burgerlike samelewing en die private sektor wat steeds belangrike ondersteuning en dienste lewer in die stryd om die pandemie te verslaan, word die onontbeerlikheid van multilaterale alliansies, wat vanaf die begin van hierdie wêreldwye uitdaging die globale reaksie gekoördineer het, feitlik daagliks onderstreep. Die mylpale wat die 21ste eeu reeds op die gebied van multilaterale diplomatie opgelewer het, ondersteun die erkenning dat kollektiewe optrede nodig is om 'n eksistensiële bedreiging soos Covid-19 te bestry. Uiteindelik het hierdie pandemie meer as ooit tevore getoon hoe belangrik multilateralisme en internasionale samewerking is. In die bestek van twee jaar het Covid-19 sigself geopenbaar as 'n groot gelykmaker en daarmee bewys hoe interafhanklik die hele wêreld inderdaad is. Covid-19 het onteenseglik bewys: **Die toekoms van diplomatie is multilateraal gedrewe.**

Verband tussen Covid-19 en geopolitieke verhoudings

Davies en Wenham maak twee belangrike stellings in hul gesaghebbende artikel.⁷ Eerstens, raak hierdie pandemie alle lande, maar die wyse waarop regerings reageer, word polities bepaal. Dit beteken dat wêreldwye gesondheidsstrukture ernstig aandag moet skenk aan die mededingende diplomatieke prioriteite van state. Diegene wat in internasionale verhoudings geskool is, is by uitstek goed onderleg om die WGO by te staan met die orkestrering van state se geopolitieke en diplomatieke verhoudings in al hul menigvuldige fasette, wat beteken dat die WGO politiek moet omhels en van buitelandse beleid- en diplomatieke kundigheid gebruik moet maak. Tweedens, is dit belangrik om raak te sien dat Covid-19 net soveel 'n politieke probleem is as 'n tragedie vir openbare gesondheid. Politiek was die kern waarop regerings vir hierdie krisis voorberei en daarop reageer het en dit is politieke besluite wat soms die bestuur van hierdie virusuitbreking in die wiele gery of bevorder het ongeag die sterkte van 'n gesondheidstelsel wat duidelik die politieke bepalings van openbare gesondheid onderstreep het. Politiek word egter dikwels as 'n hinderlike irritasie voorgehou wanneer professionele gesondheidspersoneel probeer doen wat nodig is om die pandemie te stuit en nie politieke voorskrifte van staatshoofde uitvoer nie. Ook word dit in sommige lande in Afrika waargeneem waar gesondheidsprogramme geloods moet word. Kulturele verskille speel dikwels 'n groot rol wanneer gesondheidswerkers gesien word as vanuit die bose.

Die gebruik van kennismakelaars wat in die laaste twee dekades in alle sektore toegeneem het, het met die koms van Covid-19 net verder vermeerder. Hulle is persone wie se werk dit is om kennis rond te skuif en verbindings tussen navorsers en verskillende gehore te skep. Baie VN-byeenkomste word as leë gesprekswinkels afgemaak maar idees is voorlopers vir aksie en om VN-beleidmakers saam te stel rondom 'n gedeelde analise is van kritieke belang om navorsing en eksterne idees toeganklik te maak. Dat kennis en mag gekoppel is, is nie nuut nie en die krag van idees is 'n onderwaardeerde VN-nalatenskap. Dit verander die manier waarop aangeleenthede beskou en debatteer word en so word belange van nuuts af gedefinieer – dit wil sê wát saak maak en wáter aksies geprioritiseer moet word. Die gevolg is die vorming van nuwe koalisies en netwerke. 'n Dodelike pandemie het hedendaagse denke oor wêreldwye bestuur fundamenteel uitgedaag. Met betrekking tot diplomatie behoort Covid-19 as 'n tydige wekroep beskou te word, want die volgende paar dekades sal waarskynlik ongekend wees te midde van ekonomiese, politieke, sosiale, gesondheids- en ekologiese omwentelinge. Netsoos met Covid-19 sal hierdie omwenteling ook geleenthede bied. Die opmerking wat aan John Maynard Keynes toegedig word toe hy oor teenstrydighede in sy denke gevra is, is ter sake:

When my information changes, I alter my conclusions. What do you do, sir?⁸

Covid-19 verhinder persoonlike kontak en vergaderings, maar dwing buitelandse beleidmakers om aan te pas by 'n nuwe digitale normaal. Daar is reeds die sekerhede wat die digitale en tegnologiese rewolusie meebring terwyl klimaatsverandering en geopolitiese onsekerhede groter impak mag hê. Die digitale rewolusie stel nie net 'n magdom meer inligting beskikbaar nie, maar die spoed waarteen besluite geneem moet word, neem eenvoudig nie af nie. Die uitdagings is: wát van al die inligting word, wíe dit verwerk, hóé dit verwerk word, wíe dit daarna vertolk en wát gebeur nadat besluite op grond daarvan geneem is. Dan is daar ook die ooglopende gevaar van al die samesweringsteorieë wat wyd en syd op sosiale media rondgestuur word, soos byvoorbeeld die verskeidenheid groepe wat teen inenting gekant is.

⁷ Davies en Wenham (2020).

⁸ <<https://quoteinvestigator.com>>

In Maart 2020 het die G-7-beraad vir die eerste keer via videokonferensie plaasgevind. Die Wêreldbank en die Internasionale Monetêre Fonds het weldra gevolg en sedertdien bied 'n stortvloed organisasies en ander dinkskrums, sowel as akademiese en navorsingsinstellings, wye reekse besprekings oor buitelandse beleidsgebeurtenisse aanlyn aan. Menigvuldige geleenthede vir interaksies word geskep en namate die aantal geleenthede toeneem en onderwerpe diversifiseer, raak hindernisse tot deelname wat gewoonlik aan geografiese nabyheid, finansies, en logistieke en tydsbeperkings toegeskryf word al hoe meer verouderd. Die virtuele formaat verwyder die meeste uitdagings vir toeganklikheid en veel meer uiteenlopende gehore en kundiges word betrek. Individue uit verskillende agtergronde en vaardighede word geleenthede gegee om kennis te deel en sodoende deel van die dialoog te word. Op dié manier word die basis van deelnemers verbreed en word meer geleenthede geskep om deel te neem. Meer kennis word versamel en meer idees kom na vore.

Kennisbestuur en kennisdiplomatie

Kennis word al hoe meer teen 'n ongekende koers beskikbaar gestel. Diplomatie vind insgelyks hierby baat om kennis te versamel en te deel en so word stukrag verleen aan wat vir diplomatie van oneindige belang is: kennisbestuur en kennisdiplomatie. Beide is begrippe wat 'n impak op diplomatie laat en dit sal onverantwoordelik en op eie risiko wees om dit sonder meer te ignoreer.

Kennisbestuur is die doeltreffende hantering van inligting en hulpbronne binne 'n bepaalde organisasie. Kennisdiplomatie is 'n tweerigtingproses. Enersyds dui dit op die rol wat internasionale hoër onderwys, navorsing en innovasie (IHONI) in die opbou en versterking van betrekkinge tussen lande speel. Dit bied 'n nuwe benadering tot die ondersoek na die verhouding tussen IHONI en internasionale betrekkinge. Verder beklemtoon dit ook die rol wat internasionale betrekkinge in die fasilitering en verbetering van IHONI speel.

'n Stelsel van kennisbestuur ("knowledge management system") is belangrik om die doeltreffendheid van 'n instelling se besluitnemingsvermoë te verhoog en om te verseker dat alle werknemers toegang tot algehele kundigheid binne die organisasie verkry. Op hierdie manier word 'n goed ingeligte werkerskorps opgebou wat dan beter in staat is om vinniger ingeligte en weldeurdagte besluite te neem wat die organisasie bevoordeel. Die doel van die kennisbestuursproses is dus om perspektiewe, idees, ervaring en inligting te deel; om te verseker dat dit op die regte tyd op die regte plek beskikbaar is om die vereiste besluite moontlik te maak; en om doeltreffendheid te verbeter. Daarom is dit belangrik dat die organisasie dit absoluut moontlik moet maak vir werknemers om hierdie kennis op te doen en nie te onderdruk om partypolitieke munt of eie voordeel daaruit te probeer slaan nie.

Kennisbestuur is gevolglik die bewustelike proses om kennis en ervaring van werknemers binne 'n organisasie te definieer, te struktureer, te behou en te deel. Die hoofdoel van kennisbestuur is om die doeltreffendheid van 'n organisasie te verbeter en kennis binne die onderneming te bewaar, iets wat dikwels na opleiding en onderrig in 'n organisasie verwys. Dit bestaan uit 'n siklus van die skep, deel, strukturering en ouditering van kennis, ten einde die effektiwiteit van 'n organisasie se kollektiewe kennis te maksimeer. Die doel is om organisatoriese onderrig moontlik te maak en 'n leerkultuur te skep waar die deel van kennis aangemoedig word.

Suksesvolle kennisbestuur sal 'n organisasie op verskillende maniere verbeter. Dit sal verseker dat die gespesialiseerde kennis van werknemers nie by hulle bly of onbenut word deur ander werknemers wat daarby baat vind nie. Dit is belangrik omdat dit die doeltreffendheid van 'n instelling se besluitnemingsvermoë verhoog. Om te verseker dat alle werknemers

toegang het tot algehele kundigheid binne die organisasie, word 'n slimmer werksmag opgebou wat in staat is om vinnige, meer ingeligte besluite te neem wat die onderneming bevoordeel. Dit lei dan daartoe dat innovasie makliker is om binne die organisasie te bevorder, wat dan weer lei tot die voordeel van verhoogde toegang tot beste praktyke, en gevolglik werknemersomset verminder. Die belang van kennisbestuur neem elke jaar toe soos wat die wêreld steeds mededingender word en daarom is dit noodsaaklik dat diplomatieke kundigheid op 'n intelligente en buigsame manier opgebou word om sodoende aan die voorpunt van ontwikkelings en gebeure te kan bly. Sodra organisatoriese kennis en innovasies in plek is, kan probleme vooruit gesien word, en is dit moontlik om vinnig daarop te reageer.

'n Doelgerigte kultuur moet geskep en beleid neergelê word sodat kritieke kennis vasgelê word en behoue bly. Dit is fataal om nie 'n bestaande kennisbestuurstelsel in plek te hê wat kennis bestuur nie en sonder gereedskap wat kennis versamel, behou en versprei, ontstaan 'n vakuum wat nadelige gevolge sal inhou. Gelyktydig hiermee moet 'n stelsel van mentorskap bestaan wat daarop gemik is om kritieke kennis van kennishouers met bepaalde ondervinding aan opkomende internasionale adviseurs oor te dra. Kennis is 'n waardevolle hulpmiddel vir enige moderne organisasie, insluitende 'n diplomatieke diens en gevolglik is dit noodsaaklik dat meganismes in plek moet wees om alle beskikbare kennisbronne van beide interne en eksterne oorsprong te deel, sodat waarde toegevoeg kan word tot die nastreef van doelstellings en strategieë. Sonder duidelike strategieë vir die behoud van kennis sal daar 'n hoë mate van verlies van waardevolle kennis wees na mate ouer diplomate bedank of aftree. Daarom moet hierdie verlies besef en erken word sodat 'n kennisbestuurstelsel geskep kan word wat sal sorg dat die jaarlikse verlies van ongedokumenteerde kennis versag kan word soos die mees ervare en kundige besitters van daardie kennis om welke rede ook al verdwyn.

Kennisdiplomatie word al hoe gewilder en word op verskillende maniere gebruik. Nie net word 'n breë spektrum van regeringsorganisasies – insluitende agentskappe vir hoër onderwys, wetenskap en tegnologie – belangrike rolspelers in diplomatieke betrekkinge nie, maar word burgerlike samelewingsorganisasies, multinasionale ondernemings en kundige netwerke betrek. Die landskap van internasionale hoër onderwys en navorsing is ewe dinamies met die ontwikkeling van innoverende wêreldwye navorsingsnetwerke, onderwys- of kennisname, internasionale gesamentlike universiteite, multisektorale vennootskappe, streek-sentrums vir uitnemendheid en nuwe wyses van akademiese mobiliteit. Kennisdiplomatie bestaan om te dien as skakel en die veranderende wêreld van hedendaagse diplomatie en internasionale hoër onderwys en navorsing te verbind. Die eerste stap om kennisdiplomatie te verstaan, is om die inhoud van diplomatie te verstaan. Kennisdiplomatie verduidelik die rol wat internasionale hoër onderwys, navorsing en innovasie kan speel in die versterking van daardie betrekkinge tussen state, maar kan ook gesien word as 'n tweerigtingproses wat fokus op hoe internasionale betrekkinge internasionale hoër onderwys en navorsing kan verbeter. Kennisdiplomatie erken dat baie binnelandse aangeleenthede nou wêreldwye vraagstukke is, maar terselfdertyd is die teenoorgestelde eweneens korrek. Baie wêreldwye uitdagings is nou huishoudelike uitdagings en daar is dus geen twyfel dat 'n toenemend geglobaliseerde, onderling gekoppelde en interafhanklike wêreld nuwe vraagstukke, bedreigings en geleenthede bied wat nie deur een staat alleen aangespreek kan word nie. Internasionale samewerking is nodig, en dis hier waar kennisdiplomatie die kundigheid en navorsing van die hoër onderwyssektor in vennootskap met ander sektore, dissiplines of rolspelers meebring om die dringende wêreldwye vraagstukke aan te spreek wat buite die vermoë van een staat is om op te los.

Namate belangstelling in en die gebruik van kennisdiplomatie ontwikkel, sal daar verskeie interpretasies wees van wat dit is, waarom dit belangrik is en watter strategieë in die toepassing

daarvan gebruik kan word. Alhoewel kennisdiplomasië nie as sinoniem met internasionalisering van hoër onderwys beskou kan word nie, skyn dit wel 'n helder lig op die breër rol en bydrae van internasionale hoër onderwys en navorsing tot internasionale betrekkinge en omgekeerd. Kennisdiplomasië is daar om as hulpmiddel gebruik te word om wêreldwye uitdagings en geleenthede aan te spreek deur verbeterde internasionale betrekkinge en om die moontlikheid te verminder dat internasionale hoër onderwys en navorsing 'n instrument word vir die verdeling van kennis tussen state.

Veiligheid en ekonomiese ontwikkeling is 'n geruime tyd alreeds fundamentele aangeleenthede in internasionale betrekkinge, maar onlangs is nuwe kwelvraagstukke, soos migrasie, klimaatsverandering en nou veral gesondheid bygevoeg. Vandag vul kennis en diplomasië mekaar wedersyds aan om hierdie vraagstukke meer doelgerig te benader en meer effektief te bespreek. In die internasionale poging om gesondheid, welsyn en ontwikkeling te bevorder, terwyl die omgewing en natuurlike hulpbronne beter bestuur en bewaar word, is daar 'n duidelike en groeiende erkenning van die rol van wetenskaplike en tegniese kennis in wêreldwye bestuur. Dermate dat dit die VN genoop het om 'n dringende behoefte te erken. Sodoende is die organisasie toegerus met die vermoë om wetenskaplike kennis aan te wend om internasionale besluitneming te verbeter.

Knight wat 'n deskundige oor kennisdiplomasië is, het twee dokumente opgestel wat die British Council in 2018 en 2019 onderskeidelik gepubliseer het.⁹ Hierdie dokumente help om 'n dieper begrip van kennisdiplomasië te bekom en sommige misverstande wat oor die konsep mag bestaan, uit die weg te ruim. Teen hierdie agtergrond is dit derhalwe noodsaaklik dat internasionale adviseurs waaksaam sal wees oor die volgende:

- Verstaan die benaderings tot die opstel van buitelandse en nasionale veiligheidsbeleid.
- Dra kennis van die belangrikste instellings en beleidsprosesse wat betrokke is by die formulering van beleid ten opsigte van buitelandse en nasionale veiligheid.
- Verstaan teorieë, paradigmas en debatte oor die verband tussen die dinamiek binne 'n staat en die staat se buitelandse beleid en veiligheidsimperatiewe.
- Wend teorieë en konsepte uit die globale veiligheid, binnelandse politiek en beleidsanalise aan om staatsgedrag te verstaan, te beïnvloed en te voorspel.
- Begryp die historiese konteks van die buitelandse beleid en hoe verskillende belange buitelandse beleid gevorm het.
- Wees bewus van die formulering en implementering van buitelandse beleid en hoe verdediging, intelligensie en nasionale veiligheid saam met die ekonomiese, historiese, politieke, sosiale en strategiese belange die onderbou van buitelandse beleid vorm.

Niks is belangriker as die verantwoordelikheid wat 'n land se leiers het om die nasionale veiligheid van die land en sy inwoners te beskerm nie. Dit is noodsaaklik dat 'n sterk nasionale verdediging sowel as 'n robuuste diplomatieke korps gehandhaaf word om kritieke verhoudings met enersdenkende lande te bevorder sodat 'n geordende internasionale wêreldorde beskerm word.

Digitale diplomasië

Digitale diplomasië is nou verbind met openbare diplomasië en selfs met kulturele diplomasië, maar dit het ook die gereedskap om hierdie twee pilare van tradisionele diplomasië te beïnvloed.

⁹ Knight (2018 & 2019).

Die manier waarop diplomate netwerke bedien, kommunikeer, en inligting op sosiale media versamel en verwerk, het 'n bepaalde impak op openbare mening. Die doel van digitale diplomatie is eerstens om 'n globale gehoor op datum te hou en daarna om die nuutste internasionale verwickelinge te volg. Digitale hulpmiddels sluit ook die wyse in waarop sommige leiers en diplomate met ander lande of nieregeringsorganisasies kommunikeer. In hul verslag oor digitale diplomatie vir die Nederlandse Instituut van Internasionale Verhoudinge meld Hocking en Melissen:

There is an explosion of commentary on the implications of the digital age for diplomacy. Digitalization has a major impact on diplomacy, both in terms of the forms in which it is conducted and its structures at all levels.¹⁰

Baie lande het nou kundiges in digitale diplomatie wat saam met hul ambassadeurs werk. Die Verenigde Koninkryk is een van die voorste lande wat digitale diplomatie betref. Dit is die eerste land wat 'n strategie vir digitale publieke diplomatie ontwikkel het. Swede het ook aandag getrek met sy digitale diplomatie. Israel is een van die aktiefste lande in digitale diplomatie. Aangesien die land sy beeld moes herstel weens baie voorvalle, is besluit om diplomatieke betrekkinge met behulp van aanlyn platforms te bevorder.¹¹ Cook se stelling bly van toepassing:

The need to secure the digital future is, without doubt, the most pressing issue facing businesses and societies around the world.¹²

Die impak van tegnologie op die uitoefening van diplomatie in die tyd van Covid-19 het ook onvermydelik klem geplaas op die toenemende belangrikheid om diplomatie op digitale wyse te bedryf. Met die massiewe aanwending van al die moontlikhede wat hedendaagse digitale tegnologie bied, maak onder andere omgewingsaktiviste wêreldwyd hul stemme dik om besluite op internasionale vlak te beïnvloed en verandering te weeg te bring. Baie van hierdie aktiviste se slagspreuke en ander protesteerdere se weskroep het nou ook al deel geword van die terminologie van internasionale verhoudings. Digitalisering vervaag verder die onderskeid tussen binnelandse en buitelandse aangeleenthede, aangesien burgers se migrasie na digitale platforms nuwe geleenthede skep vir diplomate om die plaaslike publiek se steun vir buitelandse beleidsprestasies of die openbare mening ten gunste van 'n gekose beleid te bewerkstellig.

Weens die enorme impak wat digitaliteit op elke lewensaktiwiteit reeds meegebring het en hoe dit openbare kommunikasie getransformeer het, is dit wenslik om ook te let op die belangrikheid daarvan in diplomatieke verband. Kommunikasie is so 'n wesentlike aspek van diplomatie dat geen kommunikasie geen diplomatie beteken.

Digitale tegnologie het die omvang waardeur diplomatie in die ope bedryf word, hervorm. Meer en meer nuwe rolspelers is bemagtig om by diplomatieke aktiwiteite betrokke te raak en hulle maak vrylik van hierdie tegnologieë gebruik. Kundige aanwending van hierdie nuwe kommunikasiefunksie kan nuttige bydraes lewer tot die verbetering van doeltreffende diplomatie en die bevordering van buitelandse beleidsdoelstellings en openbare diplomatieke gebruike gaan toenemend gesofistikeerd raak met die toepassing van hierdie verskeidenheid tegnologieë. Daarom handel diplomatieke kommunikasie in die digitale konteks nie meer oor

¹⁰ Hocking & Melissen (2015:5).

¹¹ <<https://diplomacy360.com>>

¹² Cook (2018).

bloot verslagdoening of inligtingverskaffing nie, maar om aksies uit te voer met diplomatieke betekenis en implikasies, veral in tye van internasionale krisis.

Tradisioneel was dit die taak van die Ministerie van Buitelandse Sake om vriendskapsbetrekkinge en vyandskap met ander state te bestuur, terwyl diplomatieke kommunikasie gefokus het op interaksies tussen diplomate en buitelandse gehore. Diplomate het selde met hul eie landsburgers gekommunikeer, maar noudat digitalisering die onderskeid tussen binnelandse en buitelandse aangeleenthede en vraagstukke verder laat vervaag het, het die begrip van binnelandse digitale diplomatie (BDD) begin posvat. Die migrasie van digitale burgers na digitale platforms skep nuwe geleenthede vir diplomate om tuis openbare steun vir buitelandse beleidsprestasies bymekaar te kry of om openbare mening ten gunste van 'n gekose beleid te beywer of voor te berei. Regerings se gebruik van digitale platforms ter ondersteuning van hul buitelandse beleid sal net toeneem en meer prominent word. Dit kan alreeds gesien word op nasionale vlak waar belangegroeppe en kiesers, maar ook vakbonde en aktivistegroeppe, tegnologie gebruik om hul belange bekend te stel en te bevorder deur druk op die regering te plaas om gunstige beleidsaannames te maak. Hier moet diplomate 'n proaktiewe benadering tot digitalisering volg en die vaardighede verwerf wat nodig is om deur middel van digitale platforms binnelandse diplomatie as 'n belangrike nuwe komponent van openbare diplomatie van die toekoms nog verder te bevorder. So het die Obama-Withuis Twitter gebruik om met die Amerikaanse publiek te kommunikeer en steun te versamel vir die ongewilde kernoor-eenkoms met Iran, wat uiteindelik daartoe gelei het dat die ooreenkoms deur die Kongres onderskryf is. Diplomate moet dus digitale instrumente ten volle gebruik. Digitale platforms bied aan hulle die vermoë om boodskappe te versprei, maar, veel meer, om betrekkinge te bevorder en te koester deur middel van sinvolle inhoud met die oog op saakmakende dialoog. Die bestryding van die opkoms van digitale disinformasie moet uit die aard van die besliste negatiewe implikasies wat fopnuus inhoud, ook pertinente aandag geniet. Dit is netso belangrik dat 'n betroubare digitale omgewing geskep word. Oordrewe aanwending van byvoorbeeld Twitter, soos waaraan President Trump hom tydens sy ampstermyn skuldig gemaak het, moet vermy word. Indien dit nie gebeur nie, is teenproduktiwiteit die gevolg.

Wetenskapsdiplomatie

Wetenskapsdiplomatie, en dan veral ruimtediplomatie, het mettertyd in belangrikheid toegeneem. Nie net as gevolg van verskeie lande se toenemende ruimtebedrywighede nie, maar veral met privaat instansies en individue se ruimtevlugte, soos dié van Richard Branson en Elon Musk, het hierdie groeiende aktiwiteit samewerking tussen lande en hul wetenskaplikes, beamptes en privaat korporasies genoodsaak ten einde te verseker dat konsensus bereik word om veilige, effektiewe en onderhoubare ruimtevlugte te verseker. Diplomate staan nie op die kantlyn wanneer oorwegings en optredes geformuleer moet word oor omgewingsbesoedeling in die ruimte of die daarstel van internasionale reëls en verordeninge nie, soos die verdrag oor die buitenste ruimte, maar ruimtediplomatie strek verder. Dit betrek ook die toenemende belangrikheid van die rol van teleskoop- en aardstasies, soos met die SKA-projek ("Square Kilometre Array") om die wêreld se grootste radioteleskoop te bou. In hierdie projek werk 14 state saam terwyl meer as 'n honderd organisasies vanuit 20 verskillende lande help om die projek te ontwerp en te ontwikkel. Hierin werk lande saam om die verste dele van die heelal te verken. Vir die beoefenaars van wetenskapsdiplomatie is die kwartaallike publikasie, *Science & Diplomacy*, van onskatbare waarde. Dit word deur die "Center for Science Diplomacy" van die *American Association for the Advancement of Science* uitgegee. Hierdie

sentrum is reeds vanaf 2008 aktief besig om brûe tussen gemeenskappe, verenigings en lande te bou waardeur interaksie tussen wetenskaplikes en diplomate bevorder word. Sodoende word verseker dat die rol van wetenskap in buitelandse beleid meer en meer gevestig word sodat nasionale en internasionale uitdagings genoegsame aandag geniet. Omdat wetenskap polities neutraal is, was dit dan ook al in die verlede ’n baie goeie vertrekpunt vir multi- en bilaterale gespreksvoering, veral waar sensitiewe diplomatieke verhoudinge ter sprake was. So brei Suid-Korea se Ambassadeur Lee Soo-hyuck insiggewend uit in ’n onderhoud oor skakeling in hierdie verband tussen Noord- en Suid-Korea.¹³ ’n Verdere sprekende voorbeeld van hoe wetenskapsdiplomatie op die hoogste vlak gevoer is, en tans weer gevoer word, is die tergende onderhandelinge tussen bepaalde Westerse lande en die Europese Unie met Iran oor laasgenoemde se kernprogram.

Waterdiplomatie

Waterdiplomatie word van toenemende belang. Dit moet egter nie met klimaatsverandering verwar word nie. Beskerming van waterbronne en toegang tot watervoorrade stel nuwe eise aan diplomate om toe te sien dat water nie die onderwerp van groot konflik word nie. ’n Sprekende voorbeeld hiervan is die botsing tussen Egipte en Ethiopië oor die Grand Ethiopian Renaissance Dam, wat laasgenoemde by die bron van die wêreld se langste rivier gebou het. Egipte beskuldig Ethiopië daarvan dat internasionale reg oortree word met die invloei van water uit die Nyliwivier wat op sy beurt die watervoorraad na Egipte verminder. Hierdie hidroëlektriese dam is lank reeds ’n bron van spanning in daardie streek.¹⁴

Kuberdiplomatie

Gepaardgaande met die snelontwikkelende metodes om data te verwerk en te versprei, het die kwessie van kuberveiligheid eksponensieel toegeneem.

Covid-19 has transformed the cybersecurity landscape like never before.¹⁵

Kuberveiligheid is ’n aspek van kuberdiplomatie wat nie geringeskat kan word nie. Diplomate se tyd en aandag word al hoe meer hierdeur in beslag geneem. Samewerking op die gebied van kuberveiligheid is nie net alleen wenslik nie – dit is uiters noodsaaklik. So is dit onlangs onomwonde gestel dat “Africa must get up to speed on cyber diplomacy” met die bykomende imperatief dat hierdie vasteland “cannot afford a back seat in upcoming global decisions on digital security and future tech.”¹⁶ In ’n verslag wat afgewag word, beoog die Instituut vir Sekerheidstudies (ISS), wat in Pretoria gesetel is, om hierdie noodsaaklikheid pertinent aan te spreek.

Foreign Policy Analytics,¹⁷ in vennootskap met Microsoft, vestig in ’n baanbrekende verslag spesiaal aandag op ekonomiese, sosiale en geopolitieke implikasies van toenemende bedreigings op die gebied van kuberveiligheid en die dringende behoefte aan internasionale samewerking om dit te bekamp. Die spesiale verslag, “Securing Our Digital Future”, ondersoek die gevare vir staats- sowel as nie-staatsfaktore van toenemende kuberbedreigings en ook die

¹³ Soo-hyuck (2021).

¹⁴ Polakovic (2021).

¹⁵ < <https://www.financialexpress.com> >

¹⁶ Allen (2022).

¹⁷ “Foreign Policy Analytics” is die navorsingsafdeling van die Washington-gebaseerde publikasie “Foreign Policy.”

kosse daaraan verbonde om nie betyds aan gevare aandag te skenk nie. Teen hierdie agtergrond is indringende aandag tydens die 76ste sitting van die Algemene Vergadering van die VN in 2021 geskenk aan die verspreiding van kuberaanvalle wêreldwyd. Hierdie tydige besprekings sal poog om proaktiewe oplossings vir die uitdaging te bied en die belangrikheid om 'n multinasionale konsensus vir norms en reëls aangaande kuberveiligheid daar te stel. Soos onlangse hoë profielaanvalle getoon het, soek kwaadwillige akteurs meedoënloos na swakhede in die kuberverdediging van lande en maatskappye. Hierdie verslag is daarop gemik om 'n verenigde front te ontwikkel vir ekonomiese groei, nasionale veiligheid en die privaatheid van burgers en om 'n stabiele en veilige kuberruimte te bevorder.

Vir diplomate is hierdie 'n ontsagwekkende uitdaging wanneer diplomatie by kuber- en digitale aangeleenthede betrek word, maar dit kan ook kennis en begrip van die insette, aanwysings en inisiatiewe wat verband hou met internasionale digitale onderwerpe in buitelandse aangeleenthede verbreed. Tegnieke en die politieke perspektief en wyse waarop digitalisering internasionale beleidsaspekte, diplomatieke dienste, interregeringsverhoudings en geopolitiek beïnvloed, word gedek. Die rol van digitale tegnologie in globalisering is 'n gegewe en kan nie verander nie, maar wat wel kan verander, is die ingesteldheid om kuberveiligheid deel te maak van die nuwe diplomatie.

Byeenkomste tussen diplomate en tegnologiese gemeenskappe om idees en beste praktyke te deel om digitale en kuberdiplomatie te bevorder, vind al 'n geruime tyd plaas. Om die konsep wêreldwyd uit te brei, is die Washington-gebaseerde “Digital Diplomacy Coalition”¹⁸ (DDC) geskep as 'n gemeenskap en om as hulpbron vir diplomatieke en internasionale besluitnemers te dien. Reekse ontmoetings in Washington, Ottawa en New York het reeds meer as 4 000 diplomate, tegnoloë en innoveerders, saam met die algemene publiek betrek. In Europa ondersoek CYDIPLO (European Cyber Diplomacy),¹⁹ 'n Jean Monnet-netwerk wat mede-befonds word deur die Erasmus-program van die Europese Unie (EU), saam met belangrike strategiese vennote die opkomende veld van kuberdiplomatie in die EU. Die doelwitte van hierdie groep is om 'n konsortium van universiteite vanuit Europa, Asië en die Stille Oseaan-gebied te versterk om verder navorsing te doen oor kuberdiplomatie, om studente te onderrig, bestaande kuberveiligheids- en navorsingsprogramme aan hierdie universiteite te ver-internasionaliseer, innoverende navorsing oor kuberdiplomatie te bevorder en kundigheid oor kuberveiligheid binne die EU en sy strategiese vennote uit te brei. 'n Belangrike oogmerk is om kuberdiplomatie te professionaliseer deur die aanbieding van gegradueerde en professionele opleidingsprogramme binne die EU waardeur onderrig- en studiemateriaal en modules vir opkomende kuberdiplomate ontwikkel kan word. CYDIPLO se “Handbook on Cyber Diplomacy” bevat die nuutste bevindinge oor kuberdiplomatie. Die handboek is bedoel om 'n onderrig- en leerhulpmiddel te wees saam met die opleiding wat deur die CYDIPLO-netwerk aangebied word. In CYDIPLO se joernale word die algemene onderwerp verduidelik oor hoe verskillende dissiplines verwickelinge in kuberdiplomatie verstaan en vertolk. Diplomacy360²⁰ is 'n internasionale program en samewerkingplatform wat daarop gemik is om die bande tussen diplomatie en ander domeine en wêreldwye onderwerpe wat beter aangespreek kan word deur alle lande se samewerking te belig. Op dié wyse word nie net op kuberdiplomatie gefokus nie, maar ook op klimaats-, besigheids-, sport-, digitale en joernalistieke diplomatie.

¹⁸ <<http://www.digidiplomats.org>>

¹⁹ <<https://www.cyberdiplomacy.net>>

²⁰ <<https://diplomacy360.com>>

Op akademiese vlak kry kuberveiligheid en die verwantskap met diplomاسie ook reeds toenemend aandag. ’n Voorbeeld hiervan is die nagraadse kursus “Cyber Security, Strategy, and Diplomacy” wat die Universiteit van Nieu-Suid-Wallis se Canberra-kampus aanbied.²¹ Die kursus is ’n gevorderde interdisciplinêre studie wat op die politieke, militêre, diplomatieke en hoër vlak bestuursaspekte van aangeleenthede fokus waar kuberveiligheid, strategieë en diplomاسie interaksie het. Dit is by uitstek gepas vir studente in diplomاسie. Regerings, ondernemings, gemeenskappe en die burgerlike samelewing regoor die wêreld worstel met strategieë om die nuwe domein van die kuberruim te reguleer, terwyl hul veiligheid en ander belange geraak word deur die vinnige tempo van inligtingstegnologie, wat uitgebuit word vir beide voordelige en kwaadwillige doeleindes. ’n Goeie voorbeeld is die Israeli maatskappy, Pegasus, se vermoë om selfooninligting te onderskep. Reeds vanaf 2016 is hierdie groep in staat om teksboodskappe te lees, oproepe na te spoor, wagwoorde in te samel, liggingopsoring akkuraat te doen, toegang tot die teikentoestel se mikrofoon en kamera te verkry en inligting van toepassings af te laai. Vir diegene wat nog dink hul selfone is veilig, wag daar onaangename ontugterings.

Gevolgtrek word algemeen aanvaar dat die bedreigings in die kuberruim steeds toeneem, terwyl reaksies om dit te versag nie daarmee kan tred hou nie. Die “Cyber Security, Strategy, and Diplomacy”-program bied sodoende aan studente die geleentheid om die belangrikste beleids-, operasionele, etiese en inligtingsuitdagings ten opsigte van veiligheid wat deur die integrasie of penetrasie van gevorderde inligtingstegnologieë op alle terreine van menslike aktiwiteite veroorsaak word, te begryp. Verder rus die kursus professionele persone toe met die kennis en vaardighede wat hulle nodig het om effektief op te tree in kuberdiplomاسie. Die kursus ontleed ook die wyse waarop die misbruik van tegnologie die geopolitieke veiligheid, sosiale en ekonomiese ontwikkeling en kuberprosesse en onderhandelings beïnvloed. Die kursus word aangebied deur akademiese, tegnologie-kundiges en ervare diplomate.

Dit is insiggewend om te let op hoe nuus oor kuberveiligheid op televisie van die segmente “leefstyl” en “tegnologie” na dié van “politiek” en selfs na die hoofberigte van ’n nuusuitsending verskuif het. Die toenemende frekwensie en hoë impak van kuberoortredings en kuberkrakers wat wêreldwye politieke en ekonomiese betrekkinge beïnvloed, veroorsaak dat ander hoogsaakmakende items van die onderhandelingsstafel gestoot word. Van die VN se Algemene Vergadering en Veiligheidsraad, tot die G-7, G-20, die WGO, en verskeie streeksorganisasies word state gedwing om maniere te vind om die kuberruim te beveilig. Kubermisdaad is egter nie net tot state beperk wat dit ter wille van strategiese of selfs ekonomiese voordeel pleeg nie. Internasionale terreurnetwerke en sekerlik ook georganiseerde misdaadgroepe is weldeeglik hierby betrokke. Dit alles bemoeilik die bestryding van kubermisdaad aansienlik. Diplomate sal hierdie veld met ’n hele aantal ander rolspelers buite die staatsopset moet deel om enigsins die gewenste resultate te verseker wanneer nuwe globale reëls bepaal word om kubermisdaad hok te slaan.

Kubersekuriteit beïnvloed onteenseglik internasionale vrede, volhoubare ontwikkeling, digitale samewerking, menseregte en privaatheid. Twee vrae wat dan gevra moet word, is hoe al hierdie belangrike uitdagings op die gebied van kuberveiligheid gekonfronteer word, en of diplomاسie hierdie tegnologie verweefde bedreigings in ’n geopolitieke konteks kan aanspreek. Nog twee verdere belangrike vrae is hoe diplomate, besigheidsleiers en ander belanghebbendes samewerking kan bevorder ten einde hierdie bedreiging te minimaliseer en selfs te verwyder en hoe moondhede kan verseker dat ooreenkomste oor veilige gedrag in die kuberruimte die

²¹ <<https://unsw.adfa.edu.au>>

internet se potensiaal vir universele toegang, ekonomiese en sosiale ontwikkeling en vooruitgang, en individuele veiligheid, regte en vryhede kan waarborg. Met die beantwoording van elkeen van hierdie vrae rus daar 'n groot taak op hedendaagse diplomate om hulle te skool in die uitdagings wat hier gebied word.

Diplomasie in hierdie tydsgeewig moet noodwendig ook kennis neem van die toenemende besorgdheid dat die kuberruimte die volgende oorlogsteater mag word, indien dit nie in sekere wêrelddele alreeds so is nie. Clayton het al in 2011 hieroor opgemerk:

In the future, wars will not just be fought by soldiers with guns or with planes that drop bombs. They will also be fought with the click of a mouse a half a world away that unleashes carefully weaponized computer programs that disrupt or destroy critical industries like utilities, transportation, communications, and energy. Such attacks could also disable military networks that control the movement of troops, the path of jet fighters, the command and control of warships.²²

Kuberoorlogsvoering is 'n internetgebaseerde konflik wat polities gemotiveerde aanvalle onder meer op inligtingstelsels fokus. Sulke aanvalle lei tot nuwe terme soos kuberoorlog en kuberterrorisme en kan byvoorbeeld amptelike webwerwe en netwerke uitkakel, noodsaaklike dienste ontwig of uitkakel, geklassifiseerde data steel of verander en finansiële stelsels lamlê. Kuber veiligheid, strategie en diplomatie bied gevorderde interdisiplinêre studie aan die politieke, militêre, diplomatieke en hoër vlak bestuursaspekte van kwessies waar eersgenoemde drie aspekte interaksie met mekaar het. Die kuberruimte het 'n belangrike fokuspunt geword in internasionale betrekkinge. Baie wêreldmoondhede het reeds kuberaangeleenthede in hul buitelandse beleid opgeneem en namate kuberbedreigings toeneem, moet regerings en organisasies saamwerk om kuberstrategieë te ontwikkel en afgevaardigdes aan te stel om toesig te hou oor hierdie strategiese doelwitte.

Korporatiewe diplomatie

Korporatiewe diplomatie, waar korporasies aanhou om in hul vermoë te groei om openbare diplomatie te beoefen, is 'n belangrike aspek wat diplomate daadwerklik in ag moet neem. Wat eens 'n gebied was wat amper uitsluitlik die domein van soewereine state was, is nie meer so nie. So byvoorbeeld het die uitvoerende hoof van General Electric (GE) Europe homself al beskryf as GE se minister van buitelandse sake vanweë die aard van sy werk. Inderdaad het GE en ander soortgelyke rolspelers meer hulpbronne as sommige soewereine state wat elk 'n diplomatieke diens in stand hou. Indien diplomate nie hierdie aspek behoorlik in ag neem nie kan 'n staat se diplomatieke burokrasie omseil en die historiese strukturele orde van diplomatieke instellings ontwig word. Die verhoogde invloed en trefwydte waarmee hierdie nuwe en besonderse rolspelers nou in die openbare oog verkeer, kan diplomate nie net gelate aanvaar nie.

Nog so 'n voorbeeld is Philips, een van Nederland se voorste multinasionale maatskappye en 'n sterk voorstander van internasionale samewerking in die gesondheidsorgbedryf. As 'n wêreldleier op die gebied van gesondheidstechnologie, is hierdie maatskappy daartoe verbind om deel te neem aan die debat oor hoe die uitdagings aangespreek kan word. Gevolglik is die bestuur en handhawing van volhoubare gesondheidsorg nie net regdeur die EU vir Philips 'n hoë prioriteit nie, maar ook in al 130 lande waar die maatskappy betrokke is. Soos elders het

²² Clayton (2011).

die Covid-19-wêreldkrisis die politieke toneel van die EU sedert Maart 2020 oorheers. In die eerste maande van die pandemie het Philips sy pogings daarop gefokus om die funksionering van die wêreldwye voorsieningsketting vir lewensreddende mediese toerusting te verseker. Met tydige, gereelde en gestruktureerde gesprekke met EU-beleidmakers kon Philips lesse uit die krisis deel. Philips gaan steeds voort om leiding met sy denkprosesse te verskaf. Daarmee versterk die maatskappy sy reputasie as 'n leier op die gebied van gesondheidstechnologie by die belangrikste belanghebbendes en beleidmakers in die EU. Met sy aanwending van virtuele hoëvlak-paneelbesprekings en die aanbieding van werksgroepe met beleidmakers van die EU slaag Philips by uitstek daarin om substansie te verleen aan die standpunt dat dit noodsaaklik vir 'n maatskappy is om oor grense heen betrokke te wees en daarmee 'n besliste verskil te maak. Philips se optredes verleen geloofwaardigheid aan die bedryf van gesondheidsorgdiplomatie.

Enige maatskappy wat oor sy eie landsgrense heen werk, behoort 'n buitelandse beleid te hê en iemand moet daarvoor verantwoordelik wees en geloofwaardigheid daaraan verleen. Dit is noodsaaklik dat so 'n maatskappy dit om presies dieselfde redes doen as wat 'n land 'n buitelandse beleid het. Kommersiële belange word steeds 'n belangriker komponent van buitelandse beleid. Besighede moet buitelandse sake en hoe om gemaklik en gesaghebbend in daardie omgewing op te tree, verstaan. Die meeste maatskappye beskou buitelandse beleid as iets wat die regering alleen voer, maar 'n buitelandse beleid vir 'n sakeonderneming sal egter nie net daarop gemik wees om die werking van 'n eie regering te verstaan en te beïnvloed nie; dit sal nog meer tyd en middele bestee om vas te stel hoe buitelandse regerings waarskynlik sal optree. Dit is dus uiters belangrik dat maatskappye – en nie net multinasionale ondernemings nie – buitelandse politiek en die manier waarop dit besigheidsvooruitsigte en -besluite kan beïnvloed, verstaan. Die onderliggende rede vir enige land se buitelandse beleid is om die land se belange in die buiteland te bevorder en te beskerm. Om hierdie rede moet topbestuurders en hul bestuurspanne deeglik kennis dra van kwessies oor buitelandse beleid en die eise wat 'n impak op hul maatskappye, hul besluite en bedrywighede in die buiteland het. Hulle moet ook dus konstruktiewe betrekkinge met die regering van die gasheerland en saakmakende instellings volhou. Gevolglik is dit noodsaaklik dat diplomate noue kontak met hierdie ondernemings moet hou.

Wanneer dit by korporatiewe diplomatie kom, staan diplomate van die VSA ongekende uitdagings in die gesig. Hoe word maatskappye oortuig om bepaalde rigtings in te slaan om diplomatieke oogmerke te bereik wanneer ses van hierdie maatskappye die volgende in hul arsenaal het. Twee daarvan (Black Rock en Vanguard) hanteer bates van US\$ 17 triljoen, terwyl die vier grootste banke se bates meer as US\$ 8 triljoen is. Saam verteenwoordig hierdie ses bates wat meer as die Bruto Binnelandse Produk (BBP) van die VSA is. Ook anders gestel: byna tweemaal die BBP van die EU se lidstate of bykans 'n derde van die wêreld se BBP! Hulle het nouliks die regering se toestemming nodig om hul eie doelwitte te bereik, binne sowel as buite die VSA. Diplomate, en selfs die president, kan hierdie feite net tot hul eie nadeel ignoreer.

Rol van verskaffers van digitale tegnologie

'n Addisionele aspek wat net soveel aandag moet geniet, is die nuwe internasionale benadering wat state teenoor verskaffers van digitale tegnologie volg. Denemarke het hierin die voortou geneem toe hulle besef het dat hulle vinnig moes reageer op die veranderende landskap van diplomatieke verteenwoordiging. Erkenning is gegee aan die feit dat die intensiteit van die

toename in internasionale rolspelers byna uitsluitlik ontstaan het uit tegnologiese rolspelers wat in Silikonvallei, Kalifornië, gebaseer is. Denemarke het nie geaarsel om baanbrekerswerk te doen toe 'n veteraan-diplomaat aangestel is as die wêreld se eerste Tegnieese Ambassadeur in Silikonvallei nie. Die katalisator vir hierdie aanstelling was toe die Dene opgemerk het dat hul nasionale BBP vir 2016 kleiner was as Facebook se hele markkapitalisasie. By die bekendstelling van hierdie besluit het die Deense Minister van Buitelandse Sake beklemtoon dat maatskappye, soos Google, IBM, Apple en Microsoft, nou so groot is dat hulle ekonomiese sterkte en impak in die alledaagse lewe groter is as dié van baie lande waarmee Denemarke meer tradisionele ambassades in stand hou.²³

Die formele skepping van die eerste ambassadeurspos in Silikonvallei het ongetwyfeld aandag regoor die wêreld getrek en 'n sterk boodskap aan die internasionale gemeenskap in die algemeen uitgestuur, naamlik dat baie aspekte van die historiese rolle en verantwoordelikhede van ambassadeurs en ambassades vinnig besig is om te verander. Daarom was dit nie 'n verrassing toe Frankryk in November 2017 'n ambassadeur vir Digitale Aangeleenthede aangestel het om uitsluitlik op die vorming, instandhouding en bevordering van verhoudings tussen Frankryk en Silikonvallei te fokus nie. Hierdie spesifieke ambassadeuraanstellings onderstreep nie net die belangrike sosio-ekonomiese en politieke rolle van tegnologie nie, maar ook hoe diplomatie ontwikkel en moet aanpas by ontwrigtende veranderinge in die samelewing. 'n Verdere voorbeeld wat genoem moet word, is dié van Taiwan wat op daadwerklike wyses sy reeks tegnologieë bevorder en wêreldwyd bemark ten spyte van China se kragtige diplomatieke offensiewe om Taiwan te marginaliseer.

Die uitdagings wat China en Rusland bied

China is ekonomies nou so groot dat dit nie anders kan as om 'n groeiende faktor in wêreldbeskouing te wees en waarvan diplomate weldeeglik kennis moet neem nie. Tussen 2000 en 2020 het daardie land se BBP in grootte verdubbel. Sy industriële ekonomie is nou twee maal groter as dié van die VSA, hoewel sy dienste-ekonomie steeds baie kleiner is. Verder beskik China oor die wêreld se grootste verbruikersmark en is ook die grootste invoerder van koolwaterstowwe. Dit is 'n snel opkomende tegnologiese supermoondheid op 'n toenemende aantal gebiede. Gevolglik is daar 'n vinnig groeiende vraag na Chinese maatskappye se ingenieursdienste, konstruksievermoëns, motor- en telekommunikasietoerusting, wapentuig en verbruikersprodukte. Teen hierdie agtergrond is die groeiende vrees dat China sy al hoe groter wordende ekonomiese mag kan gebruik om toegewings af te dwing wat ekonomies en polities nadelig vir ander state kan wees, veral dié in Afrika. So het China se Direkte Buitelandse Investerings (DBI) in Afrika teen 'n gemiddelde saamgestelde koers van 18% per jaar van 2004 tot 2016 gegroei. Finansiering van gekontrakteerde Chinese projekte in Afrika het ook toegeneem. In 2015 het dit reeds 'n hoogtepunt van US\$55 miljard bereik wat bykans twintig keer die vlak van DBI is.

In 2018, The Trump administration's "A New Africa Strategy: Expanding Economic and Security Ties on the Basis of Mutual Respect," mentions China 25 times yet fails to mention Nigeria or South Africa – the largest economies in Sub-Saharan Africa. This strategy was more for countering China than engaging with Africa. Africa just happened to be the battlefield. This strategy has largely been maintained by the Biden administration.²⁴

²³ <<https://cphpost.dk>>

²⁴ Jones (2022).

Op hierdie wyse word China se verhoogde internasionale aktivisme weerspieël in baie buitelandse beleidsareas, soos globale klimaatgesprekke, wêreldwye ekonomiese en finansiële stelselhervorming. China fokus gevolglik in sy buitelandse beleid op samewerking met ander lande om 'n multipolêre internasionale stelsel te bou wat sy belange in globale politiek beskerm. Dit word gesien in gekoördineerde beleidsposisies en gesamentlike diplomاسie in, byvoorbeeld BRICS (Brasilië, Rusland, Indië, China en Suid-Afrika), BASIC (Brasilië, Suid-Afrika, Indië en China), en Sjanghai Samewerkingsorganisasie (SCO).

Aangesien Afrikalande meer afhanklik is van ekonomiese betrokkenheid word hul bereidwilligheid om te voldoen aan China se wense en vereistes, veral met betrekking tot internasionale aangeleenthede, versterk as gevolg van hul onvermoë om sonder ekonomiese betrokkenheid veel vordering te maak. Die gevolg hiervan is dat die verwantskap tussen Afrika en die VSA aanhou taan. Teen die agtergrond van China se optredes moet diplomate deurentyd daarop bedag wees dat China saam met Rusland volgens Rachman planne beraam om die VSA se mag te verminder en die wêreld vir outokrate veiliger te maak. Hy maak die stelling op grond van hierdie argumente:

The Russian and Chinese leaders are united by a belief that the US is plotting to undermine and overthrow their governments. ... They believe that the current arrangements give America too much power – and they are determined to change that. ... For Russia and China, the making of a new world order is not simply a matter of raw power. It is also a battle of ideas. ... Beijing and Moscow argue that the current world order is characterised by an American attempt to impose western ideas about democracy and human rights on other countries, if necessary through military intervention. The new world order that Russia and China are demanding would instead be based on distinct spheres of influence.²⁵

Dit is juis hierdie stryd om idees waarop diplomate bedag moet wees om argumente daarop te kan aanbied. Ontleders sien gevolglik Rusland se dreigende standpunte met betrekking tot Oekraïne en China se onrusbarende optredes in die Suid-Chinese See en teenoor Taiwan as wegbereiders om hierdie doelwit van 'n nuwe wêreldorde te bewerkstellig. Nog 'n vooraanstaande kenner van die magspel waarmee China en Rusland besig is, is Hal Brands.²⁶ Sy boek (*The Twilight Struggle: What the Cold War Teaches Us About Great-Power Rivalry*) het pas verskyn en handel breedvoerig hieroor.²⁷ In 'n artikel wat sy gevolgtrekkings kernagtig saamvat, noem hy die volgende:

It is undeniable that the United States is now involved in a new era of great-power competition. The U.S.-led international system is threatened by authoritarian powers seeking to redraw the world's geopolitical map and make the 21st century an age of autocratic ascendancy. ... In fact, Russian and Chinese leaders saw U.S. policy not as a source of stability but as a threat to their security and power. ... [They] resented a hegemonic United States imposing its will in their backyards and thwarting their geopolitical designs. ... The Chinese challenge is the graver of the two because Chinese power and potential are so great. ... Yet both are seeking a dramatically altered international environment – one where spheres of economic and geopolitical influence have returned, U.S. power is

²⁵ Rachman (2022).

²⁶ Henry Kissinger distinguished professor of global affairs at Johns Hopkins University's School of Advanced International Studies.

²⁷ Brands, Hal, *The Twilight Struggle: What the Cold War Teaches Us About Great-Power Rivalry Today* Yale University Press, 2022.

constrained, and authoritarianism advances as democracy retreats. ... Winners of great-power rivalries receive vast influence and the opportunity to shape the world. Losers can fall into decline, even disaster. All of which means the United States will need every bit of intellectual preparation it can get for the tests it now confronts.²⁸

Die waarskuwing wat Brands met betrekking tot intellektuele voorbereiding rig, geld vir elke diplomaat. Die noodsaaklikheid van sodanige voorbereiding kan nie genoeg beklemtoon word nie en is nie net op hulle van toepassing wat met groot internasionale vraagstukke worstel nie. China se “Belt and Road Initiative” (BRI) is ’n ambisieuse plan om nuwe handelsroetes te ontwikkel wat China met die res van die wêreld verbind. Maar, die inisiatief gaan oor veel meer as net infrastruktuur. Dit is ’n doelbewuste poging om ’n uitgebreide, interafhanklike mark vir China te ontwikkel sodat sy ekonomiese en politieke greep verder kan toeneem. Dan skep China daarmee ook die regte toestande om ’n hoëtegnologie-ekonomie te bou.

Terselfdertyd is daar ook nog die bedreigings wat sogenaamde afwykende state inhou. Soms word ook na hulle verwys as “rogue states” of die “Axis of Evil.” Diplomate kan nie net kennis van hulle neem nie. Die gevaar van hierdie state is wesentlik. Die aktiwiteite van state soos Iran, Noord-Korea en Sirië kan in ’n ommesientjie groot konflik veroorsaak.

Addisionele diplomatieke rolspelers

State is nie meer die enigste internasionale rolspelers in die steeds groeiende diplomatieke toneel nie. Om nie die gevaar te loop om ’n bedreigde aktiwiteit te word nie – wat toenemend irrelevant mag word as gevolg van voortsnellende tegnologiese vooruitgang – moet diplomatieke verteenwoordiging in die digitale era intensief ingespan word om diplomatieke betrokkenheid te verhoog en ’n kritiese instrument te word in ’n era van ingewikkelde interafhanklikheid en globalisering. Dis nog ’n belangrike aspek waarvan diplomate kennis moet neem omdat dit heel dikwels hul werkverrigtinge kan vertroebel indien dit nie van meet af neergelegde reëls en gedraglyne volg waarop wedersyds ooreengekom is nie. State praat lank nie meer met net een stem met die buitewêreld nie. Hulle is nie meer die enigste internasionale rolspelers nie. Die staat as unitêre rolspeler het plek gemaak vir ’n hele reeks sub-staatsrolspelers wat internasionale aksies begin opneem het, soos deelstate in die Verenigde State, provinsies in Suid-Afrika en in Europese lande, en stede, ook genoem tweelingstede, om hul eie paradiplomasie te bedryf. Baie van hulle het selfs kantore en permanente verteenwoordiging in die buiteland. Die uitdaging vir tradisionele diplomatie is om hierdie veelvoud van stemme te hanteer en hopelik te kan koördineer.

Die aantal rolspelers wat by buitelandse aangeleenthede betrokke is en diplomatie op een of ander wyse bedryf, het die afgelope dekades geweldig toegeneem. Die verskeidenheid soorte diplomatie wat beoefen word, vermeerder ook dienooreenkomstig, soos blyk uit entstofdiplomatie wat die afgelope jaar geformuleer is. Die aantal en verskeidenheid rolspelers en deelnemers wat by onderhandelinge ingesluit word, neem steeds toe. Die hoeveelheid onderwerpe vermeerder wat aandag van internasionale onderhandelars opeis, so ook die kompleksiteit van die onderwerpe waarvoor onderhandel word. Terselfdertyd vermeerder interaksies tussen al hierdie rolspelers, soos wat veranderende omstandighede die agenda van buitelandse beleid bepaal en dryf. Die fokus wat deurentyd verskuif, raak nie net individuele state nie, maar ook multilaterale groeperings, soos onder andere die VN en die EU. Die

²⁸ Brands (2022).

groeïende aantal en diversiteit van rolspelers wat hulle met diplomasië bemoei, die toenemende aantal en verskeidenheid aangeleenthede wat diplomasië moet dek, die uitgebreide funksies wat onder die dekmantel van diplomasië val en die toenemende gespesialiseerde en tegniese aard van die besprekings en onderhandelinge, bring onvermydelike gevolge vir diplomate en dus internasionale adviseurs mee. Addisionele personeel moet in buitelandse ministeries en ambassades aangestel word en diplomate moet baie meer veelsydig wees. Selfs die bekwaamste en veelsydigste beskik nie altyd oor genoegsame kundigheid om al die aangeleenthede te hanteer nie, met die gevolg dat kundiges van buite die staatsopstel as tegniese adviseurs en konsultante ingebring word. Diplomasië word so toenemend 'n uitgebreide regeringsonderneming.

Ten spyte van hierdie onvermydelike uitdagings bly die toekoms van openbare diplomasië in die digitale era blink solank as wat Ministeries van Buitelandse Sake en Ambassades volhou om digitale tegnologie op kreatiewe en positiewe wyses te betrek en met behulp daarvan steeds toegewyd bly aan die opdrag om brûe te bou tussen aanlyn gemeenskappe en diegene wat nie toegang daartoe het nie. Digitale tegnologieë kan 'n invloedryke rol speel in die wyse waarop individue, gemeenskappe en samelewings in die geheel nie net met mekaar skakel nie, maar ook hoe hulle hulself herdefinieer as sosiale en politieke rolspelers in die digitale era.

Slot

Die aangeleenthede en kwellinge wat die wêreld in die huidige tydsgewrig oorheers, stel nuwe en verskillende soorte uitdagings as dié wat die wêreld in 1919 en weer in 1945 gekonfronteer het. Hierdie hedendaagse realiteite en uitdagings stel ander verwagtinge vir aksie en nuwe standaarde vir optrede deur diplomate en nasionale grense verhoed nie meer die vloei van mense, idees, inligting, goedere, dienste, kapitaal, arbeid en tegnologie nie. Moderne kommunikasiemoontlikhede dra verder daartoe by om landsgrense toenemend irrelevant te maak en stel presidente, premiers en ministers van buitelandse sake in staat om direk met hul eweknieë in ander lande kontak op te neem sonder die noodwendige tussenkoms van diplomate. Sakelui, vakbondleiers en hoofde van nieregeringsorganisasies volg dieselfde voorbeeld.

Nog nooit het 'n enkele gebeurtenis soos Covid-19 almal se lewens gelyktydig en so skielik ontwig nie. Wat Ryan tereg oor die Verenigde Koninkryk se swak hantering van die pandemie met al sy wyduiteenlopende komponente opmerk, is feitlik op meeste lande van toepassing:

The inefficient and muddled way in which the UK government has handled the Covid-19 crisis has been shocking. ... When Covid-19 struck in early 2020, Britain's self-image as a strong, successful, resilient country was mercilessly uncovered as an illusion through systemic failures of governance. ... The British government made poor decisions, based on poor advice, founded on poor evidence supplied by poorer testing, with the inevitable consequence that it achieved poorer results than almost any of its peers. It failed in its preparation, its diagnosis and its treatment.²⁹

Dit bly steeds 'n uitdaging wat diplomate moet bemeester teen die agtergrond van regerings se wankelrige optredes om kreatief en beslissend op te tree. Verder bring die steeds groeiende invloed van China op velerlei terreine verskeie uitdagings aan veral state in Afrika. Hoe word

²⁹ Ryan (2021).

China se toenemende betrokkenheid bestuur? Of is die stadium alreeds bereik waar China nouliks meer teengegaan kan word?

In teenstelling met vorige finansiële krisis, het die Covid-pandemie reeds ernstige politieke, ekonomiese en sielkundige letsels gelaat. Hoe langer die pandemie aangehou het, hoe meer het die wêreld verander. En nog is die einde nie in sig nie. Met elke bykomende variant, soos met Omicron, word die wêreld van een krisis in die volgende gedompel. Die uitdaging waarvoor diplomate te staan kom, is om hulleself te verseker van hul akademiese bekwaamhede en opleiding om sodoende hierdie veranderinge te bestuur en die nuwe werklikhede wel te kan bemeester. Oplossings om die geïdentifiseerde probleem aan te spreek, is moeilik om te spesifiseer. Diplomatie is deur die eeue heen daardeur gekenmerk om gereed te wees vir onveranderlikes. Weinig of niks in diplomatie bly staties nie. Wat wel toenemend verander en vir nuwe insigte sorg, is navorsing. Genoegsame literatuur bestaan reeds wat diplomate kan lei en aanspoor om die ongekende uitdaging van hul beroep met nuwe ywer die hoof te bied.

BIBLIOGRAFIE

Artikels

- Allen, Karen. 2022. Africa Must Get Up to Speed On Cyber Diplomacy, 3 Januarie 2022. (<<https://issafrica.org/iss-today/africa-must-get-up-to-speed-on-cyber-diplomacy>>).
- Blackwill, Robert. 2013. Ideal Qualities of a Successful Diplomat. Paper prepared for the Belfer Center for Science and International Affairs, Harvard Kennedy School, 17 October 2013. (<<https://www.belfercenter.org/publication/ideal-qualities-successful-diplomat>>).
- Brands, Hal. 2022. America's War for Global Order With Russia and China Is a Marathon. *Foreign Policy*, 25 Januarie 2022.
- Clayton, Mark. 2011. The New Cyber Arms Race. *The Christian Science Monitor*, 7 March 2011.
- Cook, Michael. 2018. Securing the Digital Future. *Cognizant*, February 2018. (<<https://www.cognizant.com/whitepapers/securing-the-digital-future-codex3141.pdf>>).
- Davies, Sara & Clare Wenham. 2020. Why the COVID-19 response needs International Relations. *International Affairs*, 96(5):1227-1251, 1 September 2020. (<<https://doi.org/10.1093/ia/iiaa135>>).
- Eksteen, Riaan. 2019. Die uitwerking van binnelandse aangeleenthede op buitelandse beleid, met spesifieke verwysing na hedendaagse gebeure in die Verenigde State van Amerika. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 59(3):398-412.
- Hocking, Brian & Jan Melissen. 2015. Diplomacy in the Digital Age, *Clingendael Report*, Netherlands Institute of International Affairs, Julie 2015.
- Jones, Carla et al. Chinese Economic Engagement in Africa: Implications for U.S. Policy, *Foreign Policy Research Institute*, 24 Januarie 2022. (<<https://www.fpri.org/article/2022/01/chinese-economic-engagement-in-africa>>).
- Knight, Jane. 2018. Knowledge Diplomacy: A bridge linking international higher education and research with international relations. *British Council*, 2018. (<<https://www.britishcouncil.org/sites/default/files/kno.pdf>>) en "Knowledge Diplomacy in Action", British Council, 2019 (<<https://www.britishcouncil.org/research-policy-insight/research-reports/knowledge-diplomacy-action>>).
- Lindstrom, Gustav. 2002. Diplomats and Diplomacy for the 21st Century. *RAND Graduate School*, 2002, p. xi.
- Polakovic, Gary. 2021. Water dispute on the Nile River could destabilize the region. *University of Southern California News*, 13 Julie 2021 (<<https://news.usc.edu/188414/nile-river-water-dispute-filling-dam-egypt-ethiopia-usc-study>>).
- Rachman, Gideon. 2022. Russia and China's plans for a new world order. *Financial Times*, 23 January 2022.
- Roberts, Ivor (ed.). 2016. *Satow's Diplomatic Practice*. Oxford University Press, 7th edition.

- Ryan, John. 2021. Brexit and Covid-19 Combined Undermine Britain's Global Influence. *Irish Studies in International Affairs*, 32(1): 1-19.
- Soo-hyuck, Lee. 2021. South Korea and the Nexus between Science and Diplomacy. *Science & Diplomacy*, 2021.
- Stanzel, Volker (ed.). 2018. New Realities in Foreign Affairs: Diplomacy in the 21st Century. 12 November 2018. (<https://www.swp-berlin.org/publications/products/research_papers/2018RP11_sze.pdf>).

Webtuistes

- <<https://accelerate-marketing.com/insights/knowns-and-unknowns-planningfactors>>
- <<https://cphpost.dk>>
- < <https://cyberdiplomacy.net>>
- <<http://digidiplomats.org>>
- <<https://diplomacy360.com/what-is-digital-diplomacy>>
- <<https://diplomacy360.com>>
- < <https://financialexpress.com/industry/technology/securing-our-digital-future-is-no-longer-an-option-its-a-must-anil-valluri-regional-vp-palo-alto-networks/2308898>>
- <<https://quoteinvestigator.com/2011/07/22/keynes-change-mind>>
- <<https://unsw.adfa.edu.au/study/postgraduate-coursework/master-cyber-security-strategy-and-diplomacy>>

Spirituele voorkeure en die ervaring van eredienste in die Nederduitse Gereformeerde Kerk¹

Spiritual preferences and the experience of worship services in the Dutch Reformed Church

ADRI LA GRANGE

Navorsingsgenoot
 Departement Praktiese Teologie en Missiologie
 Fakulteit Teologie en Religie
 Universiteit van Pretoria, Suid-Afrika
 E-pos: adri@la-grange.co.za



Adri la Grange



Yolanda Dreyer

YOLANDA DREYER

Departement Praktiese Teologie en Missiologie
 Fakulteit Teologie en Religie
 Universiteit van Pretoria, Suid-Afrika
 E-pos: Yolanda.Dreyer@up.ac.za

<p>ADRI LA GRANGE het die grade BTh, MDiv en MTh voltooi aan die Universiteit van Pretoria. Sy is in 2010 as leraar georden van die Nederduitse Gereformeerde Moedergemeente in Christiana. Na ses jaar in Christiana het sy haar bediening voortgesit in die NG Gemeente Klerksdorp-Oos. Sy is tans predikant van The Church of Scotland en is werksaam by Pollokshields gemeente in Glasgow.</p>	<p>ADRI LA GRANGE completed the degrees BTh, MDiv, and MTh at the University of Pretoria. She was ordained in 2010 as minister of the Dutch Reformed Church in Christiana. After six years in Christiana, she continued ministry in the Dutch Reformed Church Klerksdorp-East. Currently, she is a minister of The Church of Scotland and works at Pollokshields Church in Glasgow.</p>
<p>YOLANDA DREYER is sedert Oktober 2000 professor in die Departement Praktiese Teologie en Missiologie in die Fakulteit Teologie en Religie, Universiteit van Pretoria. Haar vakgebied is Praktiese Teologie met spesialisasie in die Pastoraat. Sy het haar voorgaande studie aan die Universiteit van Pretoria voltooi en die grade BA en BD verwerf. Nagraadse studie is voltooi aan</p>	<p>YOLANDA DREYER is professor in die Department of Practical Theology and Mission Studies, Faculty of Theology and Religion at the University of Pretoria. She is a practical theologian with pastoral care and counselling as her fields of speciality. She completed her undergraduate studies at the University of Pretoria and obtained the degrees Bachelor of Arts (Ancient Languages)</p>

¹ Hierdie artikel is 'n verwerking van die MTh-verhandeling van Adri la Grange met die titel, *Spirituele voorkeure en die ervaring van eredienste in die Nederduitse Gereformeerde Kerk*, voltooi onder leiding van Prof. Yolanda Dreyer in die Departement Praktiese Teologie en Missiologie, Fakulteit Teologie en Religie, Universiteit van Pretoria.

* Adri la Grange is 'n beurshouer van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

Datums:

Ontvang: 2021-09-30

Goedgekeur: 2022-01-14

Gepubliseer: Maart 2022

die Princeton Theological Seminary (ThM Pastoral Theology) en die Universiteit van Pretoria (DD Praktiese Teologie en PhD Nuwe-Testamentiese Wetenskap). Haar navorsingsprojekte sluit in: Teorievorming in die Praktiese Teologie; Holistiese Pastoraat; Gender, Seksualiteit en Pastoraat. Sy was die eerste vrouepredikant wat in 'n Afrikaanse kerk georden is en die eerste vrou wat as professor in die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria aangestel is.

and Bachelor of Divinity. Her postgraduate qualifications are from Princeton Theological Seminary (ThMin Pastoral Theology) and the University of Pretoria (Doctor of Divinity in Practical Theology and PhD New Testament Studies). Her research projects include: Theory Formation in Practical Theology; Holistic Pastoral Care; Gender, Sexuality and Pastoral Care. She was the first ordained female minister in the Afrikaans churches and the first female professor in the Faculty of Theology, University of Pretoria.

ABSTRACT

Spiritual preferences and the experience of worship services in the Dutch Reformed Church

Membership of mainstream churches is declining all over the world. This article focuses on the Dutch Reformed Church (DRC) in South Africa. It investigates whether a reason for the decline in this specific Reformed ecclesial tradition could be the predominantly rational understanding of God rather than that of a personal spiritual experience. The popularity of charismatic and Pentecostal churches in the context could be attributed to their emphasis on subjective experience, which is also characteristic of postmodern culture. People attend worship services with the expectation of having their spiritual needs met. People's spiritual and emotional needs evolve as their lifeworld changes. In the modern era, the emphasis was on rational knowledge. In this era people resonated with the rational approach of the mainstream churches. The influence of the postmodern era is visible in the emphasis on subjective experience. This paradigm shift influences how people experience and practice religion. They tend to search for congregations that address their need for a fulfilling spiritual experience. Many prefer worship services where they have a personal, emotional experience of God. Every person has unique spiritual needs and experiences God in unique ways. Therefore people exercise their faith in different ways. Spirituality plays an important role in people's lives.

A qualitative approach was used to gain insight into people's experiences. The empirical part of the study was based on responses from volunteers who participated by completing spirituality questionnaires and took part in semi-structured interviews. The aim was to ascertain whether the DRC is experienced to be exclusive regarding spiritual preferences and, if so, whether this could be a contributing factor when it comes to the decline in membership of the Church.

In 1980 Urban T Holmes wrote a handbook on spirituality, titled A history of Christian spirituality. Holmes' valuable contribution is a typology of spiritual preferences, specifically focused on prayer. In 1995 Corinne Ware used this typology and expanded it. She specifically focused on the way people responded to worship patterns. She explained differences in spirituality and spiritual preferences by distinguishing between four groups. She called the spirituality preferences "spirituality types" and named them "head", "heart", "mystic" and "hand". Ware developed a questionnaire to determine a person's "spirituality type". This investigation utilised Corinne Ware's spiritual typology to gain insight into people's experiences of worship services in the DRC. The results contribute to a better understanding of members' spiritual needs with regard to worship services in order for these experiences to contribute to

their spiritual growth. The question is how the Dutch Reformed Church can remain true to its Reformed tradition while taking a more holistic and inclusive approach to spirituality, specifically with regard to worship.

KEYWORDS: reformed, spirituality, spirituality-types, worship service, worship experience, liturgy, cataphatic, apophatic, modern, postmodern

TREFWOORDE: gereformeerde, spiritualiteit, spiritualiteitstipes, erediens, eredienservaring, liturgie, katafaties, apofaties, modern, postmodern

OPSOMMING

Daar is 'n wêreldwye tendens van afname in lidmaatgetalle van hoofstroomkerke. Hierdie artikel fokus op die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK) in Suid-Afrika. Dit ondersoek of die hoofsaaklik rasonele verstaan van God eerder as 'n persoonlike spirituele ervaring 'n rede vir die afname in die spesifieke Gereformeerde kerklike tradisie kan wees. Die gewildheid van charismatiese en pinksterkerke in die konteks kan toegeskryf word aan hulle klem op subjektiewe ervaring, wat ook kenmerkend is van die postmoderne kultuur. Mense woon eredienste by met die verwagting dat hulle spirituele behoeftes bevredig sal word. Mense se spirituele en emosionele behoeftes verander saam met hulle leefwêreld. In die moderne era was die klem op rasonele kennis terwyl die klem in 'n postmoderne era meer op subjektiewe ervaring is. Hierdie paradigmaskuif beïnvloed die wyse waarop mense godsdiens ervaar en beoefen. Die ondersoek maak gebruik van Corinne Ware se spirituele tipologie om insig te verkry in mense se ervaring van eredienste in die NG Kerk. Die resultate dra by tot 'n beter verstaan van lidmate se spirituele behoeftes met betrekking tot eredienste om by te dra tot hulle geestelike groei. Die vraag is hoe die NG Kerk getrou kan bly aan die gereformeerde tradisie terwyl 'n meer holistiese en inklusiewe benadering gevolg word, spesifiek wat eredienste betref.

Inleiding en probleemstelling

In die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika is daar 'n drastiese afname in lidmaatgetalle. Die Jaarboek van die NG Kerk dui 'n verlies van net minder as 50 000 lidmate tussen 2011 en 2013 aan (Schoeman, 2013:5). Ondersoeke dui aan dat dit veral die aantal dooplidmate is wat afneem in hoofstroomkerke (kyk Schoeman, 2011, 2013). Die NG Kerk het in 2010 ongeveer 68% minder dooplidmate gehad as wat in 1972 die geval was (Schoeman, 2013:5). Die jongste amptelike statistieke verkry uit Kerkspieël-navorsing in 2018 dui aan dat die aantal belydende lidmate in een jaar met 20 812 afgeneem het. Ook dooplidmate het gedaal met 1 966 in een jaar (Schoeman, 2019).

In die Gereformeerde tradisie word klem gelê op 'n rasonele verstaan van God en Gereformeerde spiritualiteit het 'n groter fokus op geloofskennis as op ervaring. Die hoofstroomkerke se hoofsaaklik rasonele benadering is nie vir alle lidmate bevredigend nie. Dit is 'n moontlike rede waarom baie mense eerder 'n ander geestelike tuiste gaan soek buite die Gereformeerde tradisie. Schoeman (2015:103) se studie, "Identity and community in South African congregations", toon aan dat daar 'n groot behoefte by gelowiges in die NG Kerk is dat aan hulle persoonlike spirituele behoeftes voldoen word. Dit is vir hedendaagse mense belangriker as om aan 'n gemeente te behoort. Hierdie artikel bou op die resultate van die bestaande navorsing en het ten doel om verdere insig te verkry in wat die spirituele behoeftes is en hoe daaraan voldoen kan word.

Dit is 'n uitdaging om verskeidenheid en verskille ten opsigte van mense en hulle behoeftes in 'n erediens te akkommodeer, spesifiek ten opsigte van verskille wat betref spiritualiteit. Met 'n dieper insig in die verskeidenheid van die individue wat erediens bywoon, kan voorgangers 'n meer inklusiewe benadering volg wanneer erediens beplan word. Hierdie artikel ondersoek hoe mense verskillende spirituele voorkeure in die NG Kerk se tradisionele erediens beleef. Die doel van die ondersoek is om vas te stel of hulle en hulle spiritualiteit in- of uitgesluit voel. Die vraag is of die resultate van die ondersoek sou kon lig werp op die afname in lidmaatgetalle.

Navorsingsmetode

Hierdie ondersoek is binne die vakgebied van die Praktiese Teologie. Die paradigma is postmodern. "Postmoderniteit" erken dat mense se lewens- en wêreldbeskouings verskil. Dit is 'n kwalitatiewe ondersoek wat ten doel het om insig te verkry in mense se ervaring van tradisionele erediens van die NG Kerk. Die respondente was vrywilligers uit die NG Gemeentes van Klerksdorp-Noord. Hulle is deur afkondigings in die erediens bewus gemaak van die ondersoek en uitgenooi om deel te neem. 'n Kriterium vir seleksie was dat respondente oor genoegsame kennis en ervaring van tradisionele erediens van die NG Kerk beskik.

Die respondente wat aangemeld het vir deelname, is gevra om Corinne Ware se spiritualiteitstoets af te lê. Ware (1995:48) se werk, *Discover your spiritual type*, gee algemene toestemming vir gebruik van die toets. Nadat die bevindinge van die spiritualiteitsvraelyste verwerk is, is deelnemers geïdentifiseer vir semi-gestruktureerde onderhoude met die doel om dieper insig te verkry ten opsigte van hulle belewenis van NG Kerke se tradisionele erediens. Etiese klaring is verkry van die Universiteit van Pretoria en toestemming is skriftelik gegee deur die respondente voordat die onderhoude gevoer is.

Gereformeerde erediens

Die erediens word beskou as die hart van die Gereformeerde tradisie. Die wyse waarop 'n erediens ingerig word, verrai 'n gemeente se identiteit en karakter (Smit, 2009:106). Hoe erediens in NG gemeentes ingerig word, kan nie losgemaak word van die Gereformeerde geloofstradisie nie. Die betekenis wat erediensgangers heg aan die gebeure tydens die erediens, en hulle gepaardgaande ervaring van die erediens, sal direk beïnvloed word deur hulle Gereformeerde agtergrond. Die kern van die Gereformeerde tradisie kan saamgevat word in die belydenis dat die lewe *coram Deo* geleef word. Smit (2002:134) verduidelik dit as "'n lewe voor Gods aangesig, 'n wandel met die lewende God, 'n lewe in die wêreld, in die geskiedenis, in Gods aanwesigheid." Vir Gereformeerde gelowiges is hierdie God voor wie se aangesig hulle leef die Drie-enige God van die geskiedenis en van die ganse werklikheid (Smit, 2002:129).

Die Skrif is een van die pilare van die Gereformeerde tradisie. Die beginsel van *sola Scriptura* staan sentraal in die Gereformeerde teologie. Die NG Kerk beskou die Skrif as getuienis van God se handeling in die geskiedenis. Hierdie getuienis uit 'n vroeër era moet geïnterpreteer word vir elke nuwe konteks. Die wyse waarop die Skrif geïnterpreteer word, is van groot belang. In Gereformeerde Skrifgebruik is daar 'n sterk fokus op die intellektuele uitleg van die Bybel (Smit, 2002:130,136). Die Kerkorde van die NG Kerk (2015:128) beklemtoon dat die mens se denkvermoë, as 'n gawe van God, gebruik moet word om die Skrif te interpreteer. Die Gereformeerde tradisie is verder ook 'n *beliggaamde geloof*. Wat

deur die Woord geleer word, moet gestalte kry in woord en daad. Dit is om op 'n bewuste wyse te lewe in hierdie wêreld, om te lewe volgens God se wil. Die Gereformeerde tradisie beklemtoon dat gelowiges alles wat hulle doen, sal beskou as deel van hulle roeping en om in dankbare gehoorsaamheid aan God te lewe. Só word die ganse lewe 'n erediens (Nicol, 1996:41).

Een van die kenmerke van eredienste van NG gemeentes is 'n bepaalde liturgiese orde. Die liturgiese orde is funksioneel. Die liturgie is meer as 'n raamwerk vir die Woordverkondiging. Die liturgie is self uitdrukking van geloof en 'n vormgewing van die gemeente se ontmoeting met God. God is handelend teenwoordig in die erediens en lei die gemeente daartoe om in die erediens eer te bring aan God. Die werksaamhede van God en mens kan nie op 'n eenvoudige wyse van mekaar onderskei of geskei word nie (Barnard, 2009:118). Liturgiese handeling is nie net die taak van die leraar of ampsdraers terwyl gemeentelede die rol van toeskouers inneem nie. Die hele gemeente neem saam deel aan die liturgie.

In die Gereformeerde tradisie beklemtoon die liturgie die ontmoetingskarakter van die erediens. Die kansel met die Bybel staan sentraal as 'n simbool wat hierdie ontmoetingskarakter uitbeeld. Dit beklemtoon dat die erediens plaasvind in die vorm van 'n gesprek tussen God en die gemeente. Die mens se ontmoeting met God vind plaas deur bemiddeling van die Woord en die werking van die Heilige Gees.

Gereformeerde spiritualiteit

Die uitgangspunt van hierdie artikel is dat “Christelike spiritualiteit” 'n manier is waarop individue met hulle unieke persoonlikheid en agtergrond God beleef. Christelike spiritualiteit as “'n lewe *coram Deo*” behels dat die totale lewe met al die fasette daarvan elke dag voor die aangesig van God geleef word (Dreyer, 1998:294).

Spiritualiteit is egter veranderlik en vloeibaar. Dit word deur die konteks, kultuur, tradisie en teologiese denke beïnvloed. Derhalwe moet die konteks krities ondersoek word om die invloed daarvan op spiritualiteit vas te stel.

Gereformeerde spiritualiteit is nie volkome eiesoortig of eksklusief nie, maar deel verskeie elemente met ander Christelike tradisies (Smit, 1989:83). Dit beskik egter wel oor “tipiese trekke” wat vervolgens bespreek word.

Die vertrekpunt van Gereformeerde spiritualiteit is dat God teenwoordig is in die alledaagse lewe. Die klem is op die grootheid van God, die mens se bestaan voor God se aangesig, in God se teenwoordigheid. Aanbidding en lofprysing van God in die totale lewe kry sterk klem. Tradisioneel fokus Gereformeerde spiritualiteit egter meer op *geloofskennis* as op *ervaring* (Nicol, 1996:40-41). Egte Gereformeerde spiritualiteit is nie eensydig op die gelowige individu gerig nie, maar fokus ook op ander (Burger, 1995:95). In dié sin kan spiritualiteit en etiek nie los van mekaar gesien word nie. Daar is 'n verband tussen die verhouding met God en die alledaagse lewenspraktyke van die gelowige (Jonker, 1989:291).

Gereformeerde denke is gevorm binne 'n moderne paradigma. Lering neem 'n belangrike plek in. Gereformeerde spiritualiteit plaas klem op die rede. Daar word gesteun op belydenisskrifte en dogma (Dreyer, 1999:375-376). Die Gereformeerde tradisie beklemtoon die gelykwaardigheid van die drie persone van die Drie-eenheid. Christus is die Middelaar, nie in 'n mistieke sin nie, maar in 'n etiese sin. Dit behels vir gelowiges 'n lewenslange afsterwe van die ou mens en die opstaan van die nuwe mens. Genade en geloof is verder belangrike elemente van Gereformeerde spiritualiteit. Die hooffokus is op God en God se genade en nie

op die mens nie. In Reformatoriese spiritualiteit gaan dit primêr om God en die wyse waarop God by mense betrokke is (Dreyer, 1999:375). Die mens kan niks bydra nie. Daar is geen sprake van verdienstelikheid nie. Daarom kan die mens met vrymoedigheid voor God leef (Dreyer, 1998:297).


In hierdie tradisie is die fokus op Christus as die handelende party buite die mens, eerder as op menslike ervaring. Die klem is minder op die subjektiewe geloof van mense as op die objektiewe heilsgeskiedenis. God se verbond met en genade vir mense word beklemtoon (Dreyer, 1998:299). Die gevolg van verlossing uit genade is 'n dankbare lewe van gehoorsaamheid aan God, deur die werking van die Heilige Gees. So 'n lewe van gehoorsaamheid behels voortdurende toewyding aan God. Die Wet verwoord 'n heilige lewenswyse wat met selfverloëning gepaard gaan (Jonker, 1989:293-299). Gereformeerde spiritualiteit word nie gekenmerk deur euforiese vreugde nie en normaalweg getuig mense in hierdie tradisie nie met groot entoesiasme oor hulle eie geestelike belewenisse nie (Dreyer, 1998:299).

Spirituele voorkeure

Die spiritualiteitswiel

Binne die Gereformeerde wêreld, soos in elke Christelike geloofstradisie, is daar mense met verskillende spirituele voorkeure. Die vraag is of daar in die algemeen voldoende ruimte gemaak word vir die verskeidenheid van menslike spiritualiteit en spiritualiteitsvoorkeure in die eredienste van NG gemeentes. Die studie het 'n aantal NG lidmate en oud-lidmate se spirituele voorkeure en belewenisse ondersoek om insig te verkry in die spirituele verskille en voorkeure en te reflekteer op hoe eredienste beplan kan word om vir die verskeidenheid voorsiening te maak (kyk Ware, 1995:xii).

'n Eerste stap tot 'n breër en meer inklusiewe praktyk sou wees dat spirituele voorkeure benoem sal word en mense hulle eie plek en voorkeure binne die breër Christelike tradisie sal kan identifiseer en verstaan. In 1980 ontwikkel Urban T Holmes 'n tipologie van spirituele voorkeure met 'n fokus op die praktyk van gebed. Hy noem dit die *Circle of sensibility*. Corinne Ware (1995:2) bou voort op Holmes se werk en ondersoek onder andere hoe mense op verskillende aanbiddingspatrone reageer. Ware het Holmes se sirkel aangepas tot vier kwadrante wat vier spirituele voorkeurgroepe aandui. Sy noem die spiritualiteitsvoorkeure "spiritualiteits-tipes". Die tipes is 'n "kop-", "hart-", "mistieke-" en "handspiritualiteit". Die "spiritualiteits-wiel" van Ware (1995:30) lyk soos volg:



Figuur 1: Die "spiritualiteitswiel" van Corinne Ware (1995:30).

Die vertikale as verteenwoordig die manier waarop mense tot kennis van God kom. Dit staan bekend as die *spekulatief-affektiewe as*. Mense kan tot kennis kom deur die rede (kop) of deur gevoelens (hart) (Ware, 1995:31-32). Die horisontale as stel die wyse voor waarop goddelikheid verstaan word. Dit staan bekend as die *apofaties-katafatiese as* (kyk Perrin, 2007:111). Nicol (2002:50) verduidelik die verskil tussen die katafatiese en apofatiese verstaanswyse as: “ligmistiek (katafaties), waarin gedagtes ’n bepalande rol gespeel het en donkermistiek (apofaties), die innerlike pad om verby alle gedagtes te beweeg”.

Die horisontale en vertikale asse van die spiritualiteitswiel kruis mekaar om vier kwadrante te vorm. Die kwadrante verteenwoordig vier spiritualiteitstipes. Die eerste kwadrant is die *kopspiritualiteit* met ’n kombinasie van katafatiese en spekulatiewe eienskappe. Die tweede kwadrant is die *hartspiritualiteit* met ’n kombinasie van katafatiese en affektiewe eienskappe. Die derde kwadrant is die *mistieke spiritualiteit* met ’n kombinasie van affektiewe en apofatiese eienskappe. Die vierde kwadrant is die *handspiritualiteit*, ’n kombinasie van spekulatiewe en apofatiese eienskappe.

Elke kwadrant verteenwoordig dus ’n kombinasie van denkwyses oor God en maniere om tot gods-kennis te kom. Die spiritualiteitswiel bied ’n raamwerk om spirituele voorkeure te beskryf en spirituele ervaring te verstaan (kyk Ware, 1995:6-7).

Die vier spiritualiteitstipes

Kwadrant 1: spekulatief/katafaties – ’n kopspiritualiteit

Vir hierdie tipe is rasonale denke en die konkrete belangrik. Die Bybel word ondersoek om te verneem wat die gedeelte oor God sê en wat dit presies beteken. Die betekenis word in terme van konkrete beelde verklaar. Woorde en die betekenis van die woord is sentraal vir mense met ’n kopspiritualiteit en daarom lees en skryf hulle graag. Dit is byvoorbeeld mense wat oor teologiese en leerstellige kwessies publiseer. Orde en struktuur is vir hulle belangrik. Die tradisie moet oorgedra word aan die volgende geslagte. Gebede het ’n ryk inhoud, is ordelik en woordgebruik is deurdag. Besprekingsgroepe en Bybelstudies bevredig die behoefte aan rasonale en intellektuele stimulasie. Kritiese denke is kenmerkend van hierdie groep. Hulle glo nie alles wat hulle vertel word nie (Ware, 1995:86).

Kwadrant 2: affektief/katafaties – ’n hartspiritualiteit

Hierdie kwadrant kombineer die hart (emosie) en die konkrete. Kenmerkend is die uitdrukking van gevoel, spontaneïteit en entoesiasme. Hoewel hierdie groep ook “God ken” op katafatiese wyse, is die manier van ken van die “kop-” en die “hartspiritualiteit” verskillend. Ware (1995:39) beskryf dit soos volg: “While kataphatics of the mind may charge, ‘My doctrine is purer than yours’, kataphatics of the heart counter with ‘My walk with the Lord is closer than yours’.” Vir persone met ’n hartvoorkeur is ’n lewe van heiligheid en persoonlike vernuwing die vernaamste doel. ’n Persoonlike verhouding met God is sentraal. Gemoedelikheid en interpersoonlike warmte is ’n verdere kenmerk. Die Bybel is sentraal en dit word gekombineer met ’n affektiewe spiritualiteit. Die Bybel word gelees om te verneem wat God vir hulle persoonlik sê. Gebede is minder formeel as by mense met ’n kopspiritualiteit (Ware, 1995:104). Ervaring word gedeel en getuïenis word beklemtoon. Musiek speel ook ’n groot rol want dit ontlok emosie. God word as immanent ervaar. Die daaglikse spirituele dissipline is nie te streng nie. Negatiewe emosies soos woede, teleurstelling of twyfel kan skuldgevoelens veroorsaak. Omdat hulle sterk emosiegedrewe is, kan hulle hoogte- en laagtepunte in hulle

godsdienstige lewe ervaar. Die hoogtepunte word dikwels deur ander gelowiges beny. Die voordeel van hierdie oriëntasie is dat mense God in die hede as teenwoordig beleef, ook wanneer hulle laagtepunte ervaar op hulle spirituele reis (Ware, 1995:87-88).

Kwadrant 3: affektief/apofaties – ’n mistieke spiritualiteit

Mistieke spiritualiteit is die bewussyn van ’n transendente teenwoordigheid buite die mens. Vir mense met hierdie spiritualiteitsvoorkeur is geloof ’n reis met God. God is die skeppende mag wat nie beskryf kan word nie, want God is te hoog, verhewe, groot en anders. God is so totaal anders dat God nie geken kan word nie. Taal is te beperk om God te beskryf. Mense kan net indirek oor God praat. Ware (1995:41) stel dit soos volg: “Instead of a God who possesses characteristics similar to human ones, God is ineffable, unnamable, and more vast than any known category.” Perrin (2007:97) verduidelik dat God vanuit hierdie perspektief beskryf kan word as “niksheid” of “sonder wese”, maar ook op positiewe maniere as “egte lig”, “absolute vreugde”, “rots” of “vriend”.

God se liefde is beliggaam in Jesus. Augustinus se beskrywing dat mense kan weet *dat* God is, maar nie *wat* God is nie, verwoord hierdie soort spiritualiteit (kyk Ware, 1995:109). Vir mense met ’n oorwegend mistieke spiritualiteit is die onsigbare innerlike wêreld net so werklik as die sigbare uiterlike wêreld. Hulle is kontemplatief en introspektief. Hulle lewe is ’n reis, ’n voortdurende soeke na méér, ’n soeke na die Gees van God. Die doel is eenheid met God deur die vernuwung van hulle innerlike lewe en meditasie. Die doel word nooit bereik nie, want ’n mens kan nooit so naby aan God wees en bly nie, daarom is die klem op die reis na God toe. Waarna hierdie mense streef, is om te leef in die *mysterium* wat “God” genoem word (Perrin, 2007:241). Dit is ’n lewe saam met God se Gees binne die wêreld wat God en die mensheid met mekaar deel (Perrin, 2007:243).

Die Bybel word gelees met die doel om God te ervaar. Ter wille van hulle geloofsgroei sal die mense baat vind daarby om in voeling te wees met die emosies wat hulle ervaar wanneer hulle ’n teksgedeelte lees sodat hulle daardie emosies in woorde kan omsit en met God daaroor kan praat (kyk Ware, 1995:104-105). Gebedstyd word in stilte deurgebring, want die fokus val op God se ontsagwekkende teenwoordigheid eerder as op menslike woorde. Gebed is ’n soeke na kontak met God en om te luister na God.

Kwadrant 4: spekulatief/apofaties – ’n handspiritualiteit

Hierdie groep is die kleinste en moeilikste om te beskryf. Dit kom eerder voor by individue as by godsdienegroepe. Die hoofokus is om aktief te werk vir God en oor die koms van God se koninkryk te getuig. In geloofsgemeenskappe is dit gewoonlik hierdie mense wat aksies inisieer en deurvoer. Hulle het ’n passie vir die transformasie van die gemeenskap en dit word dikwels vir hulle ’n persoonlike missie om die samelewing te verander en onreg reg te stel. Hulle entoesiasme vir betrokkenheid in die wêreld om God se koninkryk op aarde te vestig, kan soms aggressief oorkom; hulle beskik oor waagmoed en ywer. Dit is dikwels hulle wat martelare word en hulle lewens opoffer in die hoop dat met hulle pogings en opoffering iets van God se koninkryk op aarde sal realiseer. Martin Luther, Johannes Calvyn en bevrydings-teoloë pas in hierdie kategorie.

Kenmerkend van hierdie groep is ’n breë verwysingsraamwerk en kritiese denke. Mense met ’n handspiritualiteit beskou hulleself as ’n instrument in God se hand. Hulle roeping is om persoonlik betrokke te wees in prosesse van verandering (kyk Waaijman, 2002:217-219). Die Bybel word gelees om vas te stel wat hulle moet gaan dóén, wat dit is wat God van hulle

verwag. Gebed en teologie gaan gepaard met aksie en konkrete dade. Gebede fokus op voorbedding en is gerig op die wêreld. Hulle neem dikwels deel aan aksies wat die wêreld moet beweeg na 'n meer ideale stand van sake.

Empiriese ondersoek


'n Groep individue binne die Gereformeerde tradisie in die spesifieke konteks van die NG Kerk se ervaring is ondersoek met die doel om insig te verkry in hulle belewenis van tradisionele NG eredienste. Die respondente was volwasse lidmate van ses NG gemeentes in die Ring van Klerksdorp-Noord. In hierdie gemeentes word eredienste ingerig volgens 'n vaste liturgiese orde wat kenmerkend is van die NG Kerk. Die doel van die ondersoek is verduidelik en lidmate is genooi om deel te neem. Die respondente was lidmate wat gereeld eredienste bywoon en in hulle gemeentes betrokke is. 'n Tweede groep is geïdentifiseer, naamlik lidmate wat selde of ooit eredienste bywoon en nie in gemeentes betrokke is nie.

Toets vir spirituele voorkeure

Corinne Ware (1995) se spirituele model en spiritualiteitstoets is gebruik om respondente se spirituele voorkeur te identifiseer. Die toets is weer gebruik om respondente se ervaring van eredienste in die NG Kerk te ondersoek. Hulle moes aandui wat kenmerkend is van hulle ervaring van die eredienste van die gemeente waar hulle lidmate is. Die doel was om verskille of ooreenkomste tussen deelnemers se persoonlike spirituele voorkeure en die spirituele inrigting van eredienste te identifiseer.

Die spiritualiteitstoets bestaan uit twaalf temas. Onder elke tema kan keuses gemaak word. Elke keuse het 'n nommer. Elke stelling wat die persoon kies, word deur 'n radiale lyn op die spiritualiteitswiel aangebring in die kwadrant wat ooreenstem met die nommer van die keuse. So word 'n wiel met speke gevorm. Dit dui die verspreiding van 'n individu se spirituele voorkeure oor die vier spirituele kwadrante aan.

'n Voorbeeld van 'n voltooide "spiritualiteitswiel" is die volgende:




Figuur 2: 'n Voorbeeld van 'n voltooide "spiritualiteitswiel"

Die resultate in die studie word weergegee in persentasies eerder as “speke” sodat vergelykings getref kan word.

Twee groepe, naamlik persone wat eredienste van die NG Kerk gereeld bywoon en persone wat maar selde eredienste bywoon, het deelgeneem aan die ondersoek: 21 gereelde kerkgangers en 13 persone wat nie gereeld eredienste bywoon nie. Nadat die deelnemers se afsonderlike spirituele voorkeure met behulp van Ware se spiritualiteitsvraelys geïdentifiseer is, is die resultate verwerk en op een spiritualiteitswiel weergegee. Die spiritualiteitswiel gee ’n aanduiding van die oorhoofse verspreiding van spiritualiteitsvoorkeure onder die deelnemers. Die deelnemers se ervaring van die spirituele inrigting van eredienste is ook verwerk en op een spiritualiteitswiel weergegee. Die bevindings van die twee toetse is vergelyk om insig te verkry in watter mate eredienste aan mense se spirituele behoeftes voldoen, gegewe hulle spirituele voorkeure.

Die resultate toon dat die deelnemers wat gereeld eredienste bywoon se spirituele voorkeure hoofsaaklik in die “hart”-kwadrant geplaas kan word. Die “kop” en “mistieke”-kwadrante word die tweede meeste verteenwoordig, terwyl die “hand”-kwadrant skraal verteenwoordig is. Die wyse waarop hulle die spirituele inrigting van eredienste beleef, word egter hoofsaaklik



Figuur 3: 'n Vergelyking van spirituele voorkeure van deelnemers wat gereeld eredienste bywoon en deelnemers wat selde eredienste bywoon.

in die “kop”-kwadrant geplaas, minder in die “hart”-kwadrant en die minste in die “mistieke”- en “hand”-kwadrant.

Die persone wat selde eredienste bywoon se persoonlike spirituele voorkeure pas hoofsaaklik in die “mistieke”- en “hart”-kwadrante en min in die “kop”- en “hand”-kwadrante. Hulle beleef dat eredienste hoofsaaklik ingerig word volgens die “kop”-kwadrant en dat vir die ander spirituele kwadrante min ruimte is in die erediens.

Dit is te verstane dat hierdie persone nie gereeld eredienste bywoon nie, aangesien mense met ’n “mistieke” spiritualiteit die ongemaklikste voel met die teenoorstaande “kop”-kwadrant. Hulle ag woorde minder belangrik en heg meer waarde aan stilte. Hulle heg nie baie waarde aan aktiwiteite nie, want aktiwiteite is van verbygaande aard. Hulle sien dikwels nie die waarde van gesamentlike geloofsbeoefening in nie. ’n Gevaar van hierdie tipe spiritualiteit is ’n passiewe houding en dat mense hulle onttrek aan interaksie met medegelowiges (Ware, 1995:109). Hoewel stilte en alleentyd saam met God van groot waarde is, behoort daar ’n balans te wees tussen afsonderlike geloofsbeoefening en geloofsbeoefening saam met ander gelowiges. Alleenheid en gemeenskap is twee bene wat beide noodsaaklik is vir gelowiges se geestelike groei. Hoewel geloof ’n persoonlike verhouding met God is, is dit belangrik om ook die “gemeenskap van die heiliges” ’n plek te gee in geloofshandeling (Nicol, 2008:171).

Onderhoude

Nadat die resultate van die spiritualiteitsvraelyste verwerk is, is persone op grond van hulle spiritualiteitsvoorkeure geïdentifiseer om deel te neem aan semi-gestruktureerde onderhoude. Aanvanklik is beplan om persone uit elke spirituele voorkeurgroep te kies. Met die verwerking van die vraelyste is egter bevind dat geen van die deelnemers se spirituele voorkeure in die “hand”-voorkeurgroep pas nie. Daar was dus geen respondente uit hierdie groep vir die onderhoude nie. Dit is ook die kwadrant wat volgens die erediensgangers die minste aandag geniet met die inrigting van eredienste. Ware (1995:44) verduidelik dat georganiseerde godsdiens gewoonlik nie belangrik is vir persone wie se spirituele voorkeur in die “hand”-kwadrant val nie. Hulle affilieer dan ook selde met ’n spesifieke geloofsgroep.

Uit die onderhoude blyk duidelik dat mense die eredienste van die NG Kerk hoofsaaklik in die “kop”-kwadrant ervaar. Gereformeerde spiritualiteit is dus grootliks ’n “rasionele” spiritualiteit. Tradisioneel word in eredienste van die gemeentes van die NG Kerk klem geplaas op intellektuele stimulasie en ’n rasonale verstaan van God. In die moderne era het hierdie rasonale benadering met die sterk fokus op die interpretasie van die Woord en lering aan baie mense se spirituele behoeftes voldoen. Die erediens wentel om die bediening van die Woord. Prediking het grootliks lering ten doel (Jonker, 1995:348).

Hierdie fokus op die rasonale en die wyse waarop eredienste met hierdie fokus ingerig word, kan daartoe lei dat eredienste ’n “uninspiring rational system of thought” word (Jonker, 1995:350). Kritiek teen eredienste van die NG Kerk is dikwels dat die prediking “lesingagtig” is. Pieterse (1995:46) wys daarop dat waar mense “op soek is na ’n sekere styl kan byvoorbeeld die prediking van hoogstaande korrektheid wees, maar dit vind geen inslag binne sekere persone se spiritualiteitsbehoefes nie.” Dit is waarom lidmate kla dat hulle min ervaar in eredienste.

Die gewildheid van pinksterkerke in die hedendaagse Suid-Afrikaanse samelewing is die gevolg van mense se behoefte aan ervaring (kyk Jonker, 1999:112; Jonker, 1985:417). Die resultate van die ondersoek toon aan dat persone in die ondersoeksgroep se spirituele behoeftes hoofsaaklik kenmerkend is van ’n “hart”-spiritualiteit. Postmoderne mense lê dikwels nie

klem op die teologiese verskille tussen kerke nie, maar kies om eredienste by te woon waar die spirituele aanslag ooreenstem met hulle eie. Rasioneel en deurdag sal mense byvoorbeeld die Gereformeerde belydenis verkies, maar wanneer dit by die uitlewing van hulle geloof kom, bied die charismatiese spiritualiteit meer moontlikhede (kyk Jonker, 1989:291). Ook al stem mense dus nie noodwendig saam met die tipe teologie van 'n meer charismatiese aanslag nie, is die ervaring vir hulle belangriker. Hoewel mense dus aanklank vind by die grondslag van die Gereformeerde tradisie, het hulle nie 'n voldoende ervaring van God in Gereformeerde eredienste nie met hulle kultuur van rasionaliteit nie. Die NG teoloog, Willie Jonker (1999:112), het dit reeds twee dekades gelede verduidelik: "In ons tyd het die charismatiese spiritualiteit vir baie 'n groot aantrekkingskrag. Die invloed daarvan strek oor alle kofessionele grense heen. Dit hang daarmee saam dat dit 'n eenheid van belewing veronderstel, eerder as 'n eenheid van belydenis."

In die pinkstertradisie is ervaring 'n sentrale geloofsaak. Subjektiewe ervaring word bo intellektuele kennis gewaardeer. In eredienste word die taal van die hart gepraat. Dit laat mense goed voel. Hierdie tradisie skep ruimte vir mense met 'n "hart"-spiritualiteit. Dit skep die ervaring dat mense weggevoer word uit die dinge van die alledaagse lewe. Jonker (1995:350) verduidelik: "The life of faith often withdrew itself into the inner sphere of personal religiosity and concentrated on personal feeling and subjective experience." Daarenteen is die fokus van die Gereformeerde tradisie om mense vanuit die erediens die normale lewe in te stuur (Nicol, 1996:43).

Behoeftes aan ervaring

Sowel uit die geskiedenis en tradisie van die NG Kerk, as vanuit die empiriese ondersoek onder 'n aantal lidmate, blyk dat eredienste in hierdie konteks hoofsaaklik volgens die spiritualiteitstipe van die "kop"-kwadrant ingerig word. In die hedendaagse wêreld het gelowiges egter dikwels 'n groter behoefte aan ervaring. Die voorganger se eie spirituele voorkeure het 'n wesenlike invloed op die wyse waarop eredienste ingerig word. 'n Voorganger sou nie realisties sy of haar eie spirituele voorkeure kon verander ter wille van 'n gemeente nie. Dit is egter nodig om 'n goeie balans in te bou in die wyse waarop eredienste ingerig word sodat die verskeidenheid van spiritualiteitstipes almal op 'n manier aanklank kan vind by die gebeure. 'n Kultuur van inklusiwiteit behoort gekweek te word in gemeentes. Dit sal vra dat eredienste in die NG Kerk beplan word met spirituele sensitiwiteit en vanuit 'n holistiese benadering tot spiritualiteit sodat almal ingesluit kan word in die erediensgebeure. Die verskillende spirituele komponente hoef nie met mekaar te kompeteer nie, maar behoort mekaar aan te vul. Eredienste behoort die totaliteit van die mens te kan betrek en alle mense in staat te stel om God te aanbid met hart, siel, krag en verstand.

'n Wesenkenmerk van die Reformatoriese tradisie waaruit die NG Kerk stam, is dat voortdurende reformasie nodig is omdat geen mensewerk volmaak is of ooit sal wees nie. Die bereidwilligheid om te bly hervorm, om sinvol en relevant te wees in 'n voortdurend veranderende konteks, is die strewe in die Gereformeerde tradisie. Die NG Kerk kan dus hedendaagse gelowiges se wye spektrum van spirituele behoeftes bevredig sonder om die kern van die Gereformeerde identiteit prys te gee.

BIBLIOGRAFIE

- Barnard, M. 2009. In Wepener, C & Van der Merwe, J. (reds.). *Ontdekkings in die erediens*. Wellington: Lux Verbi, pp. 109-127.
- Burger, CW. 1995. *Gemeentes in transitio: Vernuwingsgeleenthede in 'n oorgangsyd*. Kaapstad: Lux Verbi.
- Dreyer, TFJ. 1998. Spiritualiteit, identiteit en die etos van die Nederduitsch Hervormde Kerk. *Hervormde Teologiese Studies*, 54(1/2):289-314.
- Dreyer, Y. 1999. Vroue-ervaring en spiritualiteit. *Hervormde Teologiese Studies*, 55(2/3):360-379.
- Holmes, UT. 1980. *A history of Christian spirituality: An analytical introduction*. New York: Seabury.
- Jonker, WD. 1989. Die eie-aard van die gereformeerde spiritualiteit. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 30:288-299.
- Jonker, WD. 1995. Reformed theology and the identity of the Christian congregation. *In die Skriflig*, 29(3):345-369.
- Nicol, W. 1996. In Du Toit, CW. (ed.). *Spirituality in religions*. Pretoria: Daan Roux, pp. 40-44.
- Nicol, W. 2002. *Gebed van die hart*. Wellington: Lux Verbi.
- Nicol, W. 2008. *In die hande van die pottebakker*. Wellington: Lux Verbi.
- Nederduitse Gereformeerde Kerk. 2007. *Die Kerkorde*. Wellington: Bybelmedia.
- Perrin, DB. 2007. *Studying Christian spirituality*. New York: Routledge.
- Pieterse, HJC. 1995. *Praktiese Teologie as kommunikatiewe handelingsteorie*. Pretoria: RGN.
- Schoeman, WJ. 2011. Kerkspieël – 'n kritiese bestekopname. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 52(3/4):472-488.
- Schoeman, WJ. 2015. Identity and community in South African congregations. *Acta Theologica*, 22:103-123.
- Schoeman, L & le Roux, C. 23 Januarie 2019. Lidmaatskapdaling: Nou moet tendense verstaan word. *Die Kerkbode*. <https://kerkbode.christians.co.za> [21 Januarie 2022].
- Smit, DJ. 1989. Kan spiritualiteit beskryf word? *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 2(1):83-94.
- Smit, DJ. 2002. Christ transforming culture? Nagedink oor die aard van die Gereformeerde geloof. *Acta Theologica*, 3:125-149.
- Smit, DJ. 2009. In Wepener, C & Van der Merwe, J. (reds.). *Ontdekkings in die erediens*. Wellington: Lux Verbi, pp. 87-107.
- Waaijman, K. 2002. *Spirituality: Forms, foundations, methods*. Paris: Peeters.
- Ware, C. 1995. *Discover your spiritual type: A guide to individual and congregational growth*. New York: The Alban Institute.

Uitdagings en implikasies vir die implementering van selfgerigte leer tydens Covid-19

Challenges and implications for the implementation of self-directed learning during Covid-19

HENRY BLIGNAUT

Fakulteit Opvoedkunde
Noordwes-Universiteit
Potchefstroom, Suid-Afrika
ORCiD: <https://orcid.org/0000-0001-7326-4136>
E-pos: 21114404@nwu.ac.za



Henry Blignaut



Charlene du Toit-Brits

CHARLENE DU TOIT-BRITS

Fakulteit Opvoedkunde
Noordwes-Universiteit
Potchefstroom, Suid-Afrika
ORCiD: <https://orcid.org/0000-0001-7899-930X>
E-pos: charlene.dutoit@nwu.ac.za

HENRY BLIGNAUT is die afgelope nege jaar betrokke by navorsing en onderrig in private en publieke hoëronderriginstellings. Hy is tans 'n dosent vir voorgraadse en nagraadse studente binne die Kurrikulumstudies-vakgroep in die Fakulteit Opvoedkunde van die Noordwes-Universiteit (NWU) en is ook die programleier van die BEdHons-graad. Vroeër het hy die volgende posisies beklee: Junior Navorsers; Hoof van Departement vir Besigheid- en Geesteswetenskappe-fakulteite; Programbestuurder van Inligtingtegnologie; Akademiese Adviseur; en Kurrikulumontwerper. Hy het in 2021 sy PhD verwerf. Henry het tot dusver as mede-outeur vyf konferensiereferate by sowel nasionale as internasionale konferensies voorgedra. Sy navorsing is geskoei op kurrikulumontwikkeling, selfgerigtheid van individue en diversiteit in opvoedkunde. Hy begelei ook nagraadse studente.

HENRY BLIGNAUT has been involved in research and teaching at private and public higher education institutions for the past nine years. He is currently a lecturer for undergraduate and postgraduate students within the Curriculum Studies subject group in the Faculty of Education of the North-West University (NWU), as well as the programme leader for the BedHons degree. Previously, Henry held the following positions: Junior Researcher; Head of Department for Business and Humanities faculties; Programme Manager of Information Technology; Academic Advisor; and Curriculum Designer. He obtained his PhD in 2021. So far, Henry has presented five conference papers as co-author at national as well as international conferences. His research focuses on curriculum development, self-direction of individuals, and diversity in education. He also supervises postgraduate students.

CHARLENE DU TOIT-BRITS (medeprofessor) is 'n NNS-gegradeerde navorsers (C2-gradering) in Kurrikulumstudies, Filosofie en Navorsingsmetodologie aan die Noordwes-Universiteit

CHARLENE DU TOIT-BRITS (associate professor) is an NRF-rated researcher (C2 rating) in Curriculum Studies, Philosophy and Research Methodology at the North-West University. For the past

Datums:

Ontvang: 2021-05-11

Goedgekeur: 2021-12-17

Gepubliseer: Maart 2022

(NWU). Vir die afgelope 17 jaar is sy betrokke by onderwyseropleiding in die afstandonderrig-en voltydse onderwysprogramme van die Fakulteit Opvoedkunde, NWU. Sy is spesifiek intensief betrokke by die ontwerp van verskeie akademiese programme vir indiensopleiding van skoolhoofde, onderwysers en voorgraadse onderwysstudente in verskeie vakspesialiteite: Kurrikulumstudies, Vergelykende Opvoedkunde en Navorsingsmetodologie. Haar navorsing handel oor verskeie aspekte in afstandonderrig, self-gerigte leer (SGL) binne onderwyseropleiding asook hoe SGL onder onderwysers en skoliere gekweek kan word. Haar navorsing het ten doel om die 21ste-eeuse werkplek en -leeromgewing in te lig om lewenslange SGL te verhoog en om akademieskap oor SGL binne die unieke Suid-Afrikaanse landskap uit te brei. Sy het ook al talle artikels in verskeie vaktidskrifte gepubliseer en MEd- en PhD-studente in bogenoemde vakspesialiteite afgelewer.

17 years, she has been actively involved in the training of teachers at the NWU Faculty of Education in distance education as well as full-time education programmes. She has specifically been involved in designing different academic programmes for in-service training of school principals, teachers and education students in various subject specialities: Curriculum Studies, Comparative Education, and Research Methodology. Her research focuses on various elements of distance education, self-directed learning (SDL) within teacher education, as well as fostering SDL among teachers and school learners. Her research aims to inform the 21st-century workplace and learning environment to enhance lifelong SDL and to inform scholarship on SDL within the unique South African landscape. She has published several articles in various journals, and she has supervised several master's and PhD students in the above-mentioned subject specialities.

ABSTRACT

Challenges and implications for the implementation of self-directed learning during Covid-19

This article focuses on the influence of school closures due to Covid-19 and their impact on South Africa's future labour force (current school learners) and school stakeholders (such as teachers and parents, among others) – specifically the challenges and implications for self-directed learning (SDL). Ensuring that we all stayed safe during the Covid-19 outbreak in 2020 came at a price. Not all parents are trained teachers; however, those who could teach their children at home had to take the place of a temporary teacher to facilitate teaching through various means of online applications and tools used by dedicated teachers as communication channels. Only some learners were fortunate to have available parents, dedicated teachers, and infrastructure (good connectivity and data) for electronic devices. That said, we provide a brief reflection on the impact of Covid-19 in terms of: i) the foundation that ought to be laid for basic education, ii) that only particular learners benefited from online learning, iii) parent involvement, iv) the importance of a teacher during online learning, v) the emotional development of learners and the trauma they experienced due to Covid-19 and vi) how learners were empowered before Covid-19 to survive a pandemic.

SDL was used as the theoretical framework in this research. We adopted this theoretical framework to emphasise its critical role in preparing our future workforce and demonstrate how its absence or under-promotion in schools might result in delays similar to those seen during the Covid-19 lockdown school closures. We provide an in-depth discussion on the advantages of SDL for learners if promoted in the classroom. We further highlight that the key to SDL being an advantage depends on considering the type of learner, the type of teacher, and the learning environment. It is also emphasised that if SDL was not promoted in classrooms before the Covid-19 pandemic, learners could have experienced challenges during the lockdown that possibly affected their education. In other words, a learning environment void of SDL may promote traditional education and surface learning, among others.

The impact of Covid-19 is discussed. Basic education serves as a building block for grades to which learners need to progress. Substantial problems that may be experienced for at least ten years (Van der Berg & Spaull, 2020) could emerge due to a long pause in children's education during the Covid-19 pandemic when schools had to close for an undetermined period. It is not easy to catch up on the education that did not occur during the six months of school closure when a learner has been promoted to the next grade to progress with their peers. Parents who had to fulfil the role of temporary facilitators and mediators (between the teacher, technology, and the learner) could not completely take the place of the teacher, as most parents were not trained teachers, nor could they provide the school environment with which learners were familiar and needed for holistic development and stability. Moreover, only some parents could facilitate learning for their children, as only some homes were equipped with the necessary technology and infrastructure. Thus, not all learners benefited from online learning. In our view, reflecting on how learners were prepared before the Covid-19 pandemic is essential – specifically regarding their ability to think for themselves, formulating learning aims and opinions, working analytically with content, and drawing conclusions (§ 4.3.1; 5). These abilities, which can also be recognised as SDL principles, are deemed necessary during at-home learning.¹ Rethinking education is required to guarantee that students are equipped for future pandemics and that significant gaps in their knowledge do not exist. Reflecting on education to achieve such goals may be accomplished with SDL via more learner-centred teaching techniques and augmented and assisted by technology.

Furthermore, among other issues, we discuss the challenges that school stakeholders may experience because of school closures due to Covid-19, with specific reference to challenges that apply in this context. Some of these challenges include the desire and eagerness to learn and use technology to enhance teaching and learning. The preceding argument refers to lifelong learning and the promotion thereof in teacher training programmes. Moreover, another challenge is that, in 2021, learners had to be promoted to the next grade to progress with their peers. The implication is that they could not continue with the work they had stopped in 2020 and consequently had to start with new work for the particular grade to which they progressed. Learners who were disadvantaged before the Covid-19 outbreak could find themselves more disadvantaged with their return to school: they may find learning in the new grade problematic due to a weak or shallow foundation laid during the brief period they did attend formal education. The challenge is increased pressure on teachers to catch up on teaching and learning lost over and above the teaching and learning in the new grade.

The need for a paradigm shift in education is underscored – in other words, reconceptualising education as a phenomenon beyond school walls, considering education as part and parcel of life. Specific reference was made to the importance of lifelong learning as an SDL skill that needs to be learned from an early age and fostered and promoted throughout life, as it can contribute to acquiring the required 21st-century skills needed to survive as part of the labour force in the 4IR. Moreover, it is vital to bridge any gaps between the curriculum and actual classroom practice related to the development of 21st-century skills. We suggest that curriculum pedagogy, teacher training, assessment and the labour market be aligned.

To conclude, the implications of Covid-19 and school closures during this time for education practice are highlighted. For example, learners who need additional attention due

¹ With at-home learning, learners complete learning activities that are the same as the learning activities they do in a learning environment.

to gaps in their education are attended to, whilst others who need less attention are neglected. Another implication is that teachers must become self-directed and skilled to use technology at advanced levels; otherwise, they may be replaced by new, better and more-skilled teachers. Additionally, for learners to be skilled to function at a level where they are self-directed, teachers need to adapt their teaching, learning and assessment practices to promote the following: i) critical thinking; ii) critical self-reflection on the learning process; iii) digital skills and the use of technology to enhance teaching and learning; iv) emotional intelligence; v) communication skills; vi) resilience; vii) adaptability; and viii) flexibility, among others. Furthermore, it is vital to highlight the non-empowerment of learners. Here, we refer to teaching methods in classrooms that do not enable learners to learn through technology and do not enable them to experiment, perform dramas, participate in role-play or debates, complete projects, or solve problems. Teaching learners in traditional ways do not promote SDL skills, making it difficult for learners to progress in their schoolwork inside and outside the classroom, especially when they must learn at home and get on with their schoolwork during a pandemic.

KEYWORDS: Self-directed learning (SDL), Covid-19, lockdown, learners, online learning, teachers, 21st century, Fourth Industrial Revolution (4IR), labour force

TREFWOORDE: Selfgerigte leer (SGL), Covid-19, inperking, leerders, aanlyn leer, onderwysers, 21ste eeu, Vierde Industriële Revolusie (4IR), arbeidsmag

OPSOMMING

Die hoofdoel van onderrig is om toekomstige selfgerigte burgers te ondersteun in die verkryging van 'n blink toekoms en om die nodige SGL-vaardighede te verskaf om in 'n loopbaan goed onderrig te word. Onderwys, *per se*, is 'n sleutel tot lewe, kennis, selfvertroue, selfrespek en selfgerigheid. Verder stel onderwys individue in staat om selfgerig vir die lewe voor te berei. SGL is as teoretiese raamwerk gebruik om die sentraliteit daarvan in die voorbereiding van ons toekomstige arbeidsmag te onderstreep en om uit te lig dat die ontbreking en nie-bevordering daarvan in skole tot agterstande kan lei soos dié wat gedurende die Covid-19-afsonderingstydperk en gepaardgaande skoolsluitings te voorskyn gekom het. Daar word kortliks besin oor die impak van Covid-19 op die volgende: i) die grondslag wat vir basiese onderwys gelê word; ii) die voordeel wat sekere leerders uit aanlyn onderrig getrek het; iii) oerbetrokkenheid, iv) die belangrikheid van 'n onderwyser tydens aanlyn leer; (v) die emosionele ontwikkeling van leerders en trauma wat weens Covid-19 opgedoen is; en (vi) hoe leerders vóór Covid-19 bemagtig is om 'n pandemie te oorleef. Verder word daar melding gemaak van die uitdagings wat leerders, onderwysers en ouers (onder andere) kan ervaar vanweë vermelde skoolsluitings, met spesifieke verwysing na die uitdagings van toepassing op die makro-, meso- en mikrovlak binne die skoolkonteks. Ons verwys ook in 'n uitvoerige bespreking na die impak van Covid-19 op leerders se voorbereiding vir die 21ste eeu en die Vierde Industriële Revolusie (4IR). Ter afsluiting word die implikasies van Covid-19 en skoolsluitings vir die onderwyspraktiek belig.

1. Inleiding, agtergrond en probleemstelling

“Bly veilig” is een van die frases wat sedert die uitbreking van die koronavirussiekte (hierna afgekort tot Covid-19) die meeste gebruik is. Hoewel dié frase goed bedoel mag wees, is die nagevolge daarvan nie verrassend nie. Die metabetekenis agter hierdie frase spreek boekdele.

Die Covid-19-afsonderingstydperk en -regulasies wat ingestel is om die verspreiding van dié pandemie hok te slaan, is beide negatief en positief.

Ten eerste, die drakoniese manier waarop die wêreldpopulasie sedert 2020 beheer is, is vanuit verskeie oorde gekritiseer. Hierdie pandemie en die manier waarop dit hanteer is, het nie net geleidelik tot 'n toename in die werkloosheidsyfer oor die wêreld heen nie (Posel, Oyenubi & Kollamparambil, 2021), maar het ook duisende lewens verwoes, met sterftesyfers wat die hoogte ingeskiet het (WGO 2021).

Gedurende die Covid-19-afsonderingstydperk was ouers verplig (Parczewska, 2020) om “instaan-onderwyser” te wees om hulle kinders met aanlyn onderrig te help (Thomas & Rogers, 2020) weens skoolsluitings in 188 lande wêreldwyd (Gouëdard, Pont & Viennet, 2020) – dit terwyl hulle onder dié moeilike omstandighede ook by hulle eie werk moes uitkom (vgl. Garcia de Avila, Hamamoto, Jacob, Alcantara, Berghammer, Jenholt Nolbris, Olaya-Contreras & Nilsson, 2020; Letzel, 2020).

Op 18 Maart 2020 het Angie Motshekga, minister van basiese onderwys, aangekondig dat Suid-Afrikaanse skole vir 'n onbepaalde tydperk sou sluit. Meeste Suid-Afrikaners was onder die indruk dat die skoolsluitings kortstondig sou wees, maar hierdie tydperk het later net verleng (Parker, Morris & Hofmeyr, 2020). Onderrig moes daarom tuis plaasvind. Aanlyn onderrig het afgehang van die onderwyser wat daaglik of weeklik aktiwiteite onder meer per e-pos en WhatsApp aangestuur het en ouers wat as fasiliteerders opgetree het sodat leerders steeds met leer kon voortgaan. Soms was daar tuis min tot geen onderrig nie omdat onderwysers nie voorbereid was op aanlyn onderrig nie óf omdat hulle weens probleme met tegnologie (swak opvangs) leerders nie kon bereik nie (Dube, 2020). Minderbevoorregte leerders het egter nie die nodige data en hulpmiddele tot hulle beskikking gehad om aanlyn te leer nie (Mukuna & Aloka, 2020). Laasvermelde word deur Statistiek Suid-Afrika (StatsSA) ondersteun en bevestig: slegs 9,1% van die Suid-Afrikaanse bevolking het in 2019 tuis internettoegang terwyl 63,3% elders in Suid-Afrika internettoegang het (StatsSA 2019). Verder was alle leerders ook nie so bevoorreg om 'n ouer tuis te hê wat hulle kon onderrig nie (vgl. Pensiero, Kelly & Bokhove, 2020); sommiges moes aktiwiteite opsy sit totdat ouers dit wêl kon doen. Gevalle waar leerders met hulle skoolwerk kon voortgaan was deels te danke aan beskikbare ouers wat tyd kon bestee om tot hulle kinders se onderrig en ontwikkeling by te dra (vgl. Pensiero *et al.*, 2020). Natuurlik kon nie alle aktiwiteite gedurende die Covid-19-afsonderingstydperk deur middel van aanlyn onderrig aangepak en voltooi word nie, maar onderrig het nie geheel en al tot 'n stilstand gekom nie. Ná twee maande van aanlyn onderrig is daar op 19 Mei 2020 aangekondig dat skole op 1 Junie 2020 slegs vir graad 7- en graad 12-leerders geleidelik sou heropen, wat later weer weens vakbondinmenging en skoolongereedheid tot 8 Junie 2020 uitgestel is (Govender, 2020; Parker *et al.*, 2020; Taylor, 2020). Ná afloop van hierdie tydperk en die daarstelling van 'n gewysigde skoolkalender is 'n ontleding gedoen. Daar is bevind dat leerders in grade 1, 2, 3, 4, 5, 8 en 9 tussen 82 en 87 skooldae kwyt was, of anders gestel, 40% tot 43% van hulle skooljaar tuis deurgebring het (vgl. Koh, 2020; Mthethwa, 2020).

Die belangrikste skooljare is die grondslagfase (Richter, Tomlinson, Watt, Hunt & Lindland, 2019). In hierdie skoolfase leer leerders om konkrete probleme deur middel van logiese denke op te los, byvoorbeeld volume, syfers, materie en lengte. Verder speel taalgeletterdheid in die grondslagfase ook 'n kernrol aangesien leerders in hierdie fase begin lees indien hulle nie al tuis begin het nie. Daar is ook ander fokusareas in die grondslagfase. Dit wek egter groot kommer dat daar vir ses maande in 2020 geen formele onderrig vir sowel nuwelings graad-1 leerders as leerders in ander grade was nie. Dit laat mens wonder wat die

gevolge hiervan sal wees vir Suid-Afrika se toekomstige arbeidsmark. In 'n Britse studie² wat in 2020 uitgevoer is, is bevind dat tuisonderrig in die middel van 'n gegewe jaar nie 'n goeie plaasvervanger vir aangesig-tot-aangesig-onderrig is nie (Pensiero *et al.*, 2020). Hierdie bevinding is gebaseer op die Britse skooljaar wat toe reeds halfpad voltooi was, terwyl Suid-Afrika in daardie stadium slegs in die eerste kwartaal van die skooljaar was. Na ons mening sal baie van die gevolge nie onmiddellik opvallend wees nie, maar wel eers in latere stadiums van geaffekteerde leerders se laerskoolonderrig en selfs ook hulle hoëskoolonderrig. Van der Berg en Spaul (2020) bevestig hierdie standpunt: volgens hulle sal die Suid-Afrikaanse bevolking die nagevolge van hierdie skoolsluitings vir ten minste tien jaar voel. Die aantal jare wat nagevolge ervaar kan word, bevestig Di Pietro, Biagi, Costa, Karipinski en Mazza (2020) se argument dat daar kort- en langtermynimplikasies vir die onderwys in Europa sal wees. Mens kan ook aanneem dat die situasie in Suid-Afrika eenders of selfs nog erger kan wees, siende dat ons die volle omvang van die effek van Covid-19 op leerders se onderrig eers later sal besef (Roe, Blikstad-Balas & Dalland, 2021).

Bostaande kontekskepping bevestig dat familieledede wel 'n belangrike rol tydens die afsonderingstydperk (Pensiero *et al.*, 2020) en skoolsluitings gespeel het. Ten slotte is dit dan nou belangrik teen hierdie inleiding, agtergrond en probleemstelling om die metodologie wat gevolg is in die artikel uit te lig.

Die doel van hierdie artikel was om ondersoek in te stel na wat die moontlike uitdagings van die afsonderingstydperk op leerders se selfgerigtheid was en tans is aangesien hulle onderrig tuis moes voortgaan en om ook 'n beter begrip te kry van die implikasies wat veroorsaak is deur die uitdagings. Die artikel is geskryf sodat die navorsers ondersoek kon instel na die belangrikheid van SGL en SGL-vaardighede wat by alle leerders gevestig behoort te word, ook buite die formele leeromgewing, sodat wanneer iets soos Covid-inperkings ingestel word, onderrig buite die formele leeromgewing kan voortgaan. 'n Sistematiese dokumentontleding van beide gedrukte en elektroniese (rekenaargebaseerde en internet-gekommunikeerde) materiaal is gedoen, met 'n fokus op inhoudontleding van Suid-Afrikaanse materiaal. Navorsers beskou inhoudsanalise as 'n buigsame metode vir die ontleding van teksdata. Die spesifieke tipe inhoudontledingsbenadering wat deur 'n navorser gekies word, wissel na gelang van die teoretiese en inhoudelike belange van die navorser en die probleem wat bestudeer word.

SGL word vervolgens as teoretiese raamwerk vir hierdie navorsing bespreek.

2. Teoretiese raamwerk: Selfgerigte leer

Die teoretiese gronding van hierdie navorsing is in SGL gesetel. Selfgerigte leer is 'n belangrike element wat skoolleerders kan bemagtig om saam met andere en deur andere beter akademiese resultate te bereik. Hierdie teoretiese raamwerk word kortliks bespreek.

2.1 Wat behels selfgerigte leer?

SGL is reeds in 1975 deur Malcolm Knowles as 'n sikliese proses beskryf (Knowles, 1975). In hierdie proses word daar telkens nuwe leerbehoefte geïdentifiseer en nuwe leerdoelwitte, bronne en strategieë word geïmplementeer om die probleem effektief op te los. Selfgerigte

² Hierdie studie het gefokus op leerderongelykhede gedurende die Covid-19-pandemie en hoe gesinne tuisonderrig hanteer het.

leerders neem ook die inisiatief om deurlopend verantwoordelikheid vir hulle eie leer te aanvaar (De Lange, Petersen & Breed, 2020).

Belangrike fasette van SGL is dat leerders besluite oor hulle eie leer kan neem en gemotiveerd doelgerigte keuses oor hulle leerproses kan maak (Guglielmino, 1977; 2013). Intrinsieke motivering ondersteun SGL deurdat dit leerders die wil en uithouvermoë gee om te leer wat hulle ten doel gestel het. Hierdie fasette staan in teenstelling met onderwysergesentreerde leerteorieë, waar die onderwyser alle leerdoelwitte, -materiaal en assessering bepaal en die leerder terselfdertyd bloot net inligting memoriseer (Van Deur, 2018). Persoonlike verantwoordelikheid speel 'n strategiese rol in SGL: leerders behoort in beheer te wees van hulle eie leerervarings. 'n Tipiese selfgerigte leerder is ontvanklik vir leergeleenthede, is onafhanklik en neem inisiatief tydens leer. Sodanige leerders aanvaar verantwoordelikheid vir hulle eie leer en het 'n liefde vir leer asook 'n begeerte om te leer. Hulle beskik ook oor die vermoë om probleme in die leerproses as uitdagings te beskou en implementeer gevolglik kreatiwiteit en kritiese denke (Van Deur, 2018).

Met hierdie eienskappe in gedagte, word Knowles (1975) se definisie van SGL in hierdie artikel gebruik. Hierdie definisie stel dat SGL 'n metode is wat gebruik word om te leer en hoofsaaklik met leerders te doen het wat selfstandig of met die hulp van andere ('n onderwyser of 'n vaardiger portuur) die inisiatief neem om sekere take in die leerproses uit te voer. Sodanige take behels onder meer om hulle leerbehoefes te identifiseer; om leerdoelwitte vir hulle self te ontwikkel; die nodige hulpbronne wat hulle nodig sal hê, te identifiseer; om gepaste leerstrategieë te kies en toe te pas; asook om hulle leeruitkomste te evalueer (Guglielmino, 2013). Verder veronderstel SGL sekere vermoëns (vgl. Du Toit-Brits, 2019; Du Toit-Brits & Blignaut, 2019) wat leerders in staat stel om sowel binne as buite skoolverband as selfgerigte individue te funksioneer. Die SGL-proses is dus 'n geleidelike proses wat groei en vooruitgang binne die leeromgewing, maar ook by elke leerder, weerspieël (Nasri, 2017).

2.2 Voordele van selfgerigte leer vir leerders, die onderwyser en die leeromgewing

Selfgerigte leer is meer as net 'n ander benadering tot onderwys; dit kan as 'n nuwe lewenswyse geag word. Selfgerigte leer kan etlike voordele vir leerders, onderwysers en die leeromgewing inhou (Van Deur, 2018). Wanneer die voordele van SGL oorweeg word, moet die tipe leerder, die tipe onderwyser en die tipe leeromgewing in berekening gebring word (Curran, Gustafson, Simmons, Lannon, Wang, Garmsiri, Fleet & Wetsch, 2019). Deur SGL in die leeromgewing te implementeer, kan leerders in staat gestel word om nuuskierigheid en bereidwilligheid te ontwikkel ten einde i) nuwe leerervarings te probeer, ii) probleme in die leerproses as uitdagings te sien, en iii) verandering en groei in hulle leerervarings te begeer (Louws, Meirink, Van Veen & Van Driel, 2017; Nasri, 2017). Daar word voorts ook gepoog om leerders se selfvertroue, inisiatief en deursettingsvermoë natuurlik te ontwikkel. 'n Verdere voordeel van die implementering van SGL is dat daar verskillende leergeleenthede aan leerders voorsien word sodat hulle 'n wye verskeidenheid leerbelangstellings kan nastreef (Almutairi *et al.*, 2021; Louws *et al.*, 2017).

SGL hou ook voordele vir die onderwyser en leeromgewing in (Van Deur, 2018). Indien die onderwyser SGL binne die leeromgewing implementeer, word 'n samewerkende leeromgewing geskep waarin leerders ondersteun word om hulle leerervarings te motiveer en te rig (Guglielmino, 1977; 2013). Deur SGL te implementeer, fasiliteer onderwysers leerders se leerinisiatiewe in die leeromgewing, en onderwysers kan ook vir raadpleging beskikbaar wees soos tydens die leerproses toepaslik is (Manqele, 2017; Soffel, 2016). Tydens sodanige implementering dien onderwysers as raadgewers vir leerders en word die leerder 'n vennoot

in die leerproses (Hursen, 2016). Selfgerigte leer hou verder voordeel vir die leeromgewing in deurdat dit eienaarskap van leer verhoog en metakognisie bevorder. Leeromgewings word ook deur SGL hervorm aangesien sodanige omgewings leer bevorder en inspireer en ook leerders motiveer en uitdaag. 'n Verdere voordeel van SGL binne 'n leeromgewing is dat dit selfgerigte leerders kan oplewer (Louws *et al.*, 2017). Deur SGL in die leeromgewing te implementeer, word die leeromgewing in 'n effektiewe persoonlike leeromgewing ontwikkel waarin die leerder sentraal tot die leerproses staan.

2.3 *Nadele vir leerders indien selfgerigte leer nie bevorder word nie of nie vóór Covid-19 bevorder is nie*

Hoewel SGL voordele vir leerders, onderwysers en die leeromgewing inhou, is die teenoorgestelde ook waar. Indien SGL nie in leeromgewings toegepas word nie, kan die kurrikulum as onbuigsaam gesien word omdat daar nie op leerderbehoefte gefokus word nie (Sawant & Rizvi, 2015). Indien daar nie in leeromgewings na die leerders se leerbelange omgesien word nie, is daar eenselwigheid, wat beteken dat onderrig en leer in die tradisionele leeromgewing minder daartoe in staat is om in leerders se leerbehoefte te voorsien (Nagaraju, Madhavaiah & Peter, 2013).

Die skrywers van die artikel voer dus onder meer aan dat as SGL nie in die leeromgewing geïmplementeer word nie, fokus onderrig en leer op memorisering eerder as op hoër-orde denkvaardighede en die gebruik van leerhulpbronne en -materiale in die leeromgewing is gevolglik nie buigsaam nie (Fiore, 2019; Van Deur, 2018). Die manier waarop leerinhoude volgens die tradisionele onderrigbenadering aan leerders in leeromgewings voorgehou word, kan tot oppervlakkige leer lei (Nagaraju *et al.*, 2013) omdat hoër-orde kognitiewe denke en vaardighede nie in die tradisionele leeromgewing beklemtoon word nie (Sawant & Rizvi, 2015). 'n Verdere nadeel vir leerders in hierdie opsig is dat hulle deur die onderwyser onderrig word sonder dat betekenisvolle leer die hoofdoel is. Indien SGL nie in leeromgewings bevorder word nie, kan tekortkominge, soos hier bo genoem, ontstaan. Ander leerbenaderings ontwikkel om sodanige tekortkominge aan te roer – byvoorbeeld SGL, wat beklemtoon dat betekenisvolle leer aktief, konstruktief, kumulatief, selfgerig, selfgereguleerd en doelgeoriënteerd is, waar leerders nie “kennisontvangers” moet wees nie, maar eerder “aktiewe betekenisgewers” (Du Toit-Brits & Blijnaut, 2019; Knowles, 1975).

Ons is van mening dat indien leerders nie vóór Covid-19 aan SGL in leeromgewings blootgestel is nie, mag SGL-vaardighede by leerders ontbreek. Gevolglik sou sodanige leerders tydens die afsonderingstydperk betekenisvolle leer wat aktief, konstruktief, kumulatief, selfgerig, selfgereguleerd en doelgeoriënteerd is, ontbeer het. Indien leerders nie vóór die pandemie aan SGL blootgestel is nie en nie gewoon was aan die jongste onderrig-leerwyse nie, kon daar onsekerheid onder hulle heers. Onsekerheid in hierdie opsig kon leerders se akademiese vermoëns en -uitsette negatief beïnvloed het, wat weereens nadelig is vir leerders omdat dit hul ontwikkeling in terme van selfgerigtheid, selfmotivering en selfvertroue kon vertraag het of veroorsaak het dat dit glad nie plaasvind nie.

3. **Refleksiewe benaderings tot die impak van Covid-19 binne die Suid-Afrikaanse konteks**

Ten einde die voorsiene literatuur te onderskrag, verwys ons na enkele gevalle en ervarings vanuit die Suid-Afrikaanse konteks siende dat dit die primêre konteks van die artikel is. Die refleksiewe benadering soos onder verskaf, is dan ook versterk met ander bronne van gevalle

buite en in Suid-Afrika wat die impak van Covid-19 ook uitgelig het. Uit hierdie bronne is die sub-obskrifte (naamlik die grondslag van basiese onderwys, dat aanlyn leer net sekere leerders bevoordeel het, trauma en emosionele ontwikkeling van leerders, asook hoe onderig voor Covid-19 leerders bemagtig het om in 'n pandemie te oorleef van die sub-afdelings) soos hier onder bespreek, geïdentifiseer.

3.1 *Die grondslag van basiese onderwys*

Die tipe grondslag wat in basiese onderwys gelê word, veral vroeë onderwys soos in die grondslagfase, dien as die boublok vir die daaropvolgende grade. Jannie Raath ('n laerskoolskoolhoof) (Krige *et al.*, 2021), het in die regstreekse aanlyn gesprek (soos bo vermeld) aangevoer dat die grondslagfase die grondslag vir basiese onderwys lê (vgl.; Magasa, 2021; Parker, 2019) en dat dit toekomstige probleme teweegbring as dit vir 'n lang tydperk stopgesit word, soos in 2020 die geval was. Visser (Marthinus Visser, Besturende Direkteur by Akademia) (Krige *et al.*, 2021) het hierdie argument van Raath gerugsteun in die regstreekse aanlyn gesprek, deur aan te voer dat wat nie in die grondslagfase plaasvind nie, later moeilik of dalk glad nie plaasvind, en hy het ook beklemtoon dat die boublokke op mekaar moet volg. Ouers kon dus in dié geval 'n beperkte rol speel weens twee redes. Ten eerste omdat hulle nie onderwysers was nie en dit het die oordrag van kennis op 'n verstaanbare wyse bemoeilik (Naik, 2021; UNESCO 2021) en tweedens kan hulle nie die onderwyser vervang nie en dit geld vir enige fase (Pensiero *et al.*, 2020). Ouers (of voogde), ongeag hulle beroep, kan byvoorbeeld nie hulle kinders leer lees en skryf soos dit op skoolvlak sou gebeur nie. Kortom, al was ouers beskikbaar, sou hulle nooit hulle kinders kon bring tot op die vlak waar hulle in graad 1 behoort te wees nie, behalwe as die ouer self in die grondslagfase spesialiseer. 'n Grondslagfase-onderwyser is met pedagogiese kennis en onderrigstrategieë (soos SGL) toegerus wat leke in die veld ontbreek en dus 'n pedagogiese leemte by hulle teweegbring (vgl. Parczewska, 2020). Hierdie is dan ook die geval by intermediêre, senior of verdere onderwys en opleiding-onderwysers.

Die bogenoemde argumente bevestig die belangrikheid van die onderwyser, wat ook deur 'n respons van 'n laerskoolleerder ondersteun is, wat aangevoer het dat om fisies skool toe te gaan van meer hulp is as aanlyn leer, omdat laasgenoemde nie net bydra tot verveeldheid nie (Babinčáková & Bernard, 2020), maar ook leerders beperk om sosiaal te verkeer (Naik, 2021).

3.2 *Aanlyn leer het net sekere leerders bevoordeel*

Slegs leerders wat reeds met aanlyn leer vertrouwd was, het daarby gebaat (Krige *et al.*, 2021; Petrie, Aladin, Ranjan, Javangwe, Gilliland, Tuominen & Lasse, 2020). In terme van onderrig en leer kon daar nie veel gebeur in huise waar daar nie internettoegang en -toestelle was nie as gevolg van finansies (Krige *et al.*, 2021; Popyk, 2020), wat leerders net nog verder agter laat raak het en selfs die aantal skoolverlaters kon vermeerder het (UNESCO 2021). Sommige leerders het wel internettoegang gehad, maar onderwysers het gesukkel omestelle te gebruik tot voordeel van onderrig en leer (Trust & Whalen, 2020) en het onstabiele internetkonneksies gehad (Naik, 2021). Kortom, hoewel die onderwyser in staat was om wel aanlyn met onderrig en leer voort te gaan, was dit tot die nadeel van diegene wat nie internettoegang of -toestelle gehad het nie omdat dié leerders nie bereik kon word nie. Daarbenewens is aanlyn leer gelykstaande aan internettoegang en -toestelle (Krige *et al.*, 2021). Die implikasie is dat geen toegang tot toestelle en internet die gapings tussen bevoorregte en minder bevoorregte kinders vergroot het wat reeds vóór Covid-19 bestaan het (UNESCO 2021).

3.3 *Trauma en emosionele ontwikkeling van leerders*

Benewens die vermelde struikelblokke verwant aan die skoolsluitings het Raath (Krige *et al.*, 2021) ook aangedui dat geleidelike skoolheropening trauma by leerders teweeggebring het, omdat hulle weer by 'n ander, nuwe normaal moes aanpas. Volgens Naik (2021) het 'n onderwyser aangevoer dat talle leerders hulle roetine kwyt was (Roe *et al.*, 2021) en daarom gesukkel het om hulle omstandighede in daardie stadium die hoof te bied, wat 'n negatiewe uitwerking op hul gesondheid, sekuriteit en welstand gehad het (Vessey & Betz, 2020). Dit sluit aan by Raath wat aangedui het dat leerders, veral jonger laerskoolleerders, affektiewe wesens is en staat maak op roetine wat hulle laat veilig voel (Krige *et al.*, 2021) en ook stabiliteit teweegbring. Aanlyn leer het slegs (sommige) leerders gehelp om nie met hulle skoolwerk agter te raak nie (Naik, 2021). Die voortgaan met onderrig aanlyn het verder ook sosiale isolasie by leerders veroorsaak (Vessey & Betz, 2020; Wong & Moorhouse, 2020), wat hulle leer en ontwikkeling negatief beïnvloed het (UNESCO 2021). Daarom is Raath (Krige *et al.*, 2021) van mening dat aanlyn leer nie in die emosionele behoeftes van leerders voorsien het nie en dat dit leerders se selfvertroue, die skool en onderrig negatief affekteer het (Fegert, Vitiello, Plener & Clemens, 2020).

3.4 *Hoe onderrig leerders vóór Covid-19 bemagtig het om pandemies te oorleef*

Dit is voorts ook belangrik om te besin oor hoe vorige onderrig leerders bemagtig het om tuis te funksioneer wat onderrig en leer aanbetref. Leerders moes by die huis byvoorbeeld selfstandig dink, opinies formuleer, analities met inhoud te werk gaan en gevolgtrekkings maak om maar 'n paar te noem. Hierdie is aspekte wat volgens Raath (Krige *et al.*, 2021) op skoolvlak bevorder kan word aangesien dit leerders bemagtig om op hoërskool verder te leer en selfs om naskoolse opleiding te ontvang. Ten einde leerders voor te berei vir toekomstige of soortgelyke omstandighede soos dié van Covid-19 wat die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) voorspel het (WGO 2020), is 'n kopskuif, soos Visser dit noem, oftewel 'n nuwe ingesteldheid, volgens Raath, nodig (Krige *et al.*, 2021). Laasgenoemde verg 'n paradigmaskuif (Maqsood, Abbas, Rehman & Mubeen, 2021) en kan moontlik deur middel van SGL bereik word. Hierdie sluit in dat leerders hulself kan reguleer en ook die bevordering van kreatiwiteit (APA 2021). Verder glo ons dat so 'n paradigmaskuif ook bevorder kan word deur meer leerdergesentreerde tegnologie-ondersteunde onderrigmetodes in klaskamers te gebruik wat leerders toelaat om op ontdekkingsreise te gaan waar hulle met probleemoplossing in die uitvoering van projekte kan eksperimenteer.

Vervolgens word die uitdagings vir skoolbelanghebbendes en die funksionering van skole belig.

4. **Uitdagings vir Suid-Afrika se toekomstige arbeidsmag en skoolbelanghebbendes**

Dit is telkens duidelik dat Covid-19 vele uitdagings vir Suid-Afrika opgelewer het. Die grootste uitdaging lê in primêre en sekondêre onderwys, juis omdat dit laerskoolleerders vir hoërskool voorberei en hoërskoolleerders vir die lewe ná skool voorberei, hetsy naskoolse opleiding of inskakeling by die arbeidsmag. Vanuit die literatuur en die bespreking blyk dit dat met die afsonderingstydperk in Suid-Afrika – veral die ses maande in 2020 wat laerskoolleerders nie skool kon bywoon nie – struikelblokke vir basiese onderwys opgelewer het. Die volgende afdeling rapporteer oor hierdie struikelblokke asook 'n aanbieding van wenke om van hierdie uitdagings aan te spreek.

4.1 *Die onderwyspraktik en opleiding van toekomstige onderwysers*

Ons voer verder in hierdie artikel onder meer aan dat daar twee uitdagings is vir die onderwyspraktik en onderwyseropleiding. Die eerste uitdaging is die opleiding van onderwysers om SGL deur hulle onderrig en leer te bevorder (Voskamp, Kuiper & Volman, 2020). Die tweede uitdaging is om groter klem te lê op tegnologiese/digitale geletterdheid van toekomstige onderwysers omdat daar baie onderwysers is wat steeds nie met tegnologie kan werk nie. Dalk kan daar herbesin word oor waar daar begin word met onderwyseropleiding wat tegnologie gebruik aanbetref, veral die gebruik daarvan om te onderrig en te kommunikeer (Hepp, Fernandez & Garcia, 2015). Selfgerigteleervaardighede, soos lewenslange leer, behoort eers by onderwysstudente gekweek te word (Dhaliwal, 2015; East Washington University 2021). Ons is verder van mening dat lewenslange leer voornemende onderwysers kan help om te wil leer en om tegnologie te leer gebruik en te wil gebruik, wat hulle op sy beurt kan motiveer.

4.2 *Onderwysers*

Navorsing in Suid-Afrika toon dat hoewel ons in die 21ste eeu leef en daarby kan aanpas, is daar heelwat onderwysers wat nog op die tradisionele manier onderrig (vgl. Manqele, 2017; Umugiraneza, Bansilal & North, 2017). Onderwysers maak dus gereeld nog gebruik van onderrigmetodes soos onder meer die vertelmetode, die demonstrasiemetode en vraagstellingstegnieke. Dit is duidelik dat aangesien sommige onderwysers steeds vóór die Covid-19-afsonderingstydperk van direkte onderrig gebruik gemaak het, was leerders gevolglik nie voorberei om selfstandig te leer nie. Leerders kon byvoorbeeld aanlyn leer makliker gevind het indien hulle vóór die pandemie voorberei is om selfstandig te kon funksioneer. Onderwysers kan dus meer leerdergesentreerd onderrig ten einde leerders die geleentheid te bied om outonome leerders te word, om selfstandig te kan dink en om self probleme op te los (Education Endowment Foundation [EEF] 2020).

'n Ander uitdaging is dat onderwysers nou meer as ooit vertrouwd moet wees met wat SGL behels asook die SGL-vaardighede wat leerders tydens hulle aanlyn leertydperk tuis sou kon aanleer. Ons is van mening dat dit juis hier is waar onderwysers kan voortgaan en deur hulle onderrig SGL-vaardighede verder kan ontwikkel en nie bloot net voortgaan met die onderwyspraktik wat vóór die afsonderingstydperk geïmplementeer is nie. Die ideaal is dat onderwysers 'n liefde vir leer ontwikkel en nuuskierig moet wees om meer oor tegnologiegebruik in die klaskamer te wete te kom. Sodanige liefde en nuuskierigheid is nie net tans van toepassing nie, maar kan ook deurgaans in hulle loopbaan toegepas word, wat die belangrikheid van lewenslange leer beklemtoon.

4.3 *Ouers*

Ten einde leerders suksesvol tydens die afsonderingstydperk te kon onderrig, moes een of beide ouers (of voogde) beskikbaar wees sodat onderrig kon plaasvind. Ouers moes ook in die proses SGL-vermoëns en -vaardighede kon toepas ten einde hulle kinders deur hulle skoolwerk te begelei. In 'n Poolse studie het ouers gemeld dat hulle angstig was oor die toekoms van hulle kinders; dat die situasie waarin hulle was (om hulle kinders te onderrig) weens Covid-19 nie net moeilik was nie, maar ook vir hulle spanning veroorsaak het; en dat dit hulle kinders se opvoeding negatief sou affekteer (Parczewska, 2020). Verder het ouers in

dieselfde studie ook gemeld dat hulle nie vertrou in hulle vaardighede gehad het nie en dat hulle gefrustreerd geraak het en selfs verbale geweld gebruik het wanneer hulle hul kinders met huiswerk moes help (Parczewska, 2020). Ouers was buiten hulle alledaagse verpligtinge, wat hulle beroepe insluit, ook belaaï met hulle kinders se onderrig, wat gepaard gegaan het met 'n ontbreking van gepaste hulpmiddele sodat aanlyn leer kon plaasvind, asook die onvermoë om sodanige hulpmiddele te installeer (Parczewska, 2020).

Soos in § 4.4 gemeld word: noudat leerders aanlyn kan leer en vryheid het, waarborg dit nie outonomie nie; dit moet tuis deur ouers tydens aanlyn leer aangemoedig word deur leerders (onder andere) toe te laat om hulle eie rooster uit te werk en te besluit wanneer hulle 'n breuk neem (Thomas & Rogers, 2020). Enige ouer met min tot geen kennis in kinderonderdig en nog minder kennis of ervaring van die gebruik van pedagogiese strategieë sal hierdie taak aansien as hoogs uitdagend en sal gebuk gaan onder gevoelens soos eensaamheid, moedeloosheid en wanorde (Parczewska, 2020).

4.4 Leerders

Indien leerders meer blootgestel was aan leerdergesentreerde onderrigmetodes wat tegnologiegebruik insluit, sou hulle meer gereed gewees het vir tuisonderrig en beter daarin kon vaar (vgl. Petrie *et al.*, 2020). Leerders kon in dié tydperk nie saam in groepe werk nie en kon nie saam nuwe kennis ontdek en konstrueer nie, wat leerders gevolglik ontnem het van die sosialeleerelement, 'n belangrike deel van die leerproses. Wat SGL-vermoëns en -vaardighede aanbetref toon navorsing verder dat leerders wat nie intrinsiek gemotiveer is nie, asook diegene wat sukkel om selfstandig te funksioneer, aanlyn leer moeilik mag vind (Petrie *et al.*, 2020). Alhoewel leerders tydens aanlyn leer die geleentheid het om SGL-vaardighede soos outonomie en agentskap te gebruik om hulle leerproses in die ontdekking van nuwe ervaringe en idees te bestuur (Petrie *et al.*, 2020), is dit egter nie 'n gegewe nie. Leerders het steeds die onderwyser nodig, al is dit ook net as 'n fasiliteerder op wie leerders vertrou en na opkyk om hulle in die onderrig-leerproses te rig. Verder is dit ook belangrik dat leerders in die klaskamer toegelaat word om mededeelnemers in hulle onderrig te wees (Bourke & Loveridge, 2018). Indien leerders vóór die afsonderingstydperk toegelaat is om aktief by hulle onderrig betrokke te wees, sou jong leerders aanlyn leer, en veral noodleer aanlyn, nie as problematies ervaar het nie. Hierdie argument word bevestig deur 'n Europese verslag waarin aangedui word dat die Covid-19-afsonderingstydperk 'n besondere nadelige uitwerking op jonger leerders gehad het; sulke leerders kan immers nog sagte vaardighede, soos spanwerk en kommunikasievaardighede, aanleer (Di Pietro *et al.*, 2020). Die belang van hierdie artikel is dat die noodsaaklikheid van SGL tydens Covid-19 bevestig word – 'n gegewe wat ook direk met 21ste-eeuse vaardighede en die 4IR se verlangde eienskappe skakel, waaraan skoolverlaters moet voldoen.

5. Die impak op leerders se voorbereiding vir die 21ste eeu asook die vierde industriële revolusie: Gevolgtrekking

Ten einde leerders genoegsaam en voldoende vir die moderne lewe toe te rus, is daar 'n paradigmaskuif binne die onderwys nodig (Almutairi *et al.*, 2021). So 'n paradigmaskuif behels onder meer die verandering van die denkwys dat leer net iets is wat in 'n skoolgebou plaasvind na 'n denkwys dat leer dieselfde is as om te lewe (Dunlap & Grabinger, 2008). Onderrig-leer behoort as 'n lewenslange proses gesien te word. In hierdie lewenslange proses behoort leer nie op feitememoriserig te fokus nie, maar eerder op die verwerking van kennis,

vaardighede, begrip, houding en waardes wat nodig is om doeltreffend in 'n vinnig veranderende wêreld te kan leef (Almutairi *et al.*, 2021; Knowles, 1975). Daarom is SGL 'n vereiste om lewenslange leer te verwezenlik (Dunlap & Grabinger, 2008).

Tydens lewenslange leer kan leerders van geleenthede voorsien word waar hulle selfgerig kan werk, waar “selfleer” 'n vereiste is en waar hulle nuwe vaardighede kan aanleer sodat kennis uitgebrei en ontwikkel kan word. Ten einde lewenslange leer te bewerkstellig, behoort daar geleenthede vir die volgende geskep te word: selfbesinning; SGL; sosiale interaksie; selfstandige, verantwoordelike en doelgerigte deelname; die skep van intrinsieke leeraktiwiteite; en aanleer van kennis en vaardighede wat op die 21ste eeu asook die 4IR gerig is (Dunlap & Grabinger, 2008).

Weens die vinnige tegnologiese vooruitgang en die hoër vereistes van SGL-vaardighede in die onderwys, werkplek en daaglikse aktiwiteite, word bovermelde vaardighede opnuut benodig. Ten einde hierdie vinnige verandering die hoof te bied, sal leerders lewenslange leerders moet word en vaardighede vir die 21ste eeu en die 4IR moet ontwikkel. Lewenslange leer is 'n bepaalde eienskap van selfgerigte leerders wat daarin slaag om genoemde vaardighede te benut (Soffel, 2016). Leerders se individuele gevoel van verwondering kan ontwikkel word en hulle kan geïnspireer word om die kennis en vaardighede wat hulle geleer het in verskillende situasies en werklikhede toe te pas. Groter outonomie kan leerders inspireer om beheer oor hulle leer te neem en aanlyn leerstelsels en -hulpmiddele te gebruik wat SGL ondersteun en wat noodsaaklik is vir voorbereiding vir die 21ste eeu en die 4IR (Almutairi *et al.*, 2021; Scott, 2015). Leeromgewings behoort leerders te ondersteun om kennis te bekom en om 21ste-eeuse vaardighede soos kommunikasie, samewerking, probleemoplossing en kreatiwiteit te ontwikkel en te demonstreer deur digitale inhoud te gebruik, te skep en te deel.

Wanneer daar gekyk word na die kennis en vaardighede wat leerders op skool aanleer, asook die kennis en vaardighede wat die werkplek en samelewing in die 21ste eeu en die 4IR verlang, bestaan daar 'n gaping wat aangeroeer behoort te word. Die aanname hier is dat onderwys meer fokus op die voorbereiding van skoolverlaters se toelating tot die arbeidsmark en “daarvoor is sinergie nodig tussen die onderwysbehoefte, die algemene doelstellings wat in die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidverklaring (KABV) van Suid-Afrika vervat is, 21ste-eeuse vaardighede en die vaardighede wat benodig word om tydens die 4IR as 'n werker te kan funksioneer om tot transformatiewe en holistiese voortgesette selfgerigte leer te kan bydra (Du Toit-Brits & Blygnaut, 2019:526). Die doelgerigtheid van leer vir die alledaagse samelewing is 'n noodsaaklike aangeleentheid vir skole asmede hoëronderwysinstellings (Soffel, 2016; Wêreld Ekonomiese Forum [WEF] 2016a; 2016b) wat beter onderwyseropleiding insluit. Met beter opvoedende onderwys word die onderrig van vaardighede belangriker as om net kennis oor te dra omdat die “globale biblioteek” reeds in die Wolk (Engels: “Cloud”) beskikbaar is en voortdurend met die jongste navorsing en ontwikkelings opdateer word. Dit is egter belangrik om te oefen om in die Wolk te navigeer, die regte bronne te vind en kennis op die probleem toe te pas. Die klem van onderrig behoort op “doen om te leer” eerder as “leer om te doen” te wees (Fiore, 2019; WEF 2016a, 2016b). Die fokusverskuiwing van kennis na vaardighede word in hierdie artikel belig. Hierdie vaardighede is dié wat nodig geag word om in 'n 21ste-eeuse ekonomie van voortdurende verandering en ontwinging te oorleef en te floreer. Volgens Almutairi *et al.* (2021) en Education Design Lab (2018) is sosiale intelligensie, transdissiplinariteit, ontwerpinstelling, ontwerpingesteldheidsinisiatiefneming, samewerking, interkulturele vaardigheid, empatie, mondelinge kommunikasie en veerkragtigheid belangrike 21ste-eeuse vaardighede.

Onder die bogenoemde 21ste-eeuse vaardighede is dit dikwels die sogenaamde “sagte vaardighede” soos kreatiwiteit, probleemoplossing, empatie, kritiese denke, spanwerk en leierskap, eerder as spesifieke tegniese kennis of ervaring, waarop meer in die onderwys gefokus kan word (Sofiel, 2017). Hierdie 21ste-eeuse vaardighede word as fundamenteel en kruisdisiplinêr beskou. Die aanname is dat almal in die toekoms die vermoë sal nodig hê om probleme te ontleed, nuwe idees te genereer en om kennis- en ondersteuningsbronne te navigeer. Betrokkenheid by innoverende projekte en deur ’n nuwe oplossing en strategie te ontwikkel gaan van kardinale belang wees en die onderwys kan dienooreenkomstig ook sy visier hierop rig (Almutairi *et al.*, 2021; WEF 2016a; 2016b). Die klem van onderwys behoort dus te val op “doen–leer–doen” ten einde leerders in staat te stel om hulle eie onderrig- en loopbaanstrategieë met maksimale buigsamheid en die minimum vertragingstyd tussen die leerder en werklike geleentheid, te bestuur. Die rol van onderwys- en leerontwerpers sal in hierdie transformasie ál belangriker raak. Sodanige persone kan die gebruik van digitale tegnologie wat die 4IR onderlê in so ’n mate in die kurrikulum inkorporeer dat dit versoenbaar is met die leerdergesentreerde benadering ten einde effektief tot leerders se leerervaring by te dra (Almutairi *et al.*, 2021; Shwab, 2016). Ondanks die positiewe vooruitsigte om ál meer tegnologie in onderrig en leer te implementeer en die gebruik daarvan binne die leeromgewing te verbeter, is die aard van onderrig en leer nog nie effektief deur digitale tegnologieë getransformeer nie.

’n Belangrike vraagstuk waarmee die onderwys te kampe het, ook nou in die Covid-19-pandemie, is hoe om 21ste-eeuse vaardighede ten volle in die klaskamer, asook tuis, te implementeer. Met die onderrig en assessering van 21ste-eeuse vaardighede is dit belangrik dat enige leemte in die kurrikulum en werklike klaskamerpraktyk betreffende die ontwikkeling van sodanige vaardighede oorbrug word. Die belyning van kurrikulum, pedagogiek, onderwyseropleiding, leerassessering en arbeidsmark is dus belangrik en nodig.

6. Implikasies vir die onderwyspraktyk

Hierdie artikel het ten doel gehad om die impak van die Covid-19-afsonderingstydperk op skoolbelanghebbendes, vernaam leerders, te ondersoek. In ag genome die literatuur oor Covid-19, SGL, die refleksiewe benaderings tot die impak van dié pandemie, uitdagings vir skoolbelanghebbendes, en die impak van Covid-19 op leerders se voorbereiding in beide die 21ste eeu en die 4IR, is dit belangrik om melding te maak van die implikasies vir basiese onderwys.

Weens die moontlike groot agterstand wat leerders tans mag hê weens die Covid-19-afsonderingstydperk, is die implikasie dat onderwysers nou in die grade waartoe leerders bevorder is, die agterstand rakende ook die aanleer van 21ste-eeuse vaardighede, moet probeer inhaal. Bo en behalwe die werk wat in die nuwe graad gedoen word, moet die agterstand terselfdertyd ook ingehaal word. Dit mag ook beteken dat sommige leerders nou meer aandag verg, terwyl andere wat dalk op datum is, afgeskeep kan word. Dit plaas nie net geweldige druk op onderwysers nie, maar ook op leerders. Ten einde suksesvol in hierdie poging te wees, is dit belangrik dat SGL goed gevestig is, hoofsaaklik onder leerders, maar ook onder onderwysers, ten einde alle leerders tegemoet te kom.

Skoei leerders se voorbereiding meer op SGL-vaardighede soos kritiese denke, kritiese selfrefleksie op die leerproses, tegnologie en digitale vaardighede, emosionele intelligensie en kommunikasievaardighede. Indien daar nie by leerders ’n hoë mate van veerkragtigheid

deur middel van onderrig en leer gevestig word nie, kan hulle dit moeilik vind om aanpasbaar asook buigsaam te wees in alle opsigte van hulle lewens, nie net in krisistydperke soos pandemies nie.

Verder is dit belangrik om die niebemagtiging van leerders uit te lig. Hier verwys ons na die gebruik van onderrigmetodes in klaskamers wat leerders nie in staat stel om deur en met tegnologie te leer nie, en ook nie om te eksperimenteer, dramas op te voer, in rolspel deel te neem, debat te voer, projekte te voltooi, of probleme op te los nie. Die tradisionele onderrigwyse dra nie by tot die bevordering van SGL-vaardighede nie, wat dit moeilik kan maak vir leerders om binne en buite die klaskamer met hulle skoolwerk te vorder, veral wanneer hulle te midde van 'n pandemie tuis leer en met hulle skoolwerk moet voortgaan.

Ten einde leerders meer te bemagtig kan leerders meer aan leerdergesentreerde onderrigmetodes blootgestel word, wat ook meer tegnologiegebruik insluit. Bemagtiging vind ook plaas deurdat leerders SGL-vermoëns en -vaardighede ontwikkel en verder groei om vennote in onderrig-leer te wees by wyse van betrokkenheid by die bepaling van leerbehoefte, die opstel van leerdoelwitte om selfgerigtheid te verhoog, die bepaling en identifisering van leermateriale en -bronne, samewerking wat probleemoplossing aanbetref, asook die vermoë om leervordering te evalueer en te besin oor wat verbeter kan word. Onderrig-leerpraktyke kan meer daarop gerig wees om leerders in lewenslange leerders te transformeer en met 21ste-eeuse vaardighede en vaardighede vir die 4IR te bemagtig sodat hulle 'n doelgerigte bydrae kan lewer. Bogenoemde vereis 'n goed gevestigde benadering tot kurrikulumontwikkeling.

Goed gevestigde, bewysgebaseerde benaderings tot kurrikulumontwikkeling wat toon hoe hierdie 21ste-eeuse vaardighede en vaardighede vir die 4IR aangeleer word, ontbreek tans. Om gewig aan hierdie argumente te verleen, stel ons voor dat onderwysers ondersteun word deur die beskikbaarstelling van kurrikulummateriaal en ander hulpbronne wat hulle die nodige raamwerk bied om die verskeidenheid van 21ste-eeuse vaardighede te onderrig en te assesser. Leerders benodig ook geleentheid om binne die skoolomgewing vaardighede in te oefen, insluitende om kruisdissiplinêr te werk vir volhoubaarheid en die bevordering van samewerking (vgl. Klein, 2020). Die implikasie van bogenoemde stelling is dat dit van kardinale belang is dat enige leemte in die kurrikulum en werklike klaskamerpraktyk ten opsigte van die ontwikkeling van 21ste-eeuse vaardighede oorbrug behoort te word deur die kurrikulum, pedagogiek, onderwysersopleiding, leerassessering en arbeidsmark te belyn. Meer klem is nodig op onderrig en leer as 'n lewenslange proses waarin kennis, 21ste-eeuse vaardighede, begrip, houding en waardes bekom word wat noodsaaklik is om doeltreffend in 'n vinnig veranderende wêreld te kan leef. Dit gaan vereis dat ons benadering tot die kurrikulum verander: onderrig en leer kan as 'n middel gesien word wat kan verseker dat die voorbereiding van leerders vir die arbeidsmark nie agter die pas van tegnologie bly nie. Die klem behoort verder ook op meer leerdervoorbereiding te wees deur hulle menslike eienskappe en geaardhede só te ontwikkel en te transformeer dat hulle in staat sal wees om sinvol by die steeds veranderende tegnologiese landskap in te skakel.

Ons siening is verder dat onderrig en leer toenemend meer fokus op “net betyds” eerder as “net ingeval” – met ander woorde, fokus onderrig en leer op wat leerders vir 'n sekere tyd moet weet as op kennis wat dalk nooit nodig is nie. Dus, fokus onderrig en leer op “onderwys vir my” wat aangepas is om in die vraag van die arbeidsmark te voorsien, terwyl dit terselfdertyd die behoeftes van leerders in ag neem.

7. Samevatting

Soos ons in hierdie artikel aangevoer het, is daar steeds 'n groot behoefte om binne leeromgewings meer aandag te skenk aan die implementering van SGL aangesien dit belangrik is vir korttermyn- sowel as langtermynontwikkeling van die leerder. Die leeromgewing behoort beide leerders en onderwysers se vaardighede te onderlê nie net vir toekomstige pandemies nie maar vir die 21ste-eeu asook die 4IR. Kritiese refleksie en aksie oor die toekomstige onderwysstelsel is nodig aangesien ons leerders vir die onbekende moet oplei wat insluit pandemies wat voorspel is as ons wil seker maak leerders kan as selfgerige leerders oorleef en voortgaan om te leer.

Ons voer verder in hierdie artikel onder meer aan dat ten einde 21ste-eeuse leerders te ontwikkel, kan daar ook gelet word op ouers en onderwysers se vaardighede wat hulpverlening aan en die opleiding van leerders beïnvloed, asook hoe leerders voorberei kan word ten einde 'n effektiewe bydrae tot die 21ste eeu en die 4IR te kan maak. Ten einde dié doel te bereik, kan daar gekyk word na onderwysers se onderrig- en leer praktyke asook wat in leeromgewings aangaan.

Ons stel voor dat met 'n meer gevestigde, bewysgebaseerde benadering tot kurrikulum-ontwikkeling en nuwe pedagogiek, tegnologie gebruik kan word om verbeterde verhoudings tussen onderwysers en leerders te skep, waar vaardighede van onderwysers in die leerproses aan leerders oorgedra kan word. Dit is belangrik dat pedagogiek leerders aanmoedig en bemagtig om onafhanklik hulle eie leerervarings te skep en te ontwikkel. Hierdie onderwysverskuiwing is onvermydelik en van kardinale belang by die herontwerp van onderwyslewering aan leerders. Dit vereis sowel veranderinge in die ontwerp van leeromgewings as die skep van nuwe onderrig- en leerinstrumente en -hulpmiddele wat leerders se leerdoelstellings in verhouding tot die werklike werk wat hulle doen, hulle akademiese vordering en betrokkenheidsvlakke, vaslê.

Ons is dus van mening dat slegs met die suksesvolle implementering van 21ste-eeuse onderrigvaardighede deur middel van SGL, wat fokus op die verpersoonliking van leer, ons die 21ste-eeuse onderrig en leer van leerders kan verbeter. Leerders moet by hulle eie leerproses en leer betrokke wees, met die klem op: i) kommunikasie- en samewerkingsvaardighede; ii) doeltreffende doelwitstelling; iii) selfassessering en vertroue in bestaande vaardighede; iv) leer uit vorige probleme; v) ontdekking van nuwe maniere om bestaande probleme op te los; vi) probleemoplossing, hetsy onafhanklik of in groepsverband; vii) verbintenis tot lewenslange leer; en viii) om kennis, vaardighede en gedrag by verskillende omgewings te kan aanpas. Ten slotte, die 21ste eeu is nie in die verre toekoms nie – dit is teenswoordig. Ons kan nie toelaat dat meer tyd verlore gaan voordat ons leerders voorberei om te slaag en in 'n vinnig veranderende wêreld te kompeteer nie.

BIBLIOGRAFIE

- Almutairi, FM, Ali, NGH & Ghuloum, HF. 2021. A Novel Framework for Facilitating Emergency Remote Learning During the COVID-19 Pandemic. *International Education Studies*, 14(5):121-134.
- APA. 2021. Learning at home during COVID-19: 8 tips for fostering children's self-regulation and promoting creativity. <https://www.apa.org/topics/covid-19/children-self-regulation> [16 Oktober 2021].
- Babinčáková, M & Bernard, P. 2020. Online experimentation during COVID-19 secondary school closures: Teaching methods and student perceptions. *Journal of Chemical Education*, 97(9):3295-3300.

- Bourke, R & Loveridge, J. 2018. Using student voice to challenge understandings of educational research, policy and practice. In Bourke & Loveridge (eds). *Radical collegiality through student voice*.
- Curran, V, Gustafson, DL, Simmons, K, Lannon, H, Wang, C, Garmsiri, M, Fleet, L & Wetsch, L. 2019. Adult learners' perceptions of self-directed learning and digital technology usage in continuing professional education: An update for the digital age. *Journal of Adult and Continuing Education*, 25(1):74-93.
- De Lange, M, Petersen, NT & Breed, B. 2020. Using cooperative learning as scaffold to develop Grade 10 Life Sciences learners' self-directed learning skills within their zone of proximal development. In Mentz, E & Bailey, R (eds.). *Self-directed learning research and its impact on educational practice* (NWU Self-Directed Learning Series Volume 3). AOSIS, Cape Town: AOSIS, pp. 301-327.
- Dhaliwal, MK. 2015. Teachers becoming lifelong learners. *The Business and Management Review*, 5(4):259-264.
- Di Pietro, G, Biagi, F, Costa, P, Karpinski, Z & Mazza, J. 2020. The likely impact of COVID-19 on education: Reflections based on the existing literature and recent international datasets, EUR 30275 EN. Publications Office of the European Union, Luxembourg.
- Du Toit-Brits, C & Blyth, H. 2019. Positioning self-directed continuing learning skills in twenty-first-century education. *The Journal of Humanities*, 59(4):512-529.
- Dube, B. 2020. Rural Online Learning in the Context of COVID-19 in South Africa: Evoking an Inclusive Education Approach. *Multidisciplinary Journal of Education Research*, 10(2):135-157.
- Dunlap, JC & Grabinger, S. 2008. Preparing students for lifelong learning: A review of instructional features and teaching methodologies. *Performance Improvement Quarterly*, 16(2):6-25.
- East Washington University. 2021. *Why good educators are lifelong learners*. <https://online.ewu.edu/degrees/education/med/adult-education/good-educators-lifelong-learners/> [15 Oktober 2021].
- Education Endowment Foundation [EFF]. 2020. *Remote learning rapid evidence assessment*. Education Endowment Foundation. https://educationendowmentfoundation.org.uk/public/files/Remote_Learning_Rapid_Evidence_Assessment.pdf [11 Februarie 2021].
- Education Design Lab. 2018. 21st Century Skills Badges. <https://eddesignlab.org/news-events/education-design-lab-releases-21st-century-skills-badge-program/> [13 April 2021].
- Fegert, JM, Vitiello, B, Plener, PL & Clemens, V. 2020. Challenges and burdon of the coronavirus 2019 (COVID-19) pandemic for child and adolescent mental health: A narrative review to highlight clinical and research needs in the acute phase and the long return to normality. *Child and Adolescent psychiatry and mental health*, 14:1-11.
- Fiore, S. 2019. Collaborative problem solvers are made not born – here's what you need to know [The Conversation]. <https://theconversation.com/collaborative-problem-solvers-are-made-not-born-heres-what-you-need-to-know-110663> [13 April 2021].
- Garcia de Avila, MA, Hamamoto Filho, PT, Jacob, FDLS, Alcantara, LRS, Berghammer, M, Jenholt Nolbris, M, Olaya-Contreras, P & Nilsson, S. 2020. Children's anxiety and factors related to the COVID-19: An exploratory study using the children's anxiety questionnaire and the numerical rating scale. *International Journal of Environmental Research and Public Health*, 17(6):1-13.
- Gouëdard, P, Pont, B & Viennet, R. 2020. Education responses to COVID-19: Implementing a way forward, OECD Education Working Papers, No. 224, OECD Publishing, Paris, <https://doi.org/10.1787/8e95f977-en> [12 Februarie 2021].
- Govender, P. 2020. *Covid cases don't mean schools have to close*. *Herald Live*. <https://www.heraldlive.co.za/news/2020-05-25-covid-cases-dont-mean-schools-have-to-close/> [13 Maart 2021].
- Guglielmino, LM. 1977. Development of the Self-Directed Learning Readiness Scale. Dissertation Abstracts International, (AAT No. 7806004).
- Guglielmino, LM. 2013. The case for promoting self-directed learning in formal educational institutions. *South African Education Journal*, 10(2):1-18.
- Hepp, P, Fernandes, MAP & Garcia, H. 2015. Teacher training: technology helping to develop an innovative and reflective professional profile. *International Journal of Educational Technology in Higher Education*, 12(2):30-43.
- Hursen, C. 2016. The impact of curriculum developed in line with authentic learning on the teacher candidates' success, attitude and self-directed learning skills. *Asia Pacific Education Review*, 17(1):73-86.

- Institute for the Future. 2011. The Re-Working of “Work”: Future Works Skills Summary 2020. http://www.iftf.org/uploads/media/IFTF_FutureWorkSkillsSummary_01.gif [13 April 2021].
- Klein, JT. 2020. Sustainability and collaboration: Crossdisciplinary and cross-sector horizons. *Sustainability*, 12(4):1-14.
- Knowles, M. 1975. *Self-directed learning: A guide for learners and teachers*. New York: Association Press.
- Koh, Y. 2020. Schools try to stem ‘Covid slide’ learning loss. *Wall Street Journal*. <https://www.wsj.com/articles/schools-try-to-stem-covid-slide-learning-loss-11588857722> [13 Maart 2021].
- Krige, E, Raath, J, Van der Merwe, V & Visser, M. 2021. Regstreekste gesprek: Aanlyn leer - Die toekoms van onderwys? <https://maroelamedia.co.za/nuus/sa-nuus/regstreekse-gesprek-aanlyn-leer-die-toekoms-van-onderwys/> [29 Maart 2021].
- Letzel, V, Pozas, M & Schneider, C. 2020. Energetic students, stressed parents, and nervous teachers: A comprehensive exploration of inclusive homeschooling during the COVID-10 crisis. *Open Education Studies*, 2(1):159-170.
- Louws, M, Meirink, J, Van Veen, K & Van Driel, JH. 2017. Exploring the relation between teachers’ perceptions of workplace conditions and their professional learning goals. *Professional Development in Education*, 43(5):1-19.
- Magasa, N. 2021. *Why a solid foundation is important for a learner’s education*. <https://albertonrecord.co.za/290803/why-a-solid-foundation-is-important-for-a-learners-education-5/> [16 Oktober 2021].
- Manqele, CM. 2017. An evaluation of learner-centred teaching as part of curriculum delivery in under-resourced schools. Pretoria: University of South Africa. (Tesis – PhD).
- Mukuna, KR & Aloka, PJO. 2020. Exploring Educators challenges of online learning in Covid-19 at a rural school, South Africa. *International Journal of Learning, Teaching and Educational Research*, 19(1): 143-149.
- Mthethwa, A. 2020. Study finds that most school pupils suffered massive loss of learning days, access to learning materials skewed. *Daily Maverick*. <https://www.dailymaverick.co.za/article/2020-10-06-study-finds-that-most-school-pupils-suffered-massive-loss-of-learning-days-access-to-learning-materials-skewed/> [13 Maart 2021].
- Nagaraju, Ch, Madhavaiah, G & Peter, S. 2013. Teacher-Centred Learning and Student-Centred Learning in English Classroom: The Teaching Methods Realizing the Dreams of Language Learners. *International Journal of Scientific Research and Reviews*, 2(3):125-131.
- Naik, S. 2021. A Year Later: How the Covid-19 pandemic transformed the education sector. <https://www.iol.co.za/saturday-star/news/a-year-later-how-the-covid-19-pandemic-transformed-the-education-sector-c6b74ae6-0356-431d-bca4-a2f5bd22fe35> [29 Maart 2021].
- Nasri, N. 2017. Self-directed learning through the eyes of teacher educators. *Kasetsart Journal of Social Science*, 40(1):164-171.
- Parczewska, T. 2020. Difficult situations and ways of coping with them in the experiences of parents homeschooling their children during the COVID-19 pandemic in Poland. *Education*, 3(13):1-12.
- Parker, B. 2019. *Education in the foundation phase is crucial, but 63% of children do not attend preschool in SA*. <https://www.news24.com/parent/learn/primary-school/school-readiness/education-in-the-foundation-phase-is-crucial-but-63-of-children-do-not-attend-preschool-in-sa-20190612> [15 Oktober 2021].
- Parker, R, Morris, K & Hofmeyr, J. 2020. Education, inequality and innovation in the time of COVID-19. <https://www.jet.org.za/resources/theme-9-final-july-2020-parker-et-al.pdf/@@download/file/Theme%209%20Final%20report%20Parker%20et%20al.pdf> [13 Maart 2021].
- Pensiero, N, Kelly, A & Bokhove, C. 2020. Learning inequalities during the Covid-19 pandemic: how families cope with home-schooling. https://eprints.soton.ac.uk/442619/1/Covid_paper_20.07.2020.pdf [12 Februarie 2021].
- Petrie, C, Aladin, K, Ranhan, P, Jvangwe, R, Gilliland, D, Tuominen, S & Lasse, L. 2020. Spotlight: Quality education for all during Covid-19 crisis, report. https://cdn.hundred.org/uploads/report/file/15/hundred_spotlight_covid-19_digital.pdf [11 Februarie 2021].
- Popyk, A. 2020. The impact of distance learning on the social practices of schoolchildren during the COVID-19 pandemic: reconstructing values of migrant children in Poland. *European Societies*, 23(1):1-15.

- Posel, D, Oyenubi, A & Kollamparabill, U. 2021. Job loss and mental health during the COVID-19 lockdown: Evidence from South Africa. *Plos One*, 16(3):1-15.
- Richter, LM, Tomlinson, M, Watt, K, Hunt, X & Lindland, EH. 2019. Early means early: understanding popular understandings of early childhood development in South Africa. *Early Years*, 39(3):295-309.
- Roe, A, Blikstad-Balas, M & Dalland, CP. 2021. The impact of Covid-19 and Homeschooling on Students' Engagement with physical activity. *Frontiers in Sports and Active Living*, 2:1-13.
- Sawant, SP & Rizvi, S. 2015. Study of passive didactic teacher centered approach and an active student centered approach in teaching anatomy. *International Journal of Anatomy and Research*, 3(3):1192-1197. DOI: 10.16965/ijar.2015.147.
- Scott, CL. 2015. *The Futures of Learning 3: what kind of pedagogies for the 21st Century?* <https://unesdoc.unesco.org/ark:/48223/pf0000243126> [13 April 2021].
- Shwab, K. 2016. *The Fourth Industrial Revolution: what it means, how to respond*. <https://www.weforum.org/agenda/2016/01/the-fourth-industrial-revolution-what-it-means-and-how-to-respond> [13 April 2021].
- Soffel, J. 2016. *What are the 21st century skills every student needs?* <https://www.weforum.org/agenda/2016/03/21st-century-skills-future-jobs-students> [13 April 2021].
- StatsSA. 2016. *General Household Survey 2019*. Pretoria: Statistieke Suid-Afrika. <http://www.statssa.gov.za/publications/P0318/P03182019.pdf> [12 Maart 2021].
- Taylor, N. 2020. Getting kids back into school is a priority – but interim learning methods are just as urgent. *Daily Maverick*. <https://www.dailymaverick.co.za/opinionista/2020-05-22-getting-kids-back-into-school-is-a-priority-but-interim-learning-methods-are-just-as-urgent/> [13 Maart 2021].
- Thomas, SC & Rogers, C. 2020. Education, the science of learning, and the COVID-19 crisis. *Prospects*, 49:87-90.
- Trust, T & Whalen, J. 2020. Should teachers be trained in Emergency Remote Teaching? Lessons learned from the COVID-19 pandemic. *The Journal of Technology and Teacher Education*, 28(2):189-199.
- Umugiraneza, O, Bansilal, S & North, D. 2017. Exploring teachers' practices in teaching mathematics and statistics in KwaZulu-Natal schools. *South African Journal of Education*, 37(2):1-13.
- UNESCO. 2021. *Adverse consequences of school closures*. <https://en.unesco.org/covid19/educationresponse/consequences> [16 Oktober 2021].
- Van der Berg, S & Spaul, N. 2020. Counting the Cost: COVID-19 School Closures in South Africa and its Impact on Children. Research on Socioeconomic Policy (RESEP). Stellenbosch Universiteit. Stellenbosch.
- Van Deur, P. 2018. *Managing Self-Directed Learning in Primary School Education*. IGI Global.
- Vessey, J & Betz, CL. 2020. Everything old is new again: COVID-19 and public health. *Journal of Pediatric Nursing*, 52:A7-A8.
- Voskamp, A, Kuiper, E & Voman, M. 2020. Teaching practices for self-directed and self-regulated learning: case studies in Dutch innovative secondary schools. *Educational Studies*:1-18.
- Wêreld Ekonomiese Forum (World Economic Forum [WEF]). 2016a. *Chapter 1: The future of jobs and skills*. <http://reports.weforum.org/future-of-jobs-2016/chapter-1-the-future-of-jobs-and-skills> [13 Maart 2021].
- Wêreld Ekonomiese Forum (World Economic Forum [WEF]). 2016b. *New Vision for Education: Fostering social and emotional learning through technology*. https://www3.weforum.org/docs/WEF_New_Vision_for_Education.pdf [15 Oktober 2021].
- Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO). 2020. *Coronavirus Disease (COVID-19) Technical Guidance: Guidance for Schools, Workplaces and Institutions. Report*. <https://www.who.int/publications/i/item/considerations-for-school-related-public-healthmeasures-in-the-context-of-covid-19> [13 Maart 2021].
- Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO). 2021. *WHO Coronavirus (COVID-19) Dashbaord - Overview*. <https://covid19.who.int/> [15 Oktober 2021].
- Wong, KM & Moorhouse, BL. The impact of social uncertainty, protests, and COVID-19 on Hong Kong teachers. *Journal of Loss & Trauma*, 25(8):649-655.

Hegemonie en mag: 'n Normatiewe besinning in die lig van 'n gevallestudie

Hegemony and power: A normative reflection as elucidated by a case study

JOHAN ZAAIMAN

Skool vir Sosiale Studies, Fakulteit Geesteswetenskappe

Noordwes-Universiteit, Potchefstroom

Suid-Afrika

E-pos: johan.zaaiman@nwu.ac.za

Orcid: <https://orcid.org/0000-0003-2009-9573>



Johan Zaaiman

JOHAN ZAAIMAN is medeprofessor in Sosiologie aan die Noordwes-Universiteit in Potchefstroom, Suid-Afrika. Sy spesialiteit is politieke sosiologie waar hy in sy navorsing op die ontleding van plaaslike magsopsette fokus. Meesters- en doktorsgraadstudente het onder sy leiding studies in hierdie verband voltooi. Sy publikasies en referate by internasionale en nasionale kongresse hou met hierdie navorsing verband. Hy is 'n voormalige president van die South African Sociological Association en raadslid van internasionale navorsingsgroepe wat politieke mag, veral in plaaslike opsette, ontleed.

JOHAN ZAAIMAN is Associate Professor of Sociology at the North-West University in Potchefstroom, South Africa. His specialty is political sociology. His research focuses on the analysis of local power configurations. Master's and doctoral students have completed studies in this field under his supervision. His publications and papers at international and national congresses relate to this rubric. He is a former president of the South African Sociological Association and a board member of international research groups that analyse political power, especially in local settings.

ABSTRACT

Hegemony and power: A normative reflection as elucidated by a case study

Hegemony and power are overlapping concepts. Hegemony can be understood as a way of exercising power and as the consequences of exercising power. Limited studies attempted to use the relationship between the concepts to interpret local settings. This article contributes to this endeavour by applying the concepts with a view to explaining power relationships in the Simdlangentsha traditional authority area in northern Kwa-Zulu Natal. The establishment of democracy in South Africa was perceived by traditional leaders as an attempt to undermine their power; while civil society experienced it as a liberation from social, political and economic oppression. Traditional leaders remained responsible for local community issues such as land allocation and usage and conflict resolution. However, the authority was exposed to global,

Datums:

Ontvang: 2021-03-28

Goedgekeur: 2022-01-15

Gepubliseer: Maart 2022

national and provincial influences that affected their position of power. The traditional leaders would prefer traditional ideas to dominate local discourses and be accepted as authoritative, while other discourses nonetheless influenced and impacted the local ones. To explain this theoretically in terms of the relationship between hegemony and power, the article distinguishes among systemic, reactive and structuring exercises of power. In the case of hegemony as the systemic exercising of power, the traditional leaders attempted to present their authority as the true cultural products and authority, especially with reference to culture. The article examines this in terms of extant literature that indicates that they attempted to make their cultural authority a hegemony. Around the topic of the hegemony of a reactive exercise of power, the article moves to normative discourse in a greater degree. The systemic exercise of power is not normatively desirable. The article here employs theories that explain that a more suitable hegemony will be one in which citizens participate in its creation. They will react to hegemonies which do not fit their lived experience. This recognition prompts a transformation of traditional authorities in that they should adhere to these external influences. In the case of hegemony as the structuring exercise of power, the normative ideal is that the hegemony will result from an active project among traditional leaders and citizens. In such a project, both parties must be co-players and there should be a positive outcome for all. The article subsequently synthesises these insights to formulate an application framework for the conceptual relationship between hegemony and power. A scale is presented where, on the one end, negative hegemony and, on the other, positive hegemony are located, whereas in between the struggle occurs for these hegemony products. Negative hegemony is the manipulation of truth to ensure dependency and suppress civil autonomy. Positive hegemony is the establishment of a truth system that supports the realisation of shared goals and civil autonomy. The struggles for hegemony occur either towards negative or positive hegemony. Hegemony as the systemic exercise of power will be found towards the negative side, where it is a reactive exercise of power relating to the struggles that centre on it; hegemony as the structuring exercise of power in contrast tends towards the positive side of the scale. To explain the positive ideal of hegemony and what it may mean in the context of the Simdlangentsha traditional authority, the article consults democracy theories. It is concluded that positive hegemony stems from a discourse built on trust that stems from equal, protected and mutually binding consultations. In this case, each citizen is an end in itself as opposed to traditional settings where the whole is more important. This means that, in the case of positive hegemony, receptivity to differences is found along with inclusion, equality, consultation, trust, recognition, dispute resolution, self-control and autonomy. Opponents respect each other and conflict is resolved in legitimate ways with a view to a win-win outcome. This means that the hegemonic ideals of traditional authorities in South Africa should be heard. However, it may not be institutionalised as the only or preferred discourse in a democratic South Africa – also not at the local level. The article provides guidance for further research on this topic. Such research seems necessary. For the consolidation of democracy in South Africa, in-depth reflection and serious debate on positive hegemony is a necessity, certainly also when it comes to the challenges it faces locally.

KEY WORDS: hegemony, power, democracy, traditional authority, local, negative hegemony, positive hegemony, truth, struggle, Simdlangentsha area

TREFWOORDE: hegemonie, mag, demokrasie, tradisionele gesag, plaaslik, negatiewe hegemonie, positiewe hegemonie, waarheid, stryd, Simdlangentsha-gebied

OPSOMMING

Die artikel benut 'n gevallestudie met die oog daarop om te illustreer dat die gebruikmaking van die konseptuele verband tussen hegemonie en mag nuttig sal wees met betrekking tot normatiewe gevolgtrekkings rondom die werking van die demokrasie. Die bestudering van die verhouding tussen twee oorvleuelende konsepte, naamlik hegemonie en mag, is gebrekkig. Die artikel spreek hierdie leemte aan deur 'n bydrae te bied wat fokus op die verband tussen dié twee konsepte. Met verwysing na die Simdlangentsha tradisionele owerheid word aangedui dat hegemonie en mag georden kan word met betrekking tot sistemiese, reaktiewe en strukturende magsuitoefeninge. Hierdie teoretisering word in 'n toepassingsraamwerk saamgevat. In die slotgedeelte word normatief nagedink oor die gevallestudie en die plek daarvan in 'n demokratiese opset. Die artikel bevestig dat daar ruimte is vir tradisionele opsette in demokrasie met die voorbehoud dat dit nie voorkeur kan geniet nie.

1. Inleiding

Hegemonie en mag is twee verwante en oorvleuelende konsepte waarvan die verband nog tot 'n beperkte mate ontgin is. Daarby word die teoretiese ontledingsvermoë van hierdie verband nie betekenisvol in die literatuur getoets nie (Haugaard, 2009:239). Hierdie artikel se bydrae is om teoreties te besin hieroor deur die toepassing daarvan te demonstreer aan die hand van 'n plaaslike voorbeeld en normatiewe gevolgtrekkings daaroor te maak. Die plaaslike voorbeeld wat gebruik word, is die Simdlangentsha tradisionele owerheid in noordelike Kwa-Zulu Natal.

Ná die demokratiese verkiesing in 1994 het vroeë oor die relevansie van tradisionele owerheidsgesag in Suid-Afrika verdiep. Dit is verder op die spits gedryf met die instelling van muur-tot-muur plaaslike strukture wat dus daarmee oorvleuel het. Motiverings vir tradisionele owerheidsgesag hou verband met argumente wat die voordele van kulturele pluralisme voorhou (Maseko, 2015:33), asook met betrekking tot die wyse waarop Westerse en Afrika politieke modelle geïntegreer kan word tot samewerkende en inklusiewe regering in landelike gebiede (Brynard & Musitha, 2011:113). Teenstrydige standpunte oor tradisionele owerheidsgesag word al lank gehuldig in die Suid-Afrikaanse politieke diskoers (Keulder, 1998:3). In hierdie artikel word rondom hierdie debat 'n verdere bydrae gelewer deur dit in verband te bring met die konsepte van hegemonie en mag.

Hegemonie en mag is verwante begrippe. In breë trekke kan hegemonie beskou word as 'n ideëstelsel wat diskoerse domineer en wat algemeen aanvaar of as gesaghebbend ervaar word deur 'n groepering of 'n samelewing. Mag kan gedefinieer word as die vermoë om dit wat ander mense dink of doen, te beïnvloed of te beheer. Die oorvleueling tussen die definisies van hegemonie en mag is duidelik, maar hegemonie is veral nuttig wanneer dit nodig is om 'n verskuilde vorm van dominasie te beskryf. Deur dit saam te lees met die konsep mag kan die stryd om hegemonie en vryheid verhelder word. Normatief maak so 'n bespreking sin as dit met demokratiese ideale van vryheid vir die burgers in verband gebring word. In die geval van sodanige vryheid behoort die ideaal te wees dat mense hulle volle menswees sal kan ontwikkel.

Hierdie artikel het dus ten doel om vanuit 'n politiek-sosiologiese oogpunt hieroor te besin. Die verband tussen die konsepte hegemonie en mag word hier op 'n unieke wyse gebruik ten opsigte van die besinning oor die gevallestudie en die uitkoms hiervan is 'n toepassingsraamwerk wat deur normatiewe demokratiese standpunte toegelig word. Hiermee word die toepassingsmoontlikheid van die konseptuele verband tussen hegemonie en mag geïllustreer en 'n bydrae gelewer tot besinning oor owerheidsgesag in 'n demokratiese Suid-Afrika.

2. Hegemonie en mag

As 'n vertrekpunt is dit nodig om kortliks aan te dui hoe die konsepte hegemonie en mag in verhouding met mekaar kan staan. Han (2019) se teorie oor mag is hier bruikbaar. Hy verduidelik dat mag voorkom waar die “self” (maghebber) in die “ander” (ondergeskiktes) teenwoordig is. In so 'n geval word dit wat die “self” wens, vergestalt deur die “ander.” Dit wat maghebbers as belangrik beskou, word op so 'n wyse gemanipuleer dat die ondergeskikte groep dit as aanvaarbaar internaliseer. Mag is dus op sy sterkste wanneer die kontinuïteit van die “self” (maghebber) in die “ander” (ondergeskiktes) onbevraagteken voorkom (Han, 2019:5).

Die feit dat die “ander” insiklik is met betrekking tot magsuitoefening moet verstaan word in die lig van die bestaansprobleem waardeur die mens gekonfronteer word. Menswees is nie 'n gegewe nie, maar moet verwerklik word te midde van 'n magdom keuses met ingewikkelde gevolge. 'n Mens ervaar lewensverligting wanneer die onbeperkte kompleksiteit van menslike handelingsmoontlikhede beperk word (Han, 2019:6). 'n Belangrike uitkoms van magsuitoefening is dat dit oriëntasie bied met betrekking tot besluite en handelinge, en dit verlig lewendruk (Han, 2019:7, 37). Die ervaring dat die lewe nie alleen genavigeer hoef te word nie maar dat daar leiding in hierdie verband is, veroorsaak dat mens magsuitoefening as positief kan ervaar. Mag hoef dus nie net as negatief geëtiketteer te word met die oog op uitsluiting, onderdrukking, sensuur of misleiding nie. Magsuitoefening kan 'n vereenvoudiging van keuses inhou met betrekking tot die verwerkliking van die lewe (Han, 2019:27). Hierdie beskrywing van mag sluit aan by hegemonie as 'n algemeen-aanvaarde ideëstelsel wat menslike handelinge en interpretasies lei of mislei. Hegemonie kan dus verstaan word as 'n wyse van magsuitoefening en die aktiewe gevolg van magsuitoefening.

Om hierdie sake verder toe te lig, word 'n gevallestudie vervolgens beskryf en dan aan die hand van die verband tussen die konsepte hegemonie en mag bespreek. Nadenke oor hegemonie en mag op plaaslike vlak kom nie algemeen voor nie. Daar is in die literatuur toepassings van die begrip hegemonie op plaaslike vlak, soos dié van Adebani (2004), Clarke en Jepson (2011) en Davies (2014). Hierdie studies interpreteer empiriese navorsing deur middel van hierdie konsepte, maar besin nie teoreties daarvoor nie. Ten opsigte van hierdie leemte lewer hierdie artikel vervolgens 'n betekenisvolle bydrae.

3. 'n Tradisionele owerheidsgezag met nadenke oor hegemonie en mag

Die plaaslike geval wat in hierdie studie te berde gebring word, is een waarby ek en 'n doktrale student betrokke was. Dit is die Simdlangentsha tradisionele owerheid in noordelike KwaZulu-Natal. Die verhouding van hierdie owerheid met die plaaslike owerheid word beskryf in Maseko (2015) en Maseko en Zaïman (2018). Hierdie tradisionele owerheid, wat 'n bepaalde hegemoniese magsuitoefening behels, leen hom tot die toepassing van die begrippe hegemonie en mag en verdere normatiewe besinning daarvoor. Davies (2014:3229) beklemtoon die noodsaaklikheid daarvan dat plaaslike hegemonie ontbloot moet word, sodat 'n oordeel uitgespreek kan word oor die potensiaal daarvan met betrekking tot positiewe verandering. Hierdie artikel speel op hierdie behoefte in.

Die Simdlangentsha tradisionele owerheid is gesetel in 'n demokratiese Suid-Afrika waar parlementêre soewereiniteit ondergeskik is aan die Grondwet en die gepaardgaande geregtelike oorsig. Die Grondwet sluit aan by die liberaal-demokratiese ideale van individualisme, gelykheid en redelikheid (Morriss, 2009:54). In hoofstuk 2 van die Grondwet word hierdie sake verwoord in 'n Handves van Menseregte (Suid-Afrika, 1996). Die doel van die staat moet

dienooreenkomstig met hierdie dokumente wees om aan die burgers geleenthede te bied om in so 'n grondwetlike konteks te gedy. Om dit te realiseer, moet die staat vir die burgers geleenthede daartoe bied. Ideaal gesproke moet aan die burgers dus 'n bemagtigende vryheid gebied word om hulle lewens te verwerklik sonder onredelike beperkinge. Hoofstuk 12 van die Grondwet erken tradisionele leiers en gewoontereg, maar dan behoudens die Grondwet en toepaslike wetgewing.

Suid-Afrika is 'n komplekse samelewing met verskillende bevolkingsgroepe en oorvleuelende politieke sisteme soos demokrasie, monargieë en tradisionele leierskappe. Volgens Tar en Shettima (2010:135) bied hierdie komplekse stelsel aan die elites, wat in hierdie sisteme gesetel is, die geleentheid om hulle eie belange en gewin voorop te stel en nie nasiebou nie. Dit behels dus hegemoniese magsprosesse wat voortgesette dominasie verseker (Tar & Shettima, 2010:139).

Die instelling van demokrasie in die Simdlangentsha tradisionele owerheidsgebied is deur tradisionele leiers ervaar as 'n poging om hulle mag te ondermyn, terwyl die burgerlike samelewing dit ervaar het as 'n bevryding van sosio-, politieke en ekonomiese onderdrukking (Maseko, 2015, 212). Tog is die tradisionele hegemonie ná 1994 grondwetlik en wetlik beskerm en die Ingonyama Trust het tradisionele grondsekerheid gewaarborg. Die Ingonyama Trust administreer die tradisionele grond in KwaZulu-Natal.

Die tradisionele leiers kan dus beslis oor gemeenskapsgeoriënteerde sake soos die handhawing van orde, dispuutoplossing, toewysing van grond en hantering van grondgeskille (Maseko & Zaaiman, 2018:185). Grond word toegewys vir behuising, bewerking en weiding. Maseko (2015:215) rapporteer dat gemeenskapslede oordeel dat die leiers hulle eie voordeel voorop stel. Tog is ook gemeld dat tradisionele leiers veeboerdery benut om huishoudings te ondersteun wat nie vir hulleself kan sorg nie (Maseko, 2015:228). Die kritiek is dus in 'n groter mate gemik op die sentralisering van besluitneming en dat hulle dienslewering nie as 'n verantwoordelikheid beskou nie (Maseko, 2015:220).

Die totstandkoming van die demokraties-verkose muur-tot-muur plaaslike regering in 2000 het verandering vir tradisionele leiers meegebring. Ou tradisionele leiers blyk die meeste weerstand te bied teen samewerking met die plaaslike regering (Maseko, 2015:257). Samewerkingsprobleme is deur respondente veral in verband gebring met kommunikasieprobleme (Maseko, 2015:220-221).

Hierdie verandering het die weg gebaan vir ander owerhede om diensleweringprojekte in die tradisionele gebiede te implementeer. Plaaslike regering was betrokke by die identifisering van grond vir die bou van infrastruktuur (Maseko, 2015:233). Plaaslike projekte wat die nasionale en provinsiale regerings onderneem het, was hoenderboerdery en tuinboukoöperasies (Maseko, 2015:243). Padwerke is ook deur die regering se *Expanded Public Works Programme* (EPWP) voorsien (Maseko, 2015:243). Dit blyk dat die demokraties-verkose plaaslike regering ná hulle instelling in 2000 nie 'n groot rol in die gebied gespeel het nie (Maseko, 2015:213). Dienslewering soos watervoorsiening, instandhouding en ontwikkeling van paaie, bied van sanitasiegewere en beskikbaarstelling van mobiele klinieke is deur die provinsiale regering, en tot mindere mate munisipaliteite, voorsien en griewe en frustrasies is aan hierdie instellings gerig wanneer mense daarvoor ongelukkig was (Maseko, 2015:219).

Dit blyk dat wesentlike verandering voorgekom het ten opsigte van die rolle van vroue en die jeug. Voorheen is vroue van besluitneming uitgesluit, maar dien tans in tradisionele howe en rade (Maseko & Zaaiman, 2018:186; Maseko, 2015:244). Die jeug is ook meer betrokke by gemeenskapsake deur die bemiddeling van die gemeenskapsontwikkelingswerkers (*community development workers* – CDWs) en -versorgers (*community care givers* – CCGs),

'n inisiatief van die nasionale en provinsiale regerings (Maseko, 2015:215). Die jeug het ook meer inspraak in besluitneming gekry en die skoolkurrikulum het daartoe bygedra deur regte te beklemtoon (Maseko, 2015:246). Gesinslewe het nuwe Westerse inhoude gekry met die viering van verjaarsdae, Vadersdag, Moedersdag en Vrouedag (Maseko, 2015:250). Al word die regte van vroue en kinders tans in 'n groter mate deur tradisionele leiers erken, is daar van hulle wat ongelukkig daarvoor voel omdat hulle meen die gesag van mans is daardeur ondermyn (Maseko, 2015:246).

Hierdie beskrywing toon dat tradisionele plaaslike opsette hegemoniese aspekte vertoon, maar dat eksterne invloede daarvan 'n strydveld maak. Die tradisionele leiers wil graag hê dat die tradisionele ideëstelsel die plaaslike diskoerse sal domineer en as gesaghebbend aanvaar word. Hulle sal graag die bevreemding daarvan en alternatiewe diskoerse wil onderdruk (Adebanwi, 2004:38). Daarteenoor is dit duidelik dat ander owerhede, ander beskouings en ander leiersfigure oor die vermoë beskik om die plaaslike diskoerse te beïnvloed. Hegemonie en mag is dus nuttige begrippe om oor hierdie dinamika in die tradisionele gebied te besin. In die volgende onderafdelings word verduidelik hoe drie benaderings tot die verhouding tussen hegemonie en mag in hierdie besinning gebruik kan word.

3.1 *Hegemonie as sistemiese magsuitoefening*

Tradisionalistes meen dat die tradisionele instellings die mees paslike politieke model vir landelike gebiede is. Hulle oordeel dat hulle fokus op grond en kulturele praktyke betekenisvolle en paslike leiding bied in hierdie gebiede en dat politieke stabiliteit so verseker word (Keulder, 1998: 3). Die tradisionalistes sou verkies dat hulle die enigste politieke gesag in die landelike gebiede sou wees wat leiding gee rondom grondadministrasie en landelike ontwikkeling (Ntsebenza, 2004:16). Hegemonie as sistemiese magsuitoefening beteken dat die tradisionele leiers in staat sou wees om so 'n magsisteem te handhaaf waaraan die burgers hulle gewilliglik onderwerp, omdat dit as gesaghebbend aanvaar sou word. Die tradisionele leiers in die Simdlangentsha tradisionele owerheidsgebied poog om dit te bewerkstellig deur hulle gesag te grond op geskiedenisdiskoerse, afstammingslinies en kulturele argumente (Maseko, 2015:162-194). Dit kan vertolk word as hegemonie wat as sistemiese magsuitoefening inhou dat prosesse en sisteme bestaan buite-om die mense wat in beheer is en hulle ondergeskiktes. 'n Aantal teoretici kan met hierdie beskouing geassosieer word.

Bourdieu (1989:19) se beskrywing van *habitus* as die gebruike, vaardighede en ingesteldhede van mense wat dieselfde agtergrond deel, is nuttig wanneer dit gaan oor nadenke rondom hierdie sistemiese magsuitoefening. Mense se beskouing van die wêreld en hulle optrede word grootliks deur hulle *habitus* bepaal. Die dominante *habitus* in 'n samelewing bestaan uit gereproduseerde kennis (Ritzer & Stepnisky, 2014:521). Hierdie dominante status van 'n *habitus* is die gevolg van 'n stryd waar maniere van doen as korrek en beter as dié van ander voorgelou word. Wanneer 'n *habitus* se dominante posisie gevestig is, word so 'n *habitus* genaturaliseer en word dit die standaard vir paslike sosialisering. Op hierdie manier word dit kulturele kapitaal wat benut sou kon word as 'n verdere bron, naas ekonomie en dwingende kapitaal (Haugaard, 2009:247). Dit is duidelik dat hierdie kulturele kapitaal vanuit die *habitus* 'n baie belangrike middel vir die Simdlangentsha tradisionele leiers is met die oog daarop om mag sistemies uit te oefen (Maseko). Dit sluit aan by Lukes (1974, 2005) se derde dimensie van mag, wat aandui hoe 'n stelsel wat eensydig funksioneer, voortspruit uit sosiaal-gestruktureerde en kulturele patrone en die praktyke van instellings (Lukes, 1974:21-22).

Foucault (2003) se tweede soort mag sluit ook hierby aan. Sy eerste soort is die strydlustige

botsing van magte. Die tweede is egter misleiding van mense deur middel van sosiale sisteme (Wróbel, 2010:276). Mense sien nie die subtiele onderdrukkende aard daarvan raak nie, want hulle dink mag is opsigtelik konflikterend van aard. Hulle besef nie dat dit wat as waarheid voorgedhou word die resultaat is van magsuitoefening en dat hulle daaraan uitgelewer is nie. Mense se aanvaarding dat 'n beskouing geldig is, is die resultaat van 'n proses met politieke, strategiese, empiriese en kontekstuele dimensies (Gordon, 2009:269). Foucault toon aan dat daar dwang gebruik is in die voor-moderne samelewing om sodoende beheer uit te oefen oor ander, maar dat beheer in die moderne samelewing plaasvind deur middel van die kombinasie van mag en kennis. Tradisionele owerheid sou met Foucault se voor-moderne samelewing geassosieer kon word, maar in die Simdlangentsha tradisionele owerheid word daar nie direk met oortredende subjekte afgereken nie. Die tradisionele owerhede het dus aangepas by moderne gebruike.

Hierdie noodgedwonge proses van aanpassing word deur kultuurteoretici belig. Kultuur is die resultaat van mense se emosionele behoefte aan identifikasie met groepe en die gepaardgaande handelingsbehoefte, dit wil sê, om soos ander mense op te tree en kognitiewe dissonansie te vermy; en dus verkieslik algemene denkpatrone aan te hang (Engelstad, 2009:212). Op grond hiervan kan kultuur gesien word as geïnstitusionele patrone van dink en doen asook die gebruiksmiddele wat mense met mekaar deel (Engelstad, 2009:215). Anders as in die verlede, waar 'n kultuur redelik homogeen was ten opsigte van sy inhoud, wys Engelstad (2009:227) daarop dat daar tans 'n meervoud van kulture is wat vloeibaar en meervlakkig is. Bauman neem hierdie saak verder deur daarop te wys dat daar ook nie meer 'n kulturele hiërargie bestaan nie (sien Bauman & Haugaard, 2008:124). Die elite het kulturele omnivore geword. Dit is omdat kultuur nou soos 'n afdelingswinkel is waar kulturele produkte na eie voorkeur toegeëien kan word (Bauman & Haugaard, 2008:125). Kultuur word nou voortgedryf deur die massamedia waarin die verbruikerseconomie 'n oorheersende rol speel. Die hegemoniese projek is dus nie meer 'n kulturele sosialiseringprojek nie, maar primêr 'n materialisties-georiënteerde verbruikersamelewingsprojek. Dit is in hierdie vloeiende kultuur waar die tradisionele gesag net nog 'n kulturele produk lewer wat etnies-kultureel aantreklik is. Dit is dus nie om 'n hegemonie nie, maar poog om 'n kernkomponent van die etniese kultuur uit te maak en so 'n bindende invloed uit te oefen.

Clegg (1989) se argument dat mense hulle tans teoreties gesproke in 'n post-Foucaultiaanse era bevind, het dus hier ook betrekking. Waar Foucault nog 'n plekgebonde verband tussen heersers en ondergeskiktes veronderstel, is Clegg die mening toegedaan dat die sentra van mag nie meer só voorkom nie, hoewel ondergeskiktes steeds plekgebonde mag wees. Die globale elite skuif beheer en bronne dwarsoor die wêreld rond in 'n vloeiende en verskuilde stelsel van dominasie waarin die sosiale media en plaaslike identiteitspolitiek die subjekte se bewustheid van hierdie dominasie onderdruk (Haugaard, 2009:253). Hoewel die Simdlangentsha tradisionele owerheidsgebied uitgesluit is van globale mededinging, kan dit in hierdie prosesse se hand speel deur plaaslike identiteitspolitiek sentraal te stel en so die aandag van die globale dominerende rolspelers af te lei.

'n Verdere argument van Clegg (1989) verklaar moontlik waarom die tradisionele leiers grootliks die plaaslike regerings se magte kan ondergrawe. Hy identifiseer organisatoriese kullery as 'n diepere vorm van mag. Die bestaande sisteem bly stabiel as die dominante elite daarin kan slaag om die pogings om dit te verander organisatories kan uitoorlê (Haugaard, 2009:252). Hy oordeel gevolglik dat die voortbestaan van hegemonie nie in die aard van hegemonie opgesluit is nie, maar eerder in die mate waartoe dit organisatories onderhou kan word. Dit is duidelik, ook met betrekking tot die gevallestudie, dat die tradisionele owerheid

in staat is om hierdie rol te kan speel veral, soos hier bo gemeld, omdat dit grondwetlik en wetlik beskerm word en grondsekuriteit gewaarborg is in die Ingonyama Trust.

Die nadenke oor hegemonie as sistemiese magsuitoefening bevat verskillende beskouings en dit verryk nadenke oor die gevallestudie. Die volgende onderafdeling kyk na 'n verdere vergestaltung van hegemonie en mag en die teoretiese lig wat dit daarop kan werp.

3.2 *Hegemonie as reaktiewe magsuitoefening*

Tradisionele gebiede is blootgestel aan eksterne invloede. Gesagspatrone, genderrolle en beskouings oor gesin en huwelike word byvoorbeeld van buite beïnvloed (Schaefer & Lamm, 1992: 382-387). Feministiese en liberalistiese ideologieë speel hier 'n rol (Keulder, 1998:9). Hegemonie as reaktiewe magsuitoefening baan die weg vir 'n normatiewe besinning oor hegemonie. Die vraag word gevra of tradisionele gesag ongevraagd aanvaar moet word deur die burgers. Teenoor hegemonie as sistemiese magsuitoefening, wys teoretici daarop dat reaksie op hegemonie moontlik is. Voorbeelde hiervan in die Simdlangentsha tradisionele owerheidsgebied is beperk, maar dit het tog voorgekom in die politieke en kulturele sfere (Maseko, 2015:251-252).

Die sistemiese hegemoniese posisie is nie vir Gramsci (1971:123) normatief wenslik nie. Die ideaal is vir hom eerder 'n kontra-hegemonie of 'n proletariaat-hegemonie. Hy wys dekadente hegemonie af, dit wil sê, hegemonie wat normatief ongewens is en wat die teenoorgestelde inhoud van integrale hegemonie, terwyl laasgenoemde verwys na die ideaal dat 'n gemeenskaplike wil uit die proletariaat sou kon voortspruit (Daldal, 2015:151).

Sistemies internaliseer die proletariaat 'n verwronge denkraamwerk wat nie strook met hulle daaglikse praktiese aktiwiteite nie (Gramsci, 1971:134-147). Bewuswording hiervan ontbloom die ideologiese dominasie en misplaasheid daarvan. Dit gee aanleiding tot die moontlikheid van alternatiewe interpretasies wat in 'n groter mate ooreenstem met werklike praktyke. Organiese intellektuele is belangrik in hierdie opsig. Dit is intellektuele wat 'n band met die proletariaat behou en die proletariaat help om gepaste interpretasies van mag te verwoord (Gramsci, 1971:6). Hulle artikuleer die rasonale outonomie van die proletariaat teenoor die kapitalistiese hegemonie waar instemming onbewustelik geskied. Dit versterk weerstand en die moontlikheid van 'n nuwe, egte hegemoniese denkraamwerk (Daldal, 2015:154). So 'n kontra-hegemoniese strategie vervang dan die bindende ideologie van die bourgeoisie en ontsluit 'n alternatiewe sosiale orde (Haugaard, 2009:251).

Die toepaslikheid van hierdie denkraamwerk rondom die Simdlangentsha tradisionele owerheidsgesag kan bevraagteken word, want dit is nie kapitalisties van aard nie. Arendt (1970) se beskouing van mag kan hier nuttig wees. Vir haar is mag die vermoë om gesamentlik te handel (Haugaard, 2009:242). In teenstelling met Gramsci, beskou sy mense as van nature polities vaardig en dat hulle mag verwerklik deur samewerking met ander en dan op hierdie manier hulle outonomie bevestig (Han, 2019:71). Sy beskou mag wat téén mense se belange uitgeoefen word as 'n vorm van geweld.

Parsons (1963) handhaaf ook die beskouing dat mag gemeenskaplik geskep word. Hy vergelyk dit met die skep van welvaart in die ekonomie. Die gemeenskaplike strewe in 'n sosiale sisteem veronderstel die vermoë om gedeelde doelwitte te verwerklik (Parsons, 1963:233). Hierdie proses stel 'n geïnstitusionele gesagsomgewing daar wat gekoördineerde sosiale handeling moontlik maak (Parsons, 1963:237). Sistemies kan hegemonie negatief wees as dit 'n uitbuiting of onderdrukking van kwesbare groeperinge institusioneleer. Parsons se beskrywing is egter anders, en wys daarop dat hegemonie tegelykertyd positief en negatief

kan wees – gesagstrukture kan terselfdertyd vryheid bied én inperk. Laclau en Mouffe (1985) lig hierdie ambivalensie uit deur te wys daarop dat sosiale fenomene en objekte net betekenis dra op grond van diskoerse (Carpentier & Cammaerts, 2006:965). Hegemonie word gevorm waar diskoerse daarin slaag om elemente met mekaar in verband te bring om sodoende ’n stabiele interpretasieraamwerk te vestig. Volkome stabiliteit is moeilik bereikbaar, omdat diskoerselemente nie altyd logies passend is nie. Hierdie verskille hou in dat hegemonie vloeibaar is. Die ideale openbare ruimte kom voor waar daar ontvanklikheid bestaan vir verskille rakende diskoerselemente (Carpentier & Cammaerts, 2006:968).

Hoewel die tradisionele owerhede pog om mag sistematies uit te oefen, is daar provinsiale en nasionale owerheidsprosesse wat vryhede lewer aan die burgers en ’n veranderende invloed op die tradisionele owerheidsbestel uitoefen. Hierdie prosesse beperk tradisionele leiers se gesag en maak dit vloeënd. In die landelike gebiede blyk dit egter dat die burgerregte-ondersteuners wat die tradisionele leierskap as feodaal kritiseer, en op grond hiervan agiteer dat dit afgeskaf moet word, nie eintlik ’n invloed uitoefen nie (Keulder, 1998:3). Wat die agenda van ’n reaktiewe magsuitoefening op ’n sistemiese tradisionele magsuitoefening behoort te wees, is ’n oop vraagstuk. Die kulturele etniese hegemonie bied so ’n grondige ondersteuning aan die tradisionele owerheidsgesag dat ’n uitdaging van hierdie gesag as ’n kritiek op etniese afkoms voorgelê kan word. Tog is daar reaktiewe druk op elemente van die tradisionele owerheidsgesag. Hierdie druk spruit uit plaaslike, provinsiale, nasionale en globale diskoerse. Die gevolge van hierdie reaktiewe magsuitoefening mag mettertyd ’n transformasie van die tradisionele gesag behels. Dit mag ’n vervlegting van tradisionele leierskap en burgerlike reaksie tot gevolg hê en ’n nuwe soort hegemonie tot gevolg hê wat dinamies sal wees. Die volgende afdeling behandel dié moontlikheid.

3.3 *Hegemonie as strukturende magsuitoefening*

Organiese demokrasie is gebonde aan ’n perspektief wat argumenteer dat tradisionele leierskap ’n bestuurstelsel is wat ’n positiewe politieke rol in gemeenskappe speel. Hulle kan dit goed doen omdat hulle naby leef aan die mense wat hulle dien en gemeenskaplede hulle leierskap maklik kan verstaan en volg (Sithole & Mbele, 2008: 10). Organiese demokrasie meen Westerse demokrasie fokus te veel op hoe demokratiese instellings tot stand moet kom en funksioneer en te min op regverdigheid gebaseer op kultureer-morele beginsels en menslike gevoelens (Sithole & Mbele, 2008:10).

Hegemonie as strukturende magsuitoefening hou verband met die moontlikheid dat tradisionele leiers en die burgers in ’n noue verbintenis met mekaar kan staan. In so ’n geval is hierdie hegemonie ’n aktiewe projek waarin beide maghebbers en ondergeskiktes medespelers is en dit positiewe uitkomst vir albei tot gevolg behoort te hê.

Giddens (1984) argumenteer dat die werklikheid van sosiale strukture nie ekstern tot sosiale handeling bestaan nie. Dit tree daarenteen na vore in die oomblik van sosiale optrede (Ritzer & Stepnisky, 2014:511). In hierdie opsig is struktuur tegelykertyd ’n beperking asook die ruimte waarin vrye handeling kan plaasvind. ’n Analogie hiervoor is taal.

Hoewel die struktuur van taal onderskei kan word, bestaan taal in die mate waarin dit deur mense gebruik word. Giddens (1984:14) se definisie van mag sluit hierby aan. Mag is die vermoë tot handeling wat deur agente verkry word met betrekking tot die sosiale strukture wat die handeling moontlik maak. Aan die een kant gee struktuur die ruimte vir handeling en aan die ander kant word dit vergestalt deur optrede (Ritzer & Stepnisky, 2014:513). Die gevolg is dat mag nie ’n wen-verloor verskynsel is nie, maar algemeen beskikbaar is vir sosiale

praktyke soos wat die strukture mense daartoe toelaat en daartoe in staat stel. Barnes (1988) se argument sluit hierby aan, naamlik dat die bron van konsensus wat lede van 'n sosiale sisteem die vermoë bied om gesamentlik te handel, gedeelde sosiale kennis is (Haugaard, 2009:244). Dit stem verder ooreen met Gramsci se gedagte dat hegemonie gebaseer is op gedeelde kennis waaruit daar nie ontsnap kan word nie. Die samelewing is dus 'n groot selfverwysende raamwerk waarin akteurs die sosiale vermoë gebied word om dinge te doen wat hulle nie sou kon doen as hulle alleen was nie (Haugaard, 2009:244). Binne hierdie raamwerk word unieke handelinge deur individue moontlik gemaak. Dit word egter beperk omdat in 'n kennissisteem veronderstel word dat 'n verskynsel onder sekere omstandighede 'n vasgestelde betekenis sal hê (Haugaard, 2020:87). Dit is die konvensies waarvolgens mense lewe. Hierdie konvensies kan potensieel bevaagteken word en dit kan dan wanorde tot gevolg hê. Samelewings pog om laasgenoemde te verhoed deur die elemente van kennissisteme te objektiveer as onbetwyfelbare waarhede (Haugaard, 2020:98).

Die uitdaging vir Simdlangentsha tradisionele owerheidsleiers is dat kennissisteme en ontologie nie primêr deur hulle bepaal word nie. Daarom fokus hulle op plaaslike sake maar begryp dat groter provinsiale, nasionale en globale prosesse ander opvattinge by ondergeskiktes kan laat ontstaan en ontwikkel. Hulle gesag berus dus op onstabiele grond. Tradisionele gesag is dus nooit voldege of afgehandel nie maar word onderwerp aan voortdurende herstrukturering. Die uitleef daarvan is die resultaat van vertolking en interpretasie. Die hegemonie is dus nie solied nie, maar word deurspoel met invloede. Ons sien elemente hiervan in die rol van vroue en die jeug wat sedert 1994 verander het, maar ook in verbruikerspatrone wat klemverskuiwings meebring, soos in die geval van formele herinneringsdae. Dit demonstreer die krag van die verbruikerskultuur as 'n mededingende hegemoniese invloed.

4. Hegemonie en mag: 'n Toepassingsraamwerk

Hier bo is aangetoon dat hegemonie 'n sistemiese magsuitoefening kan wees, maar ook normatief geïnterpreteer kan word deur te fokus op reaktiewe en strukturende magsuitoefening. Hoe is dit betekenisvol ten opsigte van 'n besinning oor 'n plaaslike magsopset, soos gesien in die lig van hegemonie en mag? Hierdie artikel bied 'n unieke antwoord hierop deur hegemonie en mag op 'n skaal te plaas van negatiewe tot positiewe hegemonie waar magstryde daarrondom tussen die twee uiterstes rondskuif. Tabel 1 sit hierdie interpretasie van hegemonie en mag uiteen.

Tabel 1 toon aan dat hegemonie afgestem is op geïnternaliseerde sosiale kennis, patrone en beskouings. Dit is negatief wanneer die burgers hulle outonomie verloor as gevolg daarvan en positief wanneer dit outonomie ondersteun. Die uitkoms word bepaal deur 'n magstryd oor presies wat hierdie outonomie behels. Hegemonie en mag is dus nie van mekaar te skei nie. Omdat soveel op die spel is binne 'n gemeenskap met betrekking tot die rol van hegemonie, is die magstryd fel en ernstig op idee-vlak, onder andere omdat maghebbers poog om hierdie stryd te onderdruk. Die verhouding tussen hegemonie en mag kan in hierdie verband, soos aangedui in Tabel 1, as sistemies, gesamentlik of strukturend beskryf word. Sistemiese magsuitoefening vertoon die neiging om negatiewe hegemonie tot gevolg te hê. Reaktiewe magsuitoefening vind veral plaas in die veld van die stryd om hegemonie. Strukturende magsuitoefening kan bydra tot positiewe hegemonie. Die gevallestudie demonstreer egter dat hegemonie 'n bewegende teken is in 'n veranderende wêreld en dat 'n magstryd daarvoor die vorm aanneem van 'n voortdurende proses.

TABEL 1: Toepassingsraamwerk vir die konseptuele verband tussen hegemonie en mag

Geïnternaliseerde sosiale kennis en waarhede			
Hegemonie	Magstryd oor aard van hegemonie		Hegemonie
Negatief (wen-verloor)	Stryd oor negatiewe hegemonie	Stryd oor positiewe hegemonie	Positief (wen-wen)
Sosiaal gestruktureerde en kulturele patrone en praktyke van instellings wat as waarheid aanvaar word met die doel om afhanklikheid te verseker. Dit verteenwoordig die waardestelsel van die heersers en smoor burgerlike outonomieit.	Ontwikkeling van bewustheid oor aard van negatiewe hegemonie as onderdrukking, dominasie, diskriminasie, uitbuiting en misleiding en reaksie daarop om dit te onderdruk.	Ontwikkeling van bewustheid oor kernkomponente van positiewe hegemonie as stryd om waar en onwaar, normaal en abnormaal, redelik en onredelik en wat solidariteit en kohesie behels en wat paslike vaardighede en ingesteldhede is en pogings om dit te manipuleer.	Sosiaal gestruktureerde en kulturele patrone en praktyke van instellings wat as waarheid aanvaar word waarin gedeelde doelwitte verwesenlik word en burgerlike outonomieit verseker word. Dit behels 'n waardestelsel wat spreek tot die lewenservaring van die burger.
Sistemiese magsuitoefening	Gesamentlike/reaktiewe magsuitoefening		Strukturerende magsuitoefening

5. Normatiewe nadenke

Die magstryd om hegemonie is afgestem op die outonomie of vryheid van die burgery. In die lig hiervan ontstaan die vraag dus of die tipe hegemonie wat die Simdlagentsha tradisionele owerheid onderhou, normatief wenslik is. Om die vraag te beantwoord, moet nagedink word oor juis dit wat positiewe hegemonie behoort te behels, al dan nie. Ideaal gesproke, sou dit vertrouensverhoudinge moes inhou wat voortspruit uit gelyke, beskermde en onderling-bindende konsultasies. In hierdie diskoers is elke individuele burger 'n doel op sigself teenoor tradisionele opsette waar die geheel belangriker is. Dit beteken dat daar met betrekking tot 'n positiewe hegemonie 'n ontvanklikheid moet wees vir verskille, insluiting, gelykheid, konsultasie, vertrou, erkenning, beslegting, selfbeheer en outonomie. Teenstanders sou mekaar in so 'n geval respekteer en konflik sou op legitieme wyses besleg word met die oog op 'n wen-wen uitkoms.

Ten opsigte van 'n meer omvattende konteks kan dus gevra word wat so 'n sosiale kontrak onder die deursnee Suid-Afrikaanse bevolking sou behels. Die aanvaarding van die Freedom Charter (1955) het 'n positiewe hegemonie verwoord en dit het 'n grondslag gelê vir die idealisering van 'n gemeenskaplike postapartheid Suid-Afrika in 1994. Dit het die moontlikheid van solidariteit en kohesie verwoord. Dit het ook dit wat as waar, normaal en redelik beskou sou kon word, geïdealiseer. Tans is die Freedom Charter egter 'n uitgediende sosiale kontrak.

Teenswoordig is daar uiteenlopende menings oor dit wat as waar, normaal en redelik in die Suid-Afrikaanse konteks beskou moet word. Die stryd is afgestem op dit wat die waarheid is: dit gaan oor vraagstukke soos die bepaling van gepaste simbole, hoe die verlede en hede verstaan en geëtiketteer moet word, wat die oorsake van onvryheid is en wie verantwoordelik is daarvoor (Scott, 1985:xvii). Daar is nie eenvoudige antwoorde hierop nie. Hierdie artikel toon dat betekenisgewing 'n magstryd behels wat hegemoniese gevolge in die oog het. Dit kan lei tot 'n hegemonie wat individuele outonomie óf beperk óf versterk. Hier moet oop diskoers die doel wees waarbinne eie oortuigings in toom gehou word sodat geluister kan word na wat die ander sê. In so 'n oop proses, soos dit ook bewoord word aan die positiewe kant van Tabel 1 hier bo, word aan die ander ruimte gebied sodat gesamentlik solidariteit en kohesie bevorder kan word en 'n burgerlike outonomie ontwikkel wat begrond is in die burgery se lewenservaring. Die tradisionele geval wat hier bestudeer is, ontbloom uitdagings wat Suid-Afrikaners hierin op plaaslike vlak ervaar.

Riglyne vir die normatiewe denke oor hierdie uitdagings is te vinde in die bestaande teoretisering oor demokrasie. Vanuit 'n prosesgeoriënteerde benadering beskryf Tilly (2009:80-81) 'n regime byvoorbeeld as demokraties tot die mate waarin politieke verhoudinge tussen die staat en die burgery deur gelyke, beskermde en onderling-bindende konsultasie gekenmerk word (Tilly, 2009:78). Ideaal gesproke, is demokrasie afhanklik van die vestiging van vertrouensnetwerke en die beskerming van openbare politiek teen die kategorieë van ongelykheid, deur 'n staat wat die nodige kapasiteit het hiervoor; dit wil sê, die politiek word nie beïnvloed deur ongelyke kategorieë soos ras, geslag, etnisiteit, nasionaliteit en godsdiens nie (Tilly, 2009:81, 85).

Pettit (in Haugaard & Pettit, 2017:27) neem dit verder en beskou elke burger as 'n doel in eie reg. Soos hier bo gemeld, is in tradisionele samelewings die sosiale geheel belangriker as die individu. In 'n vrye sameleving is die individu die belangrikste. Geen individu mag dus leed aangedoen of gedomineer word nie. Dit beteken dat almal 'n gelyke beskermde posisie ten opsigte van ander en die regering het. Die toets hiervoor is of mense mekaar in die oë kan kyk sonder enige rede vir vrees of onderwerping (Haugaard & Pettit, 2017:27).

Dit sluit aan by Laclau en Mouffe (1985) se radikale demokratiese standpunt dat elke identiteit se geldigheid aanvaar word en 'n hiërargie van identiteite afgewys word (Carpentier & Cammaerts, 2006:965). Pluralisme beteken dat die mensdom as 'n pluraliteit en as verdeeld aanvaar moet word (Carpentier & Cammaerts, 2006:972). Om dit aan te spreek moet politieke teenstanders mekaar in 'n strydende demokratiese raamwerk respekteer en konflik op 'n legitieme wyse besleg (Carpentier & Cammaerts, 2006:963, 965).

Op grond van sy pragmatiese perspektief meen Haugaard (2020:190) dat magstrukture moet verseker dat die kwesbaarste sosiale akteur oor genoegsame bronne beskik dat hy of sy nie deur die heersers vir eie doeleindes misbruik kan word nie. Diskoerse verskil egter oor dit wat as genoegsame bronne beskou moet word en welke regte sosiale akteurs genoegsaam beskerm en magsewewig verseker. Veral in permanent verdeelde samelewings is die meerderheid in die versoeking om besluite te neem waardeur die mag van die minderheid stelselmatig ondermyn word. Dit ondermyn die demokratiese ideaal van burgerlike outonomie (Haugaard, 2020:195). Daarteenoor word demokrasie gekonsolideer waar die kwesbares in die sameleving met verloop van tyd groter erkenning geniet en magsuitoefening teen hulle beperk word (Haugaard, 2020:198). Demokrasie moet dus 'n wen-wen uitkoms hê waar wenners én verloorders bevoordeel word, anders kan laasgenoemdes hulle vertroue in die demokrasie verloor en 'n teen-demokratiese-diskoers begin navolg (Haugaard, 2020:202). In die lig hiervan moet politieke korrektheid nie te ernstig opgeneem word in 'n demokrasie nie, want daar moet

verstaan word dat die sosiale wêreld verskillend vertolk kan word en daar nie slegs een korrekte diskoers bestaan nie. Dit beteken dat gespreksomgewings vurige emosie en verskille moet kan akkommodeer (Haugaard, 2020:210). So 'n demokrasie vereis egter geïnternaliseerde selfbeheersing onder sy mense (Haugaard, 2020:213).

Hieruit kan afgelei word dat normatiewe demokratiese direktiewe vir 'n wen-wen hegemonie 'n beslegting van verskille behels wat gekenmerk behoort te word deur die aanvaarding van individuele outonomie, terwyl dit dan behoort te lei na 'n ervaring van insluiting, konsultasie, gelykheid, vertroue, erkenning en respek. Hierdie direktiewe kan geïdentifiseer word, maar hulle geniet nie objektiewe geldigheid nie. Die gevolg is dat daar verskillende morele filosofiese beskouings bestaan oor hoe legitieme direktiewe geïdentifiseer kan word (Morriss, 2009:64). Verder dra die konteks waarin mense hulle bevind ook by tot die mate waarin beperkinge van hulle outonomie as ongeoorloof, vernederend of beledigend ervaar sal word. Op sy beurt hang laasgenoemde af van wie die beperkinge instel of afdwing (Morriss, 2009:65). Tog sou die beperkinge getemper kon word as die normatiewe demokratiese direktiewe getrou sou bly aan die agenda van 'n oop sosiale diskoers en die fokus sou wees daarop om hieraan inhoud te gee op 'n positiewe wyse. Die hegemoniese ideale van tradisionele owerhede in Suid-Afrika behoort dus aangehoor te word. Dit mag egter nie as 'n enigste- of voorkeurdiskoers geïntitutionaliseer word in 'n demokratiese Suid-Afrika nie – ook nie op plaaslike vlak nie.

6. Slotopmerkings

Die artikel het met die gevallestudie die nut geïllustreer daarvan om die konseptuele verband tussen hegemonie en mag te gebruik om normatiewe gevolgtrekkings oor die werking van demokrasie te maak. Daar is aangedui hoe die verband tussen hegemonie en mag interpreteer kan word as sistemiese, reaktiewe en strukturende magsuitoefeninge. Hierdie teoretisering is saamgevat in 'n tabel wat 'n toepassingsraamwerk voorstel rondom die nadenke oor die verhouding tussen hegemonie en mag. Dit kan gebruik word vir die beoordeling van gesagsnetwerke. Rondom die Simdlangentsha tradisionele owerheid is bevind dat, hoewel die tradisionele leiers ideale het van 'n tradisionele hegemonie, verskeie invloede dit beperk en verander. Met 'n demokratiese fokus hierop, wat veral burgerlike outonomie beklemtoon, is dit duidelik dat daar aan tradisionele ruimte voorsien kan word. Dit is egter onderhewig aan die ideaal van 'n waardestelsel wat spreek tot die lewenservaring van die burgers waarin gedeelde doelwitte verwesenlik word en burgerlike outonomie verseker word.

Die artikel bied sodoende rigtingwysers vir verdere navorsing oor hierdie tema. Navorsing hieroor blyk nodig te wees. Die artikel toon dat nadenke oor die saak van hegemonie en mag in Suid-Afrika sinvol kan wees waar die beswil van die burgers ter sprake kom. Vir die konsolidering van demokrasie in Suid-Afrika is diepgaande besinning en ernstige debatvoering oor positiewe hegemonie 'n noodsaaklikheid, sekerlik ook gesien in die lig van die uitdagings wat dit ook plaaslik in die gesig staar.

ERKENNING

Die PUK-Kanselierstrust se finansiële ondersteuning vir hierdie navorsing word met waardering erken. Die menings en gevolgtrekkings in die artikel is egter uitsluitlik dié van die skrywer.

BIBLIOGRAFIE

- Adebanwi, W. 2004. The city, hegemony and ethno spatial politics: The press and the struggle for Lagos in Colonial Nigeria, nationalism and ethnic politics. *Nationalism and Ethnic Politics*, 9(4):24-51.
- Arendt, H. 1970. *On violence*. New York: Harcourt.
- Barnes, B. 1988. *The nature of power*. Cambridge: Polity.
- Bauman, Z & Haugaard, M. 2008. Liquid modernity and power: A dialogue with Zygmunt Bauman. *Journal of Political Power*, 1(2):111-130.
- Bourdieu, P. 1989. Social space and symbolic Power. *Sociological Theory*, 7(1):14-25.
- Brynard, PA & Musitha, ME. 2011. *The role of traditional authorities in the implementation of the Integrated Development Planning Policy (IDP) in Vhembe District Municipality, Limpopo*. Pretoria: University of Pretoria.
- Clarke, A & Jepson, A. 2011. Power and hegemony within a community festival. *International Journal of Event and Festival Management*, 2(1):7-19.
- Clegg, SR. 1989. *Frameworks of power*. London: Sage Publications.
- Clegg, SR. & Haugaard, M. eds. 2009. *The Sage handbook of power*. London: Sage Publications.
- Carpentier, N & Cammaerts, B. 2006. Hegemony, democracy, agonism and journalism: An interview with Chantal Mouffe. *Journalism Studies*, 7(6):964-975.
- Daldal, A. 2015. Power and ideology in Michel Foucault and Antonio Gramsci: A comparative analysis. *Review of History and Political Science*, 2(2):149-167.
- Davies, J. 2014. Rethinking urban power and the local state: Hegemony, domination and resistance in neoliberal cities. *Urban Studies*, 51(15):3215-3232.
- Engelstad, F. 2009. Culture and power. In Clegg, SR. & Haugaard, M. eds. *The Sage handbook of power*. London: Sage Publications, pp. 210-238.
- Foucault, M. 2003. *Society must be defended: Lectures at the Collège de France, 1975–76*. New York: Picador.
- Giddens, A. 1984. *The constitution of society: Outline of the theory of structuration*. Cambridge: Polity Press.
- Gordon, R. 2009. Power and legitimacy: From Weber to contemporary theory. In Clegg, SR & Haugaard, M. eds. *The Sage handbook of power*. London: Sage Publications, pp. 256-273.
- Gramsci, A. 1971. *Selections from the prison notebooks*. London: Lawrence & Wishart.
- Han, B. 2019. *What is power?* Cambridge: Polity Press.
- Haugaard, M. 2009. Power and hegemony. In Clegg, SR & Haugaard, M. eds. *The Sage handbook of power*. London: Sage Publications, pp. 239-255.
- Haugaard, M. 2020. *The four dimensions of power: Understanding domination, empowerment and democracy*. Manchester: Manchester University Press.
- Haugaard, M & Pettit, P. 2017. A conversation on power and republicanism: An exchange between Mark Haugaard and Philip Pettit. *Journal of Political Power*, 10(1):25-39.
- Keulder, C. 1998. *Traditional leaders and local government in Africa*. Pretoria: HSRC.
- Laclau, E & Mouffe, C. 1985. *Hegemony and socialist strategy: Towards a radical democratic politics*. London: Verso.
- Lukes, S. 1974. *Power: A radical view*. London: MacMillan.
- Lukes, S. 2005. *Power: A radical view*. Second edition. New York: Palgrave Macmillan.
- Maseko, MJ. 2015. The transformation of traditional leadership: A case study of the Simdlangentsha traditional council and its relationship with local government. Ongepubliseerde PhD-proefskrif. Potchefstroom: Noord-Wes Universiteit.
- Maseko, M & Zaaïman, J. 2018. The Simdlangentsha traditional council and local government: towards a better relationship. *Administratio Publica*, 24(2):175-197.
- Morriss, P. 2009. Power and liberalism. In Clegg, SR & Haugaard, M. eds. *The Sage Handbook of Power*. London: Sage Publications Ltd., pp. 54-69.
- Ntsebenza, L. 2004. Reconciliation, reparation and reconstruction in post-1994 South Africa: What role for land? In Doxtader, E & Villa-Vicencio, C. eds. *To repair the irreparable: Reparation and reconstruction in South Africa*. Claremont: David Philip Publishers, pp. 197-210.

- Parsons, T. 1963. On the concept of political power. *Proceedings of the American Philosophical Society*, 107:232-262.
- Ritzer, G & Stepnisky, J. 2014. *Sociological Theory*. International, Ninth edition. New York: McGrawHill Education.
- Schaefer, RT & Lamm, RP. 1992. *Sociology*. New York, NY: McGraw-Hill
- Scott, JC. 1985. *Weapons of the weak: Everyday forms of peasant resistance*. New Haven: Yale University Press.
- Sithole, MP & Mbele. 2008. *Fiteen year review on traditional leadership*. A research paper. Pretoria: HSRC.
- Suid-Afrika. 1996. Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996.
- Tar, UA & Shettima, AG. 2010. Hegemony and subordination: Governing class, power politics and electoral democracy in Nigeria. *Information, Society and Justice*, 3(2):135-149.
- The Freedom Charter, 1955. Aanlyn weergawe: <https://www.sahistory.org.za/article/freedom-charter> [20 March 2020].
- Tilly, C. 2009. Power and Democracy. In Clegg, SR. & Haugaard, M. eds. *The Sage Handbook of Power*. London: Sage Publications, pp. 70-88.
- Wróbel, S. 2010. Foucault reads Freud: The dialogue with unreason and enlightenment. *Polish Sociological Review*, 171(3):271-288.

Afrikaanse Jakkals-en-Wolftrieksterverhale: Strukturele en inhoudelike patroonmatighede

Afrikaans Jackal and Wolf trickster stories: Patterning in the structure and general content

CORNÉ VAN DER VYVER

Fakulteit Opvoedkunde

Noordwes-Universiteit

Potchefstroom

Suid-Afrika

E-pos: Corne.VanDerVyver@nwu.ac.za



Corné van der Vyver

CORNÉ VAN DER VYVER is 'n lektor in die vakgroep Afrikaans vir Taalonderwys in die Fakulteit Opvoedkunde aan die Noordwes-Universiteit. Sy doseer Afrikaans vir voorgraadse studente in onderwys. Sy behaal 'n BA(Ed)-graad aan die Universiteit van die Vrystaat (1990) en daarna, agtereenvolgens, aan die Noordwes-Universiteit, Honneurs in Taalpraktyk (2007), MA in Afrikaans en Nederlands (2014) en PhD (2018), met die titel van die tesis "Storievertelling as onderrigstrategie ter versterking van gemeenskapsidentiteit".

CORNÉ VAN DER VYVER is a lecturer in the subject group Afrikaans for Education in the Faculty of Education at the North-West University. She holds a BA(Ed) (1990) degree from the University of the Free State; thereafter, from the North-West University, she obtained a BA Honours degree in Language Practice (2007), an MA in Afrikaans and Dutch (2014) and a PhD (2018), the title of the doctoral thesis being "Storytelling as a teaching strategy to strengthen a community's identity".

ABSTRACT

Afrikaans Jackal and Wolf trickster stories: Patterning in the structure and general content

This article explores characteristic or repetitive pattern formations in the structure and general content of selected Afrikaans Jackal and Wolf trickster stories. By using a specific methodology, a corpus of stories was first selected, followed by a comparative analysis of the different stories.

An analysis of repetitive patterns necessitates both syntagmatic and paradigmatic readings of the stories, as demonstrated in both Bremond's (1977) model, dealing with the action in stories and Greimas's (1966) actantial model focusing on different functions of characters. By utilising these analytic models, the methods of storytelling and foregrounding, as well as the meaning of these relationships and of the stories as a whole could be discerned. Pre-existing structural readings of the folk tale, the trickster tale and Jackal and Wolf stories also added value to the research.

Datums:

Ontvang: 2021-06-15

Goedgekeur: 2021-11-22

Gepubliseer: Maart 2022

Some examples from the corpus of stories are provided to illustrate and substantiate findings. The corpus consisted of sound recordings by a project team led by Du Plessis (1987:8-14), recordings made by the researcher in the Murraysburg district in June 2010, Jackal and Wolf stories told by Dana Niehaus (2011), and stories from the volumes Die Kaskenades van Jakkals en Wolf (Rousseau, 2011), Die Mooiste Afrikaanse Sprokies (Grobbelaar & Verster, 2007), and Jakkals en Wolf (Grobbelaar & Verster, 2011).

Both Bremond's action logic and Greimas's actantial model proved valuable in describing the structure of the stories and the unique formations of patterns that emerged from the analysis. For example, the actantial roles (Greimas) in Jackal and Wolf stories represented indications of an underlying deep structure informing countless re-telling of the different stories. Regarding the structure of events (Bremond), it was noticeable that in some of the stories, the episodes followed one another successively, while in others the episodes were embedded in previous episodes.

A comparative reading of the Jackal and Wolf trickster stories revealed significant relationships between the structural elements of the different stories. For example, the stories all take place in a universal past; there are usually three characters in these stories, but usually it is only Wolf that is defeated. The characters are mostly male, and the few female characters present in the stories remain in the background. The characters constantly find themselves in a space that fluctuates between a domesticated and an undomesticated world. The stories are mainly told by an external narrator-focaliser who narrates and observes and who is not limited to a particular position. These stories are most often told by male storytellers. Many of the storytellers are highly attuned to the audience and they often adapt the stories to suit their target audience (South African children). Many of the storytellers engage the audience by making use of ingenious techniques; for example, by directly involving the audience in dialogue or offering moral lessons.

It clearly emerged that the identity of the hero in these stories depends on the perspective from which the events are considered. The investigated corpus shows that the stories can be described as trickster tales in more ways than one, and that they follow the general patterns of trickster tales. It is also clear that the identified structures remain dynamic.

KEYWORDS: actants, analysis, deep structure, folktale, narrative, patterning, structure, structural elements, trickster, trickster story

TREFWOORDE: aktante, dieptestruktuur, narratief, ontleding, patroonmatigheede, triekster, trieksterverhaal, struktuur, struktuurelemente, volksverhaal

OPSOMMING

In hierdie artikel word verslag gedoen van 'n deduktiewe ontleding van 'n versameling Jakkals-en-Wolfverhale met betrekking tot struktuurelemente, strukturele patrone, variasiepatrone en inhoud volgens die beginsels van strukturalistiese narratologie. Die struktuurmodelle wat reeds deur ander navorsers in volks- en trieksterverhale uitgewys is, is ook aan hierdie korpus getoets. Daar is bevind dat Afrikaanse Jakkals-en-Wolfverhale ooreenstem met die universele patrone van trieksterverhale. Dit het ook geblyk dat die held in hierdie verhale bepaal word deur die oogpunt waaruit die gebeure beskou word. Jakkals is onder meer 'n metafoor van die triekster wat in 'n sosiaal beter posisie geplaas word deur die feit dat hy slim is en daarin kan slaag om die fisiek sterkere te uitoorlê. Daar is bevind dat die struktuur van die Afrikaanse Jakkals-en-Wolfverhale in sekere opsigte uniek is – 'n universele verlede, unieke karakters, 'n beperkte

ruimte, ’n verteller-fokalisator, gebeure waarvan die episodes op mekaar volg, episodes wat ingebed is in ’n handelingsreeks en vertellers wat ingestel is op die kindergehoor. Dit is duidelik dat die struktuur en algemene inhoud van Afrikaanse Jakkals-en-Wolftriesterverhale dinamies gebly het. ’n Wyer soektog behoort geloods te word om meer volksverhale, in veral die Suid-Afrikaanse konteks, wetenskaplik te versamel sodat meer verhale met mekaar vergelyk kan word ten einde tot ’n algemener gevolgtrekking te kan kom oor die struktuur en patroonmatig-hede in Suid-Afrikaanse volksverhale.

1. Inleiding en agtergrond

Trieksterverhale word wydverspreid in Afrika vertel, en in hierdie Afrikaverhale neem die trieksterkarakter veral die vorm van ’n dier aan, soos Hasie, Skilpad en Spinnekop (Mwinlaaru & Nkansah, 2018:251; Willis, 1993:274). Die algemeenste trieksterfiguur in Afrikaanse trieksterverhale is Jakkals (Kannemeyer, 1978:212; Pretorius, 2020; Schmidt, 1985:60). Soos verduidelik in paragraaf 2.2.1 voldoen Jakkals, in Jakkals-en-Wolfverhale aan die eienskappe van die trieksterfiguur wat in trieksterverhale voorkom en daarom kan Suid-Afrikaanse Jakkals-en-Wolfverhale geklassifiseer word as trieksterverhale.

Von Wielligh (1926) trek parallelle tussen hierdie verhale en die wêreldbeskouing van die tradisionele (Afrikaanse) gemeenskap (1700–2015). Jakkals-en-Wolfverhale is uniek in Afrikaans aangepas (kyk Bleek, 1864). Van Rensburg (1983) en Pretorius (2020) meen dat hierdie verhale onder meer hul oorsprong het by die Nederlanders wat aan die Kaap aangekom het en Reinaard die Vos as gewilde slaapydstorie aan hul kinders vertel het. Ook in die ander gemeenskappe (veral onder die Khoi) is die stories herskep en verkontekstualiseer sodat dit deel van vandag se Jakkals-en-Wolfverhaleskat is (Van Niekerk, 2018). Daar is dus ’n sterk vermoede dat Afrikaanse Jakkals-en-Wolfverhale hul ontstaan grootliks in die Nederlandse tydperk aan die Kaap het.

Aucamp (2009:16) en Ikomi (2018:277) is van mening dat daar in die storieverteltradisie soveel tekste is as wat daar vertellers is. Elke verteller se besondere styl en invalshoek beïnvloed dus die storieprodukt. Voorts verduidelik Aucamp (2009:16) dat vertellings soos “nomades” is wat van een kultuurgroep na ’n ander “swerf” en mutasies ondergaan. Die Jakkals-en-Wolftriesterverhaal is daarom vermoedelik getransponeer om by ’n nuwe ruimte en tyd aan te pas, en sodoende is nuwe Jakkals-en-Wolfverhale gebore.¹

In die proses van mutasie en transponering moes hierdie verhale noodgedwonge ook verandering in struktuur en inhoud ondergaan het. Geen uitgebreide bronne oor die strukturele aard van Jakkals-en-Wolfverhale kon gevind word nie. Hierdie tekort kan moontlik toegeskryf word aan die skynbare eenvoud van die verhale en die feit dat dit blykbaar hoofsaaklik gerig is op kinders en dus nie wyd bestudeer is nie.

Nuttig en uitsonderlik in hierdie verband is die werk van Dundes (1971), wat ’n basiese patroonmatigheid in Afrikavolksverhale identifiseer, asook Paulme (1977:64-103), wat trieksterverhale uit Afrika morfologies ontleed het aan die hand van Propp (1979) se funksies en Dundes (1971) se modelle. Dundes (1971:176) identifiseer die volgende basiese strukturele patroon met betrekking tot bepaalde genres, die trieksterverhaal inklusief: vriendskap, kontrak, skending (bv. deur middel van misleiding), herstel (van skending) en die einde van vriendskap.

¹ Bryla (2018:6) merk in hierdie verband op dat trieksters as bewoners van die kruispaaie van die lewe gesien kan word. Hulle funksioneer ook as bedrieërs op die drumpel van kulturele stelsels, wat met behendigheid en gemak tussen hierdie kulturele stelsels beweeg.

Hierdie patroonmatigheid sluit aan by Galin (1981:247) se identifisering van drie stadia in die trieksterverhaal, naamlik die beplanning van ’n poets, die uitvoering van die poets en die toe-eiening van die poets. Paulme se bevindinge oor die struktuur van Afrikaverhale sluit ook by die aard van trieksterverhale aan (kyk 2.3).

In die navorsing waaroor hier onder verslag gedoen word, is daar op die volgende probleem gefokus: Watter patroonmatighede kan in die struktuur en algemene inhoud van geselekteerde Afrikaanse Jakkals-en-Wolftrieksterverhale geïdentifiseer word?

2. Konseptuele teoretiese raamwerk

Om die korpus verhale sinvol te kon ontleed, was dit nodig om relevante teoretiese perspektiewe te gebruik. Daarom word daar vervolgens ’n oorsig gegee van navorsing wat reeds oor narratiewe, folklore,² volksverhale, trieksterverhale en Jakkals-en-Wolfverhale gedoen is. Die grondbeginsels van die strukturalisme word ook oorsigtelik verduidelik, omdat dit ’n belangrike instrument was om die patroonmatighede in die struktuur en algemene inhoud van Afrikaanse Jakkals-en-Wolftrieksterverhale sinvol te kon vasstel.

2.1 Narratief

Die kleinste eenheid wat as ’n narratief beskou kan word, kan beskryf word as die talige weergawe van die temporele opeenvolging van twee gebeurtenisse wat ’n verandering teweegbring. Dutton (2009:118) sien groter algemene patrone in die narratief en meen dat die mees abstrakte karakterisering van stories uit menslike wil en die een of ander vorm van verzet daarteen bestaan. Bremond (1977:186) beklemtoon andersyds ’n prototipiese logiese struktuur in verhale: “Elk verhaal bestaan uit een taalhandeling waarbij een opeenvolging van gebeurtenissen van menselijke belang geïntegreerd wordt binnen de eenheid van een en dezelfde handeling.”³ Die narratief volg tipies ’n patroon van oorsaak en gevolg, soos Bremond (1977) uiteensit: a) die storie begin met ’n toestand van ekwilibrium; b) die ekwilibrium word ontwig en ’n disekwilibrium ontstaan; c) en die disekwilibrium word opgelos en die storie eindig weer in ’n ekwilibrium (Todorov, 1977:118). Todorov se narratiewe teorie, in ooreenstemming met dié van Dundes, is op Bremond (1977) se patroon van oorsaak en gevolg gebaseer. Ook Groenewald (1990:133) en Paulme (soos aangehaal in Kam, 2007:138) onderskryf Todorov se teorie. Hierdie siening word in samehang met Bremond (1977:184) se drie logiese fases van ’n proses van narratiewe moontlikhede aanvaar, naamlik die moontlikheid van ’n proses, die verwerking of uitvoering daarvan en die afsluiting van die proses.⁴

2.2 Volksverhale

Jakkals-en-Wolfverhale is nie net narratiewe nie, maar kan meer spesifiek geklassifiseer word as volksverhale. Die term “volksverhaal” word breedvoerig deur Simpson en Roud in A

² Folklore is die versamelnaam vir tradisionele gelowe, gebruike en stories van ’n gemeenskap wat mondelings oorgedra word van generasie tot generasie. Folklore sluit onder meer in legendes, fabels, mites, volksverhale, “ouvroutories”, volksliedere en tradisies (Steenberg, 2013).

³ Du Plooy (1986:165) sluit hierby aan deur die stelling dat waar opeenvolging ontbreek, daar geen verhaal is nie, maar wel beskrywing, gevolgtrekking of liriese ontboeseming.

⁴ Bremond se logika van narratiewe moontlikhede word breedvoeriger bespreek onder die opskrif “Struktuur en struktuurontleding”.

Dictionary of English Folklore (2003) bespreek. Hulle beskou “volksverhaal” as ’n term wat in ’n breër of enger sin gebruik word. In die breër sin het volksverhale betrekking op alle prosa-narratiewe wat tradisionele patrone van stories, of ontwikkelingslyne in stories, volg. Die meeste van die verhale is gevorm deur tradisionele elemente (motiewe) saam te voeg of ’n gevestigde plot (verhaaltipe) oor te dra van een held, of een lokaliteit, na ’n ander. Die basiese katalogus vir volksverhale in die enger sin is die tipes volksverhale wat deur Thompson (1955) geklassifiseer is.

Neethling (1977:40) verklaar dat die narratiewe praktyke van ’n groep op ’n spesiale manier deur volksverhale gevorm word weens die geskiedkundige en kulturele belang van volksverhale. Hierdie stelling kom ooreen met Aucamp (2009) en Ikomi (2018) se siening dat daar verskeie variasies van ’n sekere verhaal binne ’n enkele geografiese gebied mag voorkom. Aucamp (2009) verklaar dat die kern van verhale in ’n bepaalde geografiese gebied weinig mag verskil, maar dat die besonderhede wat die verhale inkleur, meermale ’n veranderlike kwaliteit het. Die verhaal word aangepas om by die vertelsituasie en die ouderdom, kultuur, topografie, politiek en so meer van die gehoor te pas.

2.2.1 *Trieksterverhale*

Trieksterverhale is ’n tradisionele vorm van literatuur wat die avonture en mislukkings van welbekende volksfigure vertel en kan daarom gesien word as ’n onderafdeling van volksverhale. Wanneer daar na die eienskappe van die trieksterfiguur gekyk word, voldoen Jakkals in meer as een opsig daaraan. Daarom kan Jakkals-en-Wolfverhale ook as trieksterverhale geklassifiseer word. ’n Triekster is ’n figuur wat die beste illustreer hoe ’n mens nie in die samelewing behoort op te tree nie. Sy manewales verteenwoordig presies wat gesonde en volwasse mense nie doen nie (Abrahams, 1983:23-155; Maurone, 2002:229). Individue met slegs ’n bietjie emosionele intelligensie sal weet dat dit onaantwoordbare gedrag is en dat die optrede van trieksterkarakters wat menslike swakhede uitbuit, gestraf sal word omdat dit die samelewing onbeskerm laat voel (Haslam *et al.*, 2021:48).

Die hoofkarakters in trieksterverhale wy dikwels hul energie aan konstruktiewe doelwitte, maar het meermale selfsugtige motiewe. Die verklaring hiervoor kan onder meer wees dat die triekster se onvolmaaktheid nie ’n openlike bedreiging vir die orde inhou nie. Die trieksters is dikwels suksesvol, maar moet soms hulself verdedig en word dan heel dikwels die slagoffers van hul eie dade (Williams, 2000:2). McDermott (2005:i) merk op dat trieksterverhale sagkens, maar humoristies die sterk- en swakpunte van die mensdom aan die gehoor demonstreer. Volgens Booker (2010:308) is die triekster op ’n slinkse manier meedoënloos in die gebruik van sy mag deur voor te gee dat hy optree in die held se beste belang terwyl hy eintlik probeer om die held te vernietig. Booker verduidelik dat die eintlike doel van die triekster is om die held te verblind en sy gewete in te perk sonder dat die held daarvan bewus is.

2.2.2 *Struktuur en struktuurontleding*

Struktuurontleding het ten doel om ’n basiese onderliggende patroon binne die letterkunde te ontbloot en verslag te lewer van al die elemente waaruit die geheel bestaan en hoe die elemente onderling met mekaar verband hou om die geheel te vorm. Hierdie struktuur staan voortaan in hierdie bespreking as die “dieptestruktuur” bekend. Dit is die stelsel onderliggend aan die manifestasies, oftewel die patroon onder die oppervlakte. Verskeie navorsers stel metodes voor waarop hierdie dieptestruktuur ontbloot kan word.

Dit is vervolgens belangrik om te let op wat navorsers as strukturalisme beskou. Volgens De Gramont (1970:4) is strukturalisme die soeke na onverwagte harmonie. Dit is die soeke na 'n stelsel van verhoudings verborge in 'n reeks verskynsels. De Gramont (1970:4) wys daarop dat daar in enige vertelling elemente is waarvan sommige toevallig is en ander struktureel. Strukturele elemente is die elemente wat onveranderlik bly ongeag hoeveel keer die storie vertel word.

Culler (1975:14) verduidelik dat struktuur veral aan die hand van binêre opposisies ontleed kan word: "Indeed, the relations that are most important in structural analysis are the simplest: binary oppositions." Binêre opposisies is stelle teenoorgestelde waardes wat die struktuur van die teks ontbloot. In die lig hiervan het Lévi-Strauss (1972) nie soseer belang gestel in die volgorde waarin gebeure gerangskik is om die plot te vorm nie, maar eerder op die dieper rangskikking van temas gelet.

Culler (1975:11) verduidelik dat die begrip van verbandhoudende entiteite uiters belangrik is vir die semiotiek of struktuurontleding van alle soorte sosiale en kulturele verskynsels, want in die formulering van die reëls van 'n stelsel word die eenhede volgens die reëls georden en dus moet vasgestel word wanneer twee objekte of aksies as voorbeelde van dieselfde eenheid tel. Wanneer die strukturalis 'n element se integrasievermoë wil openbaar, is dit eers nodig om die verhouding van die element met ander entiteite op dieselfde vlak te definieer (Culler, 1975:13). Hierdie verhouding van entiteite kan sintagmaties of paradigmatisies van aard wees. Wanneer 'n stelsel ontleed word, is dit nodig om die paradigmatisiese verhoudings (funksionele kontraste) en die sintagmatiese verhoudings (die moontlikhede van kombinasies) te spesifiseer.


Barthes en Duisit (1975:242) voer aan dat strukturele ontleding slegs gedoen kan word as die organisasie van die inhoud van die narratief verstaan word. Dit wil sê, die verskillende vlakke van ooreenkomste moet binne die hiërargiese perspektiewe geplaas word voordat strukturele ontleding uitgevoer kan word. 'n Verhalende teks funksioneer op 'n horisontale en 'n vertikale vlak; die verhaallyn kan eers ten volle begryp word wanneer die horisontale verhaalverloop geprojekteer kan word op die vertikale as wat die lineêre betekenis aanvul en verdiep. Die leser kan met ander woorde nie net van een woord na 'n ander lees nie, maar moet ook van een vlak na 'n ander vlak beweeg om die ware betekenis van die verhaal raak te sien.

Barthes en Duisit (1975) onderskei drie vlakke in die verhalende teks wat beskryf en ontleed moet word, naamlik die vlak van die funksies, die vlak van handeling en die vlak van vertelling. Hierdie drie vlakke is progressief geïntegreer (Du Plooy, 1986:153). In hierdie verband omskryf Oosthuizen (1987:199) strukturalisme as 'n wetenskaplike metode wat gebaseer is op die veronderstelling dat 'n begrip van die verhouding tussen dinge belangriker is as 'n begrip van die dinge self; daarom probeer strukturalisme konsekwent om "dele" en die "gehele" wat hulle konstitueer, te verstaan aan die hand van die verhoudings waarin hulle tot mekaar staan.

Barthes (1977:101) beskou 'n groep funksies wat duidelik bymekaar hoort as 'n reeks. Volgens Barthes (soos aangehaal in Du Plooy, 1986:156) is dit die herkenning van reekse en die verhoudings tussen die reekse asook die begrip van die betekenis van die reekse en die betekenis van dié verhouding tussen reekse wat die struktuur van die verhaal blootlê.

Volgens Bremond (soos aangehaal in Brink, 1987:22) begin die narratiewe opset by funksies en hul aaneenskakeling in logiese reekse, waarvan die elementêrste model drie fases behels: 'n funksie wat die moontlikheid tot 'n handeling open; 'n tweede wat daardie moontlikheid verwerklik; en 'n derde wat die resultaat daarvan beliggaam. Vir Bremond ontstaan 'n verhaal wanneer gebeure in reekse gegroep word. Die elementêrste reeks is wanneer 'n

moontlikheid ontstaan dat iets kan gebeur. 'n Handeling kan hierdie moontlikheid verder versterk of dit laat sneuwel. Indien dit sneuwel, hou die proses op. Wanneer 'n handeling die gebeure versterk, gaan die gebeure voort en sukses kan bereik word; of die handeling gaan wel voort, maar dit misluk. In figuur 2.1 word hierdie proses skematies voorgestel.



Figuur 2.1: 'n Skematiese voorstelling van Bremond se handelingslogika (aangepas uit Bremond, 1977:184).

Greimas (1966) stel belang in die verhoudings tussen elemente en beskryf die verhouding van die akteurs tot die gebeurtenisse. Sy aktansiële model gee die verhouding van die akteurs tot die doel wat nagestreef word, weer. Hy stel nie net belang om die sintagmatiese, lineêre ontplooiing van die verhaal te volg nie, maar ondersoek ook die paradigmatische moontlikhede van elke gegewe. Greimas bied dus 'n minder dinamiese model aan van die verhaalstruktuur as Bremond, wat sy aandag toespits op ontwikkeling, wording en verandering (Brink, 1987:23). Greimas identifiseer die hoofrolle in die handeling van 'n verhaal; alle akteurs wat in dieselfde baan beweeg of aan dieselfde afdeling behoort, noem hy "aktante" – karakters beoordeel volgens die funksie wat hulle vervul. "Vir elke 'strewende' wat geïdentifiseer word, onderskei Greimas dan 'n subjek en 'n objek, 'n bestemmer⁵ en 'n bestemde van die funksies; en subkategorieë van helpers en teenstanders. So 'n aktansiële model vorm vir Greimas die substraat van al wat verhaal is" (Brink, 1987:23). Greimas se aktansiële model kan dus gebruik word om alle verhale se dieptestruktuur te ontbloot.

Greimas se teorie van modaliteite (wyse van voorstelling aan die hand van subjek versus objek, begunstiger en begunstigde of helper en teenstander) is nuttig omdat dit die analise in staat stel om te differensieer tussen verskillende soorte plot binne narratiewe trajekte. Greimas (1966:202-206) stel voor dat narratiewe spanning geskep word deur die aanvanklike strewende van die subjek na die objek en deur die teenstander se bewuste poging om die subjek se soektog na die objek te belemmer.

Strukturaliste (onder andere Todorov, 1977:108-119) verklaar dat patrone die analise sal lei na die onderliggende konvensies van die ontwikkeling van narratiewe. Wanneer daar 'n vaste patroon of grammatika geïdentifiseer kan word, lê die waarde van die ontleding juis daarin dat dit afwykings kan blootlê. Fokkema en Kunne-Ibsch (1978:69) sluit hierby aan en

⁵ Brink se term "bestemmer" word gewoonlik vertaal as "begunstiger" en die term "bestemde" as "begunstigde".

verklaar soos volg: “Even if an author does not obey this logic we must be acquainted with it; his disobedience derives all its meaning precisely in relation to the norms which this logic imposes.” Dit is daarom veral die afwyking van ’n gevestigde norm wat baie betekenisvol kan wees.

2.2.3 Basiese elemente en hul onderlinge verhoudings

Dit is nuttig om na algemene strukturele patrone in die volksverhaal, soos reeds geïdentifiseer deur ander navorsers, te kyk en die bruikbaarheid daarvan te ondersoek vir die bepaling van patroonmatigheide in die struktuur en algemene inhoud van Afrikaanse Jakkals-en-Wolftriesterverhale. Culler (1975:5) verduidelik: “The object is itself structured and is defined by its place in the structure of the system, whence the tendency to speak of ‘structuralism’.”

Invloedryke beskouings van patroonmatigheid in die volksverhaal

Omdat die trieksterfiguur meestal in volksverhale voorkom, is dit belangrik om ondersoek in te stel na die begrip van patroonmatigheide in volksverhale. Alan Dundes (1971:176) het ’n basiese tematiek in bepaalde volksverhale geïdentifiseer wat die volgende behels: vriendskap, kontrak, skending (bv. deur middel van misleiding), herstel (van skending) en die einde van vriendskap. Denise Paulme (1977:64-103) het trieksterverhale gebruik en hulle morfologies aan die hand van Propp (1979) se funksies en Dundes (1971) se modelle ontleed. Dit het haar in staat gestel om die volgende sewe tipes verhale te identifiseer volgens hul morfologiese en narratiewe struktuur: stygende, dalende, sikliese, spiraal-, spieël-, uurglas- en komplekse verhale.

Neethling (1977:41-43) eien die volgende basiese strukturele kenmerke in die volksverhaal wat nou aansluit by Paulme se morfologiese en narratiewe struktuur van die volksverhaal:

- Taal, woordgebruik en gebeure is eenvoudig.
- Episodes volg vinnig op mekaar.
- Die tyd en ruimte asook die karakters word onmiddellik bekendgestel.
- Die slot is kort en bondig.
- Daar is herhaling.
- Karaktertipes toon uiterlike en innerlike ooreenstemming.
- Die karakters is meestal eendimensioneel, met geen karakterontwikkeling wat plaasvind nie.

Die vraag is nou hoe Suid-Afrikaanse volksverhale met die voorgaande algemene strukturele patrone in die volksverhaal vergelyk.

Die struktuur van die Suid-Afrikaanse volksverhaal

Navorsers het in die sewentigerjare opnuut bewus geraak van die Suid-Afrikaanse volksverhaal met die herontdekking van Bleek en Lloyd se boek *Reynard the Fox in South Africa* (1864). Intussen is ander navorsing oor patroonmatigheide in die struktuur van die Suid-Afrikaanse volksverhaal opgeteken.

Lotz (1959:118-121) identifiseer die volgende strukturele eienskappe in Suid-Afrikaanse volksverhale, waarvan sommige mag ooreenstem met ander navorsers se bevindinge:

- Die hoofmotief word deurgaans op standhoudende wyse gehandhaaf.
- Daar is 'n kort inleiding met min besonderhede.
- Onmiddellike aksie met gebeure wat vinnig op mekaar volg.
- Die dialoog is minimaal.
- 'n Eenvoudige knoop.
- Die klimaks word sonder onnodige omslagtigheid bereik.
- Die ontknoping en slot volg mekaar ewe snel op.
- Geen volledige karakterontwikkeling of karakteruitbeelding vind plaas nie.
- Sekere handeling word herhaal (gewoonlik drie keer) en in dieselfde woorde weergegee.
- Drie karakters ondergaan om die beurt dieselfde lot.
- Sommige verhale bevat gedeeltes wat gesing of geresiteer word.
- Karakters kan in twee of drie groepe verdeel word: protagonis (held), antagonis (teenstander) en tritagonis (helper).

Steenberg (2013) verteenwoordig 'n meer onlangse perspektief op struktuur en wys daarop dat die struktuur van die volksverhaal wissel. Sy sê ook dat die ruimte in die volksverhaal vaag mag wees, maar dat daar tog verwysings na die geografiese gebied waar die verhaal afspeel, mag wees.

Suid-Afrikaanse Jakkals-en-Wolfverhale is volksverhale en meer spesifiek trieksterverhale. Daarom kan daar verwag word dat die struktuur daarvan 'n kombinasie sal wees van die struktuur van volksverhale en trieksterverhale, soos reeds beskryf is. Finnegan (2012:321) pleit dat volksverhale gesien moet word as deel van 'n eie sosiale konteks en nie net as stories wat die tyd deurstaan het nie. In hierdie sosiale konteks van Suid-Afrikaanse Jakkals-en-Wolfverhale word dit dan ook duidelik dat Jakkals as die triekster optree wat vir Wolf telkens mislei.

3. Metode

Uit die voorgaande het dit duidelik geword dat, om die strukturele en inhoudelike patroonmatighede van die volksverhaal in die algemeen, en die trieksterverhaal in die besonder, te identifiseer, die volgende gedoen moet word:

- 'n Ontledingsvlak moet gekies word.
- Die elemente of eenhede op daardie gekose vlak moet geïdentifiseer word.
- Die sintagmatiese en paradigmatische verhoudings tussen die geïdentifiseerde elemente en die geheel moet beskryf word.
- Die struktuur moet verbind word met die belangrikste funksies en verbindings tussen die teks en ander groter betekenisraamwerke.

In hierdie artikel is 'n kombinasie van die struktuur van volksverhale en trieksterverhale beskou as die beste manier om die verskillende verbandhoudende vlakke in die narratief te ontleed en te verduidelik. In die ondersoek is die ontledingsvlakke gebruik wat gelyk is in die narratologie, naamlik storie en verhaal. Die basiese elemente op die vlak van storie wat gebruik is, was aktante, tyd, plek en onderliggende handeling. Verder is die elemente van karakters, verhaalpatroon (plot), ruimte en temporele ordening, asook vertelwyse (verteller en fokalisator) op die verhaalvlak gebruik.

Die volgende bronne of vertellers is gebruik om die korpus van verhale vir ontleding saam te stel:

- Fink, A. 2010. *Mondelinge Jakkals-en-Wolfverhale* – (amateur) mondelinge verteller.
- Fink, W. 2010. *Mondelinge Jakkals-en-Wolfverhale* – (amateur) mondelinge verteller.
- NALN – versameling mondelinge verhale wat deur 'n projekspan onder leiding van Du Plessis (1987:8-14) in Suid-Namibië onder die Griekwa-Afrikaners ingesamel is om tekorte in variasietaalkunde aan te vul – mondelinge vertellers.
- Rousseau, L. 2011. *Die kaskenades van Jakkals en Wolf* – verteller.
- Grobbelaar, PW & Verster, S. 2007. *Die mooiste Afrikaanse sprokies* – verteller.
- Grobbelaar, PW & Verster, S. 2011. *Jakkals en Wolf* – verteller.
- Niehaus, D. 2011. *Oom Dana Niehaus vertel Jakkals & Wolfstories* – (professionele) mondelinge verteller.

Onderwerpe waaroor deurgaans in mondelinge, sekondêr mondelinge en geskrewe vorme vertel word, is uit die verhaalkorpus gekies sodat verhale met dieselfde onderwerpe met mekaar vergelyk kon word. Die volgende onderwerpe is geïdentifiseer:

- Die botter-, room- of wynvat
- In die skaapkraal
- Vang vis
- Aan perd se stert vas
- Die bye

Vervolgens word die bevindinge van die studie bespreek.

4. Bespreking van bevindinge

Patrone met betrekking tot die storie en verhaal wat ontbloom is, word vervolgens bespreek. Die volgende Jakkals-en-Wolfverhaal word as voorbeeld geplaas ter illustrasie vir die bespreking van bevindinge:

Jakkals en Wolf in Boer se skaapkraal

Jakkals vertel vir 'n honger Wolf dat daar lekker vet skape in Boer se kraal is. Jakkals gaan wys toe ook sommer vir Wolf waar die kraal met die vet skape is. Daar gekom begin die twee gulsig te vreet aan Boer se skape. Jakkals is egter baie slimmer as Wolf en gaan meet homself kort-kort by die skuiwergat wat die twee toegang tot die skaapkraal gegee het. Wanneer Jakkals dan sien dat hy nou moet ophou vreet, maak hy of hy verder vreet, maar hou intussen vir Wolf dop. Wanneer hy sien dat Wolf dik gevreet is en nie by die skuiwergat sal uitkom nie, hardloop hy na Boer toe en kondig luidkeels aan dat Wolf in Boer se skaapkraal is. Boer vat sy sambok en sy hond en hardloop skaapkraal toe om vir Wolf 'n les te leer. Daar gekom, looi Boer vir Wolf met die sambok en sy hond byt vir Wolf, want Wolf is vasgekeer in die skaapkraal. Wolf probeer so tussen die houe deur om by die skuiwergat uit te kom. Hy verstaan glad nie hoe die gat wat hom toegang tot Boer se skaapkraal gegee het, skielik te klein geword het vir hom en hom nie toelaat om te ontsnap nie.

4.1 Wat (storie)

Die reeks chronologiese gebeurtenisse wat oorwegend lineêr opeenvolgend in Suid-Afrikaanse Jakkals-en-Wolftrieksterverhale weergegee word, lyk gewoonlik so:

- Jakkals eien iets wat in Jakkals en Wolf se basiese behoeftes kan voorsien. Albei het 'n behoefte aan kos en Jakkals het ook 'n behoefte om Wolf 'n streep te trek. Jakkals maak sy plan met betrekking tot eersgenoemde aan Wolf bekend.
- Soms moet Jakkals Wolf oortuig om by sy planne in te val.
- Die plan word uitgevoer (meestal ten koste van Wolf).
- Wolf word te na gekom (hy is dom en naïef) en as gevolg daarvan word Jakkals die meeste van die tyd bevoordeel.

4.1.1 Plek

Die omgewing waarin hierdie stories afspeel, word nie in besonderhede beskryf nie. Die ruimte is aangepas sodat die dierekarakters in die ruimte pas. Die ruimtes wissel egter oor die grens van getemde na ongetemde ruimte en terug. Die plek is dus dinamies.

4.1.2 Tyd

Die stories word meestal chronologies vertel. Die lees- of verteltyd wissel na gelang van hoe uitgebreid die gebeure oortel word. Die verhale word in 'n soort algemene verlede vertel. Wanneer die tydsaanduiding dan meer spesifiek weergegee word, veroorsaak dit 'n meer realistiese tydsraam.

Met betrekking tot aktante en die aktansiële verhoudings kan daar twee moontlike aktansiële modelle vir hierdie soort verhaal gekonstrueer word, afhangende uit wie se oogpunt die gebeure beskou word. Die aktante in hierdie korpus verhale word saamgevat in tabel 1.

TABEL 1: Opsomming van aktante

	UIT JAKKALS SE OOGPUNT	UIT WOLF SE OOGPUNT
Subjek	Jakkals	Wolf
Objek	Boer se begeerde produkte (room, botter, wyn, skaapvleis, vis, perdevleis, heuning) Die slenter moet slaag	Boer se begeerde produkte (room, botter, wyn, skaapvleis, vis, perdevleis, heuning)
Begunstiger	Wolf se goedgelowigheid Wolf se domheid Wolf se grootte en krag	Jakkals se uitgeslapeheid Sy vermoë om slim planne uit te dink
Begunstigde	Jakkals	Wolf (negatief)
Helper	Wolf Boer Boer se honde	Jakkals Jakkals se plan Boer
Teenstander	Vir Jakkals altyd leeg Jakkals Boer se honde	Boer

Betreffende die uitgebreide storie ontbloom die vergelyking van die plotstruktuur in hierdie korpus 'n oorkoepelende patroon. Die storie in al die vertellers se verhale begin in 'n disekwilibrium vir Wolf en Jakkals, maar in 'n ekwilibrium vir Boer. Dan ontstaan daar vir Boer 'n disekwilibrium, maar vir Wolf en Jakkals word die disekwilibrium vergroot. Die disekwilibrium word opgelos vir Jakkals en Boer, en die storie eindig vir hulle in 'n ekwilibrium, maar Wolf se disekwilibrium word enduit gehandhaaf. Hierdie patroon kan as 'n unieke patroon beskou word vir Afrikaanse Jakkals-en-Wolftrieksterverhale omdat dit afwyk van die patroon van ekwilibrium, disekwilibrium en herstel wat Todorov (1977), Paulme (1977) en Taljaard (1999) waargeneem het.

4.2 *Hoe (verhaal)*

4.2.1 *Verhaalstruktuur*

Baie elemente van die verhaalstruktuur stem ooreen met die bevindinge van Lotz (1959), Neethling (1977) en Taljaard (1999), soos hier bo aangedui in die konseptuele en teoretiese raamwerk. Jakkals-en-Wolfverhale se handelingslyn (gebeure) is duidelik en oënskynlik eenvoudig. Soos aangetoon, begin elke verhaal waar Jakkals en Wolf honger is en Jakkals dié behoefte gebruik om sy planne in werking te stel. Jakkals se planne om Wolf 'n streep te trek word nooit direk aan die gehoor gegee nie, maar die gehoor, wat vertrou is met Jakkals-en-Wolfverhale, is bedag op die feit dat Jakkals altyd daarop uit is om Wolf 'n streep te trek.

Die klimaks word sonder omslagtigheid bereik. Jakkals oortuig gewoonlik vir Wolf om in te val by sy planne. Die knoop is eenvoudig. Jakkals verduidelik gewoonlik kortliks aan Wolf wat hy beplan en hulle voer die plan dan uit.

Die meeste verhale word vertel sonder lang verduidelikings of beskrywings. Die episodes volg mekaar vinnig op; daar is dadelik aksie en daar is gewoonlik nie groot tydspronge nie. In etlike gevalle word groter tydspronge in die verhaal aangetref omdat die storie meer uitgebreid vertel word.

Dis juis deur binêre opposisies wat struktuur geopenbaar word. In hierdie verhale is dit die opposisie van dom Wolf teenoor slim Jakkals of gebrek by Wolf teenoor Jakkals en Boer se oorfloed wat in elke verhaal herhaal word.

In sommige van die skaapkraalverhale is 'n gedeelte wat gesing of geresiteer kan word, byvoorbeeld:

En toe hulle so stap, sing hierdie skelm Jakkals: “Die sieke dra die gesonde. Die sieke dra die gesonde. Die sieke dra die gesonde.”

Die hoofmotief is die motief van die kleiner slimme wat die sterker domme oorwin. Hierdie motief word deurgaans op standhoudende wyse gehandhaaf.

4.2.2 *Tydspatrone*

Temporele verhoudings

Met betrekking tot volgorde, volg die episodes van die verhale chronologies op mekaar. Daar is min afwykings van die storievolgorde. Met betrekking tot frekwensie word die gebeure meestal singulatief vertel.

Die verhale word teen 'n vinnige tempo vertel. Die eiesoortige vertelpatrone lê juis daarin dat daar meer tyd afgestaan word aan sommige episodes as aan ander. Die episodes waarin die hoorder voorberei word op die slenter waarmee Jakkals vir Wolf gaan vang, asook die episodes waar Jakkals dalk uitgevang kan word en hy sy skelmstreek moet verdedig, kry meer verteltyd.

In die botter-, room- of wynvatverhaal en in die skaapkraalverhaal word daar soms opsommings aangetref. Met ander woorde, die verteltyd in die teks is hier minder as die storietyd. Die tyd wat dit byvoorbeeld vir Jakkals neem om drie vate se wyn uit te drink en alles wat daar rondom kan gebeur, word in een sin saamgevat.

4.2.3 *Karakters en karakterisering*

In hierdie verhale is daar ook telkens drie karakters ter sprake, soos in sprokies, naamlik Jakkals (die protagonis), Wolf (die antagonis) en Boer (die tritagonis). Alhoewel Jakkals en Wolf oor menslike eienskappe beskik, verteenwoordig hulle nie 'n duidelike beeld van die universele mens nie. Die karakters is meestal eendimensioneel, met geen karakterontwikkeling wat plaasvind nie. Karakteruitbeelding geskied hoofsaaklik deur middel van wat die karakters sê en doen en deur direkte karakterisering deur die verteller. Dialoog speel meestal 'n ondergeskikte rol. Daar word ook gebruik gemaak van indirekte karakterbeelding deur wat die karakters van mekaar sê en deur die karakters se dialoog. Die verteller se mededeling gee ook karaktereienskappe van die karakters weer.

Die drie hoofkarakters het geen kreatiewe benamings nie, maar word vernoem na hul aard: Jakkals, Wolf en Boer. Daar is etlike gevalle waar ingewikkelder verhoudings tussen die karakters subtiel deur aanspreekvorme aangedui word.

Die karakters in die verhale is meestal van die manlike geslag. Die vroulike karakters is almal byspelers in die betrokke verhale en word terloops genoem. Die bye is die enigste karakters wat as manlik (seur) en vroulik (miesies) voorgestel word, met 'n koningin as leier. Dit is die manlike hoofrolspelers met wie rekening gehou moet word omdat die verhale hoofsaaklik in 'n manlike wêreld afspeel.

Nie al die vertellers artikuleer die trieksterkaraktereienskap so duidelik nie. Hierdie tegniek veroorsaak heel waarskynlik dat die gehoor die triek meer waardeer omdat die simpatie uitgedoof is wat eintlik die verontregte (Wolf) toekom.

4.2.4 *Ruimtelike patrone*

Direkte ruimtelike aanduidings

In die meeste van die verhale steek Jakkals en Wolf die grens tussen die getemde en ongetemde wêreld dikwels oor – van veld na plaaswerf. Omdat die hoofkarakters diere is, lewer die ruimtelike plasing in die natuur 'n bydrae tot die geloofwaardigheid van die verhaal. Die plekke word selde in die verhale beskryf of benoem. Die ruimtelike aanduidings wat in die verhale voorkom, is doelbewus en daarom funksioneel omdat dit bydra tot die voltrekking van die skelmstreek wat Jakkals vir Wolf beplan, asook die meelewingsaspek, omdat dom Wolf dit nie besef nie.

4.2.5 *Sintuïglike waarnemings*

Visueel en taktiel

Visuele en taktiele waarnemings is nie volop in hierdie verhale nie.

Ouditief

Die gehoor hoor as't ware die gesprekke tussen Jakkals en Wolf, en ook Boer, wanneer Dana Niehaus (2011) gebruik maak van verskillende stemtone om onderskeid te tref tussen die verskillende karakters.

4.2.6 *Fokalisasie en stem*

Die verhale word vertel deur 'n eksterne verteller-fokalisator wat sowel kyk as vertel en wat nie beperk is tot 'n bepaalde posisie nie. Psigologiese faktore speel ook 'n rol in die fokalisasie in hierdie verhale en beklemtoon so ook die rol van die eksterne fokalisator. Die verteller-fokalisator rig hom soms direk tot die gehoor en verwys na die verteller en die gehoor se gedeelde kennis. Soms dring die fokalisator wel in Wolf se gedagtes in en bied 'n direkte weergawe van Wolf se gedagtes aan deur middel van Wolf se eie woorde (persoonsgebonde fokalisasie).

Met tye rig die verteller hom ook direk tot die gehoor om kennis wat hy oor die karakter het, te deel. As gevolg van die fokalisasie weet die gehoor soms meer as die karakter (meestal Wolf). So tree die verteller eksplisiet na vore en staan met ander woorde nie op die agtergrond nie. Die verteller artikuleer ook waardes en sienings en voed sodoende die gehoor op.

Hierdie verhale verteenwoordig ook die ewige stryd van Boer teen die natuurkragte, maar oorwegend van die natuur se kant af gefokaliseer. Dit vorm as't ware 'n subplot van die verhaal – dit staan nie in die kern nie, maar vorm 'n soort algemene raam vir die verhaal.

4.2.7 *Gebeure (handelingsreeks, handelingslogika)*

Daar bestaan verskeie handelingsreeks in Suid-Afrikaanse Jakkals-en-Wolfverhale, wat op mekaar volg, parallel loop of in mekaar ingebed is. Die reeks volg oorwegend op mekaar, maar die verhale verskil in die mate waarin ander reeks in die groter reeks ingebed word. Die patroon van die twee parallelle reeks, naamlik die voorstelreeks en die triekreeks, bestaan ook deurgaans in al die verhale.

Die verhale in hierdie korpus bestaan nooit uit minder as twee episodes nie en nooit uit meer as agt episodes nie. Die verhale openbaar altyd oorkoepelend 'n verbetering vir Jakkals, maar 'n verslegttingsproses vir Wolf. Die verbetering- en verslegttingsprosesse loop dikwels parallel: wat vir Wolf na 'n verbetering lyk, bied vir Jakkals die moontlikheid om Wolf weer 'n streep te trek. Die verbetering- en verslegttingsprosesse word gelyktydig in die verhaal voltrek. Die kernverhaal bly primêr, maar ander verhalende gedeeltes kan ook in die kernverhaal ingebed word. Die aantal prosesse hang af van die mate waarin die verhaal uitgebrei word.

5. Slotsom

In hierdie ondersoek is gepoog om Jakkals-en-Wolfverhale te vergelyk deur die komponente waaruit die verhale bestaan deur middel van spesiale metodes te skei en die verhale op grond van hierdie komponente te vergelyk. Die ontleding by wyse van Greimas se aktansiële model

het dit moontlik gemaak om die betekenis van hierdie komponente sowel as die betekenis van die verhaal in geheel duideliker na vore te bring. Vaste elemente van Jakkals-en-Wolfverhale is geïdentifiseer en omskryf. Aktante is geïdentifiseer in 'n poging om die onderliggende struktuur te vind wat voortbestaan ongeag hoeveel keer die storie vertel word. Dit het uit die ontleding na vore gekom dat die held in hierdie verhale bepaal word uit wie se oogpunt die gebeure beskou word. Daar is ook bevind dat die korpus wat ondersoek is in meer as een opsig as volksverhale beskryf kan word en met die algemene patrone van trieksterverhale ooreenstem.

Die struktuur van Afrikaanse Jakkals-en-Wolfverhale is in sekere spesifieke opsigte uniek – 'n algemene verlede, unieke karakters, 'n meer beperkte ruimte, 'n verteller-fokalisator, vertellers wat ingestel is op die kindergehoor en gebeure waarvan die episodes op mekaar volg en soms episodes wat ingebed is. Dit het ook duidelik geword dat hierdie strukture dinamies gebly het. Verskille tussen die Europese Reinaard die Vos en die Suid-Afrikaanse Jakkals-en-Wolfverhale is gevind in die inhoudelike patrone omdat aanpassings van die verhale uit Europese oorsprong noodwendig moes plaasvind ter wille van die Suid-Afrikaanse gehoor, die gehoor se kultuur asook die natuurlike en sosiale omgewing.

Hierdie uiteensetting van die patroonmatigheide in die struktuur en algemene inhoud van Afrikaanse Jakkals-en-Wolftrieksterverhale mag die wetenskaplike gehoor met meer insig en kennis laat wanneer daar na veral trieksterverhale uit die wyer Afrikakonteks geluister word.

BIBLIOGRAFIE

- Abrahams, RD. 1983. *African folktales: Traditional stories of the black world*. New York, NY: Pantheon Books.
- Aucamp, H. 2009. In Von Wielligh (red.). *Versamelde boesmanstories, Deel 1 en 2*. Pretoria: Protea Boekhuis.
- Barthes, R & Duisit, L. 1975. An introduction to the structural analysis of narrative. *New Literary History*, 6(2):237-272.
- Barthes, R. 1977. In Barthes (ed.). *Image music text*. London: Fontana.
- Bleek, WHI. 1864. *Reynard the fox in South Africa, or, Hottentot fables and tales*. London: Trübner.
- Booker, C. 2010. *The seven basic plots: Why we tell stories*. London: MPG Books.
- Bremond, C. 1977. In Bronswaer, Fokkema & Ibsch (reds.). *Tekstboek algemene literatuurwetenskap*. 2de uitgawe. Baarn: Amboeboeken.
- Brink, AP. 1987. *Vertelkunde: 'n Inleiding tot die lees van verhalende tekste*. Pretoria: Academica.
- Bryla, M. 2018. Tracking the transnational trickster: Gary Shteyngart and his protagonists. *Nordic Journal of English Studies*, 17(2):1-28.
- Culler, J. 1975. *Structuralist poetics*. London: Routledge & Kegan Paul.
- De Gramont, S. 1970. In Hayes & Hayes (eds). *Claude Lévi-Strauss, the anthropologist as hero*. Cambridge, MA: MIT Press.
- Dictionary of English folklore. 2003. "Folktales". <http://www.oxfordreference.com> [19 June 2012].
- Du Plessis, HGW. 1987. Aspekte van Suidwes-Afrikaans met spesiale verwysing na die Afrikaans van die Van der Merwes, Deel 1. [Ongepubliseerde RGN-verslag].
- Du Plooy, H. 1986. *Verhaalteorie in die twintigste eeu*. Durban: Butterworths.
- Dundes, A. 1971. In Maranda & Maranda (eds). *Structural analysis of oral tradition*. Philadelphia, PA: University of Pennsylvania Press.
- Dutton, D. 2009. *The art instinct: Beauty, pleasure, & humane volution*. New York, NY: Bloomsbury Press.
- Fink, A. 2010. Mondelinge Jakkals-en-Wolfverhale. [Klankopname]. 7 Junie, Murraysburg.
- Fink, W. 2010. Mondelinge Jakkals-en-Wolfverhale. [Klankopname]. 7 Junie, Murraysburg.
- Finnegan, R. 2016. *Oral literature in Africa*. Vol. 1. Cambridge: Open Book.
- Fokkema, DW & Kunne-Ibsch, E. 1978. *Theories of literature in the twentieth century*. London: Hurst & Company.

- Galin, A. 1981. Semantics and structure: An analysis of two trickster tales. *Semantics and Structure*, 1(3):241-268.
- Greimas, AJ. 1966. *Structural semantics: An attempt at a method*. Lincoln, NE: University of Nebraska Press.
- Grobbelaar, PW & Verster, S. 2007. *Die mooiste Afrikaanse sprokies*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Grobbelaar, PW & Verster, S. 2011. *Jakkals en Wolf*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Groenewald, HC. (ed.). 1990. *Oral studies in Southern Africa*. Pretoria: Human Sciences Research Council.
- Haslam, SA, Steffens, NK, Reicher, SD & Bentley, SV. 2021. Identity leadership in a crisis: A 5R framework for learning for responses to Covid-19. *Social Issues and Police Review*, 15(1):35-83.
- Ikomi, EO. 2018. In Awhefeada & Omoko (eds). *Scholarship and commitment*. Lagos: Malthouse Press.
- Janse van Rensburg, FI. 1983. *Van Vlaamse vos tot Afrikaanse jakkals: Verafrikaansing van die Reinaert*. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit.
- Kam, SA. 2007. A new approach to the classification of African oral texts. *Tydskrif vir Letterkunde*, 44(1):136-154.
- Kannemeyer, JC. 1978. *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur*. Kaapstad: Academica.
- Lévi-Strauss, C. 1972. *Structuralism and ecology*. Spring: Barnard Allumnae.
- Lotz, JD. 1959. Die dierverhaal in Zoeloe. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Verhandeling – MA).
- Maurone, J. 2002. The trickster icon and objectivism. *The Journal and Literature*, 3(2):229-258.
- McDermott, G. 2005. *Jabuti the tortoise: A trickster tale from the Amazon*. Orlando, FL: Voyager Books.
- Mwinlaaru, IN. & Nkansah, SK. 2018. The trickster as a semiotic figure for construing postcolonial experience: Kwakye's "The clothes of nakedness". *Journal of the African Literature Association*, 12(3):250-268.
- Neethling, JS. 1977. *Kinderletterkunde: Sy aard en onderrig*. Kaapstad: Maskew Miller.
- Niehaus, D. 2011. Oom Dana Niehaus vertel jakkals & wolfstories. Vol 1. Pretoria: Leo Musiek [CD].
- Oosthuizen, JS. 1987. In Snyman & Du Plessis (reds.). *Wetenskapbeelde in die geesteswetenskappe*. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.
- Paulme, D. 1977. In Lindfors (ed.). *Forms of folklore in Africa*. Austin, TX: University of Texas Press.
- Pretorius, F. 2020. Jakkals en Wolf bly geliefde karakters. *Beeld*, 5 Februarie. <https://www.netwerk24.com/ZA/Beeld/Metro-Gauteng/jakkals-en-wolf-bly-geliefde-karakters-20200204> [14 April 2021].
- Propp, V. 1979. *Morphology of the folktale*. Austin, TX: University of Texas Press.
- Rousseau, L. 2011. *Die kaskenades van jakkals en wolf*. Pretoria: LAPA Uitgewers.
- Schmidt, S. 1985. Ancient European fairytales in Southern Africa. *Lantern*, 34(1):60-65.
- Steenberg, E. 2013. In Cloete (red.). *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr. <http://www.litterm.co.za/index.php/v/269-volksverhaal> [12 April 2021].
- Thompson, S. 1955. *Motif-index of folk literature: A classification of narrative elements in folktales, ballads, myths, fables, mediaeval romances, exempla, fabliaux, jestbooks and local legends*. Indianapolis, IN: Indiana University Press.
- Todorov, T. 1977. *The poetics of prose*. Oxford: Basil Blackwell.
- Van Niekerk, J. 2018. Afrikaans stories of Jackal and Hyena: Oral and written traditions. *Tydskrif vir Letterkunde*, 55(3). <https://doi.org/10.17159/2309-9070/tvl.v.55i3.5511> [14 Mei 2021].
- Von Wielligh, GR. 1922. *Dierestories soos deur Hotnots vertel, Deel 1, 2 en 3*. Pretoria: Van Schaik.
- Williams, A. 2000. *Tricksters and pranksters*. Amsterdam: Rodopi.
- Willis, R. 1993. *World mythology*. New York, NY: Henry Holt & Company.

Gender-performance in Alba Bouwer se vertaling van die etiketboek *Sybille: Sjarmante vriendin*

Gender performance in Alba Bouwer's Afrikaans translation of the etiquette book Sybille: Sjarmante vriendin (Sybille: Charming friend)

LIZELLE SMIT

Nadoktorale navorsingsgenoot
Departement Engels
Universiteit van Stellenbosch
Suid-Afrika
E-pos: lkattekatte@gmail.com



Lizelle Smit



Danie Stander

DANIE STANDER

Nadoktorale navorsingsgenoot
Departement Afrikaans en Nederlands
Universiteit van Stellenbosch
Suid-Afrika
E-pos: dani-est@hotmail.com

<p>LIZELLE SMIT is 'n nadoktorale navorsingsgenoot van die Universiteit van Stellenbosch se Departement Engelse Studies. Sy het haar PhD, getiteld “South African Female Subjectivity (1868–1977): Life Writing, the Agentive ‘I’ and Recovering Stories” in 2019 aan die US verwerf. In haar navorsing ondersoek sy merendeels ongepubliseerde ego-tekste of lewensbeskrywinge van Suid-Afrikaanse vroue wat sy opspoor in verskeie argiewe. Sy het al artikels oor die ego-tekste van Petronella van Heerden, Joyce Waring, Melina Rorke, Pauline Murray en Jane Elizabeth Waterston gepubliseer.</p>	<p>LIZELLE SMIT is a postdoctoral fellow at the English Department of Stellenbosch University. She obtained her PhD in 2019 at Stellenbosch University, with a thesis titled “South African Female Subjectivity (1868–1977): Life Writing, the Agentive ‘I’ and Recovering Stories”. Her research examines forgotten or neglected South African women’s life writing which she locates in various archives. She has published research papers on the life writing of Petronella van Heerden, Joyce Waring, Melina Rorke, Pauline Murray and Jane Elizabeth Waterston.</p>
<p>DANIËL BOTHA STANDER is tans 'n nadoktorale navorsingsgenoot by die Universiteit van Stellenbosch se Departement Afrikaans en Nederlands. Hy voltooi die grade BA(Drama), BAHons(Engels), MA(cum laude), en verwerf sy doktorsgraad in Engelse Studies in 2019 aan die Universiteit van Stellenbosch. In 2014 ontvang hy 'n nagraadse onderwysdiploma in opvoedkunde waarna hy hoërskoolleerlinge in</p>	<p>DANIËL BOTHA STANDER is presently a postdoctoral fellow at the Department of Afrikaans and Dutch (Stellenbosch University). He completed the degrees BA(Drama), BAHons(English Studies), MA(cum laude) and obtained his DPhil(English Studies) in 2019 at the University of Stellenbosch (SU). In 2014 he completed a postgraduate diploma in education after which he taught English and Drama at</p>

Datums:

Ontvang: 2021-04-14

Goedgekeur: 2021-12-15

Gepubliseer: Maart 2022

Engels en Drama onderrig in 2015 en 2016. Stander het voorheen gewerk as a seminarlektor by die Universiteit van Stellenbosch se Departement Engelse Studies en hy het opgetree as tutor vir voorgraadse studente in dieselfde vak by US en die Universiteit van die Wes-Kaap. Sy navorsingsfokusse sluit in: outo/biografie, literêre biografie, biofiksie, outofiksie, teater- en *performance* studies, historiografie, kanonstudies, vertaalstudies, die geskiedenis van die sonnet en Suid-Afrikaanse letterkunde en -geskiedenis.

secondary school in 2015 and 2016. Stander was a seminar lecturer at SU's English Department and tutored undergraduate students in English Studies both at SU and the University of Western Cape. His research interests include: auto/biography, literary biography, biofiction, autofiction, theatre and performance studies, historiography, canonicity, translation studies, the history of the sonnet and South African literature and history.

ABSTRACT

Gender performance in Alba Bouwer's Afrikaans translation of the etiquette book Sybille: Sjarmante vriendin (Sybille: Charming friend)

In this article we investigate the Afrikaans journalist and children's book author Alba Bouwer's Afrikaans translation of the anonymously published German etiquette book, Charmante Freundin: Sybille (1959), as Sybille: Sjarmante vriendin (1968). Mention of Bouwer's translation of Sybille has thus far been omitted in Afrikaans literature reference sources, a remarkable oversight given Bouwer's magisterial canon position in Afrikaans literature and the general thoroughness that characterises sources on her writing. Furthermore, notable lacunae exist of analyses or discussions of the Afrikaans etiquette book genre. To date, Afrikaans texts in this genre have not been examined or analysed and neither has the genre as such been defined in relation to the cultural milieu of its Afrikaans readers. This article seeks to initiate a discussion of not only this unexamined genre, but also this particular neglected text and its significance regarding Bouwer's oeuvre.

International theorists of etiquette books stress the status thereof as a typically female-targeted genre preoccupied with the establishment of normative feminine values, and we thus read Sybille as a script advocating a standard (Western) hegemonic gender performance. We employ Judith Butler's theories of gender performativity and gender performance to analyse Sybille's advice offered to her female readers, arguing that the speaker's prescribed suggested female ideal concurs with normative hegemonic expectations of women in the sociohistorical context in which it was translated. Similarly, her advice hinges, semantically and in general, on women never performing their gender in an excessive or demonstrative way that she describes as "too" much. We conduct a close reading of the text itself, scanning it for the rhetorical techniques employed, specifically with regard to the narrator's seductive self-presentation and the manner in which she addresses and engages the model reader to generate a process of gendered subject formation. In this section we identify and discuss both Sybille's performed and performative dimensions as well as how these two distinct but interrelated concepts interact in the text and in its desired social outcome.

By adopting a descriptive (as opposed to a prescriptive) translation theory lens, we focus on the translated text's position and function in the culture of the target language community in the late 1960s rather than on that of its original 1950s German production context. To this end we employ André Lefevre's concept of rewriting, Itamar Even-Zohar's notion of compatibility and Sandra Bermann's application of Butler's definition of performativity with reference to Translation Studies. With the aid of these notions, we interpret Bouwer's translation

as contributing to the inauguration of a boom of etiquette books in Afrikaans since the 1960s.

Subsequently, we contextualise this translated text against the background of Afrikaner nationalist gender constructions of the 1960s and 1970s, as expressed by Bouwer and certain influential political figures. Three prescribed gendered social roles for Afrikaner women in the 1960s and 1970s are identified. Afrikaner women were expected to be: (a) mothers and wives, (b) the keepers or custodians of Afrikaner morality (c) and by implication, they were expected to act as guardians against perceived enemies of the nation (identified as Communism and the equality of different races). Our analysis illustrates that most of the Afrikaner nationalist norms and values regarding gender and its associated prescribed expected behaviours we identify were also espoused by the speaker in *Sybillie* and therefore the source text, in terms of its propagated value assumptions and truth claims, translates seamlessly and effectively into the mainstream reading context of the target culture.

Lastly, we identify throughout the paper a comparable self-contradiction in Bouwer's own rhetoric (found in paratextual sources, such as speeches) and in that of the speaker in *Sybillie*: both simultaneously endorse and criticise patriarchal constructions of womanhood. We ascribe this paradoxical construction of femininity to the subtle influence of Second Wave Feminism on discourses concerning gender in South Africa.

KEYWORDS: Alba Bouwer, *Sybillie: Sjarmente vriendin*, etiquette literature; morality literature; Descriptive Translation Theory, gender performance, gender performativity, Afrikaner women's roles in the 1960s and 1970s

TREFWOORDE: Alba Bouwer, *Sybillie: Sjarmente vriendin*, etiketliteratuur, sedeliteratuur, deskriptiewe vertaalteorie, gender-performance, genderperformatiwiteit, rolverdelings van Afrikanervroue in die 1960's en 1970's

OPSOMMING

In hierdie artikel ondersoek ons Alba Bouwer se Afrikaanse vertaling van die Duitse etiketboek *Charmante Freundin: Sybillie* (1959), waarin die outeur nie vermeld word nie, as *Sybillie: Sjarmente vriendin* (1968). Die Afrikaanse vertaling van *Sybillie* word nêrens vermeld in die Afrikaanse naslaanliteratuur nie en daar bestaan 'n lakune in die ontleding van die Afrikaanse etiketboekgenre. Hierdie artikel trag om 'n gesprek aan te voor oor hierdie geïgnoreerde genre en hierdie vergete teks. Internasionale teoretici van etiketboeke beklemtoon die genre se gemoeidheid met voorskriftelike gedrag vir vroue en daarom vertolk ons *Sybillie* as 'n handleiding vir hegemoniese gender-performance. Ons gebruik Judith Butler se teorieë van genderperformatiwiteit en gender-performance om die advies wat *Sybillie* aanbied vir haar vroulike teikenlesers te ontleed, en redeneer dan dat die spreker se voorgeskrewe vroulike ideaal ooreenstem met normatiewe hegemoniese verwagtings van vroue. Deur die lens van die deskriptiewe vertaalteorie kaats ons die teks teen die agtergrond van Afrikanernasionalistiese genderkonstruksies van die 1960's en 1970's soos geuiteur deur Bouwer en ander invloedryke politieke figure. Ons identifiseer dan 'n interne teenstrydigheid in beide Bouwer en *Sybillie* se retoriek en advies aangaande aanvaarbare vroulike gedrag en bevind dat hul albei patriargale konstruksies van vroulikheid terselfdertyd beaam en kritiseer. Ons skryf hierdie paradoksale konstruksie van vroulikheid toe aan die subtiele invloed wat die tweede feministiese beweging begin uitoefen het op genderideologie in Suid-Afrika.

1. Inleiding

Hierdie artikel ondersoek Alba Bouwer se vertaling in Afrikaans van die anoniem gepubliseerde¹ Duitse etiketboek getiteld *Charmante Freundin: Sybille* (1959), onder die titel *Sybille: Sjarmante vriendin* (1968),² en maak die bewering dat hierdie etiketboek ’n letterlike handleiding is vir ’n voorgeskrewe gender-*performance*³ wat strook met hegemoniese patriargale vasstellings van vroulikheid. Verder redeneer ons dat die norme en waardestelsels wat geartikuleer word in die Duitse bronteks moeiteloos oordraagbaar was na die doeltaal, want die genderkonstruksies van die Afrikanergemeenskap in die 1960’s en 1970’s het alreeds ooreengestem met die norme wat voorgeskryf word in die Duitse bronteks. Geen enkele gekanoniseerde literatuurgeskiedenis of enige outeursprofiel oor Bouwer en/of die Afrikaanse letterkunde meld hierdie vertaling van Bouwer as een van haar amptelike uitsette nie.⁴ Trouens, nie eers die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum, wat ’n uitgebreide Bouwer-versameling huisves, of Tafelberg, die uitgewer van die boek, besit dokumente, knipsels of ander argiefmateriaal wat melding maak van hierdie vertaalde teks nie. Hierdie teks het dus tot dusver geen akademiese aandag geniet nie. Dit is wel moontlik om hierdie gaping toe te skryf aan enersyds ’n gebrek aan navorsing oor die etiketboekgenre as geheel in Afrikaans en andersyds aan ’n gepaardgaande gebrek aan ondersoeke na vertalings en verwerkings in Afrikaanse literatuurstudies. Gedeeltelik is ons doel met die huidige ondersoek na hierdie vertaalde etiketboek om ’n onbekende deel van Bouwer se oeuvre te belig, asook om die etiketboekgenre in die geheel te plaas teen die agtergrond van Afrikaner-vroue se genderkonstruksies in die sestiger- en sewentigerjare.

Die naam Alba Bouwer is in vele opsigte sinoniem met die volgende kategorieë in die Afrikaanse lettere vanaf die vyftiger- tot die negentigerjare: die kinderboek, vrouegerigte

¹ Die Duitse etiketboek is inderdaad anoniem gepubliseer, maar ons het (te danke aan ons taalversorger, Dineke Ehlers, wat Duits magtig is, en die inisiatief geneem het om haar eie navorsing te doen) vasgestel dat Anneliese Friedmann die outeur was. Die *Wikipedia*-blad (2021) oor Anneliese Friedmann, waarvoor ons die vertaalfunksie kon gebruik om die inhoud te lees, meld dat Friedmann (1927–2020) ’n joernalis by die koerant *Süddeutsche Zeitung* was en later op die redaksie gedien het. Sy was in beheer van die skoonheidsblad en het in hierdie kapasiteit ’n weeklikse kolom geskryf onder die skuilnaam “Sibylle” (2021). Alhoewel *Charmante Freundin: Sybille* anoniem gepubliseer is, sou meeste Duitse lesers wel bewus wees van die feit dat die boek van die rubriek afkomstig is.

² Ons kort die Afrikaanse titel voorts af as *Sybille*. Al die aanhalings word geneem uit die tweede druk van *Sybille* uit 1970.

³ Ons gebruik van die leenwoord-as-vakterm *performance* word deur die volgende oorwegings gemotiveer. Die term *performance* word reeds in Afrikaanse akademiese navorsing toegepas (Du Preez, 2007; Fourie, 2015) en so ook die spesifieker term *gender performance* (Stander, 2021). In Duitse teater- en *performance*-wetenskap behels die woord *performance* die samesmelting van die begrippe *aufführen* (“opvoer”) en *ausführen* (“uitvoer”); *performance* dui dus op ’n handeling wat ’n kombinasie van hierdie twee betekenis behels (Ajomand, 2014:x). In hierdie artikel toon ons aan dat gender, spesifieker nog, hegemonies-bepaalde vertolkings van Afrikanervroulikheid in die sestigerjare, inderdaad aspekte van *uitvoering* en *opvoering* behels. Dit is ’n *uitvoering* in die sin dat dit iets is wat gedoen word, ’n (sosiokulturele) plig wat volvoer word, maar dit is ook ’n *opvoering* omdat dit begrond is in ’n mate van selfbewustheid wat baie soorte uitvoerings nie kenmerk nie.

⁴ *LitNet* (2020) se skrywersprofiel oor Bouwer, *Perspektief en profiel* Deel 1–3 (2015–2016), *Die Afrikaanse Literatuur, 1652–2004* (2005) en die uitstekende Afrikaanse *Wikipedia*-profiel (2020) oor Bouwer bevat geen verwysing na hierdie vertaling nie. Daarby kon ook geen verwysing na hierdie vertaling in ander bronne opgespoor word nie.

joernalistiek, sedeliteratuur⁵ en ook die vertaling van boeke uit veral hierdie genoemde genres. In die lekebewussyn word sy veral onthou vir die kritieke en kommersiële sukses van haar kinderboeke (veral *Stories van Rivierplaas*) en haar werk as joernalis vir die gewilde vrouetydskrif *Sarie*. Haar betrokkenheid by ’n kombinasie van die bogenoemde maak Bouwer dus ’n leidende figuur in die vertolking van ’n hegemoniese Afrikaanse vroulike identiteit tiperend van die (meestal wit) middelklas in die middel tot laat twintigste eeu, veral in haar hoedanigheid as opvoeder.

Benewens die ooglopende pedagogiese assosiasie met haar kinderrubriek oor die radio en haar produktiwiteit as kinderboekskrywer, het Bouwer ook haar beroep as joernalis vir die vrouetydskrif *Sarie* as ’n opvoedingstaak vir haar volwasse lesers beskou (Blignault, 2008:282). Bouwer beklemtoon onder meer die soms omstrede baanbrekerswerk wat *Sarie* in die vyftiger- en sestigerjare met seksvoorligting vir volwasse vroue gedoen het (Truter, 1993:19) en die voorbeeld wat sy en haar vroulike kollegas aan die lesers gestel het as beroepsvroue tydens ’n era toe die vroulike middelklas-teikenleser se hegemonies bepaalde sosiale rol nog grootliks tot die huishouding beperk was (Van Niekerk, 1986:67).

Uit hoofde van haar status as skrywer, maar ook vanweë haar betrokkenheid by die ACVV (die Afrikaanse Christelike Vrouevereniging) – waar sy ook gedien het op die hoofbestuur vanaf 1963 tot in die laat 1980’s – het Bouwer gereeld opgetree as spreker by damesbyeenkomste, waar sy toesprake gelewer het oor die sosiokulturele rol van die vrou in Suid-Afrika. ’n Keur uit hierdie toesprake is deur Rykie van Reenen byeengebring en in 1995 deur Tafelberg uitgegee as *Die lang reis van hart tot hart*. Hierdie bundel bevat onder meer die volgende essays: “Die huwelik is kernkrag”, “Die vrou en die gesin”, “Die verhouding tussen moeder en dogter”, en “Om ’n weduwee te wees”. Die titels spreek boekdele oor Bouwer se uitgesprokenheid en kulturele gesag oor die bevestiging en verfyning van ’n heteronormatiewe en huishoudelike vergestaltung van vroulikheid binne die milieu van haar leserskorps. Vanuit hierdie oogpunt beskou, is dit dus nie verbasend dat Bouwer die aangewese persoon sou wees om ’n etiketboek te vertaal of te skryf nie, ’n genre wat vanaf die sestiger- tot die tagtigerjare in Afrikaans ’n bloeitijd beleef het.⁶

Hoewel Emsie Schoeman se *Goeie maniere en etiket* (1981) die bekendste voorbeeld van Afrikaanse etiketboeke is, word dit wel voorafgegaan deur ander soortgelyke werke, onder meer deur Susann Naudé se *Skoonheid en sjarme binne almal se bereik* (1958), Hettie Naudé se *Etiket vir elke geleentheid* (1967) en Cecily Louw se *Vir jou, juffrou* (1973). Alhoewel

⁵ Sedeliteratuur is die sambreelterm wat ons gebruik om te verwys na die vele Afrikaanse subgenres van niefiksiewerke gemoeid met die oordrag van opvoeding, goeie maniere en moraliteit, soos byvoorbeeld etiketliteratuur, voorligtingsliteratuur, afrondingsliteratuur en tekste oor gedragskodes en goeie maniere. Dit sluit ook godsdienstige pamflette en sekere tipes propaganda in. Die Engelse ekwivalent vir die term “sedeliteratuur” is die geskrewe tekste binne die raamwerk van die sogenaamde *conduct books* of *conduct literature* (Bérenquier, 2011:2-3; Jones, 1996:108-109; Carré, 1994:1-8) aangaande “moral education” (Althof & Berkowitz, 2006:497) of “character education” (Althof & Berkowitz, 2006:496), soms ook in die geheel aangedui as *moral and character education* (Althof & Berkowitz, 2006:495). Die wyer doel van hierdie tipe literatuur is morele, etiese, en gedragsopvoeding om ’n teikengroep of spesifieke samelewing te onderrig in aanvaarbare gedragskodes en mense aan te maan tot “moral, civic, good, mannered, behaved, non-bullying, healthy, critical, successful, traditional, compliant or socially acceptable beings” (*Character Education*, 2021). Die kernbestanddeel van hierdie genres is die verskaffing van handleidings vir aanvaarbare gedrag *onderskryf deur morele kodes* wat ons dus kondenseer tot die begrip *sedes* en verwerk tot die koepelterm *sedeliteratuur*.

⁶ Die meerderheid etiketboeke in Afrikaans wat ons opgespoor het, is in hierdie tydperk uitgegee.

Schoeman en Hettie Naudé se teikenleser nie gender- of ouderdomspesifiek is nie, is dit opmerklik dat *Sybille*, *Skoonheid en sjarme* en *Vir jou, juffrou* eksplisiet en uitsluitlik gerig is op jong vroue. Die vrou as teikenleser van die etiketboekgenre is eintlik te verwagte as daar in ag geneem word dat die skrywers van hierdie genre, internasionaal gesien, oorwegend vroulik is (Wouters, 1995:325-326).⁷ Dit is dus te verstane dat die inhoud daarvan hoofsaaklik gerig is op vroue, en dat hierdie boeke merendeels riglyne bevat oor hoe om keurig te onthaal, hoe om die postuur te verbeter en met grasia te beweeg, of ’n aantal skoonheidswenke asook voorskrifte vir korrekte gedrag teenoor mans en vroue tydens uiteenlopende sosiale geleenthede verskaf.

Bouwer se vertaling van *Sybille* neem ’n middelposisie in ten opsigte van die ontwikkeling van etiketboeke in Afrikaans: dit is nie die eerste of die laaste Afrikaanse etiketboek nie. Dit is ook nie oorspronklik geskryf nie, maar ’n vertaling. Tog word daar in hierdie artikel geredeneer dat die boek aktief deel vorm van die ontwikkeling en daarstelling van ’n bepaalde wit Afrikaanse vroulike identiteit in die sestiger- en sewentigerjare binne die diskoers van voorgeskrewe gedragsvorme, en dat dit hierdie funksie juis as ’n vertaling vervul in die hande van ’n vertaler met ’n baie spesifieke kulturele status en ideologiese instelling. Patrick Bethanne (2011:7) beweer dat ten spyte van die uiteenlopendheid van etiketpraktyke in verskeie wêreldkulture, bykans al hierdie reëls onderskryf word deur basiese idees rakende “goeie maniere”. Etiket, volgens Bethanne, vervul drie verskillende funksies in alle kulture:

[As] a paralegal system, more flexible (not to mention cheaper) than the law for regulating ordinary behavior in the interests of maintaining communal peace; as a symbolic system, using gesture and dress to provide useful information about the status and friendliness or hostility of strangers; and as a system of ritual that expresses cultural cohesiveness and gives supportive community guidance for momentarily emotional occasions.

Dit is dus van kardinale belang om ’n etiketboek te ondersoek binne die konteks van sy tyd, taal, kultuur en teikenmark om rekenskap te gee van die regulerende wetlike, simboliese en rituele funksies van etiketboeke in die ontleding daarvan. Met verwysing na Judith Butler (1990; 1993) se teoretiese werk oor gender, bespreek ons eerstens *Sybille*, die teks, kortliks as ’n werktuig van hegemoniese genderperformatiwiteit en bepaal dan die spesifieke tipe

⁷ Die voorganger van die etiketgenre in Europa is *courtesy literature* (hoflikheidsliteratuur). Hoflikheidsboeke se teikenlesers was *manlik* en deel van die adelstand (Curtin, 1985:396). Die genre was meestal gemoeid met hoe mans van die adelstand hulleself moes handhaaf in die koninklike houe van Europa (Curtin, 1985:398). Hoflikheidsliteratuur was gewild vanaf die Renaissance tot en met die negentiende eeu, toe etiketliteratuur die genre vervang het. Die kerndoel van hoflikheidsliteratuur was om die teikenlesers (aristokratiese mans) bewus te maak van die morele grondslag van gedragkodes en die “moral virtues of an ideal individual – grace, fortitude, self-control” (Curtin, 1985:409). Daarenteen het die etiketgenre, ten minste tydens die ontstaansjare van die genre in die negentiende eeu, gefokus op voorskrifte vir goeie maniere en die korrekte gedrag by uiteenlopende sosiale geleenthede soos “dinner, balls, receptions, presentations at court, calls, promenades, introductions, salutation” (Curtin, 1985:409). Sowel die teikenleser as die skrywers van die etiketgenre tydens die negentiende eeu was grotendeels middelklasvroue wat óf wou leer óf self handleidings wou skryf oor die “specific details of the aristocratic lifestyle” (Curtin, 1985:412). Curtin (1985:422) verduidelik dat die voorskriftelike vroulike taktvolheid en welwillendheid geanker was in selfopoffering, en beweer: “Since this moral beauty consisted largely of various forms of self-sacrifice, it could flourish only when self-sacrifice was saved from being self-destructive. All this was nicely compatible with, and indeed *dependent upon, patriarchal domination*” (kursivering bygevoeg).

gender-performance wat voorgeskryf word. In ons ontleding van die vertaalde etiketboek toon ons dan in die volgende afdeling aan (1) hoe vertalings nie slegs waardestelsels (in ooreenstemming met die deskriptiewe vertaalteorie) in die teikenleser van die doeltaalgemeenskap bevestig en versterk nie, maar ook (2) hoe die agentskap van die individuele vertaler, veral ten opsigte van die individuele vertaler se lewensbeskouings, weerklink in die vertaalde teks en hoe hierdie agentskap moontlik verskil van die oorspronklike.

2. “Sjarme” as voorskrif van gender-performance in *Sybille*

Dit het sedert 1990 bykans ondenkbaar geword om krities-teoreties oor genderkonstruksies te besin sonder om na Butler te verwys. In die lig daarvan dat performatiwiteit as ’n terminologiese rigsgnoer in hierdie artikel dien, is Butler se vermelding en verwerking van hierdie term in genderteorie onvermydelik. Soos Sandra Bermann (2014:290) dit stel: “The term ‘performativity’ entered – and irrevocably altered – the literary and cultural scene in the 1990s, largely through the work of Butler’s *Gender trouble* (1990)”. Bermann (2014:290) haal die volgende stelling van Butler aan:

[G]ender is an act which has been rehearsed, much as a script survives the particular actors who make use of it, but which requires individual actors in order to be actualized and reproduced as reality once again.

Natuurlik gebruik Butler nie die woord “script” in die letterlike sin van die woord nie. Etiketboeke funksioneer egter terselfdertyd as manifesto’s en inisieerders van tydgenootlike hegemoniese draers van die hoofstroom-genderopvattinge. Daarom kan *Sybille* benader word as ’n heel letterlike manifestasie van só ’n “script”. Volgens Butler (1993:95) is *performatiwiteit* die proses waardeur ’n subjek deur middel van spraakhandelende kontrakte opgewek, opgeroep, omskryf en onderskryf word, deur middel van die norme van ’n spesifieke samelewing wat aanhoudend woordeliks herhaal word (dus, die “script”, of teks waarna daar hier bo verwys word); gender *performance* is dan die *handelinge* wat deur die subjek uitgeoefen word om sy of haar gender te *beoefen* en só te aktualiseer (dus, die akteurs wat die teks repeteer). Butler (1993:95) verduidelik dit soos volg:

Performativity cannot be understood outside of a process of iterability, a regularized and constrained repetition of norms [...] [T]his repetition is not performed by a subject: this repetition is what enables a subject and constitutes the temporal condition for subjects.

In die lig daarvan dat *Sybille* anoniem gepubliseer is, word die spreker voorts beskou as die boek se titelkarakter: die “sjarmante vriendin” wat haar wysheid aangaande die sjarmekuns oordra aan haar jong vriendin, die teikenleser. In hierdie artikel word beweer dat die spreker, *Sybille*, ’n konteks-spesifieke genderperformatiwiteit verpersoonlik, en dit dan aan die leser (subjek) oordra in ’n voortdurend herhalende proses (“process of iterability”) as voorskriftelike norme wat hulle kan *beoefen* (“repeat”) om ’n sjarmante vroulike identiteit te realiseer (in hierdie geval, ’n voorgestelde sosiaal aanvaarbare vorm van vroulikheid). Om die konsep verder uit te brei, definieer Richard Schechner (2013:28) *performance* en *Performance Studies* as volg:

“Being” is existence itself. “Doing” is the activity of all that exists, from quarks to sentient beings to supergalactic strings. “Showing doing” is performing: pointing to, underlining, and displaying doing. “Explaining ‘showing doing’” is performance studies.

Dit is hierdie “showing doing” waaroor Sybille se ganse betoog handel. *Sybille* is ’n handleiding (“how-to guide”) vir die *performance* van ’n bepaalde uitdrukking van vroulikheid, en lei haar leser deur haar te vertel *hoe om* haar vroulikheid te beoefen. Soms word die metafoor van rolle- en toneelspel selfs blatant ingespan om hierdie retoriese doel te bereik (1970:66; 67; 70; 73).

Ons verskaf ’n oorsig van *Sybille* en bespreek ook deurgaans en daarvolgens die primêre teks as ’n tipe gedragshandleiding. Getrou aan die titel is “sjarme” *Sybille* se hooftema. Sybille maak slim gebruik van haar modelleser se behoefte aan begeerlikheid (veral ten opsigte van mans). Sy identifiseer daarom twee eienskappe in ’n vrou wat (volgens haar) aantreklik is: skoonheid en sjarme, en sy weeg hulle op teen mekaar. Sybille betoog dat die premie wat die samelewing op skoonheid plaas te hoog is, dit “word sommer net vasgestel” (1970:10). Omdat hoofstroom-skoonheidsideale ouderdomsiesiek is, is dit verganklik en sy wys daarop dat dit buitendien relatief is met betrekking tot era en geografiese ligging.

Sjarme, daarenteen, kan volgens Sybille die illusie van skoonheid skep en is nie ouderdomsiesiek nie. Sjarme is egter moeilik om te definieer – ’n stelling wat sy telkens herhaal – en sy raadpleeg selfs ’n woordeboek om dit te demonstreef:

[...] sjarme beteken bevalligheid, bekoorlikheid. Maar bevalligheid kan *aangeleer word* en bekoorlikheid *kan verwerf word*. Bevalligheid hang nie af van die geronde heupe en bekoorlikheid van ’n klassieke profiel nie. Bekoorlikheid kan lê in die manier van loop, in die bewegings van die hande, in die houding van die skouers. (1970:9; kursivering bygevoeg)⁸

Sy waag dit dus tog om die basiese bestanddele van haar beskouing van sjarme uiteen te sit en bespreek hierdie aspekte uitvoeriger deur die loop van die boek: grasia van houding en postuur, behendigheid met gesprekvoering, hoflikheid, en die kleding en versorging van die liggaam.⁹ Sy verskaf selfs oefenwenke vir vroue om hulle liggame viets te hou want, sê sy grappenderwys, “[d]aar is nie so iets soos vet vroue nie. Daar is net vroue wat te veel eet en te weinig beweeg” (1970:33). Sybille se beskouing van sjarme word nie net deur aanmoediging onderstreep nie, maar ook ondersteun deur die aanmaning dat sjarme nie net *aanleerbaar* is nie, maar met moeite *ingeoefen* moet word. Dit verg selfdiscipline, selfkritiek en voortdurende

⁸ Met verwysing na Gwendolyn Foster se bespreking van die etiketboekgenre in *Troping the body: Gender, etiquette, and performance* (2000) is dit moontlik om vas te stel dat die menings van die spreker in *Sybille* ooreenkom met dié in internasionale etiketliteratuur en byna ’n bloudruk is van die verskeie trope, retoriese tegnieke en onderskeie onderwerpe wat geïdentifiseer word in hierdie genre.

⁹ Verwysings na en besprekings oor vroue se kleredrag word gereeld gevind in Afrikaanse sedeliteratuur. M.E.R. (1928:6) het byvoorbeeld reeds in 1928 ’n rubriek geskryf in *Die Boerevrou*, getiteld “Ons skrapse rokke”, en beweer: “Alle modes verwek verset; ons oumas se hoepels het seker oneindige aanmerkings uitgelok; ek onthou hoe ons ingerygde middels van veertig jaar gelede verset en teenstand verwek het; maar nog nooit was daar sulke aanvalle op die modes nie, as op die kort rokke en blootgestelde bene en arms wat die vroue van vandag vertoon nie.” In 1972, ongeveer ten tye van *Sybille* se publikasie, vind ons ’n rubriek getiteld “Rokkies wil sy dra ...” wat streng waarsku: “Vreemde en gevaarlike neiginge ten opsigte van die kleredrag van die vrou in ons Republiek het die afgelope tyd só ontstellend toegeneem, dat dit dringend noodsaaklik geword het dat elke christenmoeder en christendogter grondig sal besin oor die beginsels van God se Woord met betrekking tot ons kleredrag” (V.D.M., 1972:1). Aanvaarbare kleredrag was ’n kernbestanddeel van ’n vrou se vertolking van haar vroulikheid.

selfbewustheid (1970:17, 20). Sybille gebruik herhaaldelik werkwoorde soos “beoefen”, “verwerf”, “aanleer” en “inoefen” met verwysing na haar raad oor hóé om sjarme te bekom.

Sybille maak die doel en suksesmaatstaf van sjarme eksplisiet: sosialisering in ’n heteropatriargale huweliksmark. Nie net lê sy dit in soveel woorde uit nie; sy illustreer haar opmerkings aan die hand van scenario’s wat haar leser voorstel in ’n potensieële verhouding teenoor ’n vryer (1970:26), ’n kêrel, ’n gade en/of haar voorgenome gesin (1970:17, 26, 43, 46). Hierdie fiktiewe situasies wentel dikwels om geld en die gevolglike noodsaak van sjarme om die beursiehouers – mans – se hart te versag en hulle selfs te manipuleer (1970:24-25). ’n Hele hoofstuk word gewy aan die instruksie dat die leser manlike gespreksgenote van hul status en aansien moet verseker, tesame met allerlei raad aangaande hierdie imperatief (1970:21-26). Om dieselfde rede word die leser ook aangeraai om haar intellektuele talente te onderbeklemtoon, en bevestig die spreker dat haar modelleser immers nooit sal “doseer nie – sy wil tog nie as universiteitsprofessor geag word nie” (1970:18).

Daar is ook ’n bewussyn van eiewaarde wat deurskemer in die teks wat die bestudering daarvan as performatief prikkelend maak. Sybille onderbreek haarself kort-kort deur (a) aandag op haarself te vestig (en die leser daaraan te herinner dat dit ’n *persoon* is wat praat – haar wêreldwyse *vriendin*) en (b) die lesers terselfdertyd van hulself bewus te maak deur hulle te probeer betrek deur middel van sowel letterlike as fisieke performatiewe instruksies. Daar word dus deur verleidelike metatekstuele werktuie die illusie van ’n persoonlike band tussen Sybille en die leser geskep, en die sluit van spraakhandelende kontrakte word meermale gesimuleer, soos duidelik word uit die volgende voorbeelde: Sybille vra gereeld retoriese vrae (1970:21; 46; 63); sy vra die leser om hardop in die spieël met haarself te praat en “eerlik” oor haar voorkoms te wees (1970:34); Sybille maak ook koöpterende veralgemenings van wat vroue begeer (geen vrou wil ...; alle vroue wil ...; alle mans sal met my saamstem ... (1970:14; 18)). *Sybille* skep dus performatief ’n illusie wat deur die transformasie van die leser na Sybille se ideale sjarmante vrou verwesenlik moet word.

In ooreenstemming met die performatiewe “stem” van ander etiketskrywers (Foster, 2000:2-4) bemark Sybille haar gesag deur die volgende kwaliteite voor te hou: dat sy ’n ingeligte en ervare vriendin is; dat sy tydlose wyskede op die proef gestel het; dat sy kennis dra van mans se behoeftes (en dat hulle dit sal bevestig), en dat sy self parmantig en wederstrewig is – kwaliteite wat dalk nie strook met die soort sjarme wat sy propageer nie, maar haar daarom fassinerend maak en die leser se nuuskierigheid aanwakker. Deur hierdie retoriese tegnieke skep sy die illusie van ’n universele ontologiese werklikheid waarop die genderkonstruksies wat sy propageer kwansuis berus. Dit is hierdie soort redenasies waarin die performatiwiteit (soos Butler dit omskryf) gesetel is.

Sybille se slinksheid en die bouwerk van haar *performance* as spreker (waarmee sy trag om *performatiewe* oftewel *transformatiewe* resultate te bereik) skemer deur in gevalle waar sy haarself weerspreek. Sy maak aan die begin van die boek twee valse beloftes: dat sjarme goedkoop en bykans gratis is (1970:10; 12), en dat liggaamlike skoonheid relatief is en van min of geen belang nie (1970:7-8). Namate haar relaas egter ontvou, beklemtoon sy toenemend die noodsaaklikheid van finansiële beleggings in hulpmiddels en wenke om die liggaam te herfatsoeneer en só onaanloklike eienskappe weg te steek (1970:45-56). Sybille dring dus gretig aan op sigbare transformatiewe uitkomstes ten einde, in ooreenstemming met Butler se definisie van performatiwiteit, dit wat sy op ’n diskursiewe vlak tot lewe wek, ontologies te laat manifesteer.

Die woord en konsep “sjarme” word nie net herhaaldelik in Afrikaanse etiketboeke gebruik nie, maar ook in die internasionale etiketboekgenre (Post, 1934; Foster, 2000; Boruch, 2016).

Die tipe vroulikheid wat Sybille vir haar lesers aanbeveel, is egter in die geheel geanker in die idee van *sjarmerie*. Sjarmerie, volgens Sybille, is *verkrygbaar* deur die inoefening van genderspesifieke norme, rituele en maatreëls. In teenstelling hiermee beweer Sybille egter ook dat “sjarmerie nie te meet” is nie, “maar daardie onbepaalde iets” is wat mense “verower” (1970:10). Selfs Sybille se woordeboekdefinisie in die inleiding van die boek versuim om te bepaal wat sjarmerie behels. Sjarmerie bly dus meestal in hierdie handleiding daardie onbepaalde voorskriftelike “iets” waarna vroue moet streef om “vroulik” geag te word. In die slothoofstuk van *Sybille* beweer sy die sjarmeriese vrou is “lief, maar nie onnosel nie, sy is verdraagsaam, maar nie ruggraatloos nie en sy kan die grootste ou lamsak tot groot dade aanspoor. Sy is ’n ware mannetemmer” (1970:78). Sjarmerie, of voorskriftelike vroulikheid, die aangewese vroulike *gender-performance*, is dus semanties vergelykbaar met Gouelokkies se soeke na die regte temperatuur vir pap: nie te warm nie, nie te koud nie, nét reg! ’n Vrou (of sjarmeriese vrou) kan volgens Sybille nie in enige opsig “té” (oormatig of gebrekkig) wees nie: sy is nie ’n “lomperd” (1970:) nie, maar beweeg met “grasie” (1970:28); sy moet ingelig wees maar nie “haar kennis soos room om ander mense se mond smeer nie” (1970:18); sy praat met ’n “goed gemoduleerde toonaard”, sy “sis”, “kekkel” of “kwetter” (1970:24) nie; sy gebruik *net* “’n bietjie mooi-maakgoedjies” (1970:46) om die “natuur” (1970:7) aan te help; sy “versterk” ’n man se “selfvertroue” (1970:58) deur onselfsugtigheid; sy is nie “te beskeie, te voorbarig, te skugter of te dom [...] nie” (1970:58); sy is nie “te kop in die lug of te onderdanig [...] nie” (1970:58); sy “giggel” nie te veel of “lag” te selde nie (1970:58); sy is nie “te deugszaam of te loskopperig” (1970:58) nie. Opsommenderwys: sjarmerie, die voorgeskrewe norme wat vroue deur Sybille aangesê word om na te streef, die “net reg”, is die norm – ’n soort middelmatigheid, ’n aanvaarbare standaardweergawe, sonder enige afwykings wat gedefinieer kan word as “te”. So ’n voorstelling is dus in pas met ’n Westerse hegemonies bepaalde ideaal van vroulikheid wat in ’n mate bepaal word deur *afwykings*: hoe ’n vrou nié mag optree nie.

Sybille se onvermoë om “sjarmerie” sinvol in te span as ’n definiërende term vir *gender-performance* (vroulikheid) is ’n voorbeeld van Butler (1993; 1999) se stelling dat gender as konstruktief en nie-essensieel gesien moet word (met ander woorde, dat dit nie ’n natuurlike manifestasie van biologie is nie). Omdat gender kultureel en nie biologies bepaal word nie, is die uitoefening daarvan vloeibaar, wisselvallig en veranderlik en gevolglik moeilik om vas te stel of voor te skryf. Dit is dan ook hoe Sybille sjarmerie beskryf, selfs nadat sy uitgebreide en baie spesifieke raad en wenke aan die leser verskaf het. Sy gee immers in die slothoofstuk toe (in teenstelling met haar belofte in die eerste hoofstuk) dat sjarmerie ’n “kuns” is “wat ’n mens ook maar net ten dele kan aanleer” en moedig selfs haar lesers aan om af te wyk “van die patroontjie wat hier so netjies vir haar uitgeknipt is” (1970:79). Dit is dus nóg ’n voorbeeld van Sybille se geneigdheid om haarself te weerspreek. As spreker bied sy ’n begrip van genderidentiteit en die bekombaarheid daarvan aan wat egter nooit klinkklaar omlin word nie, want klaarblyklik begryp sy nie dat daar ’n verskil is tussen die begrippe “vrou” en “vroulikheid” nie.

Sybille se inspanning om sjarmerie (voorgeskrewe en aanvaarbare vroulikheid) en vroulike gedrag (die uitoefening van die genderrol) in hierdie etiketboek uiteen te sit, dien as ’n nuttige bron vir die bestudering van Afrikaanstalige genderperformatiwiteit gedurende die 1960’s en 1970’s. Foster (2000:2) maak die stelling dat die “performance of etiquette allows for the signification of gendered roles that are ‘engendered before being fixed in the world’”. Ten einde *Sybille* te vertolk as só ’n voorbeeld van kulturele “signification”, moet die boek bestudeer word binne die konteks van ’n breër netwerk van tekste waarbinne dit funksioneer. Dit word dus verder ondersoek aan die hand van Bouwer, die vertaler, se invloedryke uitsprake aangaande

wit Afrikanervrou se kulturele rol en word ook met Afrikanernasionalistiese propaganda gekunstel. Ten dienste hiervan word ’n deskriptiewe vertaalteoretiese benadering ingespan; deur só ’n lens word die faktore wat die vertaling van ’n teks beïnvloed, en wat die sukses daarvan bepaal, immers beklemtoon.

3. *Sybille* as vertaling: Deskriptiewe vertaalteorie en die rol van die Afrikanervrou in die Suid-Afrika van die 1960’S en 1970’S

Die uitgangspunt van deskriptiewe vertaalteorie is diagnosties van aard; dit het ten doel om die impak van vertalings op die leeskultuur van die doeltaalgemeenskap te peil (teenoor preskriptiewe vertaalteorie se gemoeidheid met die standaardisering van vertaalmetodes). Dit lei byvoorbeeld daartoe dat André Lefevre (1992) na vertalings verwys as *herskrywings*. Hierdie benaming het twee implikasies: eerstens beklemtoon dit sy voorkeur om vertalings te beskou as afwykings van die brontekste (hoe minimaal ook al), en tweedens dui dit op die wyse waarop tekste nie net in die vertaling daarvan getem of omskep word tot die norme en waardestelsels van die taalgemeenskap waarin dit ontvang word nie, maar ook, hetsy bedoeld of onbedoeld, meewerk om die kultuur waarin die vertaalde teks geabsorbeer word, te transformeer.

Sonder dat Lefevre dit onder woorde bring, berus sy filosofie op ’n benadering tot vertaling en vertalings as *performatief* in die opsig waarin JL Austin (1962) die term in die sestigerjare bedink het. Die deskriptiewe vertaalteorie berus merendeels op ’n beskouing dat vertaling eerder *performatief* as *representerend* is, dit wil sê, soos Christina Marinetti (2013:309) dit verwoord, ’n praktyk wat nie bloot representeer (“signify”) nie, maar ook die transformasie van “existing regimes of signification” behels.

Austin se teorieë oor spraakhandelinge en performatiewe het inderdaad, soos Bermann (2014:288) uitwys, ’n belangrike rigtingverskuiwing in vertaalstudies teweeg gebring. Die ontleding van vertalings as individuele *handelinge* met kulturele en politieke *effekte* het gelei tot ’n grootskaalse klemverskuiwing in die bestudering van vertaling: vanaf ’n instelling op die vertaling se sogenaamde getrouheid aan die brontekste na ’n groter belangstelling in die vertaling se “own productive and transformative potential, both in literary art and in what we call ‘real life’” (2014:288).

Die ondersoek na Bouwer se vertaling van *Sybille* geskied binne hierdie diskursiewe aksent. Bouwer se vertaling word nie woord vir woord teen die brontekste gemeet nie. In die eerste plek moet ons ons ongeletterdheid in Duits en ons gebrek aan toegang tot die Duitse brontekste ruitelik vermeld. In só ’n benadering word sekere verliese natuurlik gely en in ag geneem: die ideologiese en kulturele omvorming in *Sybille* deur die toedoen van Bouwer en haar uitgewer (wat in alle vertaling tot ’n meerdere of mindere mate geskied) kan nie met sekerheid gepeil en bespreek word nie. Daarom hanteer ons die Afrikaanse *Sybille* as ’n teks in eie reg met die gesublimeerde inagneming dat dit ’n samesmelting is van die onvermelde skrywer se doelstellings én Bouwer s’n.

Ons spits ons dus toe op die ideologiese inhoud wat Bouwer se *Sybille* (as vertaling) bevat en die retoriese tegnieke wat daarin aan die dag gelê word om ’n bepaalde uitdrukking van vroulikheid te propageer. Ons stiplees van *Sybille* in Afrikaans word gestuur deur ’n aantal kontekstuele faktore tot ons beskikking. Eerstens plaas ons Bouwer se *Sybille* teen die agtergrond van die reeds uiteengesette trajek van sede- en etiketliteratuur. In Itamar Even-Zohar (2000:193) se invloedryke essay oor die posisie van vertaling in Westerse letterkundige polisteme merk hy op dat tekste in vertaalinfrastrukture “are chosen according to their

compatibility with the new approaches and the supposedly innovatory role they may assume within the target literature". Dit, redeneer hy, gebeur veral "when there are turning points, crises, or literary vacuums in a literature" (2000:194). Die sogenaamde vakuum of keerpunt in hierdie geval is natuurlik die gebrek aan 'n Afrikaanse etiketboekdiskoers, waarvan *Sybille* een van die min voorlopers is. Om beide die "innovatory role" en "compatibility" waarna Even-Zohar verwys, te bespreek ten opsigte van *Sybille*, neem ons dan die sosiale geskiedenis van wit Afrikanernasionalistiese vroulike rolverdeling onder die loep, veral met betrekking tot die eienskappe wat weerklink (of juis daarvan afwyk) in Bouwer se vertaling van *Sybille*.¹⁰

In Loraine Maritz (2004) se proefskrif oor die geskiedkundige rol van die Afrikanervrou in die politiek identifiseer sy deur die loop van haar ondersoek die drie uiteengesette en verwagte rolvervullings van vroue in die 1960's en 1970's. Haar gevolgtrekkings word hoofsaaklik gestaaf met verwysing na toesprake gelewer in 1974 by die simposium van die Nasionale Vroueklub van die Parlement, "Die vrou in die politiek". Bouwer was een van die sprekers by hierdie geleentheid en Maritz (2004:46-47) haal gereeld aan uit haar toespraak "Waarom so min vroue in die politiek?"

Maritz (2004:47) identifiseer eerstens dat, volgens hegemoniese Afrikaner-volksideale, die Afrikanervrou moes dien as die *morele grondslag* van die volk. Sy is aangesê dat haar "spesiale kwaliteite" soos 'n "filtreerbuis" moes wees waardeur die volkslewe moes vloei en "behou wat goed en reg en blywend en ewig en skoon en edel is, wat eie aan daardie volk is". Sy is dus beskou as die "bewaker van die volk" se sedes en dus ook die "*bewaker teen die vyand van die volk*" (2004:52; kursivering bygevoeg). Op hierdie stadium van die Suid-Afrikaanse geskiedenis was die sogenaamde Swart Gevaar en Rooi Gevaar (2004:54) die vyand teen wie die vrou aangehits is om die Afrikanervolk te beskerm, merendeels deur haar verwagte morele rol as sedebewaarder van die "volk" se kultureel-geestelike kernideale en bakermat.

Laastens beweer Maritz dat die toenemende ekonomiese welvarendheid van Afrikaners vanaf die 1960's tot gevolg gehad het dat die meeste Afrikanervroue nie om finansiële redes nodig gehad het om buitenshuis te werk nie en om hierdie rede weer eens oorwegend beperk was tot hulle *rol as vrou en moeder* (2004:57-64). Bouwer (aangehaal in Maritz, 2004:57) was dit eens met hierdie gevolgtrekking, maar het verder beweer dat welstand tot "onheilspellende gemaksug" lei en verduidelik dat "[s]oveel van 'n getroude vrou se tyd, aandag en geestes-

¹⁰ In ons bespreking van die versoenbaarheid van die waardes en norme gepropageer deur die vertaalde teks met dié van die doeltaalgemeenskap, verwys ons na die verwagte rolvervullings van Afrikanervroue in die 1960's en 1970's. Die bespreking van die sosiale rol van Afrikanervroue word beperk tot hierdie uiteengesette periode. Ons verwys nie na die eerste helfte van die twintigste eeu nie om twee redes: (1) die sosiale en ekonomiese geskiedenis van Afrikanervroue in die eerste helfte van die twintigste eeu is deeglik geboekstaaf en algemeen bekend; (2) daarenteen het ons ten tye van die aanvang van ons ondersoek na die sosiale rol van die Afrikanervrou in die 1960's en 1970's besef dat daar byna geen inligting (in verskeie velde, insluitende sosiologie, antropologie, geskiedskrywing en literatuur) oor hierdie onderwerp beskikbaar is nie. Na 'n uitgebreide soektog is die proefskrif (Maritz, 2004) wat hier gebruik word die nuttigste en mees relevante bron wat ons kon opspoor. Ons het dus besluit dat dit belangriker was om die rol van die Afrikanervrou in die periode 1960-1970 deeglik te bespreek (omdat daar so min inligting daarvoor beskikbaar is) eerder as om die ontwikkeling van die rol van die Afrikanervrou in die geheel in ag te neem. Ons bespreking handel oor die teks as 'n *vertaling* en die versoenbaarheid van die vertaalde teks tot die doeltaalgemeenskap en daarom bespreek ons nie die ekonomiese en maatskaplike oorsake wat bygedra het tot die vorming van vroue se sosiale rolle in die uiteengesette tydperk nie. Soos reeds genoem, is daar baie bronne wat oor hierdie onderwerp handel.

energie gaan in die voortbring en grootbring van kinders, veral vandag omdat daar hoër eise aan die man in sy beroepslewe gestel word en hy langer ure buitenshuis moet werk”. Bouwer waarsku die vroue by die konferensie dat té veel Afrikanervroue oormatige aandag aan hul voorkoms begin bestee en dat hulle veel eerder hul status as huisvrou moet benut deur hul tyd te gebruik vir “naastediens” (aangehaal in Maritz, 2004:58).

Naastediens, oftewel welsynswerk en liefdadigheid, was funksies wat tradisioneel alreeds sedert die vroeë twintigste eeu grotendeels deur Afrikanervroue in hul gemeenskappe verrig is (Maritz, 2014). Hierdie historiese funksies word in die 1960’s as’t ware by hernuwing opgeroep om deel te vorm van die diensbare aspekte van die vrou as *morele nukleus* van die Afrikanervolk. Hierdie kontrasterende sentimente waarin Bouwer vroue enersyds berispe oor hul eiewaan en gebrek aan politieke betrokkenheid, maar andersyds tog aanraai om hulself te koppel aan onbaatsugtige diens aan liefdadigheids- of welsynsorganisasies, is te verwagte as Bouwer se betrokkenheid by die ACVV in ag geneem word. Wat wel van belang is, is dat die welsynsorganisasies van die twintigste eeu vir Afrikanervroue die verskeie funksies (soos hier bo uiteengesit) van vroue duidelik uitspel in hul onderskeie missiestellings. Byvoorbeeld, die ACVV (s.j.:1) se leuse was “Ons Taal – Ons Volk – Ons Kerk”, en hul doelstelling “[o]m alles wat suiwer en gesond Afrikaans is te bewaar en te ontwikkel; om alles wat tot opbou van die volk kan strek te bevorder”. Vroue se welsynswerk was inherent verweef met die breër konseptualisering en daarstelling van Afrikanernasionalisme en die byna bekrompe rol van die vrou. In ’n pamflet getiteld *Waar vroue voorvat: Oor vier vroueverenigings 1904-1975* (1975), geskryf deur Bouwer, beweer sy dat “’n [v]rou ..., veel meer as ’n man, ten nouste gemoeid [is] met die liggaamlike en geestelike groei van mensekinders. En ’n vrou weet wat die beste kweekgrond vir gesonde groei is” (1975:5). Bouwer was dus ten gunste van vroue wat hul beywer vir welsynswerk (die morele grondslag) en hulle toespits op die versorging van kinders (die vrou in haar rol as moeder en eggenoot).

Bouwer se uitlatings op hierdie konferensie, as ons haar werk as opvoeder in aanmerking neem, tesame met haar geskrewe oeuvre en haar rol as vertaler van die etiketboek, dui op ’n tipe dualisme of innerlike polemie. Sy is byvoorbeeld van mening dat “[o]ns Boermense ... gelukkig nog aan die huwelik as instelling [glo] en aanvaar dat die man die hoof van die gesin moet wees, omdat dit fisiologies, sielkundig, ekonomies en prakties natuurlik is”; ’n stelling wat Maritz (2004:47) interpreteer as goedkeuring van die patriargale stelsel. Daarteenoor verduidelik Maritz (2004:47) dat Bouwer ook gesê het “dat in die politiek en die sakewêreld die man nog nie die vrou se volle potensiaal erken het nie”. Sy het bygevoeg dat daar “min mans in die staatsdiens en in die sakewêreld was wat bereid was om as ondergeskikte van ’n vrou te werk of van ’n vrou bevele te neem”. In hierdie toespraak, deur Bouwer in 1974 gelewer, ’n paar jaar ná haar vertaling van *Sybille* wat letterlik ’n handleiding is vir hoe ’n vrou haarself moet versorg, aantrek en met sjarme optree, beweer sy: “As ek van ons koerante en tydskrifte moet oordeel, bly die vrouetjies teenswoordig baie besig om hulle voorkoms te versorg en om in ’n terrasrok op ’n patio te onthaal” en dat hulle “’n nuwe bewustheid [het] van die streling van die kalklig” en “’n drukker sosiale lewe” voer (aangehaal in Maritz, 2004:57). Sy stel voor dat dit die redes is waarom Afrikanervroue nie betrokke raak by die politiek nie. Bouwer keur dus die hegemoniese patriargale organisasie en rolverdeling van die Afrikanersamelewing goed terwyl sy dit terselfdertyd ook as seksisties aan die kaak stel. Sy betig enersyds Afrikanervroue wat nie die politieke terrein in eie reg wil betree nie en te veel aandag en tyd aan hul voorkoms en rol as gasvroue wil bestee, maar dra andersyds direk en inherent by tot die verheffing van die rol van die vrou as moeder, eggenoot en gasvrou deur haar vertaling van *Sybille*, soos hier bespreek. Hierdie kontrasterende opinies, uitinge of

handelinge dui op 'n gelyktydige internalisering én verwerping van die hegemoniese patriargale geslagsverdeling onder Afrikaners ten opsigte van die rol van die vrou en die man. Ons poneer dat hierdie dualisme van die vertaler Bouwer ook opmerklik is betreffende die inhoud en kontrasterende raad van die spreker in *Sybille*.

Soos voorheen gemeld, is 'n beduidende komponent van *Sybille* se maatstaf vir die suksesvolle uitoefening van sjarme die teikenleser se vermoë om sodoende 'n huweliksmaat te lok. Dit blyk duidelik uit haar raad aan vroue oor hoe hulle teenoor mans moet optree om hulle te “oortuig dat [hulle] die enigste vrou op aarde is” (1970:14). *Sybille* beveel aan dat die “sjarmante jong meisie” moet “weet hoe om mans te aanvaar” (1970:57), hulle “sterk en dapper en slim” (1970:58) moet laat voel en dat hul “altd en in die eerste plaas” na mans moet “luister” (1970:58) om hul belangstelling duidelik te maak. In die hoofstuk “Help gerus die natuur 'n bietjie” (1970:45-50) raai *Sybille* (1970:46) haar lesers aan om hulself te verfraai en op te smuk met die gebruikmaking van skoonheidsmiddele, en verseker die leser soos volg:

Sy sal nie 'n minder betroubare sekretaresse of eggenote wees nie. Die hennetjie met die vaal veertjies is deesdae regtig iets uit die goeie ou tyd – was dit altd beter? – en die goeie huisvrou tjie kan haar sop nog net so goed en beter voorsit, haar tuiste nog net so 'n veilige hawe vir man en kinders maak, as sy haarself effens regtrek met die behulp van 'n skoonheidsmiddeltjie hier en daar. Soos die yskas en die wasmasjien het mooimaakgoed 'n deel van die moderne vrou se lewe geword, en die gebruik hiervan wil glad nie bewys dat sy 'n minder knap huisvrou en 'n minder voorbeeldige eggenote en moeder is as haar ouma wat hierdie dinge nie gehad en nie gebruik het nie.

Die herhaaldelike verwysings na “eggenote”, “huisvrou tjies” en die aanname dat die teikenleser moontlik alreeds 'n moeder is, dui daarop dat die verwagte sosiale rol wat vroue as eggenoot en moeder in die Afrikanergemeenskap van die 1960's vervul het, ooreenstem met *Sybille* se voorskrifte en verwagtinge. Dit dui op 'n versoenbaarheid (“compatibility”, aldus Even-Zohar, 2000:193) met die aannames en ideologieë van die doeltaalgemeenskap van die vertaalde teks. Tog kan afwykings van hierdie vasgestelde rol ook geïdentifiseer word.

Sybille verwys twee keer na vroue se aanvaarde omgang met hulle werkgewers en noem ook vroue se potensiële posisie as werknemers ten opsigte van vele ander geleenthede (1970:25-26). Sy beweer dat smaakvol “gelakte naels [...] [h]uweliksmaats, goeie hoofde en klante” (1970:43) lok, dat haar teikenleser dalk agter “haar tikmasjien” sit of dalk in die “gesellige voorkamer van haar bestuurder en sy vrou” (1970:14), of dat sy haarself dalk bevind by “die inkomstebelastingman” (1970:24). By twee geleenthede verwys *Sybille* na vroue wat vir verhogings vra by hul onderskeie base (1970:24; 26). Alhoewel die neergelegde en verwagte rol van vroue in Afrikanergemeenskappe van die 1960's en 1970's as eggenote en moeders nie werkende vroue noodwendig uitsluit nie, het die meeste vroue hulself inderdaad bepaal by huis en haard. Bouwer, as vertaler, met haar weersin in gemaksugtige huisvroue enersyds, maar haar ondersteuning van vroue se rol as vrou en moeder andersyds, het heel waarskynlik *Sybille* se posisie oor werkende vroue en moeders heelhartig beaam.

Sowel die opmerklike dualisme van die raad wat in *Sybille* aan vroue verskaf word as Bouwer se kontrasterende opinies wat sy deur die gang van haar loopbaan gelug het, kan heel waarskynlik toegeskryf word aan die invloed wat die tweede feministiese beweging selfs op essensialistiese en tradisionele gemeenskappe soos wit Afrikaners uitgeoefen het. *Sybille* en Bouwer se onderskeidelike raad en opinies word onderskryf deur die gelyktydige aanvaarding en internalisering van patriargie aan die een kant, teenoor lighartige kritiek daarop aan die ander. *Sybille* se teikenleser word byvoorbeeld gereeld uitgebeeld as 'n beroepsvrou, nie net

as moeder en eggenote nie, en sy gee herhaaldelik raad oor hóé vroue groter sukses in hulle loopbane kan behaal. Tog is hierdie raad steeds deurspek met ’n patriargale etos, waarin daar slegs soms afwykings waarneembaar is. Dit herinner aan Bouwer se kritiek dat mans nie vroue se potensiaal erken nie en onbereidwillig is om in hulle beroepslewens aan hulle ondergeskik gestel te word, wat eintlik daarop dui dat Bouwer vroue graag in leiersposisies in die professionele en ekonomiese domein wil sien – ’n kerndoelwit van die tweede feministiese beweging. Bouwer se opmerklike irritasie met die feit dat Afrikanervroue hulself reduseer tot bloot ydele sosiale vlinders gee te kenne dat die tweede feministiese beweging wel ’n invloed gehad het op selfs taamlik tradisionele denkers in Suid-Afrika.

Die feit dat hierdie feministiese impuls in *Sybille* maar skraps is en nooit tot ’n logiese konsekwensie deurgevoer word nie, kan moontlik verklaar word aan die hand van drie aaneenskakelende faktore: (1) die eksplisiete doel van die etiketgenre van daardie tydperk om vroue se patriargaal voorskriftelike rol te bevestig; (2) die heersende ideologie van die vrou as die morele bewaker van die volk en die omskrywing van daardie betrokke moraliteit in Suid-Afrika; (3) die vrees vir politieke ideologieë wat die emansipasie van vroue sou saamknoop met ander omwentelinge wat uiteindelik die politieke status quo sou bedreig en die patriargale stelsel sou omverwerp.

Sybille spreek gereeld op ’n indirekte wyse die rol van die vrou as behouer van *moraliteit* aan deur aanduidings en voorskrifte vir die *korrekte* optrede en voorkoms van die vrou in verskeie situasies, maar in twee gevalle spreek sy sedelike gedrag direk aan. Sy uiter die opinie: “’n Vrou met sjarme is op stuk van sake geen *losbol* nie en hoort ook nie in die klas van vroue wat ’n aand verlore noem as sy dit nie met sagte musiek by gedempte ligte in ’n nagklub kon deurbring nie” (1970:63; kursivering bygevoeg). Verder beweer sy: “Selfs sjarmante vroue, of sal ek sê veral sjarmante vroue, kan gerus suinig wees met hul soene. Dit kan hulle maar opspaar vir iemand wat lewenslank hul sjarme gaan besit en bewonder” (1970:68). Hierdie sedelike voorskriftelikheid wat vroue aanmoedig om rein te bly en preuts op te tree is nie ongewoon vir etiketboeke van daardie tydperk nie.

Dit is dus voor die hand liggend dat dié tipe siening van morele vroulikheid soos uiteengesit in die bronmateriaal maklik oordraagbaar was in die doeltaal en inderdaad moeiteloos absorbeerbaar was in die Afrikanerkultuur van die 1960’s. ’n Verwysing na ’n ander voorbeeld van sedeliteratuur (en Afrikaner-nasionalistiese propaganda), gepubliseer twee jaar voor *Sybille* se verskyning, ondersteun ons argument dat *Sybille* se morele voorskrifte byna naatloos *vertaalbaar* was in Afrikanergemeenskappe se konvensionele waardestelsels. Die Dirkie Uys Stigting het in 1966 ’n brosjure laat publiseer wat die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap, J de Klerk, se toespraak ter viering van die vyfjarige Republiekwording bevat, getiteld: *Die Republiek praat met sy dogters*. De Klerk (1966:3) waarsku met ’n gewigtige, onheilspellende toon:

’n Volk is moreel so gesond as die moraliteit van sy vroue. En, laat ek jou waarsku ... As jy die morele wette op geslagtelike gebied oortree, sal jy hiervoor jou siel – jou ware self – as prys betaal. Leegheid, bitterheid en onvergenoeagdheid is die samegestelde rente wat onverbiddelik gevorder word op die rekening vir immoraliteit – wat neerkom op ’n skending van die tempel van God.

As jy luister na die verleier, kan jy, as ’n onterfde van jou vroulike reg, ’n groter vernietiger van die samelewing word as die ergste onder die mans.

Jou hoogste deug lê onder andere in jou voorbeeld ten opsigte van moraliteit wat jy aan ander stel.

Dit word duidelik uit die bogenoemde aanhaling dat vroue, en nie mans nie, geag is as die morele bewakers van Afrikaners se waardes en norme en dat dit hul “hoogste deug” was om ook so op te tree. Hierdie voorgeskrewe morele gedrag het dan ten doel gehad dat die vrou nie net as die bewaker van die volk se sedes moes dien nie, maar ook as teenvoeter teen die “vyand”; dit wil sê: teen ideologieë en norme wat nie ooreengestem het met dié gepropageer deur Afrikanernasionalisme nie. Hierdie “vyand”, soos voorheen genoem (Maritz, 2004:54), was kommunisme en die wetlike gelykstelling van swart met wit in Suid-Afrika. Volgens De Klerk (1966:2-3) word die “Emansipasie van die Vrou” hierby ingesluit en bring hy dit ook op ’n latere stadium in direkte verband met kommunisme (1966:2):

Net soos daar vyande is wat probeer om die manlikheid van ons seuns te vernietig, so is daar vyande wat poog om jou vroulikheid te vernietig. Daarom probeer hulle die “emansipasie” van die vrou so stuur dat die vrou skoon weg van haar vroulikheid begin beweeg. Nog nooit was die vrou so vry om te kies wat sy met haar lewe wil maak soos vandag nie. [...]

Maar hulle doel is nie daarmee om aan die man en die vrou elk ’n eie plek in die lewe toe te ken nie – hulle wil van jou ’n slaaf maak van die leuen wat “gelykheid” genoem word. [...]

Soos ’n slang in die gras kom die mees geslepe lis vandag tot jou op die universiteits- en kollege-gronde, in die kantoor en op die straat, sluip dit in vermomde vorm rond en lok jou uit en hits jou aan om vryhede te neem en dinge te doen wat ontrou aan jou diepste wese is en in stryd is met al ons eeue-oue sedewette.

In aansluiting hierby spreek *Sybille* ook die emansipasie van die vrou aan:

Sy hoort ook nie by dié vroue wat met trommel en basuin hul regte verkondig en verdedig nie. Sy het dit nie nodig nie, sy verkry haar reg sonder wet. Sy verdedig nie haar plek met luide protes, gloeiende slagspreuke en hartstogtelike betoë nie. Sy is in alles sag en sy kan wag. [...] Ten spyte van al die nuutverworwe vryhede van die vroulikheid, bly die vermoë om toe te gee, een van die mooiste vroulike eienskappe. Dit weet die sjarmante vrou goed en dit is waarom mans van haar hou. (1970:61)

Volgens die spreker van *Sybille* verkry vroue hulle regte “sonder wet”, ’n aanduiding dat die spreker van mening is dat vroueregte en die “luide protes” wat dit meebring, sowel onnodig as onvroulik is. Die spreker stel prontuit en sonder skroom voor dat vroue van manipulasie gebruik moet maak om hulle doel te bereik. Hierdie voorstel weerspreek *Sybille* se voorskrifte dat vroue met morele inbors moet optree. Met verwysing na die bogenoemde aanhaling blyk dit dat *Sybille* onselfsugtigheid, ondergeskiktheid en doelbewuste stilsweye ten opsigte van vroueregte voorhou as vroulike ideale sodat vroue “mans” se goedkeuring kan wegdra.

Sybille en De Klerk beweer dus beide dat “gloeiende slagspreuke en hartstogtelike betoë” vir vroueregte vroulikheid “vernietig”. Ironies genoeg verwys beide na die “vryhede” en sosiaal-ekonomiese geleentheid wat vroue bekom het deur protes aan te teken, en hulle raai vroue nie juis af om gebruik te maak van hierdie geleentheid nie, maar eerder om nie betrokke te raak by politiek en protesaksies nie, aangesien dit nie strook met voorskriftelike vroulikheid nie. Inderdaad kom dit voor asof De Klerk hom daarvan weerhou om vroue te vermaan het om nie die arbeidsmark te betree nie – ’n aanduiding van die neerslag wat die tweede feministiese beweging gevind het, nie net op *Sybille* en Bouwer se kontrasterende raad en opinies nie, maar selfs op propageerders van Afrikanernasionalisme. Dit is dus duidelik dat die tweede feministiese beweging inderdaad in ruimer sin “soos ’n slang in die gras” – om ’n

frase by De Klerk te leen – begin in seil het onder dominante diskoerse, selfs by diegene gekant teen die beweging se gemoeidheid met gelyke regte en gelyke ekonomiese geleenthede. Dit is dus moontlik om Bouwer se botsende uitsprake en Sybille se teenstrydige raad gedeeltelik toe te skryf aan die subtiële invloed wat die tweede feministiese beweging in die 1960's en 1970's in Suid-Afrika en dele van die Westerse wêreld begin uitoeven het. Vanuit die bogenoemde bespreking is ons gevolgtrekking dat die norme van die doeltaalgemeenskap waarin Sybille as vertaling ontvang is, in die laat sestigerjare ooreenstem met die milieu waarin die bronteks geskep is en dat hierdie vertaling, met al sy vreemde teenstrydighede, 'n weerspieëling is van die paradoksale houdings van die vertaler se doeltaalgemeenskap teenoor vroue se agentskap binne die Afrikanernasionalistiese patriargie.

4. Slot

Sover ons kennis strek, is daar nog nooit vantevore 'n oorsig van sedeliteratuur, en meer spesifiek 'n omskrywing van die konvensies, ontstaansgeskiedenis en ontwikkeling van die etiketboekgenre, in Afrikaans gepubliseer nie. Hierdie artikel het hierdie lakune deels aangespreek deur 'n definisie van sedeliteratuur te verskaf asook 'n beskrywing van een van die subgenres, naamlik etiketliteratuur. Ons ontleding van *Sybille: Sjarmante vriendin* toon dat hierdie Afrikaanse vertaling in ooreenstemming is en getrou bly aan die oorsprong van die genre in die negentiende eeu wat onselfsugtigheid en selfloosheid van vroue vereis het. Hierdie voorgeskrewe onselfsugtige diensbaarheid het staatgemaak op en was afhanklik van “patriarchal domination” (Curtin, 1985:422). Die ontleding van *Sybille* se vroulike voorskriftelike gender-*performance* het, in aansluiting by die bogenoemde punt, getoon dat die verkose vroulike ideaal normatief van aard was (sonder eienskappe wat as “tê” beskou word) en dat hierdie optrede *juis* voorgeskryf word om *mans* te paai, te vereer, en hulle lewens te vergemaklik. Ons het verder die waardestelsels en geslagsordening wat geheers het onder Afrikaners in die 1960's en 1970's in aanmerking geneem in ons bespreking van hierdie vertaling, in lyn met die deskriptiewe vertaalteorie se aandrag op die beskouing van 'n teks as deel van diskoersontwikkeling in die doeltaal, en vasgestel dat die patriargale Afrikaner se geslagsrolverdelings gestrook het met die genderbeskouings van die bronteks *Sybille*. Die byna naatlose *vertaalbaarheid* (figuurlik) van die voorskrifte, waardes, norme en ideologieë soos omskryf in die bronteks *Sybille* na die heersende diskoers van die doeltaalgemeenskap dui op die versoenbaarheid (“compatibility”) van die bronmateriaal met die samelewing waarin dit ontvang is.

Dit is moontlik om te beweer dat Bouwer, wat haar niefiksie-skryfwerk beskou het as pedagogies van aard, die vertaling van *Sybille* gesien het as deel van haar opvoedingstaak vir volwassenes. Wat egter na vore tree in ons bespreking van Bouwer se opinies en lewensbeskouings, is dat die voorskriftelike vroulike gendergestuurde gedrag, onderskeidelik omskryf deur *Sybille* en die Afrikanergemeenskap in breë sin, terselfdertyd ondersteun en verwerp is deur Bouwer. In hierdie artikel word geargumenteer dat die dualisme wat opmerklik is in Bouwer se soms botsende uitsprake, net soos die weersprekings in *Sybille* se raad, toegeskryf kan word aan die subtiële invloed wat die tweede feministiese beweging begin uitoeven het in Suid-Afrika en in dele van die Westerse wêreld. Die tweede feministiese beweging het, soos ons aandui, stelselmatig begin insluip selfs in Afrikanerpropaganda. Ten spyte van hierdie byna terloopse invloed van die tweede feministiese beweging is *Sybille* egter steeds 'n handleiding geskryf vir vroue oor hoe om hul gedrag aan te pas sodat “mans van [hulle sal] hou” (1970:61).

BEDANKINGS EN ERKENNINGS

Ons bedank graag vir Prof. Ilse Feinauer en Dr. Mathilda Slabbert vir hul insette in verband met die inhoud van hierdie artikel. Ons spreek ons innige dankbaarheid uit teenoor Dineke Ehlers, Marelise van der Merwe en Hesti van der Mescht wat op verskillende stadiums die taalversorging van hierdie artikel behartig het. Die finansiële bydraes van die Ton en Anet Vosloo Leerstoel (wat Danie Stander beklee) word met dank erken.

BIBLIOGRAFIE

- Afrikaanse Christelike Vroue Vereniging. s.j. *Konstitusie van die Afrikaanse Christelike Vrouevereniging*. Stellenbosch: NG Kerkargief, ACVV versameling, K-DIV 741.
- Ajomand, M. 2014. Editor's preface. In Fischer-Lichte, E. *The Routledge introduction to theatre and performance studies*. London: Routledge, pp. x-xi.
- Althof, W, Marvin, W & Berkowitz, MW. 2006. Moral education and character education: their relationship and roles in citizenship education. *Journal of Moral Education*, 35(4):495-518.
- Anoniem. 1959. *Sybillie: Sjarmante vriendin*. Vert. A. Bouwer. 2de druk 1970. Kaapstad: Tafelberg.
- Austin, JL. 1962. *How to do things with words*. Oxford: Clarendon Press.
- Bérenquier, N. 2011. *Conduct books for girls in Enlightenment France*. Surrey: Ashgate.
- Bermann, S. 2014. Performing translation. In Bermann, S & Porter, C (eds). *A companion to Translation Studies*. Hoboken, NJ: John Wiley, pp. 285-297.
- Bethanne, P. 2011. *An uncommon history of common courtesy: How manners shaped the world*. Washington: National Geographic.
- Boruch, M. 2016. Charm. *The Massachusetts Review*, 57(1):128-140.
- Blignault, A. 2008. 'n Blywende vreugde: Briewe van Audrey Blignault. Fourie, M, Brink, L & Metelerkamp, P. (reds.). Hermanus: Hemel & See.
- Bouwer, A. 1995. *Die lang reis van hart tot hart: 'n Keur uit haar toesprake deur Rykie van Reenen*. Van Reenen, R. (samest.). Kaapstad: Tafelberg.
- Bouwer, A. 1975. *Waar vroue voorvat: Oor vier vroueverenigings 1904-1975*. Stellenbosch: NG Kerkargief, pamflet-versameling.
- Bouwer, A. 1955. *Stories van Rivierplaas*. Kaapstad: Tafelberg.
- Butler, J. 1993. *Bodies that matter: On the discursive limits of "sex"*. New York: Routledge.
- Butler, J. 1999. *Gender trouble: Feminism and the subversion of identity*. New York: Routledge.
- Carré, J. 1994. Introduction. In Carré, J. (ed.). *The crisis of courtesy: Studies in the conduct-book in Britain, 1600-1900*. Leiden: E.J. Brill, pp. 1-8.
- De Klerk, J. 1966. *Die Republiek praat met sy dogters*. Pretoria: Dirkie Uys Stigting.
- Du Preez, P. 2007. Ikoon en medium: Die toneelpop, masker en akteur-manipuleerder in Afrika-performances. PhD-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, Dept. Drama.
- Even-Zohar, I. 2000. The position of translated literature within the literary polysystem. In Venutti, L (ed.). *The Translation Studies reader*. London: Routledge, pp. 192-198.
- Foster, GA. 2000. *Troping the body: Gender, etiquette, and performance*. Carbondale, IL: Southern Illinois University Press.
- Fourie, P. 2015. Herinnering op die verhoog: Performatiwiteit in David Kramer en Taliep Petersen se *Kat and the Kings*. *LitNet Akademies*, 12(2):75-112.
- Jones, V. 1996. The seductions of conduct: Pleasure and conduct literature. In Porter, R & Roberts, MM. (eds). *Pleasure in the eighteenth century*. New York: New York University Press, pp. 108-132.
- Kannemeyer, JC. 2005. *Die Afrikaanse literatuur, 1652-2004*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Lefevere, A. 1992. *Translation, rewriting, and the manipulation of literary fame*. London: Routledge.
- Louw, C. 1973. *Vir jou, juffrou*. Johannesburg: Perskor.
- Marinetti, C. 2013. Translation and theatre: From performance to performativity. *Target*, 25(3):307-320.
- Maritz, L. 2004. Afrikanervroue se politieke betrokkenheid in historiese perspektief met spesiale verwysing na die Women's National Coalition van 1991 tot 1994. PhD-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, Dept. Geskiedenis.

- Naudé, H. 1967. *Etiket vir elke geleentheid*. Johannesburg: Afrikaanse Pers-Boekhandel.
- Naudé, S. 1958. *Skoonheid en sjarme*. Johannesburg: Afrikaanse Pers-Boekhandel.
- Post, E. 1934. *The blue book of social usage*. New York: Funk & Wagnalls.
- Rothmann, ME. 1928. Ons skrapse rokke. *Die Boerevrou*, Julie, pp. 6-8.
- Schoeman, E. 1981. *Goeie maniere en etiket*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Stander, D. 2021. "Darling, ek is onroendneukbaar": Intertalige en intersemiotiese vertaling in TRUK se 1983-produksie van Nerina Ferreira se Afrikaanse vertaling van William Shakespeare se *The taming of the shrew* as *Die vasvat van 'n fees*. *LitNet Akademies*, 18(3):24-58.
- Terblanche, E. 2020. Alba Bouwer (1920–2010). *LitNet*. <https://www.litnet.co.za/alba-bouwer-1920-2010/> [17 Maart 2021].
- Truter, S. 1993. 'n Lewe vol stories. *Sarie*, 23 Junie, p. 19.
- Van Coller, HP (red.). 2015. *Perspektief en profiel: 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. Deel 1. 2de uitgawe. Pretoria: Van Schaik.
- Van Coller, HP (red.). 2016. *Perspektief en profiel: 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. Deel 2. 2de uitgawe. Pretoria: Van Schaik.
- Van Coller, HP (red.). 2016. *Perspektief en profiel: 'n Afrikaanse Literatuurgeskiedenis*. Deel 3. 2de uitgawe. Pretoria: Van Schaik.
- Van Niekerk, A. 1986. 'n Kuier by Alba van Bergplaas. *Sarie*, 16 Junie, pp. 66-67.
- V.D.M. 1972. Rokkies wil sy dra. *Kerkblad vir die Gereformeerde Kerk onder die Kleurlinge*, No. 1. Maart, p. 1.
- Wikipedia*. 2020. Alba Bouwer. https://af.wikipedia.org/wiki/Alba_Bouwer [17 Maart 2021].
- Wikipedia*. 2021. Anneliese Friedmann. https://de.wikipedia.org/wiki/Anneliese_Friedmann [2 Februarie 2022].
- Wikipedia*. 2020. Character education. https://en.wikipedia.org/wiki/Character_education [13 March 2021].
- Wouters, C. 1995. Etiquette books and emotion management in the 20th century. Part 2: the integration of the sexes. *Journal of Social History*, 29(2):325-339.

Redakteursnota

In hierdie afdeling val die soeklig op die aard en funksie van die Universiteit Stellenbosch (US) se kunsmuseum.

In 'n meningsartikel ondersoek prof. Jan Giliomee, voorheen lid van die advieskomitee van die Sasol Kunsmuseum, die “ontstaan, opbou en aftakeling” (p.220) van hierdie, syns insiens, eens trotse, instelling van die universiteit, waar kunswerke doeltreffend “uitgestal”, “museologies bewaar” en “kunswetenskaplik benut” kon word (p. 222). Op uitnodiging van die redakteur skets mnr. Bongani Mgiijima, huidige direkteur van die US Museum, in sy respons op die meningsartikel die manier waarop die museum “vooruit boer” (p. 227).

Vanuit Giliomee se gesigspunt het die fokus verskuif “van kunswaardering, -bevordering en -navorsing na 'n polities gemotiveerde transformasie” – soos blyk uit die posbeskrywing van 'n nuwe aanstelling, naamlik “Navorsing, Dialoog en Sosiale Geregtigheid” (p. 221). Sy opsommende standpunt lui:

Hierdie instelling behoort sy akademiese roeping ten opsigte van die uitstalling, uitbreiding, bewaring en ontsluiting van sy belangrike en eeersterangse estetiese bronnemateriaal vir die hedendaagse kunsgeskiedskrywing in Suid-Afrika sonder twyfel te bly navolg. (p. 221)

Mgiijima se teenargument is dat 'n dergelike doelstelling steeds geld, aangesien die permanente versameling van bykans 3 000 kunswerke “professioneel bewaar en op 'n rotasiegrondslag in die museum uitgestal” word (p. 227). Daarbenewens kan die “openbare opvoedkundige program oor visuele kuns” (p 227), danksy die benutting van tegnologie, wêreldwyd inslag vind. Eweneens het die digitalisering van die US se ganse kunsversameling daartoe gelei dat byvoorbeeld die werke van Maggie Laubser en Solomon Caesar Malan (waaroor Giliomee dit onder meer het) groter toeganklikheid op die aanlyn digitale platform kan geniet (p. 228). Op hierdie manier word kunsbevordering by die US museum uitgebrei, “en strek dit nou ver buite die geografiese grense van Stellenbosch” (p. 229).

Wat Mgiijima “transformerende museumkunde” (p. 228) noem, is syns insiens geregverdig, aangesien “kuns en sosiale geregtigheid nie onderling uitsluitend is nie” (p. 228) en trouens in ooreenstemming is met internasionale aksentverskuiwings in hierdie verband, “omdat museums wêreldwyd toenemend as ruimtes vir gesprekvoering en inklusiewe kritiese burgerskap dien” (p. 229).

Hierdie twee uiteenlopende standpunte oor die aard en funksie van kunsmuseums is aanduidend van hedendaagse diskoerse wat deel uitmaak van die nodige besinning oor hoe om die skatte van die verlede sodanig aan te bied dat dit steeds relevant bly in 'n vertegnologiseerde en ook meer inklusiewe samelewing. Nietemin merk 'n museumkundige in hierdie verband op dat die meeste van die konvensionele funksies van museums steeds 'n uiters belangrike rol het om te speel ten opsigte van bewaring en opvoeding, maar dat hierdie aspek oënskyklik “toenemend geïgnoreer word in sommige museums, veral in Suid-Afrika”.

'n Ope uitnodiging word hiermee gerig aan enigiemand wat belang stel in die bogenoemde onderwerp. Navorsingsartikels sal onderhewig wees aan die gebruikelike eweknie-evaluering, maar meningsartikels en korter reaksies kan ook in die rubriek AKTUEEL teregkom.

INA WOLFAARDT-GRÄBE

Redakteur: *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*


E-posadres: publikasies@akademie.co.za

Die ontstaan, opbou en aftakeling van die Sasol Kunsmuseum van die Universiteit Stellenbosch

The inception, rise and fall of the Sasol Art Museum of the University of Stellenbosch

JAN GILIOMEER

Departement Plant- en Dierkunde
Universiteit van Stellenbosch
Suid-Afrika
E-pos: jhg@sun.ac.za



Jan Giliomeer

JAN GILIOMEER is emeritus professor in Bewaringsekologie en Entomologie aan die Universiteit van Stellenbosch (US). Hy het by die US die grade BSc (Agric), MSc (Agric) en M (S & S) behaal, by die Universiteit van Suid-Afrika (Unisa) 'n BA en by die Universiteit van Londen 'n PhD-graad. Hy was vir sy hele loopbaan as dosent in Entomologie aan die US verbonde (1957–2000) en het ongeveer 150 wetenskaplike artikels oor sy en sy studente se navorsing gepubliseer. Hy stel besonder belang in kuns en het op die advieskomitee van die Sasol Kunsmuseum van die US gedien.

JAN GILIOMEER is emeritus professor in Conservation Ecology and Entomology at Stellenbosch University (SU). He obtained the degrees BSc (Agric), MSc (Agric.) and M (URP) at SU, a BA at the University of South Africa (Unisa) and a PhD at the University of London. He was attached to the SU as lecturer in Entomology for his entire career (1957–2000) and has published about 150 scientific articles on his research and that of his students. He has a lively interest in art and served on the advisory committee of the Sasol Art Museum of the SU.

ABSTRACT

The inception, rise and fall of the Sasol Art Museum of the University of Stellenbosch
The Sasol Art Museum of the University of Stellenbosch (US) was established in 1991 to house the art collection of the US. At the time the US was already in possession of art pieces from various sources through the years. This included art works donated by students, the Solomon Caesar Malan and Maggie Laubser collections, and the comprehensive collection of Prof. J du P Scholtz of South African, European and exotic works of art. During the time of Prof. Muller Ballot as the first Director of the Museum, the collection grew rapidly with outstanding works of art. A number of large collections were donated by prominent artists, e.g. Christo Coetzee (150 items), Nel Erasmus (112), Johannes Meintjes (91) and Larry Scully (10), while bequests of valuable paintings were received from a number of supporters of the museum. Funds were bequeathed by an overseas visitor to buy a sculpture in bronze by the French artist Auguste Rodin. A number of prominent collectors also made donations from their collections,

including Peter Freund from Germany who donated about 100 graphic works of important European artists of the early 20th century.

With the appointment of a new Director in 2013, drastic changes started to take place. The name of the Sasol Art Museum as the prominent part of the US Museum disappeared and most of the acquired art works were moved to the storage room. The focus shifted from exhibiting artworks, art appreciation and art historical research to political transformation and social justice, as shown by the recent appointment of a Museum Curator: Research, Dialogue and Social Justice.

This institution should not forsake its academic calling and should continue to strive to promote the exhibition, expansion, conservation, and study of visual art works as an important and top-ranking source of aesthetic material for research in art history as a present day discipline.

OPSOMMING

Die Sasol Kunsmuseum het in 1991 tot stand gekom om die kunsversameling van die Universiteit van Stellenbosch (US) te huisves en akademies te bevorder. Die werke reeds in besit van die US is aangevul met groot skenkings soos dié van Solomon Caesar Malan, J du P Scholtz en Maggie Laubser. Groot oorsigversamelings van oeuvres soos deur Christo Coetzee (150-stuks), Nel Erasmus (112), Johannes Meintjes (91), en Larry Scully (10) is bekom. Skenkings en erflatings is selfs ook van buitelandse versamelaars ontvang, soos van die Duitser, Peter Freund (uiteindelik ongeveer 100 drukgrafiese werke van belangrike Europese en ander kunstenaars van die vroeë twintigste eeu), en van 'n Nederlandse besoeker die nodige fondse vir die aankoop van 'n kopbeeld in brons deur Rodin.

Met die aanstelling van 'n nuwe Direkteur in 2013 het drastiese veranderings mettertyd begin plaasvind. Die name en beroepswerksaamhede van die instansies (Sasol Kunsmuseum en US Kunstgalerie) as die belangrikste onderafdelings van die US Museum het letterlik verdwyn. Só ook die oorgrote meerderheid van bogenoemde kunswerke wat blykbaar meestal weggepak bly. Die fokus het verskuif van kunswaardering, -bevordering en -navorsing na 'n politieke gemotiveerde transformasie, soos ook blyk uit die US Museum se aanstelling van 'n kurator vir sogenaamde Navorsing, Dialoog en Sosiale Geregtigheid.

Hierdie instelling behoort sy akademiese roeping ten opsigte van die uitstalling, uitbreiding, bewaring en ontsluiting van sy belangrike en eersrangse estetiese bronnemateriaal vir die hedendaagse kunsgeskiedskrywing in Suid-Afrika sonder twyfel te bly navolg.

Die Universiteit van Stellenbosch (US) was eens die trotse eienaar van 'n roemryke kunsmuseum, die Sasol Kunsmuseum, wat nie meer bestaan nie. Die doel van hierdie artikel is om die geskiedenis van die ontstaan, opbou en aftakeling van die instansie te dokumenteer en daarop kommentaar te lewer.

Ontstaan

Die Sasol Kunsmuseum van die US is in Oktober 1991 geopen. Dit moes as die vernaamste onderdeel funksioneer van 'n nuwe afdeling, die US Museum, wat die hele kultuurbesit van die US administreer en bevorder. Hierdie instansie het tot stand gekom deur die inisiatiewe van prof. Mike de Vries wat in 1979 rektor van die US geword het. Prof. De Vries was vroeër

'n dosent in Fisiese Chemie en alhoewel hy nie 'n besondere belangstelling in die visuele kunste gehad het nie was hy sekerlik bewus van die waardevolle kunswerke in die universiteit se besit.

Waarom dan 'n kunsmuseum by die US? Toe hy daarvoor uitgevra is, het De Vries vertel dat toe hy as rektor aangestel is, hy 'n beurs ontvang het om van die mees vooraanstaande universiteite in die VSA te besoek. Daar het hy gesien dat die meeste van hulle 'n kunsmuseum gehad het en hy het besluit dat as die US in daardie kategorie wil wees, hy ook een moet hê. Toe die gebou van die ou Hoër Meisieskool Bloemhof beskikbaar geraak het, het hy die geleentheid aangegryp om aan die visuele kunste voorkeur te gee bo die ander aansprake wat daar op die gebou was.

Die volgende stap was om die fondse te vind om die skoolgebou as museum – maar in die besonder as kunsmuseum – in te rig. Die voorsitter van die Raad van die US op daardie stadium was mnr. DP (Dawid) de Villiers, voorheen besturende direkteur en later voorsitter van die direksie van Sasol. De Villiers het Sasol se direksie oorreed om die bedrag van R3.5 miljoen daarvoor beskikbaar te stel, en so is die naam toe amptelik gekoppel aan die nuwe kunsmuseum – sekerlik met die idee om vir altyd daar te bly as erkenning van hierdie maatskappy se groot en belangrike skenking aan die US.

Opbou

In daardie stadium was die werke van die klein maar waardevolle kunsversameling in die Universiteit se besit in talle van die geboue op die kampsusse en elders gehuisves. So byvoorbeeld, het studente oor die jare kunswerke vir hul koshuise as afskeidsgeskenk aangekoop om in eetsale en gange te hang waar hulle nie veilig was en in die algemeen nie goed bekend gestel is nie. Met die daarstelling van 'n kunsmuseum is daar egter in dié en ander belangrike behoeftes voorsien, naamlik om van die waardevolste werke soos onder meer skilderye van Irma Stern en Maggie Laubser in 'n meer beskutte en doeltreffende ruimte uit te stal, museologies te bewaar en kunswetenskaplik te benut.

Solomon Caesar Malan

Een van die unieke en kosbaarste versamelings van skilderye wat toe reeds in die US se besit was maar nog nie voorheen doeltreffend as 'n eenheid vertoon is nie, is dié deur Solomon Caesar Malan. Malan was 'n jong Britse akademikus wat in die winter van 1839 vier maande aan die Kaap deurgebring het voordat hy na Calcutta, Indië, teruggekeer het as dosent in die Klassieke. Hy was ook 'n amateur kunstenaar en het in die tyd sowat 90 unieke waterverfskilderye en sketse met pen en potlood van tonele in en om die Kaap gemaak, baie net soos 'n toeris vandag sou foto's neem van besienswaardighede in 'n vreemde land. Een besondere mooi werk toon die klein Kaapse nedersetting aan die voet van Tafelberg. Dr. Avril Malan, 'n oudstudent van die US, het sy naamgenoot se versameling van 175 Kaapse en Indiese tonele in die buiteland opgespoor, aangekoop en na Suid-Afrika gebring. In 1968 het hy dit aan die US geskenk vir bewaring en met die totstandkoming van die Sasol Kunsmuseum in 1991 is daar 'n afsonderlike lokaal net vir dié waardevolle versameling se wisselende uitstallings ingeruim. In Booyens (1971) verskyn Malan se lewensverhaal, 'n evaluasie van Malan as kunstenaar deur Otto Schröder, afbeeldings van 25 akwarelle asook enkele tekeninge.

Maggie Laubser

Dan was daar ook die groot en waardevolle versameling van Maggie Laubser se werk wat reeds sedert 1973 in die US se besit was. Laubser, ongetwyfeld die grootste Afrikaanssprekende vroueskilder, was altyd 'n goeie vriend van die US. Sy het trouens haar eerste eenpersoons-uitstalling op uitnodiging in die Ou Hoofgebou van die US gehou. 'n Vorige rektor, prof. HB Thom, was goed bevriend met haar en toe hy agterkom dat sy finansiële swaarkry, het hy gereël dat die US haar maandelikse munisipale rekeninge betaal sodat sy rustig met haar werk kan voortgaan (Thom, 1975). Die gevolg was dat sy besluit het om haar huis en alle kunswerke wat nog daarin was, aan die US te bemaak. Ná haar dood in 1973 is ongeveer 'n honderd skilderye tussen strooi in haar garage ontdek. Die US het hulle almal deur twee spesialiste in kunsrestourasie (mnre. Henri Wirth en Edgar Bosman) laat herstel. Dit is tans steeds die grootste enkele versameling van Laubser se kunswerke onder een dak. Volgens Muller Ballot (2015), in sy omvattende boek oor Maggie Laubser, is daar 149 skilderye van hierdie kunstenaar in die US se versameling. Een daarvan is 'n vroeër weergawe van die ikoniese *Skaapwagter by Langebaan* wat onlangs sowat R1.6 miljoen by 'n veiling van Strauss & Co. behaal het. In 'n stadium was die plan om 'n spesiale gebou vir die vertoning van hierdie versameling in te rig, maar met die totstandkoming van die Sasol Kunsmuseum is hierdie gedagte laat vaar en is 'n groot deel daarvan deurentyd in die museum self uitgestal.

J du P (Canis) Scholtz

Pas nadat hy op 'n kunsmuseum vir die US besluit het, het prof. De Vries gehoor dat die bejaarde prof. J du P (Canis) Scholtz 'n tuiste soek vir sy omvattende private kunsversameling. Met “Ons het net die plek daarvoor!” het hy dit aan Scholtz gestel en hom oorreed om sy kunswerke aan die US te bemaak. Scholtz het ingestem, maar in sy testament bepaal dat die hele versameling te alle tye uitgestal moet word. De Vries het die skrywer gevra om Scholtz te help om die versameling te dokumenteer en hy moes laasgenoemde ook daarop wys dat dit eintlik onmoontlik sal wees om aan hierdie bepaling te voldoen. Scholtz is gevra om dit te skrap, maar hy het besluit om dit só te behou “omdat niemand tog sou kla as dit nie gebeur nie”.

Toe prof. Scholtz in 1988 sterf, is die reusagtige versameling van Suid-Afrikaanse, Europese en sogenaamde “eksotiese kuns” (soos maskers van hout uit Noord- en Wes-Afrika en 'n bronsbeeldjie uit Iran wat dateer uit die sesde eeu) in die US se kunsbesit opgeneem. In 1996 is dit aangevul met werke wat toe nog in sy vrou se besit was.

Die Suid-Afrikaanse deel van sy versameling bestaan uit 58 olieverfskilderye, 13 akwarelle, 20 tekeninge, 13 litografieë, 22 etse, vyf linosneë, drie monotipes, drie sifdrukke, twee houtdrukke en 14 beeldhouwerke. Die Europese deel bestaan uit 119 kunswerke en die eksotiese gedeelte uit 28. Ten einde reg te laat geskied aan die versameling en prof. Scholtz se wense, het prof. Muller Ballot, die eerste Direkteur van die US Museum, altyd die grootste saal van die onderste vloer van die Kunsmuseum vir werke uit die Scholtz-versameling gereserveer. Dis deur sy opvolger, dr. Lydia de Waal (2001–2012), só behou.

Auguste Rodin – kop in brons

Tydens prof. Ballot se termyn (1991–2000) het daar ook eendag 'n Nederlandse besoeker opgedaag om die US se kunsversameling te besigtig. Hy was baie beïndruk daarmee maar

was van mening dat die Kunsmuseum 'n uitstaande laat-negentiende-eeuse beeldhouwerk as fokuspunt nodig het om só ook 'n leemte in die kunshistoriese gehalte van die versameling te help vul. Wat meer is, hy het met sy oorlye 'n paar jaar later 'n groot som geld aan die US Museum nagelaat om juis só 'n werk aan te skaf. Dit het prof. Ballot in staat gestel om Europa te besoek waar hy afgekom het op 'n reusebeeld van 'n manlike kop in brons, deur die beroemde Franse beeldhouer, Auguste Rodin (1840–1917). Dit is vroeër as 'n voorstudie gebruik vir een van die figure van Rodin se beroemdste beeldhouwerke, *Die Burgers van Calais*. Die kop is vervolgens na Suid-Afrika verskeep en is van toe af in die Kunsmuseum op 'n prominente plek, byvoorbeeld regoor die hoofingang, geplaas.

Oorsigversamelings

Prof. Ballot het gedurende sy termyn van byna 10 jaar daarvoor gesorg dat die US se kunsversameling met 'n aansienlike aantal uitstekende werke gegroei het. Die meeste daarvan was skenkings deur die kunstenaars self. In hierdie opsig moet byvoorbeeld die belangrike oorsigversamelings van oeuvres deur Christo Coetzee (150-stuks), Nel Erasmus (112), Johannes Meintjes (91), en Larry Scully (10) genoem word. In baie gevalle is kunswerke ook as gevolg van onderhandelings met kunstenaars teen baie billike pryse bekom.

Heelwat van die belangrikste werke in hierdie kunsversameling is ook afkomstig van waardevolle erflatings, soos dié van Dirk Johannes La Cock (o.a. 19 werke deur Cecil Higgs), FJ Olivier en TJ Marchand gesamentlik (10 werke deur Maggie Laubser), mev. J du P Scholtz (14 waarvan unieke werke deur o.a. Enslin du Plessis, Moses Kottler en Florence Zerffi), dr. PJ Jacobs (36, o.a. skilderye deur Maggie Laubser, Pierneef, Ruth Prowse, Erich Mayer, WH Coetzer, Terrance McCaw en Edward Roworth).

Daarnaas het bekende versamelaars van tyd tot tyd kunswerke uit hulle versamelings aan die US museum laat toekom, soos Louis Schachat, eienaar van Die Kunskamer te Kaapstad (26 werke waarvan 8 deur die Stellenbosser, Bill Davies) en die Duitser, Peter Freund (uiteindelik ongeveer 100 drukgrafiese werke van belangrike Europese kunstenaars van die vroeë twintigste eeu soos Hans Hartung, Antoni Tàpies en Jean Bazaine asook tydgenootlike Suid-Afrikaners soos Dirk Meerkotter, Bettie Cilliers-Barnard en Hannes Hars). Só ook het Coba Diedericks 'n aantal stukke uit haar keramiekversameling (o.a. deur Essias Bosch en Tim Morris) geskenk. By die eienaar van die bekende Galerie Stadler in Parys (Frankryk) kon prof. Ballot op sy en die kunstenaar se uitnodiging 8 belangrike en unieke vroeë werke deur Christo Coetzee as geskenk aan die Museum gaan uitkies met die doel om nog vollediger kunshistoriese betekenis aan die omvattende en verteenwoordigende Christo Coetzee-versameling in die Kunsmuseum te kan verskaf (Ballot – persoonlike mededelings).

Dit kan nie betwyfel word nie dat die US vandag oor 'n unieke en waardevolle kunsversameling beskik wat vir gewone kunswaardeerders, kunswetenskaplikes, kunsstudente en kunstenaars onmisbaar geword het as bron van verryking en studie.

Agterna beskou, was die jare 1991 tot 2012 die gloriejare van die Sasol Kunsmuseum, gekenmerk deur die byeenbring en deurentydse akademiese benutting van 'n versameling van uitstaande kunswerke wat vir almal toeganklik was. Prof. De Vries het tereg die erkenning gekry vir sy groot bydrae met die totstandkoming van die Universiteitsmuseum deurdat 'n lokaal in die Sasol Kunsmuseum na hom vernoem is. Hier is inderdaad ook waar 'n bronskopbeeld van hom, geskep deur dr. WDF (Fana) Malherbe, 'n geëerde staanplek gekry het.

Aftakeling

Met die aanstelling van mnr. Bongani Mgjima in 2013 as nuwe Direkteur het ’n wind van verandering egter die Sasol Kunsmuseum getref en ’n proses van omskepping, of eerder aftakeling, het begin. Die naam van die groot donateur, Sasol, is verwyder en so ook die benaming “Kunsmuseum” sodat slegs “US Museum” oorgebly het (wat voorheen as die oorkoepelende benaming van die Sasol Kunsmuseum en die US Kunsgalery – wat ook nie meer bestaan nie – gebruik is). Die De Vries-saal se naam en die kopbeeld van prof. De Vries is verwyder. (Nadat die skrywer in ’n brief aan die rektor protes hieroor aangeteken het en met die voorsitter van die advieskomitee van die US Museum hieroor vergader het, is die naam teruggeplaas maar nie die kopbeeld nie).

Die Rodin-beeld is vinnig verwyder en tans nêrens te sien nie. Die Scholtz-versameling is meestal weggepak. Van Maggie Laubser se werk is daar min of niks te sien nie. Die Solomon Caesar Malan-versameling is afgehaal en na die stoor verskuif. Dit was die geval reeds voordat die grootste deel van die Kunsmuseum nou ingeruim is vir die gesamentlike (en wel verdienstelike) uitstalling met die Universiteit van Fort Hare wat vir meer as ’n jaar in feitlik die gehele Kunsmuseum voortgeduur het. Verder is die US Kunsgalery, waarheen talle gevestigde asook jong kunstenaars voorheen uitgenooi is om hul werk uit te stal en te verkoop, na die Departement Beeldende Kunste van die US oorgeplaas, wat dit selde gebruik met die doel om die visuele kunste ook in ’n breër verband te bevorder.

Die baie opmerklieke afskaling van kunsbevordering by die US Museum – spesifiek die gebrek aan die permanente of deurentydse vertoning van een van die belangrikste versamelings in die land – loop blykbaar dieselfde paadjie as dié van Afrikaans as onderrigtaal by die Universiteit.

Wat ook verdwyn het, is die belangrike en interessante oorsiguitstallings van kunswerke deur vooraanstaande en meestal nog lewende kunstenaars, die akademiese publikasies wat daarmee saamgegaan het en die reëlmatige rondleidings by hierdie en die permanente uitstallings.

Die huidige direkteur van die US Museum se fokus is kennelik nie op die bevordering van visuele kunste nie maar op ’n verskeidenheid van manifestasies wat sogenaamde transformasie en sosiale geregtigheid ten doel sou hê. Dit blyk ook daaruit dat in die Missie van die US Museum die woord “kuns” nie voorkom nie maar dat beoog word om, benewens die bewaring daarvan, die ryk erfenis van die US te “transformeer.” Dit behels sekerlik dat die waarde van die kunswerke en alles wat daarmee saamgaan, misken word.

Dis ook opvallend duidelik uit die onderwerpe van die openbare lesings wat die afgelope jare gereeld by die museumgebou aangebied word. Die meeste hiervan het ’n politieke aanslag en feitlik niks gaan oor kuns en die opbouende kulturele kwaliteite daarvan nie. Die jongste aanstelling by die US Museum wat met trots aangekondig is, was dan ook van ’n persoon wat ’n nuwe pos met die titel: Kurator vir Navorsing, Dialoog en Sosiale Geregtigheid sou beklee. Is dit nie ’n deurslaggewende bewys dat die US Museum sy eerste roeping as ’n unieke kunsinrigting vir blykbaar politieke gemotiveerde doelwitte verkwansel het nie?

Slotgedagtes

Die buitengewone omvang en akademiese kwaliteite van die kunsversameling van die US Museum is uniek vir ’n universiteit in Suid-Afrika. Aldus behoort hierdie instelling sy universitêre roeping ten opsigte van die uitbreiding, bewaring en ontsluiting van hierdie

belangrike bronnemateriaal vir die kunsgeskiedskrywing in Suid-Afrika te bly navolg. Dit kan en moet in die eerste plek gebeur deur die meeste kunswerke in die versameling deurentyd en afwisselend ten behoeve van die studente sowel as die geïnteresseerde publiek uit te stal en opvoedkundig toe te lig. Die unieke uitstal- en bewaringsfasiliteite in die gebou is immers duur gekoop, getrou in stand gehou, deurentyd verbeter en is dus reeds dáár – spesifiek vir hierdie doeleindes.

Hierdeur sal die US ook getrou bly aan professor De Vries se oorspronklike visie aangaande die rol wat 'n akademies gerigte kunsmuseum aan 'n vooraanstaande Suid-Afrikaanse universiteit blywend moet vervul.

VERWYSINGS

- Ballot, M. 2015. *Maggie Laubser 'n Venster op Altyd Lig*. Sun Press.
- Booyens, B. 1971. *Solomon Caesar Malan*. Human & Rousseau.
- De Waal, LM & Giliomee, JH. 2011. *Die kunsversameling van J. du P. (Canis) Scholtz*. Stellenbosch: SUN MeDIA.
- Giliomee, JH. 1990. Die kunsversameling van Prof. J. du P. Scholtz. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 30:46-53.
- Thom, HB. 1975. Maggie Laubser se nalatenskap – 'n sluier gelig. *Matieland*, no. 2.

Só boer die US Museum vooruit

- *Respons deur die US Museum*

Die Universiteit Stellenbosch Museum (US Museum) verwelkom die geleentheid om te reageer op 'n meningsartikel deur prof. Jan Giliomee getiteld “Die ontstaan, opbou en aftakeling van die Sasol Kunsmuseum van die Universiteit van Stellenbosch”, wat in hierdie uitgawe van die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* (Jaargang 62(1): Maart 2022) verskyn.

Die artikel spoor sekere elemente van die geskiedenis van die US Museum na. Nietemin blyk die outeur se kernargument te wees dat die US Museum op 'n pad van verval en ondergang is, terwyl die teendeel inderwaarheid die geval is.

Daarbenewens bevat die artikel 'n aantal feitedwalings, waarvan ek enkeles hier onder hanteer.

Die eerste vergissing hou verband met die eertydse naam “Sasol Kunsmuseum”. Dié “roemryke kunsmuseum”, word daar in die artikel gesê, “moes as die vernaamste onderdeel funksioneer van 'n nuwe afdeling, die US Museum, wat die hele kultuurbesit van die US administreer en bevorder”.

Hierdie stelling opper die vraag oor wat 'n museum nou juis 'n kunsmuseum maak. Die aanname dat 'n museum op grond van sy naam 'n kunsmuseum word, is besonder beperkend. Dit is tog die aard van die fasiliteit se versamelings en openbare programme eerder as sy naam wat sy klassifikasie bepaal. Die pas geopende kunsmuseum in Berlyn, die Humboldt Forum, word byvoorbeeld nie eens 'n museum genoem nie. Die Brooklyn Museum in New York is 'n kunsmuseum al verskyn die woord “kuns” nie in sy naam nie.

Wat is die US Museum dus? Die US Museum is die tuiste van 'n permanente kunsversameling van sowat 3 000 werke. Hierdie werke word professioneel bewaar en op 'n rotasiegrondslag in die museum uitgestal – in skrilte teenstelling met die wanopvatting dat die museum se kunswerke alles permanent weggebêre is. Die US Museum spog ook met 'n voortrefflike openbare opvoedkundige program oor visuele kuns, wat deesdae danksy die gebruik van nuwe tegnologieë gehore wêreldwyd bereik.

Interessant genoeg was die US Museum nooit bedoel om uitsluitlik vir visuele kuns voorsiening te maak nie. Versamelings van die destydse Departement Volkekunde en Afrikaanse Kultuurgeskiedenis is byvoorbeeld in die 1990's na die US Museum verskuif. Die museum het ook in 'n stadium 'n argeologiese tentoonstelling gehad. Die versamelings in die fasiliteit het derhalwe nog altyd meer as net die dissipline van die visuele kunste weerspieël. Hierdie versamelings is egter op 'n gefragmenteerde wyse bestuur, en die museum is tans besig om dit te integreer en sodoende uitvoering te gee aan sy mandaat om, soos Giliomee se artikel dit stel, “die hele kultuurbesit van die US [te] administreer en bevorder”.

Dit is ook belangrik om daarop te let dat die US Museum by drie verskillende geleenthede met die outeur van die artikel in gesprek getree het om hierdie breër mandaat van die museum te verduidelik en op te klaar.

Maar terug by die museumnaam. Drie verskillende name is oor die jare vir die fasiliteit gebruik. Dit het heelwat verwarring veroorsaak, veral onder moontlike nuwe besoekers, soos studente en toeriste.

Boonop het die gebruik van die maatskappyhandelsnaam sy eie uitdagings ingehou. Baie mense was vas oortuig dat die museum besit en bedryf word deur die maatskappy waarna dit heet. Dit het ook probleme geskep in gesprekke met moontlike finansiers, wat gedink het die museum is 'n korporatiewe versameling in plaas van 'n universiteitsmuseum.

Die Universiteit het dus besluit dat sy museum om praktiese redes slegs as die Universiteit Stellenbosch Museum bekend sal wees. Daar was geen naamsverandering nie, omdat die naam reeds van die begin af daar was. Daarbenewens verbind die naam die museum direk aan die Universiteit, wat sowel nasionaal as internasionaal bekend is.

Uitstallings en tentoonstellings

Daar word wêreldwyd aanvaar dat die samestelling van museumuitstallings 'n kuratorsprerogatief is, en dat uitstallings van tyd tot tyd verander. Die kunswerke waarvan Giliomee in sy artikel praat, word inderdaad van tyd tot tyd op 'n rotasiegrondslag ten toon gestel.

Geen museum ter wêreld kan ál sy versamelings op een slag uitstal nie; eweneens kan museums nie altyd dieselfde werke uitstal nie. Tentoonstellings word van tyd tot tyd afgewissel en aangepas. Baie mense besef nie dat tweederdes van museumversamelings in enige bepaalde stadium weggebêre is nie. Dít is standaardmuseumpraktyk.

Die belangrike punt wat eerder beklemtoon moet word, is dat die US Museum en sy versamelings nou veel toegankliker is as ooit vantevore. Die museum het sy ganse kunsversameling gedigitaliseer. Maggie Laubser en Solomon Caesar Malan se werke kan op die Universiteit se aanlyn digitale platform besigtig word, en is toeganklik vir navorsers op enige plek ter wêreld. Namate kopiereggoedkeuring verkry word, sal al hoe meer werke uit die versameling op die digitale platform geplaas word sodat meer mense daarna kan kyk. 'n Mens kan dus beswaarlik sê dat die museum van bestaande versamelings ontslae raak. Intendeel, bestaande versamelings is nou toeganklik vir 'n wêreldgehoor!

Die permanente versameling van die museum bly die fasiliteit se hoofversameling. Dit maak wél van tyd tot tyd plek vir tydelike, reisende tentoonstellings wat bedoel is om nuwe gehore te lok en vars inhoud na die museum te bring. Hierdie tydelike uitstallings sal egter nooit die permanente versameling van die museum vervang nie. Om uitstallings van tyd tot tyd af te wissel en te roteer kan kwalik as “aftakeling” bestempel word.

Daar is ook 'n ander, museumkundige rede waarom uitgestalde werke nou en dan afgewissel word. Om dieselfde werke vir lank aaneen uit te stal hou 'n bewaringsuitdaging in, so rotasie is ook 'n voorsorgmaatreël teen skade.

US Kunsgalery

Die besluit om die bestuur van die US Kunsgalery in Dorpstraat na die Departement Visuele Kunste te verskuif is geneem voordat die huidige direkteur aangestel is. Dit was in ieder geval 'n goeie besluit omdat studente en akademici 'n kunslaboratorium nodig het waar hulle met nuwe kunsvorme kan eksperimenteer. Dit is inderwaarheid wêreldwyd die norm vir universiteitskunsdepartemente om hulle eie kunsgalery te hê. Met die Departement Visuele Kunste aan die stuur, is die galery kreatief herdoop tot Galery Universiteit Stellenbosch, oftewel GUS, en dit word nou veel skeppender en dinamieser as voorheen benut. Dit wil gedoen wees as 'n mens die impak van Covid-19 in gedagte hou.

Transformerende museumkunde

Vir die US Museum is kuns en sosiale geregtigheid nie onderling uitsluitend nie. In elk geval, wat kan moontlik verkeerd wees daarmee as universiteitsmuseums kuns en verbeeldingskrag gebruik om tot die skep van 'n regverdige en billike universiteitsgemeenskap by te dra? Die US Museum het trouens nog nooit transformasie as iets apart van sy museumkundige missie beskou nie. Die hedendaagse universiteitskampus is 'n gans ander plek as die kampus van selfs net tien jaar gelede. Daarom moet die museum innoverend en kreatief wees om sy werk so te benader dat hy op die veranderende omgewing reageer.

Die praatjies wat die museum aanbied, bied studente, personeellede en gemeenskapslede die geleentheid om aktuele kwessies te bespreek. 'n Universiteit is immers 'n plek van idees. Om die waarheid te sê, die aanbieding van uiteenlopende gesprekke en debatte in die US Museum die afgelope paar jaar het die fasiliteit oopgestel vir talle studente, personeellede en lede van die publiek wat die museum nooit andersins sou besoek het nie.

Daarbenewens het die museum verskeie nasionale en internasionale vennootskappe met instellings soos die Universiteit van Fort Hare, Walter Sisulu Universiteit en Michigan-staatsuniversiteit aangegaan. Die US Museum is ook tans in gesprek met instellings soos die Universiteit van Tuskegee (Alabama), Howard Universiteit (Washington DC), die Universiteit van Yunnan (China) en baie ander om deur kuns en kultuur verdere vriendskappe te smee. Die gebruik van virtuele platforms stel die museum boonop in staat om gehore van so ver as Australië, Noord-Afrika, die Amerikas en Europa te bereik. Sodoende word kunsbevordering by die US Museum uitgebrei, en strek dit nou ver buite die geografiese grense van Stellenbosch.

Navorsingskurator

Die pos van navorsingskurator is nie uniek aan die US Museum nie, want navorsing is onder andere waarom die vertolking van museumversamelings draai. Die Milwaukee-kunsmuseum het ook byvoorbeeld 'n pos vir 'n kurator van gemeenskapsdialoog geskep, terwyl die Bronx-museum onlangs 'n kurator van sosiale geregtigheid aangestel het.

Die US Museum het die bykomende verantwoordelikhede van dialoog en sosiale geregtigheid by die posbenaming ingesluit omdat museums wêreldwyd toenemend as ruimtes vir gesprekvoering en inklusiewe kritiese burgerskap dien. Die onlangs aangestelde kurator van navorsing, dialoog en sosiale geregtigheid beskik oor 'n PhD-graad op die gebied van museums en erfenisstudie.

Museums is nie staties nie, maar ontwikkel en groei oor tyd en moet op samelewingskwessies en -veranderinge reageer. Museums wat nié groei en aanpas nie loop gevaar om in die dodo se spore te volg.

Museums was nog altyd polities in die ruim sin van die woord, en sal dit altyd bly. Daar is niks verkeerd daarmee om die progressiewe politiek van insluiting en maatskaplike samehang na te jaag nie.

In teenstelling met Giliomee se bewering dat die aanbieding van kunsuitstallings afgeskaal word, het die museum inderwaarheid verskeie openbare opvoedkundige programme bekend gestel wat juis die museumversamelings gebruik om die publiek te betrek.

'n Voorbeeld is die program Toegang tot die Visuele Kunste, wat reeds die afgelope vyf jaar bestaan. Hierdie program betaal die vervoerkoste van leerders uit benadeelde gemeenskappe, wat dit nie kan bekostig om die museum te besoek nie. By die museum kom hulle in aanraking met kuns – vir sommige 'n eerste kennismaking – en hulle besoek ook die Departement Visuele Kunste, waar hulle van kunstegnieke leer.

As gevolg van hulle deelname aan hierdie program het van die leerders aangedui dat hulle eendag graag aan die Universiteit sou wou studeer. Toegang tot Visuele Kunste help ontwikkel ook nuwe gehore en verbreed sodoende toegang tot die museum en die Universiteit.

Die US Museum is voorts die enigste museum in die land wat 'n universiteitsgeakkrediteerde kursus in museumkunde en erfenisstudie vir die publiek aanbied. Dit is maar één van die maniere waarop die museum sy kundigheid bevorder en deel.

Huidige uitstallings

Die US Museum het die afgelope agt jaar 'n aantal trefferuitstallings aangebied. 'n Tentoonstelling oor die geskiedenis van die Universiteit van 1918 tot 2018 is tans te sien. Die teks en etikette verskyn in sowel Engels as Afrikaans omdat die museum al hoe meer 'n meertalige ruimte word. Die museum was ook een van die eerste entiteite by die Universiteit wat Afrikaans, Engels én Xhosa begin gebruik het om sy programme te bemark.

Museumbesoekers kan ook tans na 'n uitstalling kyk wat van mondelinge geskiedenis gebruik maak om die lewensverhale te vertel van die destydse studente van die ou Bloemhofskool, waar die US Museum deesdae geleë is. Om die Universiteit se honderdjarige bestaan te gedenk, het die museum boonop op die Rektor se versoek 'n tentoonstelling van 100 historiese artefakte uit die departemente en koshuise van die US aangebied.

Van al die baie kunstonstallings die afgelope agt jaar staan veral twee uit, naamlik *Forward* en die uitstalling van die Universiteit van Fort Hare se kunsversameling.

Forward het resensente gaande gehad, en was deel van die Universiteit se eeufeesprogram. Dit is vergesel van 'n sorgvuldig saamgestelde uitstallingskatalogus met uitgesoekte kunswerke en vooraanstaande toekomskundiges se mening oor die toekoms van die hoër onderwys.

Die tentoonstelling van die Fort Hare-versameling het op sy beurt ons gehore 'n sonderlinge geleentheid gebied om werke uit hierdie ryke versameling te geniet. Dié uitstalling het deel uitgemaak van die Stellenbosch Triënnale, 'n groot kunsgeleentheid op Stellenbosch wat kort voor die aanvang van die Covid-19-pandemie aangebied is.

Die Fort Hare-tentoonstelling is deur twee studente-uitstallings aangevul. Die een was deur 'n magisterstudent in die Visuele Kunste wie se werk gegrond was op navorsing oor die museum se kunsversameling. Vir die ander is Visuele Kunste-studente uitgedaag om werk te skep wat op Samuel Mokonyane s'n reageer, wat op 'n briljante uitstalling uitgeloop het. Vooraanstaande gaste wat die tentoonstellings besoek het, onder andere 'n voormalige direkteur van die Suid-Afrikaanse Nasionale Galery, kunstenaars, vakkundiges en ander, het opgemerk hoe beïndruk hulle was. Dit is maar net enkele voorbeelde van hoe die museum en sy versamelings vir sowel openbare opvoedkundige doeleindes as genot benut word.

Die museum het die afgelope agt jaar 'n aantal lewendige en boeiende openbare programme van stapel gestuur om vir verskillende gehore voorsiening te maak. Suid-Afrika is immers 'n besonder diverse land met uiteenlopende smake en voorkeure.

Rondleidings

Die Woensdag-kunsrondleidingsprogram is bedoel om die publiek oor die US Museum se permanente kunsversameling op te voed. 'n Nuwe uitstalling wat op 'n kunstema gegrond is, word op die eerste Woensdag van elke maand bekend gestel, gevolg deur 'n rondleiding. In 2022 alleen beplan die museum agt visuelekunsuitstallings wat uit die permanente kunsversameling sal kom en oor kunsdissiplinêre temas soos visuele geletterdheid, die elemente van sien, ateljeepraktyk, ensovoorts sal handel.

Boonop sal die program Oop Gesprekke (“Just Conversations”) vanjaar 11 aanlyn praatjies oor erfenis- en museumverwante temas aanbied. ’n Verdere inisiatief is die Ubuntu Dialoë, ’n samewerkingsprojek tussen die US Museum en Michigan-staatsuniversiteit, wat op nuwelingsakademië en studente van Suid-Afrika en die Verenigde State afgestem is. Die Andrew W Mellon-stigting het ’n vier jaar lange borgskap van sowat R12 miljoen aan dié program toegestaan – die grootste toekenning wat die museum tot nog toe sedert sy totstandkoming ontvang het.

Pryse

Die museum het die afgelope vier jaar twee pryse vir sy werk gewen, wat bewys dat transformasie en uitnemendheid wél hand aan hand kan gaan.

Die Wes-Kaapse LUR vir Kultuursake en Sport het die US Museum vereer met ’n provinsiale toekenning vir sy werk om sosiale insluiting te bevorder. Spesiale vermelding is gemaak van hoe die museum sy antropologiese, kultuurhistoriese en visuele kunsvorsings gebruik om ’n inklusiewe ruimte vir demokratiese en kritiese burgerskap te skep.

Daarna het die museum ook ’n toekenning vir volhoubare toerisme van die burgemeester van die Kaapse Wynland Distriksmunisipaliteit, waar die museum geleë is, ontvang. Daarbenewens het die US Museum die kortlys vir ’n internasionale toekenning gehaal, en kan verdere eerbewyse in die nabye toekoms verwag word.

Hierdie erkenning van twee verskillende regeringsfere bewys dat die US Museum opgang maak. Die museum is ook een van net ’n handvol afdelings van die Universiteit wat ’n bloudruk opgestel het van waarheen hy oor die volgende 20 jaar wil beweeg. *Towards 2040* is ’n vooruitstrewende strategiese langtermynplan met sewe punte wat op die Universiteit se Visie 2040 berus. Hierdie bloudruk sal sorg dat die museum aanhou groei, die toekoms in.

BONGANI MGIJIMA

Direkteur: Universiteit Stellenbosch Museum

E-posadres: bmgijima@sun.ac.za

Wat is die WAT 'n wonderbare ding

Ek is geen sosiolinguïst of sosioloog nie, maar na my mening is taal een van die belangrikste draers van die kultuur van 'n sprekersgemeenskap. Terwyl ek in die Taalkommissie gedien het, het ons onder leiding van prof. Ernst Kotzé byvoorbeeld heelwat aandag gegee aan woorde uit die Afrikaanssprekende Moslemgemeenskap, en om nou in die sepie *Suidooster* te sien en te hoor hoe, waar en wanneer sulke woorde deur mense uit daardie gemeenskap gebruik word, gee vir my 'n besondere blik op hulle kultuur en leefwêreld.

Ek sien dit ook in die tipies Britse humor, wat dikwels nie soseer situasioneel is nie, maar eerder op taal berus, byvoorbeeld op woordspelings en dubbelsinnighede.

As ek luister na die lirieke van wat deesdae as sogenaamde “Afrikaanse musiek” aan 'n mens opgedis word, dan blyk wat NP van Wyk Louw gemoedelike lokale realisme en die verheerliking van die platteland genoem het, alte duidelik. Wat 'n mens ook al van sulke dikwels sentimentele rymelary dink, is dit onteenseglik so dat dit iets van 'n verlange na 'n vergange landelikeheid in die psige van 'n aansienlike gedeelte van die Afrikaanssprekende bevolking weerspieël.

Van hierdie rol van taal as kultuurdraer het ek opnuut bewus geword toe ek laat verlede jaar Deel XVI van die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*, die *WAT*, gekry het; dié deel behandel woorde wat met *S* begin, van *SRP* tot *Szondi*. *S* is 'n groot beginletter, en Deel XVI is die derde (en laaste) band van *S*. Dit bevat egter ook 'n addendum van meer as 60 driekolombladsye waarin allerlei woorde wat (om watter rede ook al) nie in vorige dele opgeneem is nie, aangebied word. Dit sluit talle woorde uit ons huidige tyd in – van *AAHS* (“aandagafleibaarheid-en-hiperaktiwiteitsindroom”) deur *hommeltuig*, *staatskaping*, *Covid-19* en *grendeltyd* tot by *spien* (= “*speen*: Ook, i.d. geselstaal, *spien*. In 'n romantiese en (of) seksuele verhouding met iem. wees: *Hoe lang spien julle twee dan?*”).

Hoewel Deel XVI sulke woorde in 'n addendum aanteken, is hulle almal in die aanlyn weergawe van die woordeboek, die *e-WAT*, op die korrekte alfabetiese plekke in die hoofteks opgeneem. Die *WAT* – hetsy in addenda of aanlyn – bevat nog tientalle ander woorde uit die huidige tydvak, soos *meem* of *meme*, *lugbraaier*, *hidrobreking*, *kosblogger*, *hummus*, *geraasbesoedeling*, *geheuestokkie*, *gay*, *nurk* (“kort snorkgeluide wat seekoë maak”), *fopnuus*, *e-tol*, *e-sigaret*, *bleeksiel*, *bokswyn*, *beeldpoetser* en nog talle meer. Daar is ook woorde uit groeps- en streektaale, wat bewys dat die *WAT* Afrikaans in sy wydste omvang opteken. Dit sluit woorde in soos *gatta* (“polisierman”), *mang* en *mang*, *gemang* (onderskeidelik “tronk” en “tronkstraf uitdien”), *kwaailappies* (“goed of onverbeterlik”), *nool* (“[*geselstaal*; *neerhalend*] iemand wat eenvoudig of simpel is”), *bergie* (“hawelose man of vrou wat op straat woon”), *piemp* (“klik, verklik”) en so meer.

Daar is natuurlik ook talle woorde en uitdrukkings uit Afrikaans en Afrikaanssprekendes se verlede.

Uit die tyd van die Bosoerlog kom byvoorbeeld *bosbef*k* en *bossies*, min of meer wat in veral die Eerste Wêreldoorlog “bomskok” genoem is, en enigeen wat in daardie tyd diensplig gedoen het, sal weet wat dié twee woorde beteken.

Daar is ook informele uitdrukkings, soos *die Boeing is al oor*, wat beteken dat die dag al ver genoeg gevorder het om 'n alkoholiese drankie te nuttig.

Uit die gryser verlede kom ’n uitdrukking soos *sonder stang rondloop* “ongetroud wees”, wat duidelik kom uit ’n tyd toe rydiere algemeen gebruik is.

Heerlike outydse woorde, wat myns insiens weer gebruik kan word, dalk in nuwe toepassings, kom ook voor. Dink maar aan die Nederlandserige *beunhaas* en sy afleiding *beunhasery*. ’n Beunhaas is “iemand wat geen vakman is nie en hom tog daarvoor uitgee; knoeier”. Dit lyk of die Zondo-kommissie heelparty beunhase en heelwat beunhasery blootlê, om nie te praat van ’n *geboefte* (“spul boewe, slegte, gemene mense, skurke, booswigte; lae gespuis, skorrie-morrie”) nie.

Dalk onthou iemand nog uit die ou Vrystaatse volkslied die woorde “Rang in der Staten rij”. Van *statery* sê die *WAT* dis ’n “groepering of gemeenskap van state of nasies wat mekaar se wette en gebruike erken en vriendskaplik is teenoor mekaar”.

En wat kan meer beskrywend wees van een wat op ’n onbeskaamde wyse by iemand van die teenoorgestelde geslag aanlê, as om te sê dat hy/sy “sy/haar lyf aanbring”? My pa het graag so iemand “lyfaanbringerig” genoem. Die *WAT* noem so ’n lyfaanbringery so mooi ouderwets onder meer “liefdesport”.

Terwyl *lyfaanbringerig* ter sprake is, is daar ook *kallipigies*. Die *WAT* definieer dit as “met mooi of welgeskape boude: *Die kallipigiese Venus van Rome*”, maar hoekom kan ek nie sê die Porsche Cayman is ’n kallipigiese motor nie?

Dalk is daar lesers wat reken ek is *ongegeneerd* (uitspr. ongeveer “ongesjeneerd”): “Nie verfynd, hofflik, gesofistikeerd of goedgemanierd nie, en enigsins ongeïnhibeerd, of wat blyke daarvan, of van ’n gebrek aan goeie aanvoeling of opvoeding gee”. Ek probeer egter nie aanstoot gee nie, maar enersyds aandui dat die *WAT* ’n kleinood is, ’n pêrel van groot waarde, wat Afrikaans en die Afrikaanse wêreld van toeka tot nou reflekteer; en andersyds wal gooi teen die verskynsel wat Elsa Joubert in *Spertyd* (Tafelberg 2017:19) beskryf het: “Omdat die jong kinders nie meer kan of wil spesifiseer as hulle praat of skryf nie; alles word gedek met een woord ...”.

Die *WAT* wys Afrikaans het báie woorde; ons kán spesifiseer. Ons kan woorde uit die verlede laat herleef en ons kan na behoefte eietydse nuwe woorde skep, en die bewaarplek van dit alles is die *WAT*.

Sonder die *WAT* kan ek nie klaarkom nie.

JD (Tom) McLACHLAN

E-pos: tommcl@whalemail.co.za

De dichter en de doodskop

De Afrikaanse literatuur in Nederland in 2021

Begin 2021 hoorden we alles wat we weten wilden (en meer) over het wel en wee van de Nederlandse boekenwereld in 2020. Dat jaar was afgesloten met een grote domper, want winkels en bibliotheken moesten op 15 december sluiten vanwege de pandemie. En dat terwijl er in die laatste weken normaal extra veel wordt verkocht. Toch was ik vorig jaar te somber, toen ik in mijn glazen bol had gezien dat 2020 slechter zou worden dan 2019. Er zijn in 2020 41 miljoen boeken verkocht, even veel als in 2018 en 1 miljoen meer dan in 2019. Het beste genre is het kinderboek (plus 5 %), en dat geeft hoop voor de toekomst. Maar de verschuiving van de traditionele boekwinkel naar de handel *online* ging helaas door. Die is al lang aan de gang maar wordt versneld als de winkels dicht zijn. In 2019 besteedden de lezers 63 % van hun boekengeld in winkels, in 2020 56 %.

De race om de titel “het best verkochte boek” is de laatste jaren niet spannend meer. Steeds wint *De zeven zussen* van Lucinda Riley, nu met 227.000 stuks. Nog saaier wordt het op de Top Tien, want van die tien zijn er maar liefst zes delen uit de *Zussen*-serie. Rutger Bregman houdt de eer van Nederland hoog met *De meeste mensen deugen*, op de tweede plaats. Dit was bovendien het meest uitgeleende boek bij de Openbare Bibliotheek. *De avond is ongemak* van Marieke Lucas Rijneveld, bekroond met de Engelse Booker Prijs, werd nummer 11.

Alle verstoring van het openbare leven door de pandemie is in 2021 doorgegaan. De boekwinkels gingen open maar moesten weer dicht toen het aantal besmettingen te groot werd. Dit keer op 19 december, opnieuw kort voor kerstmis. Vrolijke acties om geliefde boekwinkels te hulp te komen, zijn weer gestart, maar ze lijken minder in getal en ook wat minder vrolijk.

Bij elkaar of digitaal?

Initiatiefnemers, organisatoren en medewerkers bij boekpresentaties en andere literaire bijeenkomsten horen in Nederland tot een dappere mensensoort. Een flinke opkomst is immers volstrekt onzeker. Af en toe bespringt mij weer de herinnering aan een klein symposium over niemand minder dan J.M. Coetzee, met als bezoekersaantal: één.

Des te moediger zijn die dapperen in coronatijd. Voor een bijeenkomst is een bepaalde voorbereiding nodig (wat? wie? waar? wanneer?), maar hoe de situatie over zeven dagen zal zijn, is onbekend. Soms is er publiek toegestaan maar hoeveel is onzeker. Moet je de belangstellenden nadrukkelijk en geestdriftig uitnodigen? Of met de rem erop: voorzichtig, met terughouding? Zeg je dan niet bijna: “blijf maar liever weg”? Als het maar een beetje mogelijk is, moet je je vertoning voor de zekerheid ook digitaal toegankelijk maken. Dan kan iedereen meekijken, “in oost en west, op zee of waar ook ter wereld.” Maar wie komt er dan nog in je zaaltje zitten?

Langs verschillende weg was er in 2021 toch heel wat Afrikaans te horen en te zien. En ook terug te kijken: van menig schouwspel kun je dankzij de computer soms ook maanden later meegenieten, ook in Zuid-Afrika. Wel bleek het ondoenlijk om hier foutloos alle bijzonderheden te vermelden: relevante websites en hoe (en zelfs: of) elke samenkomst is doorgegaan.

Een grote prestatie leverde de kleine ploeg van het Zuid-Afrikahuis in Amsterdam, waar Ingrid Glorie een maandelijks serie literaire bijeenkomsten voor elkaar bracht. Met onder meer: Jolyn Phillips, in gesprek met de Gentse professor Yves T'Sjoen over *Bientang*; de Nederlandse verschijning van *In een land zonder vogels* van Harry Kalmer; Deon Meyer in gesprek met zijn collega-misdaadschrijver Peter Römer e.a., Ena Jansen (ook e.a.) over Eybers, Ronelda S. Kamfer in gesprek met haar vertaler Alfred Schaffer over *Chinatown*; Marita van der Vyver met Francine Maessen (Universiteit van Amsterdam) over *'n Baie lang brief aan my dogter*; Annemarié van Niekerk met Adriaan van Dis en Jaap Goedegebuure over *Om het hart terug te brengen*. Glorie ontving tenslotte zelf Irma Joubert (met haar vertaalster Dorienke de Vries) en Cynthia McLeod, een van de bekendste auteurs van Suriname.

Maar het Zuid-Afrikahuis had in oktober en november meer in petto. Bij de opening van de eigen kinderbibliotheek op 13 oktober kinderrijmen met Antjie Krog, in gesprek met ouders en specialisten over kinderpoëzie en taalontwikkeling, en op 26 oktober, de geboortedag van Karel Schoeman, een symposium “Een stem uit de stilte”, met Schoeman-kenner Ria Winters, Willie Burger, Johann Rossouw, vertaler Rob van der Veer, François Smith, de Leidse hoogleraar Olf Praamstra en Toni Bandov van de Universiteit Zagreb.

In november riep Margriet van der Waal, de hoogleraar Afrikaans aan de UvA, mede namens de U Gent een stoet van een kleine twintig sprekers bij elkaar voor een tweedaags drietalig symposium over: “transtaligheid, samehorigheid, en die konstruksie van Suid-Afrikaanse gemeenskappe”. Titel: “Om te behoort”. De Afrikaanse literatuur was geen hoofdonderwerp, maar onder de deelnemers waren toch Jerzy Koch, Antjie Krog en H.J. Pieterse, en onder de besproken schrijvers: Corrié Coetzee, Lynthia Julius, S.J. Naudé en Nathan Trantraal. En ook hier viel het licht op de kinder- en jeugdliteratuur.

De Afrikaanse literatuur kreeg ook aandacht buiten het Zuid-Afrikahuis. In de reeks “Poëzie in de kerk” in de Bethlehemkerk te Hilversum kondigde men voor 21 september prof. Maaïke Meijer (Maastricht) aan, over Elisabeth Eybers. En op tal van plaatsen kon men – al of niet digitaal – kennismaken met Ronelda S. Kamfer en/of Antjie Krog. Voor 6 juni annonceerde de *Amersfoortse Courant* een uitvoering van Krogs mis voor het universum (*Broze aarde*), in de Oude Kerk van Soest. Een paar dagen later werkte Kamfer mee aan Poetry International, Rotterdam. Op 9 september luisterden Kamfer en Krog de uitreiking op van de P.C. Hooftprijs aan Alfred Schaffer, in het Haagse Diligentia. Met haar “One of us” (“ons celebrate sy achievement”) wist Kamfer de bekroonde dichter zichtbaar te raken. Precies twee maanden later verzorgden “K & K” in Amsterdam (bij Spui 125) het poëtisch element op een tweede bijeenkomst rond *Om het hart terug te brengen* van Van Niekerk, met de beroemde socioloog Abram de Swaan.

Broze aarde was ook aanleiding voor een (video-) gesprek van Krog met de “Klimaat-dichters” Moya De Feyter en Saskia Stehouwer, geleid door Margriet van der Waal, vanuit het Afrika-studiecentrum in Leiden (10 november). Op 18 november maakte Krog, uitgaand van “De zegger van verzen”, een bekend gedicht van Albert Verwey, haar (Engelse) Verwey-lezing voor de Universiteit Leiden tot een pleidooi voor de existentiële betekenis van de poëzie. Noodgedwongen moest ook dit digitaal, in een leeg Groot Auditorium. In het (Afrikaanse) nagesprek met Annemarié van Niekerk schetste Krog haar beeld van F.W. de Klerk.

Zuid-Afrika spectrum

Dit digitale magazine had geen last van een virus. In een aanbod aan actualiteit, geschiedenis en kunst ging flink wat Afrikaanse literatuur schuil. Hardus Ludick verzorgde een Nederlandse

introductie voor de Afrikaner beroemdheid Nataniël en Engela Duvenage adviseerde iedereen een uitstap naar de “Tuin van Digtters” in Wellington.

Vanuit de universitaire wereld attendeerde Francine Maessen op “Boeke met Burger” van prof. Willie Burger en op de Afrikaanstalige hiphop; vertelde Ria Winters over de wording van haar universitaire scriptie over Karel Schoeman; leverde Dewald Koen “ekokritiek” bij *Kaar* van Marlene van Niekerk en sprak Ingrid Glorie met dr. Egonne Roth, die bij haar studie over de dichteres Olga Kirsch meer dan honderd onbekende gedichten heeft aangetroffen. Prof. Hein Viljoen van de Noordwes-Universiteit liet ons lief en leed delen rond zijn docentschap in Leiden. Ook Viljoen moest *digitaal* aan de slag (“aan ’t begin vir my ’n nagmerrie”) maar zijn studenten maakten alles goed. “Superleuk” vonden zij die nieuwe Afrikaanse schrijvers. Als onderwerp voor individuele werkstukken kozen zij Ingrid Jonker het meest. Eén student had bij Viljoen kennisgemaakt met het mooiste boek dat hij ooit gelezen had, en dat was *Laat vrugte* van C.M. van den Heever.

Kansvatter van Carel van der Merwe kreeg in het “Spectrum” een positieve bespreking van Lindie Koorts. Francine Maessen noemde *Soe rond ommie bos* van Veronique Jephtas een “ijzersterk debuut.” Ingrid Glorie liet zien hoe Marita van der Vyver in *’n Baie lang brief aan my dogter* uitvoering gaf aan haar voornemen, “rekenschap te geven van het verleden”, complimenteerde François Smith omdat die in *Die getuienis* twee “godsdienstfanaten” ten tonele voert zonder hun geloofsbeleving belachelijk te maken en interviewde Annemarié van Niekerk.

Het “In memoriam” voor Jaap Steyn, van de hand van Hans Ester, bracht Steyn terug in mijn herinnering. Met zijn grondige aanpak van zijn biografische onderzoek in Nederland maakte hij indruk. Hij kende ons land goed, maar van lang geleden, zodat hij te kampen kreeg met veranderingen in het dagelijks leven. Hoewel wat wereldvreemd, liet hij zich niet van de wijs brengen en maakte hij zich vertrouwd met nieuwigheden zoals de “strippenkaart” voor bus en tram, intussen al lang weer afgeschaft. Ester tekent Steyn als dichter en prozaïst, maar in de eerste plaats als biograaf, met de biografie van N.P. van Wyk Louw als meesterwerk. Hij noemt Steyn gedreven door een “liefde voor het Afrikaans” en voegt toe: “die volstrekt niet blind was.”

Vertaald

Twee Afrikaanse schrijvers grossieren in Nederlandse vertalingen, die bijna altijd ook meer dan eens herdrukt worden: Bij Irma Joubert gaat het om historische, bij Deon Meyer om speurdersromans. Ze stelden ook dit jaar niet teleur. Van Joubert verscheen *Een thuis in Afrika* (*Na ’n plaas in Afrika*, vert. Dorienke de Vries, Mozaïek € 24,99).¹ “Een nieuwe Joubert is voor mij altijd een feestje”, luidde de belijdenis van Marianne Hoksbergen (*Nederlands Dagblad* 6 november). Zij zou “er niet onder lijden” als Joubert een vervolg schrijft. Miranda van der Bruinhorst sloeg dezelfde toon aan, maar met de precisering dat haar waardering vooral uitgaat naar Jouberts tekening van de personages. (*Reformatorsch Dagblad* 24 december).

De nieuwe Meyer is *Donkerdrif* (vert. Martine Vosmaer en Karina van Santen, Bruna € 22,99). Over Joubert schrijft meestal alleen de christelijke pers, maar applaus voor Meyer klinkt bij alle gezindten. Het *Nederlands Dagblad* prijst hem, maar zijn nieuwe boek wordt

¹ De prijzen die ik noem, gelden voor nieuwe boeken op papier. Als e-boek of tweedehands zijn ze veel goedkoper.

evengoed toegejuicht in de “kwaliteitskrant” als in de – meer volkse – grootste krant van Nederland en in streekkranten.

Voor een verrassende reactie tekent Almatine Leene in het *Friesch Dagblad* van 6 februari. Toen de boekwinkel nog open was, wilde zij een boek van Meyer kopen en stond er mee bij de kassa, toen een andere winkelbezoeker haar ongevraagd toevoegde dat zij van die schrijver niet het beste boek gekozen had. Deze bemoeial bleek Meyer zelf te zijn, in Friesland op tournee. Leene herkende hem niet. Hoe kwam dat? Haar gedachten dwaalden weg van Deon Meyer om uit te komen bij een andere vraag: “Zou jij Jezus herkennen als je Hem tegenkwam?”

De regionale kopbladen van het *AD* (bijvoorbeeld de *Provinciale Zeeuwse Courant*, 13 maart), lieten Meyer standaardvragen beantwoorden, over welk boek bij de ondervraagde een bepaalde rol vervult. Bij “in mijn jeugd verslonden” zei Meyer: Fritz Deelman, bij “het boek dat ik had willen schrijven”: *Triomf* van Marlene van Niekerk (“ken geen boek dat zo ontregelend en verwarrend is”) en bij “wil ik herlezen”: *Toorberg* van Van Heerden.

“Een dijk van een verhaal”, zegt Paola van de Velde over *Donkerdrif* in *De Telegraaf* (2 maart). Een opstapje naar een vraaggesprek met Meyer, die ernstig spreekt over zijn thema van de hebzucht: “Hebzucht is niet voor niets een van de zeven hoofdzonden. Iedereen maakt zich hieraan schuldig, jong, oud, blank, zwart, bedrijven of individuen. Het is een van onze donkerste driften.” Ook Gijs Korevaar combineerde zijn lof met een interviewtje. Meyer vertelt hoe zijn boeken ongeveer ontstaan (*Nederlands Dagblad* 12 maart).

Arjen Ribbens houdt vooral van Meyers karakters (Griessel als geheelonthouder die zich gedraagt als alcoholist) en van de “*petites histoires*” over de Zuid-Afrikaanse samenleving (weet Cupido af te blijven van zijn samosa’s?). Te veel toeval in het plot vergeeft hij Meyer graag (*NRC Handelsblad* 19 maart).

Marijn van der Jagt hoort tot de critici die de dubbele betekenis van de titel uitleggen. *Donkerdrif* is een van de besproken boeken in een lang stuk: “Waarom we zo van helden houden die het recht in eigen hand nemen”. Dat gaat over onze voorliefde voor speurders die zich van regels en wetten weinig aantrekken, en over “onze eigen donkere behoeften” (*Vrij Nederland* 1 juni).

Stond er voor Deon Meyer in de Nederlandse pers weer een warm bad van vriendelijkheid en brede aandacht klaar, twee andere nieuwe vertalingen moesten het met minder doen. Harry Kalmers *In een land zonder vogels* (vert. Rob van der Veer en Manuzio, € 20) is over het hoofd gezien. Elsa Jouberts novelle *We wachten op de commandant* verging het weinig beter. In een kort stukje in een omroepblad zei Gert-Jan Schaap: “knap gecomponeerd én spannend” (*Visie* 9 december, vert. Van der Veer, Manuzio € 14,99).

Een uniek type vertaling leverde de harpiste en componiste Anne Vanschothorst met *klip lied snaar*. Zij voegde haar harpmuziek op cd toe aan poëzie van Antjie Krog, zoals die door de dichteres was voorgedragen. In een begeleidend boek staan Krogs teksten, met de vertaling van Robert Dorsman (€ 27,99).

Om het hart terug te brengen. Een memoir. Liefde en geweld in Zuid-Afrika van Annemarié van Niekerk kent een bijzondere ontstaansgeschiedenis. Van Niekerk schreef het voor het grootste deel in het Afrikaans (vert. Jaap Goedegebuure), de rest in het Nederlands (*Atlas Contact* € 24,99). Met een *plaasmoord* op goede vrienden als aanleiding schreef Van Niekerk een persoonlijk boek, met naast autobiografische ook wel fictieve kanten, waarbij haar verhouding tot Zuid-Afrika en vooral de geweldsaspecten van de Zuid-Afrikaanse samenleving volop belicht worden.

Anna Krijger (*Trouw* 30 oktober) zag met een zeker ontzag hoe Van Niekerk oude zekerheden onderuit haalt en ook bij nieuwere denkbeelden vraagtekens zet. Het geweld in

Zuid-Afrika noemt Krijger: “verpletterend”. Naar haar inschatting vraagt het “een mengeling van moed en koppigheid om te geloven dat ‘de regenboognatie’ het trauma van de apartheid ooit te boven zal komen,” maar in Van Niekerk herkent zij tegelijk: “een schrijver die zichzelf en alles wat ze kent op het spel zet ten behoeve van waarheid en rechtvaardigheid.”

Na een uitvoerige kritische bespreking van de veelheid van verhalen waardoor zij zich bij lezing van Van Niekerks boek lichtelijk overspoeld voelde, stelde Kim Schoof, bij wijze van afronding: “Maar het ruim vierhonderd pagina’s tellende vlechtwerk dat *Om het hart terug te brengen* is, heeft me des te meer doordrongen van de gruwelijk complexe situatie in Zuid-Afrika” (*De Groene Amsterdammer* 18 november).

Kamfer in de pers

De Afrikaanse schrijver die in Nederland, naast Krog, het opvallendst naar voren komt is de dichteres Ronelda S. Kamfer, in 2021 met *Chinatown* (Podium, tweetalig € 22,99). De oplagen van Eybers, Jonker en Krog, haalt Kamfer niet, maar Alfred Schaffer vertaalt al haar bundels en zij krijgt veel aandacht van de pers. Zij brengt een nieuw geluid als eerste dichteres van de Kaapse Vlakte. Guus Middag beschrijft in “Mengtaalpoëzie” (*Onze Taal*, jrg.90, september) haar Kaaps Afrikaans als: “Afrikaans dat in en om Kaapstad wordt gesproken, doorspekt met erg veel Engelse woorden. Zij mengt het met straattaal.”

Janita Monna en Dieuwertje Mertens hebben allebei Kamfer geïnterviewd. Aan Monna vertelt Kamfer over de ontwikkeling van haar persoonlijkheid. De Afrikaanse poëzie was voor haar de “taal van de rijke witte man” waarin zij zich niet herkende. In haar werk blijkt haar eigen Kaaps Afrikaans een volwaardige taal. Haar moeder bracht de boeken mee die haar vooruit hielpen, achtergebleven boeken uit het bejaardenhuis waar moeder schoonmaakte. Zij noemt Dostojevski en andere Russen. “En in de verschrikkelijke buurt waar ik woonde, was ook een prachtige bibliotheek.”

“Onverschrokken, onverholen, rauw en direct” noemt Mertens de nieuwe bundel, waarin Kamfer Zuid-Afrika tekent als land van geweld en van misbruik, vooral misbruik van vrouwen. Beide gesprekken gaan ook over Kamfer zelf als slachtoffer, over de verhoudingen in haar familie en over de vraag wat haar dichterschap tegen deze achtergrond voor haar betekent (*Trouw* 10 april en *Het Parool* 5 mei).

Voor Obe Alkema (*NRC Handelsblad* 3 december) zijn Kamfers gedichten, bepaald door “snijdende humor en pakkende beelden”, wrange vruchten van haar “ontsnapping”, haar socialisatie “langs lijnen van gender en etniciteit”, tegen een achtergrond van “puin van de apartheid” en van “ruïnes van onderdrukking en uitbuiting.” Maar Alkema bespeurt ook enige hoop. Die ligt in de gedichten op zichzelf, geschreven als die zijn voor de volgende generatie, die misschien méér ontsnapten telt, voor “zwarte en bruine jochies / in een klas vol witte kinderen.”

Een opvallende reactie geeft Christine Otten in *de Volkskrant* (26 december). Na een begin met fors trompetgeschal, waarbij zij *Chinatown* uitroept tot “opzienbarende dichtbundel die het afgelopen jaar verscheen” en over Kamfer zegt: “met huid en haar in haar eigen werk aanwezig, net als haar familie, haar voorouders én de Zuid-Afrikaanse geschiedenis”, beschrijft Otten de schrijfgroep die zij leidt, in een gevangenis, en tekent zij de reactie van gevangenen op Kamfers poëzie. Doordat Kamfer machteloze achtergestelden in Zuid-Afrika een stem geeft, bereikt zij ook de mannen die hun vrijheid in het cachot zijn kwijtgeraakt. Boven Ottens stuk staat: “Iedereen heeft recht van spreken.”

Eybers, Leipoldt, Anker

Reageert men tegenwoordig in Nederland alleen nog op de allernieuwste Afrikaanse literatuur? Nee! Buiten de dag- en weekbladen kon men lezen over C. Louis Leipoldt, Elisabeth Eybers en Willem Anker.

De juridisch hoogleraar H.U. Jessurun d'Oliveira stelde in zijn artikel "Elisabeth Eybers schreef in het Afrikaans" in zijn ondertitel de vraag: "Kreeg zij ten onrechte de P.C. Hooftprijs?" D'Oliveira is ook poëzieliefhebber en poëziecriticus en was in de jaren zestig redacteur van het baanbrekende literaire tijdschrift *Merlyn*. Als poëzielezer heeft hij voor het werk van Eybers alle waardering, maar als jurist vroeg hij zich af of de geldende regels en voorschriften de bekroning van Afrikaanse poëzie (in plaats van Nederlandse) toestaan. Zijn antwoord staat in: *De Parelduiker* jrg. 26 nr. 2.

In Batavia, de hoofdstad van het toenmalige Nederlands-Indië (nu Jakarta, Indonesië) stond de dichter Leipoldt in 1912 als aan de grond genageld toen hij een doodskop zag, die de bekroning vormde van een afschrikwekkend gedenkteken. Hij was diep geschokt en deze ervaring liet hem nooit meer los. Het ging om de schedel van een zekere Pieter Erbeveld, zoon van een Thaise moeder en een Duitse vader, een rijk man, die in 1722 vreselijk was gemarteld en ter dood gebracht omdat hij een opstandeling zou zijn tegen het Nederlandse gezag. Het monument was opgericht om iedereen die dat gezag óók wilde aantasten, te waarschuwen voor wat hem te wachten stond.

In een uitvoerige studie: "Een rusteloos leven na de dood. Pieter Erbeveld in Indië, Japan, Indonesië en Zuid-Afrika" (*Indische Letteren* jrg. 36, maart) bespreekt Olf Praamstra het levenseinde en het verrassend brede naleven van deze Erbeveld. Hij neigt tot de opvatting dat de beschuldiging aan het adres van Erbeveld vals was en Erbeveld zelf het slachtoffer van een in-gemene samenzwering van de hoogste Nederlandse gezagsdrager, de gouverneur-generaal.

In het Zuid-Afrikaanse deel van Praamstra's verhandeling is Leipoldt de hoofdfiguur. Men weet dat hij poëzie schreef over Erbeveld, dat hij Erbeveld besprak in zijn reisdagboek, maar juist die fragmenten schraptte voor de publicatie en dat hij tientallen jaren werkte aan een drama over Erbeveld, maar het niet voltooide.

Waarom deze mislukking? Praamstra beklemtoont dat Leipoldt Erbeveld vooral zag als man "van gemengden bloede", dus in samenhang met een van de gevoeligste kwesties in de samenleving in Zuid-Afrika. Over de positie van de Zuid-Afrikaanse "kleurlingen" had Leipoldt veel te zeggen, maar hij kon er maar niet toe besluiten om dat ook werkelijk te doen. Praamstra bespreekt ook Henriette Grové en Elsa Joubert, die elk op eigen manier in hun werk de herinnering aan Leipoldt levend hielden.

In een bundel van Michiel van Kempen: *Het andere postkoloniale oog. Onbekende kanten van de Nederlandse (post)koloniale cultuur en literatuur*, vindt men van Margriet van der Waal "'Ons is meer Suid-Afrikanders as enigiemand anders in hierdie land'". Haar onderwerp is Buys van Willem Anker, over de tegendraadse blanke met kinderen bij vele vrouwen die oog noch oor had voor de zogenaamde raszuiverheid.

Volgens Van der Waal laat Anker zien hoe tegenwoordige tegenstellingen en problemen hun wortels hebben in het begin van koloniaal Zuid-Afrika. Hier zoekt Van der Waal ook een verklaring voor het grote succes van Ankers boek: het verhaal belichaamt vragen over wat Zuid-Afrikanten zijn en hoe zij in hun "onontwarbare verknootheid en onderlinge afhankelijkheid van Zuid-Afrikanten met elkaar" kunnen leven. De zin die zij als titel koos, is een bewering van een "gemengde" nazaat van Buys.

Wie met Van der Waal meegaat, en terugdenkt aan Leipoldt, kan concluderen dat een moderne schrijver als Anker een gevoelig onderwerp als de verhoudingen tussen mensen van verschillende kleur makkelijker ter sprake brengt dan Leipoldt vroeger. Maar ook Anker kiest daarvoor nog wel de omweg van de historische roman. Dankzij Praamstra, Van der Waal, Anker en veel anderen bleef in 2021 de verhouding tussen de bevolkingsgroepen bepalend voor het Nederlandse beeld van Zuid-Afrika en van de Afrikaanse literatuur.

E.E.P. FRANCKEN

Universiteit Leiden en Noordwes-Universiteit

E-pos: a.a.p.francken@hum.leidenuniv.nl

Gedigte

Protesaksie

Ons versper paaie met vuur van bande wat brand,
honger krygdans ons skynbaar sonder 'n verband
met die dowes en blindes in luukse ivoortorings.
Saans in krotte is ons steeds honger in ons land.

Klimaatsverandering

Hitte laat my in 'n warm warrelwind draai.
Kouevuur bekrui my van die voete af:
dan sal ek tussen sterrestelsels skoppelmaai;
dit is 'n warm plek waar daar koel winde waai.

Sirkel van geweld

Ek doen wat ek wil as die ewewig na my toe swaai,
slaan jy terug sal ek jou met groter bomkrag afmaai.
Intussen draai die haat in 'n geslote sirkel voort.
Elke kop is te geswolle om die ander wang te draai.

Beurtekrag

Om met kerse te leef is geen probleem vir my,
in twaalf skooljare op die plaas was dit die lig.
Kenners meen daar wag 'n donker afgrond sonder 'n groen teen-wig,
kerse is geen troos terwyl ons langsaam afgly.

Geheueverlies

Sy het na jare lange jaarringe
'n onhelder wolk op haar brein gekry;
toe speel sy klavier met klinkende klanke en skielik flits
helder heuglike herinneringe.

Armes

By hul lewe in leegtes stof en modder leer ons van armes
dat met die strooi van deeglike stikstof van liefde en deernis
in die vlei se glibberige modder, gaan die wit vleilelie
oop in 'n glimlag en verbind ons met medemenslike gom.

'Armes' word gepubliseer met toestemming van LitNet www.litnet.co.za

HENNIE PIETERSE

E-pos: pietehjc@absamail.co.za

Titel: *There is no Supreme Constitution – a Critique of Statist-individualist Constitutionalism (2019)*

Outeur: Koos Malan

Die akademiese bydrae, getiteld *There is no Supreme Constitution – a Critique of Statist-individualist Constitutionalism*, deur Koos Malan, moet beoordeel word teen die agtergrond van die groterwordende politieke, ekonomiese en maatskaplike krisis binne die Suid-Afrikaanse samelewing en staat. Hierdie toenemende krisis word akademies en polities op talle vlakke beredeneer en vorm ook deel van die daaglikse gesprekke in die media en by akademiese konferensies. Akademici en politici vra tans kritiese vrae oor die stand van die huidige politieke bedeling in Suid-Afrika, asook oor die grondwet en veral die toepassing daarvan. Hou in gedagte dat Malan (2019) se boek geskryf is vóór die uitbreking van die politieke geweld van Julie 2021 en ook vóór die bekendmaking van die bevindinge van die Zondo-kommissie. Beide gebeure beklemtoon en ondersteun die bevindings en gevolgtrekkings waartoe die werk reeds gekom het.

Malan (2019:2) wys daarop dat die positiewe beeld van die grondwet wat ná 1994 bestaan het, in die daaropvolgende dekades dramaties verander het. Toenemende korrupsie en staatskaping; swak dienslewering en die inploffing (soms ontploffing) van plaaslike regering; die krisis binne semi-staatsinstellings soos ESKOM, TRANSNET, die SABC en die Landbank, en toenemende sosio-ekonomiese en maatskaplike vraagstukke waaronder armoede, werkloosheid en misdadigheid, is van die redes waarom die Suid-Afrikaanse Grondwet tans meer negatief as in die verlede beoordeel word. Op skrif is hierdie grondwet, ondanks beperkinge, ’n kragtige dokument, maar die uitvoering en toepassing daarvan geskied beslis nie op dieselfde peil nie en voldoen duidelik nie aan die verwagtinge van groot groepe landsburgers nie. Hoewel weens uiteenlopende redes, vorm minderheidsgroepe asook groepe uit die swart meerderheid deel hiervan.

Fundamenteel anders (betreffende inhoud en motivering) as Lindiwe Sisulu se onlangse aanval op die konstitusionele staat, die grondwet en die oppergesag van die reg, wys Malan (2019) op akademies begroonde en deeglik beredeneerde wyse op die gebreke van die huidige grondwet en die implikasies wat dit inhou vir die groter Suid-Afrikaanse politieke bestel, die grondwet, die oppergesag van die reg, en veral ook vir die burgery. Die boek beskou op kritiese wyse die leerstelling van “statist-individualist constitutionalism” (doktrine ten gunste van staatsbemoeiing-individualistiese konstitusionalisme), waarvolgens enersyds die staat, en andersyds universele menseregte, tot absolute norme verhef word in die bepaling en handhawing van die verhouding tussen owerheid en onderdaan. Malan (2019:2) wys in besonder daarop dat die regte van gemeenskappe (grondwetlik gesproke) nie erken word nie en selfs ondermyn word deur hierdie leerstelling van konstitusionalisme, veral in die toepassing daarvan binne die Suid-Afrikaanse konteks.

Malan motiveer in sy werk (toegepas op die Suid-Afrikaanse konteks) dat:

1. Die idee van die *oppergesag van die grondwet* in Suid-Afrika ernstig bevraagteken kan en moet word.
2. Politieke kragte (lees veral die ANC en sy ideologie van transformasie, voortspruitend uit die Nasionaal-demokratiese Rewolusie-idee) sterker is as die grondwet se vermoë

om sake te bestuur en reguleer. Anders gestel: politieke mag dikteer die reg en daarom ook die grondwet.

3. Die regbank se aanspraak op onafhanklikheid ernstig bevraagteken moet word, soos deur onlangse bevindinge van die Zondo-kommissie uitgewys en beklemtoon is.
4. Die oorspronklike betekenis van die grondwet taalkundig en as gevolg van die ideologie van *transformatisme* tot so 'n mate verwring word dat dit nie net waarde en betekenis verloor het nie, maar dat 'n *konstitusie* (lees *de facto*-staat) naas die *Konstitusie* (*de jure*-staat) ontwikkel het. Eersgenoemde en nie laasgenoemde nie, geld as bepalende en toepaslike norm.
5. Die *Handves van Regte* nie daarin slaag om menseregte te beskerm ooreenkomstig die verbintenis van die *staatsbemoeiing-individualistiese doktrine van konstitusionalisme* nie.

Kortom, wat dikwels voorgehou word as een van die beste grondwette ter wêreld, is in die toepassing daarvan ver verwyderd van die ideale en norme wat dit onderskryf. Politie-ideologiese en ander redes verwring die *de jure*-staat (die amptelike grondwet) deurdat 'n ander *konstitusie* tot oppermagtige stel spelreëls verhef word. Hierdie nuwe spelreëls word, aldus Malan, gemanipuleer deur die ANC as party, maar ook deur die ANC as *regering* en as *regime*. Laasgenoemde het veral te doen met *kaderontplooiing*, wat aspekte van die grondwet soos skeiding van staatsmagte; die oppergesag van die reg; verantwoordelike regering, en burgerregte en vryhede ernstig bedreig. Malan (2019:99) wys byvoorbeeld daarop dat:

There is strong evidence that state capture in South Africa has caused the transmutation of the government into a hybrid dispensation to such an extent that governmental functions were not shouldered by the designated institutions, but by a mixture of organs of state in cahoots with a collection of business and other private formations.

Binne die raamwerk van die *konstitusie* (nie *Konstitusie* nie), met *transformatisme* as leidende ideologie, word daar regverdiging gebied vir *kaderontplooiing* (bydraend tot 'n verswakkende staat) en wetgewing wat openlik diskriminerend van aard is teen minderheidsgroepe (wit, bruin en Indiër), en wat as sodanig deur die howe, met inbegrip van die Konstitusionele Hof, gesanksioneer en toegepas word. (Onlangse notules van ANC-*kaderontplooiing*, soos deur die Zondo-kommissie bekend gemaak, het die omvang en diepte van hierdie nie-grondwetlike praktyk beklemtoon, soos reeds vroeër deur Malan aangedui is.) Hierna word verwys as *re-racialization*. Malan (2019:117) verklaar: “The white minority is portrayed as a collective criminal, which is guilty of colonialism, racism, apartheid, the ideology of Whiteness, theft of the land and other collective crimes.”

Die werk *There is no Supreme Constitution – a Critique of Statist-individualist Constitutionalism* is sterk akademies-teoreties gegrond, reflekteer krities op grondwetlike beginsels van die grondwet en veral die toepassing daarvan binne 'n Suid-Afrikaanse konteks. Die werk lewer nie net 'n bydrae tot die veld van die Konstitusionele Reg nie, maar ook tot die groter politieke debat in Suid-Afrika – 'n debat wat gevoer word oor die toekoms van Suid-Afrika se konstitusionele demokrasie in 'n tyd van krisis.

Die analise en gevolgtrekkings in die bydrae behoort diepe kommer te wek by alle konstitusionaliste, maar ook wetsgehoorsame burgers in Suid-Afrika. Terwyl Suid-Afrika tans in 'n politieke oorgangstyd verkeer kan die ontleding en insigte van Malan (2019) se bydrae waarde toevoeg tot die groter debat en help met die kritieke proses van staatsbou en nasiebou wat (soos in die periode 1989 tot 1994) weer eens vir Suid-Afrikaners voor die deur lê.

Die werk is in goeie akademiese taal geskryf, is toeganklik vir beide voorgraadse en nagraadse studente asook die algemene leser wat in die politiek en reg belang stel. Soos in sy vorige werk, *Politocracy – An assessment of the coercive logic of the territorial state and ideas around a response to it*, lewer Malan weer eens 'n werk wat 'n belangrike positiewe bydrae lewer tot die groter en uiters belangrike diskoers oor die politieke toekoms van die land en die konstitusionele staat.

Weens die sterk akademiese standpunte wat Malan inneem, wat duidelike politieke implikasies inhou, bestaan die risiko dat die akademiese waarde van die bydrae gering geskat kan word teen die agtergrond van diverse politieke standpunte, denkwyses en politieke diskoerse wat tans binne die staat en die regerende party aan die orde is. Die werk lewer eerstens 'n belangrike bydrae op akademiese gebied binne die studieveld van die staatsreg, maar bied terselfdertyd 'n insiggewende perspektief op die huidige gekompliseerde politieke situasie in Suid-Afrika, weens die noodwendige onderlinge verwantskap tussen hedendaagse staats-regtelike en politieke vraagstukke.

ANDRÉ DUVENHAGE

E-pos: Andre.Duvenhage@nwu.ac.za

Januarie 2022



André Duvenhage

ANDRÉ DUVENHAGE is 'n Navorsingsprofessor aan die NWU; 'n politieke wetenskaplike, en spesialiseer in die veld van politieke verandering met as toepassing die Suid-Afrikaanse verband. Hy is 'n bekende in media- en joernalistieke kringe en word dikwels as politieke kommentator gehoor. Hy is reeds meer as 35 jaar verbonde aan akademiese instellings soos die UFS en die NWU. Sy groot belangstelling is die toekoms en hy werk ook in die veld van scenario-ontledings.

ANDRÉ DUVENHAGE is a Research Professor at the NWU; a political scientist, and specialises in the field of political change as applied to the South African context. He is well-known in media and journalistic circles, and is often heard as political commentator. He has already been attached for more than than 35 years to academic institutions such as the UFS and the NWU. His major interest is the future and he also works in the field of scenario analysis.

Titel: *Vuur in sy vingers – die verreikende invloed van NP van Wyk Louw (2020)*
Outeurs: Ampie Muller en Beverley Roos-Muller, bydraende redakteurs

NP van Wyk Louw was ’n buitengewoon begaafde en veelsydige mens. Hy is inderdaad iemand wat lank ná die einde van sy lewe nog ’n beduidende invloed uitoefen op sy familie, mense wat hy geken het en mense wat sy studente en kollegas was, maar ook op generasies van nuwe lesers van sy essays en veral sy poësie. Hierdie bundel, saamgestel deur Ampie Muller (wat met Louw se vroeggestorwe dogter Ria getroud was) en sy vrou Beverley Roos-Muller, bevat ’n reeks bydraes waarin Louw gehuldig word, korter en langer stukke wat gesamentlik ’n aanduiding gee van hoe Louw gesien is tydens sy lewe en ook nou vanuit ’n agterna perspektief. Hoewel die beeld van so ’n komplekse figuur soos NP van Wyk Louw nooit voldoende omskryf kan word nie, dien die verskillende bydraes afsonderlik en die bundel as geheel wel daartoe om, in Karel Schoeman se woorde, by te dra “tot die mosaïek van ’n geheelbeeld” (Muller & Roos-Muller, 2020:192).

Die aanleiding tot die boek is die vyftigste herdenking in 2020 van Louw se sterfjaar, 1970, maar dit is wel ook ’n tydige bestekopname vanuit ’n nie-akademiese hoek oor Louw se nalatenskap. Ampie Muller is op 5 September 2019 oorlede toe die boek al in beplanning was en die finale uitvoering en afronding is behartig deur Beverley Roos-Muller wat ook die voorwoord geskryf het. In die voorwoord word genoem dat, al was die noue verbintenis tussen Louw en Ampie die vertrekpunt van die boek, die oogmerk uiteindelik nie net was om ’n aantal herinneringe op te teken nie, maar om te probeer vasstel hoe wyd Louw se invloed strek. Vandaar die wye verskeidenheid van bydraers.

Die bundel is goed beplan en georden. Ná die voorwoord en erkennings word daar ’n lys van belangrike datums en gebeurtenisse in Louw se lewe gegee wat baie handig is, aangesien die leserspubliek van die boek waarskynlik gewone lesers is wat net weer die geheue sal wil verfris ten opsigte van die tydsverloop. Sulke datums vorm onontbeerlike merkers in die rekonstruksie van ’n lewe.

Die afdeling met die titel “Familievertellings” is boeiend met anekdotes van humoristiese maar ook ontroerende oomblikke in die familiekring. Ampie Muller se bydrae bevat naby inligting oor die Louws se Amsterdamse verblyf, onder meer oor die huwelikspanning tussen Van Wyk Louw en sy vrou Truida, Muller en Ria se huweliksbevestiging daar en sy weergawe van sy besoek by die Louw-familie op die aand voor Van Wyk Louw se afsterwe. Die afsterwe van Ria was vir Muller self en vir Van Wyk Louw traumaties en dan besef ’n mens opnuut weer hoeveel persoonlike belewenisse op ’n skrywer se oeuvre inwerk. Die stuk oor Louw se kinderdae, wat Roos-Muller in Engels skryf met die oog op Engelstalige belangstellendes, is eweneens baie insiggewend oor Louw se familie-agtergrond maar veral die inligting oor Sutherland se mense en breë gemeenskap, die skoollewe, Louw se eerste verliefdheid, die plaaslewe en klimaat van die omgewing skep ’n agtergrond waarteen Louw se gedigte gelees kan word. Hierdie stuk sowel as dié oor Louw se voorouers wat berus op navorsing deur Louw se kleindogter Anneke, is onderhoudend en meevoerend deur Beverley Roos-Muller geskryf. In elke stuk in hierdie afdeling kom daar ander eienskappe van Louw na vore: die stil gekuier van Louw en sy broer WEG Louw (in George Louw se stuk); sy onpretensieuse gedrag by sy deftige familie (in Koos Human se stuk); hoe sy persoonlikheid sy seun Peter lewenslank geboei het, hoe Peter insidente uit sy kleintyd onthou wat die harde kant van sy pa se andersins veelkantige persoonlikheid openbaar het, hoe hy oontenseglik weet dat sekere “idees”, beginsels en opvattinge van sy pa riglyne vir sy lewe geword het. Piet Muller skryf onder meer oor die

debakel rondom *Die pluimsaad waai ver* en die gevolge daarvan vir Louw in Afrikanerkringe, terwyl sy dogter Reinet haar pa se Wyse Woorde aanhaal en verduidelik, byvoorbeeld “Elkeen kry drie beurte om te sê hoe warm dit is” of “Gruwelstories is lekker stories”. Hierdie afdeling gee insig in die binnekringe van Louw se lewe, hoe hy op persoonlike vlak openbare sake beleef het en dit met sy allernaastes gedeel het, die liefde tussen hom en sy kinders, sy brooshede en krapperige kante. Dit alleen maak hierdie boek al die moeite werd om te lees.

Die grootste afdeling in die boek is getitel “Ontmoetings met Van Wyk Louw” wat baie gepas is, want ’n hele aantal van hierdie stukke gee ’n enkele indruk van ’n ontmoeting met Louw of sy werk. Buiten dat dit waarskynlik gaan om die reikwydte van Louw se invloed, sou mens kon vra waarom bepaalde “ontmoetings” ingesluit is aangesien die mense werklik rakelings met Louw of sy werk te make gekry het, byvoorbeeld die baie kort stukkies van bekendes soos JM Coetzee (met twee Bookerpryse en ’n Nobelprys) of Marlene Dumas (wêreldberoemd vir haar merkwaardige skilderye) en Mimi Coertse. Die eindprodukt is egter wel interessant omdat selfs uit die rakelinge kennismakings ’n mens indirek heelwat te wete kom oor Louw se status en statuur in die breër Suid-Afrikaanse gemeenskap, maar ook oor sy raakpunte met mense buite die literêre kring waarin hy hoofsaaklik beweeg het. Ek dink hier aan die stukke van Darryl David (oor literêre toerisme), Eduard Greyling (oor die dansdrama *Raka*), Hendrik Hofmeyr en Peter Klatzow (oor komposisies van Van Wyk Louw se verse), Robin Carlyle (vanuit ’n gans ander politieke hoek) en Wium van Zyl (oor die literêre reise wat hy en John Kannemeyer na Sutherland onderneem het). Sommige bydraers het hulle waardering in die vorm van ’n gedig of kunswerk self aangebied, Antjie Krog deur onder meer fragmente van Engelse vertalings saam met al die ander aanhalings uit Louw se werk aan te bied, Daniel Hugo, Joan Hambidge en Diana Ferrus elkeen met ’n gedig en Piet Grobler met ’n tekening. Daar is bydraes van kollegas soos John Miles en ’n baie mooi en diepgevoelde stuk deur Ian Raper; daar is geskryf deur oudstudente soos Ingrid Winterbach, die Nederlander Hans Ester, Virginia van der Vliet en Leendert Dekker wat ’n wonderlike verhaal te vertel het oor ’n lesing van die beroemde Victor Erlich in Amsterdam waartydens Louw ’n vraag aan Erlich gestel het waarop Erlich geantwoord het dat dit iets is waaroor hy nie gedink het nie. Hy wou eers daarvoor gaan besin voordat hy kan antwoord. Dan is daar ook interessante bydraes deur Persephone van der Ross wat tans die skoolhoof op Sutherland is, van Marius Weyers en Katinka Heyns wat met Louw se werk in die wêreld van die teater en TV te make gekry het, Karel Schoeman wat Louw as “die grootste figuur” beskryf en Koos Kombuis wat essayisties oor die betekenis van *Raka* bespiegel.

Twee bydraes wat in besonder uitstaan is dié van Jaap Steyn, skrywer van die omvattende biografie van Louw, en PG du Plessis wat as student en kollega en vriend ’n besondere band gehad het met Louw. Sowel Steyn as Du Plessis is intussen oorlede. Jaap Steyn skryf oor sy werk aan die biografie, hoe onwillig hy aanvanklik was omdat hy homself nie as opgewasse beskou het vir die taak nie (waarvan hy hom wel uitstekend gekwyt het), hoe hy met verskillende mense saamgewerk het, hoe openhartig Truida Louw met hom gepraat het, hoe Sheila Cussons geweier het om saam te werk. Onder meer noem hy ook kontroversiële sake soos Louw se gesindheid teenoor die Duitsers aan die begin van die Tweede Wêreldoorlog, maar ook sy ommekeer later, en Louw se steun vir Afrikaner-Nasionalisme. Eersgenoemde standpunt bring hy (op grond van latere dokumentasie wat hy onder oë gekry het) in verband met die aanvanklike steun vir die Duitsers in die besette lande in Europa op grond van bewondering vir die vitaliteit wat uit die Duitse kultuur gestraal het. Maar die ontugtering was onvermydelik. Oor Louw en die Afrikaner-Nasionalisme betreur Steyn dit dat hy nie ’n meer omvattende selfstandige stuk daarvoor geskryf het nie, omdat Louw se opvattinge in soveel opsigte van die konvensionele

sienings afgewyk het. Hy toon dan kortliks aan in watter opsigte Louw anders en meer selfstandig gedink het. Dit is wel boeiend om weer te sien hoe Louw vanuit verskillende perspektiewe gekritiseer is en beskuldig is dat hy sowel te regs sou wees as dat hy te links sou wees. Dat mense egter sy standpunte ernstig opgeneem het, dat sy diep nadenke oor sake noodwendig by mense reaksie ontlok het, is onontkenbaar.

Die bydrae van PG du Plessis was die laaste stuk wat hy geskryf voordat hy oorlede is en dit was vir hom 'n taak van die hart om eerlik te skryf en die taak goed af te handel omdat hy geweet het dit sal die laaste wees. Du Plessis skryf oor Louw se unieke manier van klasgee, oor sy lidmaatskap van die Afrikaner Broederbond en sy kritiese vrae aan die organisasie, oor die “herrie” rondom *Die pluimsaad waai ver*. Maar hy vertel ook van die laatnaggengesprekke met Louw, sy, PG, se waagmoed om met Louw te redeneer oor gemoedelike lokale realisme en selfs oor die metriese en ritmiese patrone in *Raka*. Hy vertel ook hoe hy en Louw saam poësie gelees het, Eliot en ook Louw se eie werk, veral *Tristia*, momente wat Du Plessis sy lewelank sou koester en as 'n kleinood sou bewaar. Hy skryf oor Louw se geloofsbelewenis op 'n insiggewende en gebalanseerde manier, iets waarvan baie mense wegsgram. Aan die einde van die stuk beskryf hy die vreemde ervaring wat hy gehad het tydens 'n besoek aan Antwerpen. Hy was in 'n rolprentteater en het skielik baie sleg begin voel, tot so 'n mate dat hy buitetoete moes gaan. Die volgende dag is hy in kennis gestel van Louw se afsterwe. Hy het besef dat hy so benoud gevoel het op dieselfde tyd wat Louw oorlede is. Die band tussen Louw en Du Plessis was iets uitsonderliks en daarom het Truida Louw ná Van Wyk Louw se dood vir Du Plessis die velletjies papier waarop Louw “Vier gebede by jaargetye in die Boland” met die hand vir Truida neergeskryf het, vir hom gegee met die woorde: “Ek gee dit vir jou, want jy was sy aangenome seun”. Hierdie handgeskrewe dokumente was Du Plessis se kosbaarste besitting.

Die boek sluit af met 'n bydrae van Van Zyl Slabbert en 'n uittreksel uit sy NP van Wyk Louw gedenklesing in sy handskrif.

Ten slotte, ek het die lees van hierdie boek waardevol en geweldig insigryk gevind. Self 'n groot bewonderaar en liefhebber van Louw se werk, het ek oral rigtingwysers raakgelees wat ek glo 'n volgende lees van Louw se werk sal verhelder. 'n Bykomende saak is dat mens in die lees van die bydraes baie agterkom van die skrywers van die stukke, wat via hulle blik op Louw ook veel van hulleself te kenne gee. Sommige vermy kontensieuse aspekte van Louw se opvattinge en dan besef 'n mens dat die verlede nooit ver is nie, dat mense die goeie herinneringe en voorbehoude met hulle saamdra. Maar dit het meer met die waarnemers en lesers van Louw te make as met Louw self, want NP van Wyk Louw staan na die lees van hierdie boek weer in sy stil krag as 'n indrukwekkende figuur voor mens.

Die boek is mooi uitgegee en netjies versorg deur Hemel & See en die redakteurs en uitgewers kan met vertroue hierdie boek aanbied vir liefhebbers van Louw se werk. Ek glo ook dat mense wat net sydelings geïnteresseerd is in Louw se werk as digter, essayis en dramaturg die historiese en kulturele agtergrond en die ontleding van die komplekse en begaafde persoonlikheid wat Louw was, sal geniet en boeiend sal vind.

HEILNA DU PLOOY

Buitengewone professor, Eenheid vir Tale en Literatuur

Noordwes-Universiteit, Potchefstroom

E-pos: Heilna.DuPlooy@nwu.ac.za

Februarie, 2022

'n Huldiging: *NP van Wyk Louw – silwer herberg in die sneeu (2020)* – Ronél Johl (redakteur)
Uitgewer: Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns
ISBN: 978-0-949977-00-7

Teen die agtergrond van NP van Wyk Louw se skeppende en besinnende nalatenskap, vra Pieter Duvenhage by die aanskoue van Louw se eertydse huis in Kinrosweg, Johannesburg, die volgende:

Wat staan die jong Van Wyk Louws te doen wat nie reeds na Londen, Toronto, Melbourne en Auckland uitgewyk het nie? Hoe is die Afrikaanse lewe moontlik onder die dwingelandy van 'n magsentralistiese en rasgedrewe regime wat geen ruimte buite sy Engels-gedomineerde voorskrifte duld nie? Kan 'n jong Van Wyk Louw weer na vore tree in 'n land waar 'n openbare Afrikaanse universiteit toenemend ontsê word? (Duvenhage, 2020:352)

Duvenhage se kort opstel is die laaste van die 18 hoofstukke, opgeneem in *'n Huldiging: NP van Wyk Louw – silwer herberg in die sneeu (2020)*, en saamgestel deur Ronél Johl. Dié huldigingsbundel vorm deel van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns se reeks oor Hertzogprysweners, en is die sewende boek in die reeks. Ander publikasies wat voor dié publikasie verskyn het, sluit in huldigings oor Adam Small, PG du Plessis, Pieter Fourie, Breyten Breytenbach, Johann de Lange en Reza de Wet. Intussen het huldigings oor Elsa Joubert en Anna M Louw ná die NP van Wyk Louw-huldiging verskyn. Daar is tans (na my wete) twee huldigingsbundels in wording, naamlik dié van Antjie Krog en Marlene van Niekerk.

In hierdie resensie gebruik ek Duvenhage se gedagte (“wat die jong Van Wyk Louws vandag te doen staan?”) as vertrekpunt. Alhoewel hierdie gedagte 'n hartsnaar roer, is dit egter die krake in sy formulering waaraan ek wil *beitel*. Die belangrikste teenhanger van Duvenhage se vraagstellings is te vind in Jeremy Vearey se Van Wyk Louw-gedenklesing, gelewer op 18 Junie 2020, getiteld “Kaantie wies NP van Wyk Louw?” (Vearey, 2020:343-349) (Vearey se essay is die enigste ander kort bydrae, wat naas Duvenhage s'n by die huldigingsbundel ingesluit is). Vearey lewer 'n pleidooi oor die marginalisering van Afrikaans, maar anders as Duvenhage, plaas hy die klem op die belang van Kaaps, wat oorskadu word deur Standaardafrikaans. Die aanhef van Vearey se lesing klink soos volg: “Ek is wys dat daa is dié van julle wat vedag hie sit wie se gatte nou kriel oohoek ek by soe 'n laanie biasagheid in Kaaps skiet. En oek miskien wonne, kaantie wies djy, om hie te kô soek en vra, soese ou boer virre dompaslyn” (Vearey, 2020:342). Hierin is dit reeds voor die hand liggend dat Vearey op die sterk hiërargie van sentrumbelange van Standaardafrikaans teenoor die gemarginaliseerde Kaaps wys.

Vearey lewer sy relaas aan die hand van “gedagtes” (“[v]olgens Boeke NP is idees – of gedagtes soes ôs it in Kaaps noem – offit nou oo taal, ôs politiek, ôs veliede, ôs nou, of ôs toekoms gan, nie geboks in yste nie” (Vearey, 2020:344)) uit Louw se kritiese opstelle en is van mening dat Afrikaans vandag reeds ver gekom het sedert Louw se afsterwe in 1970: “Met skrywers soes Jolyn Phillips, Nathan Trantaal [*sic*], Ronelda Kamfer, Chase Rhys, Olivia Coetzee, Jitsvinger en annes soes hulle is daa daam nou oek spôts virrie Kaapse tjend innie literatuurkraal” (Vearey, 2020:346). Vearey is krities rakende die bevoorregting van Standaardafrikaans ten koste van die ander landstale. Hy haal vir Louw aan rakende die gevaar van 'n ekstreme vorm van selfbelang en vooropstelling, 'n belangrike uitgangspunt, veral in jukstaposisie met Duvenhage se betoog:

Die chauvisnisme is die swart engel van die nasionalisme en bly bestendig naas hom 'n skaduwee. Wanneer 'n volk soos die Franse, die Duitsers, of jou eie mense, die Engelse, in die loop van eeue werklik 'n groot nasionale kultuur opgebou het – dan kom die bose engel na die domstes van so 'n volk en fluister vir hulle: “Julle kultuur is die hoogste, ja, die enigste werklike kultuur op aarde.”

Issit ie daai selfde swat engel wat ôs nog vidag hoo deerie tanglippe vannie taaldjingo's as hulle praat van hulle tale se hoërdefunksies nie? Ampe asof ie res vannie land se tale agte hulle in daai lyn staan. Issit daai selfde swat engel wat kop uitstiek in kleinstamse kraalgedagtes oor die land en kultuur? Asof ôs ie een Syd-Afrika-nasie in ôs mixmasala kan wies ie. (Vearey, 2020:346-347)

Vearey maak ons attent daarop dat Standaardafrikaans daarvan moet kennis neem dat dit maar een taal tussen ander tale is, wat nie sigself blind moet hou vir wat tans in Afrikaans aan die gebeur is nie. Myns insiens kan Duvenhage se “jong Van Wyk Louws”-idee gekritiseer word as 'n Platonistiese Idee wat die spesifisiteit van wat tans in Afrikaans gebeur, ontken. Dié jong Van Wyk Louws het reeds opgestaan en is bruisend vitaal en sing Afrikaans soos dit nog nie vantevore gehoor is nie. 'n Jong Van Wyk Louw beywer sigself nie vir Standaardafrikaans nie, maar omhels die taalrevolusie (lees “Kaaps” én alle ander Afrikaans-variëteite) en verwerp 'n diskoers van uitsluiting en suiwerheid. In hierdie resensie wil ek dan veral fokus op drie bydraes, naamlik dié oor kreolisering en heling (Hein Viljoen), lojale verset (Benda Hofmeyr) en Afrikaanse dekolonisering (Louise du Toit), met die doel om die vraag te beantwoord hoe Afrikaans se “voortbestaan in geregtigheid” in teenstelling met “die blote voortbestaan” daar kan uitsien (vgl. Louw se opstel, “Krisis en kultuur”, 1952).

Viljoen (2020:25-26) vra in sy bydrae, getiteld “Kreolisering en heling in *Nuwe verse en Tristia* van Van Wyk Louw” of mens Louw se werk “postkoloniaal” kan lees en of dit nie 'n “anachronisme” is nie en argumenteer dat die opvatting van die Karibiese skrywer, Édouard Glissant, moontlik so “'n alternatiewe, helende denkraamwerk” bied: “Kreolisering is die oneindige vermenging (*métissage*) van kulture, met onvoorsiene gevolge. Kreoolse tale is vir Glissant simbole van 'n nuwe soort relasionaliteit, omdat hulle altyd oop is en nooit vasgevang kan word nie” (Viljoen, 2020:27). Die eerste stap sal dan wees om te erken dat Afrikaans 'n kreoolse taal is, wat deur kulturele vermenging tot stand gekom het. Viljoen (2020:32) put onder andere uit Louw se essay “Laat ons nie roem nie” (1959) met die opmerking: “Al is die Weste allesbehalwe helder en mistifiseer hy Afrika, sien Louw wel die Afrika-karakter van Afrikaans raak en erken daardeur implisiet die vermengde aard daarvan (Brink, 2003 se ‘sinkretisme’)”. Die gevolgtrekking wat hy maak is dat “Louw se praktyk [...] 'n beweging na 'n nuwe denkraamwerk ondersteun wat verby volk en nasie beweeg in 'n transnasionale ruimte waarbinne 'n veel sterker wisselingwerking tussen kulture – veeltaligheid en 'n ontploffing van kulture in Glissant se taal – aan die orde van die dag is” (Viljoen, 2020: 49). Hierin kan weer eens beklemtoon word dat die soeke na 'n nuwe Van Wyk Louw 'n futiele oefening is, omdat die bruisende vitaliteit wat nou daar is, blatant misgekyk word. Vearey (2020:348) wys hoe Van Wyk Louw tereg wys op die krag van die jeug:

Ôs hettie in 1976, 1980 en 1985 gelyste nie, toe brand hulle ôs oorhore soelat ôs bietere kan hoo. Ôs het uitie wakkeskrik na hulle innie #FeesMustFall-oolog gelyste, en is nou miskien halfpad wyser. En is oek bietere soe vi ôs-oueres in hulle toekoms. Wan soes Boeta NP sê: “Die jeug moet kans kry om meer lewe onder ons te bring ... Hy kan dit doen, want sy lewensvorm is dié van die lewe self.” Hoe's daai virre toppie wat vyftag jaa geliede gesesvoet was? Soe, kaantie wies Boeta NP nou eintlik vi ôs vidag?

Insgelyks voer Hofmeyr (2020:52-53) in haar bydrae, getiteld “Lojale verset: Gedateerd of aktueel: NP van Wyk Louw in gesprek met Foucault” aan dat “Louw veel meer was as ’n denker wie se gedagtegoed gekluister is aan sy tyd”. Sy maak gebruik van Louw se “lojale verset”-begrip as teenvoeter om Vice (2010) se stans ten opsigte van wit-wees in Suid-Afrika te wysig, naamlik “dat die enigste manier om wit te wees in hierdie sonderlinge land vandag is in nederigheid en verál in stilte” (Hofmeyr, 2020:53). Alhoewel ek groot waardering het vir Vice (2010) se gedagte, maak Hofmeyr gebruik van Louw se “lojale verset”-begrip dat dit die nodige parameters aandui om opnuut vanuit ’n introspektiewe blik *hier* te mag wees. Hofmeyr (2020:53-54) vra: “hoe word ons die mens wat die psige vereis ons moet wees, en hoe maak ons vrede met ons skadukant en onvolmaakthede?” Vervolgens plaas sy Louw se konsep van “lojale verset” in kritiese gesprek met Foucault se verstaan van die Batailleaanse “transgressie” (Hofmeyr, 2020:55), dit is “die illuminering van limiete, soos ’n weerligstraal in die nag sy heldere klaarheid te danke het aan die donker” (Hofmeyr, 2020:65). Dus nie die oorskryding van die limiete nie, maar die spanningsveld tussen die self en sy/haar begrensdhede (Hofmeyr, 2020:65). My verset byvoorbeeld teen die Idee van ’n jong Van Wyk Louw, kom vanuit ’n spesifieke lojaliteit rakende Afrikaans, wat gevoed word deur die jeug, maar misreken word deur blindheid van ’n soeke na ’n Afrikaans soos hy was tydens apartheid. Hofmeyr (2020:66-67) haal Louw (1939) ten slotte in haar bydrae aan:

“Die gevaar vir die intellektueles vandag is nie dat hulle te ver van die volk af staan nie, maar dat hulle te veel binne in hom staan, deel van hom is, deurtrek van sy vooroordele, sy waardes, daarop ingestel is om sy guns te verwerwe”. (1939:112)

Van dié drie bydraes (Viljoen, Hofmeyr en Du Toit), is dit Du Toit (2020:77) se vraag in haar artikel, “‘Die pot kook oral’: NP van Wyk Louw, Johannes Degenaar en Afrikaanse dekoloniserings” oor die bestaansreg van Afrikaans wat nou weer “oper” staan as tydens die apartheidsjare, soortgelyk aan die tyd van en ná afloop van die Tweede Vryheidsoorlog (1899–1902). Volgens Du Toit (2020:81) is dit Louw se pleidooi dat letterkunde in diens staan om die Afrikaner tot ’n volwaardige volk te omvorm, wat vergelyk kan word met Franz Fanon se argument “dat blote militêre bevryding nie genoeg is vir dekolonisasie nie – die voorheen gekoloniseerders moet ’n nuwe taal en ’n totaal nuwe mens(lik)heid tot stand bring”. Haar voorstel is dat “wanneer Louw saam met die (ander) dekoloniale denkers gelees word, dit wat hy nasionalisme noem en wat Degenaar te benouend vind, ook in ’n ander lig kan verskyn, met die klem eerder op lokale selfstandige denke, op die ideaal om in die eie idioom en vanuit eie, plaaslike gesigspunt die ganse werklikheid te deurskou” (Du Toit, 2020:82). Dit is goed en wel dat Louw as ’n dekolonisasie-denker getipeer kan word, alhoewel dit vir die onthalwe van “wit-wees” vandag nie veel beteken nie; as witmens kan jy nie loskom van die onreg wat sistematiese apartheid aangerig het nie.

Die vraag waaroor gedebatteer kan word, is eerder wat Du Toit (2020:72) aanstip na aanleiding van Louw se essay “Kultuur en krisis” (1952). Hiervolgens dui Louw drie soorte “volks-krisisse” aan, naamlik: “(1) die enigste uiterlike bedreigings is dié van óf ‘militêre oorrumpeling’ [...] óf ‘toeploeg’-pogings om die ‘volk’ as onderskeibare groep te laat verdwyn; (2) die eerste interne bedreiging is wanneer ’n volk self as’t ware besluit om te ontbind; (iii) die tweede interne bedreiging behels dat die volk blote voortbestaan sou verkies bó voortbestaan in geregtigheid” (Louw, 1986a:457; aangehaal in Du Toit, 2020:71). Beide Du Toit en Degenaar spreek hulle waardering ten opsigte van die tweede interne bedreiging uit, alhoewel Du Toit (2020:72) noem dat Louw nie uitspel of “’n volk sy bestaansreg kan verloor wanneer hy voor hierdie versoeking [...] swig nie, of andersins dat ’n volk kan besluit om ‘vreedsaam te ontbind’ in reaksie op presies só ’n etiese faling nie”. Du Toit (2020:72) moedig gesprek hieroor ten

seerste aan, want wit-wees in Afrika, gaan gepaard met historiese bevoordeling. Hofmeyr (2020:67) se voorstel “op die weg van voortdurende transgressie” gee ’n voorlopige antwoord daarop, waarin wit mense moontlik daarin kan slaag om “hoog te *kan* lewe” (vgl. Hofmeyr, 2020:67).

Buiten die uiteenlopende argumente wat hierdie drie hoofstukke bied oor die relevansie van Louw binne hedendaagse dekolonisasiedebatte, sluit die versameling ook menigte ander lesings in. Dit is wel nie my doel om al die hoofstukke van hierdie versameling een vir een te beskou nie. Ek lewer egter graag ’n voëlvlug van die uiteenlopende hoofstukke, wat op individuele vlak met mekaar in gesprek is. In Ronél Johl se inleiding, getiteld “Opstelle vir ’n oorgangstyd: NP van Wyk Louw vyftig jaar later” (i-xxii) poog sy om die bundel in die tyd van die Corona-virus te kontekstualiseer: “Watter bydrae ’n gesprek oor NP van Wyk Louw vyftig jaar ná sy dood in die konteks van die pandemie en die langtermynverhoudingsgevolge daarvan kan lewer”; sy vermeld dan ook dat meeste van die bydraes “voor die pandemie [geskryf is]” (Johl, 2020:i). Die pandemie het inderdaad vir ’n paradigmaskuif gesorg en dit sal die moeite loon om te vra tot watter mate Louw se besinnende en skeppende werk die toets van tyd deurstaan het.

Johl het dan ook bygedra tot die gesprek rondom Louw se belange vyftig jaar later deur enersyds te besin oor die nut van gedrukte skrywersbibliografieë in haar artikel, “Skrywersbibliografieë, grootdatanetwerke en die posisie van skrywers soos NP van Wyk Louw in die literêre kanon” (Johl, 2020:316-342), maar andersyds self die opstel van ’n geselekteerde bibliografie (Johl, 2020:353-426) aan te pak, wat nagenoeg vyf en sewentig bladsye beslaan. Die voorstel wat sy maak, dat dit prioriteit behoort te wees “om die bibliografieë as elektroniese datastelle beskikbaar te stel en om ’n digitaliseringsprojek van alle bronne te koppel” (Johl, 2020:xx) is voorwaar ’n wyse om Van Wyk Louw se nalatenskap en die diskoers rondom sy werk te bewaar vir die nageslag.

Die bydraes strek oor ’n wye aantal vakdissiplines heen, wat insluit biografiese geskiedskrywing (Jaap Steyn); ’n kritiese besinning van Steyn se Louw-biografie wat in 1998 verskyn het (HP van Coller); postkoloniale benaderings (Hein Viljoen) en dekoloniale lesings (Benda Hofmeyr en Louise du Toit) van Louw se werk; die regstudies, met ’n herwaarderung van Louw se “geregtighedsideaal” vir vandag (Derek van der Merwe); taalkundige lesings met ’n fokus op (onderskeidelik) die semantiek (Willem Botha), relativering in die poësie (Jac Conradie) en bewegingswerkwoorde in die poësie (Nerina Bosman); ’n ekokritiese lesing van Louw se diere en gestaltes (Johann Lodewyk Marais); getuienisgeskiedenis (Anastasia de Vries); teaterresepsiekunde (Marisa Keuris); klassieke genrestudies (Heilna du Plooy); die vergelykende literatuurwetenskap en die stipleestradisie (Helize van Vuuren); skrywersbibliografieë (Ronél Johl). Tesame met Johl se geselekteerde bibliografie (Johl, 2020:353-426), beklemtoon hierdie huldigingsbundel die magtige omvang en hoë status van Louw se werk, en relevansie daarvan, ook vir vandag. Ook is daar, soos by die ander huldigingsbundels in die reeks, ’n fotogalery van Louw se lewe en werk ingesluit. Die groot wins van die huldigingsbundel is die onthulling van die wyse waarop Louw se werk vandag in nuwe raamwerke gelees kan word (byvoorbeeld ’n ekologiese soeklens met ’n klem op diere studies en dekolonisering met bewegings soos #FeesMustFall en #RhodesMustFall) en sodoende opnuut relevansie binne ’n veranderende wêreld verkry. Dit sluit ook aan by Johl se betoog oor die belang van die bundel, waarvan die hoofstukke meestal vóór die Covid-19-pandemie geproduseer is – vergelyk Johl (2020:ii):

Van die probleme wat [Hein] Viljoen¹ noem, kan dalk deur die huidige krisis in 'n ander lig gestel word, maar die vrae wat dit binne die Afrikaanssprekende wêreld opwerp en die antwoorde wat daarop gegee sal word, hou ook gevolge vir die ná- of leef-met-virusse-soos-Covid-19-toekoms in: Hoe kan dié Afrikaanssprekendes wat kies om in dié land aan te bly en 'n bydrae te lewer, én hulle wat kies om hulle bydrae van 'n afstand te lewer, aan die heersende gevoel van kragteloosheid *ontkom*; hoe *praat* ons as Afrikaanssprekendes vanuit 'n nie-magsbasis oor politieke rasse-, klas-, geslags- en gendergrense heen met mekaar en met dié wat oor die jare van Afrikaans vervreem is oor historiese probleme in ons soeke na antwoorde vir huidige; en hoe *verreken* ons (of reken ons af met) die nalantenskap van die verlede in hierdie proses?

Hierdie vrae stel nie net belangrike uitdagings vir diegene wat hulle besig hou met die Afrikaanse kultuur- en geesteslewe nie, maar vir alle Afrikaanssprekendes in die stryd om oorlewing in die aangesig van Covid-19. Louw se werk bly vandag steeds relevant én rigtinggewend. Terselfdertyd is die huldigingsbundel 'n belangrike tydsdokument in die bestudering van Louw se lewe en werk, 50 jaar ná Louw se afsterwe.

Ek sluit af met 'n gedig van Joan Hambidge, waarvan 'n aantal terug- en naskrywings op Louw se digkuns in die huldigingsbundel opgeneem is (vgl. Hambidge, 2020:245-251). Hierdie spesifieke gedig suggereer die silwer herberg waarin die 18 gebundeldes voorlopig nog die meeuë voer:

NP van Wyk Louw
06 Januarie 2014

Jy't weggegaan en jy bewoon
'n silwer herberg in die sneeu
jou vensters kyk nog elke nag
met drie blink oë na die plein

die plein is boom en wind en boom
en wind en wind
en wintermiddag voer daar iemand
die meeuë krummels teen die wind

ALWYN ROUX

Departement Afrikaans en Algemene Literatuurwetenskap, UNISA
E-pos: erouxap@unisa.ac.za
Februarie 2022

¹ Johl verwys hier na Viljoen (2020:25-51) se bydrae, getiteld "Kreolisering en heling in *Nuwe verse* en *Tristia* van Van Wyk Louw".

Voorskrifte aan skrywers

Die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* word gewy aan die publikasie van oorspronklike navorsings- en oorsigartikels in die teologie, die kunste en kulturele, sosiale, ekonomiese en opvoedkundige wetenskappe, sowel as aan boekbesprekings, kronieke en gedigte. Artikels of bydraes wat elders verskyn het, word nie vir publikasie oorweeg nie. Twee eksemplare van die uitgawe waarin 'n bydrae verskyn, word gratis aan die outeur verskaf. Indien 'n outeur meer eksemplare verlang, kan dit teen die heersende prys van die Akademieskantoor bestel word.

Die volgende **algemene voorskrifte** geld vir voorgelegde manuskripte:

- Stuur 'n **elektroniese kopie** aan publikasies@akademie.co.za. Manuskripte moet in dubbelspasiëring getik word in skrifgrootte Arial 12-punt met 'n 25 mm-linkerkantlyn.
- Die manuskripte moet **persgereed en taalversorg** wees. Skrywers moet skriftelik bewys lewer dat die artikel deur 'n **erkende taalversorger** geredigeer is.
- Bydraes moet in Afrikaans of Nederlands geskryf wees en beperk wees tot tussen **8 000 en 10 000** woorde.
- Bydraes moet vergesel gaan van 'n kort *curriculum vitae* in Afrikaans en Engels (100-200 woorde) en 'n foto(s) van die outeur(s) in JPEG-formaat.
- Die bydrae moet vergesel gaan van 'n opsomming van **100-250** woorde in Afrikaans, Nederlands, Duits of Frans, plus 'n opsomming van **600-1 000** woorde in Engels. 'n Opsomming in 'n ander taal as Afrikaans moet 'n **vertaling van die titel** as opskrif hê.
- Outeurs moet 'n lys van **10-20 trefwoorde** in Afrikaans en Engels net ná die Engelse opsomming verskaf.
- **Illustrasies of grafika** moet van toepaslike onderskrifte voorsien wees en moet ten opsigte van grootte rekening hou met die formaat van die *Tydskrif*.

Opskrifte in die *Tydskrif* lyk soos volg:

1. Hoofopskrifte is in hoof- en kleinletters en vetdruk. Daar is 'n lynspasie tussen die hoofopskrif en die teks.

1.1 Opskrifte is in hoof- en kleinletters en kursief; daar is 'n lynspasie tussen die opskrif en die teks.

1.1.1 Subopskrifte is kursief; daar is 'n lynspasie tussen die opskrif en die teks.

Opskrifte kan soos bo genommener word indien 'n outeur dit verkies. Daar is geen punte ná opskrifte nie.

Opskrifte by tabelle lyk soos volg:

TABEL 2: Ekonomiese ontwikkeling volgens rassegroep

Onderskrifte by figure lyk soos volg:

Figuur 3: *Sistemiese interafhanklikhede in mensstrewes: Die waardestruktuur.*

Indien 'n opskrif of onderskrif 'n **subtitel** bevat, volg die subtitel ná 'n dubbelpunt en begin dit met 'n hoofletter, met inagneming van die gewone Afrikaanse patroon, byvoorbeeld die konvensie rakende die lidwoord 'n.

Plaas asseblief tabelle en figure op die regte plek in die teks.

Aanhalings en verwysings

- **Aanhalings** word nie kursief gedruk nie, ook nie as hulle in ander tale as Afrikaans is nie. Aanhalings wat langer as **drie reëls** is, word geïndenteer en nie tussen aanhalingstekens geplaas nie. Enige invoeging in 'n aanhaling staan tussen blokhakies. Raadpleeg die *Tydskrif* vir voorbeelde.
- **Afkortings** moet sover moontlik vermy word.
- **Literatuurverwysings** word volgens die verkorte Harvardmetode gedoen, met uitsondering van bepaalde vakgebiede.

Alle bibliografiese besonderhede word verstrek in die taal van die geraadpleegde bron, mits dit in die Romeinse alfabet is.

Voorbeelde:

- **Boek:** Olivier, DV. 1996. *Die nag van die vlieë*. Kaapstad: Blackwell.
- **Tydskrifartikel:** Van Wyk, B. 1993. Vesel voorkom hartsiektes. *SA Tydskrif vir Dieetkunde*, 19(3):56-59.
- **Hoofstuk in 'n boek:** Verhoef, G. 2012. 'n Ekonomiese geskiedenis van die 19de eeu. In Pretorius, F (red.). *Geskiedenis van Suid-Afrika: Van voortyde tot nou*. Kaapstad: Tafelberg, pp. 201-217.
- **Internetbron:**
Gries, HB. 1996. Experimental learning. *Education online*, 21(1). <http://www.edu.learning.html> [14 October 2004].

In Afrikaans:

- Mc Farlane, LR. 2004. Afrikaans en die media. *SA Akademie vir Wetenskap en Kuns*, <http://www.akademie.co.za> [14 Oktober 2004].

Bronverwysings in die teks:

Volgens Swan (1996:45) ...

OF: ... (Swan, 1996:45) ...

OF: ... (Swan, 1996:45). [aan sinseinde]

Bladgeld

Die *Tydskrif* hef R300 per gedrukte bladsy (+BTW) om die publikasiekoste van artikels te help delg. Dit is die verantwoordelikheid van die outeur om by sy/haar navorsingsinstansie aansoek te doen om bladgeld. Die *Tydskrif* is nasionaal geakkrediteer en opgeneem in internasionale indekse. Navorsingsartikels gepubliseer in die *Tydskrif* kwalifiseer dus vir staatsubsidies.

Outeursreg

Outeur(s) behou outeursreg in 'n artikel wat in die *Tydskrif* gepubliseer word.

Guidelines for authors

The *Journal of Humanities/Tydskrif vir Geesteswetenskappe* publishes original research and review articles in the subject fields of theology, languages, arts and culture, and social, economic and educational sciences, as well as book reviews, chronicles and poems. Articles or contributions published elsewhere will not be considered for publication in the *Journal*. An author will receive two complimentary copies of the edition in which his/her contribution appeared. More copies may be ordered from the publications office at the current price.

Submitted manuscripts should meet the following requirements:

- Contributions are to be submitted electronically by email to publikasies@akademie.co.za. Manuscripts should be typed in double spacing in Arial 12 point, leaving a 25 mm left margin.
- Manuscripts have to be **edited and be ready for printing**. Authors have to submit proof in writing that their text has been language edited by a **recognised text editor/language practitioner**.
- Contributions should be submitted in Afrikaans or Dutch and be limited to **8 000-10 000** words.
- An abridged *curriculum vitae* in Afrikaans and English (100-200 words) and a photograph (JPEG format) of each author should be submitted along with the contribution.
- Manuscripts should be accompanied by an abstract of **100-250** words in Afrikaans, Dutch, German or French, plus an English abstract of **600-1 000** words. An abstract in a language other than Afrikaans should be headed by a **translation of the title**.
- The English abstract should be followed by a list of approximately **10-20 keywords** in English and Afrikaans.
- **Illustrations or graphics** should be provided with suitable captions placed below them, and their size should be appropriate for the format of the *Journal*.

Headings in the *Journal* are styled as follows:

1. **Main headings** are in upper and lower case, and bold. Leave a line space between the heading and the text.

1.1 *Headings* are in upper and lower case and italics. Leave a line space between the heading and the text.

1.1.1 *Subheadings* are in italics. Leave a line space between the heading and the text.

Headings may be numbered, if preferred. There are no full stops after headings.

Table headings are styled as follows:

TABLE 2: Economic development according to demographic groups

Captions of figures:

Figure 3: *Systemic interdependence: The value structure*

If a **subtitle** occurs in any heading or caption, it is preceded by a colon and begins with an upper-case letter.

All tables and figures are to be inserted at the correct place in the text.

Quotations and references

- **Quotations** are not italicised – not even when in a foreign language. Quotations that exceed **three lines** are indented and are not placed in quotation marks. Anything inserted in a quotation is placed in square brackets. See examples in the printed *Journal*.
- **Abbreviations** should be avoided as far as possible.
- **Bibliographic references** follow the abbreviated Harvard method, with some variation allowed for specific subjects.

All bibliographic details are given in the language of the source used, provided the source is in the Roman alphabet.

Examples:

- **Book:** Quirk, R. & Greenbaum, S. 1973. *A university grammar of English*. Essex, UK: Longman.
- **Article in a journal or magazine:** Paterson, A-M. 2013. Inspired by fellowship: How Poet's Corner in Westminster Abbey brought Burns lovers together. *The Scots Magazine*, 178(1):36-38.
- **Chapter in a book:** De Gruchy, JW. 1984. Jung and religion: A theological perspective. In Papadopoulos, RK & Saayman, GS. (eds). *Jung in modern perspective*. London: Ad Donker, pp. 193-203.
- **Internet source:** Gries, HB. 1996. Experimental learning. *Education online*, 21(1). <http://www.edu.learning.html> [14 October 2004].

In Afrikaans:

- Mc Farlane, LR. 2004. Afrikaans en die media. *SA Akademie vir Wetenskap en Kuns*, <http://www.akademie.co.za> [14 Oktober 2004].

Citations in the text:

According to Swan (1996:45) ...

OR: ... (Swan, 1996:45) ...

OR: ... (Swan, 1996:45). [at the end of a sentence]

Page fees:

A fee of R300 per printed page (+VAT) is charged to help cover printing costs. It is the responsibility of the author to apply for payment of these fees by his/her university/research institution. The *Journal* has been accredited nationally and is included in international indices. Research articles/papers published in the *Journal* therefore qualify for government subsidies.

Copyright:

Copyright of articles published in the *Journal* vests in the author(s).



Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities

Doel van die SA Akademie

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns – oorspronklik *De Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst* – is in 1909 gestig. Destyds was die doel om na die ontwikkeling van die Nederlandse (insluitende die Afrikaanse) taal, letterkunde, kuns, geskiedenis en oudheidkunde in Suid-Afrika om te sien en om leiding in hierdie sferes te gee. Vandag is die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 'n multidissiplinêre organisasie.

Missie en doelstellings van die SA Akademie

Die missie en algemene doelstellings van die Akademie is die bevordering van die wetenskap, die tegnologie en die literatuur in Afrikaans en die kunste, asook die bevordering van die gebruik en gehalte van Afrikaans, primêr binne Suid-Afrika. Voorts behels dit ook die lewering van diens aan die samelewing. Hierdie multidissiplinêre organisasie wat die belange van alle Suid-Afrikaners wil dien, streef na uitnemendheid, billikheid, hoë wetenskaplike, morele en demokratiese waardes.

Aktiwiteite van die SA Akademie

Binne die raamwerk van sy missie en doelstellings ondersoek die Akademie voortdurend aktuele sake van openbare belang, neem standpunt daarvoor in, en tree ook meermale adviserend, fasiliterend en meningsvormend in sake van nasionale belang op deur direk by die verloop van gebeure betrokke te raak.



Sedert Maart 2009 geïndekseer in die Social Sciences Citation Index

VOORBLADFOTO:
Engelenburghuis: Gister en vandag